# Pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstelproses


**JLC du Preez**

**orcid.org/0000-0001-8198-1944**


Proefskrif voorgelê ter nakoming vir die graad *Philosophiae Doctor in Pastorale Studies* aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof WC Coetzer


Gradeplegtigheid: Oktober 2019

Studentenommer: 26920832

# Pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstelproses

**0000-0001-8198-1944**

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Pastorale Studies aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. WC Coetzer

Gradeplegtigheid: Oktober 2019

# UITTREKSEL

PASTORALE BEGELEIDING VAN GETRAUMATISEERDE OUD-KOEVOETE IN HUL GEESTELIKE HERSTELPROSES

Die verwoesting en verwonding veroorsaak deur enige oorlog stel hoë eise aan almal wat direk en indirek daarby betrokke is en waar die nasleep van oorlog vir dekades daarna betrokkenes bybly. Die spesifieke doel van die studie het op Koevoet gefokus omdat kommentaar oor Koevoet nie altyd vleiend was nie. Na die Bosoorlog het talle Koevoet veterane verdwyn weens hul Koevoetverlede wat hulle as kriminele en moordenaars gebrandmerk het. Ewewel, hulle bly deel van ons geweldsgeskiedenis uit die verlede en waar hulle seerkry- en verwerpingsverhaal wat uit die Bosoorlog voortspruit ook gehoor moet word. Die studie is geplaas binne die agtergrond van die histories-politieke verhaal van Suider-Afrika. Dit is noodsaaklik geag om die leser binne die raamwerk te plaas wat so ŉ vername rol sou speel in die konflik van Suider-Afrika se verlede. Vir die doel van die ondersoek is onderhoude gevoer met vyftien vrywillige Koevoet veterane wat almal lede van die Koevoet Veterane Bond is. Oorlog bly oorlog en tog het oorlog vele gedaantes. Tydens oorlog kom die slegste maar ook die edelste van die mens na vore. Hierdie skynbaar teenstrydige aspek van oorlog het ook uit die empiriese ondersoek na vore gekom: *Oorlog kon nog nooit mense geheel en al van hul gedeelde menslikheid vervreem nie*. Uit die empiriese ondersoek is vier konsepte geïdentifiseer, naamlik:

- As kernkonsep die werklikheid van oorlogsverwonding wat liggaamlike, psigiese en moreel-etiese verwonding insluit;
- die verwerping wat oud-Koevoete na die Bosoorlog aan die hand van hul vorige kollegas en politici uit die eertydse en huidige regering na die Bosoorlog beleef het;
- woede teenoor hul vorige kollegas en destydse politieke meesters wat hulle in die steek gelaat het; en
- die ervaring van menslikheid te midde van die afskuwelikheid van oorlog.

Die studie se oogmerk was die daarstelling van pastorale riglyne – gerugsteun deur insigte vanuit die buurwetenskappe, die eksegetiese studie en die pastoraal-teologiese bydraes – as ŉ pastorale model vir die pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane te ontwikkel.

# ABSTRACT


PASTORAL SUPPORT OF TRAUMATISED OF FORMER KOEVOET MEMBERS IN THEIR SPIRITUAL RECOVERY PROCESS

The devastation and wounding caused by any war sets high demands to all ranks who are thereby involved directly or indirectly and where the aftermath of war will remain with them for decades to come. The specific aim of the study focussed on Koevoet because commentary regarding Koevoet was not always complimentary. After the Bush War this caused many Koevoet veterans to disappear due to their Koevoet past which branded them as criminals and murderers. However, they remain part of our history of violence in the past and their story of hurt and rejection emanating from the Border War needs to be heard. The study is placed within the historical-political narrative of Southern Africa. This was deemed necessary in order to place the reader within a framework that played a major role in the conflict of Southern Africa's turbulent past. For the purpose of this investigation interviews were conducted with fifteen voluntary Koevoet veterans who are all members of the Koevoet Veterans' League. War will always remain war, yet war has many faces. In war the worst and the noblest of mankind is brought to the fore. This seemingly contradictory aspect of war also emerged from the empirical study: *War could never totally alienate people from their shared humanity*. Four concepts emerged from the empirical study, namely:

- As core concept the reality of war that includes physical, psychological and moral-ethical wounding;
- the rejection Koevoet members experienced at the hands of their colleagues and politicians from the former and present government after the Bush War;
- anger towards their former colleagues and erstwhile political masters for leaving them in the lurch; and
- experiencing humane feelings amid the horrors of war.

The purpose of the study was to establish pastoral guidelines – supported by the insights derived from the neighbouring sciences, the exegetical study and the pastoral-theological contributions – in order to develop a pastoral model for the spiritual and pastoral support of traumatized Koevoet veterans.

# VERKLARING

## TAALVERSORGING

Ek, Dedre Curle, verklaar hiermee dat die proefskrif wat vir die graad Philosophiae Doctor (Pastoraal) aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroom kampus) deur dr. J.L.C. du Preez ingedien word, deur my taalversorg is. Ek beskik oor die nodige kwalifikasies vir die uitvoering van die taak, te wete die graad BIS (Uitgewerswese) verwerf aan die Universiteit van Pretoria.

Geteken:  Datum: 31 Maart 2019

# DANKBETUIGINGS

AAN:

My Hemelse Vader
vir gesondheid, lewenslus en die vermoë
om hierdie studie te kon aanpak:
Aan Hom alleen kom toe die dank, lof en eer.

My vrou, Deléne
vir al haar bystand tydens hierdie akademiese reis
om langs die steiltes van die akademiese pad
my moed in te praat en ook talle take wat myne was
spontaan op haar sou neem
om my die geleentheid te bied vir die aanpak van 'n hartsbegeerte
om my makkers uit die voormalige Suid-Afrikaanse Polisie
tot hulp te kan wees:
My Spreukevrou: jy is baie werd, baie meer as edelstene.

My promotor, prof. dr. Wentzel Coetzer.
Wat 'n voorreg om hierdie studie onder u bekwame leiding
te kon aanpak en klaar te maak.
U nederigheid en hulpvaardigheid is 'n riem onder die hart.
Mag u nog tot seën vir talle studente binne u vakgebied wees.

Mev. Hester Lombard en haar helpers van die teologiese biblioteek.
Julle is 'n wenspan en ons is trots en dankbaar
om julle aan ons kant van die span te hê
sodat ons in die akademiese wedloop
uiteindelik ook die wenstreep kan oorsteek.
Dankie vir vriendelike en hulpvaardige hulp
sodat ons die swaarkry met lekkerkry kon klaarkry.

Die NWU vir die beurs waarmee ek die studie kon aanpak.
Dit was 'n groot finansiële hupstoot.

My vriend en oud-kollega
Kol. Dicks Diedrichsen
wat my vrye toegang
tot sy uitgebreide boekery
oor Koevoet en die Bosoorlog gegee het.

Die Koevoet Veterane Bond
wat vir my wat nooit by Koevoet was nie
genoegsaam vertrou om 'n ere-kapelaan vir julle te wees.
Ek voel klein tussen julle, maar bewonder julle moed
en deursettingsvermoë
om ten spyte van vele terugslae
na die Bosoorlog
deur die Koevoet Muur van Herinnering vir die wêreld te sê:
ONS SAL NIE VERGEET WORD NIE!

My respondente
want sonder julle vyftiental se samewerking
sou hierdie studie net 'n droom en 'n begeerte gebly het.

Ek salueer julle.
SALUUT
Jan

Opgedra

met liefde en diepe dankbaarheid

aan

*prof. dr. Hennie Pieterse*

*en*

*mev. Jos Pieterse*

vir hul jarelange belangstelling en ondersteuning

op my akademiese reis

in die

praktiese teologie.

Dankie vir jul bemoediging.

Oor baie jare was julle vir my

twee ware steunpilare

wat nie ongemerk verby kon gaan nie.

# VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat

**PASTORALE BEGELEIDING VAN GETRAUMATISEERDE KOEVOET VETERANE IN HUL GEESTELIKE HERSTEL PROSES**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het

deur middel van volledige verwysing aangedui en erken het.



JLC DU PREEZ

ORCID

0000-0001-8198-1944

DATUM

31 Maart 2019

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

### ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING


| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | **INLEIDING** | **1** |
| **1.1.1** | **Oorsig en fokus van studie** | **1** |
| **1.2** | **AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING** | **3** |
| **1.2.1** | **Die histories-politiese agtergrond** | **3** |
| **1.2.2** | **Fisieke en psigologiese trauma** | **3** |
| **1.2.3** | **Oorlogsverwonding sny diep** | **4** |
| **1.2.4** | **'Krisis' *versus* 'trauma'** | **4** |
| **1.2.5** | **Oorlogvoering op 'n ander vlak** | **5** |
| **1.3** | **LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING** | **6** |
| **1.3.1** | **Databasisse** | **6** |
| **1.3.2** | **Sleutelterme** | **7** |
| **1.4** | **ARTIKELS** | **7** |
| **1.5** | **AFGEHANDELDE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE** | **7** |
| **1.6** | **BOEKE** | **9** |
| **1.7** | **NAVORSINGSVRAAG** | **13** |
| **1.7.1** | **Die oorkoepelende navorsingsvraag** | **13** |
| **1.7.2** | **Vrae voortvloeiend uit die oorkoepelende navorsingsvraag** | **13** |

| | | |
|---|---|---|
| **1.8** | **DOELSTELLINGS EN DOELWITTE** | **13** |
| **1.8.1** | **Doelstelling** | **13** |
| **1.8.2** | **Doelwitte** | **14** |
| **1.9** | **SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT** | **14** |
| **1.10** | **METODOLOGIE** | **15** |
| **1.10.1** | **Beskrywende empiriese moment** | |
| | ***Wat gebeur in hierdie situasie?*** | **15** |
| **1.10.2** | **Die relevansie van hierdie studie** | **15** |
| **1.10.3** | **Die navorsingsmetode** | **15** |
| **1.10.4** | **Die tipe ontwerp van die studie** | **15** |
| **1.10.5** | **Die populasie** | **16** |
| **1.10.6** | **Die keuse van ’n steekproef en werwing** | **16** |
| **1.10.7** | **Steekproefneming** | **17** |
| **1.11** | **DATA INSAMELING** | **18** |
| **1.11.1** | **Ingeligte toestemming** | **18** |
| **1.11.2** | **Etiese toestemming** | **18** |
| **1.11.3** | **Vraagontwikkeling** | **20** |
| **1.11.4** | **Onderhoudvoering** | **21** |
| **1.11.5** | **Veldnotas** | **22** |
| **1.11.6** | **Data analise** | **23** |
| **1.12** | **MAATREËLS OM VERTROUENSWAARDIGHEID TE VESTIG** | **25** |
| **1.12.1** | **Die vertrouenswaardigheid van die studie** | **25** |

| | | |
|---|---|---|
| **1.13** | **ETIESE OORWEGINGS** | **27** |
| **1.13.1** | **Moontlike risiko's vir respondente** | **27** |
| **1.13.2** | **Weerloosheid en kwesbaarheid** | **28** |
| **1.13.3** | **Voordele vir respondente** | **29** |
| **1.13.4** | **Veilige bewaring van opnames en transkripsies** | **29** |
| **1.13.5** | **Die reg tot selfdeterminasie** | **29** |
| **1.13.6** | **Algemene en wederkerige geregtigheid (*distributive justice*)** | **29** |
| **1.13.7** | **Beskikbaarstelling van navorsingsresultate aan teikengroep** | **30** |
| **1.14** | **INTERPRETERENDE MOMENT** | **30** |
| **1.15** | **NORMATIEWE MOMENT** | **31** |
| **1.16** | **DIE PRAGMATIESE MOMENT** | **33** |
| **1.17** | **ETIESE ASPEKTE** | **33** |
| **1.18** | **HOOFSTUK INDELING** | **33** |
| **1.19** | **SKEMATIESE VOORSTELLING** | **34** |

## HOOFSTUK 2

### SUIDER-AFRIKA SE HISTORIES-POLITIEKE AGTERGROND

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **INLEIDING** | **35** |
| **2.2** | **OORLOG EN STRYD IN SUIDER-AFRIKA: 'n VOËL-VLUG** | **35** |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3 | **AGTERGROND: IMPERIALISME EN KOLONIALISME IN AFRIKA** | **37** |
| 2.3.1 | **'Scramble for Africa' (Stormloop vir Afrika)** | **37** |
| 2.3.2 | **Onafhanklikheid vir die inheemse Afrikavolke** | **37** |
| 2.4 | **SWA/NAMIBIË: HISTORIES-POLITIEKE AGTERGROND** | **41** |
| 2.4.1 | **Duitswes-Afrika: Breë oorsig tot die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)** | **41** |
| 2.4.2 | **Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)** | **42** |
| 2.4.3 | **SWA as mandaatgebied van Suid-Afrika** | **43** |
| 2.5 | **KONTRAKARBEID** | **44** |
| 2.5.1 | **Kontrakarbeid en trekarbeiders** | **44** |
| 2.5.2 | **Ekonomiese en opvoedkundige ontwikkeling** | **46** |
| 2.5.3 | **Verwerping van die Odendaal-verslag** | **46** |
| 2.5.4 | **Die SWA-mandaat in gedrang** | **47** |
| 2.6 | **INSURGENSIE IN SUIDWES-AFRIKA** | **50** |
| 2.6.1 | **SWAPO: 'n oorsig** | **50** |
| 2.6.2 | **Kerklike radikalisering in Suidwes-Afrika/Namibië** | **51** |
| 2.6.3 | **Vredesooreenkoms, Nege Dae Oorlog en Namibiese onafhanklikheid** | **52** |
| 2.7 | **DIE GEWAPENDE STRYD IN SUIDER-AFRIKA** | **54** |
| 2.7.1 | **Agtergrondskets** | **54** |
| 2.7.2 | **Kommunistiese betrokkenheid in Suider-Afrika** | **54** |
| 2.8 | **ESKALERENDE GEWELD IN SUID-AFRIKA** | **56** |

| | | |
|---|---|---|
| **2.9** | **SANKSIES AS INTERNASIONALE WEERSTAND** | **57** |
| **2.10** | **INSURGENSIE EN TEENINSURGENSIE** | **59** |
| **2.10.1** | **Rewolusionêre oorlogvoering** | **59** |
| **2.10.2** | **Teeninsurgensie as militêre ingryping** | **59** |
| **2.11** | **DIE DUBBELE ROL: POLISIEMAN ÉN SOLDAAT** | **61** |
| **2.11.1** | **Agtergrond** | **61** |
| **2.11.2** | **Onstuimige politiek- en maatskaplike tye** | **61** |
| **2.11.3** | **Onderskeid tussen die polisie en die militêre** | **63** |
| **2.12** | **DIE ONTSTAAN VAN KOEVOET** | **64** |
| **2.12.1** | **Agtergrond** | **64** |
| **2.12.2** | **Koevoet se militêre suksesse** | **65** |
| **2.12.3** | **Kritiek teen Koevoet** | **66** |
| **2.12.4** | **Oorlogsbrutaliteit en marteling** | **70** |
| **2.13** | **GEREGVERDIGDE OORLOGSOPTREDE (JWD)** | **72** |
| **2.13.1** | **Wydlopende standpunte** | **72** |
| **2.13.2** | **Soldate se optrede tydens oorlog** | **74** |
| **2.13.3** | **Die Christen se reaksie op oorlog** | **75** |
| **2.13.3.1** | **Pasifisme** | **75** |
| **2.13.3.2** | **Geregverdigde oorlog** | **76** |
| **2.13.3.3** | **Christene as vredemakers** | **76** |
| **2.14** | **WEERSTAND TEEN SUID-AFRIKA EN APARTHEID** | **77** |
| **2.14.1** | **Binnelandse weerstand as burgerlike verset** | **77** |
| **2.14.1.1** | **‘End Conscription Campaign’ (ECC)** | **77** |

**2.14.1.2 'Black Consciousness Movement' (BCM) (Swart Bewussynsbeweging) 77**

**2.14.1.3 'United Democratic Front' (UDF) 79**

**2.15 AMBIVALENTE KERKSTEMME 81**

**2.15.1 Kerkskeiding en die politieke stryd in Suid-Afrika 81**

**2.15.2 Afrikaanse kerke en die instandhouding van apartheid 82**

**2.15.3 Die Cottesloe Beraad 83**

**2.15.4 Reaksie op die Cottesloe-beraad 84**

**2.15.5 Die Ope Brief en wat daarop sou volg 85**

**2.15.6 Stedelike swart mense 87**

**2.15.7 Weerstand teen die Bantoestanbeleid 88**

**2.16 DIE GEVOLGE VAN OORLOG 89**

**2.16.1 Geregsdienaars in 'n oorlogsituasie 89**

**2.16.2 Gesingsontwrigting 90**

**2.16.3 Verwonding 91**

**2.16.4 Oorlogsneurose en die Vietnam sindroom: 'n oorsig 92**

**2.17 DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) 96**

**2.18 WAS DIT ALLES DIE MOEITE WERD? 98**

## HOOFSTUK 3

**EMPIRIESE ONDERSOEK VOORTVLOEIEND UIT KWALITATIEWE ONDERHOUDE MET VYFTIEN KOEVOET VETERANE BESKRYWENDE EMPIRIESE MOMENT**

**3.1 INLEIDING 101**

| | | |
|---|---|---|
| **3.2** | **EMPIRIESE NAVORSING** | **102** |
| **3.2.1** | **Doelstelling** | **102** |
| **3.2.2** | **Metodologiese verantwoording** | **103** |
| **3.2.3** | **Voordele van kwalitatiewe navorsing** | **104** |
| **3.2.4** | **Metateoretiese vertrekpunte** | **105** |
| **3.2.5** | **Data insameling** | **106** |
| **3.2.6** | **Besonderhede van deelnemers** | **107** |
| **3.2.7** | **Oop kodering van vyftien onderhoude** | **107** |
| **3.2.8** | **Verhouding tussen kodes en kern kategorieë** | **108** |
| **3.3** | **KODERING EN KATEGORISERING** | **109** |
| **3.3.1** | **Kodering en Kategorisering van empiriese ondersoek** | **109** |
| **3.3.1.1** | **Afdeling A: Oorkoepelende vraag** | **109** |
| **3.3.1.2** | **Afdeling B: Vraag 1** | **112** |
| **3.3.1.3** | **Afdeling C: Vraag 2** | **115** |
| **3.3.1.4** | **Afdeling D: Vraag 3** | **118** |
| **3.3.1.5** | **Afdeling E: Vraag 4** | **121** |
| **3.3.1.6** | **Afdeling F: Vraag 5** | **124** |
| **3.3.2** | **Konsepte voortvloeiend uit kategorieë** | **127** |
| **3.3.3** | **Skets: Praktykteorie met konsepte en relasies** | **127** |
| **3.4** | **GEVOLGTREKKING** | **128** |

## HOOFSTUK 4

### PERSPEKTIEWE VANUIT DIE NAASLIGGENDE WETENSKAPPE MET BETREKKING TOT DIE INVLOED VAN OORLOGSTRAUMA OP OORLOGSVETERANE

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | **INLEIDING** | **131** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.2** | **METATEORIE** | **132** |
| **4.3** | **METODOLOGIE** | **133** |
| **4.4** | **WETENSKAPPE RELEVANT TOT DIE STUDIE** | **134** |
| **4.4.1** | **Psigologie en oorlog – PTSD** | **134** |
| **4.4.2** | **Noodsaak vir reiniging** | **135** |
| **4.4.3** | **Verhale in diens van heling** | **138** |
| **4.4.4** | **Helingsreise en ontmoetings met die vyand** | **139** |
| **4.5** | **PSIGOLOGIE SE BYDRAE TOT OORLOG EN VREDE** | **140** |
| **4.5.1** | **Wêreldoorlog 1 en Wêreldoorlog 2** | **140** |
| **4.5.2** | **Psigologiese na-oorlogse bydraes** | **142** |
| **4.5.3** | **Globale oorlog teen terreur** | **142** |
| **4.5.4** | **Psigologiese bydrae tot vrede** | **143** |
| **4.5.5** | **Eietydse bydraes van psigologie tot vrede** | **143** |
| **4.6** | **MAATSKAPLIKE WERK** | **144** |
| **4.6.1** | **Wat is militêre maatskaplike werk?** | **145** |
| **4.7** | **PSIGOSOSIALE GENESING** | **146** |
| **4.8** | **DIE ETIEK VAN OORLOGVOERING** | **148** |
| **4.9** | **MORELE VERWONDING** | **151** |
| **4.9.1** | **Wat is morele verwonding?** | **151** |
| **4.9.2** | **Morele verwonding en die kryger** | **156** |
| **4.9.3** | **Morele verwonding as nagevolge van oorlog** | **158** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.9.4** | **Oorsprong van morele verwonding** | **158** |
| **4.10** | **MOREEL-ETIESE UITDAGINGS** | **163** |
| **4.11** | **SAMEVATTING** | **165** |


## HOOFSTUK 5

### PRINSIPIËLE BASIS VANUIT DIE SKRIF MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN KOEVOET VETERANE

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | **INLEIDING** | **167** |
| **5.2** | **BASISTEORIE** | **168** |
| **5.3** | **DOELWIT** | **168** |
| **5.4** | **METODOLOGIE** | **169** |
| **5.5** | **EKSEGESE** | **170** |
| **5.5.1** | **Werklikheid van oorlogsverwonding (Kernkonsep) (1 Samuel 17:31-57)** | **170** |
| **5.5.1.1** | **Agtergrond: Oorlog en oorlogvoering in die geskiedenis van Israel** | **170** |
| **5.5.1.2** | **Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre** | **170** |
| **5.5.1.3** | **Sosiohistoriese konteks en die geloofskeuse: Vir eerste lesers deur perikoop gestel** | **171** |
| **5.5.1.4** | **Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers 1 Samuel 17:36; 37b en 45** | **174** |
| **5.5.1.5** | **Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl** | **179** |
| **5.5.1.6** | **Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking** | **179** |

| | | |
|---|---|---|
| **5.5.1.7** | **Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses: Vir huidige hoorders en lesers** | **180** |
| **5.5.1.8** | **Gevolgtrekking en basiese riglyne** | **181** |
| **5.5.2** | **Verwerping as deel van oorlogvoering (Konsep 2) 2 Samuel 18:1-19:8 (Verwerping)** | **182** |
| **5.5.2.1** | **Agtergrond: Oorlog en oorlogvoering in die geskiedenis van Israel** | **182** |
| **5.5.2.2** | **Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre** | **183** |
| **5.5.2.3** | **Sosiohistoriese konteks en die geloofskeuse: Vir eerste lesers deur perikoop gestel** | **183** |
| **5.5.2.4** | **Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers 2 Samuel 18:1-19:8** | **183** |
| **5.5.2.5** | **Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl** | **192** |
| **5.5.2.6** | **Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking** | **193** |
| **5.5.2.7** | **Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses: Vir huidige hoorders en lesers** | **194** |
| **5.5.2.8** | **Gevolgrekking en basiese riglyne** | **195** |
| **5.5.3** | **Woede oor behandeling en resultate daarvan (Konsep 3) Openbaring 19:11-21 (Ruiter op die wit perd)** | **195** |
| **5.5.3.1** | **Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre** | **196** |
| **5.5.3.2** | **Sosiohistoriese konteks en die geloofskeuse: Vir eerste lesers deur perikoop gestel** | **197** |
| **5.5.3.3** | **Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers** | **199** |
| **5.5.3.4** | **Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl** | **200** |
| **5.5.3.5** | **Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking** | **202** |
| **5.5.3.6** | **Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses: Vir huidige hoorders en lesers** | **204** |
| **5.5.3.7** | **Gevolgrekking en basies riglyne** | **205** |
| **5.5.4** | **Menslikheid binne oorlogsituasies (Konsep 4) 2 Samuel 9:1-13: Dawid se optrede teenoor Mefiboset** | **205** |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5.4.1 | Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre | 206 |
| 5.5.4.2 | Sosiohistoriese konteks en die geloofskeuse: Vir eerste lesers deur perikoop gestel | 206 |
| 5.5.4.3 | Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers | 206 |
| 5.5.4.4 | Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl | 207 |
| 5.5.4.5 | Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking | 207 |
| 5.5.4.6 | Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses: Vir huidige hoorders en lesers | 208 |
| 5.5.4.7 | Gevolgrekking en basies riglyne | 209 |
| 5.6 | SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING | 209 |

## HOOFSTUK 6

### BELANGRIKE PERSPEKTIEWE VANUIT PASTORAAL-TEOLOGIESE LITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE TEMAS VAN OORLOG, GEWELD EN TRAUMA

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | INLEIDING | 211 |
| 6.2 | DOELSTELLING | 212 |
| 6.3 | PASTORALE BERAAD EN DIE MENS | 212 |
| 6.3.1 | Empatie | 212 |
| 6.3.2 | Liefde | 213 |
| 6.3.3 | Etiek van verantwoordelikheid | 213 |
| 6.3.4 | Eenheidsgevoel | 214 |
| 6.3.5 | Vergifnis | 215 |
| 6.3.6 | Skrifgebruik in die pastorale gesprek | 215 |

| | | |
|---|---|---|
| **6.4** | **MENSLIKE HEELHEID** | **216** |
| **6.4.1** | **Gesondheid versus siekte** | **216** |
| **6.4.2** | **Bybelse konsepte vir heelheid** | **217** |
| **6.4.3** | **Ruimte en plek in genesing** | **218** |
| **6.4.4** | **Bekragtigingsteologie** | **218** |
| **6.5** | **PASTORALE BERADING EN DIE VERGIFNIS SIKLUS** | **221** |
| **6.5.1** | **Lokus van die Christelike teologiese antropologie** | **221** |
| **6.5.2** | **Oorsig oor die skepping van die mens** | **222** |
| **6.6** | **WOEDE IN BYBELSE PERSPEKTIEF** | **224** |
| **6.6.1** | **Agtergrond** | **224** |
| **6.6.2** | **Woede van die mens** | **224** |
| **6.6.3** | **Woede van Jesus** | **225** |
| **6.6.4** | **Die woede van God** | **226** |
| **6.6.4.1** | **Die woede van God in die Ou Testament** | **226** |
| **6.6.4.2** | **Die woede van God in die Nuwe Testament** | **227** |
| **6.6.5** | **Woede onder mense** | **227** |
| **6.6.5.1** | **Woede en die Skrif** | **227** |
| **6.6.5.2** | **Woede en God** | **228** |
| **6.6.5.3** | **Morele belang van woede vanuit die Christelike konteks** | **229** |
| **6.6.5.4** | **Hoe manifesteer menslike woede teenoor God?** | **231** |
| **6.7** | **SAMEVATTING** | **232** |

# HOOFSTUK 7

## FORMULERING VAN STRATEGIES-TEORETIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN GETRAUMATISEERDE KOEVOET VETERANE


| | | |
|---|---|---|
| **7.1** | **INLEIDING EN DOELSTELLING** | **234** |
| **7.2** | **OMSKRYWING VAN PRAKTYKTEORIE AS BEGRIP** | **235** |
| **7.3** | **PASTORALE ONTMOETING EN BEGELEIDING** | **235** |
| **7.4** | **UNIEKHEID VAN DIE CHRISTELIKE BERADING** | **236** |
| **7.4.1** | **Unieke aannames** | **236** |
| **7.4.2** | **Unieke doelwitte** | **236** |
| **7.4.3** | **Unieke metodes** | **236** |
| **7.4.4** | **Unieke berader eienskappe** | **237** |
| **7.5** | **DIE TUTU-MODEL** | **237** |
| **7.5.1** | **Inleidende opmerkings** | **237** |
| **7.5.2** | **Seerkry as deel van die lewe** | **238** |
| **7.6** | **VERTEL DIE VERHAAL**<br>***Eerste stap van die vergifnissiklus*** | **238** |
| **7.7** | **NOEM DIE SEERKRY BY NAAM**<br>***Tweede stap van die vergifnissiklus*** | **239** |
| **7.8** | **DIE GEE VAN VERGIFNIS**<br>***Derde stap van die vergifnissiklus*** | **240** |
| **7.8.1** | **Vergifnis is 'n keuse en 'n wilsbesluit** | **240** |

| | | |
|---|---|---|
| 7.8.2 | **Rigtingwysers en algemene wanpersepsies oor vergifnis** | 241 |
| 7.8.2.1 | **Wat is vergifnis?** | 241 |
| 7.8.2.2 | **Wanpersepsies oor vergifnis** | 242 |
| 7.8.2.3 | **Verdere wanpersepsies oor vergifnis** | 242 |
| 7.8.2.4 | **Vertel 'n nuwe verhaal** | 244 |
| 7.8.2.5 | **'n Bydrae vanuit die narratiewe terapie** | 245 |
| 7.8.2.6 | **Groei deur vergifnis** | 245 |
| 7.8.2.7 | **Golgota, Christus en vergifnis** | 246 |
| | | |
| 7.9 | **HERNU OF STEL DIE VERHOUDING VRY** | 246 |
| | ***Vierde stap van die vergifnissiklus*** | |
| 7.9.1 | **Hernuwing of loslating: Wat beteken dit?** | 246 |
| 7.9.2 | **Wat hernuwing nie is nie** | 247 |
| | | |
| 7.10 | **DIE FORMULERING VAN EIE MODEL** | 247 |
| | **Toepassing op Koevoet veterane** | |
| 7.10.1 | **Vertel die verhaal** | 248 |
| 7.10.2 | **Noem die seerkry – konsepte uit empiriese ondersoek** | 250 |
| 7.10.2.1 | **Oorlogsverwonding (Kernkonsep)** | 250 |
| 7.10.2.2 | **Verwerping (Konsep 2)** | 250 |
| 7.10.2.3 | **Woede (Konsep 3)** | 251 |
| 7.10.2.4 | **Menslikheid te midde van oorlog (Konsep 4)** | 253 |
| 7.10.3 | **Skenk vergifnis** | 254 |
| 7.10.4 | **Hernus of stel vry** | 255 |
| 7.10.5 | **Nuwe identiteit in Christus** | 255 |
| 7.10.6 | **Berading en woede spesifiek op Koevoet veterane gerig** | 256 |
| 7.10.7 | **Bevrydingsrituele in diens van heling en vergifnis** | 259 |
| 7.10.7.1 | **Tutu se kliprituueel** | 259 |

| | | |
|---|---|---|
| **7.10.7.2** | **Tick se vuurreinigingseremonies** | **259** |
| **7.10.7.3** | **Die Nagmaal as sakrament van heling** | **260** |
| **7.10.7.4** | **Riglyne vir 'n spesiale Nagmaalsgeleentheid** | **261** |
| **7.11** | **SAMEVATTING** | **262** |


## HOOFSTUK 8

## SAMEVATTING EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING


| | | |
|---|---|---|
| **8.1** | **INLEIDING** | **265** |
| **8.2** | **HISTORIES-POLITIEKE AGTERGROND** | **265** |
| **8.2.1** | **Stormloop na Afrika** | **265** |
| **8.2.2** | **Die Grens- en die Nege Dae Oorlog (NDO)** | **266** |
| **8.2.3** | **Internasionale druk, sanksies en rewolusionêre optrede** | **266** |
| **8.2.4** | **Dubbele rol van polisieman én soldaat versus soldaat én polisieman** | **267** |
| **8.2.5** | **Die ontstaan, suksesse én kritiek teen Koevoet** | **267** |
| **8.2.6** | **Wanneer morele verwonding kopuitsteek** | **267** |
| **8.2.7** | **Weerstand teen apartheid** | **268** |
| **8.2.8** | **Die letsels van diensplig** | **268** |
| **8.2.9** | **Die oorlog kom huis toe** | **269** |
| **8.2.10** | **Bosoorlog se letsels op sosio-maatskaplike vlakke** | **269** |
| **8.2.11** | **Die Waarheid en Versoeningskommissie (WVK)** | **270** |
| **8.2.12** | **Die Nege Dae Oorlog (NDO)** | **270** |
| **8.3** | **EMPIRIESE ONDERSOEK EN BEVINDING** | **271** |

| | | |
|---|---|---|
| **8.4** | **BYDRAES VAN DIE BUURWETENSKAPPE** | **271** |
| **8.5** | **EKSEKETIESE BYDRAE VAN VIER SKRIFGEDEELTES** | **272** |
| **8.5.1** | **1 Samuel 17:31-51 (Dawid en Goliat se ontmoeting)** | **272** |
| **8.5.2** | **2 Samuel 18:1-19:8 (Dawid word deur Absalom verwerp)** | **272** |
| **8.5.3** | **Openbaring 19:11-21 (Ruiter op die wit perd)** | **273** |
| **8.5.4** | **2 Samuel 9:1-13 (Dawid se goedhartigheid teenoor Mefiboset)** | **274** |
| **8.6** | **PASTORAAL-TEOLOGIESE LITERATUUR** | **274** |
| **8.6.1** | **Pastorale beraad en die mens** | **274** |
| **8.6.2** | **Empatie** | **274** |
| **8.6.3** | **Liefde** | **275** |
| **8.6.4** | **Vergifnis** | **275** |
| **8.6.5** | **Skrifgebruik in die pastorale gesprek** | **275** |
| **8.6.6** | **Woede in Bybelse perspektief** | **275** |
| **8.6.6.1** | **Woede van die mens** | **275** |
| **8.6.6.2** | **Woede onder mense** | **275** |
| **8.6.6.3** | **Morele belang van woede** | **276** |
| **8.6.6.4** | **Morele belang van woede vanuit Christelike konteks** | **276** |
| **8.7** | **STRATEGIES-TEORETIESE RIGLYNE** | **278** |
| **8.7.1** | **Pastorale ontmoeting en begeleiding** | **278** |
| **8.7.2** | **Uniekheid van Christelike berading** | **278** |
| **8.7.3** | **Die Tutu-model en emosionele verwonding** | **279** |
| **8.7.3.1** | **Vertel die verhaal: Eerste stap van die vergifnissiklus** | **279** |
| **8.7.3.2** | **Noem seerkry by die naam: Tweede stap van die vergifnissiklus** | **279** |
| **8.7.3.3** | **Gee van vergifnis: Derde stap van die vergifnissiklus** | **279** |
| **8.7.3.4** | **Hernu of stel die verhouding vry: Vierde stap van die vergifnissiklus** | **279** |

| | | |
|---|---|---|
| **8.7.4** | **Wanpersepsies oor vergifnis** | **280** |
| **8.7.5** | **Groei deur vergifnis** | **281** |
| **8.7.6** | **Vertel 'n nuwe verhaal** | **281** |
| **8.7.7** | **Golgota. Christus en vergifnis** | **281** |
| **8.8** | **FORMULERING VAN EIE MODEL**<br>**Toepassing om Koevoet veterane** | **281** |
| **8.8.1** | **Vertel die verhaal** | **282** |
| **8.8.2** | **Noem die seerkry** | **282** |
| **8.8.3** | **Skenk vergifnis** | **282** |
| **8.8.4** | **Hernu of stel vry** | **283** |
| **8.8.5** | **Nuwe identiteit in Christus** | **283** |
| **8.9** | **BEVRYDINGRITUELE VAN HELING EN VERGIFNIS** | **283** |
| **8.9.1** | **Tutu se klipritueel** | **283** |
| **8.9.2** | **Tick se vuurreiniging seremonies** | **284** |
| **8.9.3** | **Die Nagmaal as sakrament van heling** | **284** |
| **8.9.4** | **Helingsreise** | **284** |
| **8.9.5** | **Die Nagmaal en doop as sakramente van heling en vergifnis** | **285** |
| **8.10** | **VOORGESTELDE AREA VIR VERDERE NAVORSING** | **285** |
| **8.11** | **SLEUTELTERME** | **285** |
| **8.12** | **KEYWORDS** | **285** |
| **BYLAE 1** | **Toestemmingsbrief van Koevoet Veterane Bond** | **286** |
| **BYLAE 2** | **Etiese goedkeuring sertifikaat** | **289** |

**BYLAE 3 Ingeligte toestemming vir studie** **288**

**BYLAE 4 Vraagontwikkeling** **294**

**BYLAE 5 Veldnotas** **295**

**BYLAE 6 Pastorale gebed van Seamands** **327**

**BYLAE 7 Tutu en Tutu se kliprituele** **328**

**BYLAE 8 Fotobeeld van Koevoet** **334**

**BRONNELYS** **342**

# HOOFSTUK 1

# ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 INLEIDING

### 1.1.1 OORSIG EN FOKUS VAN STUDIE

Hierdie studie se primêre fokus is gerig op getraumatiseerde oud-lede van Koevoet. Sommige van hierdie lede was vir lang tydperke tydens grensdiens in Ovamboland aan trauma blootgestel waar die dood letterlik op elke pad en agter elke bos en boom geskuil het (Stiff 2004:34).

Marlantes (2011:17) beskryf ŉ oorlogsituasie as volg:

> War … blows away the illusion of safety from death. In a combat situation you wake up, simultaneously grateful that you're alive and scared shitless because you're still in the same situation. Most combat veterans keep this awareness – that death is just around the corner.

In die buiteland was daar min begrip vir en kennis van die bosoorlog op die grens van Ovamboland en Angola, want dit was ŉ afgeleë gebied waar die plaaslike bevolking vasgevang was tussen die South West Africa People's Organisation (SWAPO) en die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte (Hooper 1988:2-3 Foreword).

Volgens die internasionale gemeenskap was die besetting van die destydse Suidwes-Afrika deur die Suid-Afrikaanse regering onwettig (Burger 1992:134; Stiff 2004:31), terwyl laasgenoemde weer aangevoer het dat hy met vasberadenheid sy eie grense asook die belange en grense sou beskerm van diegene vir wie die Suid-Afrikaanse regering verantwoordelik was (Hamann, 2001:68). Die staatsgreep van April 1974 in Portugal sou egter in Suider-Afrika beduidende veranderinge tot gevolg hê. Op Suid-Afrika se voorstoep was daar nou ŉ kommunistiese leër wat deur die Sowjetunie gesteun is en met ŉ indrukwekkende arsenaal wapentuig Swapo en ANC insurgente sou oplei om Suid-Afrika en Namibië te infiltreer (Hamann, 2001:164). Suid-Afrika het standpunt ingeneem teen Sowjet ekspansionisme en sou weens ons internasionale isolasie alles in die stryd werp om haar te beskerm teen die ontplooiing van Kubaanse magte in Angola sedert 1974 en verder (Hamann, 2001:164).

SWAPO het, met die volle steun van die Verenigde Nasies, daarop aanspraak gemaak dat hy die enigste en geloofwaardige stem van die Namibiese bevolking is. Dit was ŉ eensydige standpunt (Hooper 1988:90). In wese was SWAPO oorwegend ŉ Ovambo-beweging. Al was daar onder die ander etniese groepe ook ondersteuners van SWAPO, was verteenwoordiging van dié groepe relatief min (Hooper 1988:91).

Verder was daar ook ŉ persepsie dat Koevoet uit wanaangepaste en psigopatiese polisiemanne bestaan wie se wreedhede teen die burgerlike bevolking sterk sou herinner aan die *Schutzstaffel* – afgekort tot SS – ŉ belangrike paramilitêre verdedigingskorps onder Adolf Hitler en die Nazi Party van Nazi-Duitsland (Hooper, *op. cit.*; Wikipedia, 2015).

Hooper (1988:159) gee die volgende treffende beskrywing van sy ervaringe van die Bosoorlog nadat hy op sy eerste besoek as joernalis twee weke saam met Koevoet op die grens beweeg het:

> When I left here I thought I was the world's expert on war. Looking back, all those two weeks did was giving me some basic background to build on. The mistake I made – and the one I think most journalists tend to make – was seeing the war itself as the story. But the fighting is only the backdrop, the setting. *The real story is the people; what they think, what they believe* (Skuinsdruk en beklemtoning is dié van die navorser).

Dít is in ŉ neutedop presies waarby hierdie studie wil uitkom sodat daar deur positiewe verandering van denke én oortuigings onder Koevoet veterane uiteindelik heling kan kom indien die resultate van hierdie studie sou bevestig dat dit inderdaad die behoefte is. Waar heling nie realiseer nie bestaan die gevaar dat onverwerkte pyn en trauma in latere generasies as intergeneratiewe trauma kan manifesteer en dan 'generasie bagasie' word (Coetzer, 2014:14).

Die navorser weet uit eie ervaring dat familielede en oudkollegas wat in die Tweede Wêreldoorlog gedien het, nie maklik oor die seer van hul oorlogservarings praat nie. Daaroor word liefs ŉ sluier getrek. Retief (2015:11) is in die kol waar sy skryf:

> Op die kryger se bors sou trosse oorlogsmedaljes pryk, maar daar was niemand met wie gepraat kon word oor die mense wat doodgeskiet is nie. Mense sit met verskriklike pyn, maar hulle bly daaroor stil.

Dieselfde sou ook geld vir veterane, hetsy polisiemanne of soldate, wat aan die Bosoorlog deelgeneem het, want geen oorlog is sonder trauma nie (Coetzer, 2013:4-16;

Schoeman, 2014:25).

## 1.2 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Die histories-politiese agtergrond

Om ten volle begrip te verkry ten opsigte van die moontlike onverwerkte emosies by Koevoet veterane, moet die histories-politiese aanloop tot die Bosoorlog (1966-1989) – veral Suid-Afrika se mandaat oor die destydse Suidwes Afrika – ook in berekening gebring word. Die histories-politiese rasseskeiding sal noodwendig die leerstelling oor geregverdigde oorlog[1] op die tafel plaas. Dit sal dan die breë konteks skep waarbinne die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte se optrede verreken moet word. Ook die breë Suid-Afrikaanse samelewing is getraumatiseer deur oorlog op die landsgrense van die Republiek, asook gewelddadige weerstand binnelands waar die plant van bomme en halssnoermoorde ŉ kollektiewe vrees in die samelewing losgelaat het. Deur die oorlog en binnelandse geweld is die totale bevolking van die Republiek van Suid-Afrika uiteindelik geraak – niemand is ontsien nie. Oor die grense van taal, kultuur en ras sou hierdie geweld soos ŉ haas onstuitbare golf oor Suid-Afrika se mense spoel (Stadler, 1997:4-7; Dlamini, 2014:13). Alhoewel die navorser die swaarkry van ons land se totale bevolking erken, vorm dit nie deel van hierdie ondersoek nie, maar is dit bloot aanduidend van hoe wyd en diep oorlogstrauma ŉ land uiteindelik tref.

### 1.2.2 Fisieke en psigologiese trauma

Oorlog het ŉ impak op die indiwidu wat dan lei tot fisieke en psigologiese trauma (Schoeman, 2014:27). Tydens die Eerste- en Tweede Wêreldoorloë en ook die oorloë daarna (soos byvoorbeeld die Koreaanse en Viëtnamese Oorloë), is daar aanvanklik net gefokus op die fisieke trauma met die gevolglike behandeling van liggaamlike verwonding, terwyl daar ŉ gebrek aan diepere insig was ten opsigte van die psigologiese trauma as die verwonding van die innerlike mens (Schoeman, 2014: op. cit.; vgl. ook die inleidingsgedeelte van die klassieke werk oor trauma deur Judith Herman, 2001 vir ŉ oorsig van die ontwikkeling van kennis met betrekking tot oorlogstrauma

[1] Die leer oor Geregverdigde Oorlog (Just War Doctrine) is ŉ aanvaarde internasionale morele en etiese regsbeginsels wat beheer uitoefen oor die manier waarop oorlog gevoer moet word. Teoretici onderskei tussen twee stelle reëls: (a) die *jus ad bellum* reëls wat die rasionaal vir oorlog beheer; en (b) die *jus in bello* reëls wat weer bepaal wat in oorlogsoptredes billik en regverdig is (Guetlein, 2005:9). Weens die aakligheid van oorlog probeer regerings altyd die regverdigheid van oorlog bewys en dat die dinge erger sou wees as dié oorlog nie gevoer word nie (König, 2009:360).

vanaf die Eerste Wêreldoorlog tot by die Viëtnamese Oorlog).

Aan psigologiese trauma is met verloop van tyd verskeie name gegee (vgl. Herman, 2001;19-22). Tydens die Amerikaanse burgeroorlog sou daarna as "soldier's heart" verwys word; as "shell shock" of bomskok in die Eerste Wêreldoorloog; as "combat neurosis of gevegsneurose in die Tweede Wêreldoorlog as; "combat fatigue/combat exhaustion" of gevegsuitputting tydens die Koreaanse- (1950-1953) en die Viëtnamese oorloë (1965-1975); en as "bossies" tydens die Bosoorlog (Coetzer, 2013:10-13; Schoeman, 2014: op.cit.).

### 1.2.3 Oorlogsverwonding sny diep

Vir oorlogsverwonding is daar nie ŉ kitsoplossing nie – nie vir krygers en ook nie vir die burgerlike bevolking nie. Heonik Kwon (2010) wys op die swaarkry van die burgerlike bevolking wat tydens die Koreaanse Oorlog (1950-1953) én die Viëtnam Oorlog (1961-1975) rondgeslinger is tussen twee verskillende politieke wêrelde asook twee vyandige militêre en ideologiese magte. Heonik Kwon (2010) wys verder daarop dat albei opponerende magte die burgerlike bevolking aan tragiese en traumatiese insidente onderwerp het. Die Koreaanse oorlog se politieke geweld en brutaliteit sou nie net die soldate fisiek en moreel raak nie, maar sou ook die burgerlike samelewing se moraliteit, spiritualiteit en mense se gemeenskaps-bande ru versteur. Oor hierdie oorlogsbrutaliteit, gemik teen burgerlikes deur beide kante se gewapende magte, is daar ŉ kombers van stilswye getrek. In 2010 – sestig jaar na die uitbreek van die Koreaanse oorlog – word die sluier gelig en skryf Han Kyung-Koo (2010:4) so daar-oor:

> Although the senseless loss of countless people and vast destruction that left much of the country in rubble, the war's consequences were far more profound. The hearts of all South Koreans were deeply scarred. The war and its aftermath exerted as significant influence on the behavioural patterns and ways of thinking of South Koreans for quite some time.

### 1.2.4 'Krisis' *versus* 'trauma'

ŉ Term wat telkens in hierdie studie aan die orde sal wees, is 'krisis.' Daar is egter ook in die bespreking tot dusvêr soms verwys na die term 'trauma'. In die literatuur is daar ŉ redelike algemene konsensus dat 'krisis' meer verband hou met die korttermyn aspekte van problematiese gebeure terwyl 'trauma' geneig is om te dui op die meer

'langtermyn' ingrypende nagevolge (vgl. in hierdie verband Roberts, 2000:7; Stone, 1993:13; Switzer, 1986:35). Wright (2011:128, 189) beskryf die onderskeid tussen hierdie twee aspekte baie duidelik. Met betrekking tot 'n 'krisis' sê hy:

> A crisis usually involves a temporary loss of coping abilities, and the assumption is that the emotional dysfunction is reversible. If a person effectively copes with the threat, he or she then returns to prior levels of functioning (Wright, 2011:128).

Met betrekking tot Wright (2011:189) se formulering van 'trauma' blyk duidelik dat dit om 'n veel meer ingrypende gebeure gaan:

> Trauma is the response to any event that shatters your safe world so that it's no longer a place of refuge. Trauma is more than a state of crisis. It is a normal reaction to abnormal events that overwhelm a person's ability to adopt to life – where you feel powerless.

In hierdie studie sal die terme 'krisis' en 'trauma' dus alternatiewelik gebruik word afhangende die spesifieke konteks.

### 1.2.5 Oorlogvoering op 'n ander vlak

Die mens in sy totaliteit word deur trauma geraak en vra genesing op 'n holistiese vlak en benadering (Coetzer, 2013:16). ***Sōzō*** (Lukas 7:50; 8:48; 17:19 en 18:42) en ***therapeuō*** (Mat. 4:23, 8:16; Mark. 1:34; 6:13) is twee Bybelse terme wat oor genesing handel.

Louw en Nida (1988, vol. 2:240) plaas die betekenisse van die term sõzõ binne die volgende drie semantiese velde:

- *Rescue*: to rescue from danger and to restore to a former state of safety and wellbeing.
- *Save*: to cause someone to experience divine salvation.
- *Heal*: to cause someone to become well again after having been sick.

In hierdie een enkele term is daar dus drie dimensies ter sprake te wete: a) fisiese redding uit gevaar; b) geestelike verlossing, en c) fisiese genesing. Redding dui dus op meer as net fisiese genesing en ons kan gevolglik sê dat dit hier gaan om heil en verlossing in sy breedste en diepste Bybelse sin (vgl. in hierdie verband ook Abbot-Smith, 1973:436; Heitink 1984:158). Binne hierdie selfde verband is dit verder belangrik om te let op die feit dat by die genesings wat deur Jesus Christus verrig is, die term *sõzõ* nêrens slegs

van toepassing is op ŉ enkele ledemaat van die betrokke persoon se liggaam nie, maar altyd op hierdie mens in sy/haar totaliteit (Abbot-Smith, 1973:436; Den Boer, 1969: 711; Vine, 1981:321; Coetzer, 2013:16)

In *therapeuō* val die klem weer redelik sterk op genesing, mediese versorging asook op die verpleging en versorging van die sieke (Louw en Nida (1988, vol. 2:269; vgl. ook Vine, 1981:203; Liddell & Scott, 1975:362). Met betrekking tot die betekenis van *therapeuō* in die sekulêre Grieks stel Beyer (1982:128) as volg: *"Usually the reference is to actual medical treatment ... metaphorically, however, it may be used of healing of body and soul."* Wat die voorkoms van hierdie term in die Nuwe Testament betref, wys Beyer (1982:128) op die feit dat die klem redelik sterk op genesing is, *"... and always in such a way that the reference is not to medical treatment, which may fail, but to real healing."*

Ook wat *therapeuō* betref sou daar dus gekonkludeer kan word dat dit gaan oor ware genesing – genesing van liggaam en gees. Hierdie ondersoek gaan primêr oor die verwonding van die innerlike mens, met besondere fokus op die geestelike dimensie weens gevegstrauma en die soeke na omvattende genesing. Omdat oorlog-voering aan oorlogsveterane bekend is, behoort en kan veterane met ŉ Christelike belydenis, derhalwe identifiseer met die metafoor van die Heilige Gees as die ware 'Gees van oorlog'.

Die Heilige Gees kan gevolglik met oorlog verbind word, want oorlogvoering is ŉ belangrike Bybelse beeld en word die Heilige Gees in Efesiërs 6:10-18 ook as ŉ vegter uitgebeeld. Om ŉ Christen te wees, impliseer ook om ŉ soldaat of kryger te wees, want die vyand is voortdurend besig met ŉ aanval op alle fronte. Hier is nie sprake van verlof nie. Die Christen kan ook nooit onttrek uit die operasionele gebied nie, want die Heilige Gees maak van ons as vegtende Christene die eintlike onoorwinlike soldate. Dit is die Heilige Gees wat Christene aan Christus verbind en Christene laat deel kry aan Christus en sy oorwinning en ook die meevoering in sy triomftog (Coetzee, C.F.C. 2015:6).

## 1.3 LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING

### 1.3.1 Databasisse

ŉ Uitgebreide bibliografiese soektog is gedoen met behulp van die Ferdinand Postma biblioteek en inligting is gevind via die EbscoHost-koppelvlak op die volgende databasisse: ATLA Religion Database with ATLASerials, Academic, Search Premier, Africa-Wide Information, SocINDEX with Full Text, PsycINFO MasterFILE Premier, NEXUS (die NRF se databasis van voltooide navorsing, asook huidige navorsing wat reeds geregistreer is) en E-Journals.

### 1.3.2 Sleutelterme

Die volgende sleutelterme is in die soektog gebruik:

Emosies; emosionele verwonding; krisiservarings; pastorale berading, veterane, polisiemanne en soldate, skaamte oor oorlogsbetrokkenheid; Suid-Afrikaanse Oorlog (1966-1989) ook bekend as die Grens- of Bosoorlog én die *Namibian War of Independence*; trauma; verwerping**.**

Woorde wat in die soektog uitgestaan het, was oorlogstrauma, war trauma, depressie, '*depression*', '*family disruption'*, gesinsontwrigting; skaamte, '*shame,*' die prys van oorlog, '*the price of war'*.

## 1.4 ARTIKELS

Wester, S.R., Arndt, D., Sedicy, S.K. & Arndt, L. (2010:287-289) het ŉ artikel geskryf oor manlike polisiebeamptes en die stigma wat hulle met berading assosieer. ŉ Steekproef van 178 manlike wetstoepassers is ŉ bemiddelingsmodel getoets waarin die verbinding tussen *manlike geslagsrol konflik* (*GRC – male gender role conflict*) en die stigma geassosieer met berading óf as risiko óf as voordeel verklaar kon word. Navorser weet dat daar in sy dienstyd onder polisiemanne ŉ stigma gekleef het aan berading omdat dit die risiko op bevordering of dan uitgestelde bevordering kon meebring. Tot hoe ŉ mate hierdie brandmerk nog onder oudpolisiebeamptes voortleef, sal die ondersoek moontlik blootlê.

## 1.5 AFGEHANDELDE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

Bing voltooi in 2009 ŉ DLitt et Phil-proefskrif aan die Universiteit van Suid-Afrika in

die Psigologie met die titel: *Unmaking the torturer: re-establishing meaning and identity after committing atrocities.* Bing se kernvraag is: Hoe kan polisiemanne wat gemartel en gruweldade gepleeg het binne ŉ demokratiese bestel weer betekenis en identiteit in hul lewens herstel? Omdat hierdie boek vanuit ŉ sielkundige perspektief geskryf is, kan dit vir die huidige studie bruikbaar wees.

In 2007 voltooi Schoeman ŉ MA-verhandeling aan die Universiteit van Pretoria met die titel: *Dreigende werkverlies: ŉ Multidissiplinêre uitdaging vir die pastoraat.* Die fokus van die studie is gerig op oud dienspligtiges om deur die vertel van hul stories binne ŉ ondersteunende gemeenskap vrymaking en genesing te kry. Alhoewel die boek vanuit ŉ weermag kultuur geskryf is, sal daarin bruikbare stof wees vir die huidige studie oor getraumatiseerde voormalige Koevoetlede en ander polisiemanne wat ook in die stryd moes staan teen terrorisme en binnelandse opstande.

Annelene Schröder-Groenewald voltooi in 2012 ŉ MA-verhandeling met die titel *Pastoral counselling of the paramedic in the working environment.* Die ondersoek wat sy gedoen het oor paramedici stem in ŉ groot mate ooreen met die omstandighede waaronder talle polisiemanne tydens die Bosoorlog hulle bevind het. Haar ondersoek na paramedici as ŉ ander beroepsgroep kan vir hierdie studie van waarde wees.

Brittany Cramer voltooi in 2013 ŉ PsyD-proefskrif aan die Saint Mary's College of California in die VSA met die titel *Ending the cycle of trauma: Working with war veterans and their families.* Haar fokus val op die ondersteuning van terugkerende veterane. Waar diesulkes by hul terugkeer aan *Posttraumatic Stress Disorder* (PTSD) ly, moet hulle ondersteun word sodat hulle weer by die burgerlike lewe kan aansluit. Ook dié studie kan van nut wees vir die huidige ondersoek na voormalige Koevoetlede en hul aanpassing in die burgerlike lewe.

Daar is minstens ses verhandelings in die vakgebied *Bedryfsielkunde* aan die Noordwes-Universiteit vanuit die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) voltooi. Die fokus is op aspekte soos uitbranding, werkstres en selfdood-ideevorming in die SAPD wat na 1994 tot stand gekom het.

Burger voltooi in 1992 ŉ MA-verhandeling in Strategiese Studies aan Unisa met die titel *Teeninsurgensie in Namibië: Die rol van die Polisie.* Hierdie studie bied ŉ goeie agtergrond om vanuit SWA/Namibië se politieke, ekonomiese en militêre stryd ook ŉ

pastorale perspektief te kry vir die polisiebeamptes en soldate asook die burgerlike Namibiese bevolking wat die Bosoorlog moes deurstaan.

Robbert Mos voltooi in Augustus 2013 ŉ MA-verhandeling in die vakgebied Geskiedenis aan die Universiteit van Leiden met die titel: *How did it come about that South African unconventional units, which were successful in many battles, were unable to turn their victories into political success during the South African Border War 1966-1989?* Wat in dié studie onder die loep kom, is die Recces, 32 Bataljon, 44 Valskerm Brigade en Koevoet. Volgens Mos kon hierdie unieke en onkonvensionele Suid-Afrikaanse eenhede talle veldslae wen, maar dat dit nie tot politieke sukses in Suid-Afrika kon lei nie. Die waarde van Mos se studie lê in ŉ buitestander se perspektief op die Bosoorlog.

## 1.6 BOEKE

- Hooper, J. 1988. Koevoet! Johannesburg: Southern Book Publishers.

Jim Hooper, ŉ Britse joernalis, het met toestemming saam met Koevoet op operasies tydens die Bosoorlog gegaan. Niks kon hom egter voorberei op die venynige guerrilla-oorlog wat in Ovamboland in die noorde van SWA/Namibië gewoed het nie. Beide kante van die stryd sou dan bloedige en barbaarse taktiek inspan (Hooper, 1988:99, 179).

- Durand, A. 2011. Zulu Zulu Golf: Life and death with Koevoet. Cape Town: Zebra Press.

In dié boek en in die opvolg *Zulu Zulu Foxtrot* beskryf Arn Durant sy wedervaringe as ŉ lid van Koevoet oor ŉ tydperk van ses jaar waarin hy 127 kontakte oorleef het. Deur Durand se oë word die leser gekonfronteer met die sinneloosheid, verminking en kompleksiteit van oorlog. By Durand is daar geen ophemeling van oorlog nie, maar hy deel sy ervaring oor hoe dit was om in die hitte van die stryd ŉ dodelike oorlogsmasjien te wees.[2]

---

[2] Oor oorlog moet deeglik besin word, want dit is gruwelik, sinloos en duur (Moolman, 2015:180). Daaroor bestaan min twyfel. In die Suid-Afrikaanse rolprent *Verraaiers* word dit sterk uitgebeeld, maar onder ŉ jonger geslag kleef daar vandag ŉ bepaalde romantiek aan oorlog. Geklee in kamoefleerdrag, opgedeel in spanne en gewapen met Airsoft-gewere gelaai met plastiek koeëls as realistiese replikas van die regte skietgoed, brand hulle op mekaar los in die nabootsing van ou veldslae en oorloë. Waarom? Om "ontslae te raak van frustrasies". Volgens sommige is dit soos die regte *army*, want hulle het nooit daardie ondervinding gehad nie (Van Zyl, 2015:3).

Durand was een van die eerste vrywilligers in Koevoet. Hy maak geen geheim daarvan dat sy deelname aan die gewapende stryd nie vir God en vaderland was nie. Sy gevegservaringe – maar veral die dood van ŉ jong Ovambo spoorsnyer tydens ŉ kontak – sou vir 28 jaar soos demone deur sy siel beweeg en in sy kop kom spook. Op ŉ dag het sy agtjarige dogter afgekom op sy trommel vol aandenkinge uit die Bosoorlog. Hy het die trommel toegesluit gehou, maar na vele jare moes hy die trommel oopsluit en die inhoud daarvan vernietig om uiteindelik bevry te word (Durand: 2011:8).

- Durand, A. 2012. Zulu Zulu Foxtrot: *To hell and back with Koevoet. Cape Town: Zebra Press.*

In die opvolg tot *Zulu Zulu Golf: Life and death with Koevoet* laat Durand sy leser meeleef hoe dit is om in die hitte van die stryd tydens ŉ geveg te staan. Wanneer dit gebeur, word daar al dieper gedelf in die psige van die moderne kryger (Durand, 2012:93).

- Bing, E. 2013. Ek het gemartel. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Elaine Bing is ŉ gekwalifiseerde voorligtingsielkundige in private praktyk en haar boek is ŉ verwerking van haar doktorale tesis oor die pleeg van gruweldade. Drie lede van die Suid-Afrikaanse Polisie sou tydens die oorgangstydperk van ŉ gemilitariseerde mag tot ŉ diensorganisasie gruweldade pleeg wat hulle erg getraumatiseer het. Waar Bing se ondersoek spesifiek op drie indiwiduele gevalle fokus, is die omvang van die navorser se studie veel wyer. Naas die twaalf Koevoetlede as respondente word drie vrouens ook by die ondersoek betrek. Al drie was as eggenotes en opgeleide polisiebeamptes deel van Koevoet gewees.

- Feinstein, A. 2011. Kopwond: vergete slagoffers van die Bosoorlog. Kaapstad: Tafelberg.

Dr. Anthony Feinstein verrig sy militêre diensplig as geneesheer verbonde aan Geneeskundige Dienste van die SA Weermag se Psigiatriese Afdeling. Op Oshakati kry hy sy vuurdoop, want hier word hy ingesuig in die oorlog gruwels wat die dienspligtiges teister. Alkoholisme, slapeloosheid en gewelddadigheid by sy pasiënte was aan die orde van die dag (Feinstein, 2011:55). Sy uitplasing na ŉ afgeleë polisie TIN-basis by Tsandi laat hom self die skok van oorlogvoering beleef. Op patrollie kon hy eerstehands ervaar hoedat die gewapende konflik selfs geharde polisiemanne tot breekpunt dryf. Feinstein praktiseer tans as psigiater in Kanada.

In die nawoord tot sy boek skryf hy dat Namibië nooit sy houvas op hom verloor het nie. As Guggenheim-genoot in Namibië kon hy saam met sy vrou en drie kinders die land sien, nie deur die koeëlvaste glas van ŉ pantservoertuig nie, maar deur die venster van sy 4x4 Toyota. Hy en sy gesin het verlief geraak op die land. Tog was daar ŉ rit wat hy alleen moes onderneem: hy moes weer na Tsandi gaan. Langs die pad is daar die tekens van ŉ oorlog lank reeds verby. Sy besoek aan Tsandi verloop heeltemal anders as wat hy verwag het. Hy kon sy ou basis skaars herken. Eenkant lê groot bondels opgerolde doringdraad wat lank terug Tsandi se eerste linie van verdediging was.

Die Tsandi voor hom was ver verwyder van die een wat nog vasgevang was in sy gedagtes uit die verlede. Aanvanklik het die besoek vir hom soos ŉ klug gevoel, want hy was so verblind deur die verlede dat hy nie die humor in die hede kon insien nie. Toe begin hy kliphard lag. Wat hy nooit voorsien het nie, is dat hy die heelpad terug van Tsandi sou lag (Feinstein, 2011:216-228).

- Schoeman, R. 2014. Weermagstories. Kaapstad: Lux Verbi.

Roelf Schoeman se *Weermagstories* is gegrond op sy MA-verhandeling vermeld in paragraaf 5.4.1 hierbo. Schoeman is self ŉ oud-dienspligtige wat tydens sy diensplig in die Caprivi en Ovamboland ontplooi is. Daar het al ŉ kwarteeu verloop sedert die beëindiging van die Bosoorlog in 1989, maar tog is talle oud- dienspligtiges steeds in ŉ stryd gewikkel met oorlogstrauma. Schoeman is betrokke by oud-dienspligtiges van 61 Meg[3] om vanuit ŉ narratiewe perspektief diegene te ondersteun wat PTSD (*Post-traumatic stress disorder*) ervaar.

In *Weermagstories* benader Schoeman die nasleep van die Bosoorlog vanuit ŉ Christelike perspektief waarin mense aangemoedig word om nie langer oor die oorlogstrauma stil te bly nie. Oud-dienspligtiges moet binne ŉ ondersteunende gemeenskap hul stories kan vertel waar daar genesing vir hulle moontlik is (Schoeman, 2014:21).

---

[3] In 1978 is die S.A. Weermag se Gevegsgroep Juliet in die voormalige Suidwes-Afrika tot stand gebring om die streek te beskerm teen aanvalle van SWAPO vanuit suidelike Angola. Die gevegsgroep is in 1979 hernoem tot 61 Gemeganiseerde Infanterie (Engels *61 Mechanised Infantry*). Vir langer as ŉ dekade was 61 Meg in die gebied betrokke in sowel guerrilla- as konvensionele oorlogvoering – eers teen SWAPO en later teen die Kubaanse en Angolese magte – voordat Suidwes-Afrika onafhanklikheid as Namibië sou verkry (Wikipedia, 2015).

- Stiff, P. 2004. Covert War. Alberton: Galago Books.

In *Covert War* wys Peter Stiff daarop dat die Teeninsurgensie-oorlog op die Angola/Suidwes-Afrika grens in 1978 nie goed vir Suid-Afrika verloop het nie. Ekstern was die SA Weermag in beheer, maar intern het SWAPO die oorhand gehad. Dit lei tot die stigting van Koevoet op voetspoor van die Rhodesiese *Selous Scouts* [4] maar dit sou spoedig blyk dat die situasie in Suidwes-Afrika nie vergelyk kon word met dié in die destydse Rhodesië nie.

In optredes teen insurgente het Koevoet weer teruggeval op basiese polisiewerk deur ŉ netwerk van beriggewers op te bou. Deur die gebruik van Ovambo's as spoorsnyers en toegerus met myn-beskermde Casspirs[5] kon Koevoet die landmyn gevaar tot ŉ groot mate aan bande lê. Koevoet sou uiteindelik uitstaan as die beste teeninsurgensie eenheid in SWA/Namibië.

In die tien jaar van Koevoet se bestaan was die eenheid betrokke in 1 651 kontakte waarin 3 225 PLAN-soldate[6] gedood of gevange geneem is. Vir dié 'suksesse' sou Koevoet ŉ hoë prys in bloed betaal, want 160 polisiemanne sou sneuwel terwyl nog 949 gewond is – wat meer ernstige ongevalle is as in enige ander Suid-Afrikaanse gevegseenheid sedert die Tweede Wêreldoorlog. Na Koevoet se heldhaftige afweer van SWAPO se inval van Namibië vanuit Angola op 1 April 1989 is die eenheid bykans oneervol ontslaan. Ook die swart lede van Koevoet is skandelik ontbind en grootliks aan hul eie lot oorgelaat in die hande van hul vorige onvergewensgesinde SWAPO vyande (Stiff, 2004:486).

Met die uitsondering van Schoeman se *Weermagstories* wat gerig is op ouddiens-pligtiges vir die verwerking van hul oorlogstrauma, is die meeste ander publi-kasies eerder gerig op Koevoet se suksesse as ŉ gevegseenheid as op die innerlike

[4] Die Selous Scouts was ŉ spesiale magte regiment van die voormalige Rhodesiese Leër en het vanaf 1973 tot 1980 bestaan en was vernoem na die Britse ontdekkingsreisiger Frederick Courteney Selous (1851-1917). Volgens hul opdrag moes die Selous Scouts op klandestiene maniere terroriste en terrorisme binne en buite die land elimineer.

[5] **CASSPIR** is ŉ akroniem vir ŉ landmyn bestande gepantserde voertuig wat tydens die Bosoorlog deur die **SA P**olisie én die WNNR (Engels **CSIR** – *Council for Scientific and Industrial Research*) ontwikkel is.

[6] PLAN is die afkorting vir die '*People's Liberation Army of Namibia*' en het opgetree as die militêre vleuel van SWAPO.

stryd en gevegstrauma wat dalk later by Koevoetlede sou spook.

## 1.7 NAVORSINGSVRAAG

### 1.7.1 Die oorkoepelende navorsingsvraag

Hoe kan die daarstelling van pastorale riglyne met betrekking tot die negatiewe invloede van onverwerkte geestelike pyn en trauma van Koevoet veterane, bydra tot persoonlike heling asook die funksionele aanpassing in die burgerlike samelewing en in hul huweliks- en gesinslewe?

### 1.7.2 Vrae voortvloeiend uit die oorkoepelende navorsingsvraag

Die vrae wat uit die oorkoepelende navorsing na vore kom, is die volgende:

(1) Watter insigte kan vanuit 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek na vore kom aangaande die aftakelende invloed van onverwerkte pyn en trauma as gevolg van die ervaring van geweld wat deur oorlog of opstand veroorsaak is? (Aansluitend by Osmer (2008:94) se beskrywende empiriese vraag: *"Wat is aan die gebeur?"*).

(2) Watter insigte kan vanuit 'n literatuurstudie, gebaseer op die aanverwante dissiplines, verkry word met betrekking tot die identifisering van die invloed van gevegstrauma en die nawerking daarvan op getraumatiseerde vegters asook hulle gesinne? (Aansluitend by Osmer (2008:94) se interpreterende vraag: *"Waarom het dit gebeur?"*).

(3) Watter riglyne bied die Skrif met betrekking tot die uitwerking van oorlog op vegters, hul gesinne en die wyer familie, veral ook met betrekking tot aspekte soos vergifnis, skuldgevoelens, selfverwyte en die teodisee vraagstuk? (Aansluitend by Osmer (2008:94) se normatiewe vraag: *"Wat behoort hier te gebeur?"*).

(4) Watter strategies-teoretiese riglyne kan geformuleer word vir pastorale begeleiding om te voorkom dat geestelike skade wat opgedoen is gedurende gevegstrauma voortwoeker in die lewens van getraumatiseerdes en hulle dan beroof word van 'n betekenisvolle lewe? (Aansluitend by Osmer [2008:97] se pragmatiese vraag: *"Hoe sou daar gereageer kan word?"*).

## 1.8 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

### 1.8.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie is die daarstel van pastorale riglyne rakende die

versorging van Koevoet veterane met betrekking tot die moontlike negatiewe invloede van onverwerkte geestelike pyn as gevolg van oorlogstrauma, en die uiteindelike funksionele aanpassing in die burgerlike samelewing en in hul huweliks- en gesinslewe.

### 1.8.2 Doelwitte

- Om vas te stel watter insigte daar met betrekking tot die invloed van oorlogstrauma op vegters en hulle gesinne na vore kom deur ŉ kwalitatiewe empiriese ondersoek.
- Om vas te stel of ŉ literatuurstudie gegrond op die aanverwante dissiplines, bruikbare perspektiewe kan bied met betrekking tot die identifisering van die invloed van gevegstrauma en die nawerking daarvan op getraumatiseerde vegters asook hulle gesinne.
- Om vanuit die Skrif raakpunte te identifiseer met betrekking tot die uitwerking van oorlog op vegters, hul gesinne en die wyer familie, veral ook met betrekking tot aspekte soos vergifnis, skuldgevoelens, selfverwyte en die teodisee vraagstuk.
- Om deur ŉ kritiese sintese van die voorafgaande navorsing in interaksie met mekaar, strategies-teoretiese riglyne te formuleer vir pastorale begeleiding ten einde te voorkom dat geestelike skade wat moontlik opgedoen is gedurende gevegstrauma, voortwoeker in die lewens van getraumatiseerdes en hulle dan beroof word van ŉ betekenisvolle lewe.

## 1.9 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Pastorale begeleiding van getraumatiseerde oorlogsveterane wat worstel met die negatiewe gevolge van onverwerkte geestelike pyn, kan lei tot geestelike groei en funksionele aanpassing in die burgerlike samelewing asook in hulle huweliks- en gesinslewe.

## 1.10 METODOLOGIE

Richard Osmer (2008:4-29) se navorsingsmetode word as vertrekpunt in hierdie studie geneem (vgl. ook De Klerk en De Wet, 2013:288-307). Prakties Teologiese inte-pretasie bestaan volgens Osmer uit vier kern take of momente. Daar is alreeds in par. 1.6.2 hierbo hierna verwys. Volgens Osmer (2008) hou die vier take verband met mekaar en speel voortdurend op mekaar in.

De Klerk en De Wet (2013:289) wys tereg daarop dat die *'take'* eerder momente genoem word, want die Afrikaanse begrip van 'taak' kan die indruk skep van ŉ *afgehandelde handeling* terwyl daar tussen die vier momente ŉ voortdurende wisselwerking is. Aan elk van sy model se vier momente koppel Osmer spiritualiteit (2008:33; 81; 135; 183). Vervolgens word kortliks op elk van die vier momente gelet.

### 1.10.1 Beskrywende empiriese moment

Vir Osmer (2008:94) is die basiese uitgangspunt van die beskrywende empiriese moment die insameling van inligting wat navorsers sal help om voorbeelde en bewegings in spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei. Die noodsaaklike vraag om hier te vra, is: "*Wat gebeur in hierdie situasie?*"

### 1.10.2 Die relevansie van hierdie studie

In hierdie studie gaan dit eerstens om ŉ model met die oog op die pastorale begeleiding van Koevoet veterane; tweedens sal hierdie model uiteindelik ook aangepas en dan toegepas kan word vir alle oud-soldate en oud-polisiemanne wat nooit behoorlike geestelike ontlonting en pastorale begeleiding ontvang het na die destydse Bosoorlog nie.

### 1.10.3 Die navorsingsmetodes

Die navorsingmetodes word vervolgens beskryf aan die hand van die tipe ontwerp van die studie, die keuse van ŉ steekproef en werwing, die insameling van data en data analise.

### 1.10.4 Die tipe ontwerp van die studie

In hierdie studie sal daar gebruik gemaak word van Sandelowski (2010) se beskrywende kwalitatiewe ontwerp wat basies impliseer dat die nodige inligting versamel moet word, beskryf en dan verwerk moet word. Hierdie tipe ontwerp is toepaslik omdat dit die navorser daartoe kan lei om ŉ eerstehandse beskrywing van oorlogsveterane se ervaringe te verkry. Daar sal ook in die studie gebruik gemaak word van ŉ doelgerigte steekproef benadering (De Vos *et al*., 2011:202; Burns & Grove, 2010:355) met kwalitatiewe semi-gestruktureerde onderhoude (De Vos *et al*., 2011:292; Botma *et al*., 2010:208,214).

### 1.10.5 Die populasie

Die populasie sal bestaan uit alle ingeskrewe lede van die Koevoet Veterane Bond (KVB). Onder die insluitingskriteria by 1.12.7 *onder* word hierdie groep verder gedefinieer. As oud-polisieman en ook as ere-kapelaan van die KVB het die navorser reeds ŉ groot mate van kontak opgebou met ŉ groot aantal lede van die Koevoet gemeenskap deur middel van betrokkenheid by begrafnisse, Bondsbyeenkomste en algemene pastorale begeleiding.

### 1.10.6 Die keuse van ŉ steekproef en werwing

Wat betref die keuse van ŉ steekproef asook die werwingsproses is dit belangrik dat die betrokke respondente geensins identifiseer sal wees nie en daarom sal seker gemaak word dat hulle dus nie almal deel van ŉ vooraf uitgesoekte en bekende groepie na aan die navorser sal wees nie. Om dit te verseker en ook hul identiteite te beskerm, sal daar van ŉ doelgerigte steekproefbenadering gebruik gemaak word. Die doelgerigtheid in hierdie verband sal bepaal word deur die insluitingskriteria wat onder die volgende punt aan die orde gestel word.

Die KVB, en in besonder die voorsitter van hierdie organisasie, sal die rol van hekwagter (*gatekeeper*) vir hierdie navorsing vervul. Deur middel van ŉ algemene kennisgewing aan alle lede sal inligting ten opsigte van hierdie navorsing deurgegee word. ŉ Uitnodiging sal terselfdertyd gerig word aan diegene wat graag wil deelneem en dit sal beklemtoon word dat enige deelname vrywillig sal wees. Alle name van diegene wat positief reageer op hierdie kommunikasie sal aan die navorser deurgegee word.

Alhoewel die navorser reeds ŉ besondere band met die organisasie het, sal daar versoek word dat die sekretaris van die KVB die rol van die mediator sal vervul. Dit is ŉ sinvolle keuse aangesien die sekretaris die lede van die KVB ken en die mees toepaslike persoon sal kan wees om voornemende respondente te werf tot moontlike deelname aan die navorsing. Hierdeur sal die navorser ook verseker dat voornemende respondente nie gedwonge voel tot deelname nie.

Indien daar oorweldigende reaksie sou wees na aanleiding van die kennisgewings wat uitgestuur is deur die Bond van Koevoetlede dan sal ŉ proses van ewekansigheid

(*randomization*) (Strydom, 2011:196) gevolg word ten opsigte van identifisering van diegene wat genooi word vir onderhoude. In hierdie geval sal al die name byvoorbeeld in ŉ hoed gegooi word en soos wat die proses vorder sal daar telkens ŉ volgende naam uit die hoed getrek word tot en met ŉ stadium van saturasie wat die onderhoude betref.

### 1.10.7 Steekproefneming

Wat betref insluiting- en uitsluitingskriteria (vgl. Greeff, 2016:4) ten opsigte van respondente wat sou kwalifiseer om te kan deelneem aan hierdie studie, sal die volgende riglyne geld:

***Insluitingskriteria***

- Dat hulle êrens gedurende 1966-89 deel van Koevoet was.
- Dat hulle tans deel van die Bond van Oud-Koevoetlede is.
- Dat hulle uitreik vir pastorale hulp (dat dit dus op niemand 'afgedwing' gaan word nie).
- Dat hulle gewillig is om te praat oor al hulle belewenisse.
- Dat hulle bereid is dat die gesprekke elektronies opgeneem sal word.

  (Bylae 1*: Toestemmingsbrief van die Koevoet veteranebond* :278).

***Uitsluitingskriteria***

- Dit moet ŉ voormalige Koevoetlid wees – dit kan byvoorbeeld nie ŉ voormalige Recce lid wees of enige veteraan van die ander destydse intelligensie groepe nie.
- Dit kan nie ŉ pa of ŉ ma wees van ŉ voormalige Koevoetlid wat dus die trauma nie persoonlik beleef het nie.

Daar is reeds vermeld dat daar in hierdie studie gebruik gemaak sal word van ŉ doelgerigte kwalitatiewe steekproefneming. In hierdie verband sal daar voortgegaan word met die voer van onderhoude totdat daar saturasie is, met ander woorde totdat geen nuwe temas meer na vore kom nie (vgl. in hierdie verband ook Creswell, 2009:101; Brink, 2010:135). Daar sal aanvanklik gekyk word na potensiële saturasie rondom ŉ getal van 15 gevalle, maar die onderhoude sal aantoon of daar meer gevalle gedoen moet word.

## 1.11 DATA INSAMELING

### 1.11.1 Ingeligte toestemming

Voordat daar ŉ aanvang geneem word met die insameling van enige data sal daar eerstens toestemming verkry word tot hierdie studie vanaf die Gesondheid Navorsing Etiek Komitee (HREC) van die NWU. Vervolgens sal geleenthede gereël word waartydens vrae en onduidelikhede opgeklaar sal word. Die geleenthede waartydens hierdie gesprekke sal plaasvind sal wissel na gelang van die lokaliteit van die betrokke respondent. Voornemende respondente kan dan elk ŉ ingeligte toestemmingsvorm saam neem huis toe om eers te gaan besin oor deelname. Daar sal minstens 24 uur tyd gegun word aan voornemende respondente om ŉ besluit te kan neem of hulle wil deelneem al dan nie. Aangesien die KVB in Pretoria gevestig is, sal ŉ gesamentlike byeenkoms kan plaasvind in die kantoor van die Bond met betrekking tot diegene wat binne bereik van Pretoria is. Saam met die navorser sal ŉ onafhanklike persoon (sekretaris van die Bond) hierdie geleentheid hanteer. Die onafhanklike persoon sal veral belangrik wees in die hantering van die ondertekening van die vorm vir ingeligte toestemming nadat alle moontlike vrae vanaf aanwesiges hanteer is. Met betrekking tot diegene wat ver vanaf Pretoria is, sal die navorser en ŉ onafhanklike persoon by elk van daardie gevalle die situasie hanteer. Nadat alle vrae by sulke geleenthede hanteer is sal die onafhanklike persoon die ondertekening hanteer van die vorm waardeur ingeligte toestemming gegee word tot die navorsing (vgl. Greeff, 2016:4). In gevalle waar hierdie ondertekening buite Pretoria sal plaasvind, sal die navorser vooraf reëlings tref met ŉ plaaslike leraar om op te tree as onafhanklike persoon. Persone wat voel dat hulle nog nie gereed is vir die ondertekening nie sal ŉ week ontvang ten einde vir hulself duidelikheid te verkry en daarna sal hulle weer gekontak word om te verneem of hulle gereed is al dan nie.

### 1.11.2 Etiese toestemming

Tydens elk van bovermelde voorafgaande gesprekke (waartydens die vorm vir ingeligte toestemming ook onderteken sal word) sal die presiese verloop en detail betreffende die beplande onderhoude aan voornemende respondente gekommunikeer word. In hierdie verband gaan die volgende inligting belangrik wees:

- Dat hulle ingelig sal word met betrekking tot een of meer onderhoude wat gaan volg.

- Dat die onderhoude by elkeen aan huis sal plaasvind en dat die navorser die gesprekke sal lei. In elke indiwiduele geval sal daar egter vooraf bepaal word of die betrokke persoon se huislike opset sodanig is dat daar volkome privaatheid en rustigheid sal kan wees tydens die onderhoud. Indien dit sou blyk dat dit nie die geval sal wees nie dan sal alternatiewe reëlings getref word om die onderhoud te voer in die kerksaal van ŉ plaaslike gemeente.
- Dat die onderhoude digitaal opgeneem sal word met toestemming van elk van die respondente.
- Dat die onderhoude geanaliseer gaan word en ook ŉ verduideliking van die presiese wyse waarop die finale resultate aan elke respondent gekommunikeer sal word.
- Die inhoud van die vrae wat tydens die onderhoude aan die orde sal kom, word by hierdie geleentheid ook deurgegee.
- Moontlike risiko's vir respondente word ook by hierdie geleentheid uitgespel asook alle moontlike voorkomende maatreëls.
- Die feit dat die moontlike voordele gekoppel aan hierdie navorsing meer indirek van toepassing is, kom ook aan die orde – daar is dus geen direkte voordele vir respondente nie.
- Respondente sal verder ook ingelig word met betrekking tot die toerusting en opleiding waaroor die navorser beskik ten opsigte van onderhoudvoering. In hierdie verband sal gewys word op ŉ Meestersgraad in Pastorale terapie wat gebaseer was op die narratiewe benadering in berading en daarna ŉ D.Th. oor leierskap-ontwikkeling in klein plattelandse gemeentes van die VGKSA. Verder is die navorser ook geregistreer vir die bywoning van die volgende twee werkswinkels:
- Kwalitatiewe navorsing data analise wat aangebied word deur prof. Minrie Greeff op 31 Julie en 1 Augustus.
- Dat daar tydens die onderhoude van kommunikasie vaardighede gebruik gemaak sal word soos byvoorbeeld parafrasering, reflektering, opsomming, gefokusde luister en handhawing van gepaste stiltes. Aanvullend hiertoe sal ook die volgende riglyne toegepas word (Okun, 2002; Mather *et al.*, 2002:15):
- Vestiging van goeie rapport deur die navorsingsdoelwitte en oogmerke aan die respondent te verduidelik asook die doel van die onderhoud. Die navorser gee ook aan die respondent die geleentheid om vrae te vra binne ŉ ontspanne en informele

omgewing. Die navorser handhaaf ook ŉ nie-bedreigende atmosfeer deur effektiewe gebruikmaking van liggaamstaal en bemoediging.

- Die vertrek waar die onderhoud sal plaasvind vooraf in te rig sodat die respondent en navorser gemaklik kan wees.
- Die navorser sal daarop ingestel wees om ontspanne voor te kom en ŉ oop postuur te handhaaf.
- Effektiewe luistervaardighede deur middel van aandaggewende gedrag soos oogkontak en deur persepsies uit te klaar.
- Die navorser sal deurlopend ŉ woordeskat gebruik wat op die begripsvlak van die betrokke respondent is.
- Verbale kommunikasie vaardighede sal versterk word deurdat die navorser ŉ empatiese houding teenoor respondente sal openbaar.
- Die versekering dat deelname konfidensieel sal wees en dat niemand se identiteit geopenbaar sal word nie.
- Die deel van inligting ten opsigte van die hantering van die digitale opname tot en met die voltooiing van die navorsingsverslag.
- Die versigtige en hoflike (*gentle*) stel van verdere vrae indien die antwoord op ŉ sekere vraag onduidelik of onvolledig blyk te wees.
- Weerhouding daarvan om die respondent te onderbreek tensy dat die persoon nie fokus op die vraag nie. Daar moet eerder gepoog word die persoon toe te laat om sy/haar gedagtes te voltooi.
- Poog om nie persoonlike opinies te gee nie.
- Deurgaans sensitief te bly en oormatige simpatisering of empatisering te vermy.
- Deurgaans bewus te wees van eie liggaamstaal, ontspanne te wees en die respondent se nieverbale seine te kan lees (Bylae 2 *Ingeligte toestemming*: 279-284).

### 1.11.3 Vraagontwikkeling

Die vrae wat gebruik sal word in die onderhoude is aan twee kundiges gestuur binne die vakgebied van Praktiese Teologie vir evaluering. Verder het die navorser dit ook getoets by ander persone wat destyds ook deel van die Suid-Afrikaanse veiligheids-magte was en dieselfde tipe trauma beleef het as waaroor hierdie studie gaan, maar nie spesifiek deel was van Koevoet nie om te sien of dit die antwoorde uitlig soos ten doel

gestel is in die navorsing. Vanuit die terugvoer vanaf alle persone wat op hierdie wyse genader is, was daar enkele geringe wysigings voorgestel en die vrae is dienooreenkomstig aangepas.

Daar word beplan om die onderskeie onderhoude in te lei met die volgende bewoording:

- *"Jy is iemand wat aan die destydse Bosoorlog blootgestel was. Vertel my asseblief van jou ervaring en hoe ver jy gevorder het met die verwerking daarvan".*

Die volgende oop-einde vrae sal dan verder aan die orde kom tydens elke onderhoud:

- *Waarmee worstel jy tans?*
- *Wat is jy van mening sou die diepere oorsaak vir hierdie worsteling wees?*
- *Wat dink jy is dit wat jou reeds so lank vasgevang hou in hierdie worsteling?*
- *Hoe het jy God se betrokkenheid of afwesigheid beleef tydens hierdie hele proses?*
- *Wat sal dit vir jou makliker maak om deur hierdie worsteling te kom?*
  (Bylae 3*: Vraagontwikkeling*:285).

### 1.11.4 Onderhoudvoering

Met die aanvang van elke onderhoud sal die volgende prosedure gevolg word:

- Die navorser verwelkom die respondent as ŉ belangrike respondent aan hierdie navorsing en probeer aanvanklik net eers met algemene opmerkings om ŉ atmosfeer van gemaklikheid en rapport te vestig. Die respondent word meegedeel dat die sessie moontlik langer as een uur tot moontlik een en ŉ halfuur sal duur.
- Die doel van hierdie navorsing word vervolgens weer verduidelik. Die aspek van konfidensialiteit en anonimiteit word ook weer bevestig en die belangrikheid van die betrokke onderhoud binne die konteks van die studie as geheel word beklemtoon.
- Verder word die ingeligte toestemming wat reeds gegee is deur die betrokke respondent ook mondeling herbevestig word sodat dit ook deel van die digitale opname kan wees.
- Die respondent sal vervolgens ook weer herinner word aan die feit dat die gesprek digitaal opgeneem sal word en dan telkens saans oorgeplaas word op sy rekenaar. Sodra daar sekerheid is dat die opname vasgelê is op die rekenaar (deur middel van ŉ wagwoord) sal die oorspronklike opname uitgewis word. Nadat die opnames

getranskribeer is sal alle harde kopieë ook toegesluit word in ŉ sluit kabinet in die navorser se kantoor.

- Die respondent sal ook weer ingelig word met betrekking tot die prosedure wat gevolg sal word om die finale resultate van hierdie studie aan hom/haar te kommunikeer, deurdat elke respondent persoonlik geskakel sal word met ŉ kortlikse opsomming van die resultate gevolg deur ŉ kortlikse skriftelike terugvoer wat aan respondente gepos kan word, sou hul dit so versoek.
- Soos reeds vermeld sal daar by die aanvanklike ondertekening van die vorm vir ingeligte toestemming geleentheid wees vir enige vrae. Verder sal daar aan die begin van elke onderhoud ook seker gemaak word dat elke respondent antwoorde op alle vrae en moontlike onduidelikhede ontvang het.

Indien die betrokke respondent se huislike omstandighede sodanig is dat dit volkome privaatheid en rustigheid bied vir sodanige onderhoud dan sal dit daar gevoer word. Sou daar egter enige praktiese probleme blyk te wees dan sal daar geskuiwe word na ŉ plaaslike kerksaal wat vooraf reeds gereël is deur die navorser.

Nadat bovermelde aspekte hanteer is, sal daar oorgegaan word na die vrae soos geformuleer onder die vorige punt onder *Vraag ontwikkeling.*

Aan die einde van elke onderhoud sal die navorser die kern van die onderhoud kompak opsom en aan die respondent voorhou en indien daar geen verdere informasie bygevoeg kan word nie sal die onderhoud afgesluit word (Botma *et al.*, 2010:208).

### 1.11.5 Veldnotas

Veldnotas dien gewoonlik as die geskrewe weergawe van alle observasies, gedagtes en ervarings van die navorser. Dit sluit in ŉ in-diepte analisering en interpretering van wat die navorser sien, hoor, voel, ervaar en dink tydens die gang van die data versameling en in besonder ook die onderhoude. As deel van hierdie notas sou ook demografiese aantekeninge wees betreffende die tyd van die dag, die weer en respondente se aksies en liggaamstaal tydens die onderhoude (Botma *et al*., 2010:191).

Veldnotas sou ingedeel kan word in deskriptiewe (Corsaro, 1985:259), persoonlike, metodologiese, teoretiese (Botma *et al*., 2010:191), reflektiewe en demografiese notas (Creswell *in* Botma *et al*., 2010:191 & 219).

- *Deskriptiewe veldnotas:* Aspekte wat die navorser direk sal kan waarneem deur middel van sy/haar sintuie soos byvoorbeeld dat die respondent gelag het. Deskriptiewe notas impliseer nie interpretasies of betekenisgewing nie maar dit bly suiwer deskriptief.
- *Persoonlike veldnotas:* Interpretasie deur die navorser van die respondent se waarneembare reaksies sowel as interpretasies van die navorser se persoonlike gedagtes, gevoelens en ervarings tydens die navorsingsproses, met spesifieke fokus op dataversameling en analise.
- *Metodologiese veldnotas:* Hier is die fokus op notas wat verband hou met die hele proses rondom die steekproef, keuses wat gemaak word en uitdagings wat ervaar is tydens die data kolleksie en ook hoe hierdie uitdagings hanteer is.
- *Teoretiese veldnotas:* Hier val die klem op die navorser se aanvoeling en ook die verbintenisse wat deur die navorser gemaak word tussen die onderhawige studie en die bestaande literatuur en teorie.
- *Reflektiewe veldnotas:* Die navorser se eie gedagtes, gevoelens en waarnemings ten opsigte van byvoorbeeld watter benaderings en metodes was effektief en watter was nie effektief nie.
- *Demografiese veldnotas:* Die fokus is hier op aspekte soos die tyd van die dag, die weer, die vertrek waarin die onderhoud plaasvind en moontlik ook uiterlike aspekte met betrekking tot die respondent. (Bylae 4*: Samevatting van veldnotas*:286-316)

### 1.11.6 Data analise

Die navorser sal self die kodering doen. Die boek deur Johnny Saldana met die titel, *The coding manual for qualitative researchers* (2010)*,* is deurgewerk. Aanvullend hiertoe woon die navorser ook in Augustus 2017 ʼn kursus by wat rondom hierdie tema deur prof. Minrie Greef aangebied word.

- *Kodering van opnames*

In die analisering van die inhoud van die gesprekke van die respondente wat digitaal opgeneem is sal daar gebruik gemaak word van Tesch (2013) se benadering van oop kodering soos voorgestel deur Creswell *in* Botma *et al*. (2010:224-225). Die onderskeie stappe is die volgende:

- *Organisering en voorbereiding van die data vir analise*

Alle opnames is getranskribeer ten einde die data te orden en voor te berei vir data analise. Veldnotas wat gemaak is, word ook in ag geneem en die transkripsies word georden met 'n kode wat ooreenstem met die volgorde waarin die onderhoude plaasgevind het.

- *Die ontwikkeling van 'n algemene gevoel vir die data*

Ten einde 'n algemene aanvoeling te verkry ten opsigte van die breë strekking van die informasie, lees die navorser deur al die transkripsies. Tydens hierdie proses van refleksie maak die navorser notas van algemene gedagtes wat tot uitdrukking kom in die transkripsies.

- *Kodering van die data*

Die stappe van data kodering word gevolg in ooreenstemming met die Creswell se riglyne (*in* Botma *et al.,* 2010:224; Greeff & Rennie, 2016:5). Die stappe is die volgende:

- Kry 'n gevoel van die geheel deur noukeurig deur al die transkripsies te lees en tegelykertyd in die kantlyn notas te maak van idees wat na vore mag kom.
- Neem die transkripsie van die eerste onderhoud en vra jouself af waaroor dit presies gaan ten einde die onderliggende betekenis van hierdie transkripsie
- Lees vervolgens deur verskeie respondente se data met die doel om die onderliggende betekenis te identifiseer en maak terselfdertyd 'n lys van temas wat na vore kom. Hierdie temas word vervolgens in drie kolomme geplaas met die kategorieë van belangrik, minder belangrik en oorblywende temas.
- Met die lys van temas word daar nou terug gekeer na die data. Die temas word nou met kodes afgekort en langs die ooreenstemmende gedeeltes van die teks aangedui. Op hierdie wyse word vasgestel of nuwe kategorieë en kodes na vore kom
- Die mees beskrywende bewoording word vervolgens gekoppel aan elke tema en hieruit word dan weer kategorieë geïdentifiseer. Daar word verder gepoog om die aantal temas te verminder deur onderwerpe wat met mekaar verband hou bymekaar te groepeer. Lyne word getrek waarmee ooreenstemmende kategorieë met mekaar verbind word.
- 'n Finale besluit word vervolgens gemaak met betrekking tot die afkortings vir elke

kategorie en daarna word die kodes alfabeties georden.

- Die materiaal wat behoort tot elke spesifieke kategorie moet nou saamgetrek word en ŉ voorlopige analise kan dan gemaak word.
- Indien nodig, moet bestaande data herkodeer word.

- *Die beskrywing en identifisering van temas*

Die navorser het na aanleiding van die voorafgaande stappe temas en hofies gegenereer wat uitdrukking gee aan die detail van die inhoud. Dit sou veelvoudige perspektiewe kan insluit vanaf respondente en hul onderskeie uitsprake soos gekwo-teer in hul eie woorde.

- *Samevatting en aanbieding van die bevindinge*

Nadat die temas geïdentifiseer is formuleer die navorser ŉ gedetailleerde narratief waardeur die bevindinge van die data analise oorgedra word. Hierdie narratief sou verskeie temas en sub-temas kan bevat – dit kan ook insluit die gebruik van ŉ tabel en grafiese voorstellings met verskeie perspektiewe vanaf indiwiduele respondente betreffende hul ervarings rondom die destydse Bosoorlog. Die interpretasie van die data impliseer betekenisgewing, met ander woorde die navorser se persoonlike interpretasie ondersteun deur literatuur. ŉ Medekodeerder sal ook die data analiseer en `n konsensusgesprek sal gevoer word alvorens die finale resultate verklaar sal word.

## 1.12 MAATREËLS OM VERTROUENSWAARDIGHEID TE VESTIG

### 1.12.1 Die vertrouenswaardigheid van die studie

Wat die onderhawige studie betref het die navorser reeds ŉ groot mate van vertrouens-waardigheid gevestig by heelparty Koevoet lede en hul gesinne as gevolg van per-soonlike betrokkenheid by die lief en leed van hierdie gemeenskap. Ten einde hierdie basis verder te versterk sal daar verder ook gefokus word op die volgende belangrike kriteria (vgl. Botma *et al*., 2010:292; Lincoln & Guba, 2016):

❖ *Kriterium 1: Geloofwaardigheid en die strategie wat gevolg sal word, is betroubaarheid:*

Die risiko in kwalitatiewe navorsing is dat daar kritiek kan wees of die navorsings-resultate ŉ korrekte weerspieëling van die waarheid is. Hierdie kenmerk hou verband met die versekering wat die navorser het ten opsigte van die korrektheid van die bevin-

dinge van die navorsing. Die fundamentele beginsels ten einde geloof-waardigheid te verseker is om die betroubaarheid van die navorsing te verseker. Strategieë ten einde betroubaarheid te vestig, is die volgende (Botma *et al*., 2010:233):

- Ryk en intense beskrywings: Die navorser sal ŉ persoonlike perspektief gee van die dinamika en gedrag soos wat dit plaasgevind het tydens die kontak met die respondente, en soos ook vasgelê in die veldnotas.
- Opklaring van die navorser se vooroordeel: Die navorser sal waak teen vooroordeel by wyse van herhaalde self-refleksie asook respek ten opsigte van die standpunte en opinies van die respondent.
- Die hantering van diskrepansies: Die navorser sal ŉ konsensus benadering handhaaf in samewerking met die studieleier asook wat betref die integrasie van literatuur met betrekking tot die bespreking en hantering van die navorsing resultate.
- Verlengde tydsfase: Die navorser sal bereid wees om bykomende tyd in die veld te spandeer ten einde ŉ akkurate en in-diepte begrip van die navorsing fenomeen te verseker.

❖ *Kriterium 2: Veralgemeenbaarheid en die strategie wat gevolg sal word, is oordraagbaarheid.*

Aangesien hierdie navorsing kontekstueel van aard is, is die risiko hieraan verbonde dat die navorsingsresultate slegs toepaslik op hierdie bepaalde konteks is en dus nie veralgemeen kan word na ander kontekste nie. Die strategie ten einde die toepasbaarheid te bevorder hou volgens Botma *et al*. (2010:233) verband met veralgemeenbaarheid van die navorsingsresultate deur middel van oordraagbaarheid. Veralgemening sal verkry word deur ŉ in-diepte beskrywing van die konteks te gee en ook ŉ noukeurige weergawe van die verloop en toepassing van die metodologie. Dit sal die geleentheid skep dat hierdie navorsing moontlik oordraagbaar kan wees na ander, maar baie konsekwente kontekste.

❖ *Kriterium 3: Konsekwentheid en die strategie wat gevolg sal word, is afhanklikheid.* Hier gaan dit onder andere oor die vraag of die bevindinge konsekwent sou wees indien die ondersoek binne ŉ soortgelyke konteks herhaal sou word deur gebruik te maak van dieselfde respondente. Volgens Botma *et al*. (2010:292) sal konsekwentheid verseker word indien die navorser verslag doen van alle aspekte van die navorsingsproses ten einde ŉ nabootsing van hierdie proses stap vir stap moontlik te maak.

❖ *Kriterium 4: Neutraliteit en die strategie wat gevolg word, is konformiteit:* Die klem is hier op vryheid van vooroordeel tydens die navorsingsproses asook die mate waarin bevindinge as die enigste informante dien vir die navorser. Deur middel van konformiteit sal die navorser neutraliteit verseker deur vooroordeel te elimineer deur middel van self-refleksie (veral soos gereflekteer deur die veldnotas) en respek met betrekking tot die standpunte van die respondent. Tydens die onderhoude word daar ook gereeld opsommings gemaak en onsekerhede uitgeklaar.

❖ *Aanvullende kriterium is oorspronklikheid:*

Hierdie aspek hou volgens Tobin en Begley (2004:392) byvoorbeeld verband met die feit dat wanneer aspekte wat nie ooreenstem nie tydens die kwalitatiewe navorsing na vore mag kom, dit beskryf sal word tesame met alle verwante aangeleenthede en onderliggende standpunte. Oorspronklikheid, ook bekend as outentisiteit word in die onderhawige studie bevorder deur semi-gestruktureerde, indiwiduele en in-diepte onderhoude waar die ware deurleefde ervaring van voormalige Koevoetlede geëksploreer word.

## 1.13. ETIESE OORWEGINGS

### 1.13.1 Moontlike risiko's vir respondente

Wanneer daar gelet word op die moontlike risiko's van hierdie navorsing is dit belangrik dat respondente vooraf ingelig sal word ten opsigte van alle moontlikhede wat ŉ rol sou kon speel sowel as die voorkomende maatreëls wat reeds in plek is. In hierdie verband is dit sinvol om Botma *et al*. (2010:22) se onderskeie kategorieë en ook riglyne ingedagte te hou met betrekking tot die volgende moontlikhede:

- *Fisiese leed:* Respondente wat deelneem aan hierdie studie sal geen fisiese leed berokken word nie. ŉ Goed toegeruste onderhoudvoerder en goed voorbereide onderhoud wat gevoer word binne ŉ veilige en gemaklike milieu sal fisiese leed tot die minimum beperk.
- *Psigologiese leed:* Die openbaarmaking van persoonlike worsteling, introspeksie en die deel van persoonlike informasie sou kon lei tot ŉ verleentheid en onverwagte emosionele reaksies by die respondent. Vorige onverwerkte trauma sou ook weer gesneller kan word. Dit is verder ook moontlik dat emosies soos angstigheid, skuldgevoelens, selfverwyte en selfs aggressie na vore mag kom. Die navorser moet daarop ingestel wees om te kan waarneem indien die respondent ongemaklik is,

emosioneel raak of kwesbaar voel en dan die persoon voorlopig eers verwys na die sielkundige met wie vooraf reëlings getref is om beskikbaar te wees ten einde in sulke gevalle die nodige ondersteuning te kan bied. Die navorser het ŉ langtermyn verhouding met ŉ sielkundige binne die Suid-Afrikaanse Polisie wat vir hierdie doel beskikbaar sal wees met betrekking tot situasies in en om Pretoria. Wat betref vêrafgeleë punte waar ook moontlik onderhoude gevoer sal word, sal daar vooraf met indiwiduele sielkundiges in hierdie verband reëlings getref word.

- *Sosiale leed:* Die streng benadering ten opsigte van konfidensialiteit met betrekking tot alle onderhoude sal grootliks die risiko van sosiale leed, diskriminasie en stigmatisering minimaliseer. Respondente se identiteite sal deur die hele navorsingsproses anoniem en konfidensieel hanteer word.
- *Ekonomiese leed:* Daar sal geen finansiële risiko's vir enige respondent wees nie aangesien die navorser na elkeen toe sal gaan en die onderhoude ook sal plaasvind gedurende tye wat vir die respondente gemaklik is. Daar sal byvoorbeeld gepoog word om die onderhoude na werksure te voer met diegene wat in voltydse betrekkings staan.
- *Wetlike leed:* Tensy dat landswette bewustelik en opsetlik oortree word, sal daar vir die respondente vanuit ŉ wetlike oogpunt geen risiko's wees nie.
- *Leed ten opsigte van waardigheid:* Alle respondente sal ten alle tye met respek behandel word as indiwidue met waardes, voorkeure en verantwoordelikhede. Die navorser sal die moontlike risiko rondom waardigheid minimaliseer deur middel van ŉ gepaste navorsing metodologie asook die kompetensie om hierdie navorsing te kan uitvoer.

### 1.13.2 Weerloosheid en kwesbaarheid

Rondom hierdie twee aspekte sal daar aandag gegee word aan die volgende kwessies:

- Die regverdige verdeling van voordele wat verband hou met die navorsing.
- Die nodige ooreenkoms ten opsigte van eienaarskap van data asook die reg op publikasie.
- ŉ Ooreenkoms ten opsigte van terugvoering aan respondente aangaande die bevindinge van hierdie navorsing.
- Onder die respondente sal daar ook geen indiwidue wees wat minderjarig, gevangenes of gestremde persone is nie.

### 1.13.3 Voordele vir respondente

Vir die respondente sal daar geen direkte voordele wees nie. Die voordele sal meer indirek wees en veral ook van toepassing wees op die navorser en ander persone in soortgelyke posisies as die respondente in die toekoms.

Wat betref indirekte voordele sal die moontlike resultate van hierdie studie sou ook in breër verband toegepas kan word op talle ander getraumatiseerde lede van verskillende afdelings van die destydse veiligheidsmagte en hul gesinne met betrekking tot pastorale versorging. 'n Verdere indirekte voordeel wat uit hierdie navorsing mag voortspruit is die feit dat die bevindinge van die onderhawige studie 'n besondere bydrae tot die pastoraat in die breë sou kon lewer (in besonder ook wat die pastorale begeleiding van toekomstige soldate en veiligheidsmagte betref). Dit hou verband met die feit dat daar tot dusvêr baie min teologiese akademiese bydraes veral binne die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot die tema van hierdie studie gelewer is.

### 1.13.4 Veilige bewaring van opnames en transkripsies

Wat konfidensialiteit betref sal slegs die navorser en die studieleier toegang hê tot die data (digitale opnames, getranskribeerde weergawes, veldnotas en moontlik ook e-posse). Die data sal veilig bewaar word vir 'n periode van 5 jaar deur harde kopieë in 'n geslote kabinet te hou in die navorser se kantoor terwyl die elektroniese data gestoor sal word op die navorser se rekenaar en beskerm sal wees deur 'n wagwoord en ook 'n anti-virus program. Data sal nie agterna beskikbaar wees vir ander studente nie aangesien die respondente nie hiertoe toestemming verleen het nie. Alle informasie wat ook moontlik deur middel van e-posse gekommunikeer was, sal ook vernietig word sodra die navorsing afgehandel is.

### 1.13.5 Die reg tot selfdeterminasie

Aan hierdie beginsel word erkenning verleen deur die feit dat respondente die reg het om 'n keuse te maak ten opsigte van deelname aan hierdie navorsing en ook om te kan onttrek sonder diskriminasie op enige stadium.

### 1.13.6 Algemene en wederkerige geregtigheid (*distributive justice*)

Die keuse van respondente het op 'n regverdige wyse plaasgevind en daar is nie besluit op die toelating of uitsluiting van respondente op grond van ander faktore wat nie

relevant is tot die navorsing nie, soos byvoorbeeld seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, huwelikstatus, ens.

### 1.13.7 Beskikbaarstelling van navorsingsresultate aan die teikengroep

Finale resultate sal persoonlik deur die navorser by wyse van ŉ telefoniese gesprek (of deur middel van Skype indien die respondent oor hierdie fasiliteit beskik) aan elk van die respondente gekommunikeer word sodra die studie gefinaliseer is. Na elk van hierdie persoonlike gesprekke sal ŉ skriftelike samevatting van die resultate ook per e-pos of pos aan elke respondent gestuur word.

## 1.14 INTERPRETERENDE MOMENT

Vir Osmer (2008:4) bestaan die interpreterende moment daarin dat die teorieë van die sosiale- asook die gesondheidswetenskappe aangewend word om ŉ beter begrip te verkry waarom bepaalde patrone en kragte soms ŉ sekere rol vervul. Die aanverwante wetenskappe wat hier van hulp kan wees, is veral die psigologie, sosiologie asook die mediese en maatskaplike terreine. Om ŉ helder antwoord te kry, moet daar volgens Osmer (2008:123) sekere pertinente vrae gevra word soos:

- *Waarom het hierdie voorval plaasgevind?*
- *Watter teorieë mag my moontlik help om die patrone en kragte wat die navorser begin ontdek het, beter te verstaan en te verduidelik?*

ŉ Sistematiese ontleding van die verskillende teorieë en standpunte vanuit die bestudering van tersaaklike literatuur vanuit die aanverwante wetenskappe sal gedoen word om by ŉ toepaslike teorie en ontleding te kan arriveer. Ten einde hierdie punt te kan bereik, sal die hooftemas vanuit die verskillende teorieë en perspektiewe geïdenti-fiseer word en daaruit sal dan ŉ kritiese sintese gemaak word wat weer sal uit-loop op ŉ samevattende oorsig. Vanuit Osmer se normatiewe taak sal daar ook ŉ breër raam-werk verkry word waarmee die verskillende teorieë gemeet sal word. Vanuit dit alles sal uiteindelik die konteks en basis gedefinieer kan word waaruit riglyne gefor-muleer kan word vir die praktyk.

Die bydrae en perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe sal in hoofstuk 4 onder die loep kom. Voordat die finale formulering op skrif gestel word, sal dit ook eers gekontroleer word met medevakgenote.

## 1.15 Normatiewe moment

Die normatiewe moment van Prakties-Teologiese nadenke, insluitende dit waaraan navorsers deelneem, verloop volgens Osmer (2008:130-132) soos volg:

- *Teologiese interpretasies* deur die aanwending van teologiese begrippe om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer.
- *Die gebruik van etiese norme* om oor die praktyk te reflekteer en as gids te dien.
- *Voorbeelde van goeie praktyk.*

Volgens Osmer (2008:146) is die belangrike vraag met betrekking tot die normatiewe moment die volgende: *"Wat behoort hier te gebeur?"* Of, "*Wat moet ons as lede van die Christelike geloofsgemeenskap doen as antwoord op die gebeure vanuit ons gedeelde lewe en wêreld?"*

Die vrae wil gevolglik etiese riglyne en reëls na die tafel bring waarmee sekere situasies benader kan word. Volgens Osmer (2008:135) vra die normatiewe taak ook van die berader om die leidinggewende praktyke van die Christelike tradisie in sowel die verlede as die hede te bestudeer. Daaruit kan dan patrone vir die Christelike lewe afgelei word.

Die normatiewe moment kom in hoofstuk 5 aan die orde. Daar gaan onder andere gefokus word op Skrifgedeeltes wat verband hou met oorlog en die nagevolge daarvan. Die fokus val op Dawid as krygsheer. Dawid was 'n dapper en briljante militêre leier, 'n magtige koning van Israel – 'n man na Gods hart (1 Samuel 13:13-14; Hand 13:22).[7] Dawid het in talle oorloë geveg en terdeë ervaring opgedoen van oorlogstrauma en die gepaardgaande emosionele pyn – aan die ander kant het hy ook geweet daar is Iemand wat hom dwarsdeur dit alles kon help (Adsit, 2008:165).

Die volgende Skrifgedeeltes gaan ondersoek word, onderhewig aan die insigte wat na vore mag tree na aanleiding van die gesprekke en terugvoering vanaf die respondente.

---

[7] Craig Bluemel vra: Hoe kan die Bybel iemand soos Dawid beskryf as 'n man na Gods hart? Word Dawid se latere lewe bekyk met alles wat hy aangevang het, voel hierdie beskrywing uit plek uit. Volgens Bluemel is die woorde *`al naagiyd* profetiese woorde oor 'n man na Jahwe se hart. Dawid was vol gebreke en daarom gaan Bluemel uit van die veronderstelling dat hierdie woorde gerig op Dawid profeties en simbolies op Jesus van toepassing is. Dié beskrywing strek veel verder as Dawid se bewind en stel eintlik die geestelike ryk van die hemelse koninkryk voor. Daar is net een man, Jesus van Nasaret, wat wettig en met reg beskou kan word as aanspraakmaker op die ewige troon (vgl. ook Bezuidenhout, 1999:316; Payne, 1982:82-83; Barclay, 1974:112; Joubert, 1999:1407).

Nadat hierdie inligting bekom en geëvalueer is sou hierdie Skrifgedeeltes aangepas kon word:

▪ 1 Samuel 17: As jong skaapwagter verslaan Dawid vir Goliat sonder ŉ swaard in die kragtige Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel wat deur Goliat verkleineer is (Brueggemann 1990:175). (Werklikheid van oorlogverwonding).

▪ 2 Samuel 18: Dawid se droefheid as koning en vader word hier uitgebeeld by die aanhoor van die nuus dat sy rebelse seun, Absalom, gedood is. Teen die agtergrond van Absalom se rebellie waar hy vir Dawid wou onttroon, is Dawid se hartseer oor Absalom se dood vir Joab, die leërowerste, vreemd. As koning moes Dawid ook as vader ŉ oorlog teen sy eie seun beplan wat tot emosionele wroeging sou lei (Van Wyk, 2002:282). Nou wens Dawid dat dit eerder hy was! ŉ Kind se teenspoed is ŉ ouer se pyn, want ŉ ouer bly ŉ ouer – al is hy ook ŉ koning (Vosloo, 1993:452; Du Rand, 1999:351). (Absalom se verwerping van sy pa)

▪ Openbaring 19:11-22:21: Dit gaan hier oor die finale visioen van die einde, maar die perikoop wat die navorser vir die studie gaan gebruik, is Openbaring19:11-21**.** Oorlog en geweld wat dwarsdeur die wêreldgeskiedenis afspeel, bly net die aanloop tot die finale veldslag waar die Ruiter op die wit perd in Openbaring 22:16 as die Afstammeling van Dawid sal triomfeer. Hy is nóg vreemdeling nóg nuweling, maar is Iemand wat kenbaar is as die God wat in Christus geopenbaar is (Boring, 1989:195) (Woede).

▪ 2 Samuel 9: Om te hou by ŉ ooreenkoms sou Dawid nie skroom om ŉ moontlike mededinger tot die troon met waardigheid te behandel nie (Baldwin 1988:226). (Menslikheid binne ŉ oorlogsituasie)

*Waarom het dit gebeur?*

Dit is hier die basiese vraag met die doel om te kan verstaan.

Belangrike vrae wat rondom Dawid as krygsheld na vore kan kom, is:

- Waarom kon die jong skaapwagter die reus Goliat in die Naam van die Here verslaan?
- Waarom kon Dawid, ten spyte van al die risiko's, barmhartigheid aan M efiboset bewys?

- Waarom kon Dawid as die deurwinterde krygsman nie vrede maak met die dood van Absalom nie?

## 1.16 DIE PRAGMATIESE MOMENT

Dié moment fokus verder op strategieë en aksies wat gebruik kan word om die situasie te lei na die gewenste doelwitte. Tussen die normatiewe en interpreterende perspektiewe van die onderhawige ondersoek, asook die bevindinge van die empiriese navorsing moet daar gevolglik hermeneutiese interaksie plaasvind ten einde strategiese riglyne en doelwitte te kan formuleer vir die begeleiding van oorlogsveterane en hul gesinne wat moontlik nog mag worstel met onverwerkte emosionele en geestelike verwonding. In hoofstuk 7 sal dié riglyne en doelwitte aan die orde kom.

Smith (2010) gee die volgende samevattende skematiese indeling van Osmer se benadering:

| Moment | Beskrywend Empiries | Interpreterende | Normatiewe | Pragmatiese |
|---|---|---|---|---|
| **Vraag** | Wat gebeur in die situasie? | Hoekom gebeur dit? | Wat is veronderstel om hier te gebeur? | Hoe moet ons in die situasie optree? |
| **Funksie** | Om te luister | Om wysheid te kry | Profetiese onderskeiding | Leiding |

## 1.17 ETIESE ASPEKTE

Wat betref die verskillende vlakke van moontlike risiko soos beskryf in die amptelike etiese aansoekvorm van die NWU sou hierdie beoogde studie beskryf kon word as van ***medium risiko***.

## 1.18 HOOFSTUK INDELING

Hoofstuk 1. Inleiding en probleemstelling

Hoofstuk 2. Die histories-politiese agtergrond van Namibië (SWA)

Hoofstuk 3. Evaluering van die bydrae van 'n empiriese ondersoek ten opsigte van Koevoet veterane wat geestelik negatief geraak mag wees deur onverwerkte oorlogstrauma.

Hoofstuk 4. Perspektiewe vanuit die aanverwante dissiplines met betrekking tot die

invloed van oorlogstrauma op oorlogsveterane.

Hoofstuk 5. Belangrike Skriftuurlike perspektiewe met betrekking tot oorlog, geweld en trauma

Hoofstuk 6. Belangrike perspektiewe vanuit pastoraal-teologiese literatuur met betrekking tot die temas van oorlog, geweld en trauma.

Hoofstuk 7 Die formulering van strategies-teoretiese riglyne vir die pastorale begeleiding van getraumatiseerde oorlogsveterane.

Hoofstuk 8. Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings.

## 1.19 SKEMATIESE VOORSTELLING

ʼn Skematiese voorstelling aangaande die uitvoering van hierdie studie:

| **Beskrywende empiriese taak**<br><br>*Wat gebeur in hierdie situasie?* | **Probleemstelling**<br>Het daar enige nuwe insigte en perspektiewe na vore gekom vanuit die empiriese navorsing met betrekking tot die tema van hierdie studie? | **Doelstelling en doelwitte**<br>Om vas te stel of daar enige nuwe insigte en perspektiewe betreffende die tema van hierdie studie na vore sal kom deur ʼn empiriese ondersoek. | **Metode**<br>Die gebruik van ʼn kwalitatiewe, beskrywende ontwerp vir die empiriese navorsing wat beoog word, sal gebaseer wees op ʼn semi-gestruktureerde, indiwiduele onderhoudsvoering . |
|---|---|---|---|
| **Interpreterende taak**<br><br>*Waarom het dit gebeur?* | Watter insigte kan verkry word vanuit die aan-verwante dissiplines met betrekking tot die tema van hierdie studie? | Om vas te stel hoe daar gebruik gemaak kan word van insigte vanuit die aan-verwante dissiplines met betrekking tot die tema van hierdie studie. | ʼn Literatuurstudie met die oog op die bestu- dering en evaluering van relevante data vanuit aanverwante dissiplines. |
| **Normatiewe taak**<br><br>*Wat is veronderstel om hier te gebeur?* | Watter insigte kan verkry word vanuit ʼn studie vanuit die Skrif met betrekking tot die onderhawige studie se tema? | Om vas te stel watter insigte ingewin kan word vanuit ʼn studie vanuit die Skrif met betrekking tot die tema van die onderhawige studie. | Daar sal hoofsaaklik eksegese gedoen word van sekere Skrif-gedeeltes volgens die grammaties-historiese benadering. |
| **Pragmatiese taak**<br><br>*Hoe moet daar opgetree word in die situasie?* | Watter strategies-teoretiese riglyne kan geformuleer word om instrumenteel te wees in die heling van spirituele oorlogstrauma? | Om strategies-teoretiese riglyne te formuleer wat instrumenteel kan wees in die heling van spirituele oorlogstrauma. | Om deur ʼn kritiese sintese van die voorafgaande navorsing in interaksie met mekaar strategies-teoretiese riglyne te formuleer om te voorkom dat geestelike skade wat opgedoen is gedurende gevegstrauma voortwoeker in die lewens van getraumatiseerdes waardeur hulle dan beroof word van ʼn betekenisvolle lewe. |

# HOOFSTUK 2

# SUIDER-AFRIKA SE HISTORIES-POLITIEKE AGTERGROND

## 2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die histories-politieke agtergrond van veral Suidwes Afrika/Namibië in breë trekke te beskryf. Uiteraard sal hierdie agtergrond ook raakvlakke deel met die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar naas Suid-Afrika lê die verhaal van Suidwes-Afrika/Namibië (SWA-Namibië) ook ingebed in die groter verhaal van die Afrika kontinent. Sonder hierdie oorsigtelike agtergrond bestaan die moontlikheid dat Suid-Afrika se politieke en militêre betrokkenheid in SWA/Namibië vir die oningeligte leser weinig sin sal uitmaak. Die histories-politieke en kerklike verhaal van SWA/Namibië lê ook vervleg in die breër Suider-Afrikaanse geskiedenis en moet rekening gehou word dat daar van die geskiedenis nie net een weergawe is nie. Daarom sal die navorser poog om 'n ewewigtige relaas aan die orde te stel waaraan die optrede van vriend en vyand tydens die Bosoorlog beoordeel kan word.

Suid-Afrika se militêre optrede in Suidwes-Afrika kan twee teenstrydighede blootlê. Aan die een kant is daar diegene wat die Suid-Afrikaanse militêre intervensie as wettig sal beoordeel en vir magsmisbruik weinige ruimte laat, terwyl die ander kant weer die Bosoorlog ten sterkste sal veroordeel. Dieselfde teenstrydigheid geld ook vir die bevrydingsbewegings. Waar die simpatiseerders met die vryheidstrewe weer die vryheidsvegters sien as bevryders van die onderdruktes en geen ag slaan op hul wetsoorskrydings nie, sou ander hulle weer brandmerk as blote terroriste of misdadigers. Die rol van die verskillende kerkgenootskappe en hul standpunte vir of teen die Bosoorlog sal ook aan die orde gestel moet word.

## 2.2 OORLOG EN STRYD IN SUIDER-AFRIKA: 'n VOËLVLUG

Oorlog en stryd is nie vreemd aan Suider-Afrika nie. Vanaf die vestiging van die verversingspos aan die Kaap van Goeie Hoop sou daar 'n stryd gevoer word tussen vryburgers en amptenare, tussen grensboere en sowel Hottentotte[8] as Boesmans. Ook

[8] Waar die woorde *hottentotte, boesmans, swart mense, naturelle, bantoe* of *kleurling* voorkom, het dit geen pejoratiewe betekenis nie, maar word dit binne 'n bepaalde historiese konteks gebruik. Sien paragraaf 2.14.1.2 met betrekking tot die Swartbewussynsbeweging waar die begrip *'swart'* ook Indiërs en kleurlinge

oorloë met groot moondhede soos Brittanje en Frankryk sou aan die suidpunt van Afrika plaasvind en die suidweswaarts bewegende Xhosas ŉ nuwe tydperk sou inlui van stryd tussen die witman en die swartman in Suid-Afrika se geskiedenis (Muller, 1984:82).Die Kaapse oosgrensboere sou ook die voorlopers van die Voortrekkers wees wat later die Britse gesag sou afwerp deur die Groot Trek as vreedsame rebellie (Muller, 1984:84; Kotzé, 1984:148). Die Xhosa Oorloë – ook bekend as die Kaapse Oosgrensoorloë of Afrika se 100 Jaar oorlog – was vanaf 1779 tot 1879 ŉ reeks van nege oorloë tussen die Xhosa stamme en die Europese setlaars wat hulself daar gevestig het wat tans die Oos-Kaap Provinsie in Suid-Afrika is (Cunningham 2019; Van Jaarsveld, 1975:89-98).

Ook die inheemse volkere was die onderlinge stryd nie gespaar nie. Die opkoms van die Basoetoe nasie in die Drakensberge by Thabo Bosigo onder Moshesh aan die begin van die 19de eeu sou sy stukrag kry uit die opkoms van die Zoeloe koninkryk in Natal onder Shaka wat sy militêre mag sou gebruik om ŉ reeks oorloë te voer op inheemse stamme wes van die Drakensberge. Vanaf 1815 tot 1830 – ŉ tydperk bekend as die *Difaquane* of tydperk van oorlog en verwoesting onder Shaka – sou die kleiner vlugtende stamme in die Maluti- en Drakensberge skuiling soek. Uit die oorblyfsel van die verwoesting en menseslagting sou ŉ nuwe nasie onder Moshesh se leierskap ontstaan (Van Jaarsveld, 1975:99).

Die Voortrekkers se trek na die onbekende sou bepaal word deur die geografie van die land en die vestiging van inheemse volke: hulle sou noord trek oor die Vaalrivier tot in die Transvaal by die Limpopo, oos oor die Drakensberge tot in Natal, wes tot op die grens van die Dorsland op die rand van die Kalahari, asook na die Portugese areas in die ooste. Volgens die Voortrekkerleier Hendrik Potgieter wou hulle trek na gebiede waar daar geen *bantoes* was nie, maar hulle is aangeval deur die bloeddorstige tiran Mzilikazi terwyl van die trekkers koelbloedig vermoor en hul beeste geroof is (Van Jaarsveld, 1975:119, 120). In Natal was daar op 6 Februarie 1838 die moord op Piet Retief en sy afvaardiging van omtrent ŉ honderd mans waarvan dertig kleurlinge was. By Bloukrans en Boesmanspruit is 280 blankes en 200 kleurlingbediendes deur ŉ oormag Zoeloes aangeval wat ongeveer 25 000 beeste gesteel het, maar op 16 Desember 1838 vind die Slag van Bloedrivier plaas. Die Voortrekkers, bygestaan deur ŉ klompie Engelse en nie-

---

sou insluit, want by mense moes daar ŉ trots vir hul velklleur gekweek word terwyl hulle ook bewus gemaak moes word van hul eie 'Swart' geskiedenis en kultuur wat verskil van dié van die blankes.

blanke bediendes het Dingaan se oormag by Bloedrivier verslaan (Van Jaarsveld, 1975:121).

## 2.3 AGTERGROND: IMPERIALISME EN KOLONIALISME IN AFRIKA

### 2.3.1 'Scramble for Africa' (Stormloop vir Afrika)

Tot diep in die negentiende eeu was Afrika as die "Donker Kontinent" bekend. Sedert die sestiende eeu het Europeërs hul eerder in Noord- en Suid-Amerika, Suid-Afrika, Australië en New Zeeland gaan vestig. Met die uitsondering van die Nederlanders en Portugese was die ander Europese volke nie geneë tot vestiging in Afrika nie. In 1652 stig Jan van Riebeeck 'n verversingpos aan die Kaap van Goeie Hoop wat uiteindelik 'n kolonie sou word waaruit 'n nuwe inheemse volk tydens die agtiende eeu na vore sou kom. Eers teen die tweede helfte van die negentiende eeu het Engelse, Franse en Duitse ontdekkingsreisigers, asook die sendeling, David Livingstone, die Donker Kontinent vir die wêreld oopgemaak. Tog was Afrika in 1870 vir talle Europeane steeds 'n *terra incognita* (Van Jaarsveld, 1975:362-363).

In 1879 was 'n klein deel van Afrika onder Europese beheer, maar teen 1912 was bykans die hele vasteland onder die beheer van Wes-Europa. Vir kolonialisasie was Afrika die laaste beskikbare kontinent. Die stormloop vir grond in Afrika was die nadraai van die 'nuwe' imperialisme en kolonialisme waar Frankryk, Engeland, Duitsland, België en Italië sou wedywer om soveel grond as moontlik in Afrika te verkry. Tydens hierdie wedywering oor 'n stukkie besit in Afrika, was daar alreeds 'n inheemse nasie van Afrikaners, aangevul deur Engelsprekendes, gewortel aan die suidpunt van Afrika vanaf die vroeë negentiende eeu. Dit was 'n nasie wat die inheemse volke geken het en bekend was met hul gebruike, gewoontes en leefwyses en waarvan sommiges alreeds beskaaf was toe die 'Stormloop' om die besit van Afrika begin het (Van Jaarsveld, 1975:363).

### 2.3.2 Onafhanklikheid vir die inheemse Afrikavolke

Na die Eerste Wêreldoorlog verloor Duitsland haar twee Afrika kolonies, Duits Wes-Afrika en Duits Oos-Afrika. So is Duitsland as 'n koloniale moondheid uitgeskakel, maar die Duitse besetting van Suidwes-Afrika sou later ook vir Suid-Afrika gevolge inhou (Van Jaarsveld, 1975:364). Tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was daar in die kolonialisasie van Afrika en Asië geen noemenswaardige verandering nie. In Europa

het die koloniale bewindhebbers in die waan geleef dat hulle oor Afrika en Asië se afhanklike inheemse volkere *ad infinitum* sou regeer (Van Jaarsveld, 1975:371). Maar die dae van hul oorheersing was getel. Nooit het die Westerse magte daaraan gedink dat die oorloë wat geveg is met die steun van hul koloniale onderdane in Afrika en Asië juis die geleentheid sou skep om teen hul Westerse oorheersers in opstand te kom en hul onafhanklikheid op te eis nie (Van Jaarsveld, 1975:372). Pakenham, (1991:671) skryf: *"The Scramble out of Africa in the eleven years from 1957 to 1968 was pursued at the same in dignified pace, taking the world as much by surprise, as the Scramble into Africa more than half a century earlier."*

Omdat Suid-Afrika deel van Afrika is, het hierdie "winde van verandering" dwarsoor Afrika 'n groot invloed op die Republiek van Suid-Afrika gehad (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit.*). Sowel die Asiërs as die Blankes se vestiging hier te lande was permanent; daarteenoor was die inheemse Suid-Afrikaanse volke weer deel van die inheemse volke van Afrika oorkant die RSA se landsgrense. Dit het Suid-Afrika in 'n politieke maalstroom laat beland. Aan die een kant was Suid-Afrika gekonfronteer deur die Afrika politieke bewegings, en aan die ander kant was daar weer die internasionale politieke druk (Van Jaarsveld, 1975:372).

Verder is ook aangedring op 'n politieke stelsel van "een mens een stem" sodat Afrika uiteindelik in geheel deur swart Afrikane regeer kon word. Waar die Afrikaners in die negentiende eeu teen Britse imperialisme, van buite op hul afforseer, moes stry vir hul reg op voortbestaan en die behoud van hul identiteit, sou die stryd van Suid-Afrika se Wit Afrikane nou wees teen 'n nuwe soort "Swart imperialisme" wat uit Afrika sou ont-spring (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit.*). Volgens Van Jaarsveld (1975:373) was daar verskeie redes vir die Revolusie in Afrika. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word slegs op enkeles gefokus soos:

(a) *Afrika en Asië as bondgenote van die Geallieerde magte*

Duisende swart soldate is met groot verwagtinge vervul dat hul deelname aan die Tweede Wêreldoorlog tot nuwe voorregte sou lei. Dié oorlog sou hulle egter bewus maak van hul waarde en het toe 'n uitwerking gehad op hul ontwikkelende sin van 'n nasionale bewus-syn (Van Jaarsveld, 1975:373).

(b) *Die opgang van Amerika as wêreldmoondheid*

Wes-Europa se agteruitgang, veral as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog, sou tot die verskuiwing van die wêreldmag na Amerika en Rusland lei. In Amerika was daar sterk teenkanting teen imperialisme en kolonialisme (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit*.). Daarby het die VSA toenemend druk uitgeoefen op die Nederlande, Frankryk, Brittanje en België om hul koloniale gebiede te bevry en aan hulle onafhanklikheid toe te ken (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit*.). Die opkoms van Rusland wat sedert 1917 ŉ Kommunistiese Staat was, asook Rusland se oorwinning oor Duitsland in die Tweede Wêreldoorlog het haar naas Amerika die sterkste mag in die wêreld gemaak (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit*.). Die stook van onrus tussen koloniale inwoners was ŉ Russiese taktiek om die Weste te verswak. Vanuit Moskou is ŉ propaganda oorlog gevoer om nasionalistiese bewegings in die vorige koloniale gebiede te ondersteun. Om kommunisme te propageer, is die afwesigheid van ŉ kleurgrens in Rusland as rassegelykheid aan die koloniale bevolkings voorgehou. Na die Europese onttrekking uit Afrika kon Rusland haar gevolglik al hoe meer op Afrika toelê. (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit*.).

(c) *Die Revolusie in Afrika*

In wese het dit gegaan oor ŉ ideologiese stryd tussen Amerika en Rusland. Na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan daar ŉ breuk tussen die VSA en Rusland wat toe tot die sogenaamde "Koue Oorlog" lei (Van Jaarsveld, 1975:373). In 1949 skaar Rooi China haar aan die kant van Rusland. Dit lei weer tot die ontstaan van die demokratiese Wesbloklande as teenvoeter vir die Kommunistiese Oos-bloklande (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit.*). Tussen dié twee opponerende magte sou spanning en wedywering ontstaan om die guns van die koloniale bevolkings te wen: Rusland en Rooi China wat die koloniale bevolkings tot die kommunisme wou oorhaal; en die VSA wat hulle weer aan die demokratiese Weste wou verbind. So sou twee magsblokke tot stand kom. Dit was die begin van die Koue Oorlog waar die Kommunistiese Oosbloklande en die demokratiese Weste al meer mekaar sou opponeer (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit.*).

(d) *Amerika se simpatie teenoor die Afrika nasionalisme*.

Op die Westerse koloniale lande het Amerika druk uitgeoefen om aan hul onderdane in Afrika en Asië onafhanklikheid te gee. Die Afrika nasies het in hul stryd teen die Wittes van Suider-Afrika die heelhartige ondersteuning van sowel die Verenigde State as Rusland geniet (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit.*).

Hoe sou die Revolusie in Afrika die Republiek van Suid-Afrika raak? Die bevryde state in Afrika het deur die Verenigde Nasies (VN) al hoe meer druk op Suid-Afrika geplaas om Blanke oorheersing te omskep na ŉ Swart "meerderheidsregering" gegrond op die beginsel van "een mens een stem" (Van Jaarsveld, 1975:379). Naas dié druk is die Swart mense binne die RSA ook van buite tot opstand aangemoedig. Die Verenigde Nasies word in die proses die platform vir die Afro-Asiatiese blok om druk op Suid-Afrika toe te pas saam met die pleidooi dat lidlande van die VN tot optrede oorgaan. Terroriste bewegings teen Suid-Afrika se Wit suide is toe ook deur die Wêreld Raad van Kerke (WRK) asook die Nederlande en Skandinawiese lande ondersteun (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit.*).

Onderliggend aan hierdie steun is Suid-Afrika gesien as ŉ koloniale mag wat sy Wit gesag aan ŉ Swart meerderheidsregering moes oordra. Die oorgawe in 1962 van blanke gesag in Algerië is gesien as ŉ tragiese gebeurtenis in Afrika en was voorgehou as ŉ voorbeeld vir die inheemse Blanke bevolking van Suid-Afrika. Die onafhanklike state in Afrika het ook verwag dat die uitskakeling van Blanke gesag in Algerië asook in Oos- en Sentraal-Afrika uiteindelik daartoe sou lei dat die blankes in Suid-Afrika hul politieke mag sou opsê. Politieke teoretici en staatsmanne het die indruk gelaat dat die Blanke bewind in Suid-Afrika en elders in Afrika, uiteindelik deur die rewolusionêre winde van verandering tot ŉ val sou kom. Blanke Suid-Afrikaners is – soos in die res van Afrika – gesien as kolonialiste, maar net soos Amerika die tuiste van die Amerikaners en die Afro-Amerikaners is, eweso is Suid-Afrika ook die tuiste van die Wit-Afrikane (Van Jaarsveld, 1975: *op. cit.*).

Max du Preez (2015:9) lê die vinger op die kern van die problematiek wanneer hy met betrekking tot die 'beeldestorm' van imperiale- en apartheidsbeelde in Suid-Afrika skryf dat Afrikaners se diverse voorsate nooit die belange van ŉ vreemde moondheid gedien het nie. Byna van die begin af het hulle hul rug op Europa gekeer. Wit Afrikane kan gevolglik kwalik as 'kolonialiste' gesien word. Net soos Shaka van die Zoeloes, Moshoeshoe van die Sotho en Sekwati van die Pedi in die negentiende eeu gesien word as die simbole van swart nasiewording, eweso is figure soos Paul Kruger en andere weer die simbole van ŉ Afrikanergroep se vorming.

## 2.4 SWA/NAMIBIË: HISTORIES-POLITIEKE AGTERGROND

### 2.4.1 Duitswes-Afrika: Breë oorsig tot die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)

Na ooreenkomste met Portugal (1886) en Brittanje (1890) – onderskeidelik die koloniale moondhede vir Angola en Bechuanaland (die huidige Botswana) – word die huidige Namibië formeel ʼn Duitse koloniale protektoraat in Junie 1890. So het Duitsland toegetree tot die "Stormloop vir Afrika" én tot die geledere van koloniale moondhede om ook sy invloedsfeer as ʼn groot moondheid uit te brei (Burger, 1992:78). Maar van die inheemse volke van Suidwes-Afrika – soos veral die Herero's en Namas – het tot verset gekom teen Duitse koloniale beheer. Die verset en die daaropvolgende geweld is in hoofsaak aangevuur deur die grootskaalse vervreemding van die inheemse bevolking se tradisionele grond (Burger, 1992:80).

Die vestiging van blankes het hoofsaaklik in die sentrale en suidelike dele van die land plaasgevind en het as die "Polisie Sone" bekendgestaan. In Julie 1892 het die eerste Duitse nedersetters in Duitswes-Afrika aangekom. Plase is aan Duitse setlaars asook aan oud-Duitse soldate na voltooiing van hul militêre diens toegeken (Burger, 1992:83). Na die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) – ook bekend as die Tweede Vryheidsoorlog – het talle Boere uit die Boererepublieke verkies om na Duitswes-Afrika uit te wyk. Ook dié uitgewekenes sou hulle saam met die Duitse setlaars in die suidelike dele vestig (Burger, 1992: *op. cit.*).

Owambo, Kavango, Caprivi en Kaokoland in die noorde van Duitswes-Afrika sou as die "nie-Polisie Sone" bekendstaan. Teen die eeuwending was daar relatief min kontak tussen blankes en die inheemse bevolking in die nie-Polisie Sone (Burger, 1992:85). Die Owambo's was die grootste inheemse groep en sou later ʼn leidende rol speel in die ontwikkeling van swart verset teen koloniale beheer. Deur die bestaande tradisionele strukture het die Duitsers hierdie inheemse groepe op ʼn indirekte wyse deur hul bestaande tradisionele strukture beheer (Burger, 1992:87).

Die Rynse Sending (ʼn Duits-Lutherse sendinggenootskap) wat alreeds by sendingwerk in Duitswes-Afrika betrokke was, het na verkennende besoeke in 1857 ook met sendingwerk in Owambo begin. Ander sendinggenootskappe sou volg waar almal uit-eindelik sou bydra tot die kerstening en 'beskawing' in Owambo. Kerklike betrokkenheid

was die grootste enkele faktor in die verandering en modernisering van Owambo (Burger, 1992:85).

Gedurende 1906 is blankes deur proklamasie van die koloniale regering verbied om Owambo sonder vooraf amptelike toestemming binne te gaan. Daar is eweneens ŉ verbod geplaas op die invoer van wapens, ammunisie, perde en alkohol na Owambo. Tog sou dieselfde proklamasie weens ekonomiese werklikhede die grondslag lê vir georganiseerde trekarbeid om Owambo's as kontrakwerkers vir die Polisie Sone te werf. Die onbillike praktyke wat hieruit sou voortvloei sou gedurende die 1950's bydra tot die ontstaan van latere verset- en bevrydingsbewegings (Burger, 1992:86, 87).

Al die pogings om die Owambo's in isolasie te hou, moes vanweë hul kontak met die blankes stadigaan voor moderne invloede swig. Die Owambo trekarbeiders sou reeds in ŉ vroeë stadium met die blankes se vreemde leefwyse kennis maak wat besliste indrukke op hulle sou laat – indrukke wat hulle weer tuis aan hul stamlede in Owambo sou oordra. Dit het daartoe gelei dat talle Owambo's teenoor hul eie tradisionele politieke, sosiale en ekonomiese bestel krities sou staan, maar dit was ŉ geleidelike proses waarvan die gevolge eers dekades later sigbaar sou word (Burger, 1992:88).

### 2.4.2 Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)

Op 4 Augustus 1914 breek die Eerste Wêreldoorlog uit. Twaalf jaar het verloop na die Vrede van Vereeniging waar die Boererepublieke van die Oranje Vrystaat en Transvaal hul vryheid sou verloor en later deel sou word van die Unie van Suid-Afrika. Op 10 Augustus 1914 – ŉ skrale vier jaar na Uniewording – versoek die Britse Regering vir Suid-Afrika om Duits Suidwes-Afrika te verower. Hiertoe het die Suid-Afrikaanse Regering ingestem, maar nie sonder bittere interne struwelinge nie. Van die Boeregeneraals, soos De la Rey, De Wet en Beyers, het hul teenkanting laat hoor, want vir hulle was die beplande oorlog die moontlike geleentheid waardeur Suid-Afrika onafhanklikheid en republikeinse status sou kon terugkry (Van Jaarsveld, 1975:236).

Binne ses maande, op 9 Julie 1915, word die Duitsers in Suidwes-Afrika tot oorgawe gedwing en is die gebied tot 31 Desember 1920 onder militêre administrasie geplaas. Die tydperk onder militêre beheer was veral daarop gemik om administratiewe beheer te herstel; die ekonomie weer op dreef te kry; en die burgerlike bevolking aan te spoor om

met hul normale bedrywighede voort te gaan. Daar is ook gepoog om vriendskaplike betrekkinge met die Owambo's aan te knoop deur die hoofmanne te oorreed om hul stamlede aan te moedig om in die Polisiesone in die suide te gaan werk (Van Jaarsveld, 1975:237; Burger, 1992:96).

Tydens die militêre beheer oor Suidwes-Afrika in 1915, loods die Portugese magte in Angola ŉ aanval op die Kwanyama van hoofman Mandume in die suide van Angola. Omdat die Kwanyama ŉ Owambo-stam was, vlug Mandume en die oorblywende stamlede na Owambo waar hulle om Suid-Afrikaanse beskerming aansoek doen. Om voortgesette optredes deur die Portugese teen die Kwanyama te verhoed en om gebiedsintegriteit te verseker, is ooreengekom oor die vasstelling van die grens tussen Angola en Suidwes-Afrika. Die grens is suidwaarts aangepas en die Kwanyama-stam is in twee verdeel – die een helfte in Angola en die ander helfte in Owambo. In 1928 is die internasionale grens deur internasionale arbitrasie finaal bevestig, maar dié arbitrêre grensverdeling sou twee jaar later tot militêre konfrontasie tussen die Suid-Afrikaanse magte en die Kwanyama lei. Ook tydens die rewolusionêre konflik in Suidwes-Afrika jare later sou dié grensvasstelling steeds ŉ groot rol speel (Burger, 1992:97).

Met die oorname van Suidwes-Afrika tydens die Eerste Wêreldoorlog was daar alreeds ŉ opvallende klasseverskil in dié Duitse kolonie. Dié klasseverskil het bestaan uit ŉ *eienaarsklas* van blankes teenoor ŉ onteiende *werknemersklas* uit die inheemse bevolking. Verder is die klasseverskil weerspieël in die geïnstitusionaliseerde uitsluiting van die inheemse bevolking aan die land se regeringsprosesse. Blykbaar was daar al in die Duitse koloniale tydperk vorms van administratiewe en institusionele afsonderlike ontwikkeling wat in hoofsaak ten koste van Suidwes-Afrika se inheemse bevolking geïmplementeer is en wat die eienskappe van apartheid sou dra (Burger, 1992:95).

### 2.4.3 SWA as mandaatgebied van Suid-Afrika

Na die einde van die Eerste Wêreldoorlog, tydens die Paryse Vredeskonferensie van Januarie 1919, ontstaan daar ŉ dispuut oor die toekoms van die voormalige Duitse kolonies. Brittanje – saam met Suid-Afrika, Australië en Nieu Zeeland as deel van die Britse Gemenebes – was gekant teen die teruggawe van die kolonies aan Duitsland. Suid-Afrika het verwag dat die verowerde Suidwes-Afrika by die Unie as vyfde provinsie ingelyf sou word, maar president Wilson van Amerika was teen enige inlywing gekant.

Sy "Fourteen Points" en "Four Principles" was die riglyne en kernbeginsels vir die stigting van 'n internasionale organisasie vir vrede, maar moes ook die beskikking van verowerde gebiede in oënskou neem (Burger, 1992:98).

Generaal Smuts se *"The League of Nations – A Practical Suggestion"* het die fondament gelê waarop die Volkebond se handves gebou is (Burger, 1992: *op. cit*.; Liebenberg, 1984:410). By die uitdeling van die Duitse besittings is Suidwes-Afrika as 'n C-mandaat aan Suid-Afrika toegeken en die reg verleen om die gebied vanaf 17 Desember 1920 onder die toesig van die Volkebond te administreer (Liebenberg, 1984:411; Van Jaarsveld, 1975:237). So het Suid-Afrika as mandataris die volle wetgewende en administratiewe bevoegdhede oor Suidwes-Afrika verkry, onderworpe aan die bepalings van die mandaat. Suid-Afrika moes ook die materiële en morele welstand, sowel as die maatskaplike ontwikkeling van die inwoners bevorder (Burger, 1992:100).

Weens die vaagheid van artikel 22 van die mandaatooreenkoms sou dit in latere jare tot uiteenlopende en opponerende interpretasies lei. Daar was die standpunt dat B en C mandate finaal en permanent is terwyl 'n ander standpunt weer sou glo dat alle mandate – A, B en C – slegs tydelik van aard is (Burger, 1992:101). Oor waar die mandaatgebiede se soewereiniteit lê was daar in artikel 22 ook onduidelikheid. Volgens die SA Regering én die plaaslike howe het soewereiniteit by die SA Regering berus. Hierteenoor was daar ook 'n oorwig van opinie dat soewereiniteit ook nie in die Volkebond sou setel nie, maar in die Vernaamste Geallieerde en Geassosieerde Moondhede[9] (Burger, 1992: *op. cit.)*.

## 2.5 KONTRAKARBEID

### 2.5.1 Kontrakarbeid en trekarbeiders

Die trekarbeidstelsel of kontrakarbeid, met sy wortels in die Duitse koloniale tydperk, sou 'n wesenlike rol speel in die inheemse bevolking se politieke bewuswording én politieke organisering. Tydens die vroeë jare van Suid-Afrika se beheer in Suidwes-Afrika was daar 'n afname in die aantal rekrute vanuit Owamboland vir trekarbeid in die Polisie Sone.

[9] Die Vernaamste Geallieerde en Geassosieerde Moondhede moet onderskei word van die Geallieerde Magte wat in Wêreldoorlog 1 ontstaan het. Waar die Verenigde State van Amerika, die Britse Ryk, Frankryk, Italië en Japan die Geallieerde Magte (*Allied Powers*) sou uitmaak, het die Vernaamste Geallieerde en Geassosieerde Moondhede (*Allied and Associated Powers*) bestaan uit sowel die vyf Geallieerde Magte asook die 22 ondertekenaars van die Verdrag van Versailles nl., België, Bolivia, Brasilië, Cuba, Czechoslovakia, Ecuador, Griekeland, Gauatemala, Haïti, die Hejaz, KHonduras, Italië, Liberië, Nicarugua, Panama, Peru, Poland, Portugal, Roemenië, Serbië-Kroasië-Slovenië state, en Siam (Ray, 2016. Allied Powers)

Om in die suide se kritieke arbeidsbehoeftes te voorsien, is twee arbeidsorganisasies, die Southern Labour Organization (SLO) en die Northern Labour Organization (NLO), in 1926 begin (Burger, 1992*: op. cit*.).

Terwyl die SLO trekarbeiders vir die diamantmyne en die staatsdiens gewerf het, het die NLO weer in die Kavango werwing gedoen om plaas- en mynwerkers te werf om aan die arbeidsbehoeftes in die noorde van Suidwes-Afrika te voldoen. In 1943 smelt die SLO en die NLO saam en stig die South West African Native Labour Association (SWANLA). Teen 1971 het die trekarbeiders tot ongeveer 43 000 toegeneem. Die toename is toe te skryf aan toenemende indiensnemings sedert 1955 van Angolese Owambo's. Volgens berekeninge was in 1971 ongeveer 40% (17 360) van die trekarbeiders in Suidwes-Afrika Angolese Owambo's (Burger, 1992:118).

SWANLA se monopolie het egter mettertyd gelei toe tot die uitbuiting van arbeiders. Deur te peuter met dienskontrakte se geldigheidsduur kon daar voorsien word in 'n deurlopende arbeidsvraag. Dié uitbuiting is gestuit deur die inmenging van die Suid-Afrikaanse administrasie in Suidwes-Afrika. Al was die voorgeskrewe besoldiging van die werkers swak, is daar tog aanduidings dat sommige werkgewers gewoonlik meer betaal het (Burger, 1992:119).

Daar was besware teen die trekarbeidstelsel en die gevolge daarvan wat later verset sou genereer. Met tydsverloop het die trekarbeidstelsel tot verskeie sosio-ekonomiese en sosio-politieke gevolge asook verskeie maatskaplike probleme gelei wat al hoe meer op die voorgrond sou kom. Die trekarbeiders se lang tydperke van afwesigheid uit hul gemeenskappe en hul kontak met Westerse kulture sou meehelp tot 'n geleidelike breuk met tradisionele waardes. Dit sou verder lei tot 'n meer kritiese ingesteldheid teenoor tradisies en tradisionele instellings (Burger, 1992:121).

Die trekarbeiders se griewe is grootliks deur die kerke verwoord. Op 30 Junie 1971 het die Lutherse kerke byvoorbeeld namens die inheemse bevolking 'n "ope brief" aan mnr. B.J. Vorster, die destydse Eerste Minister van Suid-Afrika geskryf. Die kerke se betrokkenheid by die protes teen trekarbeid as stelsel was aanvanklik eerder as bekommernis oor geestelike en maatskaplike verval as op politieke oorwegings gegrond (Burger, 1992: *op. cit*.).

Sedert 1916 was daar periodiek geïsoleerde stakings oral in Suidwes-Afrika, maar dit was relatief klein en swak georganiseerd. Toe, op 13 Desember 1971, breek daar egter ŉ landswye staking uit wat teen Januarie 1972 na 21 dorpe en 11 myne sou uitbrei en eers in Maart 1972, na die maak van sekere toegewings, tot ŉ einde sou kom. Die staking en wat daarop sou volg, het verreikende gevolge gehad, want die swart werkers is nie net geradikaliseer nie, maar by hulle is ook ŉ bewustheid van hul sluimerende politieke mag geskep. Dit sou later weer tot uiting kom in verdere stakings, die stigting van vakbonde, die voortdurende bedinging vir beter diensvoorwaardes asook die uiteindelike mobilisering van politieke verset (Burger, 1992:122).

### 2.5.2 Ekonomiese en opvoedkundige ontwikkeling

Na die Tweede Wêreldoorlog was die algemene ekonomiese groei in Suidwes-Afrika besonder hoog. Die Suid-Afrikaanse Administrasie is toe daarvan beskuldig dat die inheemse bevolking nie in hierdie voorspoed deel nie, maar dat buitelandse maatskappye die meeste daardeur bevoordeel is. Ook op opvoedkundige gebied het ontwikkeling na die Tweede Wêreldoorlog tot omstreeks 1960 ook min vordering getoon. In die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare sou die Suid-Afrikaanse regering tot optrede oorgaan om sowel die ekonomiese as opvoedkundige ontwikkeling in Suidwes Afrika te stimuleer en te versnel. Onder voorsitterskap van mnr. F.H. Odendaal het die Suid-Afrikaanse regering in 1962 ŉ kommissie van ondersoek aangestel. Die Kommissie is getaak om ondersoek in te stel na die “verdere materiële en morele welvaart en die maatskaplike vooruitgang” van veral die nie-blanke inwoners van Suidwes-Afrika (Burger, 1992:123).

Gedurende Januarie 1964 is die Odendaal-kommissie se verslag in die Suid-Afrikaanse Parlement ter tafel gelê en is daar onmiddellik begin met die implementering van die Kommissie se aanbevelings met betrekking tot ekonomiese ontwikkeling. Anders as die ekonomiese en maatskaplike aanbevelings, het die Kommissie se polities/staatkundige aanbevelings ernstige polemiek en kritiek ontlok. Die Kommissie het ondermeer die skepping van tien tuislande vir die inheemse bevolking aanbeveel wat weer die verskuiwing van ongeveer 130 000 mense – byna 29% van die swart bevolking en 25% van die totale bevolking – sou vereis (Burger, 1992:125).

### 2.5.3 Verwerping van die Odendaal-verslag

Alreeds gedurende April en Mei 1964 het die Verenigde Nasies se Spesiale Komitee vir

die Beëindiging van Kolonialisme die aanbevelings van die Odendaal-verslag veroordeel en is die Verslag ook in 1965 deur Resolusie 2074 in die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering verwerp. Ook die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) asook die swart politieke versetbewegings in Suidwes-Afrika – die South West Africa People's Organisation (SWAPO) en die South West African National Union (SWANU) – het die Verslag verwerp. SWAPO het gedreig met "terreur teen die bevolking" wat gemik was teen inheemse stamhoofde "who range themselves with the White racists against their people". SWANU het hom weer uitgespreek oor die manier waarop die tradisionele leiers se samewerking verkry is om aan die Verslag se voorgestelde stelsel van tuislande saam te werk. Vir SWANU was die Odendaal-verslag se aanbevelings niks anders nie as die voortsetting van kolonialisme (Burger, 1992: *op. cit.*).

Ook die kerke – oorwegend swart kerke – se verset en kritiek teen die Odendaalverslag is betekenisvol. Die mening bestaan dat die kerke se verset teen die Odendaal-aanbevelings die begin was van die kerk-staat konfrontasie in Suidwes-Afrika. So sou die kerke toenemend betrokke raak by wat beskou is as "politieke" aangeleenthede. Die implementering van die Odendaal-verslag se aanbevelings – veral die tuisland-konsep se institusionalisering sedert 1986 – het die politieke toekoms van Suidwes-Afrika en die ontwikkelende insurgensie op verskillende maniere beïnvloed. Die internasionale gemeenskap is verder van Suid-Afrika vervreem en interne polarisasie is bevorder. Verder het die toetrede van die swart kerke tot die verset – gesien as aan die kant van die swart nasionalistiese organisasies – ook heelwat bygedra tot die bevordering van die aansien van SWAPO en SWANU plaaslik en internasionaal aansienlik sou bevorder. Op hierdie wyse sou SWAPO uiteindelik plaaslik groter steun werf en internasionaal groter materiële, finansiële en morele steun bekom (Burger, 1992:126).

### 2.5.4 Die SWA-mandaat in gedrang

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het Suid-Afrika in 1946 die Verenigde Nasies versoek om Suidwes-Afrika in te lyf, maar die versoek is na stemming deur die Algemene Vergadering verwerp op grond van die Unie se nie-Blanke politieke beleid (Van Jaarsveld, 1975:252). Suid-Afrika is hewig gekritiseer toe hy weier om Suidwes-Afrika onder die Verenigde Nasies se voogdyskap te plaas (Muller, 1984:573), maar die Smuts-regering het onderneem om, in 'n gees van welwillendheid, voort te gaan om oor die mandaatgebied verslae te voorsien. Met die Nasionale Party se bewindsoorname in

1948 is besluit om die verslae aan die Verenigde Nasies te staak. Volgens die nuwe regering het die mandaat asook die gepaardgaande verpligtinge met die ontbinding van die Volkebond verval (Burger, 1992:131; Fisher, 1969:331).

Die Suidwes-Afrika-vraagstuk is jaarliks met toenemende bitsigheid by die Verenigde Nasies bespreek. In 1950 het die Internasionale Geregshof in Den Haag bevind dat die mandaat ten opsigte van Suidwes-Afrika nie verval het met die ontbinding van die Volkebond nie. As mandataris behoort Suid-Afrika verslae oor sy toesig aan die Verenigde Nasies voor te lê, maar Suid-Afrika kon nie wetlik verplig word om Suidwes-Afrika onder trusteeskap van Verenigde Nasies te plaas nie. Sonder die toestemming van die Verenigde Nasies kon Suid-Afrika ook nie die internasionale status van Suidwes-Afrika verander nie, maar vir alle praktiese doeleindes het die gebied Suid-Afrika se "vyfde provinsie" geword (Muller, 1984:573; Burger, 1992:132).

Die Republiek se verklaring dat hy voornemens was om sy rassebeleid van "afsonderlike ontwikkeling" na Suidwes-Afrika uit te brei, is skerp veroordeel. In 1963 het Liberië en Ethiopië as lede van die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) het die Internasionale Hof gevra om verdere beslissings te vel waarvolgens Suid-Afrika verplig moes word om die gebied onder trusteeskap van die Verenigde Nasies te plaas. Sou Suid-Afrika weier om na sulke besluite te skik, is vir sanksies gepleit en kon die saak na die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad verwys word (Muller, 1984: *op. cit.*).

Walvisbaai was nie deel van die mandaatgebied nie. Sonder om die mandaat te skend, kon Suid-Afrika ŉ versterkte garnisoen daar stasioneer en dit sou Suid-Afrika die hefboom gee om nie te swig voor buitelandse druk nie. Daar mag meningsverskille wees oor die manier waarop Suid-Afrika die politieke vooruitgang van Suidwes-Afrika se inheemse volke hanteer het, maar aan die bewering dat die gebied volgens die Verenigde Nasie se handves 'ŉ bedreiging vir vrede' was, kon nie veel waarde geheg word nie (Davey, 1984:574).

In Maart 1965 begin die Wêreldhof met die verhoor van Ethiopië en Liberië se klagtes dat Suid-Afrika die nie-blanke bevolking van Suidwes-Afrika onderdruk en teen hulle diskrimineer asook die mandaat skend deur militêre basisse daar op te rig. Die Republiek kon sy saak met bewyse staaf en gedurende die loop van die saak het die klaers hul

klagtes van onderdrukking en militarisme laat vaar om op rassediskriminasie te fokus. Op 18 Julie 1966 lewer die hof ŉ kontroversiële uitspraak dat Ethiopië en Liberië geen wetlike reg of belang in die saak kon bewys nie. Suid-Afrika het die saak as ŉ groot oorwinning beskou, maar die Afro-Asiatiese state en die nasionalistiese politieke organisasies in Namibië – veral SWAPO en SWANU (South West Africa National Union) – het die uitspraak met groot bitterheid ontvang (Burger, 1992:132; Davey, 1984: *op. cit.*).

Die meer ekstremistiese kritici was ontevrede omdat die saak op grond van regs-tegniese punte afgewys is. Vir Suid-Afrika het die uitspraak net tydelike verligting gebring (Muller, 1984: *op. cit*.). Na aanleiding van die hofuitspraak sou SWAPO verklaar dat die Hof se "onverskoonbare weiering" om op te tree, nou die Namibiërs vir eens en altyd vry sou maak van enige illusies wat hulle oor die Verenigde Nasies gekoester het as redder in hul treurige omstandighede. Daar is geen ander alternatief meer as die opneem van die wapen neem vir hul vryheid nie (Burger, 1992:132,133).

Op 27 Oktober 1966 besluit die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies met ŉ groot meerderheid dat Suid-Afrika se mandaat oor Suidwes-Afrika tot niet was en dat die gebied onder die beheer van die Verenigde Nasies sou kom. Suid-Afrika het egter die Algemene Vergadering se beslissing verwerp as onkonstitusioneel en strydig met die internasionale reg. Op 12 Junie 1968 is die naam van Suidwes-Afrika op besluit van die Algemene Vergadering na Namibië verander en in Januarie 1970 sou die Veiligheidsraad verklaar dat Namibië onwettig deur Suid-Afrika beset word. Die Veiligheidsraad het die Wêreldhof weer om ŉ adviserende mening genader oor die regsgevolge van Suid-Afrika se voortgesette teenwoordigheid in Namibië. Gedurende Junie 1971 bevind die Wêreldhof dat die SWA-mandaat regmatig beëindig is en dat die resolusies rakende Namibië regtens bindend was, maar Suid-Afrika het die adviserende mening verwerp en aangevoer dat die hof se regsberedenering onhoudbaar was (Davey, 1984:574; Burger, 1992:134).

In die oë van die internasionale gemeenskap was Suid-Afrika se voortgesette adminis-trasie in Namibië onwettig. Ingevolge die internasionale reg het dit veral aan SWAPO nou ŉ regsbasis gegee om die bevrydingstryd voort te sit. Sodoende is SWAPO in staat gestel om plaaslik en internasionaal sy posisie te versterk vir erkenning en steun (Burger,

1992:135). Suid-Afrika se weiering om aan Namibië te ontrek, het ŉ hoë mate van legitimiteit aan die Namibiese insurgensie verleen om Namibië van Suid-Afrikaanse beheer te bevry. In die oë van die breë internasionale gemeenskap sou die insurgensie ook ŉ bepaalde regmatigheid geniet (Burger, 1992:140).

## 2.6 INSURGENSIE IN SUIDWES-AFRIKA

### 2.6.1 SWAPO: ŉ oorsig

Gedurende 1966 het klein gewapende bendes insurgente in Owamboland die vrede versteur. Op 26 Augustus 1966, na die gevegte op Omgulumbashe, het die SA Polisie met doeltreffende teenoptrede teen SWAPO begin. Voortgesette optrede deur SWAPO-insurgente in Owamboland het ook gelei tot ŉ toename van Veiligheidsmagte in daardie gebied en is die insurgente heeltemal van die buitewêreld afgesny. Om hierdie rede én omdat die meeste ander SWAPO-leiers in selfopgelegde ballingskap in die buiteland was, het SWAPO besluit om die belangrike 1969-1970-kongres buite Namibië te hou. Tydens die kongres herbevestig SWAPO sy verbintenis tot die gewapende stryd as die doeltreffendste metode om Namibië te bevry. Klem is gelê op die mobilisering van die Namibiese bevolking asook op "industriële optrede" wat waarskynlik gerig was op die arbeidsterrein wat tot stakings en moontlik industriële sabotasie kon lei (Muller, 1984:574; Burger, 1992:149).

In 1976 is SWAPO gekonfronteer met ŉ ernstige opstand binne die organisasie. Op aandrang van Sam Nujoma is etlike leiersfigure deur die Zambiese owerhede gearresteer. Die omstandighede rondom die opstand kon tot 1974 teruggespoor word as die begin van die eksodus van duisende SWAPO-ondersteuners uit Namibië met die gevolglike krisis dat SWAPO nie in staat was om aan die onverwagte groot getal nuwe aankomelinge kos en huisvesting te verskaf nie. Daar was ook nie voldoende voorrade en toerusting vir die talle voornemende vegters nie en het die opstandelinge die buitelandse leierskorps openlik van onbekwaamheid en korrupsie beskuldig (Burger, 1992:151).

Gerugte het ook hardnekkig die rondte bly doen oor die aanhouding van beweerde Suid-Afrikaanse spioene in SWAPO-geledere, asook van die haglike omstandighede waaronder hulle aangehou, gemartel en selfs summier tereggestel is (Burger, 1992:152). Ondanks die agterdog, vervolging en beskuldigings binne SWAPO-geledere was daar relatief min interne faksies in SWAPO en het die organisasie verbasend verenig gebly. ŉ

Verklaring hiervoor is moontlik die oorheersende getalle Owambolede van SWAPO wat samehorigheid sou bevorder en groepvorming beperk (Burger, 1992:153).

SWAPO is toenemend deur Marxisme-Leninisme beïnvloed. Dit moet weer beoordeel word binne die konteks van die dekolonisasie proses in Angola en Mosambiek asook die organisasie se nouer diplomatieke en ander bande met Kuba en die Sowjetunie. Tydens militêre en politieke opleiding in ondermeer Kuba en die Sowjetunie is SWAPO-lede ook vertroud gemaak met die terminologie en beginsels van Marxisme-Leninisme (Burger, 1992:158).

### 2.6.2 Kerklike radikalisering in Suidwes-Afrika/Namibië

In paragraaf 2.5.3.hierbo is kursories verwys na die kerklike verset teen die Odendaal-verslag, ŉ verset wat algaande in intensiteit sou toeneem ter ondersteuning van die strewe na Namibië se onafhanklikheid. Die verset teen Suid-Afrikaanse betrokkenheid in Suidwes-Afrika deur die swart Namibiese kerke – met hul meer as driehonderd duisend lidmate – sou vir sowel die insurgensie as vir SWAPO tot voordeel wees. Naas SWAPO en die PLAN (*Peoples Liberation Army of Namibia*) was die kerke nou gesien as een van die drie pilare in die stryd om bevryding (Burger, 1992:173). Gedurende 1964 en weer in 1967 het die Evangeliese Lutherse Owambo-Kavango Kerk – in die noorde van Namibië – en die Evangeliese Lutherse Kerk – in die sentrale en suidelike dele van Namibië – by wyse van ŉ gesamentlike memorandum teen die Odendaal-plan beswaar gemaak en ook gepleit vir hervormings rakende die stelsel van trekarbeid. In 1971 het die hoofde van dié twee Lutherse Kerke gesamentlik ŉ Ope Brief aan die Suid-Afrikaanse Eerste Minister gerig waarin die 1971-uitspraak van die Wêreldhof ondersteun is, maar ook kritiek uitgespreek is teen die toepassing van die Suid-Afrikaanse rassebeleid in Namibië. Daar-in is Suid-Afrika ook versoek om hom aan Namibië te onttrek, maar sover dit die twee kerke betref was daar geen positiewe resultate nie. Toe die kerke se optrede daarna meer radikaal word, het die owerheid gereageer met die deportasie van verskeie geeste-likes (Burger 1992:174).

Met die uitsondering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk stig die belangrikste Christelike denominasies in Namibië gedurende 1978 as oorkoepelende liggaam die Raad van Kerke in Namibië (RKN). Aan die een kant raak die Namibiese kerke al hoe meer aktief betrokke by die insurgensie, maar aan die anderkant inisieer hulle ook op

maatskaplike terrein verskeie programme soos voedingskemas, mediese dienste, onderwysprogramme én studiebeurse asook nie-rassige skole. Die Raad van Kerke in Namibië (RKN) en sy lidkerke sou hulle daarvoor beywer om die Veiligheidsmagte en stamowerhede as owerheidsinstellings se wanpraktyke op te spoor en te rapporteer. Dit lei weer daartoe dat die RKN uit die staanspoor as ŉ SWAPO-front beskuldig is (Burger, 1992:174-175). Deur die politieke en sosio-ekonomiese omstandighede is die kerke in Namibië verpolitiseer, maar dié proses is aangehelp deur beide die bevrydingsteologie[10] én die swart teologie.[11] Op hierdie manier is aan rewolusionêres ŉ teologiese regverdiging gebied om die swartman te bevry van die witman se onderdrukkende koloniale beheer (Burger, 1992:176).

### 2.6.3 Vredesooreenkoms, die Nege Dae Oorlog en Namibiese onafhanklikheid

Aan die oorlog in SWA/Namibië was daar skynbaar geen einde nie en ŉ onderhandelde vrede bykans ŉ onmoontlikheid. Vir Suid-Afrika was dit ŉ ondenkbare opsie om die land op ŉ skinkbord aan SWAPO met sy Marxistiese neigings te gee – al was dit hoe die meerderheid in die Verenigde Nasies daaroor gevoel het. Toe neem die Koue Oorlog ŉ onverwagse wending. Met Mikhail Gorbachev se bewindsaanvaarding en sy beleid van *glasnos*t (openheid) en *perestroika* (herstrukturering) sou nie net ŉ einde aan die Koue Oorlog maak nie, maar uiteindelik lei tot die ontbondeling van die Sowjetunie (Stiff, 1989:36; Nye, 2011).

---

[10] Bevrydingsteologie het sy beslag gekry in 1968 by die konferensie van Katolieke biskoppe in Medellín, Colombië. Die bevrydingsteologie se pleidooi was dat teologie beoefen word vanuit die armes se perspektief en uit die posisie van deelname aan en solidariteit met die stryd van armes, noodlydendes en verontregtes en daarom behoort die kerk met onderdruktes te identifiseer. Die sentrale vraag van die bevrydingsteologie is: Wie se belang word gedien deur ŉ bepaalde interpretasie, besluit of stellingname vanuit die Skrif. Die bevrydingsteologie het in verskeie wêrelddele, en ook in Suid-Afrika, groot invloed uitgeoefen (Koopman, 2008:112)

[11] Swart teologie het gedurende die 1970's in die VSA en Suid-Afrika ontwikkel en word geskou as ŉ stroming binne die bevrydingsteologie. Die teologiese benadering van die swart teologie is nadenke oor geloof in die drie-enige God uit die sogenaamde *swart ervaring*. Vir sommige verwys die *swart ervaring* na armoede, swaarkry, onderdrukking en verontmensliking van etniese swartmense. In Suid-Afrika het die swart bewussynsbeweging onder leiding van veral Steve Biko in die 1970's stukrag aan die ontwikkeling van swart teologie gegee. Verdere nuanses van die swart teologie is dat almal wat swaarkry en onderdruk word by die konsep 'swart' ingesluit is, terwyl ander weer almal wat hulle met die leed van swart mense identifiseer – ongeag hul velkleur – dus die swart ervaring deel en dus by die swart teologie betrek word. Onder swart teoloë was daar ook onderlinge verskille oor die prioriteit wat in die teologiebeoefening aan onderskeidelik die gesag van die Bybel en die swart ervaring gegee moes word. Allan Boesak en Desmond Tutu het beklemtoon dat teologiese besinning oor die swart ervaring geskied in die lig van die Skrif, terwyl ander, soos Itumeleng Mosala, weer die swart ervaring in die hermeneutiese proses as uitgangspunt wou neem. In die hedendaagse konteks van demokratisering, Afrikanisering en globalisering fokus jonger swart teoloë soos Russel Botman en Tinyiko Maluleke meer op temas soos armoede, MIV en vigs, versoening en geregtigheid, transformasie en menseregte, geloof en identiteit (Koopman, 2008:1060).

Gedurende Desember 1987 is daar ŉ spitsberaad in Washington gehou tussen Gorbachev en die Amerikaanse president Ronald Reagan oor die konflik in Angola asook die implementering van Resolusie 435 van die Verenigde Nasies oor SWA/Namibië (Stiff 1989:38). Dit sou uiteindelik uitloop op die driesydige verdrag tussen Suid-Afrika, Angola en Kuba dat daar op 1 April 1989 vry en regverdige verkiesings in Namibië onder toesig van UNTAG[12] sou wees. Vir Suid-Afrika en SWAPO was daar wedersydse voorwaardes. Suid-Afrika moes alle troepe uit Angola onttrek, en weermagslede is onder toesig van UNTAG supervisie tot hul basisse beperk terwyl Suidwes-Afrika Polisie slegs hand vuurwapens kon dra en die Suidwes-Afrika Gebiedsmag ook gedemobiliseer is. SWAPO moes volgens die vredesooreenkoms terugtrek tot noord van die 16de breedtegraad, maar dit is nie nagekom nie (Stiff, 1989:64).

Op die oggend van Saterdag 1 April 1989 infiltreer ŉ groot groep swaar gewapende SWAPO insurgente Namibië in die omgewing van Ruacana met die doel om sonder weerstand die land in te neem. Dit lei tot hewige gevegte wat die vredesverdrag aan ŉ dun draad sou laat hang. Indringende internasionale samesprekings volg toe tussen mev. Margaret Thatcher, Britse premier op besoek aan Suider-Afrika, mnr. Pik Botha, Suid-Afrika se minister van Buitelandse Sake, en dr. Javier Perez de Cuellar, die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies (Stiff, 1994:102).

Die blaam vir die skending van die driesydige-ooreenkoms is volledig voor die deur van SWAPO gelê. Sou SWAPO nie by die internasionale ooreenkomste hou nie, sou die Suid-Afrikaanse regering geen ander keuse hê nie as om UNTAG te vra uit Namibië te onttrek totdat SWAPO bereid sou wees om by die ooreengekome voorwaardes in te val (Stiff, 1994: *op. cit.).* Op 21 Maart 1990 het Namibië onafhanklikheid verkry. Met sy meerderheidsteun by die stembus sou SWAPO die nuwe regering word van die Republiek van Namibië (Wren, 1990).

[12] UNTAG is die akroniem vir die *United Nations Transitional Assistance Group.* Dit is spesifiek op die been gebring om – in die uitvoering van die Verenigde Nasies se Resolusie 435 aanvaar op 29 September1987 deur die V.N se Veiligheidsraad – vry en regverdige verkiesings in SWA/Namibië te verseker.

## 2.7 DIE GEWAPENDE STRYD IN SUIDER-AFRIKA

### 2.7.1 Agtergrondskets

Alhoewel die fokus van hierdie studie gerig is op Koevoet se betrokkenheid in SWA/Namibië, moet die studie verstaan word vanuit die breër Suider-Afrikaanse konteks waar al hoe meer Afrikalande onafhanklikheid van hul Europese meesters gekry het. Daarom is die verhaal van Suidwes-Afrika/Namibië verweef met die verhaal van Rhodesië, die latere Zimbabwe, asook die twee Portugese kolonies Angola en Mosambiek.[13]

### 2.7.2 Kommunistiese betrokkenheid in Suider-Afrika

Sowjet-Rusland en die kommunistiese blok was ŉ gedugte militêre mag en is deur die VSA en die Westerse lande as ŉ groot bedreiging beskou. Reeds in 1921 is die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty (SAKP) in Suid-Afrika gestig en het kommuniste begin om die geledere van die African National Congress (ANC) te infiltreer (Van der Merwe, 2010:41). As alliansie het die ANC en die SAKP hulle met nuwe ywer toegespits om as alliansie die gewapende stryd teen die Regering aan te pak. Mkhonto weSiswe (MK), die militêre vleuel van die ANC en die African Resistance Movement (ARM) het tot stand gekom (Van der Merwe, 2010:42). Suid-Afrika se militêre teenwoordigheid in Angola asook SWA/Namibië is deur mnr. PW Botha as destydse Minister van Verdediging in die Parlement duidelik uitgespel dat Suid-Afrika haarself en haar belange moes beskerm teen kommunistiese aggressie en aanvalle van SWAPO insurgente wat in suidelike Angola saamgetrek was en Suidwes-Afrika/Namibië sou infiltreer (Hamman, 2001:14).

Vale (2014:5) beskryf hierdie situasie as volg:

> " ... put simply, the most explicit South African motivation to keep South West Africa and invade Anglo was to maintain several buffer territories in order to prevent the spread of the *perceived Communist threat*. The government did not want any radical ideas at its doorstep because they would threaten the conservative political foundation

[13] As koloniale mag het Portugal strategies belangrike gebiede in Angola en Mosambiek besit wat deur hul minerale ryklik bygedra het tot Portugal se skatkis. 1961 sou die begin van die gewapende Angolese bevrydingstryd inlui wat gevolg is deur Mosambiek in 1964. Vir Portugal was daar geen hoop om hierdie oorloë te wen nie en is daar kragdadig teen die bevrydingsbewegings opgetree. Op Donderdag 25 April 1974 om 12:25 is die '*Carnation Revolution'* begin in die Portugese stad, Lisbon waar ŉ militêre staatsgreep deur genl. Antonia Spinola in Portugal uitgevoer sou word. Die eerste minister, Marcello Caetano, se bewind is tot ŉ einde gebring. Burger (1992:197) wys daarop dat die militêre staatsgreep in Portugal sou lei tot die kapitulasie van die Portugese magte in Angola en die magsoorname deur die *Movimento Popular de Libertacáo de Angola* (MPLA) op 11 November 1975.

of the apartheid government and encourage the ANC resistance movement." (Navorser se kursivering)

In Augustus 1967 het mnr. Oliver Tambo, die president van die ANC, hom so uitgelaat:

> The long struggle for freedom in our country has entered a vital new phase. Fully conscious of its responsibilities our national organisation, the African National Congress (ANC) has decided to call on all the African people and their allies of other races to take up arms against the hated apartheid regime. We know that the revolution in South Africa will be a long and bitter one, calling for maximum sacrifices from all who love freedom (Pike, 1985:110).

Die voorafgaande aanhaling weerlê Vale se siening van ŉ *perceived Communist threat.* Die SAKP/ANC-alliansie het hulself tot ŉ rewolusionêre organisasie verklaar om die sogenaamde "demokraties rewolusionêre stryd" te bevorder. Gedurende die laat 1960's en vroeë 1970's het die werwing van persone vir opleiding en uiteindelike opname in MK-geledere sterk toegeneem en sou sodanige opleiding voorsien word deur Rusland, Oos-Duitsland, Kuba, Tsjeggo-Slowakye asook ŉ aantal Afrikalande wat noue bande met die Kommunistiese Blok gehandhaaf het. Intussen het swart politieke bedrywighede binnelands gesentreer rondom stakings, boikotte, politieke onrus, onluste, klandestiene politieke aktiwiteite, geïsoleerde dade van sabotasie, en na 1967 die gewapende stryd self (Stadler, 1997:34).

Die stryd teen terrorisme in Suid-Afrika was nie net beperk tot binnelandse bedrywighede vir die veiligheidsmagte nie, maar sou oor die land se grense en verder versprei. Naas die ANC het die PAC[14] ook lede van sy militêre vleuel, POQO[15], na die kommunistiese Oos Blok lande vir militêre opleiding gestuur asook na Kommunistiese China (Stadler, 1997: *op. cit*.). Nog ŉ verdere scenario het ook ontwikkel. In die destydse Suidwes-Afrika het die eerste groep opgeleide SWAPO insurgente gedurende 1965 – bewapen met Sowjet en Kommunistiese China se wapens en krygstuig – die land binnegekom en het dadelik begin om die plaaslike bevolking in die omgewing van Omgulumbashe in Owamboland

[14] PAC – die akroniem vir die *Pan Africanist Congress* – het geurende April 1959 tot stand gekom met Robert Sobukwe en PK Leballo as leiers, Die breuk tussen die ANC en die PAC het ontstaan deur die aanvaarding van die Vryheidsmanifes op 31Maart en 1 April 1959, want dit het die onderskeid tussen die hoofstrome binne die ANC blootgelê. Waar die 'Charterists' naas die swartes ten gunste was van samewerking met alle bevolkingsgroepe het die Afrikaniste' onder die slagspreuk "Africa for the Africans" van die ANC weggebreek (Stadler, 1997:22). POQO was die militêre vleuel van die PAC.

[15] Die Xhosawoord POQO beteken 'suiwer' of 'alleen' en die organisasie se grootste aanhang sou uit die Wes-Kaap en voormalige Transkei kom. Poqo se strategie het berus op opsetlike vermoording en hul hoofteikens was die polisie en hul beweerde beriggewers in Langa en die Paarl asook die hoofmanne in die Transkei wat beskou is as meelopers van apartheid. Omtrent tien lede van die organisasie was vir verraad tereggestel (OMalley, 2016).

op te lei. Die inisiatief is op 26 Augustus 1966 deur die gesamentlike optrede van die SA Polisie en die SA Weermag in die kiem gesmoor toe 'n aantal insurgente gevange geneem is en daar ook op groot hoeveelhede vuurwapens, ammunisie, plofstelle, toerusting en dokumentasie beslag gelê is (Stadler, 1997:35; Els, 2012:15). Toe kort daarna 'n tweede aanval op die grensdorp Oshikango geloods is, het die eerste minister, dr. H.F. Verwoerd, die polisie opdrag gegee om teen die insurgente op te tree asof die land in 'n oorlog gewikkel was (Stadler, 1997: *op. cit.*).

Ook in die destydse Rhodesië het ANC kaders met ZAPU (Zimbabwe African Peoples' Union) kragte saamgesnoer om teen die onderdrukkers in Matebeleland, Wankie en verder suid te veg. Daar was die duidelike voorneme dat die stryd sal voortduur in Rhodesië en Suid-Afrika en dat daar geveg sal word totdat hulle die oorwinning behaal ongeag hoe lank dit sou neem en wat die koste ook mag wees (Stadler, 1997:36).

## 2.8 ESKALERENDE GEWELD IN SUID-AFRIKA

1960 was die jaar van uitgerekte protesaksies deur swartes teen die paswette van destyds. Talle van hierdie optogte is deur beide die ANC en die PAC aangehits en sou lei tot gewelddadige konfrontasies met die polisie by Langa en Sharpeville met die tragiese verlies van menselewens. Weens die toenemende onrus en dreigemente van onrus in verskeie dele van Suid-Afrika is daar 'n noodtoestand afgekondig[16] (Stadler, 1997:23).
Vanaf 1980 het Suid-Afrika al hoe meer onder terreurvoorvalle deurgeloop (Van der Merwe, 2010:95).[17] In 1984 het die ANC bekend gemaak dat die rewolusionêre oorlog voortaan op vier pilare sou staan:

- die gewapende stryd deur Umkhonto weSiswe (MK);

[16] Wet 34 van 1960 – Wet op onwettige organisasies – is op 8 April 1960 gepromulgeer. Daarna het sowel die ANC as die PAC ondergronds gegaan (Stadler, 1997:23).

[17] Van der Merwe (2010:95 e.v.) beskryf die beleg van die Volkskasbank in Silverton op Vrydag 25 Januarie 1980. Wat aanvanklik na 'n gewapende roof gelyk het, was toe inderwaarheid drie MK-lede wat die mense in die bank as gyselaars wou gebruik. Met 'n nota is mnr. Tiekie Witmore en 'n vroue-bankamptenaar na buite gestuur waarin die volgende geëis is: (1) die vrylating van mnr. Nelson Mandela en die MK-lid James Mange; (2) 'n vliegtuig na Maputo; en (3) die teenwoordigheid van die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, die staatspresident, mnr. John Vorster, en die Minister van Verdediging, genl. Magnus Malan. Omdat die MK-lede onverbiddelik was in hul eise en gedreig het om die gyselaars dood te skiet as daar nie aan hulle eise voldoen word nie en hulle desperaat was en enige oomblik hul dreigemente kon uitvoer, het die polisie geen ander keuse gehad as om hulle uit te wis nie. Twee gyselaars is gedood, drie ander gyselaars is ernstig gewond en 17 ander het minder ernstige beserings opgedoen.
Een van die skokkendste terreuraanvalle in Suid-Afrika se geskiedenis het op 20 Mei 1983 plaasgevind. Omstreeks vieruur namiddag het 'n motor met 'n kragtige lading springstof in Kerkstraat voor die Nedbankpleingebou (ook bekend as die *Nedbank Square Maritime House*) ontplof. Negentien mense is gedood ondermeer twaalf burgerlikes en 7 Weermagslede. Verder is 219 mense erg beseer of vermink. Onder die beseerdes was 217 burgerlikes en 2 weermagslede (Van der Merwe, 2010:102-109).

- die mobilisering van die massas;
- die vestiging van ondergrondse strukture; en
- die isolasie van Suid-Afrika op internasionale gebied

Oliver Tambo, president van die ANC, het ŉ beroep op al die inwoners van Suid-Afrika gedoen om die land onregeerbaar te maak (Van der Merwe, 2010:110). Twee dae voor Kersfees van 1985 is die land deur nog ŉ terreurdaad geruk toe ŉ plofstel in ŉ vullishouer in Amanzimtoti se Sanlamsentrum geplaas is. Die sentrum was vol vakansie gangers en mense wat Kersinkopies gedoen het. In die ontploffing het vyf mense gru-saam gesterf en is veertig beseer (Van der Merwe, 2010:113).

Die ANC/SAKP-alliansie het hulle verder toegespits op die vernietiging van swart plaaslike owerhede[18] en is swart raadslede en administratiewe beamptes wreed om die lewe gebring. Enigiemand in ŉ swart woonbuurt teen wie die geringste vermoede bestaan dat hy of sy met die polisie saamwerk, is met die halssnoermoord[19] wreed en barbaars om die lewe gebring. Trewhela, (2010:4) sien ŉ direkte verband tussen die ANC se terreur-bewind in hul tronke in buurlande en die halssnoermoorde van ANC ondersteuners in Suid-Afrika gedurende die *township-opstande* van 1984-1986. Ook swart polisie-manne is uit die gemeenskap verdryf en hulle moes tydelik elders in tente gehuisves word (Van der Merwe, 2014:114). Tydens die 1984-1986-opstande was daar volgens Trewhela (2010:48) die opkoms van die outokrasie en die militarisering van die jeug wat die bevry-dingstryd na die strate geneem het. ŉ Verdere gevolg van hierdie regering deur die jeug (*paedontocracy*) was die bestaan van die '*Mandela United Football Team*' met Winny Mandela se *"with our necklaces and our boxes of matches"* as voorstander van die land se bevryding.

## 2.9 SANKSIES AS INTERNASIONALE WEERSTAND

Dwarsdeur die vyftiger- en sestigerjare was daar buitelandse én binnelandse druk op Suid-Afrika. In 1950 het die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies (VN) al ŉ beroep op Suid-Afrika gedoen om af te sien van die Groepsgebiedewet omdat dit die

---

[18] Teen die einde van Julie 1985 het nog net vyf van die agt-en-dertig swart plaaslike owerhede gefunksioneer (Van der Merwe, 2010:114).

[19] Die algemene metode was om ŉ buiteband om die persoon se lyf te plaas, dit met brandstof te vul en aan die brand te steek. Video-opnames van sulke tonele wys hoe aktiviste dansend, laggend en juigend toekyk hoe die gillende slagoffer stadig doodbrand. Talle slagoffers was onskuldig (Van der Merwe, 2010:113).

onderhandelinge tussen Suid-Afrika en die regerings van Indië en Pakistan oor die behandeling van Asiërs in Suid-Afrika in die wiele kon ry. Oor die jare daarna sou soortgelyke VN-resolusies met eentonige reëlmaat geneem word. In 1960 het 29 Afrika en Asiatiese lidlande van die VN ŉ resolusie voor die Veiligheidsraad gebring waarin Suid-Afrika se rassebeleid sterk veroordeel is. Die Veiligheidsraad het Suid-Afrika se besware verwerp as sou dit inmenging in die land se interne sake wees. Uiteindelik is ŉ resolusie aanvaar wat sou verklaar dat die beleid van rassediskriminasie ŉ bedreiging vir wêreldvrede en veiligheid inhou en is ŉ beroep op Suid-Afrika gedoen om van die beleid af te sien (Fischer, 1969:330).

In 1961 vra die VN alle lidlande om afsonderlike of kollektiewe stappe te oorweeg sodat Suid-Afrika kon afsien van sy rassebeleid. In 1962 is die VN se Algemene Vergadering weer versoek om ŉ beroep op alle lidlande te doen om diplomatieke bande met Suid-Afrika te verbreek. Die Veiligheidsraad is ook versoek om as dwangmaatreëls sanksies teen Suid-Afrika in te stel om die struikelblokke tot rasse-intergrasie te verwyder. Brittanje was egter onwillig om hieraan toe te gee en het die beoogde internasionale druk nie verder ontwikkel nie (Fischer, 1969:331).

Drukgroepe in Westerse lande wat met Suid-Afrika handel gedryf het, sou verskillende pogings aanwend om banneling firmas in die Republiek op te rig wat dan die inisiatief sou neem in die ondergang van apartheid (Davenport, 1987:490). Omstreeks 1972 het ŉ groot aantal Amerikaanse, Britse en Europese godsdienstige, akademiese en politieke drukgroepe hulself vir disinvestering beywer. Inkatha het egter geredeneer dat disinvestering eerder ekonomiese groei in Suid-Afrika aan bande sou lê en nie noodwendig tot positiewe verandering in Suid-Afrika sou lei nie (Davenport. 1987:491).

Weens Suid-Afrika se strategiese posisie as bewaker van die Kaapse seeroete, asook haar enorme minerale rykdom wat nodig was vir die Weste se wapentuig, sou ver lei tot hewige debatte oor sanksies teen Suid-Afrika (Davenport, 1987:493, 497). Sou Suid-Afrika egter haar hand oorspeel oor die Kaapse seeroete en strategiese minerale, kon kritici dieselfde doen deur ŉ embargo te plaas op olie en wapentuig. Toe dit wel in die middel sestigs gebeur, lei dit tot die stigting van Krygkor en dié se dogtermaatskappye wat in 95% van die Verdedigingsmag se behoeftes kon voorsien (Davenport, 1987:498).

## 2.10 INSURGENSIE EN TEENINSURGENSIE

### 2.10.1 Rewolusionêre oorlogvoering

Om die kompleksiteit van wettoepassing deur die veiligheidsmagte van Suid-Afrika tydens die rewolusionêre aanslag te verstaan, moet rewolusionêre oorlogvoering ook onder die loep kom. Sarkesian (1975:7), ŉ internasionale erkende deskundige oor rewolusionêre guerrilla oorlogvoering, definieer dit as volg:

> Revolutionary guerrilla warfare is the forcible attempt by a politically organized group to gain control or change the structure and/or policies of the government, using unconventional warfare integrated with political and social mobilization, resting on the premise that the people are both the targets and the actors.

In die breë betekenis van 'rewolusie' gaan dit polities gepaard met radikale verandering binne ŉ gegewe politieke omgewing binne ŉ kort tydsbestek. Omdat rewolusie lei tot ongrondwetlike verandering is daar geen regering ter wêreld wat rewolusionêre bedrywighede binne sy landsgrense sal toelaat nie (Stadler, 1997:7). Che Guevara[20] was ŉ voorstaander daarvan dat waar sekere omstandighede en toestande vir rewolusie nie bestaan nie, moes dit opsetlik geskep word om radikale veranderinge teweeg te bring en dat rewolusionêre groepe daarvoor as katalisators moes dien (Stadler, 1997:8). Rewolusie wil nie net die regering van die dag tot ŉ val bring nie, maar rewolusionêre optrede gaan ook gepaard met wisselende grade van geweld. Waar dit gebeur, word die guerrilla gesien as die hoofkarakter in die bevordering van politieke verandering (Stadler, 1997:9).

### 2.10.2 Teeninsurgensie as militêre ingryping

Teeninsurgensie ("counter insurgency") veronderstel die noodwendige aanwesigheid van insurgensie alvorens daar, veral in die beginfase, van teeninsurgensie as reaktiewe optrede sprake kan wees. Insurgensie is ŉ veelkantige verskynsel wat op verskeie fronte binne ŉ gemeenskap en internasionaal gevoer word, derhalwe moet ŉ suksesvolle teeninsurgensie-strategie ook multidimensioneel van aard wees (Burger, 1992:25). Die hoofdoel van ŉ teeninsurgensie program moet gevolglik gerig wees op die herwinning van burgerlike lojaliteit (Burger, 1992:26).

[20] Che Guevara, volle name Ernesto Guevara de la Sema (gebore 14 Junie 1928, Rosario, Argentinië – tereggestel op 9 Oktober 1967 in Bolivia). Guevara was ŉ prominente kommunistiese figuur in die Kubaanse Revolusie (1956-59) asook ŉ guerrilla leier in Suid-Amerika. Na sy teregstelling deur die Boliviaanse leër is hy wêreldwyd oor geslagte deur linksgesindes vereer as ŉ martelaar en beskou as ŉ ikoon van linkse radikalisme en anti-imperialisme (Sinclair, 2016).

Teeninsurgensie plaas die owerheid voortdurend voor verskeie dilemmas, veral as insurgente normaalweg met die plaaslike bevolking saamsmelt en dit bykans onmoontlik is om te besluit *wie is* en *wie is nie* insurgente nie. Dit word dan ŉ ernstige vraagstuk hoe om die insurgente te isoleer sonder om – deur dieselfde optrede – die bevolking te vervreem (Burger, 1992: *op. cit*.). Tussen 1961 en 1972 het die VSA tydens die Vietnamoorlog drie tipes teeninsurgensie toegepas: die maatskaplike hervormingsmodel; die koste-effektiewemodel; en die Viëtnamiseringsmodel. In wese was die maatskaplike hervormingsmodel gerig op die wen van die harte-en-verstand (*winning the hearts and minds of people*, afgekort tot WHAM) van die bevolking, hoofsaaklik deur middel van hulpverleningsprogramme waarmee beoog is om stabiliteit te bevorder en spanning te verminder (Burger, 1992:27).

Onder teoretici en skrywers oor rewolusionêre oorlog is daar wye konsensus dat militêre optrede ŉ sekondêre rol in enige doeltreffende teeninsurgensie optrede speel. Daarom is sosio-politieke maatreëls en die vernietiging van die insurgente-infrastruktuur onder die bevolking van meer belang as die blote fisiese uitwissing van insurgente, want solank insurgente in staat is om voortdurend nuwe rekrute, voorrade, inligting en so meer te bekom, sal die uitwissing van insurgente alleen nie die insurgensie beëindig nie (Burger, 1992:36).

Die oplossings vir Suid-Afrika se politieke probleme was nie geleë in militêre mag nie, maar het uitsluitlik tot die politieke vlak gehoort. Al wat die wetstoepassingsgemeenskap kon skep, was ŉ mate van orde waarbinne politieke oplossings werklikhede kon word (Stadler, 1997:3). Politici moes ŉ formule vind waar al die mense van die land sou voel hulle is betrokke en deel van die land, want toentertyd was dit nie die geval nie (Hamann, 2001:55-56).[21]

[21] Onder mnr. BJ Vorster se leierskap het die Nasionale Party in die vroeë 1970's voor ernstige probleme rondom die bevolkingsverhoudingsvraagstuk te staan gekom en is die beleid van afsonderlike ontwikkeling onderwerp aan wydverspreide en hewige kritiek. Weens toenemende binne- en buitelandse druk word die periode 1970-1974 beskou as ŉ tydperk van verandering in Suid-Afrika waar die Vorster-regering in partygeledere gebuk sou gaan onder twee botsende denkrigtings tussen die sogenaamde verligtes (Cape Liberals) en die verkramptes (die meer konserwatiewe element van Transvaal). Omdat die regering se Kleurlingbeleid gereeld in die spervuur was, is ŉ Kommissie van Ondersoek onder voorsitterskap van prof. Erika Theron – ŉ voormalige professor in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch – in Maart 1973 aangestel. Die Kommissie het bestaan uit twintig lede waaronder ses Kleurlinge was. Op 18 Junie 1976 – twee dae na die uitbreek van die Soweto-onluste – is die Theron-verslag in die parlement ter tafel gelê met aanbevelings wat lynreg in stryd was met die apartheidsbeleid. Vir die regering was dit nie aanneemlik nie en is in ŉ witskrif afgekeur omdat dit die kern van die regerende party se apartheidsbeleid

## 2.11 DIE DUBBELE ROL: POLISIEMAN ÉN SOLDAAT

### 2.11.1 Agtergrond

Die primêre taak van die S.A. Polisie was die handhawing van wet en orde en die binnelandse veiligheid van Suid-Afrika wat deurgaans onder ŉ burgerlike regering gestaan het. Wêreldwyd word die taak van die polisie gesien om die samelewing waarin hulle dien te beskerm teen die vyande van daardie samelewing (Stadler, 1997:1). Artikel 5 van die Polisiewet – Wet 7 van 1958 – het dan ook die verantwoordelikhede van die Suid-Afrikaanse Polisie uitgespel, naamlik as:

- die bewaring van die binnelandse veiligheid van die Republiek
- die handhawing van wet en orde
- die voorkoming van enige kriminele oortreding; en
- die ondersoek van enige kriminele en/of beweerde kriminele oortreding (Stadler, 1997: *op. cit.*).

Volgens Calvert (1973:83-84) is die bestaansrede vir ŉ polisiemag *" ... to provide for the use of actual physical constraints by the state to enforce its norms on others, in the belief that society's survival as a community is at stake".* Die aanwending van militêre mag is derhalwe ŉ regering se laaste uitweg.

### 2.11.2 Onstuimige politieke en maatskaplike tye

Die Suid-Afrikaanse Wetstoepassingsgemeenskap was terdeë bewus van die politieke, sosiale en ekonomiese faktore waaronder hulle moes werk. Tog was hulle as wets-toepassers nie verantwoordelik vir die verlede se omstrede politieke standpunte en gepaardgaande wetgewing nie. Al wat van wetstoepassers verwag word, is om binne die raamwerk van bestaande wetgewing hul werk te doen (Stadler, 1997:2). Só het die Veiligheidsmagte[22], maar veral die Suid-Afrikaanse Polisie, betrokke geraak in ŉ stryd

---

aangetas het, Die Theron-verslag het veral die twee hoekstene van die apartheidsbeleid aangeraak, naamlik die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike (Wet 45 van 1949) en Artikel 16 van die Ontugwet (Wet 23 van 1957). Die Kommissie se aanbeveling dat daar regstreekse verteenwoordiging vir die Kleurlinge op die verskillende owerheidsvlakke in besluitnemingsprosesse moet wees, is ook in die kiem gesmoor (Barnard, 2000). Cloete (1977) wys ook daarop dat die Theron-kommissie verdeeld was in minderheid- en meerderheidsoriëntasies wat verband sou hou met die sogenaamde verligte en verkrampte politieke aanslag. Uiteindelik was dit die minderheidsmening wat in die parlement die botoon sou voer deur die gevestigde belange van die Blankes voorop te stel. Volgens Barnard (2000: ibid.) is weinige ag geslaan op die Erika Theron-verslag en het dit nie tot ingrypende veranderings op politieke gebied gelei nie, want die verslag se potensiële invloed tot verandering is in die kiem gesmoor. Dit sou lei tot bittere teleurstelling onder die Kleurlinge en verligte blankes. Beide Cloete (2007) en Barnard (2000) wys daarop dat die Theron-verslag in die vroeë tagtigerjare ŉ prominente rol sou speel toe die wiel van politieke verandering begin draai en ŉ direkte invloed op alle toekomstige politieke ontwikkeling in Suid-Afrika sou hê.

[22]Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrip *veiligheidsmagte* gebruik as aanwysend van die S.A. Polisie én die S.A. Weermag wat in die ou bedeling tot 1994 met landsveiligheid belas was.

waarin die vyand nie sou hou by die Geneefse Konvensies[23]en reëls nie (Stadler, 1997: *op. cit*.).

Suid-Afrika moes ŉ verbete en gesofistikeerde propaganda aanslag afweer wat gemik was teen die S.A. Polisie en ander lede van die intelligensie gemeenskap. Kenners van politieke rewolusies is dit eens dat rewolusionêres in die algemeen daarop uit is om deur terrorisme en propaganda die gemeenskap te treiter om die politieke, ekonomiese, psigologiese en militêre weerstand tot ŉ val te bring (Stadler, 1997:3). Om te slaag in die uiteindelike doelwit, naamlik die onverwerping van ŉ regering, sal wettige sowel as onwettige metodes gebruik word (Stadler 1997: *op. cit*.). Al wat die wetstoepassers kon doen, was om daardie mate van orde te skep waarin politieke oplossings ŉ werklikheid word (Stadler, 1997: *op. cit*.). Binne die Nasionale Party as bewindhebber was daar minderheidstemme wat opgegaan vir die noodsaaklikheid van respek vir ŉ mens se medemens en die noodsaaklikheid van verandering om voorsiening te maak vir die regmatige politieke aspirasies van die meerderheid Suid-Afrikaners wat uitgesluit was van deelname in die land se grondwetlike bedeling (Heunis, 2007:114).

Tydens die Rabiekommissie[24] is hierdie standpunt alreeds in 1980 benadruk, maar die S.A. Polisie kon dit net doen as hulle, as ŉ tussentydse maatreël, met die nodige wet-

[23] Die Geneefse Konvensies is ŉ reeks internasionale ooreenkomste wat tussen 1864 en 1949 in Geneva opgestel is met die doel om die gevolge van oorlog op soldate en burgerlikes te verbeter en te versag en is bindend op alle state wat hierdie reëls aanvaar het. Die konvensies se ontstaan kan teruggevoer word na 1859 toe Henry Dunant, ŉ Switserse burger, na die slag van Solferino hewig ontsteld was deur die aanskoue van duisende hulplose en verwonde soldate met niemand wat na hulle sou omsien nie. In 1863 reël Dunant 'n nie-amptelike konferensie waar ingestem is dat elke land ŉ hulp organisasie op die been moet bring wat in staat sou wees om in oorlogstyd met die gevegsmagte se Mediese Dienste saam te werk. Dit was die begin van die Rooi Kruis as internasionale organisasie. In 1864 was twaalf Europese lande ondertekenaars van die ooreenkoms met die onderneming dat daar in toekomstige oorloë na alle siek en verwonde militêre personeel omgesien sou word, ongeag hul nasionaliteit. Die ooreenkoms sou bekendstaan as die *Geneefse Konvensie* waar die fokus aanvanklik sou val op beseerde soldate op die slagveld, maar met verloop van tyd sou dit uitgebrei word om ook diegene te help wat in konflikte vasgevang is sonder om ŉ aktiewe rol in die stryd te speel. Daar bestaan nou vier Geneefse Konvensies (1864, 1906, 1929, 1949). Die vierde konvensie is opgestel na die Tweede Wêreldoorlog (1939-45) waarna allerweë as die *Geneefse Konvensie* verwys word. As lywige dokumente sou die Konvensies na tydsverloop onvolledig wees en sou dan met ŉ Protokol as toevoeging of wysiging aangevul word (Wikipedia:2016). Die kern van die Geneefse Konvensie en dié se Protokols was die respek vir menslike waardigheid van indiwidue ten alle tye; die menslike behandeling van krygsgevangenes; die beskerming van mense tydens burgerlike onrus (Wikipedia: 2016; Shaw, 2016).

[24] Die Universiteit van Kaapstad se Instituut vir Kriminologie het in 1986 ŉ verslag uitgebring waarin die Regering, Polisie en veiligheidswetgewing onder verdenking geplaas is. In die verslag is beweer dat 83% van alle aangehoudenes ingevolge veiligheidswetgewing deur die Polisie gemartel is. Volgens mnr. Le Grange, die destydse minister van Polisie, het dié 'martelverslag' gewemel van foute. Verskeie akademici het die verslag gekritiseer wat bevind het dat die 'ondersoek' geheel en al onwetenskaplik aangepak is (152.111.1.87/argief/berigte/die burger/1986/.../6.htm). In 1979 het adv. David de Villiers QC ŉ L.C. Steyn

gewing bemagtig is. Wat dikwels uit die oog verloor word, is dat die rewolusionêres geen ontsag vir enige *Queensberry Rules*[25] benadering gehad het nie, terwyl die polisie binne die grense van die wet moes werk (Stadler, 1997:4).

Hierdie stryd het sy letsels op die burgerlike bevolking gelaat. Duisende polisiemanne is vermoor, aangerand, beledig en vermink sodat daar uit polisie-geledere in die uitvoering van hul plig talle weduwees en wese gelaat is. Die ergste was dat dit gebeur het terwyl die polisie die samelewing wat hulle dien probeer beskerm het (Stadler, 1997:4). Tereg wys Stadler (1997: *op.cit*.) daarop dat hierdie optrede teenoor die polisie nie gesien is as die '*skending van menseregte'* of as '*misdade teen die mensdom'* nie. Blykbaar bestaan die persepsie dat wanneer iemand by die polisie aansluit, moet daardie persoon as beroepsrisiko verwag dat so iets sal gebeur, maar wanneer dit wel gebeur, het dit ook sielkundige gevolge wat veral jonger polisielede en hul onmiddellike familielede raak.

### 2.11.3 Onderskeid tussen die polisie en die militêre

Wanneer daar relatiewe vrede in ŉ land is, is die onderskeid tussen die polisie en die militêre gewoonlik duidelik, maar in tye van interne oorlog verander die situasie merkbaar en vind daar aansienlike oorvleueling plaas. Spencer (1851:par. 5069) wys die ooreenkomste tussen polisiemanne en soldate treffend uit waar hy skryf:

> There is in principle, no difference whatever between the blow of a policeman's baton and the thrust of a soldier's bayonet. In either case we have force sufficient to produce submission; and it matters not whether that force is employed by a man in red or by one in blue. *Policemen are soldiers who act alone: soldiers are policemen who act in unison.*

Die onderskeid tussen die polisie en die militêre tydens ŉ rewolusionêre oorlog kom veral na vore waar die militêre vir die vernietiging van die guerrillamagte en die beskerming van die plaaslike bevolking in ŉ bepaalde gebied verantwoordelik gehou word, is die polisie hoofsaaklik verantwoordelik vir die identifisering, arrestasie en ondervraging van insurgente. Sulke voormalige insurgente moet dan oorgehaal en gerehabiliteer word. Wat

---

gedenklesing gelewer wat regstreeks sou lei tot die instelling van die Rabiekommissie van ondersoek na veiligheidswetgewing onder voorsitterskap van regter P.J. Rabie.

[25] Reëls vernoem na die Markies van Queensberry wat in moderne boks as sportsoort in enige geveg sou geld. In die omgangstaal sou dit verwys na sportmanskap waar eerlike (skoon) spel die botoon moet voer, maar dat die gees van hierdie reëls ook sou geld as beleefde en beskaafde optrede tydens ŉ dispuut (Wikipedia:2016)

ook insiggewend is, is dat die soldaat die guerrillas of insypelaars sien as 'n militêre mag wat verslaan moet word, waar die polisiebeampte die vyand weer sien as gevaarlike misdadigers wat verwyder moet word deur die langsame, metodiese ondersoekproses wat in die geregshof resultate sal oplewer – al sou dit ook sy militêre kollegas in die proses die harnas injaag (Burger, 1992: 40,41). Anders as die militêre is die polisie vanweë hul werksomstandighede daagliks op grondvlak met die bevolking in aanraking. Omdat hulle die mense ken, is hulle gewoonlik bewus van wat in die gemeenskap aangaan (Burger, 1992:47).

## 2.12 DIE ONTSTAAN VAN KOEVOET

### 2.12.1 Agtergrond

Sedert Oktober 1977 het gewapende insurgente in groot groepe van 60 – 80 en selfs tot 100 Suidwes-Afrika veral vanuit Angola geïnfiltreer, maar gebrekkige inligting het die opsporing van hierdie insurgente ernstig aan bande gelê (Burger, 1992:297). Teen die einde 1977 het die Hoof van die SA Weermag en die Kommissaris van die SA Polisie samesprekings gevoer om veral beter inligting oor insurgensie te verseker.

Op 11 Januarie 1979 kom Koevoet – onder die kodenaam Spesiale Operasie "K" – tot stand, maar mettertyd is die kodenaam deur die eenheid se lede self tot *Koevoet* uitgebou as simboliese vergelyking met daardie instrument waarmee 'n relatief groter voorwerp losgemaak (oorwin) kan word. Koevoet sou die nie-amptelike naam van die eenheid bly (Burger 1992:298). Die doel van Koevoet was om alle moontlike inligting rakende die teenwoordigheid en *modus operandi* van die insurgente in te samel en aan die Veiligheidsmagte beskikbaar te stel (Burger, 1992: *op. cit.*).

Aanvanklik is Koevoet geskoei op die lees van die Selous Scouts in die destydse Rhodesië, maar het sedert 1980 heeltemal wegbeweeg van die Selous Scouts-konsep. Nou is groter klem gelê op beproefde polisiemetodes soos beriggewers, die arrestasie en ondervraging van verdagtes, patrollies en die ondervraging van die plaaslike bevolking (Burger, 1992:301). Koevoet het die nie-amptelike naam van die eenheid gebly, selfs nadat die geheime aard van die operasie laat vaar is (Burger, 1992:298; Stiff, 2004:54).

Koevoet se primêre rol was die insameling van inligting. Maar Koevoet sou spoedig hiervan wegbeweeg en begin oorskakel na 'n offensiewe gevegseenheid in 'n '*jag-en-*

*doodmaak-rol'* waar die klem sou val op 'n aggressiewe *'soek-en-uitwis'-strategie* (Burger, 1992:303). In die pers is na Koevoet verwys as "a ruthless, cold killing machine", maar in weerwil van die bewese aggressiewe militêre rol wat van Koevoet geskilder is, het hulle hulself steeds as gewone polisiemanne gesien wie se taak dit was om misdadigers aan te keer en misdaad te voorkom. Vir Koevoet het dit daaroor gegaan dat hulle hul wetlik voorgeskrewe verantwoordelikhede – naamlik die bewaring van die binnelandse veiligheid én die handhawing van wet en orde – slegs kon uitvoer deur die voorkoming van infiltrasie en die opsporing en uitwissing van insurgente wat reeds geïnfiltreer het (Burger, 1992:303).[26]

### 2.12.2 Koevoet se militêre suksesse

Koevoet was 'n hoogs doeltreffende eenheid sover dit die opsporing, arrestasie en veral die uitwissing van insurgente in die operasionele gebied van SWA/Namibië sou betref (Burger, 1992:304), maar Koevoet se sukses én die toenemende kritiek het die Minister van Wet en Orde in 1984 genoodsaak om die bestaan van die spesiale eenheid aan die Suid-Afrikaanse Parlement te openbaar en te regverdig (Burger, 1992:305).

Waaraan kon Koevoet se sukses toegeskryf word?

Burger (1992: 305) lys die volgende faktore:

- Al die lede van Koevoet was *vrywilligers.*
- Al die Koevoetlede was *permanent of semi-permanent* in die operasionele gebied gestasioneer en het sodoende vertroud kon raak met die omgewing en die inwoners, asook met hul taal en kultuur.
- Ongeveer 90% van die lede van Koevoet was verteenwoordigend van die plaaslike bevolking, en derhalwe vertroud met die omgewing en die inwoners, asook met hul taal en kultuur.
- In die operasionele gebied het Koevoet algehele vryheid van beweging geniet.
- Die gemiddelde ouderdom van Koevoetlede was hoër as dié van ander Veiligheidsmagte.

[26] In April 1981 bevind kaptein (later kolonel) Willie Fouché hom in SWA/Namibië vir roetine grensdiens van drie maande. Hy word op Rundu in die Kavango gepos toe hy en adjudant-offisier Johan Nortjé die opdrag kry om spesiale konstabels te rekruteer en op te lei om as wagte te dien vir die hoofmanne en ministers in Kavango. Dit was die begin van die stigting van 'n Koevoet-eenheid vir die Kavango (Stiff, 2004:147).

Hierby moet ook gevoeg word dat die meeste wit lede van Koevoet ook ervare polisiemanne was ten opsigte van ondermeer die ondersoek van misdaad, die ondervraging van verdagtes, ŉ ontwikkelde waarnemingsvermoë en geduld. Al hierdie eienskappe is in die aanstelling van ŉ polisieman onontbeerlik en sou dus soos ŉ handskoen pas in situasies waar insurgente – gesien as misdadigers – onder die plaaslike bevolking of in die veld skuiling soek (Burger, 1992: *op. cit*.).

Alhoewel daar wrywing was tussen Koevoet en die Weermag was Koevoet nogtans erkentlik teenoor die Weermag vir samewerking en ondersteuning. In hierdie opsig was daar byvoorbeeld die waardevolle bydrae van die geskutshelikopters van die Lugmag asook die noodsaaklike ambulansdiens van die *casualty evacuation* helikopter – kortweg die casevac-helikopter genoem (Burger, 1992:306). Al was die SA Polisie die staat se primêre gesagsorgaan, is beide die SA Polisie en die SA Weermag deur die wet verplig tot wedersydse en onderlinge steun en hulpverlening. Oorlogvoering, bekamping van misdaad, rebellie, gewapende opstand en insurgensie was hul taak (Els, 2012:232).

### 2.12.3 Kritiek teen Koevoet

Vanuit die geledere van die Weermaggeneraals was daar erge kritiek teen Koevoet.

- **Generaal Constant Viljoen**

Volgens Viljoen kon hy nie saamstem met Koevoet se werkswyse en metodes nie. Vir hom was daar ŉ wreedheid daarin wat nie *'the hearts and minds of the people'* sou bevorder nie (Hamman, 2001:65).

- **Generaal Jannie Geldenhuys**

Jannie Geldenhuys het tot dieselfde gevolgtrekking gekom terwyl hy die bevelvoerder van die militêre magte in Suidwes-Afrika was. Hy laat hom so oor Koevoet uit:

> One of the problems was that they [Koevoet – navorser se invoeging] never had anyone stationed there permanently. If that had been the case they'd never have done operations like that because the commander would still be there tomorrow and the next week, etc. ... But these guys didn't care because they knew they'd be gone soon (Hamann, 2001: *op. cit.*).

Geldenhuys se uitlating "*that [Koevoet] never had anyone stationed there permanently*" is teenstrydig met Burger (1992:305) wat juis fokus op die *permanensie of semi-permanensie* van Koevoetlede in die operasionele gebied. Dit was ŉ strategiese skuif sodat Koevoetlede vertroud kon raak met die omgewing en die inwoners, asook met hul taal en kultuur.

- **Generaal George Meiring**

Oor Koevoet het George Meiring sy opinie so laat hoor:

> Koevoet was not a law unto itself, Koevoet was just unto itself. Their command and control system was stupid. They were controlled out of Pretoria directly whereas our system was completely different. Our commanders weren't told when to do what. They were told what to do in a broad sense but the Koevoet commander got his instructions from Pretoria. A policeman is always trained as an indiwidual … the more successes he has, the better are his chances of promotion.[27] The military is different. There you're trained to be part of a team. You learn from the beginning you can't operate on your own. The military's system of command and control means a man can be held responsible for what he does. The policeman, on the other hand, is uncontrollable because he works as a loner … it is two different ways of life, and working together is a nightmare. I hated the way they operated (Hamann, 2001:65-66).

Natuurlik was Koevoet nie bo die wet en kritiek verhewe nie. Daarom moet die menings van die drie weermaggeneraals hierbo ook binne die konteks van daardie tyd verstaan word, want hier was twee verskillende en dalk botsende beroepskulture saamgebring wat noodgedwonge moes saamwerk (Stiff, 2004:59).

Kritiek deur die SA Weermag was gerig teen Koevoet weens hul optrede en metodes wat sou indruis teen die *'hearts and minds'*-benadering van die Weermag waarmee al in 1974 begin is. Deur uitgebreide optrede, gerig op die sosio-ekonomiese en psigologiese dimensies van die Namibiese bevolking, wou die Weermag poog om die bevolking as 'n rewolusionêre basis vir SWAPO te ontsê (Burger, 1992:255).

Hierteenoor beskryf Hooper (1988:59) wat hy op patrollie saam met Koevoet hieroor geleer het:

> Lined with clay, (the conical baskets) held stores of *mahango*, the staple crop of grain sorghum. Mahango fields sometimes extended 100 metres or more around a kraal. (*Warrant-Officer Marius*) Brand explained that because the security forces were forbidden to drive through the fields, SWAPO often used them for hiding places. *His disgust at the regulation showed* (navorser se invoeging en skuinsdruk). "I can promise you that if the boys find spoor going into the

[27] Dit sou die uitsondering op die reël wees, want vir bevordering na die range van sersant, adjudant-offisier en luitenant moes daar in die SA Polisie aan voorgeskrewe bevorderingseksamens deelgeneem word. Daarbenewens was verskeie indiensopleidingskursusse ook verpligtend. Waar daar wel uitsonderings was, is persone wat vanuit die burgerlike samelewing aangestel is om 'n spesifieke behoefte te vervul en taak te verrig. Daar sou ook gevalle wees waar ou konstabels, sersante en adjudant-offisiere met lang diensjare wel vir bevordering na die volgende rang bevorder word (Bron: Navorser se selfkennis uit sy dienstydperk in die SA Polisie sedert begin 1962 tot einde 1994).

> mahango, I'm not going to let them go in alone without the support from the cars. *We'll drive through those fields with them, and to hell with COMOPS*[28].

Wat nooit ontken kan word nie, is die Namibiese plaaslike bevolking se ervaring van die gruwel van oorlog (Vale, 2014:7), maar wat Vale uit die oog verloor, is dat die plaaslike bevolking trauma beleef het aan die hand van die Veiligheidsmagte asook SWAPO-insurgente (Kamongo, 2011:35, 51, 57). Wanneer Burger (1992:307) oor kritiek teen Koevoet skrywe, begin hy met die volgende aanhaling wat hy op Koevoet van toepassing maak:

> Special fighting units in modern warfare inevitably gain reputations for ruthlessness. Their secret operations lead to charges of atrocities and low standards of behaviour – often difficult if not impossible to prove or disprove.

Die kritiek teen Koevoet is hoofsaaklik op beskuldigings en bewerings van wandade teenoor die plaaslike bevolking gebaseer. Behalwe daardie sake wat voor die howe gedien het, is dit bykans onmoontlik om te bepaal tot watter mate was die aantygings gegrond. Alhoewel verskeie Koevoetlede periodiek aan bepaalde misdrywe skuldig bevind is, bestaan daar tog in die algemeen groot twyfel oor die geldigheid van die meeste van die bewerings wat voortdurend teen Koevoet gemaak is (Burger, 1992: *op. cit.*). In sommige oorde is aangevoer dat die aantygings teen Koevoet – met of sonder substansie – deur SWAPO en SWAPO-gesinde organisasies en persone gemaak is as deel van ŉ propaganda strategie om Koevoet in diskrediet te bring en sy doeltreffendheid te vernietig (Stiff, 1989:18).

Vier kardinale sake in die Namibiese howe teen Koevoet het aan die einde van 1983 ŉ bepaalde geloofwaardigheid aan talle ongetoetste bewerings teen die eenheid verleen. In die eerste drie sake het die aanklagte gewissel van moord tot strafbare manslag en aanranding, maar die vierde saak het die meeste opspraak verwek. Twee spesiale konstabels van Koevoet is skuldig bevind aan verskeie aanklagte van moord, roof en verkragting en een van hulle is uiteindelik daarvoor tereggestel (Hooper, 1988:163).

---

[28] Comops (Afrikaans – Komops) is ŉ afkorting van die voormalige SAWM vir *Communication Operations/Kommunikasie Operasies* met betrekking tot alle aspekte van kommunikasie operasies wat gerig is op die moreel van die eie magte asook op dié van die vyand. Geskoei op die Franse ervaring van psigologiese oorlogsoptrede in Algerië het die SAWM sedert 1978 omvangryke opleiding in psigologiese operasies ontvang waar pamflette en radio-uitsendings gerig – op die vyand as teen-propaganda – die plaaslike bevolking daarvan wou oortuig dat die Suid-Afrikaanse soldate hulle vriend is. Komops was gerig op die burgerlike samelewing en is gedra deur die *winning the hearts-and-minds* (WHAM) veldtogte van humanitêre bystand (Comops, 2016).

Koevoet se beeld en ook dié van die SA Polisie het deur die gepaardgaande publisiteit groot skade gely, want mediaberigte sou onder opskrifte verskyn soos *Mad Dogs*, *The Killing Machines*, *Licensed Murderers* en *Death Squads* (Burger, 1992:308).

Die negatiewe publisiteit voortvloeiend uit die voormelde vier sake het die ideale geleenthede vir propaganda geskep wat dan talle latere bewerings teen Koevoet sou kon verklaar. In die Suid-Afrikaanse Volksraad is daar in Mei 1984 ŉ debat oor Koevoet gevoer en is daar vanuit die Volksraad en die media versoeke gerig vir Koevoet se ontbinding (Burger, 1992: *op. cit.*).

Vir die negatiewe beeld wat rondom die eenheid ontwikkel het, was Koevoet waarskynlik in ŉ groot mate verantwoordelik. Die Owambolede van Koevoet het weinige polisieopleiding en/of ervaring gehad en is hoofsaaklik vir opsporing en uitwissing opgelei (Burger, 1992:309). Koevoet se vasberadenheid om aan die strategie van *soek-en-uitwis* uitvoering te gee, het ŉ persepsie van meedoënloosheid en kragdadigheid van die eenheid geskep en waarskynlik was daar ook ŉ persepsie van elitisme en heroïsme by Koevoetlede self (Burger, 1992:310; Hooper, 1988:159-160). Op die aantygings oor Koevoet se kriminele aard, het die eenheid aangevoer dat die kriminele dade deur indiwidue gepleeg was terwyl van diens; dat die hele eenheid nie daarvoor verwyt kon word nie; en dat die oortreders in die meeste gevalle deur lede van die eenheid self gearresteer is (Hooper, 1988:163; Burger, 1992: *op. cit.*).

- **Generaal J.G. 'Sterkhans' Dreyer, stigter en bevelvoerder van Koevoet, se repliek hierop**

Oor die aantygings teen Koevoet het Sterkhans Dreyer so gereageer:
Die optrede van misdadige enkelinge kan nie ŉ weerspieëling wees as sou dit Koevoet se benadering en gesindheid wees nie. Só het Dreyer dit verduidelik:

> ŉ Eenheid waarvan die meeste van die swart lede in die gebied woon en waar Koevoet op die goedgesindheid van die inwoners moes staatmaak, sou dit baie dom wees om mense te verkrag en te vermoor (Burger. 1992:311).

Weens die negatiewe kritiek rondom Koevoet het daar aan die naam *Koevoet* ŉ stigma begin kleef en in ŉ poging om daarvan ontslae te raak, sonder om die eenheid te ontbind, is die naam van die eenheid verander. Op 1 Mei 1985 is die eenheid aan die Suidwes-Afrikaanse Polisie (SWAPOL) oorgedra. Die eenheid is herdoop tot die Suidwes-

Afrikaanse Polisie Teeninsurgensie-eenheid (afgekort as SWAPOL-TIN). Omdat die naam Koevoet ŉ onlosmaaklike deel van die eenheid geword het, het sowel sy lede as sy ondersteuners en opponente volgehou met die gebruik van dié naam (Burger, 1992:311).

Koevoet se posisie het weer in 1988 ter sprake gekom. Op daardie tydstip was internasionale onderhandelinge oor die toepassing van Resolusie 435 van die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad weer op dreef. Vir sommige van die onderhandelende partye was die voortbestaan van Koevoet onaanvaarbaar. Na afloop van die drieparty-vredes-ooreenkoms op 18 Julie 1988 het Suid-Afrika se Minister van Buitelandse sake aangebied om die SWA Polisie met eenduisend driehonderd man te verminder en om Koevoet te ontbind (Burger, 1992:312).

1 April 1989 was die implementeringsdatum van Resolusie 435. Maar op daardie dag het groot getalle swaargewapende lede van die Peoples Liberation Army of Namibia (PLAN) as SWAPO se militêre vleuel – in stryd met die internasionale ooreenkoms – Namibië vanuit Angola geïnfiltreer. Tydens die infiltrasie was Koevoet in staat om binne enkele ure weer as ŉ doeltreffende gevegseenheid te organiseer en op te tree (Burger, 1992: *op. cit*.). Koevoet is finaal gedurende September 1989 ontbind. Dit was deel van ŉ ooreenkoms waarin gepoog is om ŉ regverdige verkiesing in November 1989 te verseker (Burger, 1992: *op. cit*.).

### 2.12.4 Oorlogsbrutaliteit en marteling

ŉ Ernstige vraagstuk tydens ŉ rewolusionêre oorlog is dié van marteling of beskuldigings van marteling wat onder beide insurgente en teeninsurgente. Dit blyk ŉ redelike algemene praktyk te wees wat deur beide kante aangewend word. Waar insurgente die plaaslike bevolking martel of terroriseer as straf vir samewerking met die regering, kan marteling ook aangewend word om die plaaslike bevolking te beweeg om iets te doen of nie te doen nie. Teeninsurgente sal daarteenoor weer marteling aanwend om inligting te verkry (Burger, 1992:51).

Marteling word allerweë as onwettig beskou, tog word dikwels gepoog om ŉ mate van regverdiging daarvoor te vind (Burger, 1992: *op. cit*.). Terroriste aanvalle of gruweldade toon in die algemeen ŉ totale minagting vir menslike gevoelens en emosies (Stadler, 1997:5). Alhoewel sommige organisasies die Protokol tot die Geneefse Konvensie

onderteken het om daardeur aan die wêreld te toon dat hulle daartoe verbind is om slegs ‘harde militêre teikens’ aan te val, was dit ŉ teenstrydigheid, want in die laat 1980’s was die meeste teikens eintlik ‘sagte teikens’ waardeur honderde burgerlikes gedood of beseer is (Stadler, 1997:6).

Nadat die ANC en ander rewolusionêre organisasies besluit het om die regering met geweld omver te werp, was dit die veiligheidsmagte wat die geweld moes bestry. Dit het weer ŉ groot deel van die swart bevolking in botsing met die veiligheidsmagte gebring. Hieroor was kerk en samelewing verdeeld, want sekere kerk- en ander gemeenskapsleiers het die geweld heftig veroordeel terwyl andere dit weer sou goedkeur en deel word van die rewolusionêre aanslag. Dit sou weer daartoe lei dat lede van die veiligheidsmagte, burgerlikes asook lede van die rewolusionêre organisasies geweldadig gedood is (Van der Merwe, 2014:166).

Bellamy (2006:123-125) laat hom so oor oorlogsmarteling uit:

> I argue that the prohibition on torture should be maintained but that, *in exceptional circumstances, desperate necessity may dictate, though not excuse, its use*. There are at least three reasons for maintaining the prohibition: First, the torturers claim that ‘torture always works’ is no more realistic than the liberal claim that ‘torture does not work’. Although there are cases where torture has led to the extraction of useful information, there are many other where it has not. The utilitarian argument is therefore not strong enough by itself to override the fundamental rights argument. Second, torture violates the *jus in bello* principle of non-combatant immunity: a right that can never be suspended, even during emergencies. Third, torture cannot be defended in a morally consistent fashion: claiming a moral right to torture prisoners to extract military necessary information creates a precedent that others may use (navorser se skuinsdruk en beklemtoning).

Wêreldwyd bevind soldate en geregsdienaars hulself in ŉ onbenydenswaardige situasie. Enersyds kan geen weermag of polisiemag of -diens dit waag om die marteling van aangehoudenes goed te keur of oogluikend toe te laat nie, want dit sou indruis teen die beginsels waarop die handhawing van die reg berus en sal dit noodwendig tot die dood of ernstige besering van menige aangehoudenes lei. Andersyds is daar die drang deur plig en omgee om die weerloses tot elke prys teen terreur, geweld en misdaad in die algemeen te beskerm. Daarom is dit ironies dat lede van die weermag en geregsdienaars wat in die gewelddadige stryd voor 1994 deur plig en die drang om te beskerm van marteling gebruik sou maak, hulself sou blootstel aan al die nadelige gevolge daaraan verbonde en

nou nog as gevolg daarvan dikwels verguis word – veral deur persone wat veilig en beskut in ŉ leunstoel sit en nie die vaagste benul het wat in sulke omstandighede in die gemoed van die weermagslid of geregsdienaar aangaan nie (Van der Merwe, 2014:167). Ook die rewolusionêre magte – SWAPO, ANC, en die PAC – ontsnap nie aan oorlogsgeweld en brutaliteit[29] nie. Vir Trewhela (2010:30) word die ANC se Quatro[30] die beste beskryf deur Zaba Maledsa se bondige verklaring: "When you get in there, forget about human rights". Quatro het in 1979 tot stand gekom as ŉ rehabilitasie sentrum van die ANC waar vyandige spioene wat die ANC geïnfiltreer het 'heropgelei' en oorgehaal sou word tot die ANC omdat hulle hulself met die ANC se menslike karakter en ideale kon vereenselwig. Ongelukkig sou Quatro ontaard in ŉ tronk wat veel erger sou wees as enige tronk onder apartheid wat geag is as ŉ misdaad teen die mensdom (Trewhela, 2010: *op. cit.*). Binne Quatro het streng reëls gegeld en enige verbreking daarvan sou lei tot onmenslike swaar strawwe. Verder was die selle donker, klam en beknop met minimale ventilasie. In 1990 het oud-aangehoudenes van Quatro ŉ ope brief gerig aan Nelson Mandela om die skandelike bladsy in die geskiedenis van die ANC onder sy aandag te bring (Trewhela, 2010: 43-45). Die ANC sou oor ŉ tydperk van tien jaar drie kommissies aanstel om ondersoek in te stel na marteling in ANC kampe, maar teen die skuldiges is weinige aksies geneem (Dlamini, 2014:221).

## 2.13. GEREGVERDIGDE OORLOGSOPTREDE (JUST WAR DOCTRINE)

### 2.13.1 Wydlopende standpunte

Geregverdigde oorlogsteorie (*jus bellum justum*) is die leerstuk, waarna ook verwys word as ŉ tradisie van militêre etiek wat deur teoloë, etici, beleidmakers en militêre leiers bestudeer word. Hierdie dogma wil verseker dat oorlog moreel regverdigbaar is deur die

[29] Paul Trewhela se *Inside Quatro: Uncovering the exhile history of the ANC and SWAPO* onthul van die ANC en SWAPO se wreedhede tydens hul ballingskap wat beide bevrydingsbewegings liefs sou wou vergeet.

[30] Quatro (by die ANC amptelik bekend as *camp 32* of die Seabelo Rehabilitation Centre) is ŉ Portugese woord vir die syfer 4 – wat dwarsoor Suid-Afrika gebruik is as verwysend na die berugte afdeling 4 vir die aanhouding van *swartes* in die Ou Fort, Johannesburg (Trewhela 2010:5). Suid-Afrika se Konstitusionele Hof – gebou op die perseel van die Ou Fort in Johannesburg – kyk vanaf *Constitutional Hill* uit oor die stad Johnnesburg. Die Ou Fort, gebou in 1896 tot 1899, is een van Johannesburg se oudste geboue en is tydens die Anglo-Boere Oorlog deur die Boere as ŉ fort teen die Britse opmars gebruik, maar sou later omskep word in ŉ gevangenis. Drie seksies van die gevangenis – Nommer Vier vir swart mans; die vrouegevangenis; en die Ou Fort – het as musea behoue gebly. Die Ou Fort-gevangenis sou berug word as die tronk waar politieke gevangenes, insluitende Mahatma Gandhi en Nelson Mandela, Joe Slovo, Bram Fischer, Albert Luthuli en Robert Sebukwe aangehou is. Later sou daar na die Ou Fort verwys word as die Robbeneiland van Johannesburg (Anon., 2016; Wikipedia: 2016).

nakom van aanvaarde internasionale morele en etiese kriteria voordat oorlog oorweeg word (Wikpedia:2016). Tradisioneel onderskei teoretici tussen twee stelle reëls:

(a) die *jus ad bellum* reëls bepaal *die reg (rasionaal)* om oorlog te voer (Moseley, 2019:4)

(b) die *jus in bello* reëls wat weer bepaal wat in *oorlogsoptrede* billik en regverdig is (Guetlein, 2005:9; Moseley, 2019:7).

Al hoe meer stemme gaan op dat geregverdigde oorlogsoptrede 'n derde kategorie moet insluit, naamlik:

(c) die *jus post bellum* reëls wat moet handel oor die moraliteit van *'n na-oorlogse skikking en heropbou* (Moseley, 2019:11).

Oor die regverdiging van oorlog is daar wydlopende standpunte. Die vraag wat eerste opkom, is: *Kan die lyding veroorsaak deur oorlog ooit geregverdig word?* Die vroegste Christelike siening van geregverdigde oorlog kan teruggevoer word na Augustinus van Hippo (354-430 nC) en Thomas Aquinas (1224-1274 nC). Augustinus was as Christen teoloog een van die eerstes wat die standpunt sou handhaaf dat 'n Christen 'n soldaat kan wees om daardeur God en vaderland eerbaar te dien. Met goeie rede het God immers die swaardmag aan die owerheid gegee (Rom 13:4)[31] en derhalwe kon Christene as deel van die owerheid die vrede bewaar en die boosheid straf. Thomas Aquinas sou negehonderd jaar later Augustinus se argumente gebruik en die voorwaardes uitlê waaronder 'n oorlog regverdig kon wees, naamlik:

- Eerstens moet oorlog deur 'n gesagsinstelling soos die staat gevoer word, want vrede moet die algemene welstand dien wat vir die mens ook vrede met God kan bring.
- Tweedens moet oorlog plaasvind vir 'n goeie en regverdige saak eerder as vir eie gewin. Volgens Aquinas is *in volksbelang* nie geregverdig nie en nog minder sal *magsoptrede* deurgaan as geregverdigde optrede om die goeie wat

[31] Gehoorsaamheid aan die burgerlike gesag het sy oorsprong in God as die bron van alle gesag. Daarom moet die owerheid as dienaar van God gehoorsaam word en is verset teen die owerheid opstand teen God se ordening. Die gedagte dat God regeerders daarstel word teruggevind in die Ou Testament (2 Sam 12:8; Dan 2:21, 37-38), maar dit is geen waarborg dat die owerheid altyd sy mag reg sal gebruik nie en kan die owerheid 'n dienaar van Satan word. In Openbaring 13 kom hierdie keersy van die munt duidelik na vore. Vergryp 'n owerheid hom aan sy opdrag en van Christene vereis word om hul Christenskap te verloën, kom die Christen se plig tot onderwerping in die gedrang en word gehoorsaamheid aan God die prioriteit (Hand 5:29) (Du Toit, 2004:151; Heyns, 1989:165).

ontneem is, te herstel, bv. verlore grondgebied, straf vir boosheid wat deur die owerheid, die militêr of selfs die burgerlike bevolking bedryf is.

- Derdens moet vrede, te midde van geweld, die hoofmotief wees. Daarom vereis die regte intensie dat ŉ owerheid moet veg vir ŉ geregverdigde rede wat uitdruklik opgeëis is om oorlog te verklaar (Clouse, 1978:1029).

### 2.13.2 Soldate se optrede tydens oorlog

Nadat oorlog uitgebreek het, tree die *jus in bello*-reël in werking wat die beginsels bepaal vir militêre optredes:

- **Onderskeiding**

Geregverdigde oorlogsoptrede moet beheer word deur die beginsel van onderskeiding waar oorlogsoptrede gerig is op vyandige vegters en nie op nie-strydendes wat vasgevang is in situasies wat hulle nie geskep het nie. Sulke dade sluit die bombardering van burgerlike woongebiede in waar geen militêre teikens is nie; geen pleging van terreurdade teen burgerlikes nie; asook die aanval van neutrale teikens.

- **Eweredigheid**

Geregverdigde oorlog word deur die beginsel van ewewigtigheid beheer. Vegters moet seker maak dat die geringste mate van skade aan burgerlikes en burgerlike eiendom aangerig word.

- **Militêre noodsaaklikheid**

Dit is ŉ vereiste vir geregverdigde oorlogvoering. ŉ Aanval of optrede moet ingestel wees om die vyand militêr te verslaan en waar burgerlikes en burgerlike eiendom getref is, moet dit in verhouding wees tot die verwagte militêre voordeel. Dié beginsel wil buitensporige en onnodige dood en verwoesting beperk.

- **Billike behandeling van krygsgevangenes**

Gevangenes wat hulself oorgegee het of wat krygsgevange geneem word en nie meer ŉ bedreiging inhou nie, mag nie gemartel of mishandel word nie.

- **Geen *malum in se*[32]-optredes nie**

Vegters mag nie wapens of ander oorlogsmetodes wat as euwels beskou word gebruik nie, soos massa verkragtings, om vegters van die vyand te dwing om teen hul makkers te veg nie, of om wapens te gebruik waarvan die uitwerking nie gekontroleer kan word nie – soos kern- of biologiese wapens (Wikipedia, 2016).

### 2.13.3 Die Christen se reaksie op oorlog

#### 2.13.3.1 Pasifisme

Volgens Edgar (s.a.:1) kan Christene op drieërlei maniere op oorlog reageer, nl. pasifisme; die geregverdigde oorlogsleer; en deur vrede te maak. Die afgryslike nagevolge van twee wêreldoorloë het onder nasies die hunkering na vredesluiting en versoening laat ontstaan en in hul soeke na ŉ legitieme en onafhanklike gesagsliggaam is eers die Volkerebond en daarna die Verenigde Nasies tot stand gebring. Tog was dit nie die einde van oorlogvoering nie en kan daar nou tussen verskeie soorte oorloë onderskei word, soos ŉ *internasionale oorlog* wat ŉ bedreiging sal bly solank as nasionalisme, onreg, armoede en ander verskille tussen nasies voortbestaan. Naas *intra-nasionale* oorloë wat binne state uitwoed, is daar ook die *oorlog teen terrorisme* (Edgar, s.a.:2).

Die oudste Christelike gesindheid teenoor oorlog is pasifisme wat uitgaan van die fundamentele oortuiging dat doodslag nooit reg is nie omdat die bose met die goeie oorwin moet word. Vir pasifisme is die Bybelse vertrekpunt die lewe van Jesus en sy uitspraak in Matteus 5:44: "Julle moet julle vyande liefhê". Jesus bewys toe hierdie opdrag met ŉ daad in Getsemane. Om Jesus te verdedig, trek Simon Petrus sy swaard en kap die slaaf van die hoëpriester se oor af. Petrus se optrede was redelik en rasioneel ter beskerming van die onskuldige, maar Jesus doen twee dinge. Hy beveel Petrus om sy swaard terug te sit in skede en Hy genees Malgas se oor (Luk 22:47-53; Joh 18:1-11) (Edgar, s.a.:3).

Van Wyk (1991:146-147) onderskei tussen *passivisme* en *pasifisme.* Waar beide oorlog en oorlogswapens verwerp is die *passivisme* meer lydelik van aard as die *pasifisme*, want waar die uitgangspunt van die passivisme 'non-resistance' is, is dié van die *pasifisme*

[32] ***Malum in se*** (mv. ***mala in* se**) is die Latynse bewoording vir 'n regsbegrip wat verwys na 'n daad wat *op sigself boos* en vanuit sy aard *onwettig* is omdat dit die natuurlike, morele of openbare beginsels van 'n beskaafde samelewing skend.

weer *non-violent resistance* – dus geweldloosheid teenoor geweldlose verset. Voorbeelde hiervan is die Kwakers, Dopers, Broedergemeentes asook die Jehova Getuies. By die pasifisme is daar van verset sprake, natuurlik geweldlose verset, in onderskeiding van die militarisme met sy gewelddadige verset en is hier geen sprake van volslae weerloosheid nie, maar van weerbaarheid – geweldlose weerbaarheid wat as alternatiewe metode van verdediging voorgestaan word.

#### 2.13.3.2 Geregverdigde oorlog

Volgens hierdie leerstuk redeneer Christene dat situasies kan ontstaan waar oorlog geregverdig is. ŉ Christen wat hierdie teorie goedpraat, sal net so ywerig soos die pasifis na vrede soek, maar ŉ geregverdigde oorlogsbenadering het as vertrekpunt dat dit beter of regverdiger is dat die aggressor gedood word eerder as wat onskuldige of onderdrukte mense gedood word. Die basiese uitgangspunt hier is Romeine 12:9 – 13:10 waar die kwaad deur die goeie oorwin moet word. Waar pasifisme uit sy aard idealisties is, is die leerstuk oor geregverdigde oorlog in wese pragmaties en berekenend wat tred hou met die sondige werklikhede van die wêreld en wette gebruik om daarmee te handel (Edgar, s.a.:4-5). Weens die aakligheid van oorlog probeer regerings altyd die regverdigheid van oorlog bewys en dat die dinge erger sou wees as dié oorlog nie gevoer word nie (König, 2009:360). Aan die anderkant van die politieke spektrum was daar weer diegene wat die gebruik van geweld in die stryd teen apartheid as geregverdigd beskou het (Dlamini, 2014:17).

#### 2.13.3.3 Christene as vredemakers

Die enigste onweerlegbare opsie vir Christene is om vredemakers te word. Om vrede te maak is nie net ŉ reaksie op ŉ situasie wat verkeerd geloop het nie, maar is ŉ positiewe, voorkomende handeling wat ŉ wêreld van liefde, vrede en geregtigheid skep. Om dan aan oorlog ŉ gedagte te gee, sal as onsinnig voorkom. In die Ou Testament is daar ŉ noue band tussen reg en geregtigheid (Jes 59:8, 9). Daarom moet diegene wat vrede soek, werk vir geregtigheid (Edgar, s.a.:6).[33]

[33] Brian Edgar (s.a:6) wys op ŉ baie nou samehang tussen vrede en liefde in die Nuwe Testament. Wanneer die punt van oorlog bereik word, is dit weens ŉ gebrek aan liefde op ŉ vroeër stadium. Hy wys daarop dat dit vir die Amerikaners verreweg in die 1980's goedkoper sou wees as hulle Irak en Afghanistan eerder met hulp oorspoel het as om daar oorlog te gaan maak. Dan sou mense nie net in die oorlog hul lewens verloor het nie, maar sou daar nie die verlies aan menselewens gewees het wat aan hongersnood en die tekort aan mediese hulp sou sterf nie. Genl. Dwight Eisenhower, Amerikaanse president (1953-1961) sou die volgende oor oorlog sê: *"Every gun that is made, every warship launched, every rocket fired signifies,*

## 2.14 WEERSTAND TEEN SUID-AFRIKA EN APARTHEID

### 2.14.1 Binnelandse weerstand as burgerlike verset

#### 2.14.1.1 'End Conscription Campaign' (ECC)

Die *End Conscription Campaign* was 'n anti-apartheid organisasie. Dit was in alliansie met die United Democratic Front en het bestaan uit gewetensbeswaardes of diensweieraars om in die voormalige SA Weermag diensplig te doen. Verpligte militêre diens vir jong blanke mans was owerheidsbeleid onder apartheid en van dienspligtes was verwag om militêre diens op 'n gereelde basis te verrig (Feinstein, 2011:11-15).[34]

As 'n protes teen verpligte diensplig is die End Conscription Campaign (ECC) in 1983 gestig. Die ECC sou vir sy veldtogte steun mobiliseer, gewetensbeswaardes ondersteun asook 'n forum daarstel om die publiek oor diensplig in te lig en op te voed en met alternatiewe oor diensplig na vore te kom (Wikipedia 2016). Besware teen militêre diens en die Oorlog in Angola was in wese gerig teen die rol van die veiligheidsmagte in die instandhouding van Suid-Afrika se apartheidsbeleid (Wikipedia 2016). Die gewilde radioprogram vir die troepe op die grens – *Forces Favourites* – is deur die ECC ingespan om deur populêre musiek teen die apartheidsbeleid te protesteer, soos onder andere die gewilde *Give me hope Joanna* en vele ander liedjies.

#### 2.14.1.2 'Black Consciousness Movement' (Swart Bewussynsbeweging)

Die 'Black Consciousness Movement' (BCM) oftewel die *Swart Bewussynsbeweging* het in die 1960's en 1970's in Suid-Afrika ontstaan onder leiding van Steve Biko[35] wat veral die menswaardigheid van die swart mense in die konteks van apartheid benadruk het

---

*in the final sense, a theft from those who hunger and are not fed, those who are cold and who are not clothed* (Edgar s.a.:7)".

[34] Diensplig kon vir blanke Suid-Afrikaanse mans aanbreek sodra hulle die ouderdom van 18 bereik, of as vrystelling aan hulle verleen is om eers universiteitsopleiding te ondergaan, maar min jong mans is van diensplig vrygestel behalwe as daardie persoon as medies ongeskik verklaar is (Feinstein 2011: *op. cit.*).

[35] Stephen Bantu (Steve) Biko (1946-1977) was 'n prominente aktivis teen apartheid, veral oor sy rol in die Swartbewussynsbeweging (Black Consciouness Movement) en sy dood in aanhouding ná langdurige marteling. Aan die Universiteit van Natal het hy medies studeer waar hy eers by NUSAS (National Union of South African Students) en later by die South African Students' Organisation (SASO) aangesluit het. SASO was 'n bewuste alternatief vir NUSAS, waarin, volgens Biko, swartes tweede viool gespeel het. Hy is herhaaldelik aangehou en onder huisarres geplaas. Die kern van Biko se filosofie was dat swartes eers innerlik van hul minderwaardigheidsgevoel en hul gevolglike verheerliking van wit waardes bevry moes word alvorens hulle polities bevry kon word. Hy was gekant teen die verromantisering van die tradisionele Afrika kultuur én van die summiere afwysing daarvan uit 'n westerse perspektief. Aan gesprekke oor die swart teologie het Biko deelgeneem (Brand, 2008:114).

(Koopman, 2008:1059; König, 1993:44)[36]. Die *Swart Bewussynsbeweging* was 'n sambreelterm vir die verskillende organisasies[37] wat die ideologie van swartbewussyn onderskryf het soos dit veral in die 1960's deur studente gepropageer is en was ook verwant aan die Suid-Afrikaanse Swart Bevrydingsteologie – kortweg bekend as Swart Teologie (König, 1993:43).

Die begrip *'swart'* het ook Indiërs en kleurlinge ingesluit, want by mense moes daar 'n trots vir hul velkleur gekweek word terwyl hulle ook bewus gemaak moes word van hul eie '*Swart'* geskiedenis en kultuur wat van dié van die blankes verskil. Om hierdie rede wou hulle nie meer volgens blanke waardes en norms beoordeel word nie en om dit te vermag moes die swartes hulself psigologies bevry van die 'slawementaliteit' wat deur 'geïnstitusionaliseerde rassisme' en 'wit liberalisme' geskep is (O'Malley, s.a. 2016.). In wese is swart bewussyn dus ŉ lewenshouding, maar na sy verbanning in 1977 het die ideologie van swartbewussyn geleidelik verskuif na swart bevryding en die terugneem van grond (O'Malley, s.a. 2016).

Na 1976 se Soweto opstande sou swart politiek in Suid-Afrika dramaties verander en sou dit ver en wyd versprei waar swart organisasies op alle samelewingsvlakke sou opspring. Deur insurgensie sou die ANC terugkeer en die UDF ook ontstaan terwyl die vakbonde al hoe sterker sou word en die swart jeug ook hul mag sou demonstreer. Ideologieë sou verander en ontwikkel, maar terwyl die Swart Bevrydingsbeweging sy houvas op die swart mense verstewig sou interne tweespalt meer intens word. Organisatoriese, ideologiese en strategiese verskille sou in velheid toeneem en die leiers sou aanhou om mekaar daarvan te beskuldig dat hulle die *struggle* verloën (Hirschmann, 1990:9).

In 1979 is die Black Consciousness Movement of Azania (BCMA) gestig wat by die *bevrydingsteologie* aanklank sou vind en sou strewe na die totstandkoming van 'n

---

[36] Waar Swart Teologie ŉ reaksie was op die politieke sisteem van apartheid wat vir swart mense onmenslik en vernederend sou wees omdat hulle beskou is as ander soort mense wat gevaarlik en minderwaardig is, en slegs aanvaar is as ŉ ding, ŉ blote voorwerp, ŉ 'labour unit' of ŉ stuk gereedskap, sou maak dat swart mense nooit hul menslike waardigheid as skeppende en verantwoordelike wese sou herwin nie (König, 1993:43, 45-46; Koopman, 2008:1060), sou die Swart Bewussynsbeweging weer ontstaan as ŉ eksklusiewe swart groepering met die kreet: "Swartman, jy is op jouself aangewese. Niemand anders gee vir jou om nie … niemand kan die boeie van jou onderdrukking breek nie (König, 1993:47; Dlamini, 2014:25)".

[37] Invloedryke groepe wat deel was van die Swart Bewussynsbeweging en gedeel het in die ideologie van swartbewussyn, was onder andere die Black People's Convention (BPC) en die South African Students' Organisation (SASO).

*demokratiese sosialistiese staat* en het derhalwe probeer om die ANC en die PAC as bevrydingsbewegings te verenig. Die BCMA wou dat die verskillende bevrydingsbewegings ŉ verenigde front vorm, maar was gekant teen onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse regering en het die ANC se samesprekings met die regering skerp gekritiseer, want die BCMA wou dat die gewapende stryd voortduur (O'Malley, s.a.). Vir die BCMA was daar drie ononderhandelbare eise, naamlik *een man, een stem*; die *herverdeling van grond*; en die *herverspreiding van rykdom* (O'Malley, s.a.). In die AZAPO nuusbrief beskryf Quraish Patel dat Swartbewussyn ŉ ontkenning is van blanke meerderwaardigheid en nie ŉ ontkenning van blankes as mense is nie (Patel, 1981).

Vanuit die Swart Bewussyn sou daar ook kritiek kom oor wat in Suid-Afrika in die 21ste eeu gebeur:

> The 21st century has, so far, not been marked by die dispersal of power to all, but by its further concentration in the hands of the few. It has not seen the destruction of oligarchies but their increase in political and economic affairs and it has seen former liberations movements become self-serving entities that sacrifice the needs of the masses through abuse of state resources and corruption (Mabika, 2015).

Hierdie is ŉ kookpot wat enige tyd weer ŉ oorlog of ŉ revolusie kan ontketen. Hough (2008:1) wys daarop dat terwyl rewolusionêre potensiaal aanduidend kan wees van moontlike rewolusionêre optrede, daar ook ander faktore kan wees wat die aanvang daarvan kan bepaal. Alreeds in 2005 het Pres. Thabo Mbeki in die Parlement aangedui dat swak dienslewering[38] op die lange duur Suid-Afrika se stabiliteit negatief kan beïnvloed (Hough, 2008:7).

#### 2.14.1.3 'United Democratic Front' (UDF)

In Augustus 1983 kom die United Democratic Front (UDF) tot stand as 'n sambreelorganisasie wat vyfhonderd verskillende organisasies sou saamsnoer. Vir alle praktiese doeleindes was die UDF ŉ front vir die ANC. As C*harterists'* organisasies sou albei dieselfde doelstellings nastreef (Stadler, 1997:47; Van der Merwe, 2012:109). Die

[38] In 2006 is 920 goed gekoördineerde gevalle van onrus oor swak dienslewering in Suid-Afrika aangemeld en wat ŉ groot probleem vir die regering inhou. Teen September 2007 was daar in Gauteng alleen 40 gevalle van protesaksies. Die ANC het toe sy 'diepe kommer' oor diensleweringsprotesse uitgespreek en was van oordeel dat sommige uit gemeenskappe met werklike probleem gekom het, terwyl ander weer polities gemotiveerd sou wees. Die skeidslyn tussen die twee is dun en albei moes dieselfde aandag kry (Hough, 2008:8).

SA Polisie was uiteindelik verplig om deur die Delmas hoogverraad verhoor[39] teen die UDF op te tree. Dit lei toe tot die einde van die UDF wat geleidelik deur die Mass Democratic Movement (MDM) as losse federasie vervang sou word. Die mikpunt van beide die UDF én die MDM was die uiteindelike ondergang van Suid-Afrikaanse regering. Om daarin te slaag, was hul optrede gefokus op die verskillende komponente van die Staat se magsbasis waar optredes op die volgende vier terreine gemik sou wees, naamlik:

- Die ***politieke/grondwetlike*** terrein wat die wettigheid van die staat sou ondermyn en die land onregeerbaar maak terwyl massa intimidasie teen die sogenaamde meelopers van die 'vyand' (SA regering) aangemoedig is. Daar was ook toenemende pogings om die moraal en weerstand van die veiligheidsmagte te ondermyn deur ondermeer die bevordering van die *anti-conscription campaign*, asook die vurige aandrang op die internasionale isolasie van die RSA (Stadler, 1997:48).
- Die ***ekonomiese*** terrein waar die onstuimige binnelandse situasie negatiewe gevolge op buitelandse besigheidsvertroue en investering sou hê. Daarmee saam is werkers ook aangestig tot stakings, wegbly aksies en verbruikersboikotte (Stadler, 1997:49).
- Die ***sosiaal/kulturele*** terrein wat gekenmerk sou word die ontwrigting van opvoedkundig instellings. Skoolboikotte was die taktiese wapen om die onrus landswyd op 'n hoë vlak te hou, want so is die jeug gebruik om volwassenes tot deelname aan protesaksies te intimideer. Die gevolg hiervan was generasie- en kommunikasiegapings tussen ouers en kinders wat weer tot verdere wrywing in die ouer-kindverhouding sou lei (Stadler, 1997:50).
- Die terrein van die ***binnelandse veiligheid*** is gekenmerk deur toenemende binnelandse onrus wat na 1985 op 'n meer georganiseerde en gekoördineerde skaal sou voorkom asook 'n toename in afskuwelike geweldsmisdade soos moorde, halssnoermoorde, kapmesmoorde en steniging van swart raadslede en andere wat as meelopers van die regering gesien is. 'n Rewolusionêre klimaat het aangebreek wat gekenmerk is deur verset en uitdaging. Binnelandse onrus het 'n intergrale deel van die rewolusionêre aanslag

---

[39] Delmas hoogverraad verhoor, so genoem na die dorp waar 22 anti-apartheid aktiviste van hoogverraad aangekla is, se verhoor sou begin. Dié verhoor wat sou strek vanaf 1985 tot 1989 was een van die langstes in die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis. Onder die aangeklaagdes was eerw. Frank Chikane, Popo Molefe en Mosiuoa Lekota wat as "Die Groot Drie" bekend sou staan, is van moord en hoogverraad aangekla. Vir die beskuldigdes het advv. George Bizos en Arthur Chaskalson opgetree. Popo Molefe is tot 10 jaar gevangenisstraf gevonnis en Mosiuoa Lekota tot twaalf jaar. Op appèl is die vonnisse van al 22 beskuldigdes op tegniese gronde ter syde gestel en is op 15 Desember 1989 vrygelaat nadat hulle vir vier-en-'n-half jaar in aanhouding was. Sewe weke later sou mnr. F.W. de Klerk die ANC ontban. (Moselakgomo, 2012; Gerhard, 1990).

gevorm (Stadler, 1997:52). Sekere gebiede sou meer onder onrus deurloop terwyl daar ook ŉ groter geografiese verspreiding van geweld voorgekom het waarvoor werklike en gewaande griewe as redes aangevoer is (Stadler, 1997:53).

Die onrus is verder oorheers deur onwettige vergaderings en opmarse, klipgooiery, brandstigting, plundering en ander dade van ekstreme geweld en intimidasie wat ook die afbrand van veiligheidslede se huise en eiendom sou insluit asook soortgelyke aanvalle gemik teen die lewens en eiendom van swart plaaslike owerhede. In die aanvalle is ook al hoe meer handgranate, petrol- en bomme van chemikalieë (*acid bombs*) asook vuur-wapens gebruik op lede van die veiligheidsmagte by onlustonele (Stadler, 1997: *op. cit.*). Gedurende September 1984 is konserwatief beraam dat beskadiging van eiendom R100 miljoen beloop het, 723 persone gedood en 3 093 beseer is (Pike, 1985:110).

## 2.15 AMBIVALENTE KERKSTEMME

### 2.15.1 Kerkskeiding en die politieke stryd in Suid-Afrika

Oor Suid-Afrika se politieke beleid van Apartheid, wat veral vanuit gereformeerde kringe skriftuurlik goedgepraat is, was die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika ook verdeeld. Hierdie kerklike rasseskeiding het ŉ lang historiese aanloop. De Gruchy (1979:14) wys daarop dat die skeiding tussen setlaars en sendingkerke nie altyd vanuit die geledere van die setlaars gekom het nie, maar dikwels van die sendelinge soos Van der Kemp en John Phillips wat geoordeel het dat kerklike skeiding in belang van die inheemse volke is.

Die onderskeid tussen setlaar en sendingkerke was net een van die vele verdelings wat die kerk in Suid-Afrika gevorm het. Tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die sogenaamde Engelssprekende kerke van Britse oorsprong was daar verdelings wat naas taal ook deur ander faktore na vore gebring is, soos die grensboere se ontnugtering met die Britse administrasie, hul stryd teen Britse imperialisme, ekonomiese redes asook die afskaffing van slawerny[40] (De Gruchy, 1979:18, 19).

Teen die einde van die negentiende eeu het die spanning tussen Boer en Brit van die Kaap tot die twee Boererepublieke, die Oranje Vrystaat en die Transvaal, uitgebrei. Wat

---

[40] As een van haar redes om deel te neem aan die Groot Trek sou Anna Steenkamp die afskaffing van slawerny opgee. Dit was nie die slawe se Vryheid wat haar tot hierdie stap gedryf het nie, maar dat hulle op gelyke voet met Christene geplaas is, want vir haar was dit teenstrydig met die wette van God en die natuurlike onderskeid van ras en godsdiens (De Gruchy, 1979:19).

nie uit die oog verloor moet word nie, is die ontdekking van diamante en goud en die pogings van die Britse owerhede om die Boere republieke te annekseer. Toe breek die Eerste Vryheidsoorlog in die laat 1880's uit, maar die uitbreek van die Tweede Vryheids-oorlog (ook bekend as die Anglo Boere Oorlog) aan die einde van 1899 het ŉ nalatenskap van bitterheid en tragedie voortgebring waarvan Suid-Afrika nog vry moet kom (De Gruchy, 1979:23).

Die rassevraagstuk, sover dit die blankes aangaan, sou in die stryd tussen Boer en Brit vinnig van koers kon verander. Waar die Afrikaners hul onafhanklikheid wou terugwen en die Britte as die 'n*aturelle*' se weldoeners gesien is, was die beheer oor die nuutgevonde minerale skat ŉ kragtige imperiale motief. In die hoop dat ŉ Britse oorwinning die stemreg na hulle sou uitbrei en vir hulle billike land- en arbeidsregte sou meebring, kon talle *swartes* hulle met die imperiale saak vereenselwig. Oor die dood van sewe-en-twintig duisend Afrikaanse vrouens, kinders én *swartes* in Britse konsentrasie-kampe is vele protesstemme in Brittanje en Europa gehoor (De Gruchy, 1979: *op. cit*.).

### 2.15.2 Afrikaanse kerke en die instandhouding van apartheid

In hul stryd teen Britse imperialisme en veral na afloop van die Anglo-Boere Oorlog sou die Afrikaners geweldige krag put uit die vertolking van hul geskiedenis. Vanuit al die gebeure van hul verlede het hulle ŉ heilige draad ontdek. Dit sou begin met die Groot Trek na die onbekende (die Uittog) en hul botsings met én oorwinnings oor die swart nasies (Filistyne) waar ŉ heilige verbond met God gesluit is veral by die Slag van Bloedrivier. Daarop sou die intog in die beloofde land van die Transvaal en die Oranje Vrystaat volg asook die skermutselings met die agtervolgende Britte. Daar is geglo dat die nederlaag op die slagvelde in 1902 God se oordeel was om sy mense terug te roep na hul verbond met Hom om die lig na die donker kontinent te bring. Die Afrikaners se stryd was nog nie oor nie. Die Afrikanervolk se eskatologiese visie het weereens sterk na vore gekom in die hergeboorte van ŉ republiek waarin die Afrikaner vry en die onbetwiste leier sou wees onder die voorsienigheid van die Almagtige (De Gruchy, 1979:31). Tot die misnoeë van ander Christene asook Gereformeerde teoloë en leraars, was daar Afrikaanse teoloë wat aan die Nasionale Party skriftuurlike en teologiese regverdiging vir hul rassebeleid gegee het (De Gruchy, 1979:33)[41]. So sou Afrikaner

[41] Teoloë wat Bybelse stukrag en legitimiteit aan Afrikaner Nasionalisme gegee het, was onder andere DF Malan, eerste minister in 1948; HG Stoker; en JD du Toit as hoofopsteller van die Nasionale Party se

politiek stadig maar rampspoedig geteologiseer word (De Gruchy, 1979:34). Die Engelssprekende kerke het hul sedert 1948 sterk uitgespreek teen apartheid. Ook vanuit die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) sou die kritiese stemme van enkelinge teen apartheid gehoor word, soos dié van proff. BB Keet[42] en Ben Marais[43] (De Gruchy, 1979:59).

### 2.15.3 Die Cottesloe Beraad

Op 21 Maart 1960 is 69 swart mense in Sharpeville tydens opstande deur die polisie gedood en 180 verwond. Die optog, geborg deur die PAC, was uit protes teen die diskriminerende paswette van toepassing op swart mense.[44] Die vraag was: Wat kon die kerke doen te midde van die bitterheid en frustrasies waar, menslik gesproke, alle mag in die hande van ŉ onbuigsame owerheid was (De Gruchy 1979:63). Die Sharpeville opstande het ŉ vloedgolf van internasionale protes ontlok en in Suid-Afrika is ŉ noodtoestand afgekondig (Lückhoff & Nicol, 1982:21).

Dit sou weer daartoe lei dat die Wêreld Raad van Kerke (WRK) ŉ beraad belê het met alle Suid-Afrikaanse Kerke wat lede van dié liggaam was (Lückhoff & Nicol, 1982: *op. cit.*). Vanaf 7 tot 14 Desember 1960 is die beraad in die Johannesburgse voorstad Cottesloe gehou en sou bekendstaan as die Cottesloe Beraad[45] en waarop die Cottesloe Verkla-

---

grondwet. Tydens die NGK se sendingkonferensie in 1950 is *territoriale apartheid* aanbeveel. Dit sou die grond voorberei vir die mees kontroversiële en hartsverskeurende apartheidswetgewing – die Groepsgebiede wet – wat geweldige bitterheid binne die swart gemeenskap sou veroorsaak asook teen afsonderlike ontwikkeling self (De Gruchy, 1979:32-33).

[42] Van belang hier is prof. Keet se kort maar kragtige verklaring: *Suid-Afrika – Waarheen?* Daarin het Keet die valse mites afgebreek wat deur talle in die NG Kerk gebruik is om apartheid te ondersteun. Sy grondige verstaan van die Skrif en sy skerpsinnige teologiese insig kon deur al die rasse sjibbolet sny van die verlede tot die hede (De Gruchy, 1979:59).

[43] Prof Ben Marais wat as teoloog ŉ leidende rol in die NGK gespeel het, het in sy *Colour: the Unresolved Problem of the West* die kwessie van rassisme noukeurig en met insig ondersoek (De Gruchy 1979: *ibid*.).

[44] Oor wat werklik tydens die Sharpeville onluste gebeur het, is daar wydlopende opinies. Volgens die betogers was die optog vreedsaam en bloot ‘n vertoon van mag en dat die enigste geweld van die Polisie se kant gekom het. 1960 was die jaar van uitgerekte protesaksies deur swartes teen die paswette van destyds. Talle van hierdie optogte is deur beide die ANC en die PAC aangehits en sou lei tot gewelddadige konfrontasies met die polisie by Langa en Sharpeville met die tragiese verlies van menselewens. Van der Merwe (2014:172) wys daarop dat 294 polisielede op 21 Maart 1960 deur ongeveer 20 000 oproerige en vyandige betogers – bewapen met kieries, stokke, ysters en pangas – die Sharpville polisiestasie omsingel het. Daar was geen vlugkans vir die 294 polisielede nie. Indien die 20 000 oproerige betogers die oorhand sou kry sou die polisielede, soos in talle ander soortgelyke gevalle, op ‘n barbaarse en onmenslike wyse vermoor gewees het. In paragraaf 4.3 hierbo is alreeds daarop gewys dat die mobilisasie van die massas deel van die rewolusionêre oorlogstrategie was.

[45] Die Cottesloe Verklaring het uit drie dele bestaan: **Deel 1** het alle onregverdige diskriminasie verwerp. Oor apartheid kon geen eenstemmigheid bereik word nie, maar alle vorme van rassisme is verwerp. **Deel 2** het bestaan uit ŉ aantal besluite rakende rasseaangeleenthede, met spesifieke verwysing na rasseverhoudings en die roeping van die kerk. **Deel 3** van die verklaring se besluite is as liberaal,

ring sou volg (De Gruchy 1979:65; Du Toit *et al*. 2002:55). Die Cottesloe Beraad het oor drie wesenlike sake gegaan, naamlik *naasteliefde*, *reg en geregtigheid;* en *menswaardigheid*. Dít is die eis wat die Skrif aan die kerk stel in sy oordeel oor die samelewing en die beleid van kerk en staat moet aan hierdie norme voldoen (Du Toit *et al*. 2002: *op. cit*.).

### 2.15.4 Reaksie op die Cottesloe-beraad

Na afloop van die Cottesloe-beraad was die vraag: Wat sou die sinodes van die NGK doen rondom die sake wat deur die Cottesloe Verslag aangeraak is?

Die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) het die aanbevelings van die Cottesloe Verslag alreeds verwerp, maar wat sou die sinodes van die NG Kerk daarmee maak? Alhoewel die voorstelle grootliks gegrond was op die NG Kerk se voorlopige dokumentasie waarin ernstige kritiek teen sommige aspekte van apartheid geopper is, was daar vir die regering hoogs aanvegbare sake – soos onder ander stemreg vir die Kleurlinge (De Gruchy, 1979:67).

Die reaksie het nie van die sinodes gekom nie, maar van die eerste minster, dr. Verwoerd, wat sy persoonlike ontevredenheid met die NGK se afvaardiging uitgespreek het. In sy Nuwejaarsboodskap op 1 Januarie 1961 sou die premier daarop sinspeel dat Cottesloe ‘n poging van vreemdelinge was om in Suid-Afrika se binnelandse sake in te meng en dat die kerk – bedoelende die NG Kerk – nog nie gepraat het nie en dat dit sou gebeur wanneer die Kerk se sinodes byeen sou kom (De Gruchy, 1979:68). Met dié verklaring het Verwoerd ‘n rooi streep deur Cottesloe getrek (Lückhoff, 1978:116) en sou die Kaapse en Transvaalse sinodes die rol verwerp wat hul eie verkose afgevaardigdes by die Cottesloe-beraad gespeel het (De Gruchy, 1979:68).

---

verwarrend en selfs as ŉ ongeoorloofde staatsgreep afgemaak. In die verklaring is die volgende sake verwoord:

- Alle bevolkingsgroepe wat permanent in ŉ land woon, moet deel in die welvaart van daardie land.
- Die kerk moet die boodskap van hoop verkondig aan wit Suid-Afrikaners in hul onsekerheid en aan swart Suid-Afrikaners in hul frustrasie.
- Niemand mag op grond van ras of kleur lidmaatskap van ŉ kerk ontsê word nie.
- Daar bestaan geen Bybelse gronde vir die verbod op rasgemengde huwelike nie.
- Trekarbeid het verwoestende gevolge vir gesinne in die swart gemeenskappe.
- Vergoeding vir die oorgrote meerderheid van die swart bevolking is ver benede die aanvaarbare minimum loon.
- Elke inwoner van die land moet die reg hê om die grond waar hy of sy woon, te besit en moet deel hê aan die regering van die land (De Gruchy, 1979:67; Du Toit *et al*., 2002:56, 57).

Op die sinode van 1970 is besluit om 'n amptelike antwoord oor die NG Kerk se standpunt rondom rasseverhoudings daar te stel. So het *Ras, volk en nasie* ontstaan wat voor die Algemene Sinode van 1974 moes dien. Waar reaksie uit eie geledere gemeng was, het die buitelandse reaksie aangedui dat hulle nie genoeë kon neem met die NG Kerk se standpunt nie (Du Toit *et al.* 2002:68). Met die aanvaarding van Ras, volk en nasie[46] was die NG Kerk daarvan oortuig dat die owerheidsbeleid Skriftuurlik regverdig kon word. Die kerk het benadruk dat die toepassing van die land se politieke beleid gepaard moes gaan met die liefdesgebod as etiese norm. Die hartseer en tragiek wat apartheid – of dan afsonderlike ontwikkeling – in die swart en bruin gemeenskappe aangerig het, was nooit die onderwerp van 'n kritiese ondersoek nie. Word trekarbeid as voorbeeld geneem, sou daaruit as noodwendige konsekwensie voortvloei gesins-verbrokkeling, die skeiding van getroude pare, die verwaarlosing van die gesinslewe asook morele verval. Op hierdie kardinale saak is nooit ingegaan nie (Nederduitse Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode (NGKAS) s.a: par. 4.4.3 p.15).

### 2.15.5 Die Ope Brief en wat daarop sou volg

Die Ope Brief van 9 Junie 1982 – onderteken deur 123 gelegitimeerdes van die NG Kerk – wou aansluit by die kritiese vrae wat in die sewentigerjare gevra is en die opstellers het dit duidelik gestel dat vir elke gedagte in *Die Ope Brief* daar alreeds voorlopers in Ras, volk en nasie aangetoon kon word, maar *Die Ope Brief* wou dit net duideliker stel sodat die gewone lidmate dit ook kan begryp (Lückhoff, 1982:25).

Met die aanvaarding van die beleidsdokument NGK (NG Kerk, 1986) het die Algemene Sinode wegbeweeg van verskeie standpunte wat in *Ras, Volk en Nasie* vervat is. *Kerk en Samelewing* (1986) het die volgende besluite geneem:

(1) Die beleid van afsonderlike ontwikkeling en die ideaal van gebiedskeiding het in die loop van die geskiedenis sy vorm en beslag gekry. Dit was gesien as deel van die voogdyskap van die blankes teenoor die ander bevolkingsgroepe en het die moontlikheid van optimale ontwikkeling vir alle groepe beoog.

[46] *Ras, volk en nasie* het dieselfde sake as die Cottesloe-beraad onder die loep geneem soos (1) ras, volk en nasie en volkereverhoudings in die lig van die Skrif; (2) die kerk, koninkryk en die ekumene; (3) die kerk en maatskaplike geregtigheid, en (4) die kerk en sending. Dié Sinodebesluite het beklemtoon dat die kerk die bestaande regeringsbeleid onderskryf. Uit die besluite wat die sinode geneem het, kan afgelei word dat die *verskeidenheid*, *pluriformiteit* en *afsonderlike ontwikkeling* die meerderheid sinodegangers se denke oorheers het. Die sinode het die status quo van Suid-Afrika se regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling gesekondeer alhoewel dit nie direk Skriftuurlik gefundeer is nie (Du Toit *et al*., 2002:62, 63).

(2) Besinning oor die prinsipiële en Skriftuurlike begronding van apartheid oor die jare heen sou geleidelik lei tot die oortuiging dat die gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie uit die Bybel afgelees kan word nie en die Bybelse regverdiging daarvan moet as fout erken en afgewys word.
(3) Die hantering van apartheid as ŉ politieke en maatskaplike sisteem wat mense verontreg en een groep onregmatig bo ŉ ander bevoordeel, is op Christelik-etiese gronde onaanvaarbaar omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas.
(4) Die lyding van mense, waarvoor die kerk deernis het, moet egter nie net aan die apartheidstelsel toegedig word nie, maar aan ŉ verskeidenheid ekonomiese, maatskaplike en politieke werklikhede waarin mense van verskillende gemeenskappe mekaar nie aanvaar het nie. In soverre die kerk en sy lidmate hieraan deel het, bely hy dit met ootmoed en berou (Kerk en Samelewing, 1986:52-53 par 304-307).

Verder sou die vraag gevra kon word in watter mate die NG Kerk in die jare sestig tot tagtig sy bedenkinge oor die toepassing van regeringsbeleid tot uiting gebring het?

Dit is onjuis om aan te neem dat die NG Kerk tussen 1960 en 1990 nooit op amptelike vlak kritiek uitgespreek het oor die regering se nasionale beleid nie. Die aanname is gemaak dat daar meer bereik kon word deur vertroulike gesprekke agter geslote deure met regeringslui. So kon die NG Kerk teenoor kabinetministers sy twyfel uitspreek oor die Groepsgebiedewet, die Ontugwet asook aanhouding sonder verhoor. Tog was die Kerk huiwerig om aan te dring op die skrapping van die betrokke wette, maar sou versoek dat hierdie wette met medelye en menslikheid toegepas word (NGKAS, s.a.:20 par.4.21). Wat betref die aanvanklike rol van die Gereformeerde Kerk met betrekking tot hierdie aangeleentheid is ŉ stelling soos die volgende belangrik:

> Soos alle Afrikaners van hul tyd, was die Doppers ook in die jare dertig en veertig ten gunste van volke- en rasseskeiding as die oplossing vir Suid-Afrika se 'kleurprobleem' (en) lidmate, predikante en professors van die GKSA (soos Totius) het ŉ groot aandeel gehad in die skepping van ŉ denkrigting waarin die teologiese en ideologiese wortels van apartheid begin groei het (Eloff: 2016).

ŉ Volgende belangrike vraag is of die Kerk se benadering *om agter die skerms* met die owerheid te praat enigsins ŉ invloed gehad het op kerklidmate wat in die veiligheids-magte gedien het?

Die samestelling van die SA Polisie se kapelaanskorps het duidelik getoon dat die grootste gros polisielede lidmate van die NG Kerk was. Uiteraard sou hul lewensverhale grootliks beïnvloed wees deur Calvinistiese denke eie aan die gereformeerde tradisie waarin hulle opgegroei het en waarin die ideologie van apartheid deur hulle Kerk goed-gepraat is (Du Preez, 2000:xi). Talle polisielede was armmanskinders uit vroom Afrikaner huise waar ontsag vir gesag met moedersmelk deel van hulle sou word. Daarom sou hulle met heilige eerbied en sonder teëspraak die gesag van ouers en onderwysers, predikante en ander gesagsdraers in die samelewing bykans blindelings aanvaar en sou – hetsy as soldaat of polisieman – so te sê naatloos in ŉ militêre rangstruktuur pas wat onvoorwaardelike gehoorsaamheid en dissipline eis (Du Preez, 2014:162). Tog sou die tergende vraag later opkom: Waarom was dit vir kabinets-ministers uit die apartheidsera nodig om, naas die Kerk van ons vadere, toe die skrif teen die muur vir apartheid was, te erken en te bely: *Apartheid was verkeerd en het mense seergemaak* (Du Preez, 2014: *op. cit*.). By Du Toit (2004:151) word iets hiervan in sy versugting gehoor: "*Dit is tragies dat soveel kerke en Christene nie hul stem suiwer teen die apartheidsideologie laat hoor het nie en dat daar na die voorbeeld van die Duitse teoloog, Martin Niemoller, daaroor skuld bely word nie.*"

### 2.15.6 Stedelike swart mense

Verstedeliking en migrasie is ŉ universele verskynsel. Volgens die 1980-sensus was 38% van die swart bevolking in stedelike gebiede getel en het die stedelike swart bevolking reeds meer as die helfte van die totale stedelike bevolking van Suid-Afrika uitgemaak. Toe is die vraag alreeds gestel: Kan ons in die toekoms voortdurend aan stedelike gebiede dink in terme van Westerse boustyle en lewenstyle? Vir die vinnige plattelandse-stedelike migrasie van veral die swart bevolking kon toentertyd al op sosio-ekonomiese, politieke en tegnologiese ontwikkeling as faktore uitgewys word wat hierdie migrasie sou verhaas. Verder het daar oor die algemeen min begrip bestaan vir die sosio-ekonomiese en politieke kragte wat deur verstedeliking veroorsaak sou word (NGK, 1986).

### 2.15.7 Weerstand teen die Bantoestanbeleid

Die swart Suid-Afrikaners se toenemende ontevredenheid met hul politieke magteloosheid en ekonomiese agterstand, tesame met die wêreldwye neiging ná die Tweede Wêreldoorlog om van rassediskriminasie weg te beweeg, het tot gevolg gehad dat daar in Suid-Afrika ŉ toenemende belangstelling in rasseverhoudinge ontstaan het. Watter beleid moes teenoor die swart mense gevolg word?

Op hierdie vraag het twee kommissies, die Fagan-kommissie[47] en die Sauer-kommissie[48] kort na die Tweede Wêreldoorlog hierop verskillende antwoorde gegee. Oor sy rassebeleid was Suid-Afrika by ŉ politieke kruispad. Vir Suid-Afrika se politieke toekoms was daar volgens die Fagan-kommissie drie opsies:

- Apartheid of algehele segregasie en al die ongerief vir stedelike swartes wat daarmee sou saamgaan.
- Gelykstelling of geen diskriminasie nie, maar waar nie rekening gehou word met die verskille tussen blankes en swartes nie.
- Die permanente naasbestaan en ekonomiese ineengestrengelde van blank en nie-blankes.

Met die derde beleidsrigting as uitgangspunt het die Fagan-kommissie aanbevelings gemaak oor die stedelike swartes, paswette en trekarbeiders. Namens die Verenigde Party het Smuts dié beleidsrigting aanvaar, want dit was ook sy benadering oor die rassevraagstuk. Oor die apartheidsbeleid het hy verklaar: "The idea that all the natives must be removed and confined to their own kraals is in my opinion the greatest nonsense I have ever heard". Die Sauer-kommissie het weer gekies om op die weg van apartheid en absolute rasseskeiding te beweeg (Liebenberg, 1984:467).

Die jare 1975-76 sou die Suid-Afrikaanse Bantoestanbeleid tot volwassenheid kom met die Transkei wat voorbereidings sou tref om ontafhanklikheid te verkry, maar vir

---

[47] Regter Fagan is in Augustus 1946 deur die regering aangestel en is bygestaan deur AS Welsh, AL Barret, EE von Maltitz en SJ Parsons. Die kommissie moes drie dinge ondersoek: die wette wat op stedelike *swartes* betrekking het; die paswette; en die sosio-ekonomiese omstandighede van trekarbeiders. Die verslag is in Februarie 1948 voltooi (Liebenberg, 1984:466).

[48] PO Sauer was die voorsiter van die kommissie en is deur die Herenigde Nasionale Party aangestel. Hy is bygestaan deur dr. EG Jansen, prof. GBA Gerdener, JJ Serfontein en MDC de Wet Nel. Die verslag is in 1947 voltooi. ŉ Opsomming van die verslag is in albei landstale gepubliseer en onder kiesers versprei met die oog op die komende verkiesing van Mei 1948 (Liebenberg, 1984: *op. cit.*).

sommige swart Suid-Afrikaners was die '*bantoestanisasie'* van Suid-Afrika nie aanvaarbaar nie (Rambally, 1977:1). Vir hul standpunt is die volgende as redes gegee:

- Swart mense sou vreemdelinge in Suid-Afrika word.
- Hulle sou beperkte burgerskap van Suid-Afrika hê.
- Hulle kon burgers verklaar word van newelagtige state wat deur die Suid-Afrikaanse Parlement geskep is.
- Die swart bevolking in Suid-Afrika sou net geregtig wees op 13% van die land se totale oppervlakte.
- Stedelike swart mense sou omgepraat word om burgerskap van ŉ bantoestan te aanvaar en dan dertig jaar huurpag op ŉ stedelike woning te verkry, maar op voorwaarde dat burgerskap van ŉ bantoestan eers aanvaar word. Ook waar die geboorte van ŉ swart kind in Suid-Afrika geregistreer is, moes dit met ŉ bantoestan geïdentifiseer word (Rambally, 1977:2; Davenport, 1987:413).

Die Regering se plan om alle swart Suid-Afrikaners aan ŉ bantoestan te verbind, is met hewige politieke verset vanuit swart geledere ervaar soos die Black Peoples Convention, maar die idee was selfs onder sommige tuislandleiers ongewild (Rambally, 1977: *op. cit*.).

## 2.16. DIE GEVOLGE VAN OORLOG

### 2.16.1 Geregsdienaars in 'n oorlogsituasie

Die operasionele vereistes wat aan die polisie in die stryd teen terrorisme gestel is, kon nooit gelyk gestel word aan die normale bekamping van misdaad nie. Tog kon die polisiemanne redelik maklik met die militêre identifiseer, want dit was die tweede keer dat Suid-Afrika se geregsdienaars ingestoot is in ŉ gevegsrol of situasie wat sou ooreen-kom met oorlog (Stadler, 1997: *op. cit*.). Anders as tydens die Tweede Wêreld-oorlog kon polisiemanne nie ŉ politieke keuse uitoefen nie, want alle polisiemanne was verplig om grensdiens te verrig. Vir die polisiemanne was grensdiens nie as 'militêre diens' beskou nie, maar as diens wat uitgevoer is in belang van Suid-Afrika se binnelandse veiligheid. Weens die toenemende eise wat aan die regering en die SA Polisie gemaak is, moes die basiese polisie-opleiding ook teeninsurgensie taktieke insluit. Dit sou later weer tragies gevolge hê en lei tot negatiewe polisie/gemeenskaps- verhoudinge (Stadler, 1997:38).

Op 1 April 1913 is die verskillende polisie agentskappe (Kaap Kolonie, Natal, die Oranje Vrystaat en Transvaal) in die Zuid-Afrikaanse Politie geamalgameer. Omstandighede

binne- en buitelands was nie gunstig vir die polisie nie. Daar was die Eerste Wêreld-oorlog (1914-1918), die Rebellie van 1914-1915, die inval in Duits-Suidwes-Afrika in 1915, die mynwerkersstaking aan die Witwatersrand in 1922 en die deelname van die Polisiebrigade aan die Tweede Wêreldoorlog. Binnelands was daar onrus wat die veilig-heid bedreig het – soos die nie-blanke oproer van 1957-1959, die Cato Manor gebeure (1960), Sharpeville (1960) en die gebeure daarna sou alles daartoe bydra dat die polisie nie volle aandag aan polisiëring kon wy nie (Dippenaar, 1988:270-286). Sedert stigting moes die polisie noodgedwonge aan soveel ander sake aandag gee dat hulle nooit met oorgawe hulle primêre taak kon verrig nie. Die gevolg daarvan was ŉ ontevrede publiek (Olivier, 1997:44).

Verstaanbaar sou dit weer by polisiebeamptes tot frustrasie lei. Die vertolking van die dubbele rol van soldaat en die meer tradisionele rol as handhawer van wet en orde kon by polisiemanne die gevaar van ŉ identiteitskrisis skep, veral waar albei hierdie take in die-selfde gebied onderneem moes word (Burger, 1992:315). Dié teenstrydigheid is al in 1984 só beskryf:

> Die aggressiwiteit inherent aan die terreurstryd vereis van die polisiebeampte daarby betrokke ŉ wesenlike afwyking van sy basies konvensionele benadering tot sy normale taak wat die toepassing van minimum geweld vereis (Republiek van Suid-Afrika 1984: Kommissie-verslag van Ondersoek na Beriggewing oor Sekerheidsaangeleenthede rakende die SA Weermag en die SA Polisiemag).

Indien ŉ swak beeld van die een rol geskep word, bederf dit ook die beeld van die ander (Burger, 1992: *op. cit.*).

### 2.16.2 Gesinsontwrigting

Die Bosoorlog het hoë sielkundige en geestelike eise aan polisiemanne én hul gesinne gestel, want afwesigheid weens grensdiens van huis of werk kon tussen vier tot sewe maande duur. Hierdie sielkundige en geestelike eise sou noodwendig vir die betrokkenes onvoorsiene gevolge inhou. Op grensdiens moes polisiemanne ook ŉ totaal nuwe geestesingesteldheid aanneem van 'maak dood of word doodgemaak' – iets wat alle teen-insurgensie eenhede dwarsoor die wêreld mee moes worstel wanneer hulle gekonfronteer is met die eise en verhoogde stresvlakke van oorlog. Wanneer polisiemanne vir lang-durige tydperke aan sulke harde omstandighede blootgestel is, sou hulle dit moeilik vind om weer aan te pas by die normale 'burgerlike polisiëringspligte' wat dan van hom

verwag word. Hoe meer kere polisiemanne grensdiens gedoen het, sou die situasie net verder vererger (Stadler, 1997:37).

Levinson[49] (2011:12) – die dogter van ʼn geneesheer en oorlogsveteraan uit die Tweede Wêreldoorlog – vertel hoedat sy, soos die meeste ander kinders van haar tyd, haar vader beleef het as nederig, hardwerkend en toegewyd aan hul gesinne, maar geswyg het oor hul oorlogservaringe. Eers na haar vader se dood sou sy in haar ouerhuis se kelder ʼn *army* trommel ontdek met foto's wat hy tydens die oorlog van sy verwonde pasiënte geneem het. Tussen die foto's was daar dié gemerk "Nordhausen Concentration Camp, 11 April 1945" waar talle foto's mense wys wat tot geraamtes uitgeteer is. Volgens ʼn familielid sou haar vader die oorlewendes vir twee weke behandel en toe self ʼn senu-ineenstorting kry. Terwyl veterane hul gesinne wou beskerm teen die gruwels van oorlog, swyg hulle daaroor, sonder om te besef dat hul stilswye uiteindelik ook hul kinders raak.

### 2.16.3 Verwonding

Van der Merwe (2010:248) vra tereg die vraag: *"Hoe verwoord ʼn mens die gees wat tydens die konflik van die verlede geheers het?"*

Die veiligheidsmagte het byna op ʼn daaglikse basis te doen gekry met doodslag en barbaarse geweld. Daar was die doodsteek en doodkap van mense en die halssnoer-moorde waar mense lewendig verbrand is terwyl ʼn skare om hulle dans. Daar was motor-bomme waar liggaamsdele oor ʼn groot gebied opgetel en in plastieksakke versamel moes word. Daar was die kleefmyne in openbare eetplekke en landmyne op plaaspaaie waar kinders en vrouens dikwels die slagoffers was. Daar was die kragdadige standpunte deur politieke leiers wat van die veiligheidsmagte verwag het om die rewolusionêre aanslag tot elke prys te stuit, asook die subtiele en soms dubbelsinnige opdragte en druk op die veiligheidsmagte om die vyand uit te wis (Van der Merwe, 2010: *op. cit.*).

Wat dikwels uit die oog verloor word, is die vlakke van sielkundige en geesteskrag waar-mee polisielede én hul gesinne mee moes worstel (Stadler, 1997:37). Dit sou weer die moontlikheid van intergeneratiewe trauma – of dan generasie bagasie – nie kan uitsluit

[49] Levinson is die outeur van 'Gated grief: The daughter of a G.I concentration camp liberator discovers a legacy of trauma.

nie.[50] Indien daar nie voldoende ontlonting na afloop van die oorlog gedoen is nie, sal talle oorlogsveterane van die Bosoorlog met onverwerkte trauma worstel (Coetzer, 2013:254). Hierdie studie se primêre fokus is op Koevoet, maar die besef van die breë Suid-Afrikaanse bevolking se verwonding en trauma – al is dit net kursories – benadruk die gebrokenheid van die Suid-Afrikaanse samelewing en die hunkering na heling.

Jacob Dlamini (2014:247-248) vertel hoedat hy in die winter van die vroeë 1980's saam met sy ma op 'n busrit in die Transkei was en by ŉ padblokkade moes stilhou. ŉ Man geklee in ŉ dik, swart jas en wie se gesig met ŉ swart balaklawa bedek was, het opgeklim. Agter hom was twee gewapende polisiemanne in uniform. Stadig sou die man tussen die passasiers beweeg, sy flitslig in die passasiers se gesigte laat skyn en hier en daar ŉ dompas (identiteitsboek) vra en dit tydsaam bestudeer en dit dan aan die polisie oorhandig wat dit ook sou bekyk. Die polisiemanne sou ŉ paar woorde met die busbestuurder wissel, maar die man met die balaklawa het nooit ŉ woord geuiter nie en het in die mis verdwyn. Skryf Dlamini:

> I could have been nine or ten when my mother and I took that bus trip. For reasons I could not explain, the image of the man in the balaclava has been seared into my memory for 30 years. How many South Africans had similar experiences?

### 2.16.4 Oorlogsneurose en die Vietnamsindroom: ŉ oorsig

In die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) sterf tien miljoen soldate, word 21 miljoen verwond en 7.7 miljoen vermis. Die koste van die Eerste Wêreldoorlog in terme van menselewens – wat nie burgerlike ongevalle insluit nie en wat ook miljoene kan beloop – was geweldig hoër as dié in enige voorafgaande oorloë (Coetzer, 2013:4).

Die twee wêreldoorloë van die twintigste eeu het aanleiding gegee tot intensiewe navorsing oor die verskynsel van oorlogstrauma. Tydens die Eerste Wêreldoorlog is daarna as *bomskok* verwys omdat dit ŉ reaksie van soldate sou wees op bomme wat

[50] Op 5 Oktober 2014 is ŉ werkswinkel in Emeryville, California gehou. Vyf Japanese en vyf Duitse deelnemers is byeengebring verteenwoordigend van die eerste, tweede, derde en vierde geslagte na Wêreldoorlog 2. Die doel van die werkwinkel was om die impak van hul nalatenskap te ondersoek sodat daar oor *intergeneratiewe trauma* in hul lewens stappe tot heling geneem kon word. Beide Japan en Duitsland was in WO 2 verslaan, maar albei kon weer opstaan om geleidelik internasionale respek, status en leierskap te herwin. Tog sou die nalatenskap van oorlogsmisdadigheid soos 'n albatros van kollektiewe trauma om die nek van Duitsland en Japan hang, ten spyte daarvan dat albei lande – net soos die Geallieerde Magte – ook die lyding van oorlog ervaar het, soos bomaanvalle, honger, die verlies aan geliefdes, maar boonop ook nog die vernedering van nederlaag in die gesig moes staar en deurwerk (Volkas, 2014).

ontplof, maar dit sou spoedig blyk dat dieselfde sindroom ook voorkom by soldate wat nie noodwendig enige blootstelling aan fisiese trauma gehad het nie. Gaandeweg moes militêre sielkundiges erken dat bomskok nie soseer die oorsaak van ŉ fisiese oorsaak is nie, maar eintlik veroorsaak word deur psigologiese trauma. Verdere navorsing sou bewys dat die emosionele stres van langdurige blootstelling aan gewelddadige dood genoeg was om ŉ neurotiese sindroom soos histerie ook onder mans kon veroorsaak. Omdat ŉ hoë premie geplaas was op soldate se morele karakter met die fokus op die glorie van oorlog, is daar geen plek gelaat vir angs en vrees nie (Coetzer, 2013:6).

Waar soldate ŉ traumatiese neurose ontwikkel het, was hulle as minderwaardig en as lafaards beskou en is daar selfs na hulle as morele invalides verwys waar sulke persone na ŉ militêre verhoor oneervol ontslaan was eerder as om mediese behandeling te ontvang. Weens die owerheid se totale gebrek aan kennis oor die vernietigende effek van trauma wat as die *verborge vyand van negatiwiteit* gesien is, is talle soldate voor krygshowe gebring om uiteindelik voor ŉ vuurpeloton te sterf omdat hulle na traumatiese ervarings nie op hul poste was nie (Coetzer, 2013:7).

Ongelukkig het mediese en wetenskaplike belangstelling in *bomskok* na die einde van die Eerste Wêreldoorlog getaan, maar sou weer met die uitbreek van die Tweede Wêreld-oorlog aangewakker word. Soldate wat langdurig aan gevegte blootgestel was, het soos voorheen weer dieselfde sindroom ervaar wat gekenmerk is deur angs, herbelewing van traumatiese herinneringe asook ŉ sensitiwiteit vir snellers wat telkens die belewenis van die oorspronklike trauma weer sou aktiveer. Aan hierdie sindroom is mettertyd ŉ verskeidenheid name gegee soos traumatiese oorlogsneurose, gevegstres en hewige stresreaksies, maar toe die oorlog die einde nader is ŉ ander soort stres ontdek: die ervaringe van oorlewendes van die Nazi-strafkampe (Andreasen, 2016).

Selfs tydens die Tweede Wêreldoorlog – waar volgens berekening 60 miljoen mense gesterf het – is die werklike effek van trauma[51] nog nie besef nie, maar met die aanbreek van dié Oorlog was daar binne sielkundige, mediese en psigiatriese kringe hernude oplewing oor oorlogs- of gevegsneurose. Al was daar nog nie volle begrip vir die volle

[51] Tydens Wêreldoorlog 2 het die Amerikaner, genl. George Paton, sy voortreflike militêre loopbaan geskaad toe hy twee manskappe wat in ŉ militêre hospitaal aangesterk het, maar geen sigbare letsels toon nie, sou klap en op die mediese offisier skreeu: *"Don't admit this yellow bastard. There's nothing the matter with him. I won't have the hospitals cluttered with these sons of bitches that haven't got the guts to fight* (Magee, 2006).

implikasies van gevegsneurose nie, het militêre psigiaters probeer om die stigma te verwyder rondom stres wat voortspruit uit gevegsituasies. Vir die eerste keer is toegegee dat ŉ man emosioneel kan knak weens oormatige blootstelling aan die impak van geweervuur en bomme. Daar is ook hard probeer om aspekte te identifiseer wat as teenvoeters kon dien teen ineenstortings en wat ook spoedige herstel sou kon bevorder.

Dit wat Rivers[52] in sy behandeling van Siegfried Sassoon gedemonstreer het, naamlik die krag van emosionele binding tussen vegtende soldate, is weer ontdek (Coetzer 2013:10-11), en die behandelingstrategie wat tydens die TweedeWêreldoorlog ontwikkel is, sou fokus om die skeiding tussen geaffekteerde soldate en hul kamerade tot die minimum te beperk om so gou moontlik weer na hul gevegseenhede terug te keer. Ongelukkig is daar weer min aandag gegee aan die lot van hierdie manne na hul terugkeer tot aktiewe diens en nog minder nadat hulle later vanaf die gevegsfront teruggekeer het huis toe (Coetzer, 2013:12).

Tydens die Koreaanse- (1950-1953) en Viëtnamese oorloë (1965-1975) is die term *bomskok* vervang met die term *gevegsuitputting* (*combat fatique/combat exhaustion*), maar intensiewe navorsing oor die langtermyn sielkundige effek van gevegsituasies is eers na die Viëtnamese oorlog onderneem. Tydens die Viëtnamese oorlog het ongeveer 59 000 Amerikaanse soldate gesterf, maar ŉ paar jaar na die oorlog het 60 000 voormalige soldate selfmoord gepleeg. Georganiseerde aksies deur voormalige soldate wat met die nagevolge van die oorlog geworstel het, het die motivering gebied vir navorsing hieroor (Coetzer, 2013:13).

[52] WHR Rivers was ŉ professor in neurofisiologie, sielkunde en antropologie. Siegfried Sassoon was ŉ jong offisier wat hom tydens WO 1 vir sy heldemoed tydens gevegte onderskei het. Toe hy emosionele probleme soos rusteloosheid, geïrriteerdheid en baie nagmerries ervaar, is hy onder Rivers se sorg gehospitaliseer. Sassoon was al hoe meer geneig tot roekelose blootstelling aan gevaar en tot impulsiewe besluitneming – simptome wat vandag so ŉ persoon sou laat kwalifiseer vir ŉ diagnose van posttraumatiese stres. Rivers se behandeling van Sassoon was geskoei op ŉ meer menslike en verligte benadering eerder as op die destydse tradisionele benadering met die klem op strafmaatreëls. Eerder as met skande en vernedering, is Sassoon met waardigheid en respek behandel. Verder is hy ook aangemoedig om oor die vreesaanjaende aspekte van die oorlog vryelik te praat en te skryf. Sassoon het uiteindelik na die gevegsfront teruggekeer en Rivers se psigoterapie van Sassoon was as ŉ sukses beskou. In die proses het Rivers twee beginsels gevestig wat tydens oorlog toegepas kon word, nl. (1) dat mans met onbesproke heldemoed ook die slagoffers van oorweldigende vrees kan word; en (2) die mees effektiewe motivering om hierdie vrees te oorkom, was iets groter as patriotisme of haat vir die vyand, maar dit sou veel eerder gaan oor die "*buddy system" wat na vore kom as lojaliteit van soldate teenoor mekaar, die omgee vir mekaar, en die wedersydse ondersteuning en kameraadskap* (Coetzer, 2013:8-9)

Gedurende 1970 – toe die Viëtnam oorlog op sy felste was – het ŉ nuwe organisasie met die naam *Vietnam Veterans against the War*[53] tot stand gekom. Binne hul intieme byeenkomste saam met geesgenote kon hul getuienisse na vore kom waar gefokus kon word op die langtermyn sielkundige wonde wat uit gevegsituasies ontstaan het. Hierdie veterane het geweier om net vergeet óf om gestigmatiseer te word en het op die erken-ning van hulle probleem aangedring. Teen die middel 1990's het ŉ sielkundige behandelingsprogram – *Operation Outreach* – hieruit voortgespruit. Dit lei toe tot ŉ '*selfhelp peer-counselling model'* van sorg waar sentra deur veterane beman is. Hierdie volgehoue organisering deur veterane sou toe as stimulus dien vir verdere sistematiese navorsing en omvattende studies waarin die impak van oorlogservaringe op die lewens van terugkerende soldate beklemtoon is. So is die direkte verband tussen gevegs-blootstelling en post-traumatiese stres bo alle twyfel bewys (Coetzer, 2013:14). Aanhaal van Judith Herman in hakies

Bydraende faktore soos die volgende het uiteindelik geblyk eie te wees aan oorlogsomstandighede:

- Geraas
- Moeilike lewensomstandighede
- Slaaploosheid
- Die wete dat dood of beserings enige oomblik ŉ werklikheid kan wees
- Angs en vrees wat deur soldate beleef word
- Onvoorspelbaarheid van die situasie
- Die vereistes dat die soldaat moet doodmaak
- Lengte en tyd in aktiewe diens
- Situasies wat as mislukkings beleef is en wat tot skuldgevoelens kan lei

Faktore soos die bogemelde kan weer aanleiding kan gee tot angs, uitputting en depressie, en word hierdie omstandighede nie behoorlik hanteer nie, lei dit onwillekeurig tot post-traumatiese stres. Rondom hierdie aangeleentheid het daar egter gedurende 1980

[53] Dit was ongehoord vir veterane om ŉ aksie te organiseer teen hul eie oorlog terwyl die oorlog nog aan die gang was. Talle van die groepslede was voormalige soldate wat deur hul heldedade hulself tydens die oorlog onderskei het. Toe gee hulle hul medaljes terug en doen in die openbaar belydenis van hul oorlogsmisdade. Binne die intieme byeenkomste saam met geesgenote het hulle hul verhale oorvertel en die trauma van die oorlog herbeleef. Om professionele bystand aan hulle te verleen, het hulle simpatieke psigiaters na hul byeenkomste uitgenooi (Coetzer, 2013:13).

ʼn groot deurbraak gekom toe die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging vir die eerste keer in sy handleiding oor afwykende gedrag (DSM III) ʼn nuwe kategorie ingesluit het waarna verwys is as *Post traumatic stress disorder* (Coetzer, 2013:15). Andreasen (s.a.) merk tereg op:

> Although posttraumatic stress disorder (PTSD) is sometimes considered to be a relatively new diagnosis the concept of the disorder has a very long history. That history has often been linked to the history of war, but the disorder has also been frequently described in civilian settings involving natural disasters, mass catastrophes, and serious accidental injuries.

## 2.17 DIE WAARHEID- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK)

Stadler (1997:4-5) as ʼn ondersoeker met wye ervaring stel dit onomwonde dat die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK)[54] om die volgende redes ʼn onbenydens-waardige en ʼn haas onmoontlike taak opgelê is, naamlik:

- Honderde mense mag na vore kom met aantygings van mishandeling, aanranding, onwettige aanhouding en so meer. Om op sodanige getuienis ag te kan slaan, moet dit behoorlik gefynkam en evalueer word, want selfs getuienis onder eed gegee, is nie noodwendig altyd die waarheid nie. Hierdie siening van Stadler word gestaaf deur Van der Westhuizen[55] (2016:21) waar hy skryf: 'Oor jare het ek talle kere gesien hoe Christene lieg – ook in die hof, onder eed nogal, met "So help my God" en regterhand omhoog en al".
- Dit is in ons menslike aard om te lieg of om aan te dik, veral as die betrokke persoon glo dat hy/sy op een of ander manier iets daarby kan baat, of selfs die moontlikheid dat weerwraak kan plaasvind. Om hierdie redes is dit soms in ʼn geregshof nodig om ʼn verhoor binne ʼn verhoor te hou waar die voorsittende regter of landdros doodseker wil maak of spesifieke bewerings wel verband hou met die saak.

[54] Die doel van só ʼn kommissie is ʼn 'amptelike soeke na die waarheid' in gevalle van terrorisme asook ander misdade en skendings van menseregte waar ondersteuners aandring op ʼn 'reg tot die waarheid' en waaraan kommissies aandag moet gee. Suid-Afrika se WVK het tot stand gekom in die nasleep van apartheid as ʼn skikking tussen die blanke minderheidsregering en die ANC. Onder voorsitterskap van Desmond Tutu kom ʼn hibridiese Waarheid- en versoeningskommissie tot stand waar ondersteuners gehoop het dat dit sou lei tot die heling van die wonde van die verlede, om slagoffers se waardigheid te herstel en die weg sou baan vir die totstandkoming van ʼn post-apartheid 'reënboognasie' gelei deur Nelson Mandela. Binne die ruimte van oorgelewerde geregtigheid neig waarheidskommissies eerder na herstellende as vergeldende geregtigheid en waar die fokus op versoening val (Wikipedia, 2016 (TRC South Africa); Tutu, 2019. TRC in South Africa).

[55] Johann van der Westhuizen was ʼn regter in die konstitusionele hof (Beeld: 30 April 2016:21).

Aanvanklik was die ANC ten gunste van ŉ algemene amnestie, maar weens die onmin tussen mnre. Kobie Coetzee as minister van justisie en Roelf Meyer as minister van verdedigings is die moontlikheid van ŉ algemene amnestie nooit na die tafel gebring nie en het die deur vir daardie moontlikheid toegeklap (Hamann, 2001:230; Heunis, 2007:156). Toe die Tussentydse Grondwet op 28 Januarie 1994 in sy finale vorm gepubliseer is, het die slotparagraaf wel bepaal dat daar vir dade, versuime en misdrywe wat met politieke oogmerke in verband staan en in die konflik van die verlede gepleeg is, amnestie verleen moet word, maar die Parlement sou ŉ Wet moes aanneem waarin voorsiening gemaak word vir maatstawwe en prosedures waardeur amnestie sou geskied (Van der Merwe, 2010:247).

Op 26 Julie 1995 is die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening geproklameer. Amnestieverhore sou kwasi-strafverhore wees sonder die wetlik voorgeskrewe beskermingsmaatreëls vir beskuldigdes, maar vir ŉ interne appèl is geen voorsiening gemaak nie. Terwyl die wet lede van die bevrydingsbewegings begunstig het, is lede van die Veiligheidsmagte weer benadeel (Van der Merwe, 2010:251).

Waar lede van die bevrydingsbewegings bloot hoef te bewys dat sulke dade *bona fide* ter bevordering van die politieke stryd van ŉ bevrydingsbeweging teen die Staat of voormalige staat gepleeg is, moes lede van die veiligheidsmagte daarenteen bewys dat so ŉ daad in die loop en binne die omvang van hul pligte en binne die omvang van hul uitdruklike of verkreë bevoegdheid verrig is en dat die daad gerig was teen ŉ algemeen bekende politieke organisasie of bevrydingsbeweging wat in ŉ politieke stryd teen die Staat of voormalige staat betrokke was. Dit het dus beteken dat lede van die veiligheidsmagte verplig was om te bewys dat hulle ŉ uitdruklike of stilswyende opdrag uitgevoer het (Van der Merwe, 2010:252).[56]

[56] Vir die veiligheidsmagte was dit duidelik dat dubbele standaarde toegepas word. Van der Merwe (2010:252) wys daarop dat mnr. De Klerk en sy kollegas, wat verskeie advokate ingesluit het, moes kon voorsien dat lede van die veiligheidsmagte moeilik aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening sou kon voldoen. Verder het mnr. De Klerk en sy kollegas wat by die formulering van die betrokke bepalinge van die WVK-wet betrokke was, dit nooit in die openbaar aangeval of verwerp nie. Na beraadslaging tussen voormalige polisiekommissarisse en weermag hoofde is met mnr. De Klerk as adjunkpresident en vorige kabinetslede samesprekings gevoer. Daar is toe voorgestel dat die Nasionale Party en die veiligheidsmagte ŉ gesamentlike verslag aan die Waarheid-en-Versoenings-kommissie voorgelê word waarin al die aspekte wat ŉ rol gespeel het in die konflik van die verlede, volledig uiteengesit word. Alhoewel mnr. De Klerk die groep simpatiek aangehoor het, was dit uit die staanspoor duidelik dat lede van die Nasionale Party hul eie belange ten koste van dié van die Veiligheidsmagte wou beskerm en het die samesprekings op niks uitgeloop nie (Van der Merwe,

## 2.18 WAS DIT ALLES DIE MOEITE WERD?

Die Veiligheidsmagte – die SA Polisie en die SA Weermag – was die twee hoofpilare wat die apartheid strukture aan die gang gehou het, maar die soldate en polisiemanne het dit nie so gesien nie. Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid kan juridies nie geskei word nie en lede van die Veiligheidsmagte was bloot die voetsoldate vir die uitvoering van ʼn politieke beleid[57] wat deur die kabinet bepaal is en as opdrag tot op grondvlak deurgevoer moes word (Els, 2004:232).

Was dit alles die moeite werd?

Op hierdie vraag is daar nie ʼn simplistiese antwoord nie. Els (2004:236) laat hierop hoor: Ja – dit was die moeite werd, want die Veiligheidsmagte het verseker dat SWAPO en die ANC albei op ʼn demokratiese en nie-rewolusionêre wyse aan bewind sou kom. Ook Scholtz (2013:463-465) hou hom besig met dié vraag. Hy neem as vertrekpunt dat dié vraag met groot sensitiwiteit benader moet word, want sommiges het geliefdes verloor terwyl ander weer fisiek en/of sielkundig vermink is. Op die internet en in boeke is ʼn stortvloed herinneringe gepubliseer wat deels bedoel is om dié skrywers te help om van die spoke van die verlede ontslae te raak.

Dit sou miskien makliker gewees het as die Grensoorlog – soos die Tweede Wêreldoorlog – in ʼn duidelike oorwinning geëindig het. Dit het egter nie só gebeur nie. Enige oorlog se doelwit is om ʼn vrede te bewerkstellig wat beter is as die toestande wat voor die oorlog geheers het – al is die perfekte vrede vir die mensdom ontwykend. Oorlog bly ʼn wrede ding wat baie pyn veroorsaak (Scholtz, 2013:463). Swapo, die MPLA en die ANC/SAKP regeer nou in Namibië, Angola en Suid-Afrika terwyl die wit *establishment* nog moet vrede maak met hul verlies aan politieke mag. Vir Scholtz (2013:464) is dit

2010:254). Oud-lede van die Veiligheidstak was baie wantrouig jeens die WVK en gemoedere het ook by tye hoog geloop omdat die politieke leiers in wie se belang hulle opgetree het, hulle skynbaar in die steek gelaat het (Van der Merwe, 2010:256).

[57] By attestasie lê polisiemanne en soldate ʼn eed van getrouheid af om die land en sy mense getrou te dien en te beskerm. Daardie eed was bindend op die gewete, want in krisistye wil die land op sy veiligheidsmagte steun. Verder het adjudant-offisiere ʼn brevet gekry met die opdrag om leiding te gee, bevele van meerderes te gehoorsaam en te sorg dat sy ondergeskiktes staande orders nakom. Die brevet is onderskeidelik deur die ministers van Polisie en Verdediging onderteken. By aanstelling as ʼn luitenant ontvang ʼn offisier sy/haar kommissie van die staatspresident as opperbevelvoerder van die veiligheidsmagte. Op die kommissie verskyn die opdragte aan die offisier. Dit onderskei offisiere en adjudant-offisier van die res van die bevolking, want dit maak hulle lede van die weermag of polisie wat saam die land se veiligheidsmagte is. Die weermag en die polisie het elk ʼn eie gedissiplineerde hiërargiese struktuur met ʼn eie etos en subkultuur gehad (Els, 2004:231-232).

nodig om bepaalde vrae te beantwoord om te weet of die Grensoorlog die moeite werd was, naamlik:

- Hoe het dinge in die 1980's in Suid-Afrika en SWA/Namibië gelyk?
- Wat sou gebeur het as Swapo en die ANC met geweld die mag in die 1970's of vroeë 1980's oorgeneem het?

Dalk het vele soldate en polisiemanne geveg om apartheid te beskerm, maar terselfdertyd het hulle tyd help wen vir die politici om 'n politieke oplossing uit te werk. Solank daar 'n skaduwee van 'n kommunistiese diktatuur bokant Swapo en die ANC/SAKP gehang het, was 'n politieke oplossing onmoontlik. Eers toe die Sowjetunie sy lus vir 'n globale kommunistiese rewolusie verloor kon die Suid-Afrikaanse regering dit bekostig om sy monopolie op die politieke mag prys te gee, want met die val van die Berlynse Muur en die ineenstorting van die Sowjetunie is die tande van die kommunistiese monster getrek (Scholtz, 2013:465).

Die bespreking tot dusver in hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die histories-politieke realiteite van die Grensoorlog. By die Voortrekkermonument op die Koevoetmuur van Herinnering; die Weermag gedenkmuur en die naamlys van 32 Bataljon staan die name van bykans een duisend gesneuweldes in die Bosoorlog. Die meeste van hierdie gesneuweldes was in die fleur van hul lewe. Saam met hulle verskyn daar ook die name van hul swart makkers wat met bloed die hoogste prys vir hul land sou betaal.

Die trauma van oorlog het egter nie hiermee geëindig nie. Wat van die talle naasbestaandes wat lank na die Bosoorlog nog steeds worstel met die trauma wat op hulle oorgespoel het en waarmee hulle moet saamleef? Dít – die seerkry en verlies van 'n kind, 'n eggenoot of 'n vriend weens die Bosoorlog – sal hulle nie maklik loslaat nie.[58]

Mense leef hul lewens vanuit hul verhale om deur taal tussenmenslike verhoudings tot stand te bring, want in taal leef, beweeg en bestaan ons. Elke landsburger het 'n eie verhaal wat op die een of ander wyse weer vervleg is in die histories-politieke verhaal van Suider-Afrika in die breë en Suid-Afrika in besonder. As landsburgers kan ons apaties staan teenoor die Suider-Afrikaanse verhaal, maar ons kan nooit daarvan loskom

[58] Navorser se ter plaatse waarneming by die Voortrekkermonument op Saterdag 2 April 2016 tydens 'n Koevoet kransleggingseremonie.

nie, want op een of ander manier het dit tog ʼn invloed uitgeoefen op die lewens van mense. Waar die navorser in die kwalitatiewe gedeelte van die ondersoek met ʼn vyftiental respondente gaan werk met ʼn Koevoetverlede, is dit van belang om die deelnemers se oorlogsverhale en hul verwonding – fisies, psigies, geestelik en moreel-eties – te verstaan teen die agtergrond van die histories-politieke verhaal van die Suider-Afrikaanse sub-kontinent.

Of dit nou die indiwiduele verhaal, of die Koevoet-, TIN- of MK-eenheid, of die land- of sub-kontinentale verhaal is, kan Christene elke verhaal sien teen die agtergrond van God se Verhaal van betrokkenheid by die mens, want dit is deur sy Gees dat God heling van die wonde en versoening van verloopte verhoudings wil bring. Vir die pastorale begeleiding van stukkende mense dien die histories-politieke verhaal van Suider-Afrika as hulp om in die lig van gister weer lig op die hede en toekoms te kan kry.

Elke gelowige het ʼn lewensroeping om te vervul. Waar mense die geraamtes van die verlede met hulle bly saamdra, kan daardie lewensroeping nie vervul word nie, want dit is eers deur die aflaai van emosionele bagasie dat die indiwidu vrede met homself en sy medemens asook met God verkry. Daarom staan vrede met God nooit los van vrede met jouself, jou broer én jou vyand nie. Die God van die Bybel is die God van die tweede kans en dit word bevestig deur die verhale van Abraham, Jakob, Dawid, Jona, Paulus en Petrus. Waar daar mislukkings was, gee Hy vergifnis en ʼn nuwe begin. Daarvan gee Christus se opstanding uit die dood die versekering: Geen situasie is ooit só dood dat daaruit nie weer lewe kan kom nie, want vir Christene is die kruis en die opstanding daarvan die waarborg.

Hoofstuk 3 handel oor die evaluering van die empiriese ondersoek se resultate.

# HOOFSTUK 3

# EMPIRIESE ONDERSOEK VOORTVLOEIEND UIT KWALITATIEWE ONDERHOUDE MET VYFTIEN KOEVOET VETERANE

## BESKRYWENDE EMPIRIESE MOMENT

### 3.1 INLEIDING

Om tot verstaan en beskrywing te kom van die situasie wat ondersoek word, vereis die insameling van inligting wat die navorser sal help om in besondere voorvalle, situasies of kontekste sekere patrone en bewegings raak te sien. Sodanige inligting moet dan benutbaar wees as antwoord op die vraag wat daar in hierdie situasie gebeur (Osmer 2008:4). Die beskrywende empiriese moment van Osmer (2008:11) sluit dus aan by Heyns en Pieterse (1998:74) se siening van die empiriese ondersoek wat deur waar-neming van die praksis ŉ probleem raaksien wat nog nie optimaal ondersoek is nie. Waar die probleem, in die wisselwerking tussen teorie en praksis, deur ŉ wetenskaplike meto-dologie opgelos word, kom ŉ praktykteorie as riglyn tot stand wat die praksis onderlê en rig.

Wat in hierdie navorsingsproses nooit uit die oog verloor mag word nie, is dat daar gewerk word met mense wat dalk worstel met geestelike verwonding maar desondanks bereid is om dit met die navorser te deel. Van die navorser vra dit die handhawing van ŉ spirituele teenwoordigheid waar daar empaties met die deelnemer meegeleef word sodat daar *'priesterlik'* na die deelnemer geluister kan word (Osmer, 2008:34).

Omdat die onderhoude vanuit ŉ pastorale gesigspunt benader word, sal gebed ŉ vername rol speel om namens ŉ respondent in te tree. Dit vra moed van mense om hul harte oop te maak en hul geesteservaringe teenoor iemand anders te verwoord (Osmer, 2008: *op. cit*.). Ook Keck (1978:62) het lank gelede al gebedsvoorspraak as ŉ priesterlike handeling gesien wanneer geloofsleiers nie net *om* of oor mense bid nie, maar die gebede van die mense as ŉ offer na God toe bring.


## 3.2 EMPIRIESE NAVORSING

### 3.2.1 Doelstelling

Hierdie hoofstuk het ten doel om die praksis en teorie by wyse van die empiriese ondersoek nouer by mekaar te betrek. Daarom moet die empiriese ondersoek op ŉ wetenskaplike wyse ondersoek instel na die vraag: *Hoe kan pastorale riglyne bydra tot persoonlike heling asook funksionele aanpassings van Koevoet veterane in die burgerlike samelewing en in hul huweliks- en gesinslewe?*

Alhoewel die studie se primêre fokus op oudkoevoetlede is, het die resultate van die navorsing uiteindelik ook betrekking op geregsdienaars van alle rasse en hul gesinne uit die ou bedeling wat, naas die trauma van grensdiens, ook die binnelandse opstande van die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika sou beleef en aan hulle lyf ervaar (Van der Merwe 2010:248; Stadler 1997:37).

Die vloeidiagram van Osmer se metode dui die beskrywende empiriese moment in grys.




**Figuur 3.1 Skematiese voorstelling van vloeidiagram (Osmer, 2008:11)**

Voortdurende interaksie is noodsaaklik tussen teorie en praktyk. Osmer (2008:11) beskou prakties-teologiese interpretasie as ŉ spiraal sodat daar tussen die vier momente – soos in die vloeidiagram uiteengesit – voortdurende interaksie kan plaasvind. Hierdie interaksie vind ook plaas met daardie momente wat alreeds ondersoek is (Osmer 2008: *op. cit.*). Die spiraal se stygende sirkelbewegings beklemtoon die voortdurende wisselwerking tussen die vier momente soos wat teorie en praktyk ŉ wedersydse invloed op mekaar uitoefen

(vgl. Heyns & Pieterse 1998:43). Soos die markties-teologiese interpretasie die momente herbesoek, kom nuwe insigte na vore (Osmer 2008: *op. cit*.).

Osmer (2008:11-12) vestig die aandag op ***spesifieke episodes***, ***situasies*** en ***kontekste*** as drie belangrike kategorieë en wat ook vir hierdie studie van belang is. Volgens Osmer 2008: *ibid*.) is *episodes* gebeurtenisse wat uit die daaglikse lewe opkom en dus vra na openhartige aandag en nadenke. Waar ŉ *situasie* verwys na ŉ langer patroon van gebeure, verhoudings en omstandighede waarin episodes gebeur en dikwels as narratiewe tot uiting kom en meer mense insluit, is ŉ *konteks* die samestelling van die sosiale en natuurlike sisteme wat binne ŉ situasie ontvou.

Teorie is nooit net teorie *vir* die praktyk nie, maar is teorie *van* die praktyk. Omdat praktyk nie bloot neerslag van die teorie is nie, is dit tegelyk ŉ geloofsdaad wat by die geloofsgemeenskap hoort (Heyns & Pieterse 1998:41). Navorser beskou die Koevoet Veterane Bond as ŉ geloofsgemeenskap in die kleine wat ook as plek van heling kan dien. Vir hierdie standpunt vind die navorser ondersteuning in Matteus 18:19-20.[59]

### 3.2.2 Metodologiese verantwoording

Vir sinvolle teorievorming is empiriese ondersoeke nodig (Heyns & Pieterse 1998:19). Daarom gaan dit vir die praktiese teoloog allereers oor nadenke of besinning oor die praktyk (Heyns & Pieterse 1998:22). Om by sinvolle teorievorming uit te kom moet inligting *versamel*, *beskryf* en uiteindelik *verwerk* word. Dit moet weer tot besinning en nadenke lei oor wat in die praktyk ervaar word, want vanuit die versamelde inligting moet ŉ nuwe praktykteorie na vore kom (Venter 1996:89-90).

Om empiriese navorsing te doen bestaan daar hoofsaaklik drie algemene benaderinge naamlik die kwantitatiewe metode, die kwalitatiewe metode, en die gemengde metode

[59] Matteus 18:15-20 word soms ŉ tugreglement genoem, maar in wese is dit die kerk se liefdesuitreiking na sondaars (Van Zyl 1999:1156). Oor jare is negatiewe ondertone aan die woord ***tug*** gekoppel wat deur sommige lidmate – veral uit die voormalige N.G. Sendingkerk – selfs as kerkstraf gesien is. (Navorser se eie waarneming as leraar in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika). Onlosmaaklik aan die kerk se liefdesuitreiking is die element van heling. Daarom kan die grondmotief van tug nooit anders wees as heling nie – heling wat na vore moet kom in die drievoudige interpersoonlike verhoudings met God, medemens en jouself. Vir Ellicott (s.a.) lê die ware betekenis van die woorde waar twee of drie is (Matteus 18:20) veranker in die kerkvaders se stelling *ubi tres, ibi ecclesia* – waar drie is, is daar ŉ kerk. Daarom is die Christelike geloofsgemeenskap se krag nooit meetbaar aan ŉ numeriese standaard nie. Die eis dat ŉ geloofsgemeenskap roepingsgetrou moet wees, is dan die enigste geldende maatstaf.

(Mertler, 2016:89-160). Vir hierdie studie word die metodologie van ŉ kwalitatiewe empiriese ondersoek gevolg. Dit sal die navorser in staat stel om teorieë te ontwikkel wat aandui hoe bepaalde verskynsels in die toekoms kan ontwikkel en waarvan die gang nou wetenskaplik voorspel kan word (Heyns & Pieterse, 1998:72). As onderbou vir die kwalitatiewe ondersoek is vyftien onderhoude met oudkoevoetlede gevoer.

Die doel van kwalitatiewe navorsing is gewoonlik daarop gerig om by die egte verstaan van mense se ervarings uit te kom. Vir Osmer (2008:33, 48) is die noodsaaklike eerste moment in navorsing toegespits om ŉ antwoord te verkry op die vraag: ***Wat gaan hier aan?*** Dit behels vyf aktiwiteite, naamlik die navorsingsvraag; die navorsingsontwerp; data-insameling deur ŉ vraelys en onderhoude; data-analise; interpretasie en ŉ navorsingsverslag wat terugwerkend die navorsingsvraag beantwoord (Terre Blanche, 2006:35). ŉ Kwalitatiewe empiriese ondersoek is derhalwe die aangewese metode om mense se ervaring van en funksionering in hul werklikheid te bestudeer (Heyns & Pieterse, 1998: 74; Osmer, 2008:52). In die betrokke persone se leefomgewing word hulle ervaring dan op ŉ wetenskaplike wyse *verken*, *beskryf*, *getoets* en *verklaar*.

Volgens Heyns en Pieterse (1998:75) behels dit drie subprosesse, naamlik:

- **Vermoed** (tot ŉ sekere mate die kennis van bepaalde samehang en prosesse wat in die omgewing (Bosoorlog) opgedoen is);
- **Verwag** (die afleidings wat gemaak word uit die vermoede); en
- **Toets** (die nagaan van die korrektheid van die verwagtinge).

Hierdie drie subprosesse vorm die onderbou van die empiriese kringloop waaruit waarneming, vermoede, verwagting, toetsing en evaluering voortspruit (Heyns & Pieterse, 1998. *op. cit*.). Vanuit die subprosesse moet teorie en praktyk nader aan mekaar kom en sal veral ŉ antwoord op die vraag na *wat hier gebeur* vereis (Osmer, 2008:33) sodat daar uiteindelik ŉ teorie gevorm kan word wat empiries toetsbaar is om ŉ praktyk-teoretiese riglyn vir die pastorale gesprek te formuleer (De Vos & Strydom, 2011:39-40; Heyns & Pieterse, 1998:77).

### 3.2.3 Voordele van kwalitatiewe navorsing

Die voordele van kwalitatiewe navorsing behels ondermeer:

- menslike belewenis kan in meer diepte bestudeer word;

- daar kan gebly word by die belewenis van die deelnemers en die navorser; en
- die persone wat die navorsingsverslag lees, kan ŉ dieper en meer menslike begrip verkry van die navorsingsbevindinge (Louw & Edwards, 2005:34).

### 3.2.4 Metateoretiese vertrekpunte

Geen mens neem die werklikheid en verskynsels waar sonder sekere vooronderstellings en wêreldbeskouings nie. Daarom is dit belangrik om die teologiese metateoretiese perspektief aan die begin van ŉ ondersoekprojek te stel (Pieterse, 2013:55). Ook Osmer (2008:33) se fokus rakende die beskrywende empiriese fase is daarop gerig om metateoretiese insig te verkry. Daar kan dus gefokus word op tersaaklik sekulêre of nie-religieuse studievelde om uit te vind wat aan die gang is. Die Praktiese Teologie put ook groot waarde uit ander wetenskappe om ŉ geskakeerde beeld van die werklikheid te verkry (Heyns & Pieterse, 1998:36). Tussen pastoraat en psigologie as 'buurman-wetenskappe' moet daar voortdurende wisselwerking wees (Louw, 1999:22). Volgens Osmer (2008:58) is ŉ metateoretiese perspektief ŉ samestelling wat uit voorveronder-stellings (*assumptions*) oor die werklikheid, kennis en wetenskap bestaan. Uiteindelik is dit hierdie netwerk van oortuigings (*beliefs*) en waardes wat aan navorsers regverdiging bied vir die metode wat in ŉ spesifieke projek gebruik word. Die metodes van die empiriese ondersoeke word uit die sosiale wetenskappe oorgeneem en in die praktiese teologie aangepas.

Die navorser neem as vertrekpunt die Skrif as die Woord van God en dat hierdie Woord ook as grondslag dien vir die Christelike gereformeerde geloof. Vanuit God se openbaring word Hy verstaan as die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Deur geloof in Jesus Christus tree God met ons as verloste sondaars in ŉ verbondsverhouding. In Jesus Christus openbaar God Hom in die Skrif as die God wat ons tegemoet tree sodat mense hulself *coram Deo* bevind. In Christus is ons verloste sondaars wat deur die Gees op ŉ lewenslange reis in die waarheid gelei word (Pieterse 2013: *op. cit.*).

Van die vyftien deelnemers is verwag om, aan die hand van ŉ half-gestruktureerde onderhoudskedule – bestaande uit ŉ oorkoepelende vraag en vyf vrae wat daaruit voortvloei – hul ervaring van die Bosoorlog én hul verwerking daarvan met die navorser te deel (Sien bylae 1). Al vyftien laat hul kwalifiseer as *"insiders"* (De Vos *et al.*: 2002:79). Hul ervaring van oorlog was eerstehands en is daarby ook lede van die Koevoet Veterane

Bond. Vir al die onderhoude is ŉ aangesig-tot-aangesig metode van onderhoudvoering gebruik sodat onderhoude dan ŉ ontmoeting tussen mense word om sodoende ŉ groter begrip vir mekaar te hê (Silverman 2002:92).

Volgens Denzin en Lincolm (2003:13) benadruk kwalitatiewe navorsing die sosiaal-gekonstrueerde aard van die werklikheid, asook die intieme verhouding tussen die navorser en die deelnemer, want die doel van kwalitatiewe navorsing is daarop ingestel om by ŉ egte verstaan van mense se ervarings uit te kom (Joubert, 1992:171). Die navorser gebruik vir hierdie ondersoek die gegronde teorie (*grounded theory*) metode om die inhoude van onderhoude vas te stel.

### 3.2.5 Data insameling

Die eerste fase van data-insameling vir die kwalitatiewe ondersoek met onderhoude was om die geïdentifiseerde persone telefonies of persoonlik te nader om te verneem of hulle bereid sou wees om aan die navorsing deel te neem (Rousseau, 2010:196). Die populasie waaruit die steekproef van respondente gemaak is, is die lede van die Koevoet Veterane-bond. Tydens die eerste gesprek is die doel van die navorsing in breë trekke verduidelik. Aan elke geïdentifiseerde is meegedeel dat die navorsing gerig is op die pastorale betrokkenheid by oudkoevoetlede se persoonlike heling wat na die Bosoorlog dalk nog mag worstel met onverwerkte geestelike pyn wat hul funksionele aanpassing in die burgerlike samelewing en in hul huweliks- en gesinslewe kortwiek.

Die uitnodiging tot deelname aan die ondersoek spruit daaruit dat hulle as Koevoet veterane in die oorlogsituasie as *'insiders'* oorlogservaringe opgedoen het (De Vos *et al*., 2011:79). Volgens Denzin en Lincoln (2003:12) is die grootste winspunt van kwalitatiewe navorsing die vermoë om dít te analiseer wat werklik in ŉ natuurlike situasie gebeur. In kwalitatiewe navorsing word daarom sterk gewerk met die ervaarde werklikheid van ŉ respondent of die werklikheid waaruit so ŉ respondent kom.

Tydens die *eerste fase* is Koevoet veterane tydens samekomste oor die ondersoek ingelig. Tydens die *tweede fase* is die onderhoudskedule vir die kwalitatiewe ondersoek per e-pos aan deelnemers versend ter voorbereiding van gespreksvoering met die versoek om vrae so volledig moontlik te beantwoord.

### 3.2.6 Besonderhede van deelnemers

Die deelnemers se besonderhede is soos volg getabuleer en in die rapportering van die data word daar anoniem verwys na RA, RB, RC ensovoorts. Daar is onderhoude gevoer met vyftien respondente waarvan die samestelling soos volg daar uitsien:

- 2 getroude mans waarvan een kinders op die grens moes grootmaak;
- 3 getroude vrouens – twee moes kinders op die grens grootmaak;
- 1 getroude Ovambo man wat Afrikaans kan praat; en
- 9 ongetroude jong mans;
- 4 van die ongetroudes was betrokke by die Nege Dae Oorlog (NDO) van 1 tot 9 April 1989. Een het in die NDO sy regterbobeen verloor, maar kan met ʼn prostese oor die weg kom.
- 1 ongetroude het sy hele regterbeen verloor tydens ʼn kontak voor die NDO en kan glad nie van ʼn prostese gebruik maak nie.

**TABEL 3.2.1: Lys van deelnemers – almal is oud-Koevoetlede**

| DEELNEMER | GESLAG | HUWELIKSTAAT |
|---|---|---|
| Respondent A | Manlik | Getroud |
| Respondent B | Vroulik | Getroud |
| Respondent C | Manlik | Getroud |
| Respondent D | Manlik | Ongetroud |
| Respondent E | Vroulik | Getroud |
| Respondent F | Manlik | Ongetroud |
| Respondent G | Vroulik | Getroud |
| Respondent H | Manlik | Ongetroud |
| Respondent K | Manlik | Getroud |
| Respondent M | Manlik | Ongetroud |
| Respondent P | Manlik | Ongetroud |
| Respondent T | Manlik | Ongetroud |
| Respondent W | Manlik | Ongetroud |
| Respondent Y | Manlik | Ongetroud |
| Respondent Z | Manlik | Ongetroud |

### 3.2.7 Oop kodering van vyftien onderhoude

As ʼn eerste stap na oop kodering het die navorser begin met die analise van die eerste

agt onderhoude. Gelei deur die navorsingsvraag naamlik, watter insigte kan vanuit ŉ kwalitatiewe empiriese ondersoek na vore kom aangaande die aftakelende invloed van onverwerkte pyn en trauma as gevolg van die ervaring van geweld wat deur oorlog of opstand veroorsaak is? Vir elke onderhoud is die volgende ses semi-gestruktureerde oop einde vrae gebruik:

- ŉ Oorkoepelende vraag:
  Die respondent moes sy/haar ervaring van die Bosoorlog en die verwerking daarvan met die navorser deel. Dit is gevolg deur die volgende vyf vrae:
- Vraag 1: Wat is die worsteling wat die respondent tans ervaar?
- Vraag 2: Wat is die diepere oorsaak van die worsteling?
- Vraag 3: Wat hou die persoon so lank vasgevang in die worsteling?
- Vraag 4: Hoe is God se betrokkenheid in jou worsteling beleef?
- Vraag 5: Wat sal dit makliker maak om deur worsteling te kom?

In die analisering van die inhoud van die gesprekke van die respondente wat digitaal opgeneem is, is gebruik gemaak van Tesch (2013) se benadering van oop kodering soos voorgestel deur Creswell *in* Botma *et al.* (2010:224-225).

Elke onderhoud se inhoudelike is vanuit die ses vrae opgedeel in betekenisvolle segmente. Aan elke betekenisvolle inhoudsgedeelte is ŉ oop kode gegee. Die resultaat van die oop kodering word hierna uiteengesit. In die volgende tabelle bied die navorser ŉ grafiese beskrywing aan van die werk wat hy uitgevoer het in die beweging van *kodes* na *kategorieë* na *konsepte/begrippe* (Saldana, 2009:9-11).

### 3.2.8 Verhouding tussen kodes en kern kategorieë

In die volgende tabelle bied die navorser ŉ grafiese beskrywing aan van die werk wat hy uitgevoer het aan die hand van vyftien semi-gestruktureerde onderhoude met oud-Koevoetlede in die beweging van kodes na kategorieë en konsepte (Saldana, 2009:*op. cit.*). Vir die kwalitatiewe ondersoek het die navorser gebruik gemaak van die gegronde teorie (*grounded theory*) kwalitatiewe metode vir die inhoudsanalise van die vyftien respondente se onderhoude oor hul ervarings voortspruitend uit die destydse Bosoorlog. Elke gegronde teorie analise van ŉ projek verskil ietwat van ander wat dieselfde navorsingsmetode gebruik. Dit hang af van die onderwerp wat ondersoek word. Dié metode word in ŉ aantal dissiplines in die geesteswetenskappe gebruik. Onder leiding van prof. Gerrit Immink (Nederland) is dit al aangepas om in die praktiese teologie te kan gebruik (sien onder andere Pleizier, 2010). Vir die ondersoek is daar ook gebruikgemaak

van die nuutste handboek oor die metodologie deur Kathy Charmaz (2006), Theo Pleizier (2010) asook Hennie Pieterse (2013).[60]

Na respondente word alfabeties verwys. Die eerste agt word aangedui as respondente A, B, C, D, E, F, G en H. Na die oop kodering volg ŉ tweede fase van nouer kodering waarin ŉ volgende aantal respondente kodeer word om vas te stel of die eerste groep kategorieë inhoudelik verder versterk kan word en of daar nog nuwe kategorieë ontdek kan word (Charmaz, 2006:57; Pleizier, 2010:88). Die volgende sewe respondente aangedui met die letters K, M, P, T, W, Y en Z – word dan kodeer om die aanvanklike inhoudskategorieë aan te vul en te versterk en of daar miskien nog kategorieë na vore kom. Die kategorieë word deurgaans bekyk en vergelyk om vas te stel of die inhoude nie oorvleuel nie en of hulle die inhoud van die data korrek weergee (Wepener & Pieterse, 2018:401). Die onderhoude en die ontledings daarvan wil die navorser help om tot verstaan te kom van die vraag: Wat is hier aan die gebeur? (Osmer, 2008:4)

## 3.3 KODERING EN KATEGORISERING

### 3.3.1 Kodering en kategorisering van empiriese ondersoek

#### 3.3.1.1 Afdeling A: Oorkoepelende vraag

***Ervaring en verwerking van blootstelling aan die destydse Bosoorlog***

**TABEL 1-3A: Kategorisering van ervaring en verwerking van blootstelling aan die destydse Bosoorlog.**

| KERNKATEGORIE | Ervaring en verwerking van blootstelling aan destydse Bosoorlog |
|---|---|
| Kategorie 1 | Werklikheid van oorlogsverwonding |
| Kategorie 2 | Verwerping van Koevoete as gekontamineerdes na Bosoorlog |
| Kategorie 3 | Woede teenoor destydse politici – VM is in steek gelaat |
| Kategorie 4 | Patriotisme van Suid-Afrika se weerbare mans |
| Kategorie 5 | VM (Veiligheidsmagte) is as kanonvoer na Bosoorlog gestuur |
| Kategorie 6 | Weerhouding van bevordering kort polisie loopbaan in |
| Kategorie 7 | Afstomping vir die dood |
| Kategorie 8 | Morele verwonding tydens Bosoorlog |

**TABEL 2-3A: Verdere kodering van ervaring en verwerking van blootstelling aan destydse Bosoorlog.**

[60] Artikels gepubliseer in *Acta Theologica*, 33:1 (2013:175-196) *'An emerging grounded theory for preaching on poverty in South Africa with Matthew 25:31-46 as sermon text', oor* prediking in ŉ konteks van armoede in Suid-Afrika binne ŉ konteks van armoede na aanleiding van Matteus 25:31-46 as preekteks; 'Theoretical strengthening of the concept of appealing in analysed sermons on Matthew 25:31-46 in the context of poverty in South Africa'. *In die Skriflig/In Luce Verbi* 47:1 (2013), Art. #692, 8 pages. http://.doi.oerg/10.4102/ids.v47i1.692. Datum van gebruik: 21 Mei 2018.

| Kode | Dood, verminking en verwonding van oorlog | Respondente (Afgekort tot R in dokument) |
| --- | --- | --- |
| **A1** | **Werklikheid van oorlogsverwonding** | Kersdag 1979 detoneer polisiemanne ŉ landmyn op teerpad (R. A.12).<br>Oorskot in 2 sandsakke bymekaar gemaak (R. A.15).<br>Dit was eerste landmyn op ŉ teerpad (R. A.17).<br>Voorval het geweldige impak op mense gehad (R. A.18).<br>Selfs op teerpaaie was mense nie meer veilig nie (R. A.19).<br>Kon sien hoedat ŉ landmyn mense totaal disintegreer (R. A.20).<br>Daardie gesig het nagte by hom gespook (R. A.21).<br>Blootstelling aan vyandelike aanvalle en dood op grens (R. B.1)<br>*Ondersteun deur R. M.3 en M.4.*<br>Gehoorgestemd a.g.v. ontploffende landmyne en lampetmyne (R. C.2)<br>Betrokke by Nege Dae Oorlog (NDO) (R. D.2).<br>Verloor ŉ *buddy* tydens die NDO (R. D.3).<br>Eerste polisievrou by Koevoet – beheer opskamer (R. E.1).<br>Dood en verwonding van jongmanne raak haar erg (R. E.4).<br>Daar was erge verwonding op grens – vyand en eie mense (R. E.7)<br>*Ondersteun deur R.. K.1; K4.4; 6 en 7; R. P.16;17 en 18.*<br>Erge spanning as haar man op patrollie is (R. E.10).<br>Spanning nog erger met radiostiltes tydens opvolgings (R. E.11).<br>Verloor op 2 April 1989 tydens NDO sy regter bobeen (R. F.8).<br>Werklikheid van dood en verwonding binne ŉ oorlogsituasie (R.G.22<br>*Ondersteun deur R. M.5; P.12;15 en T.9.*<br>Beland op eerste patrollie in ŉ kontak (R.H.2 en 5). |
| **A2** | **Verlies van loopbaan weens Koevoet betrokkenheid** | Bevordering in SAPD weens Koevoetverlede ontsê (R. C.3 en 7).<br>*Ondersteun deur R.A3.5 en R.G3.6*<br>SAPD bewus van sy Koevoetverbintenis (R.D.5).<br>Hekwag word tot offisier bevorder (R. D.6).<br>Bedank uit SAPD; sluit aan by *Executive Outcomes* in Angola (R.D.7). |
| **A4** | **Patriotisme van Suid-Afrika se weerbare mans** | Blanke mans het grootgeword met patriotisme (R. F.2).<br>*Ondersteun deur R. M1.21; R. Z.2)*<br>Was van blankes verwag om by oorlog betrokke te raak (R.F.5).<br>Politici het VM se patriotisme verraai (R. F.3). |

| | | |
|---|---|---|
| **A5** | **Verwerping van Koevoete na Bosoorlog as gekontamineerdes** | Koevoete gesien as gekontamineerdes na Bosoorlog (R. C.40).<br>*Ondersteun deur R.G1.13).*<br>Koevoete beleef dit as verwerping (R. C.5).<br>Koevoetverlede ʼn struikelblok vir aanvaarding (R. G.74).<br>Mense was huiwerig om oor hul Koevoetverlede te praat (R. B1.13). |
| **A6** | **Afstomping vir die dood** | Oorlog bring afstomping vir die dood (R. G.40).<br>*Ondersteun deur R.W.16*.<br>By Koevoete moes afstomping nog groter wees (R. G.41).<br>Insurgente is net as ʼn objek gesien (R. G.42).<br>Gevegsleiers begaan oor eie mense; vyand kry wat hom toekom (R. G.43).<br>*Ondersteun deur R. P.20,21en 22.* |
| **A7** | **Morele verwonding in Bosoorlog** | Man in kontak beseer: sy linkeroog en -hand beskadig (R. B2).<br>*Ondersteun deur R.T.32.*<br>Lei tot persoonlikheidsverandering by hom (R. B3).<br>Hy rand haar fisies aan – dit was vreemd aan sy aard (R. B5).<br>Man se gedrag verander ook in kontaksituasies (R. B8).<br>Sou vyand op knieë laat staan en vir sy lewe soebat (R. B9).<br>Hy sou vyand óf in die oog óf sy hand afskiet (R. B10).<br>Hy het geen skuldgevoel daaroor gehad nie (R. B11).<br>Swart Koevoetlede het haar daaroor ingelig (R. B.12).<br>Daar is dinge uit die Bosoorlog wat hom pla (R. H.22).<br>*Ondersteun deur R. T.32; 33,37, Z.18 en T5.26.*<br>Soms is wreedhede onder groepsdruk gepleeg (R. H.23).<br>Tydens ʼn kontak doen mens *stupid* goed (R. H.24).<br>*Ondersteun deur R. E1.5.*<br>Daardie aand wil jy nie daaroor dink nie (R. H.25).<br>Dit is waarom jy dronk gaan slaap (R. H.26).<br>*Ondersteun deur R. T.32; 33 en 34.*<br>Kan oorlog nie vergeet nie – is soos ʼn brandmerk op hom (R.D2.1).<br>Plaaslike bevolking (PB) is erg deur Bosoorlog geraak (R. D2.2).<br>PB se swaarkry pla hom erg (R. D2.3).<br>PB het skerpkant van beide Koevoet en Swapo gekry (R. D2.4).<br>Vir Swapo moes PB kos, water en inligting gee (R. D2.5).<br>Later kom Koevoet en deel slae uit aan PB op soek na inligting (R. D2.6)<br>Dit pla hom nou – die PB het dit nie verdien nie |

| | | |
|---|---|---|
| | | (R. D2.7).<br>Die PB het nie vir oorlog gevra nie – dit was hul blyplek (R. D2.9).<br>Pakgee van Ovambo kinders vir inligting pla hom ook (R. D2.10).<br>Hy kan dit nie vergeet nie – dit bly diep binne in hom (R. D2.11).<br>*Ondersteun deur R.T.32, 34, 35 en 50.* |

### 3.3.1.2 Afdeling B: Vraag 1

## Afdeling B: Wat is aard van worsteling wat tans ervaar word?

**TABEL 3-3B: Kategorisering van worsteling wat tans ervaar word.**

| KERNKATEGORIE | Aard van worsteling wat tans ervaar word |
|---|---|
| **Kategorie 1** | **Koevoete as moordenaars, misdadigers beskou** |
| **Kategorie 2** | **Koevoete se vrouens is ook deur Bosoorlog geraak** |
| **Kategorie 3** | **Terugflitse, reuke en drome oor Bosoorlog** |
| **Kategorie 4** | **Dood en verwonding van lede van die Veiligheidsmagte (VM)** |
| **Kategorie 5** | **Behandeling in SAPD het jou laat voel jy pas nie in nie** |
| **Kategorie 6** | **Wanneer die ligte nie afgaan nie** |
| **Kategorie 7** | **Menslikheid binne oorlogsituasies** |
| **Kategorie 8** | **Koevoetreünies: Bosoorlog word herleef** |

**TABEL 4-3B: Kategorisering van die huidige worsteling wat ervaar word.**

| Kode | Koevoete: Draers van die Kainsmerk? | Respondente (Afgekort tot R in dokument) |
|---|---|---|
| **B1** | **Koevoete geëtiketteer as moordenaars, misdadigers en skurke** | Gesien as deel van 'n eenheid wat mense gedood het (R.A1.1).<br>Tydens Bosoorlog het die SAP en SAW net hul plig gedoen (R.A1.4).<br>Die VM was daartoe met 'n eed verbind (R. A1.5).<br>Polisiemanne moes lewe en eiendoem beskrem (R. A1.6).<br>*Ondersteun R. M1.22-26*<br>VM het binne destydse wetgewing gewerk (R. A17).<br>Swapo en wêreldgemeenskap was gekant teen apartheid (R. A1.9).<br>Optredes van die VM is as onwettig gesien (R. A1.10).<br>Burgerlikes is gedood deur bomme en landmyne (R. A.1.12).<br>Dit is die ongelukkige prys van enige oorlog (R. A1.13).<br>Koevoet is gesien as skurke en wettelose moordenaars (R. A1.14). |

| | | |
|---|---|---|
| | | *Ondersteun deur R. T.29; M1.39 en C3.12.*<br>Dit maak seer – ek was daar as beroepspolisieman (R. A1.15).<br>Huiwering van Koevoete om oor Bosoorlog te praat (R.C3.13).<br>Politici ontken enige kennis oor die oorlog (R. C3.17).<br>WVK-proses is hiervan getuie (R.C3.18)<br>Koevoete uit eie geledere gesien as moordenaars en kriminele (R. A3.2).<br>Dit laat letsel wat uit onkunde spruit (R. A3.3).<br>Oor haar Koevoetverlede praat sy nie vrylik nie (R. G3.3) |
| **B2** | **Koevoete se vrouens ook deur oorlog geraak** | Eiesoortige eise van Bosoorlog aan Koevoet gesinne (A.11).<br>Was weens beroepseise 'n afwesige pa (A3.16)<br>Vrouens moes baie trauma op die grens deurmaak (R. B1.1).<br>Daar is nooit met hulle daaroor gepraat nie (R. B1.2).<br>Dié vrouens worstel dalk ook met onverwerkte oorlogstrauma (R. B1.3). |
| **B3** | **Terugflitse, reuke en drome oor Bosoorlog** | Drome laat hom onrustig slaap (R. C1.2).<br>*Ondersteun deur R. P1.2 en K3.3, 7.*<br>Kry ook terugflitse van ontploffings binnelands én Bosoorlog (R. C1.4).<br>*Ondersteun deur R.M1.7, 23 en 24; P1.6-10.*<br>Terugflitse gebeur soms in die dag (R. C1.6).<br>Laat hom terugdink aan gebeure in sy loopbaan (R. C1.7).<br>*Ondersteun deur R. E.5-8; M.5, 7en 8 asook P.2.*<br>Dit skok hom – breek uit in koue sweet (R. C1.8).<br>*Ondersteun deur R.K.3 en T.38 en 40.*<br>Terugflitse gebeur skielik en is weer verby (R. C1.9).<br>*Ondersteun deur R. M1.5, 7 en 8.*<br>Sien twee psigiaters – help redelik met terugflitse (R. C1.10).<br>*Ondersteun deur R. M.1, 2 en 4.*<br>Gebruik tans daagliks *nuzec* en draf gereeld (R. C1.11).<br>Weke gaan verby – skielik is daar 'n terugflits (R. C1.14)<br>Daardie nag is hy weer onrustig (R. C1.15).<br>Terugflitse het 'n geweldige invloed op haar gemoed gehad (R.-E1.9).<br>Reuke uit sy polisie loopbaan kom baie by hom op (R. C2.7).<br>Reuke van terroriste se lyke waarmee slaags geraak is (R. C2.8).<br>Reuke van bloed en kruit op sabotasie tonele kom terug (R. C2.8).<br>*Ondersteun deur R. M.7.* |
| **B4** | **Oorloggestremdes se frustrasie** | Gebrekkige geldelike en mediese ondersteuning wat hulle toekom (R .A2.22). |

| | | |
|---|---|---|
| | | Gestremdheid moenie probleem vir gestremde word nie (R. F1.1).<br>*Ondersteun deur R.P52; 53 en 57.*<br>Regering sloer met vervanging/herstel van prostese (R. F1.4).<br>Dit lei tot erge frustrasie en irritasie (R. F1.5).<br>*Ondersteun deur R.P.61 en P.62*<br>Stukkende prostese beperk beweeglikheid erg (R. F1.12).<br>Gesinsverpligtinge ly daaronder (R. F1.13).<br>Sukkel al 'n jaar om sy prostese herstel/vervang te kry (R. F1.17).<br>Tydens onderhandelinge is oorlogsgestremdes vergeet (R. F1.32).<br>*Ondersteun deur R.P.60.* |
| **B5** | **SAPD laat Koevoete ontuis voel** | SAPD se behandeling het Koevoete ontuis laat voel (R. G1.1).<br>Met Koevoetverlede bejeën SAPD jou as vyandig (R. G1.14).<br>Vertrouensverhouding word nie met jou aangeknoop nie (R. G1:15). |
| **B6** | **Wanneer oorlogsligte nie afgaan nie** | Manier waarop hy mense in die oorlog doodgemaak het (R. H1.1).<br>Voel hy slaap waar die ligte nie afgaan nie (R. H1.2).<br>*Ondersteun deur R. Z3.5 en 6.*<br>Kon nie van sy huwelik 'n sukses maak nie (R. H1.3).<br>Reste van sy Koevoetverlede het daartoe bygedra (R. H1.4).<br>Sy huwelik het verbrokkel en tot 'n einde gekom (R. H1.5). |
| **B7** | **Menslikheid binne 'n oorlogsituasie** | Inbring van dooie insurgente raak haar diep (R. G.31).<br>Lyke vasgebind op modderskerms van Casspirs (R. G.32).<br>Dooie mense moet met waardigheid hanteer word (R. G.33).<br>Daar was gegronde redes vir dié praktyk (R. G.34).<br>Daar was geen voertuie vir vervoer van lyke nie (R. G.35).<br>Gesneuweldes moes vir identifikasie ingebring word (R. G.36).<br>Waardige begrafnis is naasbestaandes ontsê (R. G.38).<br>Kry opdrag om nege lyke te gaan begrawe (R. H.29).<br>Begrawe drie lyke in eerste gat wat hulle grawe (R. H.30).<br>Begrawe ses lyke in tweede gat wat hul grawe (R. H.31). |

| | | |
|---|---|---|
| | | Daardie begrafnis kwel hom steeds (R. H.32).<br>Wie was die ouens? Waar en wie is hul familie? (R. H.33).<br>Iemand moet tog weet waar hulle begrawe is (R. H34). |
| **B8** | **Koevoetreünies** | By Koevoetreünies word oorlog herleef (R. B.17).<br>Sommige veterane moet oorlog nog verwerk (R. B.18).<br>Die oorlog sal jou altyd bybly (R. B.20).<br>Net God gee vrede, regte perspektief en maak gesond (R. B.21). |

### 3.3.1.3 Afdeling C: Vraag 2

## Afdeling C: Wat is die diepere oorsaak van die worsteling?

**TABEL 5-3C: Kategorisering van dieper oorsaak van worsteling.**

| KERNKATEGORIE | Diepere oorsaak van die worsteling |
|---|---|
| **Kategorie 1** | **Onkunde oor Bosoorlog by politici én publiek** |
| **Kategorie 2** | **Kerk en owerheid het vyand as onchristelik uitgewys** |
| **Kategorie 3** | **Bevegting van terrorisme as oorsaak van worsteling** |
| **Kategorie 4** | **Begeerte na restitusie** |
| **Kategorie 5** | **Blootstelling aan gru tonele** |
| **Kategorie 6** | **Burokratiese rompslomp en oorlogsgestremdheid** |

**TABEL 6-3C: Dieper oorsaak van worsteling kom onder die loep.**

| Kode | Oorsake wat bly knaag | Respondente (Afgekort tot R in dokument) |
|---|---|---|
| **C1** | **Onkunde oor die Bosoorlog** | Onkunde by die algemene publiek oor die Bos-oorlog (R. A2.1).<br>Eensydige blaam op VM vir dood van mense (R. A2.2).<br>Leunstoel kritici wat nie self in die situasie was nie (R. A2.3).<br>VM uit verskeie oorde beskuldig van verkeerde optrede (A.2.4).<br>Nuwe regering se minagting en suspisie (R. A2.9).<br>VM verkwalik vir grens- én binnelandse optredes (R. A2.10).<br>Aanloop tot 1994 verkiesings was onstuimige politieke tye (R. A2.11).<br>VM moes wet en orde en binnelandse stabiliteit handhaaf (R. A2.12).<br><br>Poitici ontken enige kennis van oorlogsoptredes deur VM (R. C.17). |

| | | |
|---|---|---|
| **C2** | **Kerk en staat wys vyande uit as onchristelik** | Kerk en owerheid wys vyand as onchristelike kommuniste uit (R. A2.16).<br>Lei tot vertwyfeling by lede van dieVM<br>(R. P 66, 67, 68). |
| **C3** | **Bevestiging van terrorisme – binnelands en op die grens** | Worsteling spruit uit loopbaan gerig op bevegting van terrorise (R. C2.1).<br>*Ondersteun deur R. C.26.*<br>Was op gru sabotasie tonele en motor bom-ontploffings (R. C2.2)<br>Stukkies menslike oorskot het oral rondgelê<br>(R. C2.3).<br>Moes in hofsake tonele weer haarfyn beskryf<br>(R. C2.4).<br>Tonele word dan herbeleef – laat blywende effek op hom (R. C.2.6)<br>Hy het nooit enige berading daarvoor gekry nie<br>(R. C2.11)<br>Traumatiese ervarings was vir lank deel van sy loopbaan (R. C.19).<br>Oorlogseffek – op grens en binnelands – was blywend op VM-lede (R. C2.26).<br>Sy loopbaan in die polisie en by Koevoet<br>(R. H2.1).<br>Sou sy pad by Koevoet met meer wysheid wou loop (R. H2.3).<br>Sou ook meer luister na die stem van die Heilige Gees (R. H2.4).<br>Hy het die Heilige Gees in sy lewe by Koevoet geïgnoreer (R. H2.5).<br>Kan Bosoorlog nie vergeet nie – is soos ŉ brandbrandmerk op hom (R. D2.1). |
| **C4** | **Brandende begeerte vir restitusie** | PB het skerpkant van beide Koevoet en Swapo gekry (R. D2.4).<br>Op die spoor van terroriste sou hy PB se *mahango* lande platgery (R. D2.14),<br>Mahango lande was insurgente se wegkruipplek<br>(R. D2.17).<br>Moes insurgente uit mahango lande jaag<br>(R. D2.18).<br>In kontakte is die lande met Casspirs se maalbewegings platgery (R. D2.19).<br>Vir daardie jaar is daar vir die PB geen kos nie<br>(R. D2.20).<br>Verwoesting van landerye was nie uit moedswil nie (R. D2.22).<br>Bewapende insypelaars in die lande was riskant vir Koevoet (R.D2.23).<br>Koevoete moes na hul eie lewens omsien<br>(R. 2.24).<br>Hy worstel met erge skuldgevoelens teenoor die PB (R. D2.16).<br>Sou hy die nodige kapitaal hê, sou hy iets wou doen om reg te maak (R. D2.12).<br>Sou paar trekkers aan PB skenk om hul lande mee te ploeg en plant (R. D2.13). |

| | | |
|---|---|---|
| **C5** | **Blootstelling aan gru tonele** | By Koevoet én Veiligheidstak (VT) blootgestel aan gru tonele (R. E2.5).<br>Binnelands was dit hoofsaaklik bomontploffings (R.E2.6).<br>As springstofveër moes sy onder erge spanning werk (R.E2.7).<br>Sy moes toekyk hoedat mense met klippe doodgegooi word (R.E2.8).<br>Spanning in die Bosoorlog ervaar, is na RSA oorgeplaas (R.E2.9).<br>Nooit kans gekry om daaroor te praat en kop skoonkry nie (R.E2.10).<br>Vyandige geweld en lang werksure was altyd daar (R.E2.11).<br>Terug in RSA is die Bosoorlog binnelands voortgesit (R.E2.13). |
| **C6** | **Impak van burokratiese rompslomp op oorloggestremdes** | Burokratiese rompslomp vererger saamleef met gestremdheid (R. F2.1).<br>Reëls is nodig – beslommernis is die uitgerekte prosedures (R. F2.4).<br>Prostese breek in ŉ oomblik – verskaffers moet lank wag vir betaling (R. F2.5).<br>Gestremde voel jy vra ŉ guns van die Vergoedingskommissaris (VK) (R. F2.6).<br>Beslommernis raak bron van frustrasie (R. F2.7).<br>Gestremdes beskik nie oor eie fondse vir betaling van prosteses nie (R. F2.10).<br>Daar is aanvaar daar sal na jou gekyk word as jy op diens seerkry (R. F2.11)<br>As gestremde probeer om hom in SAPD onmisbaar te maak (R. F2.23). |
| **C7** | **Koevoete aan eie lot oogegelaat** | Na terugkeer uit oorlog is Koevoete oorgelaat aan hul eie lot (R. G2.6).<br>Weinige begrip vir agtergrond van Koevoete se probleme (R. G2.7).<br>Owerheid het nie omgegee wat van hulle word nie (R. G2.8).<br>Koevoete is grootmense en *cowboys don't cry* (R. G2.9).<br>Gebrek aan empatie met oud-Koevoete lei tot emosionele probleme (R. G2.10).<br>Klein persentasie Koevoete is nog in die polisie (R. G2.11).<br>Sommige maak sukses van polisie loopbane of private sektor (R. G2.12).<br>Ander ervaar huweliksprobleme, egskeidings en drankmisbruik (R. G2.13).<br>Sommige word boemelaars, pleeg selfmoord of verval in armoede (R. G2.14)<br>Koevoet gestremdes kry dalk die swaarste (R. G2.16).<br>Hulle moet baklei vir mediese versorging en hulp-middele (R. G2.17).<br>Daar was nie werklike omgee vir oud-Koevoete |

| | | |
|---|---|---|
| | | nie (R. G2.19).<br>Onderhandeling vir politieke skikking is nie aan die VM gedink nie (R. G2.20).<br>Geen Koevoete was voorberei vir hul terugkeer na die RSA nie (R. G2.22). |
| **C8** | **Ontlonting vind in kantien plaas** | Oorwinning en ontlonting word in die kantien gevier (R. H.11).<br>*Ondersteun deur R. M.11, 12, 13 en14; P.24 en 25; W.20 en 24; Z3.18; 19.20* |

### 3.3.1.4 Afdeling D: (Vraag 3)

### Afdeling D: Wat hou die persoon so lank vasgevang in die worsteling?

**TABEL 7-D3: Kategorisering van wat vashou in die worsteling**

| KERNKATEGORIE | Vasgevang in worsteling |
|---|---|
| **Kategorie 1** | **Uitwerking van oorlog op kinders** |
| **Kategorie 2** | **Huwelik- en gesinslewe deur werk geknou** |
| **Kategorie 3** | **Waar is die politieke meesters nou?** |
| **Kategorie 4** | **Wantroue in eie professionele hulpverleners** |
| **Kategorie 5** | **Skuldgevoelens uit die Bosoorlog** |
| **Kategorie 6** | **Oorlogsgestremdes beleef uitrangering na kantlyn** |
| **Kategorie 7** | **Waarde van medaljes in ’n militêre milieu** |

**TABEL 8-3D: Kategorisering oor verwerking van blootstelling aan destydse Bosoorlog.**

| Kode | Verwerking van blootstelling aan Bosoorlog | Respondente (Afgekort tot R in dokument) |
|---|---|---|
| **D1** | **Uitwerking van oorlog op kinders** | Jong seun assosieer kamoefleerdrag met dood en oorlog (R. A3.17).<br>Op patrollie het Koevoete kamoefleerdrag gedra (R. A3.18).<br>As hy kamoefleerdrag aantrek, is sy seun ongemaklik (R. A3.19).<br>Seun het geweet dit is oorlog (R. A3.20). |
| **D2** | **Huwelik- en gesinslewe geknou** | Oorlog het hoë beroeps- en gesinseise aan getroudes gestel (R. A3.12).<br>Op grens is 24-uur paraatheid verwag (R. A3.13).<br>Werksdae was lank en veeleisend (R.A3.14).<br>Twee kinders is basies deur sy vrou grootgemaak (R. A3.15).<br>Weens werksomstandighede was hy basies ’n afwesige pa (R. A3.16). |
| **D3** | **Politieke meesters laat voetsoldate in die steek** | Bosoorlog is gevoer as ’n maaksel van die politici (R.C3.16).<br>Politici ontken nou enige kennis oor die oorlog |

| | | |
|---|---|---|
| | | (R.C3.17).<br>Wie het die wapentuig verskaf? (R. C3.19).<br>Wie het koeverte voertuie en geld verskaf vir oorlog teen terreur? (R.C3.20).<br>VM het definitief nie uit hul eie geldsakke gewerk nie (R. C3.21).<br>Wie het vals paspoorte en ID-dokumente gemagtig?(R. C3.24).<br>Wapens is gegee wat nie na die polisie teruggespoor kon word nie (R. C3.26).<br>Wie het dit gemagtig? (R. C3.27).<br>Wie het die befondsing vir koverte operasies gemagtig? (R. C3.30).<br>Dit kon nie van die departementshoofde kom nie (R. C3.31).<br>Departementshoofde was verantwoordelik vir taakuitvoering (R. C3.32).<br>Politici se ontkennings maak VM toe die vark in die verhaal (R. C3.33). |
| **D4** | **Vertrou nie eie hulpverleners nie** | Daar was SAP kapelane, sielkundiges en maatskaplike werkers (R. C3.37).<br>*Ondersteun deur R. M.19.*<br>Dié vakkundiges het almal offisiersrang beklee (R. C3.38).<br>Polisielede was huiwerig om dié dienste te gebruik (R. C3.39).<br>*Ondersteun deur R. M.20.*<br>Hulpsoekers was bang dit kon hul bevordering benadeel (R. C3.40).<br>*Ondersteun deur R. M.21*<br>Hulpsoekers kon as swakkelinge gesien word (R. C3.41).<br>Hulpsoekers kon ook deur kollegas as malletjies geëtiketteer word (R.C3.42).<br>Polisielede sou eerder na hulpverleners in private praktyk gaan (R.C3.44).<br>Dit sou vertroulikheid verseker en etikettering vermy (R.C3.45).<br>Negatiewe persepsies het hulpverleners se waarde gekortwiek (R. C3.46). |
| **D5** | **Skuldgevoelens uit die Bosoorlog** | Worstel met skuldgevoelens uit die Bosoorlog (R. D3.2)<br>Het nou 'n ander perspektief wat op grens aangegaan het (R. D3.3).<br>Sou hy nou teruggaan grens toe, sou hy anders optree (R. D3.4).<br>Oorlog bly oorlog – loop vandag met erge skuldgevoelens (R. D3.5).<br>Hy kan sy skuldgevoelens nie weg wens of weg redeneer nie (R. D3.6).<br>In die verlede het hy baie gedroom oor die gebeure in die oorlog (R.D3.7).<br>Sou in die nag gil en skree – sy vrou word dan ook wakker (R. D3.8).<br>Sien hy klein en arm swart kinders kry hy hulle baie jammer (R. D3.9).<br>Laat hom dink aan die kinders in Ovamboland |

| | | |
|---|---|---|
| | | (R. D3.10).<br>Hardhandige optrede teenoor kinders het hy baie inligting gekry (R. D3.14).<br>Sy inligting is deur kindermishandeling verkry – dis sy worsteling (R. D3.15).<br>Aan sy skuldgevoelens is nooit voorheen aandag gegee nie (R. D3.16).<br>Hy het min van sy grenservarings aan berader vertel (R. D3.17).<br>Na sy terugkeer na RSA het die oorlog hom baie gepla (R. D3.18).<br>Sou snags wakkerskrik met ŉ vinnige hartklop en papnat gesweet (R. D3.19).<br>Dit gebeur nou selde (R. D3.20). |
| **D6** | **Oorloggestremdes na kantlyn uitrangeer** | Oorloggestremdes is geregtig op mediese behandeling en nasorg (R. F3.9).<br>Dalk sal net die howe dit kan afdwing (R. F3.10).<br>Gestremdes se finansies maak regsgedinge vir hulle onmoontlik (R. F3.11).<br>Min geld vir litigasie noop gestremdes om hul lot te aanvaar (R. F3.12).<br>Regeringsplig teenoor oorlogsgestremdes word skromelik versaak (R. F3.13).<br>Gestremdes sal al hoe meer liggaamlik en geestelik agteruitgaan (R. F3.14).<br>Van kindsbeen moes ons hoor:<br>die kommunisme is ons vyand (R. F3.15).<br>Om die vyand te verslaan is jongmanne in die VM opgeneem (R. F3.16).<br>Vir die regering en vir jou land is jy verplig om jou deel te doen (R. F3.17).<br>Geld was nie jou dryfveer vir deelname nie (R. F3.18).<br>Sou jy iets oorkom het jy geglo daar sal na jou omgesien word (R. F3.19).<br>Van daardie verwagting het min tereg gekom (R. F3.20). |
| **D7** | **Waarde van medaljes in die militêr (Positiewe ervaring)** | Binne ŉ militêre milieu word baie waarde aan ŉ medalje geheg (R. F3.54).<br>Dit is ŉ erkenning vir wat jy bereik of vermag het (R. F3.55).<br>Dit is meer as ŉ strook lint en ŉ stuk metaal (R. F3.56).<br>Dit is ŉ waardevolle erkenning van wie jy is en wat jy gedoen het (R. F3.57).<br>Vir sy optrede in die NDO kry hy die Polisiester vir Verdienste (R. F3.58).<br>Met die toekenning was hy 28 jaar oud met 8 jaar diens (R. F3.59).<br>Medalje word toegeken vir 20 jaar getroue óf uitsonderlike diens (R. F3.60).<br>Medalje is aan hom toegeken vir uitsonderlike dienste gelewer (R. F3.61).<br>Smyt al sy polisiemedaljes uit frustrasie weg (R. P4.21). |

| | | |
|---|---|---|
| | **Waarde van medaljes in die militêr**<br>**(Negatiewe ervaring)** | SAPD se medalje vir Troue Diens is in sy posvakkie gesit (R. P4.22).<br>Medalje beteken vir hom niks nie – dis waardeloos (R. P4.23).<br>Al medalje wat iets beteken is die Bosmedalje – smyt dié ook weg (R. P4.24).<br>Ontvangs van medalje uit posvakkie maak dit goedkoop (R. P4.25).<br>Hy sien dit as goedkoop restitusie (R. P4.28).<br>Polisie het gefaal in hul hulpverlening aan hom as gestremde (R. P4.29).<br>Pleks van hulpverlening kry hy 'n nikswerd medalje (R. P4.30).<br>Was die medalje van waarde, sou dit persoonlik oorhandig word (R. P4.31).<br>Vir hom was die boodskap duidelik – medalje beteken niks nie (R. P4.32).<br>Só het dit ook vir hom gevoel (R. P4.33).<br>Dit het hom diep seergemaak (R. P4.34).<br>In die stryd teen terrorisme het hy immers sy been verloor (R. P4.35).<br>Hy bejeën die hele episode as minagting van hom as mens (R. P4.36). |

### 3.3.1.5 Afdeling E: (Vraag 4)

### Afdeling E: Hoe is God se betrokkenheid in jou worsteling beleef?

**TABEL 9-3E: Kategorisering van hoe God se betrokkenheid in worsteling beleef is.**

| KERNKATEGORIE | Waar mense worstel dáár is God betrokke |
|---|---|
| **Kategorie 1** | **Deelname aan Bosoorlog nie uit eie vrye wil nie** |
| **Kategorie 2** | **Ervaar God se vrede na vergifnis** |
| **Kategorie 3** | **Aantasting van menswaardigheid deur Apartheidswette** |
| **Kategorie 4** | **NG Kerk se veranderde standpunt oor Apartheid** |
| **Kategorie 5** | **Besef van God se beskerming** |
| **Kategorie 6** | **Bybels by insurgente** |
| **Kategorie 7** | **Die waarom vrae oor God** |
| **Kategorie 8** | **As selfdood dalk 'n uitweg is** |

**TABEL 10-3E: Kategorisering van belewenis van God se betrokkenheid.**

| Kode | Belewenis van God se betrokkenheid | Respondente (Afgekort tot R in dokument) |
|---|---|---|
| **E1** | **Deelname aan Bosoorlog nie uit eie vrye wil nie** | Deelname aan die Bosoorlog was nie uit eie wil nie (R. A4.1).<br>Hy was in opdrag daar – daarin vind hy vrede (R. A4.2).<br>Hy het in kontakte mense geskiet – daarvoor is ook vergifnis (R. A4.4).<br>As eenheid het Koevoet 165 mense verloor (R. A4.5).<br>Hy het vrede in sy hart oor God se vergifnis (R. A4.9). |
| **E2** | **Aantasting van menswaardigheid deur apartheidswette** | Wette en regulasies van Apartheid raak mens-waardigheid (R. A4.10).<br>Sou self in opstand kom vir dít waarvoor hy mense moes vang (R. A4.11).<br>Gun aan ander wat jy vir jouself gun – dis tog die Goue Reël (R. A4.12).<br>Wetgewing het talle beperkings swart en bruin mense geplaas (R.A4.13).<br>Dit was erge diskriminasie en onreg gegrond op ras (R. A.4.14).<br>Die polisie moes dit noodgedwonge toepas (R. A4.15). |
| **E3** | **NG Kerk se veranderde standpunt oor Apartheid** | NG Kerk se verandering oor apartheid het vir hom sin gemaak (R. A4.16).<br>Kan nie van ander ontneem wat jy jouself gun nie (R. A4.17).<br>Tuislandbeleid lei tot groter werkloosheid en gesins-verbrokkeling (R. A4.18).<br>Vir oorlewing moes vaders elders geld gaan verdien (R. A4.19).<br>Afwesige vaders het negatiewe invloed op gesins-lewe gehad (R. A4.20).<br>Die 1976 se skole-opstande het die land die prys daarvoor betaal (R.A4.21). |
| **E4** | **Besef van God se beskerming** | Terugblik op loopbaan bring besef van God se beskerming (R. C4.1).<br>Op grens is daagliks bidparades gehou – almal was deel daarvan (R. C4.2; D.4.2).<br>Kom onder besef van Ovambo's se sterk godsdienssin (R. C4.3).<br>Het nooit 'n spanmaat aan die dood afgestaan nie (R. C4.4).<br>Sy vertroue op God kom van sy ma af (R. C4.6).<br>Sy het haar knieë deurgebid vir sy beskerming (R. C4.7). |
| **E5** | **Bybels by insurgente** | Beleef PLAN vegters as baie godsdienstig (R. C4.12).<br>Talle skoolkinders is ontvoer, in kampe gesit en geïndoktrineer (R. C4.13).<br>Bybels by talle insurgente gevind wat teken van |

| | | |
|---|---|---|
| | | gebruik toon (R. C4.14; D4.7; 8).<br>Bybels moes vir politieke *commisar* versteek word (R. C4.15).<br>Insypelaars het steeds hul geloof in God behou (R. C4.21).<br>Vriend en vyand lees dieselfde Bybel (R. C4.23).<br>Vir hom was dit 'n *eye-opener* (R. C4.24). |
| **E6** | **Die waarom vrae oor God (Teodisee vraagstuk)** | In die Bosoorlog het bloed gevloei: Waarom laat God dit toe (R. D4.9,10).<br>By Koevoet was daar gelowiges met sobere gewoontes (R. D4.13).<br>Van hierdie gelowiges is in die Bosoorlog dood (R. D4.14).<br>Waar is God in ons seerkry? (R. D4.15).<br>Dié vraag het in die Bosoorlog by hom opgekom (R. D4.16).<br>Negatiwiteit oor Koevoetverlede raak haar verhouding met God (R. G4.2).<br>Sien haarself nie as 'n praktiserende Christen nie (R. G4.2).<br>Waar is God in haar seerkry en worsteling? (R. G4.4).<br>Waarom laat God hartseer en verwerping in haar lewe toe? (R. G4.5).<br>In beroepslewe God se betrokkenheid gemis (R. G4.13).<br>Dink sy dalk verkeerd oor God? (R. G4.21).<br>Is sy so 'n slegte mens dat niks goeds oor haar pad kom nie? (R. G4.26).<br>Waar pas God in haar lewe? (R. G4.32).<br>Worstel met vrae na die dood en oor vergifnis (R. G4.33).<br>Tussen haar en God is daar nie 'n sterk band nie (R. G4.34).<br>Ervaar geen waarde in gebed nie – dis net woorde (R. G4.35). |
| **E7** | **Oorlogsverwonding en Christenskap** | Oorlog laat jou naby God leef (R. F4.4).<br>Deur Christenwees kon hy met sy gestremdheid vrede maak (R. F4.5).<br>Dit het ook gehelp om berusting in God te vind (R. F4.6).<br>God help hom steeds om sy gestremdheid te aanvaar (R. F4.8).<br>God gee hom krag om sy probleme daagliks te hanteer (R. F4.9).<br>God help hom om daaglikse frustrasies te hanteer (R. F4.10).<br>God gee hom daaglikse geduld om sy probleme te hanteer (R. F4.12).<br>Sonder God se hulp gaan sy ongeduld tot aggressie lei (R. F4.13).<br>Kan sy aggressie nie uithaal op instansie wat dit veroorsaak nie (Resp. F4.14).<br>Sy huisgesin en vriende kan maklik slagoffers word en dan ly (R. F 4.15).<br>Frustrasies ten spyt – kan hy met God die lewe daagliks aanpak (R. F4.16). |

| | | |
|---|---|---|
| **E8** | **As selfdood dalk 'n uitweg is** | Deur God se genade het hy dit tot vandag gemaak (R. H4.1).<br>Skuldgevoelens uit die Bosoorlog het hom gekwel (R. H4.3).<br>Skuldgevoelens het hom laat vrees hy het God se genade misbruik (R. H4.4).<br>Sy bewustheid van God het hom van selfmoord gekeer (R. H4.5).<br>Was al op punt om tot die daad oor te gaan (R. H4.6).<br>Daar was tye waar hy geen ander uitweg kon sien nie (R. H4.7).<br>Net God het hom daarvan gespaar (R.4.8). |

### 3.3.1.6 Afdeling F: (Vraag 5)

## Afdeling F: Wat sal dit makliker maak om deur worsteling te kom?

**TABEL 11-3F: Kategorisering van optredes wat worsteling kan vergemaklik.**

| KERNKATEGORIE | Wat sal die worsteling vergemaklik? |
|---|---|
| **Kategorie 1** | **Verstaan Bosoorlog vanuit destydse landsgebeure** |
| **Kategorie 2** | **Geleenthede vir gespreksvoering moes lankal gebeur** |
| **Kategorie 3** | **Drank laat jou nie vergeet nie** |
| **Kategorie 4** | **Pastorale gesprekke en genesing** |
| **Kategorie 5** | **Vasgevang in die verlede** |
| **Kategorie 6** | **Asosiale gedrag onder sommige Koevoete** |
| **Kategorie 7** | **Gee 'n segsman vir oorloggestremdes** |
| **Kategorie 8** | **Nog op soek na 'n antwoord** |

**TABEL 10-3F: Kategorisering van belewenis van God se betrokkenheid.**

| Kode | Maak ons worsteling makliker | Respondente (Afgekort tot R in dokument) |
|---|---|---|
| **F1** | **Verstaan Bosoorlog vanuit destydse landsgebeure** | Beter begrip van Bosoorlog se fundamentele faktore (R. A5.1).<br>Verreken kommunisme, apartheidsbeleid en landsgeskiedenis (R. A5. 2).<br>Gespreksvoering soos dié moes lankal plaasvind (R. A5.3).<br>Antagonisme en verwerping laat Koevoete swyg oor Bosoorlog (R. A5.4).<br>Eerste keer sedert Bosoorlog om met iemand daaroor te praat (R. A5.21).<br>Dit was vir hom ontlading (R. A5.22).<br>Kon nooit sy lewensloop en gevoel daaroor met iemand deel nie (R. A5.23) |

| | | |
|---|---|---|
| **F2** | **Geleenthede vir gesprekvoering skort al lankal** | Koevoete én hul vrouens is deur hartseer en verwonding (R.B5.13).<br>Sommige wil dalk nie daaroor praat nie (R. B5.14).<br>Polisie het versuim om beradingspanne na grens te stuur (R. B5.15).<br>Koevoete en gesinne moes alreeds op grens berading ontvang (waaroor hulle kon praat was oorlog en drank (R. B5.19).<br>Hul toevlug na drank was hul manier om situasie te hanteer (R. B5.20).<br>Bosoorlog was nog in hulle – hulle kon dit nie agterlaat nie (R. B5.24).<br>By reünies word veterane weer opgewerk oor Bosoorlog (R. B5.25). |
| **F3** | **Drank laat jou nie vergeet nie** | Koevoet sal hom die res van sy lewe bybly (R. D5.3).<br>Hy is tans besig om 'n boek oor PATU te skryf (R. D5.5).<br>Oor sy skuldgevoelens en emosies wil hy daarin stroom afblaas (R. D5.4).<br>Sommige oud-Koevoete suip om die oorlog te vergeet (R. D5.7).<br>As hulle dit só wil vergeet, sal hulle hulself moet doodsuip (R. D5.8).<br>Ken heelwat oud-Koevoete wat met drank-probleme sit (R. D5.9).<br>Om oorlog deur drank te vergeet gaan nie help nie (R. D5.10).<br><br>Hoe meer jy drink, hoe meer praat jy oor die oorlog (R. D5.11).<br>Sommige Koevoete is harde drinkers (R. D5.12).<br>Hy het die self gedoen (R. D5.13).<br>Sy familie verwyt hom dat hy na Koevoet 'n dronklap geword het (R. D5.15).<br>Talle oud-Koevoete staan vandag sterk as gelowiges (R. D5.24).<br>Hyself het mannekampe bygewoon en gevind dat dit help (R. D5.25). |
| **F4** | **Pastorale gesprekke en genesing** | Tans is Koevoet byeenskomste hoofsaaklik gesellige saamwees (R. E5.4.)<br>Vanuit die Koevoetbond moet genesing en geloofsgroei kom (R. E5.6).<br>Aandag moet ook gegee word aan genesingsaspek van Koevoete (R. E5.7).<br>Kleingroepe is dalk hiervoor geskik (R. E5.11).<br>Daar moet ruimte wees vir oop en eerlike gespreksvoering (R. E5.12). |
| **F5** | **Vasgevang in die verlede** | Sommige Koevoete kan nog steeds nie die verlede afsny nie (R. E5.14).<br>Hulle is uit die oorlog, maar die oorlog is nog nie uit hulle nie (R. E5.16).<br>Sommige veterane erg liggeraak oor gebeure uit |

| | | |
|---|---|---|
| | | die oorlog (R. E5.17).<br>Gaan oor wie wat en waar in die oorlog gedoen het (R. E5.18).<br>Dis ’n manifestasie – sommige veterane moet nog goed verwerk (R. E5.19)<br>Dit kan weggesteek word, maar êrens gaan dit uitkom (R. E5.20). |
| **F6** | **Asosiale gedrag onder sommige veterane** | Sommige Koevoete kon nie aanpas in nuwe bedeling nie (R. E5.21).<br>Dra kennis van oud-Koevoete wat selfmoord gepleeg het (R. E5.22).<br>Sommige leef in armoede (R. E5.24).<br>Ander drink of erg of is aan dwelms verslaaf (R. E5.25).<br>Dié asosiale gedrag van haar oud-Koevoet kollegas kwel haar (R.E5.25). |
| **F7** | **Gee ’n segsman vir oorlogsgestremdes** | Gee vir oorloggestremdes ’n segsman by die VK (R. F5.2).<br>Segsman moet bereid wees om na oorlog-gestremdes te luister (R. F5.3).<br>Segsman moet bereid wees om iets aan probleem te doen (R.F5.4).<br>Riglyne oor hantering van gestremdes se probleme is nodig (R. F5.5).<br>Aanvaarbare redes moet gegee word as hulp afgewys word (R. F5.6).<br>Oorloggestremdes was die staat se werknemers (R. F5.16). |
| **F8** | **Soek nog na ’n antwoord** | Weet nie wat dit makliker sal maak om deur worsteling te kom nie (R. C5.1).<br>Hy is sedert 1995 op permanente psigiatriese medikasie (R. C5.2).<br>Medikasie, sy haardloopprogram en geloof in God dra hom (R. C5.3).<br>Dié kombinasie het ’n heilsame uitwerking op sy gees (R. C5.4).<br>Hy weet nie hoe om die seerkry uit sy kop te kry nie (R. C5.8)<br>Tydens Bosoorlog het polisie weinig daaraan gedoen (R. C5.5).<br>Dit sou makliker gewees het as destyds al iets daaraan gedoen is (R.C5.7).<br>Sy woede uit oorlog is nie teen die vyand nie (R. C5.12).<br>Dit is die politici se misleiding oor die Rooi Gevaar (Resp. C5.13).<br>Hy is kwaad vir die destydse politici (R. C5.16).<br>Weet nie rêrig nie – moet nog by daardie antwoord kom (R. G5.1).<br>Na Koevoet en haar SAPD-ervaring moet daar afsluiting kom (R. G5.2).<br>Sy het al met mense oor haar Koevoetverlede gepraat (R. G5.3).<br>Hierdie onderhoud was totaal anders (R. G5.4).<br>Sy kon oor goed praat waaroor sy die laaste 27 |

| | | |
|---|---|---|
| | | jaar moes stilbly (R. G5.5).<br>Hoe praat jy met iemand wat jou omstandighede nie verstaan nie? (R. G5.6). |

In die volgende stap van konseptualisering wat uit die inhoudkategorieë voortvloei, is die kategorieë wat ŉ konsep bepaal saamgevoeg om ŉ konsep te formuleer.

### 3.3.2 Konsepte voortvloeiend uit kategorieë

Uit die oop kodering het die volgende duidelike patroon na vore gekom:

Konsep 1: Werklikheid van oorlogsverwonding.
Gesteun deur kategorieë A1, A6, A7, B3, B6, C1, C2, C4 en C5.

Konsep 2: Verwerping van Koevoete en verlies van polisie loopbane.
Gesteun deur kategorieë A2 en A5.


Konsep 3: Woede oor hul behandeling en resultate daarvan.
Gesteun deur kategorieë A3, B1, B2, B4, B5, C6, C7, D1, D2, D3.

Konsep 4: Menslikheid binne oorlogsituasies.
Gesteun deur kategorieë B7, C8.

Prof. HJC Pieterse het opgetree as medekodeerder in die analisering van die data.

Al die respondente is op die een of ander manier gekonfronteer met die werklikheid van oorlog en die gepaardgaande verwonding – hetsy fisies, psigies, geestelik of moreel-eties. Na die ontbinding van Koevoet en hul terugkeer na die Republiek ervaar hulle as oud-Koevoete verwerping. Sommige se polisie loopbane is kortgeknip en uit sommige oorde word hulle selfs as moordenaars en kriminele beskou. Die natuurlike reaksie wat hieruit sou voortspruit, is woede oor hul verwerping as Koevoete en die beskuldigings teen hul geslinger. Tog is die aanduidings daar dat selfs binne ŉ oorlogsituasie ŉ gevoel van menslikheid teenoor die vyand steeds ervaar word. Vir die navorser is dit aanduidend dat onder Koevoete – al is hulle later uitgekryt vir moordenaars en misdadigers – was daar tog diegene wat nooit hul morele kompas heeltemal verloor het nie.

### 3.3.3 Skets: Praktykteorie met konsepte en relasies (volgende bladsy).




**Die konsepte is almal in relasie tot mekaar**

**Figuur 3.1: Skets: praktykteorie met konsepte en relasies**

## 3.4 GEVOLGTREKKING

Geen organisasie – hetsy in die openbare of private domein of selfs op die terrein van die religie – is sonder uitwasse nie. Koevoet, soos vele ander militêre of semi-militêre eenhede, was nie hiervan gevrywaar nie. Na die Bosoorlog is dikwels na Koevoete as misdadigers en moordenaars verwys. Na die ontbinding van Koevoet het dit daartoe gelei dat sommige oud-Koevoete hul verbintenis met Koevoet uit vrees vir viktimisasie van die algemene publiek geheim wou hou.

Oorlog is nooit sonder verwonding nie. Dit verwond die mens fisies, psigies en geestelik en selfs die moreel-etiese bly in ŉ oorlog nie ongeskonde nie. Dit is ook in hierdie ondersoek blootgelê. Die navorser wil vanuit die empiriese ondersoek se oorkoepelende vraag en die vyf bykomende vrae die leser inlig oor die respondente se verwerking van hul oorlogsblootstelling en die worsteling wat daarna deel van hulle lewe sou word.

Vanuit die oorkoepelende vraag het die volgende kategorieë na vore gekom:

- Werklikheid van oorlogsverwonding
- Verwerping van Koevoete as gekontamineerdes na die Bosoorlog
- Woede teenoor destydse politici – Veiligheidsmagte (VM) is in die steek gelaat
- Patriotisme van Suid-Afrika se weerbare mans
- VM is as kanonvoer na die Bosoorlog gestuur

- Weerhouding van bevordering kort polisie loopbane in
- Emosionele afstomping met betrekking tot skokke, trauma en selfs die dood
- Morele en emosionele verwonding tydens die Bosoorlog

Vraag 1: Oor die aard van hul worsteling is die volgende kategorieë geïdentifiseer:

- Koevoete is as moordenaars en misdadigers beskou
- Koevoete se gesinne is ook deur die Bosoorlog geraak
- Talle Koevoete kry nog terugflitse, reuke en drome oor die Bosoorlog
- Dood en verwonding van Veiligheidsmaglede
- Behandeling in die SAPD het jou laat voel jy pas nie in nie
- Innerlike stryd wanneer ‘oorlogsligte’ nie afgaan nie
- Worsteling rondom die vraag na menslikheid binne oorlogsituasies
- Tydens Koevoetreünies word die Bosoorlog telkens herleef

Vraag 2: Oor die aard van hul worsteling is die volgende kategorieë geïdentifiseer:

- Onkunde oor Bosoorlog by politici én publiek
- Kerk en owerheid het vyand as onchristelik uitgewys
- Bevegting van terrorisme as oorsaak van worsteling
- Begeerte na restitusie
- Blootstelling aan gru tonele (op grens én binnelands)
- Burokratiese rompslomp en oorlogsgestremdheid

Vraag 3: Wat is dit wat die persoon so lank vasgevang hou in die worsteling? Uit die mededelings is die volgende kategorieë geïdentifiseer:

- Uitwerking van oorlog op kinders
- Huwelik en gesinslewe is deur werk geknou
- Waar is die politieke meesters nou?
- Wantroue in eie professionele hulpverleners
- Skuldgevoelens uit die Bosoorlog
- Oorlogsgestremdes beleef uitrangering na die kantlyn wat loopbane en versorging betref
- Betwyfeling rondom die waarde van medaljes in ’n militêre milieu

Vraag 4: Oor hul belewenis van God se betrokkenheid in hulle worsteling het die volgende kategorieë na vore gekom:

- Deelname aan die Bosoorlog was nie uit eie vrye wil nie
- Sommige ervaar God se vrede na vergifnis
- Aantasting van mense se menswaardigheid deur Apartheidswette
- Die besef van God se beskerming in retrospeksie by sommiges
- Bybels gevind by insurgente het gelei tot groot verwarring by Koevoete
- Worsteling rondom die 'waarom vrae' met betrekking tot God se rol
- Die vraag by sommiges of selfdood moontlik 'n uitweg is

Vraag 5: Wat sal dit makliker maak om deur die worsteling te kom? Uit die onderhoude is die volgende kategorieë geïdentifiseer:

- Verstaan die Bosoorlog vanuit die destydse landsgebeure
- Geleenthede vir gespreksvoering moes lankal plaasgevind het
- Drank laat jou nie vergeet nie
- Pastorale gesprekke en genesing is krities belangrik
- Om te kan losbreek vanuit die emosionele en geestelike gebondenheid aan die verlede
- By sommige Koevoete is daar 'n behoefte aan begeleiding met betrekking tot asosiale gedragsmanifestasies
- Die behoefte aan 'n segsman vir oorlogsgestremdes
- Sommige is steeds op soek na antwoorde

Met behulp van die resultate van die kwalitatiewe empiriese studie binne die konteks van Koevoet veterane is daar in hierdie hoofstuk 'n konseptuele raamwerk voorsien waarbinne die verdere momente vanuit Osmer se model in die volgende hoofstukke aan die orde gestel sal kan word.

In hoofstuk 4 word vervolgens aandag gegee aan die perspektiewe vanuit die aanverwante dissiplines met betrekking tot die invloed van oorlogstrauma op oorlogsveterane.

# HOOFSTUK 4

# PERSPEKTIEWE VANUIT DIE NAASLIGGENDE WETENSKAPPE MET BETREKKING TOT DIE INVLOED VAN OORLOGSTRAUMA OP OORLOGSVETERANE

## 4.1 INLEIDING

Oorlogsverwonding is die onvermydelike gevolg van alle oorloë. Eers na ŉ oorlog verby is ontdek vriend én vyand – saam met hul naasbestaandes – dat hulle die ergste deur die nagevolge van oorlogsverwonding getref word (Levinson, 2011:20). Die soeke na genesing van oorlogsverwonding is ŉ universele menslike verskynsel waar die mens se hunkering na die spirituele sterk na vore kom. Mutambara en Sodi (2018:1) wys daarop dat min kwalitatiewe ondersoeke gedoen is met die oog op die gebruik van spirituele oortuigings met betrekking tot die hantering van trauma tydens die Zimbabwiese bevrydingstryd en dié se nagevolge. Volgens Mutambara en Sodi (2018: *op. cit.*) gee spiritualiteit sin, betekenis en beheer aan mense tydens traumatiese gebeure.[61]

Stark (2006:206) het ŉ kwalitatiewe studie gedoen oor die uitwerking van tradisionele reinigingseremonies vir jong meisies wat as kindersoldate in Sierra Leone verkragting oorleef het. Hulle het uit die oorlog gekom met fisiese en emosionele verwonding. Saam daarmee het hulle ook geworstel met gevoelens van wanhoop, waardeloosheid en vertwyfeling. Herintegrasie met hul families en gemeenskap het hul verwonding net vererger, want volgens hul families en gemeenskappe was hulle onrein en gestigmatiseer omdat hulle seksueel misbruik was en hulself en hul babas deur prostitusie aan die lewe moes hou. Verder is hulle ook fisies en verbaal deur die gemeenskap aangerand. Hulle is ook blameer vir siektes, ongelukke en misoeste (Stark, 2006:207). Versoening met hul families en gemeenskap was ŉ moeisame proses, maar die reinigingseremonies sou uiteindelik eindig in ŉ seremoniële gebaar van versoening (Stark, 2006:213).

---

[61] Die ondersoek van Mutambara en Sodi (2018) verken die rol van spiritualiteit tydens en na die *"War of Liberation in Zimbabwe* (1966-1979)" wat die destydse Rhodesië met Suid-Afrikaanse hulp gevoer het teen ZIPRA (Zimbabwe People's Revolutionary Army) en ZANLA (Zimbabwe African National Liberation Army). Die vegters van ZIPRA was hoofsaaklik van die Ndebele sprekendes vanuit Matebeleland terwyl ZANLA weer deur die Shona sprekende dele van Zimbabwe ondersteun is.


Tradisionele reinigingseremonies is ook beskou as ŉ effektiewe en integrale aspek van psigososiale genesing en die herintegrasie in die gemeenskap van daardie kinders wat met die gevegsmagte geassosieer was (Stark, 2006:216).

Waar die Suid-Afrikaanse oorlogsliteratuur hoofsaaklik vanuit ŉ historiese of militêre oogpunt benader word, het die Amerikaanse literatuur al hoe meer gefokus op die verwonding van die oorloë in Vietnam, die Persiese Golf, Irak en Afghanistan. Die soeke na genesing van oorlogsverwonding is ernstig opgeneem en verskyn talle boeke en artikels oor hierdie onderwerp. Skrywers wat hieroor publikasies die lig laat sien het, is Charles W. Hoge (2010); Nika Nakashima Brock en Gabrielle Lettini (2012); Edward Tick (2014); Nancy Sherman (2015); asook Charles W. en Gaylene Grimsley (2017).

## 4.2 METATEORIE

Die term metateorie verduidelik Venter (1993:247) as "ŉ teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek". Vir Heyns en Pieterse (1998:49) het ŉ metateorie dié funksie dat *"(it) defines scientific premises that are shared more or less universally with other sciences"*.

Riglyne vir die pastorale begeleiding van getraumatiseerde oud-Koevoetlede kan in die lig hiervan eers ontwikkel word nadat die perspektiewe op die begeleiding van getraumatiseerde veterane in ander oorloë vanuit die naasliggende wetenskappe geïntegreer is.





**Figuur 4.1 Skematiese voorstelling van vloeidiagram (Osmer, 2008:11)**

## 4.3 METODOLOGIE

Die metodologie vir hierdie navorsingstudie is gebaseer op Osmer se hermeneutiese model vir prakties-teologiese interpretasie (Osmer, 2008:4). In hierdie hoofstuk kom Osmer se interpreterende moment aan die orde waar verskeie teorieë ondersoek sal word om te verstaan waarom iets gebeur. Osmer (2008:10) maak gebruik van ŉ hermeneutiese sirkel om die verhouding tussen die vier momente uit te beeld (Figuur 4:1).

Die interpreterende moment word aangewend om die redes vir die verskynsels wat waargeneem is in die deskriptiewe-empiriese moment verder te ondersoek en te probeer verstaan en verklaar. *Waarom gebeur dit?* In hierdie moment is dít die belangrike vraag.

Uit die empiriese ondersoek het die volgende konsepte (Figuur 4.2) na vore gekom. Om van oorlogsverwonding as fenomeen tot ŉ beter verstaan te kom, word daar hiervoor op die insigte vanuit die buurwetenskappe gesteun.




**Die konsepte is almal in relasie tot mekaar**

**Figuur 4.2: Skets: praktykteorie met konsepte en relasies**

Deur multidissiplinêre dialoog tree die praktiese teologie in gesprek met verskeie ander naasliggende wetenskappe. Volgens Osmer (2008:83; 164) word die gesprek aangedryf deur die erkenning dat geen enkele perspektief die volle betekenis bevat nie, maar dat perspektiewe en teorieë van verskeie dissiplines nodig is om komplekse multidimensionele fenomene te verstaan. Vanuit ŉ multidissiplinêre perspektief sal daar in gesprek getree word met die volgende dissiplines: Psigologie; Maatskaplike Werk; en die terrein

van die Etiek.

## 4.4 WETENSKAPPE RELEVANT TOT DIE STUDIE

Die wetenskappe wat in mindere of meerdere mate raakvlakke met die praktiese teologie deel en waarvan die perspektiewe op die navorsingsonderwerp relevant mag wees, sal in hierdie rubriek aan die orde kom.

### 4.4.1 Psigologie en oorlog – PTSD

PTSD word as ŉ stres ongesteldheid gekenmerk en behandel. Volgens Tick (2005:5) word PTSD die beste verstaan as dit beskou word as ŉ identiteitsversteuring wat ŉ verwonding van die siel is en die menslike persoonlikheid ten diepste aantas. Tradisionele gemeenskappe asook sommige moderne baanbrekers is van soortgelyke oortuigings (Stark, 2006:206). Die spesifieke tegnieke wat Tick (2005: *op. cit.*) gebruik, sluit in reiniging, verhale, helingsreise, treur rituele, ontmoeting met vorige vyande, inisiasie seremonies en die versorging van krygers. Tick (2005:4) wys daarop dat die geskiedenis, volkekunde, sielkunde, politieke wetenskap, mitologie en universele spirituele tradisies almal lense is waardeur ons kan tuur om te ontdek dat die tradisies van krygers bykans universele aspekte van menslike ervaring is (Tick, 2005: *op. cit.*).

McNeil (sa:777) vestig die aandag daarop dat aggressie deur talle dissiplines nagevors is, maar in Churchill se woorde bly dit " *... a riddle wrapped in a mystery inside an enigma*". Weens psigoloë se gevarieerde opvatting van oorlog, vrede en vyandigheid was daar onder leke ŉ onophoudelike fassinasie met betrekking tot die emosionele siekte van hul medemense. Alhoewel Berkowitz se boek *Aggression: A Social Psychological Analysis* (1962) nie spesifiek gerig was op die studie van oorlog nie, was dit tog bruikbaar vir diegene wat bewus was dat bykomend tot die politieke, ekonomiese en historiese vertakkings, lê die oorsaak van oorlog diep ingebed in die psige van die mens se aggressie teenoor sy medemens (McNeil, s.a.: *op. cit.*).

Die instrumentele gehalte van die meeste aggressie, d.w.s. aggressie in diens van die toename van mag, rykdom, persoonlike vryheid of nasionale lotsbestemming, is ŉ konsep wat genoeg ruimte laat om die meeste van die mens se neigings tot rampspoed te omvat (McNeil, s.a: 778). Berkowitz (1962:23) se beknopte opsomming hieroor was: Oorlog tussen nasies is nie ŉ biologiese nie, maar wel ŉ sosiale verskynsel.

Wanneer die verbod op aggressiewe optrede ter sprake kom, tree twee basiese alternatiewe na vore: vrees vir straf én die drang om nie die eie gedragstandaard te skend nie. In straf kom minstens twee dimensies voor: die geweld wat met die verwagte straf saamgaan én die moontlikheid dat dit kan gebeur. Mense vrees meer as bloot fisieke straf. Daarom sal mense sover moontlik straf vermy wat opkom uit die afkeur of verwerping deur ander. Klaarblyklik vrees hulle slegs die afkeur van diegene wat vir hulle belangrik is en dit is hier waar nasionalisme ingespan word tot nadeel van die wêreld. Alhoewel nasionalisme sekere verenigende eienskappe besit, neig dit tog om terselfdertyd ŉ verwysingsgroep van "*important others*" te bepaal. Aan nasionalisme het die wêreld-mening groot mag toegedig wat blyk net meetbaar te wees in terme van die onvermoë om enige impak te hê ten tye van nasionalistiese waagstukke. Dit blyk duidelik dat ŉ wêreld-wye gemeenskap van emosionele betrokkenheid nog ontwikkel moet word. Totdat dit gebeur, is vrees vir straf dalk die mensdom se enigste redmiddel (McNeil, s.a: *op. cit.*).

### 4.4.2 Noodsaak vir reiniging

Eers nadat die waansin en verkwisting van oorlog verby is, kan die deelnemers daaraan nadink oor wat hulle gedoen het. Of hulle nou mense gedood het of nie, voel veterane dikwels siek, vuil of sondig, want eers na die waansin van oorlog waaraan hulle deelgeneem het, kan die deelnemers nadink oor wat hulle gedoen het (Tick, 2005:204). Die antieke kulture het ŉ beter verstaan as die hedendaagse mens gehad oor die behoefte om krygers by te staan wanneer hulle uit die oorlog terugkeer. In die Judees-Christelike tradisie was daar begrip vir die behoefte aan die reiniging van soldate na oorlogvoering. Tydens die Middeleeuse oorlogvoering was dit ŉ vereiste dat almal wat in veldslae betrokke was boetedoening moes doen deur hul sondes te bely, kwytskelding te verkry en ŉ sigbare betuiging van hul berou te maak – selfs diegene wat tydens die oorlog nie mense gedood het nie. Diegene wat wel mense gedood het moes ook onderneem om ekstra boetedoening te doen. Dié vereiste was klaarblyklik verbind aan die behoefte om hul skuld en strafbaarheid te versag om sodoende aan hul skaamte verligting te gee (O'Donnell, 2006:3).

Die antieke kulture het iets van die grondbeginsels verstaan met betrekking tot terugkerende vegters en PTSD. Deur die aanwending van hul kulturele rituele kon hulle hul vegters ondersteun in hulle oorgang van oorlog na ŉ burgerlike lewe en van hul traumatiese ervarings genees word. O'Donnell (2006: *op. cit.*) vestig die aandag daarop

dat soortgelyke pogings vandag benodig word ter ondersteuning van die gewapende magte in die hede. Die aanvang van ŉ loopbaan in die gewapende magte word gekenmerk deur rituele soos vasgelegde daaglikse patrone, dril, uniforms en uitpasseringsparades as part en deel van die eerste paar maande as die nuwelinge se blootstelling aan die gewapende magte, maar hul tuiskoms na ŉ oorlog is totaal anders. O'Donnell (2006: *op. cit.*) pleit vir ŉ tuiskomsritueel. Waar nodig en wanneer gepas kan daar hiervoor geskikte geloofsgebruike aangewend word, want dalk mag dit net help om die heling van PTSD te bevorder.

Tick (2005: *op. cit.*) vertel die verhaal van ŉ Italiaans-Amerikaner wat ŉ toegewyde Katoliek was. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hy met die inval van Italië aan die kant van die Geallieerdes geveg. Al was hy ŉ deelnemer aan *'die goeie oorlog'* het hy selfs op sy sterfbed daaroor sondig en onvergeeflik gevoel, want sy sonde het dit vererger omdat hy teen sy eie voorvaderlike mense die wapen opgeneem het. Nadenke oor sy lewe in voorbereiding vir die dood het hy verklaar dat die opneem van die wapen in die oorlog teen Fascisme nie sy dade kon regverdig nie en was hy bevrees vir ŉ ewigheid in die hel. "God wou nie hê dat ek dit moes doen nie, maar my regering het ŉ geweer in my hande geplaas en my beveel om dood te maak". In ses dekades na die oorlog kon hy nooit reiniging vind nie. Hy het geglo dat hy nooit absolusie sou kry nie en dat God in oordeel van hom sou wegdraai.

Parades en massa dankseggingsrituele is nie genoeg om vegters na ŉ oorlog weer tuis te verwelkom nie. Wat hulle nodig het, is deeglike rituele om hulle van pyn en smet te reinig. Aan hulle moet ook die geleentheid gebied word om aan hul verhale en gevoelens uiting te gee. Hulle moet die verantwoordelikheid vir hul gewelddadige handelinge kan oordra aan die gemeenskap in wie se naam en belang hulle opgetree het. Wanneer vegters sulke reinigingsrituele asook die vertel van hul verhale ontsê word, bly die oorlog 'opgesluit in hul koppe' soos menige terugkerende kryger sal erken (Tick, 2005:204). Deur reiniging kan daar deurgedring word tot die kryger se morele en geestelike dimensies, want veterane ervaar dikwels vervloeking juis deur diegene teen wie hulle geveg het asook diegene wat tuis gebly het. Krygers vrees die vloek van 'n goddelike wese, maar deur reiniging kan hulle van die vloek verlos word (Tick, 2005:205).

Oorlog vergiftig die gees en krygers keer terug as onrein en besoedeld. Dit is waarom daar onder die oorspronklike Amerikaanse bevolking (native Americans), Zoeloes, Boed-

dhiste, Antieke Israel en ander tradisionele kulture vir terugkerende krygers belangrike reinigingsrites was voordat hulle weer deel kon word van hul families of gemeenskappe (O'Donnell, 2016:1). Tradisionele kulture was daarvan bewus dat onreine krygers gevaarlik kon wees. Die afwesigheid van sulke reinigingsrites in ons moderne same-lewing help om te verklaar waarom selfdood, manslag en ander vernietigende dade algemeen onder veterane voorkom (Tick, 2014:2).

Tick (2005) se siening oor die noodsaak van rituele reiniging van terugkerende krygers word ook deur O'Donnell (2006:1) beaam. Volgens haar is die tuiskoms sowel as die herinskakeling by die burgerlike lewe na 'n oorlog besonder moeilik, want die verhaal van oorlog is 'n stokou verhaal van verwonding en vervreemding.

Uit die verhaal van Odyssee[62] haal O'Donnell (2006:2) drie aspekte aan wat die ervaring van trauma karakterriseer, nl. trauma as 'n *breuk met persone se sin van identiteit* omdat hulle nie meer weet wie hulle is nie en derhalwe worstel om te identifiseer met die persson wat hulle was voordat hulle trauma ervaar het. Daar kan selfs 'n gevoel by hulle opkom dat daardie persoon dood is. In die nasleep van trauma is daar die behoefte by mense om hulself te herdefinieer asook hul verhouding met die wêreld wat hulle eens geken het.

Die tweede aspek raak die breuk wat gaan oor *tyd*. Talle lyers van PTSD ervaar hul verlede as 'n indringer op hulle hede in die vorm van herhaalde nagmerries, terugflitse, en herhaalde ervarings van trauma. Die lyer van PTSD leef in die skadu van trauma en weet nooit wanneer dit weer gaan toeslaan nie.

Die derde aspek wat deur trauma veroorsaak word, is 'n breuk *in bewustheid en besef*.

Dit word gekenmerk deur 'n tekort aan woorde en 'n onvermoë om te praat oor die ervarings wat beleef is omdat dit geen sin vir die persoon maak nie. Dit raak beide hul vermoë om te praat oor wat hulle ervaar het asook hoe hulle daaroor voel. Om nie daartoe in staat te wees om daaroor te praat nie, is ongelooflik skadelik vir die persoon.

[62] Na die oorwinning by Troje neem dit Odussee tien jaar om as ŉ veranderde man tuis te kom. Hy is emosieloos en totaal onbewus van sy vrou se ellende. Diegene rondom hom wantrou hy en is ongemaklik in ŉ skare. Die geldige aanpassings by gevaar wat tydens oorlog vir Odussee veilig sou bewaar sou hom ook tydens veilige tye bybly. Dié is ŉ klassieke ervaring van PTSD waaraan Odussee gely het, naamlik die drie traumatiese skeurings van die *self*, *tyd* en *kognisie* (Die psigiater Jonathan Shay het die ou verhaal gebruik in sy analise van die verhaal van Odussee in Homer se Odussee (O'Donnell, 2016:2; Shay, 2014:183).

### 4.4.3 Verhale in diens van heling

Verhale kan gesien word as die "*kaart van die siel* ". Dit is 'iets wat lewe'; 'n goddelike geskenk. Dit is in die vertel van ons eie verhale en deur te luister na dié van ander dat ons in aanraking kom met lewe, goddelikheid en die siel. Deur die vertel van ons verhale word die enkeling se verhaal bewaar as 'n indiwiduele geskiedenis, maar saam daarmee definieer dit ook ons plek in die groter verloop van gebeure (Tick, 2005:217).

Hoge (2010:2628) benadruk ook die belang dat krygers hul verhale vertel. Tog is daar ŉ skuheid onder krygers om oor hul oorlogservaringe te praat omdat hulle in die waan verkeer dat die meeste mense nie in staat is om te verstaan wat hulle moes deurmaak nie. Sommige krygers ervaar soms dat hulle deur die vertel van hul wedervaringe daardeur selfs fisiese sensasies ervaar soos hartkloppings, naarheid en emosies wat oorweldigend is. Om hierdie rede probeer hulle om die vertel van hul oorlogservarings aan ander te vermy. Andersyds is daar ook ŉ eeueoue drang om jou storie te vertel. Deur die eeue was storievertelling een van die belangrike rituele na die terugkeer uit ŉ oorlog. Tot vandag is die antieke oorlogsverhale – soos die verhaal van Achilles – steeds relevant vir ons dag en was dit deur die eeue een van die belangrikste rituele (Hoge, 2010: *op. cit.).*

Waarom help die vertel van verhale?

Hierop is daar geen simplistiese antwoorde nie. ŉ Belangrike komponent van verhaal-vertelling is die besef dat die verteller nie alleen staan met sy/haar ervarings nie. Daar is talle belangrike verbandhoudende dinge met vertellings, soos die verbinding van emosies en gevoelens met gebeure, maar wanneer krygers hul emosies afsluit van ander, kan dit ŉ negatiewe uitwerking op ander lewensaspekte hê (Hoge, 2010:2643-2645). Al het gespreksgenote geen ervaring of agtergrond van ŉ militêre milieu nie, het hulle immers ander lewenservaringe wat dalk in verband gebring kan word met dié van die kryger om sodoende ook die kryger s'n te verstaan. Oorlogservaringe is van die diepste wat mense kan verduur. Oorlog bring die mooiste maar ook die heel slegste van die mens na vore. Dit is deur die onderlinge deel van verhale en pynlike ervarings wat mense nader aan mekaar bring. Vertellings help mense om met hul ervarings saam te leef en aan te beweeg, want ervarings is deel van ons menswees (Hoge, 2010: *op. cit*.).

#### 4.4.4 Helingsreise en ontmoetings met die vyand

Vir die heling van krygers gebruik Tick (2005:5) spesifieke tegnieke soos reiniging, vertel van verhale, genesingsreise, treurrituele en die ontmoeting van vorige vyande. Oorlogsveterane kan probeer om sonder terapeutiese ingrepe ʼn normale burgerlike lewe te lei, maar gewoonlik is dit tevergeefs. Oorlogsverwonding kan na terapie verdwyn. Militêre diens word dan nie meer gesien as iets wat weggesteek moet word nie, want deur die reiniging van geheime word die kryger se obsessie daarmee verbreek. Nou kan die oorlewende kryger aan sy ervaring betekenis gee deurdat dit nou as getuie en dienaar van herstel na oorlogstrauma optree. Wat eens ʼn wond was en die kryger se lewe oorheers het, word in die plek daarvan ʼn verhaal (Tick, 2005:197-198). Krygers moet die mense, plekke en herinneringe wat hulle die meeste vrees weer in die gesig kan kyk sonder om tot geweld oor te gaan. Deur dienslewering aan ander word die wonde weer herstel wat krygers veroorsaak het. Die nuwe identiteit wat daaruit ontstaan loop uit op ʼn ‘weergeboorte’ as ʼn nuwe begin (Tick, 2005:198).

Uit die Suid-Afrikaanse Bosoorlog kom ook sulke helingsreise na vore. Lamprecht (2018:23) vertel roerend van ʼn groep oorlogsveterane se herbesoek aan die land waar hulle deel van hul jeug verloor het. Die groep het vir tien uitmergelende dae ʼn toer na Angola onderneem wat by tye emosioneel en fisiek veeleisend was, maar hulle sou Angola nie verlaat sonder om eers by die wrak van hul eertydse makker, Muller “Mielie” Meiring, se Ratel 90-gevegsvoertuig te gaan stilhou nie. Die sewestuks was deel van ʼn groep van drie-en-twintig veterane wat op die oggend van 27 Junie 1988 daar was toe Mielie in een van die laaste gevegte van Suid-Afrika se oorlog in Angola sou sterf. Met Mielie se dood het van die groeplede besef: ‘Dis nou genoeg … dis nou regtigwaar genoeg’. Die groep van drie-en-twintig veterane was ook ewe verward en moeg oor die oorlog – veral in die lig dat die vredesamesprekings wat al aan die gang was en tot Suid-Afrika se onttrekking aan Angola sou lei, maar die Kubane se 50ste Brigade begin toe suidwaarts beweeg. ʼn *Kontak* – soldatetaal vir slaags raak met die vyand – was nog nie verwag nie. Die groep het skaars begin beweeg toe ʼn RPG 7- (*Rocket Propelled Grenade*) vermoedelik Mielie se Ratel tref en die skrapnel hom gedood het. Dertig jaar later doen die groep die moeite om ʼn gestorwe makker se ‘doodsakker’ te kom soek en hom ʼn laaste keer te groet (Lampbrecht, 2018:24).

Die groep sou al die Angolese slagvelde herbesoek waar die eenheid (61 Meg) oor sowat

tien jaar geveg het. Nou was die besoek as gaste van die Angolese regering om vriendskappe met voormalige vyande te smee en mekaar se dooies te eer, maar ook om genesing en afsluiting vir geestelike wonde te kry. Oral was daar – naas die wrakke van tenks wat van drie dekades van oorlog getuig het – ook materiële armoede. Tog sou die hartlikheid van gewone mense hulle verstom. Op dorpies is hulle met tradisionele danse verwelkom en het inwoners en veterane mekaar met die hand gegroet. Baie van die groep van drie-en-twintig veterane het mekaar nog nooit ontmoet nie omdat hulle op verskillende tye en plekke geveg het. Al wat hulle bind, is dat hulle ŉ deel van hul jeug in ŉ oorlog in ŉ vreemde land kom verloor het. Daar was ŉ dors vir mekaar se stories sodat hulle hul traumatiese ervarings kon deel met iemand wat verstaan (Lampbrecht, 2018 *op. cit.*).

Oor die sameloop van die Cuito- en Cuanavalerivier is ŉ nuwe, moderne brug gebou, maar net langsaan het die Angolese die ou militêre brug – wat die Suid-Afrikaners in die oorlog probeer vernietig het – as ŉ monument behou. Dit is op dié brug dat die Suid-Afrikaanse veterane en Angolese met die groep se besoek saam ŉ unieke gedenkdiens gehou het (Lampbrecht, 2018:25).

## 4.5 PSIGOLOGIE SE BYDRAE TOT OORLOG EN VREDE

### 4.5.1 Wêreldoorlog 1 en Wêreldoorlog 2

Anders as in paragraaf 4.3.1 gaan dit hier oor die twee Wêreldoorloë. Beide Wêreldoorloë het ŉ sterk nasionale konsensus in die VSA geskep waar talle sielkundiges hul kundigheid sou aanwend om die Amerikaanse waardes te verdedig. Toe die VSA in 1917 mobiliseer vir Wêreldoorlog 1 het Robert Yerkes as president van die Amerikaanse Psigologiese Assosiasie (APA) ondersteuning van die APA se Raad van Verteenwoordigers gekry om binne die APA komitees te ontwikkel wat inligting sou insamel vir die potensiële aanwending van die psigologie vir militêre probleme (Christie & Montiel, 2013:502). Aanvullend tot hul bydrae tot doeltreffendheid van militêre diens sou psigoloë ook na maniere soek om ŉ direkte impak op die gevegsvermoë van soldate te verkry deur hul veggees te bevorder as motivering om te veg (Keene, 1994).

Die boonste echelon in die Amerikaanse Leër is deur kol. Edward Munson van die Mediese Korps oortuig van die noodsaaklikheid om die moreel te bevorder voordat die Amerikaners hoë ongevalle sou verduur, maar dit het gou aan die lig gekom dat ŉ

ernstiger probleem oor moreel en dissipline in opleidingskampe bestaan het. Sommige van die probleme is toegeskryf aan persoonlike kwessies – soos soldate se besorgdheid oor hul gesinslede tuis – maar daar is ook tot die ontdekking gekom oor die waarde om nuwe innames van rekrute met agting en bedagsaamheid te behandel, ŉ benadering wat empatie benadruk maar tot groot onsteltenis was van sommige van die meer tradisioneel georiënteerde militêre lede (Christie & Montiel. 2013:502).

Die Tweede Wêreldoorlog (WO2) het die psigologie ŉ hupstoot gegee omdat dié vakgebied se geloofwaardigheid tydens Eerste Wêreldoorlog 1 (WO1) en daarna gevestig is. Sielkundiges was ywerig om bydraes te lewer omdat hulle oor die algemeen WO2 as ŉ 'goeie oorlog' gesien het en wat die dodelike stryd tot oorwinning waardig was (Christie & Montiel. 2013:503). Waar WO1 navorsing en praktyk laat fokus het op geskiktheid, het WO2 weer die studie van gesindhede en emosies op die voorgrond geplaas. Navorsing gerig op hoofberigte in nuusblaaie het aangedui dat mense waarskynlik aangespoor is tot ŉ aktiewe rol in die oorlog wanneer die hoofopskrifte woede eerder as vrees by die lesers sou aanwakker en het die Geallieerde verliese eerder as oorwinnings benadruk (Christie & Montiel, 2013:*op. cit.*). Tydens Wêreldoorlog 2 het die Amerikaanse militêre magte ŉ Moraal Afdeling op die been gebring om die moraal van soldate tydens gevegte te verhoog, maar het spoedig tot die ontdekking gekom dat Maatskaplike sielkundiges ook briewe ondersoek het wat deur Duitse burgerlikes geskryf is en kon daaruit aflei dat hul moreel die meeste geraak was deur klein getalle verrassingsbomaanvalle eerder as gereelde swaar bombarderingskampanjes. Swaar bombardering het by hulle die wil om weerstand te bied aangewakker terwyl gereelde bombarderings aan die vyand die geleentheid gebied het om hul daaglikse aktiwiteite rondom voorspelbare bomaanvalle te organiseer (Christie & Montiel, 2013:*op. cit.*).

Teen die einde van WO2 het die toepassing van die psigologie die militêr deurdring. In die voorwoord tot Bray (1948) se boek skryf Lybrand Palmer Smith (1948:v-ix), ŉ kaptein in die VSA se vloot só:

> Psychology made the 'man machine' a fighting unit more effective in the air, on the land, on the sea and under the sea. I believe that the application of psychology in selecting and training men, and in guiding the design of weapons so they would fit men, did more to help win this war than any other single intellectual activity. Application of scientific methods by psychologists was a great factor in winning World War 2.

### 4.5.2 Psigologiese na-oorlogse bydraes

In die nasleep van WO2 in Februarie 1946 het die buitelyne van die Amerikaanse buitelandse beleid begin vorm aanneem toe George Kennan, die vise-hoof van die VSA se missie in Moskou, die VSA skriftelik verwittig het dat die Sowjet Unie inherent ŉ ekspansionistiese mag was en derhalwe ŉ bedreiging inhou vir die VSA se belange wêreldwyd. Kennan het gevra vir ŉ *policy of containment* (beleid van insluiting) om die verbreiding van Sowjet invloed hok te slaan – en wat uiteindelik die VSA se buitelandse beleid sou word (Christie & Montiel, 2013:504).

Omdat die VSA se beleidmakers al hoe meer die wêreld deur ŉ bipolêre lens beskou het waar die ekspansionistiese Sowjet Unie teen die Verenigde State opgehits sou word, het afskrikking die middelpunt van die VSA se buitelandse beleid geword. Gedurende die daaropvolgende dekades is die VSA en die Sowjet Unie in ŉ Koue Oorlog vasgevang in ŉ vyandige verhouding waar albei hul hulpbronne in die wapenwedloop ingeploeg het ter wille van die mededinging om die geopolitieke invloed rondom die wêreld. Die proses het gelei tot ŉ opeenhoping van ŉ voorraadstapel konvensionele en kernwapens.

Gedurende die Koue Oorlog het Amerikaanse psigoloë nou saamgewerk met die regering en militêre beamptes. Die metodes wat ingespan is, was bekende psigologiese metodes soos opname navorsing, evaluering, opleiding en opvoeding. Die kernprobleme wat na vore sou kom, was (a) die vermindering van vrees onder militêre personeel se blootstelling aan atomiese toetsing; en (b) die assessering van openbare gesindhede teenoor strydvrae oor kernwapens (Christie & Montiel, 2013:*op. cit.*).

### 4.5.3 Globale Oorlog teen Terreur

Na die 11 September 2001 aanvalle het die VSA oorlog verklaar eers teen Afghanistan en later Irak. Albei oorloë het gelei tot swaar verliese aan soldate wat oor verlengde tye tussen hul huise en oorlog moes roteer. Die kumulatiewe uitwerking van stres het gemanifesteer in hoë vlakke van PTSD, angstigheid, depressie, selfdood en egskeidings wat weer enorme uitdagings sou stel aan die gesondheidsprofessies (Hoge *et al*., 2004:21 art). Vanuit ŉ suiwer militêre perspektief affekteer oorlogstres soldate se werksverrigting, gereedheid en persoonlike verhoudings uiters nadelig. Die stres en spanning op die VSA se verdedigingsgemeenskap te wyte aan bykans ŉ dekade se uitgerekte oorlog is goed gedokumenteer in die pers en in wetenskaplike literatuur. In respons hierop het die

*Army's Comprehensive Soldier Fitness* (CSF) as 'n voorkomingsprogram wat daarop gerig is om die psigologiese *resilience* onder alle lede van die soldategemeenskap – wat soldate, gesinslede en burgerlikes in diens van die leër – insluit. CSF is nie 'n mediese behandelingsprogram nie. Dit is gerig op hulpverlening aan daardie gemeenskapslede wat psigologies gesond is maar lewensgevare in die gesig staar soos verlengde skeiding van geliefdes (Casey, 2011:2).

### 4.5.4 Psigologie se bydrae tot vrede

In teenstelling met oorlog het vrede skrapse aandag gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu ontvang. Die terrein van internasionale verhoudings was gedomineer deur die filosofiese realisme wat volgehou het dat soewereine state binne 'n anargistiese internasionale stelsel werk waar elke staat daarop uit is om eie belange te bevorder deur die demonstrasie, konsolidasie en beskerming van mag (Christie & Montiel, 2013:506). In die 1940's was daar geleerdes vanuit verskeie dissiplines – insluitende die psigologie – wat voorstanders was dat dispute deur dialoog en konflik resolusies opgelos word eerder as deur geweld (Christie & Montiel, 2013:*op.cit.*). Gedurende die Koue Oorlog het 'n aantal sielkundiges weggebreek van die VSA se beleidmakers en in die 1960's verskyn 'n vlaag publikasies wat 'n opkomende skuif van oorlogsbeplanning na die bevordering van vrede aankondig en waar talle psigoloë geargumenteer het dat die atoom era 'n nuwe vorm van diplomasie verg asook die afskaffing van oorlog. Daar is ook voorgehou dat die VSA-Sowjet verhouding kon beweeg van onderlinge terrorisering tot onderlinge vertroue (Christie & Montiel, 2013:*op. cit.*)

### 4.5.5 Eietydse bydraes van psigologie tot vrede

Soos die bipolêre geostrategie se magsverhoudings tussen die VSA en Sowjet Unie afgeneem het, het 'n komplekse patroon van intergroep konflik na die voorgrond in vrede-psigologie getree. Hierdie konflikte is gekenmerk deur tussengemeenskapspanninge, opponerende sosiale identiteite, diepverdelende ideologieë asook gewelddadige episodes wat kenmerkend na vore kom in en rondom gemeenskappe waar hoë eise aan die lewens en welstand van familielede, vriende en bure gestel is (Christie & Montiel, 2013:507). Mense is van mekaar afgeskei, nie soseer deur staatsgrense nie, maar deur etnisiteit, ekonomiese welstand en ander merkers van sosiale identiteit en identiteitsgebaseerde konflikte (Tajfel, 2010:26).

Toe die Koue Oorlog ten einde kom, kom die Amerikaanse vredespsigoloë tot die slotsom dat die brandpunte in talle wêrelddele nie die vooruitsig op direkte geweld was nie, maar ook op strukturele geweld – ŉ verraderlike en alomteenwoordige probleem wat net soos direkte geweld mense doodmaak deurdat stoflike hulpbronne en politieke verteenwoordiging in kwessies wat hul welstand geraak het. Daarom het '*strukturele geweld*' ook ŉ area van ondersoek in die vredesbouproses geword. Die menslike behoefte teorie (*human needs theory* HNT) bied insigte in ŉ reeks vredesbouprosesse wat betrokke is by die vermindering van beide direkte- én strukturele geweld. Dié teorie (HNT) help ook om te verduidelik waarom die behoeftes aan sekuriteit en identiteite dikwels oormatig of invloedryk is in tussenstaatlike oorloë asook in vernietigende identiteits-konflikte omdat hierdie behoeftes in die organisme ingebou is en derhalwe ŉ uitdaging aan vredespsigoloë stel om vir die mense vreedsame maniere te ontwikkel wat hulle behoefte aan sekuriteit en identiteit sal bevredig. In teenstelling met direkte geweld gebeur strukturele geweld wanneer ekonomiese en politieke strukture van sekere seg-mente van die gemeenskap ontneem word. Wanneer ekonomiese ontneming gebeur, word die behoefte aan welstand nie bevredig nie wat dan weer nadelig is vir menslike groei en ontwikkeling. Daarteenoor lei politiesgestruktureerde geweld weer tot die stelselmatige ontneming van die behoefte aan selfbeskikking (Christie, 1997).

## 4.6 MAATSKAPLIKE WERK

So onlangs as vyftien jaar gelede was daar in die VSA enkele hospitale en mediese sentra wat gespesialiseerde gehalte diens aan dienende militêre lede en veterane kon bied. Dit het daartoe gelei dat talle van Amerika se gewaardeerde militêre populasie naby die einde van hul lewens sonder die voordeel van medelydende sorg (*compassionate care*) moes klaarkom om in hulle unieke behoeftes te voorsien en om ondersteunende hulp aan hul families te gee. Die situasie het sedertdien aansienlik verbeter. Militêre maatskaplike werkers het ŉ besondere rol tydens beide Wêreldoorloë gespeel, maar die belangrikheid van hierdie gespesialiseerde professie het weer skerp onder die soeklig gekom toe komplekse gedrag- en gesondheidsprobleme én behoeftes van die Irakese en Afgaanse veterane na die oppervlak gekom het. Militêre maatskaplike werk word nou as ŉ belangrike aspek geposisioneer van die VSA se militêre populasie se gesondheidsorg (Anon., 2018).

### 4.6.1 Wat is militêre maatskaplike werk?

Wooten (2015:3) definieer militêre maatskaplike werk só:

> Military social work is a specialized practice area that differs from generalized practice with civilians in that military personnel, veterans and their families live, work, and receive health care and social benefits in a hierarchical, socio-political environment within a structured military organization.

Militêre diens en ontplooiing kan ook lei tot beroepsgevare wat militêre personeel en hul gesinne blootstel aan indiwiduele, gesins- en omgewing stressors wat van die burgerlike bevolking kan verskil. Militêre diens word gekenmerk deur gedurige verplasings waar taak en opdrag die botoon voer bo gesinsverantwoordelikhede, hoë beroepseise en potensiële traumatiese gebeure (Wooten, 2015: *op. cit.*). Verder kan militêre ontplooiings ook uitloop op blootstelling aan gevegte, ernstige verwonding, die risiko van dwelm-misbruik, geestes- en gesondheidsprobleme asook oorlogsverwante traumatiese gebeure. Kortom: hoë taakvervulling, dissipline, beroepsgevare, organisatoriese kultuur en klimaat wat militêre diens van die burgerlike beroepe onderskei, maak militêre maatskaplike werk ŉ gespesialiseerde beroepsveld.

Maatskaplike werkers wat die militêre veld betree moet bewus wees van die eiesoortigheid eie aan ŉ militêre kultuur (Wooten, 2015: *ibid*.). Gelet op die kompleksiteit van militêre organisasies en die impak wat militêrverwante spanningsdruk op indiwidue en gesinslede het, vra na die uitbreiding van gedragsgesondheidspraktisyns wat in militêre maatskaplike werk opgelei is (Wooten, 2015:4). Ook Blinka en Wilson Harris (2016:7) wys daarop dat morele verwonding van krygsmanne en veterane al hoe meer uitdagings aan die dissipline Maatskaplike Werk gaan stel, want al hoe meer krygsmanne ervaar erge fisieke verwonding. Verder is daar ook ŉ al groter bewustheid van die enorme spirituele eise wat aan vegters en veterane én hul gesinne toegebring word deur verwondings aan siel en gees.

Volgens Blinka en Wilson Harris (2016:12) is die identifisering van morele verwonding slegs die begin van behandeling. Predikante met terapeutiese opleiding en vaardighede en maatskaplike werkers en ander geestesgesondheid professionele mense met spirituele sensitiwiteit en godsdienstigkulturele vaardighede is ook geskik vir die taak. Maatskaplike werkers wat met diegene werk met morele verwonding moet oor vaardighede beskik wat ondermeer die volgende insluit:

- gehalte van terapeutiese teenwoordigheid tesame met onvoorwaardelike agting;
- behandelingsmodaliteite vir trauma;
- die etiese integrasie van geloof en lewe; en
- spesifieke assessering en intervensies vir morele verwonding.

Blinka en Wilson Harris (2016: *op. cit.*) wys daarop dat die voorbereiding vir dié vaardighede alreeds begin by die opleiding van maatskaplike werkers, maar dit vra ook na professionele ontwikkeling deur voortgesette opleiding soos wat die veld van maatskaplike werk ontwikkel.

## 4.7 PSIGOSOSIALE GENESING

Oorlog word kollektief én indiwidueel ervaar. Oorlog is daarop uit om gevestigde sosiale infrastrukture opsetlik te vernietig sodat ŉ omgewing van vrees en chaos geskep word wat dan lei tot die verlies van ŉ gemeenskap se identiteit. Dit lei weer tot ontwrigting en geestelike nood wat dikwels intern tot uiting kom binne die indiwidu of ekstern tussen gemeenskappe. Aangetaste indiwidue en gemeenskappe behoef dan kultureel-opvallende (*culturally-salient*) psigososiale ingrepe wat daarop gemik is om aan ŉ bevolking se besonderse behoeftes op die gepaste tyd aandag te gee (Akesson, 2005:34).

Ook in die onlangse Suid-Afrikaanse politieke en staatkundige konteks het psigososiale genesing ŉ besondere rol gespeel deur middel van die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK). Na ŉ periode van vier jaar is die Suid-Afrikaanse Regering van Nasionale Eenheid (RNE) in April 1994 verkies. Die netelige vraag was oor die manier waarop die onreg van die verlede gekonfronteer moes word terwyl aan gedeelde nasiebou ook gelyktydig aandag gegee moes word. Suid-Afrika het die konsep van ŉ waarheidskommissie aanvaar in die navolging van nasionale versoening, eenheid en vrede (De la Rey & Owens, 1998:257). Deur die RNE is die apartheidstaat se staatsinstellings en personeel nog in diens gehou. Die Suid-Afrikaanse onderhandelde skikking het aansienlike kompromieë vereis omdat daar nie ŉ 'skoon breuk' met die verlede was nie (De la Rey & Owens, 1998:258). Daar was ook nie ooreenstemming oor sake soos vrystelling en amnestie vir bannelinge en lede van die apartheidstaat nie. Die vraag oor ŉ waarheidskommissie is eers tydens die laaste fases van die onderhandelinge bespreek. Dit het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika die oorgangsregering betree het sonder ŉ wet oor algemene

amnestie. Op 19 Mei 1995 is die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening deur pres. Mandela onderteken wat die WVK in die lewe sou roep.

Sleutelwoorde wat telkens herhaal is as motivering vir die WVK was *waarheid*, *heling* en *versoening*. Onder voorsitterskap van emeritus aartsbiskop Desmond Tutu was hierdie ŉ eerlike poging tot psigososiale genesing, want deur waarheid, heling en versoening sou die WVK poog om die morele grondslag van die Suid-Afrikaanse gemeenskap weer te herstel, om ŉ kultuur van menseregte te skep asook respek te kweek vir regsoewereiniteit en te voorkom dat die verlede nie weer herhaal word nie (De la Rey & Owens, 1998:*op.cit*.).

Voor die inwerkingtrede van die WVK het ŉ aantal sielkundiges hul ondersteuning aan die WVK toegesê, maar andere was weer skepties oor die voorgestelde proses omdat hulle meer skade as voordeel daarin gesien het. Toe die werk van die WVK onderweg was, was daar heelwat onder sielkundiges gedebatteer of die doel van heling deur die gekose proses bereik wou word. Tog het die kennis korpus – wat in ŉ direkte verband staan met die proses wat deur die WVK gebruik is – weer die waarde van getuienis as ŉ terapeutiese of helende tegniek uitgelig (De la Rey & Owens, 1998:259).

Van der Veer (1992:150) verduidelik dat die vertrekpunt van hierdie metode daarin lê dat dit die getraumatiseerde persoon aanmoedig om sy of haar getraumatiseerde ervaring in soveel detail as moontlik te beskryf asof daardie persoon as ŉ getuie vir die vervolging getuienis moet aflê. Deur die WVK is aan mense die geleentheid gebied om hul verhale van swaarkry weens menseregte vergrype te artikuleer. Deur die gebruik van verhale as ŉ terapeutiese metode word die slagoffer se vertelling vasgevang in ŉ konkrete geskrewe teks (De la Rey & Owens, 1998: *op. cit.*).

Getuienislewering as ŉ metode van effektiewe heling bestaan uit twee belangrike komponente: die eerste is die duidelike verbale vertelling van die feite, gebeure en besonderhede van die traumatiese ervaring; en die tweede komponent is die uitdrukking van die emosionele aspekte van die trauma. Die sukses van dié metode lê in die vorm en ooreenkoms met dié van getuienislewering vir die vervolging, want dit bied die moontlikheid én geleentheid vir die konstruktiewe kanalisering van sterk negatiewe emosies soos woede en aggressie (De la Rey & Owens, 1998:260).

Die WVK was nie net gerig op traumatiese ervarings op die indiwiduele vlak nie, maar was ook ŉ sosiaal-politieke proses waar die vergrype van die verlede gerekonstrueer en gedokumenteer was as openbare historiese kennis. Dit is derhalwe ŉ samestellende narratief waar die grense tussen die indiwiduele en die maatskaplike nie altyd duidelik onderskeibaar is nie (De la Rey & Owens, 1998: *op. cit.*).

De la Rey en Owens (1998:261) vestig ook die aandag op die belangrike bydraes van die sosiale konstruksionisme met betrekking tot psigologiese teoretisering waar ernstig nagedink moes word oor die nalatenskap van ŉ dualistiese konseptualisering van die indiwidu én die sosiaal-maatskaplike. Vanuit die sosiaal-konstruksionisme word lewens gesien as gelyktydig indiwidueel asook sosiaal. Ook Akesson (2005:37) sien die indiwidu as deel van sy of haar omgewing net soos die omgewing ŉ deel van die indiwidu is en dat die indiwidu se ervaring verweef is met die ervarings van die gemeenskap. Gemeenskapsgenesing en opbou kan derhalwe moeilik deur buitestaanders behartig word. ŉ Belangrike insig vanuit die psigososiale genesing is die versekering aan die kliënt dat sy/haar waardes, behoeftes en indiwidualiteit altyd voorrang sal geniet.

## 4.8 DIE ETIEK VAN OORLOGVOERING

In hoofstuk 2 paragraaf 2.13 het die *Just War Theory* (JWT) of dan geregverdigde oorlogvoering aan die bod gekom. Die etiese vraag oor oorlog bly nog steeds: *Kan dit ooit moreel-eties geregverdig word om tydens ŉ oorlog op groot skaal mense uit te wis?* Widdows (s.a. 1) vestig die aandag daarop dat oorlog al vir eeue ŉ dilemma vir filosowe was. Daar sal redenasies opgaan dat daar wel tye en omstandighede is wat oorlog moreel toelaatbaar en selfs verpligtend maak. Die bekendste manier vir die etiese assessering van oorlog is dan die JWT, ŉ tradisie wat teruggaan na Augustinus in die 5de Eeu en Thomas van Aquinas in die 13de eeu na Christus. Die JWT oorweeg die redes om oorlog te maak (*Jus ad bellum*) en die optredes tydens oorlog (*Jus in bello*). Hierdie onderskeid is belangrik, want ŉ oorlog mag eties wees, terwyl die wyse van oorlogvoering oneties is soos waar landmyne, marteling en chemikalieë gebruik word. Volgens Widdows (s.a. 2) moet daarop gelet word dat die aard van oorlog vinnig aan die verander is en dat oorlogsetiek ook daarby moet aanpas. Die etiese beginsels van die JWT mag dalk ŉ hersiening vereis, nie omdat die fundamentele etiese kwessies rondom oorlog verander het nie, maar omdat oorlog in ŉ sekere sin inherent oneties is. Om oorlog te regverdig is

die bestaan van betekenisvolle etiese redes noodsaaklik. Al is die JWT gebrekkig, bly dit tog ŉ manier om voortdurend na sulke redes te soek.

Ook Lucas (2016:15) wys daarop dat mense weens die dood, konflik en sinneloosheid wat oorlog meebring dikwels nie oorlog en etiek kan versoen nie. Volgens Lucas (2016: *op. cit.*) is etiek nie net van die uiterste belang vir militêre diens nie, maar is uiteraard veel meer ingewikkeld as 'die goeie teenoor boosheid'.

*Hoe kan daar oor oorlogsetiek gepraat word wanneer mense mekaar opsetlik doodmaak?*

Die mening dat oorlogvoering ŉ chaotiese en wettelose stryd is, is volgens Lucas (2016:32) te wyte aan die opmerking van die Romeinse senator Cicero (100 v.C.): *In oorlogstyd is die Reg tjoepstil*. Die ineenstorting van normale wet en orde, spesifiek die wette teen doodmaak, blyk dan die belangrikste eienskap van oorlog te wees.

Die doodmaak van mense en die verwoesting van eiendom is uiteraard in bykans alle gemeenskappe onder normale omstandighede moreel verkeerd. Al wanneer oorlogsetiek nie daardie optredes sal veroordeel nie, is wanneer die optredes noodgedwonge deel uitmaak van pogings om iets veel erger as oorlog stop te sit (Lucas, 2016:15). Die etiese vertrekpunt met betrekking tot oorlog, sien oorlog as die allerlaaste uitweg teen ŉ gruweldaad wat op sigself nog erger as oorlog is, maar daar kan nie meer skade aangerig word as wat voorkom moet word nie (Lucas, 2016:16). Oor oorlog laat Lucas (2016:xv) hom só uit:

> War is the most demanding undertaking of humankind. Indeed, in the perennial debate about the nature and character of war, the one unchanging aspect of the nature of war is the centrality of humanity. In fact, war and conflict have provided us examples of the loftiest moments of the human endeavour, alongside examples of its most reprehensible conduct.

Die besluit om oorlog te voer hang saam met die vraag na noodsaak en redelikheid om ŉ euwel soos slawerny of volksmoord hok te slaan. As alle ander pogings en alternatiewe misluk, dwing die etiek van oorlog volke of groepe om uit te spel waarom oorlog die laaste uitweg is (Lucas, 2016:16). Soms kry mense die indruk dat die gesprek oor geregtigheid in oorlog, of die regverdiging om oorlog te voer, in wese net ŉ tipe 'verkoopstegniek' is om ŉ skeptiese en teësinnige publiek oor te haal om ŉ voorstel te ondersteun om oorlog toe te gaan en dan daarna die swaarkry van ŉ komende oorlog te

verduur (Lucas, 2016:79). Veronderstel dié siniese uitbeelding word aanvaar van 'n politieke leier as slim Machiavelliaanse manipuleerder wat deur die gebruik van subtiele retoriese truuks om mense te mislei om 'n oorlog te ondersteun wat geen geregverdigde gronde of geen sinvolle of betekenisse doel het nie, behalwe dat dit vir die politici of hul onmiddellike vriende persoonlike gewin inhou. Lucas (2016: *op. cit.*) vra die vraag: Waarom werk hierdie aanslag? Wat maak ons almal klaarblyklike *"suckers"* vir die aanloklikheid van morele argumente?

Sou die leiersfigure beoog om landsburgers oor te haal om in 'n oorlog te veg, daarvoor te betaal, en die risiko's en ontberings van oorlog te loop ter wille van die politici se eie gewin – dit wil sê as die verklaring en die oorlog gevoer word in belang van die politici is – sal die waarheid oor die oorlogsbetrokkenheid nie motiverend wees nie. Sou die gewone landsburgers geen persoonlike voordeel uit die voorgestelde oorlogsbetrokkenheid kry nie, sou hulle nie die oorlog ondersteun of daarin veg nie (Lucas, 2016:79).

Volgens dié siniese uitgangspunt moet politieke leiers leer hoe om 'n appèl te rig tot die burgery se gedeelde sin vir geregtigheid en billikheid asook die morele beginsels – soos die verdediging van menseregte – ten einde ondersteuning vir die politici se oorlog aan te kweek. Volgens Lucas (2016:80) het appèlle wat gerig is op die moraliteit en geregtigheid van mense en hul gedeelde beweegredes – soos die beskerming of verdediging van menseregte – klaarblyklik 'n geweldige positiewe trekkrag op mense. Sinici mag aanvoer dat die strategie uiteindelik werk omdat die gemiddelde mens onkundig, liggelowig en naïef is en gevolglik oop is vir manipulasies deur sulke 'sagte' appèlle tot die mens se emosies en sentimente. 'n Minder siniese waarnemer mag dalk dink dat sulke appèlle soos wat Abraham Lincoln in sy eerste openingsrede in 1864 gelewer het met sy ampsaanvaarding as president van die Verenigde State waar hy verwys het na *'the better angels of our nature'.* Vir sulke appèlle is mense vatbaar, want talle gewone mense glo nog dat konsepte soos moraliteit en geregtigheid belangrik is en dat dié konsepte tot 'n sekere mate nog gebiedend is in die keuses en optredes van mense.

Mense is blootgestel aan oorreding op morele gronde omdat hulle die meeste van die tyd nie skepties of sinies is rakende morele waardes en morele beginsels nie. Omdat die meerderheid mense steeds glo dat die ideale soos geregtigheid en menseregte geldig,

belangrik en universeel toepasbaar is, dra daartoe by dat die manipulatiewe gewerskaf van die siniese staatsman uiteindelik in staat is om te kan slaag (Lucas, 2016: *op. cit.*).

In Reformatoriese kringe was die algemeen geldende beginsel nog altyd dít: Die owerheid as instelling van God moet gehoorsaam word, maar as die owerheid só sou optree dat mense gedwing word om deur en in hulle gehoorsaamheid aan die owerheid ongehoorsaam aan God te wees, dan moet die owerheid weerstaan word totdat die reg herstel is, want gegrond op die Bybelse boodskap moet God eerder gehoorsaam word as die mense (Heyns, 1989:165). Oor burgerlike ongehoorsaamheid beskou Heyns (1989:167) dit as ŉ handeling wat in ŉ diepe gewetensoortuiging gegrond is van '*ek kan en ek mag nie hierdie wet gehoorsaam nie aangesien my gewete (God) my nie toelaat nie*'. Dit dui op ŉ duidelike konfliksituasie waarin die gewete en/of God enersyds teenoor die owerheid andersyds te staan kom en waar daar dan vir eersgenoemde gekies word (Heyns, 1989:167).

## 4.9 MORELE VERWONDING

### 4.9.1 Wat is morele verwonding?

Die bydrae van maatskaplike werk het in paragraaf 4.3.2 aan die orde gekom. Blinka en Wilson Harris (2016:7) vestig die aandag op die uitdagings wat die morele verwonding van krygers en veterane aan maatskaplike werk gaan stel. Deur die eeue het oorlog morele verwonding veroorsaak aan diegene wat daaraan deelneem. Ondanks die mensdom se ingeskape afsku en taboe teen die doodmaak van ŉ ander mens, staan moord en doodslag opgeteken dwarsdeur die menslike beskawing. Sedert antieke tye tot op hede maak die morele foltering van krygers ŉ groot deel uit van die genre oorlogsliteratuur (Brock & Lettini, 2012:41). In die Amerikaanse oorlogsliteratuur word daar na morele verwonding in hedendaagse oorloë as die 'merkteken wond' (*signature wound*) verwys.

Shay (2002:182) het hom as psigiater beywer vir die voorkoming van psigologiese en morele verwonding van Amerikaanse soldate tydens militêre diens. Vanuit sy pasiënte se verhale én Homer se verhaal van Achilles in die *Iliad* sien Shay (2011:183) morele verwonding as:

- verraad teenoor wat reg is.
- deur iemand wat oor wettige mag en gesag beskik (bv. ŉ leier in die militêr).
- in ŉ situasie wat alles van almal vra.

Litz *et al.* (2009:700) se omskrywing van situasies wat morele verwonding kan veroorsaak en wyd aanvaar word, gaan oor die bestendiging, in gebreke bly om te voorkom, getuie wees van of te wete kom van optredes wat diepgewortelde morele oortuigings en verwagtinge skend. Die skending van iemand se morele gedragskode kan insluit aktiewe deelname of passiewe teenwoordigheid van optredes wat as immoreel verstaan word, is deel van morele verwonding en is dikwels – alhoewel nie altyd nie – ook deel van oorlog. Wood (2014:1) wys daarop dat talle Amerikaanse soldate aan morele verwonding ly wanneer hulle uit ŉ oorlogsone terugkeer en met die wete moet saamleef dat hul sin vir reg en verkeerd geskend is. Wood (2014:*op. cit.*) het as oorlogkorrespondent van die Huffington Post hom hieroor só uitgelaat:

> I think that almost everyone who returns from war has suffered some kind of moral injury and I do not mean that they have done something wrong – only that they have seen and experienced things which violates their own sense of right and wrong, their own sort of moral compass. The biggest thing that the veterans told me was that they're carrying around this horrible idea that they are bad people because they've done something bad and they can't ever tell anybody about it – or they don't dare tell anybody about it – and may not even be able to admit to themselves.

Wood (2014: *op. cit*.) beskou morele verwonding as ŉ kneusplek aan die siel.

Shay (2014:184) vestig die aandag daarop dat ŉ aantal klinici soos Brett Litz (2009), Shira Maguen (2010) en William Nash (2013) ŉ merkwaardige taak verrig het met hul beskrywing van ŉ ewe verwoestende tweede vorm van morele verwonding wanneer soldate tydens oorlog iets doen wat hul eie ideale en etiese beginsels skend. Volgens Shay (2002: *op. cit.*) ondervang die DSM diagnose, PTSD, nie hierdie gestaltes van morele verwonding nie. Hy wys verder daarop dat die suiwere en amptelike definiëring van PTSD sonder enige komplikasies soos dwelmgebruik en die soeke na gevaar, selde die rede is wat veterane se lewens skend, hulle tot selfdood dryf asook aanleiding gee tot huishoudelike en/of kriminele geweld terwyl morele verwonding dit duidelik aantoon. Hieronder is die skematiese ooreenkomste én verskille tussen PTSD en morele verwonding soos getabuleer deur Shay (2014:185):

| | PTSD | Morele verwonding |
|---|---|---|
| Snellergebeure (A1 Kriterium) | Werklike of bedreigde dood of ernstige besering | Dade wat diep gesetelde morele waardes skend |
| Indiwidu se rol ten tye van die gebeure | Slagoffer of getuie | Dader, slagoffer of getuie |
| Oorheersende pynlike emosies | Vrees, angs of hulpeloosheid | Skuld, skaamte of woede |
| Her-ervaring (B Kriterium)? | JA | JA |
| Vermyding of gevoelloos (C Kriterium)? | JA | JA |
| Fisiologiese opwekkingsvlak (D Kriterium)? | JA | NEE |
| Watter noodsaaklikheid is verloor? | Veiligheid | Vertroue |

Bron: Shay, (2014:185).
**Figuur 4.3. Wat ontbreek by bestaande opvattings van PTSD?**

Oor jare het die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (APA) elke diagnostiese konsep verwerp wat sou sinspeel op die moontlikheid dat slegte ervarings in volwassenheid ŉ goeie karakter kan skend. Talle klinici, soos Judith Herman en Mary Harvey, het hierna as Komplekse PTSD verwys, maar waarna die APA verwys het as 'Disorders of Extreme Stress Not Otherwise Specified (DESNOS) (Shay, 2014:184). Shay (2014:185) wys daarop dat volgens Litz, *et al.* (2009:698) se navorsingsverslag is fisiologiese aansporing nie deel van morele verwonding nie. Volgens Shay se waarnemings blyk dit dat wangedrag deur die leierskap tot morele verwonding kan lei, want die menslike liggaam ervaar dit as ŉ fisiese aanval en dan gereedmaak vir gevaar en fisieke aanval. Vir Shay (2014: *op. cit.*) is beide benaderings belangrik en kan die een tot die ander lei en skets hy dit aan die hand van ŉ situasie waar ŉ soldaat aangesê word om ŉ gewonde makker agter te laat. Die situasie word verder verduidelik waar Shay (2014: 185, 186) bewus was van ŉ gebeure tydens die Vietnam Oorlog. ŉ Seesoldaat gewaar en identifiseer ŉ vyandige skerpskutter wat ŉ baba as ŉ 'menslike skild' gebruik deurdat die skerpskutter die kind voor hom vasgebind het. Shay wys daarop dat daar ook ander moontlike interpretasies kan wees soos die vader wat dink: "Ek wil my seun saam met my in die Paradys hê". Die

man mag dalk ook dink: "As ek dood is, sal daar niemand wees om na my kind om te sien en hom beskerm nie".

Die punt wat Shay (2014) maak, gaan glad nie oor waaraan die vyandige skerpskutter op daardie oomblik dink nie, maar wel oor die seesoldaat se denke en sy verstaan van die *Rules of Engagement* of Gevegsreëls asook die Wet oor Oorlogvoering op Land. Daarvolgens was dit vir die seesoldaat toelaatbaar om die vyand te skiet – al kon hy die kind se dood voorsien – en sou dit nie as moedswil gereken word nie. Die soldaat se verstaan van sy taakomskrywing en sy plig teenoor sy makkers was om die skoot te skiet soos hy wel gedoen het. Hy het die kol getref, maar sou waarskynlik met daardie herinnering vir die res van sy lewe loop.

Hoe verander morele verwonding iemand?

Dit lei tot die afbrokkeling van karakter, ideale, ambisies wat weer lei tot die verandering en vermindering van bande met ander mense. Of morele verwonding nou voortvloei uit oorlogsgebeure waardeur krygers se morele kompas beskadig is, en of morele verwonding lei tot die misbruik van drank en dwelms wat uitloop op gewelddadige optredes, word die vermoë om te vertrou uiteindelik vernietig. Wanneer sosiale vertroue vernietig is, word dit vervang deur die verwagting van leed, uitbuiting en vernedering deur ander. Met hierdie verwagting bly enkele opsies oor: slaan eerste, trek terug en isoleer jouself van ander (Shay, 2014:186).

Die Syracuse Universiteit se *Moral Injury Project* definieer morele verwonding as 'die skade aangerig aan ŉ persoon se gewete of morele kompas wanneer daardie persoon ŉ daad pleeg, sien gebeur, of in gebreke bly om optredes te voorkom wat ŉ oortreding van hul eie morele en etiese waardes of gedragkodes is'. In die konteks van militêre diens, en veral die ervaring van oorlog, verwys morele verwonding na die emosionele en geestelike impak van deelname aan, getuiewees en/of geviktimiseer word deur die optredes en gedrag wat die aanskouer se eie of die van ander se kern morele waardes en gedragsverwagtinge skend (Anon., 2018:1). Morele verwonding is al hoe meer die fokus van gesprekke en navorsing oor verskillende vakgebiede heen. Terugkerende veterane asook diegene wat aan hulle hulp verleen worstel om te verstaan en effektief te reageer wanneer oorlogservaringe uitloop op foltering, woede en vervreemding wat nie verklaar kan word

in terme van diagnoses vanuit geestesgesondheid soos PTSD nie (Anon., 2018: *op. cit*.).

Morele verwonding is op sigself nie ŉ nuwe begrip nie, want dwarsdeur die geskiedenis het filosowe, digters asook krygers self geworstel met die etiese dilemmas eie aan oorlog. Die begrip morele verwonding is van meer onlangse oorsprong en dit word toegedig aan die Vietnam Oorlogsveteraan, skrywer en vredesaktivis Camillo "Mac" Bica (Brock & Lettini, 2012:31).

Nash en Litz (2013:646-647) wys daarop dat *psigologiese verwonding* wat voortspruit uit die oortreding van diepgewortelde morele en etiese oortuigings en verwagtinge ŉ lang historiese aanloop het waarna krygers verwys het as *miasma* – die morele besoedeling wat ontspring uit oorlogsdeelname – en wat net deur *katarsis* of sosiale reiniging genees kon word. Volgens Nash en Litz (2013: 647) was Shay se verstaan van moreel verwonde veterane as slagoffers van ander se verkeerde optredes ook elders te vinde in die geestesgesondheid- en etiese literatuur. Wat daarin na vore kom, is die vername rol wat die verbreking van sosiaal-morele kontrakte – wat weer gelei het tot die beskadiging van geloofsisteme – in die veroorsaking van trauma gespeel het. Die literatuur met betrekking tot die fenomenologie van gevegstres bevat talle beskrywings van blywende gevaar en veranderings in opvolggebeure waar vegters in hulself bemerk dat hulle deur optrede of nalating hul eie morele kodes skend (Nash & Litz, 2013: *op. cit*.). Litz *et al.* (2009:696) omskryf potensiële morele skadelike ervarings in oorlogsveterane as "die pleging, versuim om te voorkom, getuiewees van, of kennis neem van optredes wat diepgestelde morele oortuigings en verwagtinge skend".

Verder wys Nash *et al.* (2013:647) daarop dat die verskynsel morele verwonding mag slegs die skyn van oudheid dra, maar die kliniese konstrukte en terme om dit te omskryf, is relatief nuut en aan die ontwikkel. Nash *et al.* (2013:*op. cit.*) verwys na ŉ kwalitatiewe ondersoek waar onderhoude met drie-en-twintig respondente gevoer is vanuit die VSA se Departement van Veterane Sake se gesondheidsorg en professionele uit die godsdiens-groepering. Die respondente was dit eens dat die konsep morele verwonding nodig was in hul betrokkenheid by oorlogsveterane en dat die huidige voorstelling van PTSD nie die aspekte van morele verwonding as uitvloeisels van oorlog voldoende beskryf nie. Meer as ŉ derde van die respondente het ook te kenne gegee dat die begrip *morele verwonding* nie die beste beskrywing is nie en dat een of beide van die woorde vervang moes word.

Vir geveg- en operasionele stresbeheer het die begrip *'innerlike konflik'* byval gevind as omskrywing van stres te wyte aan morele skade opgedoen deur die uitvoer óf getuie wees van optredes óf versuime om op te tree waar diepgestelde geloofsisteme geskend word. Alhoewel dit in woorde soortgelyk aan morele verwonding beskryf word, word die begrip innerlike konflik nou gebruik omdat morele verwonding deur sommige as pejoratief beskou word (McCloskey, 2011:1).

Drescher *et al*. (2011:9) definieer morele verwonding as die ontwrigting in ŉ indiwidu se vertroue en verwagtinge oor die eie of van ander se motivering of vermoë om op ŉ reg-verdige en etiese manier op te tree. Volgens Silver (2011:para. 6)[63] is *morele verwonding ŉ diepe verwonding van die siel wat ŉ persoon se identiteit, sin vir moraliteit en gemeen-skapsverhoudings deurboor*.

Stresvolle of traumatiese lewensgebeure lê volgens Yan (2016) onderliggend aan morele verwonding waardeur ŉ indiwidu se kern moraliteit of morele wêreldbeskouing beskadig word. Morele verwonding vind plaas wanneer ŉ persoon gebeure ervaar of ŉ getuie is van dade wat ŉ erge skending van morele oortuigings en verwagtinge is en wat die langtermyn emosionele, psigologiese, gedragsgewyse, spirituele en sosiale terreine skade berokken. Morele verwonding speel ŉ vername rol in beide die liggaamlike en geestes-gesondheid by oorlogsveterane, maar word dikwels nie in gesondheidsorg aangespreek nie.

### 4.9.2 Morele verwonding en die kryger

Omdat morele verwonding so tydloos soos oorlog is, beskou Gibbons-Neff (2015:1) dit nie as ŉ nuwe konsep nie maar eerder as ŉ nuwe uitdrukking. Volgens Sherman (2015:8) verwys morele verwonding na ervaringe van erge innerlike konflik wat opkom uit die mens se bedenklike morele oortredings waardeur die sin vir goedheid en menslikheid weggekalwe is. Volgens haar het morele verwonding te make met die menslike tekort-koming om die self én ander daarvoor verantwoordbaar te hou.

Wood en Montorio (2015:2) vertel die verhaal van ŉ jong Amerikaanse soldaat wat in Afghanistan ŉ dertienjarige kind doodgeskiet het. Tydens ŉ geveg het die soldaat iemand gesien wat op hom en sy makkers met ŉ aanvalswapen vuur. Binne ŉ breukdeel van ŉ

[63] Aanhaling word deur talle bronne op die internet aangehaal, maar die oorspronklike bron kon nie opgespoor word nie. Waar hierdie bron voorkom, staan daar slegs Silver, 2011 paragraaf 6.

sekonde om te besluit, trek die soldaat die sneller en beëindig die kind se lewe. Na die voorval het hy en sy makkers die vuurwapen opgetel en aanbeweeg. Drie jaar na die gebeure kry die soldaat nog ŉ knop in die keel as hy daaroor praat en met ŉ sug sê hy:

> He was just a kid. But I'm sorry. I'm trying not to get shot at and I don't want any of my brothers getting hurt, so when you are put in that kind of situation ... it's shitty that you have to, like … shoot him. You know it's wrong, but you have no choice (Wood & Montorio, 2015:2).

Die seun se dood het by die soldaat gespook en hom in ŉ moeras van morele verwarring en teenstrydighede laat beland – iets wat goed bekend is aan terugkerende veterane na oorloë (Wood & Montorio, 2015: *op. cit.*).

Tot onlangs is PTSD as die mees algemene oorlogswond beskou. PTSD is gesien as ŉ onwillekeurige fisiese reaksie op ŉ lewensbedreigende vrees wat nog onthou word. Tydens ŉ geveg kom die fisiese reaksies vir vrees en gevaar – soos oormatige waaksaamheid en verhoogde adrenalien wat spierkrag aanwakker – na vore wat noodsaaklik is vir oorlewing. Weg van die oorlogsfront kan dit skielik veroorsaak word deur skares, geraas en ŉ argument wat weer lei tot angs, woede, slaaploosheid en depressie. PTSD kan gou gediagnoseer word en terapie is meer geredelik beskikbaar. Nie vrees nie maar blootstelling veroorsaak morele verwonding – ‘n ervaring of ‘n rits ervarings wat geringe of intense hartseer, skaamte en skuldgevoelens weer uitlok. Die simptome stem ooreen met PTSD – soos depressie en angs; moeite ervaar om aandag te gee; en met die uitsondering van hul medestryders word ‘n onwilligheid openbaar om ander mense te vertrou. Diegene wat moreel verwond is ervaar ook hartseer en berou. Morele verwonding kan gesien word as ‘n skokwond wat veroorsaak is deur die botsing tussen die etiese oortuigings waarmee krygers na die oorlog gaan en die nare werklikheid van oorlog (Wood & Montorio, 2015: 3).

Die omskrywing van PTSD dek nie al die simptome van morele verwonding nie soos die blywende wonde aan die siel wat veroorsaak is deur deelname aan moreel twyfelagtige oorlogsgebeure. In die figuur 4.4 word ŉ skematiese voorstelling gegee van die simptome van beide PTSD en morele verwonding asook daardie simptome wat oorvleuel. (Wood & Montorio, 2015: *op. cit.*).

| PTSD | BEIDE | MORELE VERWONDING |
|---|---|---|
| Ontstellende refleks<br>Geheueverlies<br>Vrees<br>Terugflitse | **Woede**<br>**Depressie**<br>**Angstigheid**<br>**Slaaploosheid**<br>**Nagmerries**<br>**Selfmedikasie met alkohol en dwelms** | Droefheid<br>Smart<br>Berou<br>Skaamte<br>Vervreemding |

**Figuur 4.4. Bron: *The Huffington Post*. Oorspronklike bestaan uit twee oorvleuelende sirkels om die simptome uit te beeld wat PTSD en morele verwonding gemeenskaplik deel.**

### 4.9.3 Morele verwonding as nagevolge van oorlog

- **Skokkende selfdood statistieke in die VSA**

Op 7 Julie 2016 publiseer Leo Shane en Patricia Kime na ŉ deeglike ondersoek ŉ verslag vir die *Military Times* in die VSA waarin bereken word dat rofweg twintig Amerikaanse veterane per dag selfdood pleeg. In 2014 het meer as 7 400 veterane hul eie lewens geneem wat 18 persent uitgemaak het van alle gevalle van selfdood in Amerika terwyl die veterane minder as nege persent van die VSA se bevolking opmaak. Dit was verontshutsend, want die selfdood getalle het geïmpliseer dat daar ŉ krisis in geestesgesondheid onder oorlogsveterane is. Dit was die omvattendste selfdoodstudie wat ooit deur die Amerikaanse Departement van Veteranesake gedoen is (Shane & Kime, 2016:1).

### 4.9.4 Oorsprong van morele verwonding

ŉ Kernaspek van morele verwonding is die verlies aan vertroue in jouself of andere wat die spiraal tot negatiwiteit en vervreemding aanvuur. Afhangende van die oorsaak van morele verwonding kan selfs die mensdom die skyn van korrupsie dra. Hierdie verlies aan vertroue of geloof – hetsy in jouself of in ander mense – staan sentraal tot die omskrywing van morele verwonding en wat morele verwonding van PTSD onderskei. Waar PTSD ervaar word as die verlies aan veiligheid, is morele verwonding weer die ervaring van verlies of vertroue (Litz *et al.,* 2009:696.).

Verskeie soorte gebeure kan aanleiding gee tot morele verwonding. Enkeles word genoem soos verraad deur leiers, gelykes en vertroude burgerlikes, asook verraad teenoor ŉ persoon se eie morele standaarde. Eweso kan die betrokkenheid by of getuie wees van

uitermate straftoediening soos mishandeling van én weerwraak op die vyand en die burgerlike gemeenskap ook aanleiding gee tot morele verwonding. Die doodmaak van ŉ persoon, hetsy ŉ vyand of eie magte of ŉ burgerlike, bly die grootste voorspeller van morele verwonding (Maguen & Litz, 2012:1).

Gebeure wat tot morele verwonding aanleiding gee, kan in drie groepe ingedeel word, naamlik *die ervaring van verraad*; *vergrype deur ander gepleeg*; en *vergrype deur die persoon self gepleeg* (Maguen & Litz, 2012:2). Vir sommige krygers is die ervaring van verraad veel erger as die emosionele gewoel tydens ŉ geveg. Jeffrey Hall, ŉ majoor in die Amerikaanse leër, sê sy PTS het alles te make met morele verwonding. Dit was nie weens doodmaak, of die sien van erge verwonde en verwoeste liggame nie. Dit was weens verraad, weens morele verraad (Sherman, 2015:77).

Hall het morele verwonding ervaar toe sy bevelvoerende offisier opdragte gegee het wat die waardigheid van burgerlikes geminag het. Hall was getaak om na die burgerlikes om te sien wat ondermeer sou behels dat hy betrokke sou wees by diegene wat in kruisvuur gedood is, deur hul familielede met die nodige respek kon begrawe kon word. Hall se onvermoë om weens burokratiese reëls en apatiese leiers eervol hierop te reageer het meegebring dat hy in homself meer vasgevang en hulploos gevoel het as wat hy tydens ŉ vyandelike aanval ervaar het (Sherman, 2015:87).

Ander soos Camillo "Mac" Bica het weer gevoel hulle is deur oorlog verraai en meen dat hulle die slagoffers is van politici se huigelary, die sondebokke vir die nasionale gewete en die offerlammers wat ter slagting gestuur is as restitusie vir die bevolking se kollektiewe skuld. Niemand kan die ontheiliging van oorlog beter verstaan as diegene wat in ŉ oorlog moes veg nie, want daarna moes hulle saamleef met die herinneringe oor wat hulle gedoen én wat hulle uiteindelik geword het (Brock & Lettini, 2012:21).

Die tweede kategorie morele verwonding het te make met die vergrype wat deur ander gepleeg is en die indiwidu dus ŉ getuie word van iemand anders se betrokkenheid by growwe morele skendings. Brock en Lettini (2012:29) vertel ter illustrasie hiervan die verhaal van Dweylon. In Irak het hy militêre diens by ŉ missiel eenheid gedoen. In sy rol as kommunikasieorganiseerder moes hy opdragte aan hoë offisiere oordra wat belangrike inligting aan bevelvoerders op die voorste linies moes verskaf. Om nie ŉ swak skakel in

sy eenheid te wees nie, het Dweylon sestien ure per dag gewerk en sy bes gedoen om sy eenheid veilig te hou. Alhoewel hy nooit ŉ skoot met ŉ vuurwapen geskiet het om iemand te dood nie, is hy moreel net so strafwaardig in die doding van onskuldige mense as diegene wat dit wel gedoen het. Sy insette het sy makkers gehelp om hulle werk beter te doen en aan die lewe bly. Hy weet ook dat hy nooit die persoonlike prys van werklike doodmaak sal ken nie, maar aanvaar dat sy rol in ŉ immorele oorlog dieselfde was as diegene wat mense gedood het.

Wat het later gewetenswroeging in Dweylon losgelaat?

Hy vertel dat geklee in ŉ militêre uniform, die dra van ŉ vuurwapen en deur die dinge wat gedoen is, was nie iets waarop hy trots was nie want hy was die verteenwoordiger van die grootste leweransier van geweld in die wêreld, die VSA. Hy het sy land lief, maar niemand behoort trots te wees op ŉ onnodige oorlog nie. Soveel mense is onskuldig en onnodig gedood soos ŉ moeder en kind wat vroegoggend drinkwater wou skep is geskiet of opgeblaas. Dit bly jou by – jy kan dit net nie afskud en ignoreer nie (Brock & Lettini, 2012:59-60).

Die derde kategorie van morele verwonding handel oor oortredings van ŉ persoonlike aard soos die doodmaak van ŉ medemens. Marlantes (2011:18) stel dat die doodmaak van iemand jou sal aantas. ŉ Deel van jou sal jou daaraan bly herinner dat jy iets verkeerds gedoen het, want van jou kleintyd af is dit by jou ingeskerp. Volgens Marlantes is oorlog die uitdaging aan die mens se fundamentele geloofsisteem wat oor die burgerlike samelewing beheer uitoefen. Basiese denkbeelde, of dit waar is of nie, soos mense is oor die algemeen goed, net slegte mense word deur slegte gebeure oorval, of mense kry wat hulle verdien kan deur die blootstelling aan oorlog as betekenisloos vertolk word. Na die doodmaak van ŉ ander persoon, al is dit geregverdig deur die militêre reëls asook die reëls wat oorlogvoering beheer, ervaar talle krygers dat hulle die goeie in hulself verloor het en voel derhalwe afgesny van die burgerlike samelewing (Kerr, 2016:4).

Timothy Kudo (2013) ŉ seesoldaat in die Amerikaanse marine korps met die rang van kaptein, het oor doodmaak so van hom laat hoor, naamlik:

> Oorlog maak van ons moordenaars. Hierdie euwel moet ons direk konfronteer as ons eerlik wil wees oor die ware koste van oorlog. Ek is nie meer die 'goeie

> mens' wat ek eens gedink het ek is nie (en) daar is niks wat dit kan verander nie; dis onmoontlik om te vergeet wat gebeur het en die enigste mense wat my kan vergewe, is dood (Kudo, 2013:1).

Van hierdie drie soorte oortredings – *verraad*; *vergrype deur ander gepleeg*; en *vergrype deur die persoon self gepleeg* – het die vergrype gepleeg deur ander asook dié wat deur die persoon self gepleeg is, die hoogste korrelasie met selfdoodpogings getoon. Van alle oortredings is die doodmaak van ŉ ander persoon tydens oorlog die grootste voorspeller dat ŉ veteraan sy eie lewe sal neem en morele verwonding word gesien as die sentrale rolspeler hierin. Josh Mantz het as ŉ kaptein in die Irakese oorlog gedien. Hy beweer: 'Dit is die morele verwonding oor tydsverloop wat mense eintlik doodmaak. Krygers verloor hul identiteit en verstaan nie meer wie hulle eintlik is nie (Sherman, 2015:7)'.

Brock en Lettini (2012:18) gee as moontlike rede vir die hoë selfdoodsyfers onder krygers die opleiding in *reflective fire.* Wêreldoorlog 2 het aan die lig gebring dat bykans 75 persent van die vegters nie direk op die vyand sou vuur nie, selfs ook wanneer hulle eie lewens in gevaar was. Tydens militêre opleiding is krygers opgelei en gekondisioneer om te skiet voordat daar gedink word – die sogenaamde *reflective fire* opleiding (opleiding in die onwillekeurige afvuur van ŉ vuurwapen) – wat die moontlikhede grootliks sou verbeter dat krygers hul wapens meer as 90 persent van die tyd sou gebruik, maar Pete Kilner, ŉ majoor in die Amerikaanse Leër, het toegegee: "The problem with reflexive fire training is that it does bypass, in some sense, the soldiers' moral decision-making process (Brock & Lettini, 2012: *op. cit.*)".

Veranderende oorlogsomstandighede, soos gevegte wat in gemeenskappe eerder as op die slagveld plaasvind, het ook die moontlikheid vergroot dat vegters nie slegs iemand in die oorlog dood nie. Nou is die moontlikhede groot dat wie doodgemaak word kan eweneens ŉ burgerlike as ŉ vyandige vegsman wees. Omdat daar nie duidelik gedefini-eerde gevegslyne bestaan nie, kan elke situasie ŉ bedreiging vir oorlewing wees en dit sluit ook burgerlikes in, want dié word soms as ŉ menslike skild deur insurgente gebruik (Kerr, 2017:5). Ook Brock en Lettini (2012:xvii) verwys daarna dat talle veterane met foltering gebeure terugroep waar weens *reflective shooting* in ŉ breukdeel van ŉ sekonde op ongewapende burgerlikes geskiet is sonder dat daar ŉ bewuste besluit was om ŉ lewe te neem.

Kerr (2017:6) vestig die aandag daarop dat morele verwonding as gevolg van oorlog vererger word deur die gebrek aan voldoende en gepaste geleenthede om krygers weer in die burgerlike lewe te herintegreer. Morele verwonding begin gewoonlik wanneer die intensiteit van oorlog begin afneem en die naasmekaarstelling van die burgerlike lewe met die herinneringe aan die oorlog weer negatiewe selfveroordeling oproep van die oortuigings en optredes wat oorlewing moontlik gemaak het. Volgens Brock en Lettini (2012: loc.113) is die ervaring wanneer die verdowende emosionele intensiteit en die hegte kameraderie van oorlog verby is, kan die herroeping daarvan intens wees. Soos geheue en nadenke verdiep, kan negatiewe selfveroordeling die siel vir ŉ leeftyd folter. Morele verwonding vernietig betekenis en kan die edele bedoelinge versaak en die kryger laat versink in ŉ toestand van stilte, eensame lyding en waar die bande van intimiteit en omgee onmoontlik lyk. Morele verwonding se foltering van die siel kan die dood na ŉ genadige uitkoms laat lyk.

Selfs wanneer veterane onderlinge gesprekke voer, moet die dinamika dikwels tussen hulle ook verander. Brock en Lettini (2012: 22) beskryf die ervaring van Dweylon in Irak waar daar soldate was wat nie hegte familiebande gehad het nie en wat dan emosioneel meer aangetrokke gevoel het tot ander soldate. Om saam te veg is ŉ anderste verhouding as om iemand te hê met wie gepraat kan word oor wat jy deurmaak. Omdat hy tuis vriende gehad het met wie hy kon praat, was dit nie vir hom nodig om met ander soldate oor sy gevoelens te praat nie. Daar was ŉ onuitgesproke reël dat jy nie swakheid of emosies toon soos om voor ander soldate te huil nie. As soldate was hulle geleer om hul gevoelens op te krop en kalmte te behou en sodoende te voorkom dat eie troepe gedood word.

Kerr (2016:6) vestig die aandag daarop dat die stilswye oor doodmaak en ander optredes tydens oorlog juis tot morele verwonding bydra. Dikwels wil burgerlikes meer hoor en weet van die werklikhede van oorlog, maar skuldgevoelens en skaamte kan veterane daarvan weerhou om juis te praat oor daardie dinge wat tot hul morele verwonding gelei het. Derhalwe word die stilswye deur beide veterane en samelewing opgelê en wat net weer die veterane se gevoelens van vervreemding, skaamte en skuld vererger.

Volgens Marlantes (2012:119) lê die probleem daarin dat die veterane se ervarings en gevoelens weerhou word van hul families en gemeenskappe en daarom gaan hulle na

kroeë waar kinders en nie-veterane nie toegelaat word nie. Vir ŉ week verdwyn hulle na die Veterane Assosiasie se buitepasiënte kliniek om 'genees' te word. Hulle praat nie met hul families en vriende nie, maar hulle praat met drinkebroers en terapeute.

Om van oorlog en morele verwonding te herstel vereis ŉ kollektiewe poging. Die ideaal sou wees as familie en vriende van veterane geleenthede sou kry waar hulle kon leer oor die tipe gebeure wat morele verwonding veroorsaak asook die tekens waaraan hulle geliefde as gevolg daarvan ly. Wat aan hierdie ideaal sou beantwoord, is dat vriende en familielede nie-veroordelende luistervaardighede aanleer sodat hulle hul geliefdes kan bystaan om sin te maak oor wie hulle na ŉ oorlog is en hulle dan tot verstaan te bring dat hul diepste menswees veel verder strek as die gebeure wat tot morele verwonding gelei het. Al is dit nie maklik om na verhale van doodmaak en verwoesting te luister nie, moet juis daardie verhale vertel en gehoor word (Kerr, 2016:7).

Marlantes (2012:218) wys daarop dat die aanhoor van oorlogsverhale moeilik maar noodsaaklik is. Wanneer mense van die slagting en verwoesting van oorlog hoor, sou hul eerste reaksie waarskynlik dié van onsteltenis oor die waarheid wees – veral as die verteller sou byvoeg dat hy as vegvlieënier dit geniet het. Moet die persoon veroordeel word omdat hy die waarheid praat deurdat hy dit geniet het? Aan die anderkant het hy met vaardigheid, moed en geesdrif gedoen wat die samelewing van hom gevra het. Moet dieselfde samelewing hom nou verwerp? Om hom aan die praat te hou oor sy ervaring sou die gepaste reaksie wees. Dit mag dalk skokkend wees om te ontdek dat daar in die persoon se persoonlikheid ŉ wilde en wrede kant is en wat al baie skade en leed veroorsaak het. Wat die persoon wel moet ervaar, is dat hy weens sy verlede nie minder geliefd is nie. Sy grootste vrees is verwerping en juis daarom neem hy eerder sy toevlug tot die '*conspiracy of silence*' – die sameswering tot stilswye.

## 4.10 MOREEL-ETIESE UITDAGINGS

Tydens oorlog word krygers gekonfronteer met talle morele en etiese uitdagings. Dit kan vir hulle ŉ geestesgesondheidsrisiko inhou omdat hulle op maniere optree wat ŉ skending van hul diepste morele oortuigings is, of hulle kon getuies wees van die onetiese optredes van andere. Krygers kon ook getuies wees van intense menslike lyding en wreedheid wat die kernwaardes van ons gedeelde mensheid ten diepste raak. Na die oorlog in Viëtnam word bepaalde oorlogsoptredes – soos skuldgevoelens oor oorlewing

terwyl ander sterf, of oor optredes wat vir oorlewing nodig was – gesien as die simptome van die PTSD konstruk (DSM-III). Voor die DSM-III-R het klinici binne die Amerikaanse Veterane Assosiasie waarskynlik aandag gegee aan morele konflik en -skuld, maar later is vanuit die kliniese gemeenskap geringe aandag gegee aan die blywende impak van psigologiese trauma onder oorlogsveterane (Litz *et al.*, 2009:696).

Volgens Kerr (2016:1) is al hoe meer veterane bereid om oor oorlog as morele verwonding te praat – veral oor die wyse waarop dit ŉ impak het op identiteit en die siel. Sy benadruk dat morele verwonding nóg ŉ patologiese reaksie op oorlog nóg ŉ menslike swakheid is, maar is veel eerder die bewys van ŉ sterk morele sin vir wat reg is en uitgedaag is onder oorlogsituasies. Dit dui ook op die begin van ŉ dikwels onsekere reis na heling en heelheid wat verskeur is deur die moreel-laakbare ervarings van oorlog – hetsy geregverdigd of ongeregverdigd.

Dwarsdeur die mensegeskiedenis en onder talle volke, kulture en godsdienstige gelowe was daar na ŉ oorlog onder krygers ŉ hunkering na die reiniging van die siel deur hul geestelike leiers. Die idee dat die siel ŉ eie rehabilitasie na ŉ oorlog nodig het, is weer na vore gebring deur die begrip morele verwonding wat vanuit sy oorsprong nóg godsdienstig nóg spiritueel is. ŉ Vlootsoldaat en filosoof, Camillo 'Mac' Bica, het dié begrip voorgestel om die doodsangs te beskryf wat hy ervaar het tydens sy nadenke oor die oorlog asook die pynlike selfveroordeling oor sy oorlogsoptrede. Hy vertel dat dit in Viëtnam ŉ definieerbare ervaring van sy lewe was:

> Ofskoon fisiese wonde dalk ook kan genees, is dit die psigologiese, emosionele en morele verwonding van oorlog wat talm en voortwoeker. Vietnam sal vir altyd sy bestaan deurdring en hom verdoem om voortdurend die verlede te herleef en te bevraagteken: Het ek genoeg gedoen? Kon ek beter doen? Het ek die regte besluite geneem? Dit is die onvermydelike besorgdheid van diegene wat ŉ lewe moet neem en wie se besluite die dood van ander veroorsaak. Ondanks die aanmoediging van welmenende vriende en geliefdes, kan hy Vietnam nooit vergeet of agterlaat nie. Niemand herstel regtig van ŉ oorlog nie en niemand word ooit weer heelgemaak nie. Die beste waarop gehoop kan word, is om ŉ mate van goedaardige aanvaarding te bereik (Brock & Lettini, 2012:75).

Herm Keizer het as kapelaan in Vietnam gedien. Onder soldate het hy ŉ '*crisis of consciousness*' waargeneem waaroor hy hom so sou uitlaat: Hy het agtergekom dat sy ervaring verskillend was van die soldate wat al iemand gedood of gesien het hoedat onskuldige mense verwond of gedood word. Keizer was verbaas oor hul persoonlike

skaamte – nie skuld nie – maar diepgaande skroeiende skaamte waar talle gevoel het hulle het ŉ persoonlike belediging teenoor God gepleeg. Keizer kon insien hulle beleef hul optrede as sonde en kon hy hulle daarvolgens bedien (Brock & Lettini, 2012:26). Morele verwonding lê aan die kern wat deur ons voorgeslagte as ŉ spirituele krisis gesien is en deur oorlog en doodslag veroorsaak word. Ook in ons dag kan krygers nie opgelei word sonder dat morele verwonding onder die loep kom nie (Kerr, 2016:2).

### 4.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aan die interpreterende moment van Osmer (2008) se prakties-teologiese model aandag gegee. Aan die hand van ŉ literatuurstudie is daar vanuit die naasliggende wetenskappe multidissiplinêre aandag gegee aan die werklikheid van oorlogsverwonding en die uitwerking daarvan op die lewens van krygers asook diegene wat die naaste aan hulle is. Oorlog laat niemand onaangeraak nie en uit die aangrensende dissiplines het dit duidelik na vore gekom. Wat veral in hierdie fase van die studie na vore kom, is die verwoestende nagevolge van oorlog vir mens, natuur en infrastruktuur.

Na die Vietnam Oorlog het posttraumatiese stres versteuring (PTSD) sterk op die voorgrond getree, maar met verloop van tyd het die morele verwonding van die mens as gevolg van oorlog en terreur ook aan die orde gekom. Oorlog is so oud soos die mensdom. Deur die eeue en na ŉ oorlog was daar by die mens ŉ versmagting na heling en reiniging waarvoor talle rituele bestaan het. Hierdie reinigingsrites was nie beperk tot die Christendom nie, maar was deel van die geloofspraktyk van talle gelowe en geloofs-oortuigings. Reiniging na oorlog was van oudsher af tot nou ŉ versmagting onder krygers.

Morele verwonding is tans veral in die VSA ŉ saak van groot belangstelling onder teoretici sowel as praktici vanuit die mens- en geesteswetenskappe. Uit die navorsing blyk dit dat daar in die omskrywing van PTSD tot op hede nie genoegsame aandag aan morele verwonding gegee is nie en vandaar die stortvloed literatuur oor hierdie onderwerp. Morele verwonding word gesien as die skending van diepgesetelde morele waardes waarvan die dader óf die slagoffer óf getuie is en wat dan lei tot skuld, skaamte, woede asook verlies aan vertroue (Shay, p. 154 *supra* figuur 4.3). Die onderskeid tussen PTSD en morele verwonding word gesien in die sentraliteit van vertroue of geloof – hetsy in jouself of in ander mense – en dat die verlies daarvan tot morele verwonding lei.

Waar PTSD ervaar word as verlies aan veiligheid, is morele verwonding weer die ervaring van verlies of vertroue (Litz *et al.*, (2009).

Morele verwonding is nie ŉ moderne fenomeen nie en het in die gang van die oorloggeskiedenis onder verskeie name na vore gekom. Die volgende skrywers verwys na morele verwonding as ŉ wond of skade aan die mens se siel. Tick (2005) se *War and the soul* wys op die noue verband tussen oorlog en die psige van die kryger; Tick (2014) *Restoring the soul after war* handel oor die genesing of herstel van die psige na oorlogsverwonding; Brock en Lettini (2012) se *soul repair* sluit nou aan by Tick. Sherman (2015) sien oorlogsverwonding weer as *Healing the moral wounds*; en Graham (2017) sien weer *Moral Injury: restoring wounded souls* as die herstel van die verwonde psige; terwyl Barson en Zust (2017) weer skryf oor *Care for the sorrowing soul*.

Wat hieruit na vore kom, is dat oorlogverwonding die mens se diepste innerlike raak – daar waar die mens te doen kry met die toelaatbare en ontoelaatbare; tussen reg en verkeerd; tussen gebod en verbod. Morele verwonding gaan oor die herstel van die ekwilibrium tussen hierdie teenstrydighede in die mens. Volgens ander is die begrip morele verwonding nie die beste beskrywing vir hierdie etiese dilemma nie en verkies die begrip 'innerlike konflik' bo morele verwonding omdat laasgenoemde ŉ pejoratiewe konnotasie dra. In hierdie studie word die begrip morele verwonding verkies as aanduidend van die innerlike verwonding wat veterane in oorlogsituasies opgedoen het en soms lank na die oorlog nog steeds mee moet worstel.

Die ondersoekgroep Koevoet veterane in hierdie studie het nie ontkom aan oorlogsverwonding nie. Hulle probleem – asook dié van die breër Koevoetgemeenskap – was dat hulle geen behandeling of sorg soos die Amerikaanse veterane gekry het nie. Hulle het verwerping van hul eertydse polisiekollegas asook die publiek ervaar. In die lig van hierdie hoofstuk moet hulle psigologiese en geestelike pyn by tye ondraaglik wees.

In hoofstuk 5 word aandag gegee aan Osmer (2008) se normatiewe moment.

# HOOFSTUK 5

# PRINSIPIËLE BASIS VANUIT DIE SKRIF MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN KOEVOET VETERANE

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk kom Osmer (2008:129) se normatiewe moment aan die orde. Hier word profetiese insig vereis om God se Woord aan die mense bekend te maak. In die Nuwe Testament word Jesus as veel meer as ŉ profeet voorgehou, want Hy is die vervulling van die profetiese hoop na wie die profete gewys het: die Messias uit die geslag van Dawid en wat oor die gesag sou beskik om die verbondsbepalings te her-interpreteer. Hy is die inisieerder van die nuwe verbond wat tot mense ŉ appèl kan rig om hierdie bepalings heelhartig te gehoorsaam (Osmer, 2008:135). Om sekere episodes, situasies of kontekste te interpreteer moet daar in die normatiewe fase van teologiese konsepte gebruik gemaak word om etiese norme te konstrueer wat goeie praktyk sal verseker (Osmer, 2008:4).

Osmer (2008:8) ag die teorieë van die naasliggende wetenskappe soos antropologie en die psigologie as ŉ belangrike deel van prakties-teologiese interpretasie, maar kan gemeenteleiers net tot ŉ bepaalde punt help. Daarom moet lede van die Christelike gemeenskap verdere vrae soos: Wat behoort hier te gebeur? Wat staan ons te doen as lede van die Christelike gemeenskap in respons tot die gebeure van ons gedeelde lewe en wêreld? Hierdie vrae lê aan die kern van die normatiewe moment van die prakties-teologiese interpretasie. Gedagtig aan die normatiewe moment verwys Osmer (2008: *op. cit.*) verder na drie spesifieke elemente:

- *Eerstens* betrek dit ŉ teologiese styl van besinning waarbinne teologiese konsepte gebruik en interpreteer word volgens bepaalde episodes, situasies en kontekste in die lig van vrae soos: Wat weet ons van God? Hoe mag God optree? Wat is die reaksiepatroon van die mens?
- *Tweedens* hou dit verband met die aanwesigheid van etiese beginsels, riglyne en reëls wat tot hierdie situasie toepaslik is en ook vir strategieë en aksies rigtinggewend kan wees.
- *Derdens* behels dit ŉ ondersoek na die praktyke van die Christelike tradisie van die verlede én die hede wat normatiewe riglyne kan verskaf waarop die Christelike lewe

geyk kan word.

## 5.2 BASISTEORIE

Hierdie hoofstuk het as oogmerk die daarstelling van ŉ basisteoretiese beradingsperspektief met betrekking tot Koevoet veterane se belewenis van onverwerkte geestelike pyn as gevolg van hul deelname aan die destydse Bosoorlog (1966-1989). Om ŉ basisteorie vir ŉ pastorale model spesifiek vir Koevoet veterane tot stand te bring, vereis die interpretasie van Bybelse norme, waardes en kriteria. Dit kan verder ook beskryf word as ŉ teologiese perspektief en antropologie wat die Skrif as basis vir alle geloof en praktyk beskou waar God se verlossingswerk sentraal staan in mense se lewens (Venter, 1993:247; Marx, 2007:9).

Omdat die navorsing van hierdie hoofstuk vanuit die Skrif gefundeer word, word De Klerk en van Rensburg (2005) se boek Preekgeboorte vir hierdie doel gebruik. Omdat die mens vanuit die Skrif beraad en tot getuie gebring kan word van God se groot dade, is dit wesenlik belangrik dat die navorsing vanuit die Skrif gefundeer word (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3). Al is die basisteorie op die praktyk gerig, is ŉ nuwe praksis eers moontlik as ŉ nuwe, behoorlike basisteorie daargestel is (Heyns & Pieterse, 1998:36; Heystek, 2000:24).


## 5.3 DOELWIT

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om vas te stel watter insig oor die heling van oorlogsverwonding vanuit die Skrif verkry kan word. ŉ Verdere oogmerk is die daarstelling van etiese norme vir die pastorale begeleiding van Koevoet veterane se belewenis van onverwerkte geestelike pyn as gevolg van hul deelname aan die destydse Bosoorlog. Dit sal na vore kom vanuit ŉ eksegetiese evaluering van die volgende Skrif-gedeeltes:

- 1 Samuel 17:31-57
- 2 Samuel 9:1-13
- Openbaring 19:11-21
- 2 Samuel 18 – 19:8

Omdat die mens self vanuit die Skrif beraad word, bly die Skrif die primêre Bron en bly die Heilige Gees die Parakleet wat as Geroepene hulpverleen en as fasiliteerder by beradingsessies optree (De Klerk & Van Rensburg, 2005:11). In hierdie hoofstuk kom


Osmer se normatiewe moment aan die orde waar dit gaan oor die vraag: *Wat moet hier gebeur?* (Osmer, 2008:4).




**Figuur 5.1 Skematiese voorstelling van vloeidiagram (Osmer, 2008:11)**

## 5.4 METODOLOGIE

Uit die empiriese ondersoek het die volgende konsepte (Figuur 5.2) na vore gekom. Om van oorlogsverwonding as fenomeen tot 'n beter verstaan te kom, word daar nou vanuit die Skrif as prinsipiële basis gesteun met betrekking tot die pastorale begeleiding van Koevoet veterane. Die kernkonsep – werklikheid van oorlogsverwonding – kom nou aan die orde.




**Die konsepte is almal in relasie tot mekaar**

**Figuur 5.2: Skets: praktykteorie met konsepte en relasies**

## 5.5 EKSEGESE

### 5.5.1 Werklikheid van oorlogsverwonding (Kernkonsep) (1 Samuel 17:31-57)

#### 5.5.1.1 Agtergrond: Oorlog en oorlogvoering in die geskiedenis van Israel

Volgens Stern (1978:900) was oorlog sedert Israel se wording tot en met die verwoesting van die tweede Tempel ŉ konstante kenmerk van Israel se geskiedenis. Daar was selde lang tydperke van vrede en wanneer daar wel vrede was, het die Bybel dit benadruk (Rigters 3:11; 1 Konings 5:4; 1 Kronieke 14:5). Die aard van die Israelitiese oorloë het ook ooreenkomstig die politieke en sosiologiese omstandighede verander soos tydens die verowering en kolonisasie van die land asook die verdedigingsoorloë van die stamme teen hul aggressiewe bure tydens die tydperk van die Rigters. Tydens die vroeë jare van die monargie was daar ook die oorloë van vereniging op die landsgrense asook die voortdurende stryd om die bestaan van die koninkryke van Israel en Juda. Helaas was daar die laaste desperate weerstand teen die destydse magtige imperiale magte. In die antieke tye kon daar tussen twee soorte oorloë onderskei word: (a) verdedigende of ekspansionistiese oorloë wat basies polities van aard was; en (b) heilige oorloë wat vir die hele volk verpligtend was (Stern, 1978: *op. cit.*).

#### 5.5.1.2 Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre

Brueggemann (1990:119) tipeer 1 Samuel 16:1 tot 2 Samuel 5:10 as die opkoms van Dawid waar die leser hom leer ken as *herder*, *musikant* en *krygsman*. Die verhaal begin met Dawid as ŉ onbekende jong skaapwagter en eindig waar Dawid in 2 Samuel 5:2 in Hebron gesalf word tot herder oor Israel. Binne die struktuur van 1 Samuel 16:1 tot 2 Samuel 5:10 vind die ontmoeting plaas tussen Dawid en Goliat (1 Samuel 17:31-58). 1 en 2 Samuel – tesame met Josua, Rigters asook 1 en 2 Konings – hoort tot die korpus wat nou bekend staan as die Deuteronomistiese geskiedwerk (Bezuidenhout, 1999:300; Evans, 2000:2).

Van Zyl (1989:26) neem as vertrekpunt dat 1 Samuel 17:1-58 ŉ volksvertelling is waar die outeur die verskillende tradisies wat in omloop was saamstel tot ŉ enkele verhaal. In wese handel die verhaal oor die ondergang van Saul en die opkoms van Dawid as troon-opvolger. Nog voor Dawid die Filistyn verslaan, lê die inisiatief nie by Saul nie, maar by Dawid (vgl. verse 32, 34-37, 39 en 40).

#### 5.5.1.3 Sosiohistoriese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het.

Binne 1 en 2 Samuel as ŉ geheel asook binne die indiwiduele gedeeltes onderskei Brueggemann (1990:2) drie kern areas van belang wat hy identifiseer as die *sosiaal-historiese*, *persoonlike* en *teologiese*. Na hierdie drie kan daar ook verwys word as *politiek*, *mense* en *prediking*. Hierdie drie strome vloei saam en kom tot ŉ eenheid in die boeke van Samuel wat ook as *kuns, geskiedskrywing*, *propaganda* of selfs *teologie* beskryf kan word.

- **Politiek**

Die boeke van Samuel dek ŉ tydperk van belangrike politieke veranderinge. Voor die koms van die profeet Samuel het Israel bestaan uit ŉ groep verwante stamme wat saamgebind is deur hul etniese oorsprong en godsdienstige oortuigings, maar sonder ŉ erkende gesentraliseerde struktuur. Leierskap was onderbroke, dikwels plaaslik en afhanklik van die begaafdheid van diegene wat deur God geroep is as leiers van die Godsvolk (Evans, 2000:4). Godsdienstige vierings het met tussenposes plaasgevind. Daar was erkende heiligdomme en sommiges soos Silo was van betekenis vir meer as een stam, maar daar was geen politieke of godsdienstige sentrum wat deur almal erken is nie (Evans, 2000:5).

ŉ Rede het ontstaan vir die unifikasie van die stamme onder ŉ enkele monarg, want daar was die behoefte om ŉ effektiewe verenigde verdediging tot stand te bring teen indringing deur ander stamme, insonderheid die Filistyne. Daar was weinige stabiliteit weens die konstante mededinging vir die uitbreiding van grondgebied. Daar was ook sosiologiese druk soos verstedeliking en die wegbeweeg van bestaansboerdery. Verder het die toename in handelsgroeperings ook bygedra tot veranderde modelle van regering. In die Samuel geskrifte kry ons ŉ rekord van gebeure wat aantoon dat die gesindhede tot verandering gevarieerd was. So was daar diegene wat die idee van ŉ monargie sterk ondersteun het terwyl daar weer by ander weerstand was (Evans, 2000: *op. cit*.).

- **Mense**

Die skrywers van die Samuel geskrifte het ŉ groot belangstelling getoon in die persoonlikheide, gesindhede en gedrag van die karakters wat daarin beskrywe is. Klein insidente met geen klaarblyklike politieke of nasionale belang nie word in detail opgeteken en die mense word ook nie eenkleurig uitgebeeld nie, maar as egte mense met foute en tekort-

kominge asook met gawes en deugde (Evans, 2000:6). Brueggemann (1990:5) wys daarop dat geen ondersoek van die Samuelgeskrifte volledig sou wees sonder dat die buitengewone karakter van Dawid benadruk word nie. Volgens Evans (2000:7) moet daar in die menslike verhale van die Samuelgeskrifte ook gelet word op die kontrasterende optredes van nasionale leiers wat sterk na vore kom in die openbare en private areas van hul lewens. Ook Dawid se lewe is tiperend hiervan. In sy openbare optrede teenoor Samuel of Nabal, Agus of Abner, Natan of Siba neem Dawid goeie besluite, maar wanneer sy persoonlike emosies teenoor Batseba, Amnon of Absolom na vore kom, is dit ŉ anders. Dalk het Dawid nooit heeltemal besef tot watter mate openbare verantwoordelikhede onvermydelike beperkings op sy private lewe sou plaas nie.

Volgens Evans (2000: *op. cit.*) kon daar dalk anders na die beskikbare materiaal gekyk word. Die suggestie wat dan na vore kon kom, sou beide Saul en Dawid as potensiële leiers uitwys, maar wat nie die uitoefening van mag kon regkry nie. Albei was geloof vir hul karakters en gedrag *voordat* hulle as nasionale leiers erken was. Ander motiewe wat kan help om mense se persoonlikhede of karakters in die algemeen en dié van Dawid in die besonder na vore te bring, is die motief van *misleiding*, van *gee* en van *gryp*. Dawid weier om die troon te gryp maar het geen gewetenswroeging om ŉ ander man se vrou te vat en in die proses moord te pleeg nie.

Die merkwaardige feit met betrekking tot Dawid se karakterisering is dat hy na vore tree as ŉ aangename en innemende persoon. Ten spyte van sy erge foute – wat by tye net so sleg indien nie erger was as dié van Saul nie – is mens nie verbaas dat Dawid voortdurend bekend sou staan as ŉ ‘man na Gods eie hart’ nie (1 Sam 13:14; Hand 13:22; Ps 89:24). Dit blyk dat Dawid se gewilligheid om sy eie tekortkominge te erken en te aanvaar tesame met sy voortgaande vertroue in God sy gebreke verreweg oorskadu het (Evans, 2000:7).

- **Verkondiging**

Naas die belang in sosiale en politieke strukture en ŉ fassinering met betrekking tot menslike karakter en gedrag, ontstaan daar ook die behoefte aan ŉ afdoende teologie. Volgens Evans (2000:8) is daar slegs ŉ klein hoeveelheid eksplisiete teologiese analises, maar wat daar is, word as betekenisvol beskou. God se betrokkenheid by sy volk en die

belangrikheid van hul reaksies tot God, sy Woord en sy wil lê ingebed in die gebeure wat in die Samuelgeskrifte opgeteken is.

Wat het dit vir Israel beteken om te leef of te faal om te leef in die lig van die verbonds-beginsels soos in Deuteronomium uiteengesit?

Vrae het ook ontstaan of die verbond verbreek kon word en as dit verbreek is, kon dit weer herstel word was belangrik op etlike stadia in die geskiedenis van Israel. Dit was veral gevra tydens die ballingskap toe die boeke van Samuel en Konings moontlik gefinaliseer is. Die Samuelgeskrifte asook Konings gee aandag aan die verhouding tussen God se soewereine wil vir Israel en die mislukking van die Godsvolk om in gehoor-saamheid aan die wil van God te leef. Die droefheid wat dikwels deurslaan in Samuel en Konings was dat die potensiële gevare van die monargie – soos ingesien sedert die begin deur Samuel in 1 Samuel 8 – sou uiteindelik sterker na vore kom as die potensiële voor-dele. Gesien vanuit 'n algehele perspektief was God – ten spyte van al die menslike mislukkings – steeds aan die werk (Evans, 2000: *op. cit.*).

- **Mag: As 'n integrerende perspektief**

Die politieke, persoonlike en teologiese belangstelling van Samuel kan nie in isolasie van mekaar beskou word nie, want tussen hierdie drie belangstellings is daar op die diepste vlak integrasie en beïnvloeding. Brueggemann (1990:2-3) wys daarop dat beide oordrewe vergeesteliking asook oordrewe rasionalisering sal lei tot 'n ontoereikende verstaan van die boek as 'n geheel. Om die boek se materiaal geheel en al as godsdienstig of oordrewe vroom te interpreteer misken die plat-op-die-aarde voorstelling van alledaagse gebeure. Om die gebeure te interpreteer sonder om erns te maak met die religieuse en teologiese oorwegings van die skrywers kom neer op die verandering van Israel se sienswyse oor hulself en hul ontwikkeling. Nie een van die keuses is bevredigend nie (Evans, 2000:9).

Volgens Evans (2000: *op. cit.*) kan daar erns gemaak word met beide realisme en spiritualiteit tesame met politiek, verkondiging en mag en dat die oplossing binne die magsbegrip gevind moet word. Die Samuelgeskrifte ondersoek en reflekteer oor die aard, troonbestyging, gebruik en misbruik van mag. Die Samuelboek begin met 'n magtelose vrou wat vanweë haar kinderloosheid sonder hoop is (1 Samuel 9:1-19). Die Samuel-narratief kom tot 'n einde net voor Dawid se afsterwe sodat 1 Konings ook met swakheid

begin – die eens magtige Dawid kan nie eens homself meer warm hou nie (1 Konings 1:1-4). Volgens Evans (2000: *op. cit.*) is daar steeds sin in God se bemagtiging van Hanna en Dawid ten spyte van hul swakheid. Hierdie *boekstutte van swakheid* skep die konteks vir die soeke na doeltreffende leierskap; die vraag na die reg of verkeerd van die monargie; die kwessie van opvolging; beskrywings oor die manier waarop indiwidue op mag reageer en dit baasraak; asook die verhouding tussen die soewereiniteit van God en menslike mag.

Die mens se obsessie met mag het 'n lang historiese aanloop, maar ware mag wat aan God behoort, lê buite hierdie menslike obsessie. Oor die algemeen word menslike mag gesien as 'n gekorrupteerde invloed. Dit word gesien by Saul, Joab en selfs Dawid – almal wat voorgehou is as manne met groot potensiaal – maar wat op verskillende maniere dit nie kon regkry om te lewe volgens die vertroue wat hulle opgelê was nie. Evans (2000: 10) sien hierin 'n voorsmaak van die Nuwe Testamentiese lering dat God se krag in swakheid 'n werklikheid word (2 Kor 12:9). In die Samuelgeskrifte kom Jonatan positief na vore as iemand wat nie sy vader Saul se mag gesien het as iets waaraan hy moes vaskleef nie (Fil 2:6), maar het eerder vir Dawid gewilliglik ondersteun. In 'n sekere sin was Dawid en Jonatan dus voorlopers van Christus.

#### 5.5.1.4 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers 1 Samuel 17:36; 37b en 45

36 U dienaar het die leeu en sowel as die beer doodgeslaan, en met hierdie *onbesnede Filistyn* sal dit gaan net soos met hulle, omdat hy die *slagordes van die lewende God uitgedaag het* (OAV).

37b *"Hý sal my red uit die hand van hierdie Filistyn."*

43 En die Filistyn vra vir Dawid: Is ek 'n *hond* dat jy met stokke na my toe kom

45 Maar Dawid sê vir die Filistyn … *ék kom na jou toe in die Naam van die HERE van die leërskare … wat jy uitgedaag het"* (OAV).

- Onbesnede Filistyn (*happəlištî heᶜārēl*)

In Bybelse tye was besnydenis wyd beoefen onder die Westelike Semiete wat ook die Hebreërs ingesluit het. Die byvoeglike naamwoord *onbesnedene* is gebruik as 'n term vir etniese minagting rakende die Filistyne wat waarskynlik van Indo-Europese oorsprong was en derhalwe nie aangepas het by die Wes-Semitiese praktyk van die besnydenis nie.

Dit impliseer hul vreemdelingstatus en veral in 1 Samuel 17:26, 36 hul weerstand teen die God van Israel. In Jesaja 52:1 word aan die verwoeste Jerusalem tydens die ballingskap belowe dat die onbesnedenes (*ārēl*) en die onreines, die vreemdelinge wat die stad verwoes het, nie weer in Jerusalem sal kom nie (Van Gemeren, 1997:631).

In Bybelse tye is besnydenis wyd beoefen onder die Westelike Semiete wat ook die Hebreërs ingesluit het. Met verloop van tyd het die besnydenis ŉ teken van rasse en kulturele hoogmoed geword waarvolgens daar na die Filistyne en later ook die Grieke honend as die 'onbesnedenes' verwys is (vgl. Rig 14:3; 15:18; 1 Sam 14:6; 2 Sam 1:20; 1 Kron 10:4; Hand 15:1; en Gal 5:1-12). Met tydsverloop is die besnydenis vergeestelik en sou dit suggereer dat besnedenes heilig is terwyl die onbesnedenes beskou was as geestelik bankrot en korrup. Besnydenis het aanvaarding gevind onder wydverspreide primitiewe gemeenskappe dwarsoor die wêreld. Antropoloë het ontdek dat in Amerika, Afrika, en Australië stamme die besnydenis as ŉ rite beoefen het (Farley, 1978:866).

Onder die Jode was die besnydenis ŉ onderskeidingsteken waar onbesnedes met minagting bejeën is. Hierdie etnosentriese houding van die Jode was onderliggend aan die twispunt rondom die besnydenis in die Vroeë Kerk. Etnosentrisme het talle vroeë Christene verblind om nie die ware betekenis van die rite te verstaan nie en sou dit slegs ŉ uiterlike godsdienstige praktyk word sonder enige geestelike inhoud. As sodanig is dit deur die profete veroordeel. In ŉ poging om tot die ware betekenis van die rite te kom, maak Jeremia gebruik van die konsep *besnede hart* (Jer 4:4), want sy tydgenote het onder die waan geleef dat God aan hulle kant is. Nie so nie, profeteer Jeremia, want godsdiens moet geïnternaliseer word. Simbole moenie van hul betekenis gestroop word nie. Die besnydenis se bedoeling moes die lewenslange verbintenis van die indiwidu aan God se wil vir ewig simboliseer. Die besnydenis is dus ŉ uiterlike teken van ŉ hart – die binne-kern van die mens se persoonlikheid – en wat toegewy is aan die doen van die wil van God (Farley, 1978:867).

In Romeine 4:9-13 tel Paulus ook hierdie gedagtegang op waar hy aanvoer dat die besnydenis nie die oorsaak is van God se belofte aan Abraham nie, maar is eerder ŉ geloofsdaad wat Abraham se vertroue simboliseer in God se vermoë om te doen wat Hy belowe (Farley, 1978:868). Ook Du Toit (2004:71,72) stel dit onomwonde: Die beslis-sende saak was nie besnydenis of onbesnedenheid nie, maar Abraham se geloof!

In die Bybel word die woord onbesnedene (*ārēl*) letterlik en figuurlik gebruik. In die Ou Testament was onbesnedenheid sinoniem met ongeloof en ongehoorsaamheid aan die verbond van God (Jer 6:10; 9:25). Opstandige Israeliete is beskou as mense met onbesnede harte en die ongehoorsames as diegene met onbesnede ore (Lev 26:41; Jer 6:10). In die Nuwe Testament word na ongelowige maar fisies besnede Jode verwys as geestelik onbesnede (Rom 2:28; 29) terwyl heidene wat fisies onbesnede is – geag word as besnede wat deur die Gees in die hart gedoen is – nie volgens wetsvoorskrifte nie. Christus maak geen onderskeid tussen besnedenes en onbesnedenes nie (1 Kor 7:19; Gal 5:6; 6:15; Kol 3:11). Deur herskepping word hulle in Christus verenig tot ŉ nuwe mens-heid (Ef 2:11-22). Die besnydenis het niks te make met die mens se regverdig-making nie (Rom 4:9-12) (Barabas, 1978:842; Du Toit, 2004:71; 72).

- Red (*nāṣal*)

Om te red; wegneem; plunder; om bevry te wees (Van Gemeren, 1997:141). Die werk-woord kom hoofsaaklik in die passiewe vorm voor as *om gered* of *bevry te wees* en waar Jahweh uitstaan as die bevryder *par excellence* (Van Gemeren, 1997:142). In die lied van Moses verklaar Jahwe dat as die enigste God en buiten Hom is daar geen ander redder (maṣṣîl) sterk genoeg om enigiets te bevry uit sy magtige greep nie (Deut 32:39). Volgens Deut 23:14 het Jahweh saam met die Israeliete getrek en hulle te bevry deur hul vyande aan hulle mag oor te gee. Hier beteken *bevry* om van rampspoed te bewaar en Israel eerder te bevry van 'n dreigende of reeds teenwoordige ramp (Pasga herinnering, Eks 12:27) (Van Gemeren, 1997:142).

Toe die verbondsark van die Here in die laer van die Israeliete kom, het die Filistyne gewonder wie sou hulle red uit die hande van die *gode* wat die Egiptiese bevolking sterk laat verminder het (1 Sam 4:8). ŉ Profetiese godspraak het ŉ bespotting gemaak van koning Amasia se aanbidding van die Edomitiese afgodsbeelde wat nie hulle aanbidders kon red nie (2 Kron 25:15) asook Samuel se waarskuwing oor afgode in 1 Sam 12:21 (Van Gemeren, 1997:143).

In skrille kontras tot die heidense afgode tree Jahweh as Ou Testamentiese model na vore wat Israel menigmaal uit gevare sou red. Joshua se afskeidsrede roep in herinnering Israel se redding teen die vloek van Bileam wat op ŉ seën uitgeloop het (Jos 24:10). Die Israeliete is dikwels herinner aan hul verlossing uit Egipte (Rig 6:8b; 1 Sam 4:8, 9) waar-

van selfs die Filistyne bewus was (1Sam 4:7; 8), maar soms het Israel vergeet van hierdie reddingsdade van God (Rig 8:34) wat sou uitloop op Israel se hulpkreet dat Jahweh hulle weer van hul vyande moet verlos (Rig 10:15; 1 Sam 12:10-11; Neh 9:28; 1 Kron 16:35). Veral David het Jahweh se redding teen wilde diere asook Goliat ervaar (1 Sam 17:37; 1 Sam 26:24). Dawid se terugskouende danklied is ŉ viering van al sy ervaringe van Jahweh se redding teen wilde diere, Goliat (1 Sam 17:37; 26:24) en Saul (2 Sam. 12:7). Dawid se terugskouende danklied vier al sy bevrydings deur Jahweh (2 Sam. 22:1; 18; 49; Esra 8:31; die titel van Ps 18 – Dit is God wat die oorwinning gee (Van Gemeren, 1997:143).

- Hond *(keleb)* (En die Filistyn vra vir Dawid: Is ek ŉ *hond ...* )

In die Ou Testament kom die woord hond twee-en-dertig keer voor en is universeel beskou as ŉ afskuwelike dier (Eks 11:7; Ps 22:16; 20:(17; 21); 59:6; 14:7, 15). Dit is dalk daaraan te wyte dat die hond as ŉ aasvreter beskou en derhalwe as ŉ onrein dier geag is (Eks 22:31; 1 Kon 14:11; Deut 23:18. 1 Kon 14:11) (Van Gemeren, 1997:640). Deut 23:18 [19] verbied dat die opbrengs van ŉ vroulike prostituut (prostitusie) of hondeprys (manlike prostituut) as offer na die huis van die Here gebring word. In 2 Sam 16:9 en Ps 22:16 (17) word die woord *hond* figuurlik gebruik as ŉ kleinerende uitdrukking van uiterste veragting vir oneerbare mense of kwaaddoeners (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*) of vir immorele mense of iemand met ŉ lae sosiale status (Strong, 2001:1515).

Dit is in die aard van ŉ hond om menslike bloed op te lek (Ps 68:23-24). Hier blyk dit dat die hond ŉ instrument van God se oordeel is vir die indiwidu (1 Kon 21:19; 2 Kon 22:38; Jer 15:3). Ook in die Wysheidsliteratuur word die kosbaarheid van die aardse lewe benadruk deur die vergelyking van ŉ dooie leeu met ŉ lewendige hond (Pred 9:4). Die dwaas se desperaatheid en dwaasheid is om in te meng in die sake van ander (Spr 26:11, 17) (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*).

- Verwerp, verag; met disrespek behandel; verguising; beledig; uit te tart (*n'ts)* (Van Gemeren, 1997:5-6)

Jahweh se verwerping van sy eiesinnige volk in die woestyn word in Deut 32:19 vertel. Wanneer Jeremia Jerusalem se vernietiging aanskou, weeklaag hy dat die Here beide koning en priester verwerp het (Klaagl 2:6) – iets waarvoor die profeet gebid het om nie te gebeur nie (Jer 14:21). God se verfoeiing van sy volk sou oneer aan sy troon bring en

in effek God se verbond met sy volk verbreek, maar God se volk het hulle verset teen sy bevele en die Allerhoogste se leiding in die wind geslaan (Ps 107:11); God se raad verontagsaam (Spr 1:30) en hul opvoeding versmaai (Spr 5:12). Dit openbaar die volk se uitsinnigheid, want net 'n dwaas verag sy vader se teregwysing (Spr 15:5) (Van Gemeren, 1997:6).

- Shame/ skande (n$^{e}$ʾā<u>s</u>a; neʾā<u>s</u>a)

Die werkwoord *n's* (skande) kom in die Ou Testament 24 keer voor, maar het telkens met 'n menslike subjek te make. Wanneer God die subjek is, dra dit die betekenis nie om minagting te toon nie, maar om met veragting te verwerp. Dit is net mense wat ironies en ondanks hul eindigheid met minagting na God en ander mense kyk (Van Gemeren, 1997:5). Op die woestynreis het Jahweh sy wederstrewige volk in die woestyn met minagting verwerp (Deut 32:19). Toe Jeremia die verwoesting van Jerusalem aanskou, weeklag hy omdat die Here beide koning en priester met veragting verwerp het (Klaagl 2:6) – iets waarvoor die profeet gebid het om nie te gebeur nie (Jer 14:21). God se veragting van sy volk sou God se troon tot skande maak en in effek ook die verbond met die Godsvolk verbreek, maar aan die anderkant het die volk God se leiding in die wind geslaan (Ps 107:11), God se raad verontagsaam en God se teregwysings geminag (Spr 1:30) (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*).

Die gebruik van *n'ts* is oorsaaklik in die verklaring van iets of iemand as veragtelik en die mees verfoeilike van alles was Israel se onbeskryflike disrespek vir Jahweh. In Numeri 14:11 vra God aan Moses die vraag: Hoe lank sal hierdie volk My nog verag? En hoe lank sal hulle in My nie glo nie, ondanks al die tekens wat Ek onder hulle gedoen het? Net die goddeloses (Ps 10:3, 13) en dwase (Ps 74:18) doen sulke dinge, maar Jesaja beskuldig sy tydgenote van soortgelyke optredes (Jes 1:4). Dié gewoontes verbreek die verbond (Deut 31:20) en lei daartoe dat diegene wat die Here geminag het, sal die land nie sien nie (Num 14:23). Wanneer die Godsvolk die Here met minagting bejeën, word die vyande al hoe meer aangemoedig om ook so te doen (2 Sam 12:14) wat soms eindeloos blyk te wees (Ps 74:10). Almal wat so optree sal uiteindelik in onderdanigheid voor Hom buig (Jes 60:14), ook diegene wat die Here se woord (Jes 5:24) en sy gewyde offers (1 Sam 2:17) met minagting bejeën het. Die Here kla dat sy Naam gedurig belaster word (Jes 52:5) (Van Gemeren, 1997:7).

### 5.5.1.5 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl

God verras die mens deur die manier waarop Hy in ŉ mens se lewe ingryp en die Samuel-geskrifte vertel ŉ geskiedenis waarin hierdie verskynsel duidelik na vore kom. Hier is nie preke nie, maar die leser word in ŉ lewensgetroue geskiedenis ingetrek. Die leser ontmoet kleurvolle mense en lees interessante verhale waarin die leser hom- of haarself ontdek en waar ons uit hulle ervarings waardevolle lewenslesse leer. Saam met die mense in die verhale kan die leser net verstom staan voor God se genade wat Hy so onverdiend ook aan die moderne leser gee. Die verloop van die lewe kan geen mens heeltemal beheer nie, maar die besluite wat jy neem, het tog ŉ invloed op jou lewe; daarom wil die boeke van Samuel die leser leer om die regte besluite te neem wat die lewe van ŉ mens in ŉ bepaalde rigting kan stuur (Bezuidenhout, 1999:299).

### 5.5.1.6 Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking

Die woord *hond* kom op verskeie plekke in die Ou- en Nuwe Testament voor. In Jesaja 56:9-12 word na *stom honde* verwys. Dit gaan hier oor ware leierskap waar *bewaak* en *herderskap* beide aspekte is van ware leierskap: om te beskerm teen komende gevaar en om te sorg vir bestaande behoeftes (Eseg 3:16-21; 33:1-9; 34:2-9). Jesaja lê sy vinger op die leiers se hoofsonde, nl. hul onversadigbare selfbelang (Jes 10e-11b) (Koole 2001:36). Volgens Motyer (1999:352) sou dit lagwekkend kon wees as dit nie was vir die naasmekaarstelling van *blinde wagters* (10a) en *stom honde* nie (10b). Sulke leiers is sonder kennis, ongemotiveerd, onversadigbaar en sonder begrip en kan nie tot die kern van ŉ saak deurdring nie (vgl. ook Koole, 2001:35). Thompson (2001:128) wys vanuit Jesaja 56:9-57:13 daarop dat korrupte leiers die deur oopmaak na gekorrupteerde of verdorwe aanbidding terwyl Sawyer (2018:330) die leiers se magsvergrype as *corruption in high places* tipeer.

In 2 Petrus 2 skryf Petrus oor die vals leraars en hulle dwaalleer en dan sluit hy sy betoog af in vers 22: Van hulle is die spreekwoorde waar: *"ŉ hond gaan terug na sy braaksel toe* (Spr 26:11) *en ŉ vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder* (Green, 2008:306)". Alhoewel die tweede spreuk nie uit die boek Spreuke kom nie, was dit tog uit buite Bybelse bronne bekend (Green, 2008:307). Soos die hond terugkeer na sy braaksel is ŉ dwaas iemand wat weer terugkeer na sy dwaasheid. Die hele spreuk kan op die valse leermeester van toepassing gemaak word (Giese, 2012:157). ŉ Toekeer tot Christus en

die bevryding van hul verlede, het hierdie leermeesters – soos die onrein vark en hond – teruggekeer na hul vorige lewe van onreinheid (Davids, 2006:252). Om na iemand as ŉ hond te verwys, was ŉ geweldige belediging (1 Sam 17:23; Ps 22:16, 20; Fil 3:2) en diegene wat so beskryf is, was as boos beskou (Matt 7:6; Op 22:15) (Green, 2008:307).

#### 5.5.1.7 Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders en lesers

Troostelose omstandighede vorm die agtergrond waarteen Dawid op die toneel verskyn. Tussen Dawid en Josef (Gen 37-47) is daar ŉ korrelasie – albei is jonger broers wat as heersers aangewys word (Bezuidenhout, 1999:320). Volgens Akanni (2006:354) het Dawid op God se bestemde tyd by die kamp opgedaag waar Goliat vir veertig dae sy daaglikse twee uitdagings aan die linies van Israel gerig het (1 Sam 17:16; 21-23). Waar Goliat se woorde vrees by die Israeliete losgemaak het, het dit Dawid tot geloof aangespoor: Wie is hierdie onbesnede Filistyn dat hy die linies van die lewende God verkleineer? Waarom kan ek hom nie in die Naam van onse God teëgaan nie? ŉ Mens moenie oor hóm – hierdie Filistyn – moedeloos word nie (1 Sam 17:32). Moedeloosheid het gemaak dat die Israeliete hul erfenis in God vergeet het en kon slegs vaskyk in Goliat se lengte, sy gevegsdrag en wapentuig. Daarteenoor sien Dawid vir Goliat vir wie hy werklik was – net ŉ onbesnede Filistyn (1 Sam 17:36) (Akanni (2006:*op. cit*.; Auld. 2011:208).

Die verwysing na die besnydenis moes die Israeliete daaraan herinner dat hulle die verbondsvolk van God was terwyl hierdie Filistyn se gode die skeppingwerk van mense was. Goliat het ook die leërs van die lewende God geminag en het daardeur die lewende God tot ŉ geveg uitgedaag (Akanni, 2006:355). In sy oorwinning oor Goliat het David rekening gehou met die mag van God. Dit is ook God se stryd en hy is seker dat God hom die oorwinning sal gee as hy teen die reus veg (Bezuidenhout, 1999:*op. cit.*).

Daar is ook ŉ skrille kontras met betrekking tot die soldate se woorde van onderworpenheid (*resignation)* (vers 25) teenoor Dawid se woorde van verontwaardiging (*indignation*) (vers 26). Die soldate van Israel verwys na Goliat as '*hierdie man*' maar vir Dawid is hy '*hierdie onbesnede Filistyn*'. Volgens die Israeliete het Goliat gekom om Israel uit te daag (v.26), maar volgens Dawid het Goliat die slagordes van die lewende God uitgedaag (v. 36) (Youngblood, 2009:181).

In die vroeë bestaan van Israel as volk, was oorlog 'n heilige onderneming waarin die eer van die volksgod op die spel was. Vir Israel was die belangrikste kenmerk van 'n heilige oorlog die eis van gehoorsaamheid en geloof aan Jahweh se reddingsdade (Von Rad, 1996). In die Nuwe Testament is oorlogvoering by uitstek geestelike oorlogvoering waar die Christen toegerus is met die nodige wapenrusting om in die stryd staande te bly (Ef 6:10-20). Oorlogvoering is nie vreemd aan die Christelike geloofslewe nie. Omdat oorlogvoering aan oorlogsveterane bekend is, behoort en kan veterane met 'n Christelike belydenis, derhalwe identifiseer met die Heilige Gees in metaforiese sin as die ware 'Gees van oorlog'. Geestelike oorlogvoering is deel van die Christen se geloofslewe en word die Heilige Gees in Efesiërs 6:10-18[64] ook as 'n vegter uitgebeeld.

Koevoete – soos die res van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte – moes teen 'n sogenaamde '*bose en antichristelike vyand*' veg. Groot was hul ontnugtering om te ontdek dat talle van die vyand ook Christene was toe hulle by sommige insurgente Bybels vind wat duidelike tekens van gebruik sou toon. Manne én vroue aan albei kante van die stryd was bereid om soos Dawid hul spreekwoordelike Goliat uit te daag en die risiko van verwonding te loop.

### 5.5.1.8 Gevolgtrekking en basiese riglyne

Die verhaal van Dawid en Goliat is een van die bekendste Bybelse verhale wat met verloop van tyd 'n soort kulturele ikoon sou word en wat veral deur skilders, beeldhouers, musikante en digters juis dié verhaal as onderwerp geneem het (Birch, 1998:1113; Rothbart, 2013). Op die keper beskou gaan die verhaal van Dawid en Goliat nie net oor


[64] Oor Efesiërs 6:10-18 is talle boeke en artikels gepubliseer. Die term wat konsekwent gebruik word, is *geestelike oorlogvoering (spiritual warfare)*. Enkele skrywers word genoem wat hieroor al gepubliseer het: C.P. Wagner se *What the Bible says about spiritual warfare;* T.B. White se *Breaking strongholds: How Spiritual Warfare Sets Captives Free;* N.T. Anderson se *The Bondage Breaker;* en op eie bodem verskyn Bennie Mostert se *Geestelike Oorlogvoering*. Die Sinodale Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake (SKLAS) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sinode van Noord-Transvaal het in 1999 toegegee dat die debat oor geestelike oorlogvoering aktueel is, maar oor Mostert se boek is bepaalde punte van kritiek uitgelig. Die volledige teks kan verkry word by:
http://webcache.googleusercontent.com.search?q=cached6355c2f7phij:www.ngkvrystaat.co.za/wat-doen-ons/ebb/leerstukke/geestelike oorlogvoerng.doc+&cd=1&hl=en&ct=clnk&gl=za
Datum van gebruik 11 Aug. 2015.
In sy artikel oor Charles H Talbert se kommentaar op *Ephesians and Colossians, Paidea Commentaries on the New Testament. Grand Rapids Baker: Academia, 2007* laat prof. Craig L. Blomberg hom so uit: "The *elaborate metaphor on spiritual warfare* in Ephesians 6:10-20 brings the theme of God's re-uniting everything in the cosmos ... to a climax."
http://denverseminary.edu/article//ephesians-and-colossians.
Datum van gebruik: 13 Aug. 2015

die naamlose en magtelose gode van die Filistyne nie, maar ook oor Dawid se geloof teenoor die gebrek aan geloof by Saul en Israel. Dawid se twee gesprekke met Saul en Goliat gee betekenis aan die handelinge wat daarop volg. Gelowiges moet leef met die wete en verskering dat daar ŉ God is wat teen kwaad en teenstand bewaar. Dit verhoed weer dat die mens selfdienend en arrogant word. Die erkenning dat die Here nie deur swaarde en spiese red nie, maak die mens vindingryk in die soeke na alternatiewe teen die intimidasie van die magtiges (Birch:1998:1114). Koevoete moet ŉ alternatief vind vir hulle wrok teen die vyand en die regering wat hulle weggegooi het. Daardie alternatief is vergifnis en bevryding.

### 5.5.2 Verwerping as deel van oorlogvoering (Konsep 2)

### 2 Samuel 18:1 – 19:8 (Verwerping)

In hierdie rubriek kom die konsep van verwerping voortvloeiend uit oorlogvoering aan die beurt. Uit die empiriese ondersoek was dit duidelik dat oorlogsdeelname kan lei tot die verwerping van krygers – veral as persoonlike traumatiese omstandighede tydens en na ŉ oorlog nie verwerk is nie.




**Die konsepte is almal in relasie tot mekaar**
**Figuur 5.3: Skets: praktykteorie met konsepte en relasies**

#### 5.5.2.1 Agtergrond: Oorlog en oorlogvoering in die geskiedenis van Israel

Sien par. 5.5.1.2 vir die agtergrond van oorlog en oorlogvoering in Israel se geskiedenis.

#### 5.5.2.2 Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre

Bezuidenhout (1999:333) beskou 2 Samuel 11:1-20:26 as die hoofdeel waarin Dawid se probleme uitgespel word. Om te verhoed dat die leser Dawid verheerlik, skets hierdie deel die probleme én tekortkominge van Dawid wat hom skuldig maak aan owerspel, bedrog en moord. Dawid se huishouding is nie in orde nie en sy eie seun, Absalom, kom teen hom in opstand. Dawid is ŉ gewone mens met wie die hedendaagse mens ook kan identifiseer. Vir hierdie onderafdeling van die studie val die fokus op 2 Samuel 18:1 tot 19:8.

#### 5.5.2.3 Sosiohistoriese konteks en geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het.

In paragraaf 5.5.1.4 hierbo is daar alreeds hierop ingegaan.

#### 5.5.2.4 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers 2 Samuel 18:1-19:8

18:5b Werk tog saggies met my kind *Absalom*
18:14 (Johab) het drie spiese gegryp en dit deur Absalom se *hart* gaan steek waar hy nog lewendig in die boom gehang het.
18:33 Die koning het *ontroerd geraak* en *in trane* na die kamer opgeklim. (NAV 1983)".

- Absalom (*'ab̲šālōwm*)

Absalom – *die vader van vrede* – word in 2 Samuel 14:25-27 as persoon breedvoerig bespreek: Deur die hele Israel het die mense oral gepraat oor sy uitsonderlike skoonheid; van kop tot tone het hy geen enkele gebrek gehad nie; en wanneer hy teen die einde van die jaar gewoonlik sy hare geskeer het, het sy afgeskeerde hare volgens die koninklike skaal meer as twee kilogram geweeg. Tamar, Absalom se suster, word op ŉ slinkse manier deur Amnon verkrag en daarna verwerp. Tamar het toe in haar broer Absalom se huis gaan bly as ŉ wrak wat ŉ eensame lewe soos ŉ weduwee sou lei alhoewel sy nooit iemand se vrou was nie (Kaizer, 1978:28). Absalom was woedend en verbitterd en wou sien of Dawid as hul vader teen Amnon sou optree, maar toe daar na verloop van twee jaar geen optrede van Dawid teen Amnon was nie, besluit Absalom om die reg in eie hande te neem en Amnon te laat vermoor (2 Sam 13:23-38) (Feinberg, 1978:622). Hierdie gedeelte bied ook ŉ karakterskets van Absalom: teer, jaloers en wreed in sy

liefde vir sy suster Tamar; slinks, vals en sinister in sy sukses om Dawid oor te haal om Amnon toe laat om die fees by te woon; onverskrokke, roekeloos en waaghalsing in sy moord van Amnon; en ambisieus, begerig en koppig in sy planne vir die troon van Dawid noudat sy oudste broer dood is (Kaizer, 1978:*op. cit*).

Nadat Absalom weer in sy posisie aan die koninklike hof herstel is, word geen tyd vermors om sy ambisie op die troon van sy vader te verbloem nie. Sy gevolg van perde, strydwaens en vyftig mans wat voor hom uithardloop het die verbeelding van Israel aangegryp (2 Sam 15:1). Vroegoggende het Absalom die mense te woord gestaan om sake tussen hulle te bereg om daarmee te kenne te gee dat sou hy koning wees, sou sake spoedig uitgesorteer word (2 Sam 15:2-4) en sodoende het hy die burgers se harte gesteel (2 Sam 15:6) (Kaizer, 1978:29). Absalom se bitterheid teenoor Dawid het ontaard in ŉ volskaalse rebellie wat Dawid as koning gedwing het om van die hoofstad te vlug (Wolf, 1978:258).

Toe die geveg uiteindelik plaasvind, was Dawid se magte in drie groepe verdeel met elke groep onder bevel van Joab, Abisai en Ittai (2 Sam 18:1-2). Dawid se manskappe het op Absalom afgekom waar hy aan ŉ groot boom tussen hemel en aarde hang (2 Sam 18:14). Dawid was nie verheug oor die dood van sy seun nie en sou oor en oor weeklag: "Absalom, my seun, my seun, ag, as ek maar in jou plek kon gesterwe het" (2 Sam 18:33; 19:1) (Kaizer, 1978:30). Dit is net ŉ ouer wat so lojaal kan wees én so lief kan hê.

- Hart – *lēb (hart); lbb (lēbāb* (intelligent word; fassineer)

Die Ou Testamentiese terme *leb* en *lebab* word algemeen as hart, verstand (intelligensie) of gewete vertaal.

In die Ou Testament het dié woorde ŉ dominante metafisiese gebruik met verwysing na die kern van die mens se psigiese en spirituele lewe en die totale binnelewe van ŉ persoon omvat. Die Ou Testamentiese *lēb* en *lebab* het basies dieselfde betekenis en funksies. In die Ou Testament kom *lēb* meer dikwels voor as *lebab* (Van Gemeren, 1997:749).

Die woorde *leb/lebab* kom die eerste keer in Genesis 6:5 voor waar die neiging en gedagtes van die menslike hart duidelik beskryf word. Die voortdurende boosheid van

die menslike hart word terstond opgevolg deur die beskrywing van die goddelike hart: God was diepbedroef en daar was smart in sy hart. Die gebruik van smart (*'sb*) met *leb/lebab* word slegs hier in die Ou Testament gevind. Die direkte antropomorfiese gebruik van *hart* is seldsaam in die Ou Testament. Die naasmekaarstelling van die harte toon aan dat God se besluit gegrond is op die innerlike lewe van die mens wat ontspring uit God se besorgde hart. Die verharding van die Farao se hart tydens die uittog is 'n verdere illustrasie van die belangrike rol van die menslike hart in Bybelse teologie (Van Gemeren, 1997:750).

Die uittogverhaal is welbekend om die spanning tussen menslike vryheid en goddelike beheer na vore te bring. Om tot 'n beter verstaan te kom met betrekking tot hierdie spanning verwys Van Gemeren (1997:*op. cit.*) na drie fases van verharding:

(a) God se mededeling voor die plae oor Farao se hartsverharding (Eks 4:21; 7:3);
(b) Farao se hartsverharding tydens die eerste vyf plae;
(c) Met die aanvang van die sesde plaag verhard God die Farao se hart (Eks 9:12).

In (a) en (c) word menslike vryheid deur God se beheer in ewewig gehou. God se voorsegging oor die Farao se verharding aan Moses is aanduidend dat die moeilike proses wat Moses sou ervaar, het baie met die hart te make. 'n Soortgelyke geval is God se verharding van koning Sihon se hart in Deut 2:30 *('ms leb/lebab*). Dieselfde uitdrukking is ook in Deut 15:7 gebruik om Israel te waarsku teen hartsverharding teenoor die armes (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*). Deuteronomium benadruk dat verbondstrou nie gaan oor uiterlike handelinge of rituele nie, maar uit die mens se hart moet ontspring. In Deuteronomium kom hart (*lebab*) een-en-vyftig maal voor waar hoofsaaklik verwys word na die mens se hart voor God. Verder word die Godsvolk ook telkemale aangespoor om te soek, lief te hê, te dien en na die Here terug te keer met hulle hele hart en siel (Deut 4:29; 6:5; 10:12; 11:13; 13:4; 26:16; 30:2, 6, 10) (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*).

**Die vroeë profete**

Die nadruk op die Godsvolk om God met hul hele hart te dien word voortgesit in die geskrifte van Josua, Samuel asook Konings. Sinoniem met hierdie nadruk is daar twee ander uitdrukkings, nl. die uitdrukking *hele hart* of hart wat heel is (*leb'lebab slm*) kom eerste in die vroeë profete voor met verwysing na Salomo se hart wat weens sy talle vroue nie heeltemal aan die HERE se diens gewy was nie. Die begrip *slm* om tevrede te

wees hou verband met die woord *salom* vir vrede. Die hart wat nie heeltemal aan die Here gewy is nie, is ŉ hart wat heelheid kortkom. Die uitdrukking *leb'lebab slm* kom tien keer in die Ou Testament voor waarvan nege in die konteks staan van toewyding aan die Here (vgl. 1 Kon 11:4; 15:3; 1 Kron 29:9; 2 Kron 19:9; 25:2; Jes 38:3) (Van Gemeren, 1997:751).

Die gebruik van *swb leb/lebab* vir die toekeer met die hart tot God kom algemeen voor in die vroeë profete en die res van die Ou Testament (1 Sam 7:3; 1 Kon 8:47, 48; 2 Kon 23:25, vgl 2 Kron 6:37, 38). Alhoewel *swb* dikwels in die Ou Testament as berou na vore kom, word dit negentien keer met *leb/lebab* gebruik. Waar *swb* op sigself harts-verandering impliseer (1 Kon 8:35; Sag 1:30) word die toevoeging van *leb/lebab* vir beklemtoning gebruik. Die teologiese betekenis van ŉ *terugkerende hart* mag versterk word deur *swb* óf saam met *ruah* (gees) óf *nefes* (siel) te gebruik. *Swb* as werkwoord kom net ses keer voor met gees (*ruah*) in die sin van opbloei of herlewe in die Ou Testament (Van Gemeren, 1997:*op. cit*.).

**Die latere profete**

Die verharding van die menslike hart kom weer na vore in die roeping van Jesaja (6:1-13) en die letterlike uitdrukking *maak die hart van hierdie volk vet* (*smn leb*, Jes 6:10 OAV) kom net hier in die Ou Testament voor. Die *verharding van die hart* staan hoof-saaklik in verband met die volk se antwoord op die Woord van God – ŉ begrip wat ook in Psalm 119:70 na vore kom (Van Gemeren, 1997:751).

Waar straf op hartsverharding volg, is dit vir reiniging en gerig op ŉ beter toekoms. Die nagalm van hartsverharding is ŉ gebed aan die einde van Jesaja se gejammer dat God sy verbondsvolk se harte verhard het (*qsh leb*, Jes 63:17), maar tot sondaars word ŉ appèl gerig om ter harte te neem (*swb l leb*) wat hulle van God en sy dade vergeet het (Jes 46:8). Die belangrikheid van ŉ hart wat terugkeer tot God word hier benadruk, want die boetvaardiges wat na God terugdraai se harte sal weer vernuwe word (*hyh leb*). Die uitstaande kenmerk van Jesaja 40 is God se woorde van medelye om sy volk te troos en tot die hart van Jerusalem (*dbr 'ad leb*) te spreek. Jesaja 40 se trooswoorde dra die betekenis vir ŉ daad van vertroosting of minsame oorreding en staan in skrille kontras tot die verharding van die volk se hart in Jesaja 6 (vgl. ook Hos 2:14; Gen 34:3; 50:21; Rig 19:3; Rut 2:12) (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*).

Hartsherstel kom ook na vore in die boeke van Jeremia (hoofstukke 24; 31; 32) en Esegiël (hoofstukke 11; 18; 36). Hierdie bekende tekste oor die hart moet verstaan word binne die breër konteks van God wat ŉ hart gee. Die uitdrukking *gee ŉ hart* (*ntn leb/lebab*) is ŉ beskrywing van óf *God wat aan mense ŉ hart gee* óf *mense wat hulle harte vir belangrike sake gee.* Laasgenoemde is dan aanduidend óf van mense se ernstige bedoeling (Eseg 28:2, 6) óf mense se onverdeelde aandag (1 Kron 29:19; 2 Kron 11:16; Spr 23:26; Pred 1:13; 17:7-21; 8:9, 16; Dan 10:12) (Van Gemeren, 1997:752).

God se gee van die gees (*ntn rûah*) dra sowel ŉ positiewe as ŉ negatiewe konnotasie. Skrifgedeeltes (Num 11:25; Jes 42:1; Eseg 36:27; 37:14) verwys uitdruklik na die gee van God se gees én ŉ nuwe gees (Eseg 11:19; 18:31; 36:26). Die volgende teksgedeeltes is weer van ŉ negatiewe aard: God sal ŉ gees in die koning van Assirië plaas wat tot sy uiteindelik neerlaag sal lei (2 Kon 19:7; Jes 37:7) terwyl God ook ŉ leuengees in die mond van die valse profete sal plaas wat tot hul ondergang sal lei (2 Kron 18:22). God se gee van ŉ hart het ook in die Ou Testament ŉ positiewe implikasie waar dit uitloop in die geestelike transformasie van die ontvanger. Ook in Jeremia se nuwe verbond speel die hart ŉ deurslaggewende rol. Anders as in die Mosaïese verbond sal God in die nuwe verbond sy wet op die harte van sy mense skryf (Jer 31:33). In die nuwe era is die nadruk nou gerig op die binneste van die mens. God se gee van ŉ hart (*ntn leb/lebab*) lei tot ŉ algehele innerlike transformasie wat sal uitloop om God te ken (Jer 24:7) en Hom te vrees (32:39, 40). Die onbesnede hart (Jer 4:4; 9:26) is omvorm. Die sekerheid van die nuwe era se koms is benadruk in God se belofte: "Ek sal hulle plant ... met my hele hart en my hele siel" (OAV). God se gebruik van *met my hele hart en my hele siel* kom net hier in die Ou Testament voor as ŉ nadruklike beskrywing van God se liefde en getrouheid. Terwyl Jeremia ŉ *nuwe verbond* geproklameer het, het Esegiël ŉ *nuwe hart* verkondig (Van Gemeren, 1997:752).

By Esegiël is daar ook ŉ beklemtoning van menslike verantwoordelikheid. Die volk word aangespoor om vir hulself ŉ nuwe hart en ŉ nuwe gees te maak (*'sh*) (Eseg 18:31), maar die transformasie is duidelik ŉ werk van God se Gees: God sal maak (*'sh*) dat die mense Sy wet nakom (Eseg 36:26-37) en God sal hul hart van klip vervang met ŉ hart van vlees. Die nadruk van die profete met betrekking tot die verantwoordelikheid van die menslike hart kan ook gesien word in die uitdrukking skeur julle harte (Joël 2:13), neem

ter harte (Haggai 1:5 – NAV); neem ter harte (Mal 2:2 – OAV) (Van Gemeren, 1997:753).

**Die Geskrifte**

Waar die uitdrukking van intense emosies dikwels in die Psalms na vore kom, is dit nie verbasend dat die woorde *leb/lebab* daarin die meeste voorkom nie. Die uitdrukking *in die hart* (*b*$^{e}$ met *leb/lebab*) kom in die Psalms vier-en-twintig kere voor. Die hart jubel (Ps 84:2(3) *rnn* en is verjeug (*smh*) (Ps 33:21; 105:3). Die Here red die opregte hart (*yis*$^{e}$ *rê lēb*) is ŉ frase wat hoofsaaklik in die Psalms voorkom. God is naby die gebrokenes van hart *sbr leb/lelab* (Ps 34:18[19]; 51:17[18]; asook die gebroke gees. ŉ Gebroke hart verskil van ŉ hart wat versmelt het (*mss leb/lebab*) en dra gewoonlik ŉ negatiewe konnotasie. Die volk het geweier om die Beloofde Land binne te gaan omdat die verkenners wie geloof geskort het se harte versmelt was (Deut 1:28; vgl. ook 20:8; Jos 5:1; 14:7) (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*). Die versmelte harte was gestraf.

Die begrip wys (*hakum*) en wysheid (*hokma*) verskyn dikwels saam met *leb/lehab* in die Wysheidsliteratuur. Die wyses van hart is diegene wat gehoor gee aan die gebooie (Spr 10:8; Pred 8:5) en die uitdrukking word ook gebruik om God te beskryf (Job 9:4). Die hart van die wyse maak sy mond verstandig (Spr 16:23). Salomon het gebid vir ŉ opmerksame hart wat letterlik ŉ luisterende hart (*leb somea*) beteken. Toe God die versoek van Salomo toegestaan het, het dit letterlik ŉ luisterende hart (*leb somea*) beteken en toe gee God ook aan hom ŉ hart van wysheid (*leb hkm*) (1 Kon. 3:12) (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*).

- Huil (bākā)/

Om te huil kan sigbaar of onsigbaar wees. Huil kan die foltering van die siel wat onder uiterste en langdurige stres of las is tot uitdrukking bring. Onophoudelike smekinge word dan die soeke na vervulling, verlossing of ŉ antwoord op die raaisels van die lewe (vgl. Heb 5:7; Matt 27:46; Luk 23:46). Die twee begrippe *bid* en *huil* word omruilbaar in Psalm 39:13 gebruik: Hoor tog my gebed, Here, luister na my; moet tog nie koud staan teenoor my trane nie. Talle emosies en gesindhede word deur die verskeie vorme van *huil* tot uitdrukking gebring soos in *nood en ellende* (Eks 2:23; Matt 27:46); *vrees* (Matt 14:26; Luk 9:39); *vreugde* (Jes 54:1; Gal 4:27); *vertroue* (1 Sam 7:8; 2 Kron 20:9); *twyfel* of *onsekerheid* (Eks 17:4; Eseg 9:8); *oorwinning* (Rig 7:20); Joh. 12:13); *aanroep* (1 Sam

7:9; Jak 5:4) *doodsangs* (Job 30:24; Matt 27:46); *bedroef/hartseer/verlate* (1 Sam 15:11; Mark 15:34); *versoek* (Matt 9:27) (Blaney, 1978:1042).

- Seun (*bēn*) (seun; kind; afstammeling wat uitgebreid ook verwys na gehegtheid; seun van die mens verwys na ŉ menslike wese (Num 23:9), maar is ook ŉ begrip wat dikwels ŉ messiaanse betekenis veronderstel (Strong, 2001:1481).

Die mees algemene gebruik van *bēn* in die Ou Testament is dié van ŉ 'seun' wat deur ŉ vader verwek is (Gen 4:1; 25; 21:2). Om baie seuns te hê was gesien as ŉ spesiale seën van God (Deut 28:4-11; 1 Kron 28:5; Ps 127:3-5), maar ŉ wyse seun bring vreugde vir sy ouers (Spr 23:24-25). *Bēn* kan ook aanduidend wees van verskeie familieverhoudings en kan *bēn bēn* ŉ kleinseun beteken (Gen 31:28, 55); Mefiboset, Saul se kleinseun (2 Sam 19:25; vgl. ook 2 Kon 9:14; Neh 12:23) (Van Gemeren, 1997:672). *Bēn* kan ook aanduidend wees van mense, ŉ nasie of die bewoners van ŉ plek, derhalwe kan *b*$^{e}$*nê šib*$^{e}$*tê b*$^{e}$*nê yiśrā'ēl* verwys na die seuns van die stamme van Israel (Num 36:3), maar ook kan beteken die *stamme van Israel* (vgl. Gen 19:38 vir Ammoniete as *kinders van Ammon*; Eseg 43:19 *kinders van Babilon*) (Van Gemeren, 1997:673).

Die uitdrukking *seun van die mens* kan doodgewoon verwys na ŉ man of ŉ mens wat bloot ŉ eksemplaar van die menslike spesie is. In die boek Esegiël kom die enkelvoud *ben 'ādām* (mens of mensekind) talle male voor as ŉ beskrywing van die mens in ŉ negatiewe konteks. Hiervolgens is die mens wispelturig (Num 23:19), ŉ dwaas (Ps 14: 1 ev.), goddeloos en bedrieglik (Ps 12:1 ev.), voortsetting van boosheid (Pred 8:11); en vol bedorwenheid (Pred 9:3). Verder word die mensekind voorgestel as onbeduidende wurm (Job 25:6); kortstondig (Ps 89:48; 90:3); magteloos (Ps 146:3). Hierdie menslike eienskappe – al impliseer dit nie aktiewe weerstand teen God nie – word nietemin geassosieer met die sondeval van Adam, tog is die eerste verwysing na mense of mensekinders in Genesis 11:5 (die toring van Babel). Hierdie eerste gebruik van die begrip *mensekind* of *seun van die mens* gee waarskynlik teologiese betekenis aan *seun van die mens* in sy vervreemding van God. Die Ou Testamentiese *mens* of *mensekind* is tekenend van hierdie uitdrukking (Van Gemeren, 1997:675).

Die teologiese verskil tussen *mens* en *mensekind* dui daarop dat die mens ŉ produk van God se handewerk was wat na die beeld van God geskape is (Gen 5:1), maar daarteenoor dui mensekind op die gevalle mens wat uit die mens self voortgebring is (Gen 5:3) en

wat die sondeval van die mensheid opsom. Nou word die mens nie net ŉ voorwerp van God se toorn en straf nie, maar ook van God se genade en verlossing (vgl. Ps 8: 31:20; 80:17-19; 144:1-3; 145:8-12) (Van Gemeren, 1997:*op. cit*.).

Die opvatting dat die koning van Israel gesien is as die seun van God val saam met Jahweh se koningskap oor Israel en waar die aardse die koning derhalwe geag was om as Jahweh se sigbare verteenwoordiger te regeer. Die gesamentlike regentskap van God en sy koning kom duidelik na vore in Psalm 2:1-2 waar die woede van die heidene gerig was teen beide Jahweh en sy Gesalfde (die koning). In die lig van Israel se seun-verhouding met Jahweh was daar geen behoefte tot aanneming nie. Nog minder was daar aan die koning gedink as die fisieke seun van God (soos in Egipte en Mesopotamië), want in Israel was daar geen bewyse van ŉ sakrale koningskap waarvolgens die koning sy koninklike regte kon uitoefen nie. In ŉ besondere sin was God die vader van die Davidiese koning (2 Sam 7:14) veral in die lig van die verbond (Ps 89:3-4; 35-36) (Van Gemeren, 1997:676). In die Godspraak van Jesaja 9:2-7 word die Seun beskrywe as Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Alle bande van ŉ wettige verwysing na ŉ gewone Davidiese Messias onderstreep die bankrotskap van ŉ Davidiese koningskap, maar onderstreep die noodsaaklikheid asook die hoop vir ŉ ideale koning – die ware *māšîah* (Van Gemeren, 1997:677).

Die benaming *seun van die mens* word vier-en-negentig keer in die Nuwe Testament gebruik en is met enkele uitsonderings (vgl. Joh 12:34; Hand 7:56; Heb 2:6 en Op 1:13; 14:14) deur Jesus self gebruik. Tradisioneel is die benaming *seun van die mens* veronder-stel om Christus se nederige mensheid in teenstelling met sy goddelike natuur na vore te bring, maar Carter (1978:485) meen dat ŉ nadere ondersoek met betrekking tot die *seun van die mens* ŉ dieper betekenis in die Nuwe Testament na vore bring. Daar sal nou op die Nuwe Testamentiese aspek van die benaming ingegaan word.

Oor die Nuwe Testamentiese gebruik van die begrip *seun van die mens* verskil Bybel-geleerdes of Jesus gebruikgemaak het van Esegiël se benaming om daardeur sy mens-likheid en sy afhanklikheid van die Vader te benadruk in die uitvoering van sy taak op aarde (vgl. Job 25:6; Heb 2:11). Jesus se goddelike selfbewussyn het ontwikkel vanaf sy besoek aan die Tempel op die ouderdom van twaalf (Luk 2:41-52) tot sy krisiservaring aan die kruis. Soos Jesus deur sy opvolgende krisisse beweeg het van sy doop (Mat 3:13-

17), versoeking (4:1-11), verheerliking (17:1-13, voorgevoel van dood en opstanding (20:17-19), triomfantelike intog (21:1-11), weeklag oor Jerusalem (23:37-39), laaste Pasga (26:17-35), Getsemane (26:36-56), gevangeneming en verhoor (26:47-27:26) en uiteindelik Jesus se hoogtepunt: *Dit is volbring* (Joh 19:30) (Carter, 1978:486).

Die titel *Seun van die mens* wat Christus vir Homself gebruik het, wys heen na belangrike eienskappe van Sy goddelik-menslike wese en aard. Twee aspekte is hier van belang:

- *Seun van die mens* benadruk Christus se Messiasskap. Alhoewel Jesus die term gebruik het as beskrywend van sy Messiasskap, het Hy konsekwent die toepassing daarvan op Homself vermy weens die militaristiese en politieke konnotasies wat dit vir die Jode van sy tyd ingehou het. Die vroeë Christene het die begrip Messias met Seun van die mens sonder enige twyfel verbind.

- Christus se menswording is vroeg in sy bediening verbind aan die titel *Seun van die mens* (Joh. 3:13). Daarom: die Seun van die mens is God vanuit die hemel, in menslike gestalte op aarde, maar tegelyk ook in die hemel. Sy vleesgeworde goddelik-menslike aard weerspieël die doel en aard van sy sending – God in en met die mensdom om die mens met God te versoen (vgl. Joh 1:14; 12:13). Christus se verlossende kruis maak die betekenis van sy menswording duidelik (Joh 12:14).

- Seun van die mens identifiseer Christus met die afhanklike mensdom (Matt 8:20; Luk 9:58). Wat ook al die eise wat Jesus aan die skrifgeleerde vir dissipelskap gestel het (Matt 8:19) sou hy en al die ander volgelinge 'n *gemeenskaplike menslike verstaan* en gemeenskap in die diepste verdorwenheid en lyding met God as Seun en mens ervaar (Carter, 1978:*op. cit.*).

- Seun van die mens gee 'n aanduiding van Christus se gesagvolle en verlossende sending (Mat. 9:6; Luk 19:10). Die gesag oor die *sleutels van die koninkryk* (Matt 16:19) kan daarop dui dat God dit uitsluitlik aan die Seun van die mens gegee het om op die aarde sondes te vergewe. Die gesag aan die mens om 'n medemens se sondes te vergewe het slegs te make met die verklaring van vergifnis aan sy naaste nadat laasgenoemde die goddelike vereistes daaroor nagekom het (Carter, 1978:*op. cit.*).

- Seun van die mens is aanduidend van Christus se algehele verlossende oorwinning (Joh 3:14). Na analogie van Christus se verwysing na die koperslang aan ŉ paal (Num 21:9) en die Seun van die mens suggereer meer as laasgenoemde se dood. Dwarsdeur die Nuwe Testament klink dit duidelik op dat Christus se dood onafskeidbaar is van sy opstanding en hemelvaart (vgl. Dan 7:13; Mark 14:62; Hand 7:56) (Carter, 1978:*op. cit.*).

- Seun van die mens is aanduidend van Jesus Christus se universele heerskap (Mark 14:62). Christus se universele heerskap word bevestig in sy voorwoord tot die Groot Opdrag waar Hy daarop aanspraak maak dat alle mag in hemel en op aarde aan Hom gegee is (Matt 28:18) en ook tot uitdrukking gebring is aan sy dissipels (Hand 1:8).

- Seun van die mens is by uitstek aanduidend van Jesus Christus se laaste oordeel (Matt 13:41, 42; 19:28). Christus kwalifiseer as Regter oor alle mense, want deur sy menswording het hy met die mensdom een geword maar steeds sy goddelikheid behou. In Handelinge 17:31 spreek Paulus die Ateners op die Areopagus toe en maak Christus se finale hoogtepunt en oordeel aan hulle bekend soos wat hy ook in die Romeinebrief (2:16) doen. Ook in Openbaring 20:11-15 gee Johannes ŉ duidelike beskrywing van die Menseseun se rol in die finale oordeel (Carter, 1978:*op. cit.*).

#### 5.5.2.5 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl

Na Dawid se owerspel met Batseba en die bestraffing van Natan oor die moord op Urija is Dawid se lewe op ŉ afwaartse glybaan. Owerspel en bedrog lei tot moord en die geweld wat Dawid se hande besoedel sal na sy eie familie deurwerk (2 Sam 12-19) (Birch 1998:1283). Eers is daar die verkragting van Tamar. Uit weerwraak vermoor Absalom sy broer Amnon oor wat hy aan Tamar gedoen het en dat sy die lewe nou as gestigmatiseerde moet aanpak. Dawid se optrede in die verhaal is pateties. Oor Amnon se sonde was hy woedend, maar doen verder niks daaromtrent nie. Dawid versoen hom met Amnon se dood.

Dat Absolom wou wraak neem, is verstaanbaar – tog moet daar ook rekening gehou word met Absalom se ambisie om koning te word. Met Amnon as kroonsprins uit die pad wink die troon nou vir Absalom (2 Sam 11:1 tot 2 Sam 15:12) (Bezuidenhout, 1999:343-348). As ŉ gelowige en getroue man soos Dawid kon val, moet dit vir almal ŉ waarskuwing wees. Ook Natan stel ŉ voorbeeld. ŉ Profeet moet die moed hê om selfs die koning aan

te spreek, want ŉ leier is nooit bo die gereg verhewe nie. Maar dan doen Dawid ook die regte ding deur sy skuld te bely (Bezuidenhout, 1999:345). Birch (1998:1283) sien in hierdie verhaal die arrogante misbruik van mag vir persoonlike giere.

God vergewe Dawid wanneer hy sy skuld bely en God is so genadig met Dawid dat Hy nie met Dawid maak soos hy verdien nie, maar daar is sekere gevolge van Dawid se sonde wat hy moes verduur. God kan vergewe en vergeet en dit is moontlik dat ŉ mens se sonde vergewe word sonder dat jy daaronder ly (vgl. Ps 103:8-13). Sonde is nooit iets wat in die geheim tussen ŉ mens en God plaasvind nie, want sonde raak ook ander mense en gooi ŉ skaduwee oor die lewe. Sonde gooi ŉ skaduwee oor die lewe en ontketen kragte waaroor die indiwidu baie min beheer het. Die gevolge van sonde is nie noodwendig ŉ straf van God nie, maar is meestal ŉ proses wat ons oor onsself bring (Bezuidenhout, 1999:346).

#### 5.5.2.6 Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking (huil)

- *Word **nugter**, dronkaards, en **huil, kla*** oor die wyn wat julle nie meer sal kry nie (Joël 1:5); huil dienaars van die altaar (Joël 1:13).

Prinsloo (1990:21) sien in die drie opvolgende bevelsvorme – word nugter, huil, kla – as die opvallendste kenmerk van hierdie gedeelte. Die tema wat hier aangeroer word, is Joël se diepe besorgdheid dat sy volkgenote tot verstaan sal kom van die onderliggende redes vir die sprinkaanplaag en hoe dit in verband staan met God se toekomsplanne vir sy volk. In die lig van die huidige krisis, doen Joël ŉ oproep tot sy volkgenote vir verootmoediging (Prinsloo, 1990:*op. cit*.). Hierdie ongekende plaag is niks anders nie as God se vertoning van sy oordeel en ŉ voorloper van vreeslike waarskuwings van nog verdere oordeel waaroor die volk ernstig moes bid. Joël deel die bevolking mee om wakker te skrik van hul slaap of dronkenskap (vgl. Spr 23:35b). Op dié manier stel Joël nie net die vervalle aard van hul samelewing aan die kaak nie, maar ook die mense se ongevoeligheid en hul innerlike ingesteldheid teenoor hulle omstandighede wat aanleiding gee tot morele verval wat weer tot ŉ nasionale ramp kon lei (Patterson, 2008:319). Die eerste helfte van die agste eeu v.C. was gekenmerk deur groot ekonomiese voorspoed vir beide Israel en Juda. Hierdie was trouens die era van geestelike, morele en sosiale agteruitgang en korrupsie. In sowel die Noordryk as in Juda was godsdiens niks meer as uiterlike formalisme en geloofsversaking nie. Hierdie formalistiese godsdiens was verder openlik

gevoed deur koning Agas se staatsondersteunde godsdienstige hervormings (2 Kon 16:10-18) (Patterson, 2008:320).

- Miga 1:8. Daarom sal ek ***rou en huil***, sal ek kaalvoet en sonder klere rondloop

Miga 1:8-16 handel oor die weeklag met betrekking tot die komende oordeel oor en verwoesting van Juda sou sy weier om berou te toon. Miga treur oor hierdie kommende gevangenskap van sy mense en as teken van sy ellende sal hy kaalvoet en sonder klere rondloop (vgl. 2 Sam 15:30; Jes 23:11; Eseg 24:17, 23; Amos 5:16). Miga se gehuil evokeer vrees en eensaamheid soos die skreeu van die jakkals en die brul van ŉ volstruis – alles simbole van wreedheid en onreinheid (Yilpet, 2006:1050). Oordeel, verwoesting, hartseer en vernedering is die gevolge van ongehoorsaamheid aan God (Yilpet, 2006: 1051).

- Sefanja 1:11. ***Huil*** inwoners van die Vysel, want al die handelaars word uitgedelg, almal wat geld afweeg, word uitgeroei.

Sefanja 1:7-13 gee ŉ beskrywing van die oordeel oor en verwoesting van Jerusalem. Weens die aakligheid van die komende verwoesting rig die profeet Sefanja ŉ oproep tot die volk om in stilte op die opermagtige Here God te wag (vgl. Amos 8:3; Hab 2:20; Eseg. 2:13). Almal moet nou luister en voorberei, want die dag van God se oordeel nader vinnig (vgl. Jes 13:6; Eseg 7:7; Joël 1:15; 2:1; 3:14; Ob 15). Die inwoners van Juda is as ŉ offer voorberei en God sal die Babiloniërs gebruik – vir wie Hy alreeds vir hierdie doel gewy het – om die offer te slag (Sef 1:7b; vgl. ook Jes 13:3; Jer 46:10; Eseg 39:17). Die Babiloniërs sal God se instrumente van oordeel wees deur die land in besit te neem en die inwoners te dood. Die oordeel is ŉ voorskou van die aakliger laaste oordeel van die Here (Matt 24:6; 36-39) (Yilpet, 2006:1068).

#### 5.5.2.7 Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders.

Dawid het gewroeg oor die verhouding tussen hom as ouer en sy seun Absalom. Dawid se pyn was so erg dat hy eerder in sy seun se plek sou sterf. Oor die jare was daar erge spanning tussen Dawid en Absalom en Dawid het besef dat hy as ouer erg gefaal het (Wolf, 1994:225). Na die Bosoorlog het talle oud-Koevoete ook gewroeg oor die behandeling wat hulle in die nuwe SAPD ontvang het en dat bevordering vir sommiges ontsê is suiwer en alleen weens hul Koevoetverlede. Verder het hulle ook verwerping


ervaar deurdat hul eertydse politieke meesters tydens die stryd in die nuwe politieke bedeling die rug op hulle gekeer het.

#### 5.5.2.8 Gevolgtrekking en basiese riglyne

In par. 5.5.2.5.1 *bo* (bl. 21) is onder die onderwerp 'huil' daarop gewys dat talle emosies en gesindhede deur die verskeie vorme van *huil* tot uitdrukking gebring kan word. Die kwessie van verwerping gaan nou aan die orde kom. Volgens Monroe (2009:701) het verwerping te make met die algehele wegdoen, om te verwerp of om jouself af te sny van ŉ ander persoon. Wat die Ou Testament blootlê, is ŉ voortgaande patroon van God wat ŉ volk uitkies en die mense kies om God te verwerp en ook weier om God se gebooie na te volg. Die Skrif laat nie ŉ middeweg toe oor wie die mensdom kan kies om te dien nie. Dit is óf ŉ aanvaarding van God se voorskrifte óf die totale verwerping of minagting vir God. Die temas van verwerping en berou is nie vreemd aan die Nuwe Testament nie (Monroe, 2009:*op. cit.*). Koevoete moet leer om die SAPD en die destydse politieke meesters te vergewe.

### 5.5.3 Woede oor behandeling en resultate daarvan (Konsep 3) Openbaring 19:11-21 (Ruiter op die wit perd)

In hierdie rubriek kom die konsep van woede oor die behandeling en resultate daarvan wat Koevoet veterane na die Bosoorlog ervaar het. Uit die empiriese ondersoek was dit duidelik dat daar na bykans ŉ kwarteeu na die beëindiging van die destydse Bosoorlog steeds woede by die respondente onder die oppervlak lê oor die manier waarop hulle deur politici uit die vorige bedeling behandel en versaak is.




**Figuur 5.3: Skets: praktykteorie met konsepte en relasies**

#### 5.5.3.1 Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre

Du Rand (2007:48-53) onderskei drie hoofdele van die boek Openbaring, naamlik:

- Die *eerste bedryf* (1-3) waar die gordyn oopgemaak word op God wat deur Jesus Christus in sy kerk teenwoordig is.
- Die *tweede bedryf* (4-11) beskryf God se teenwoordigheid deur Christus in die heelal en val die klem op die voltrekking van oordeel en verlossing.
- Die *derde bedryf* (12-22) beskryf God se teenwoordigheid deur Christus in die geskiedenis. Die gekose teksgedeelte vir hierdie rubriek – Openbaring 19:11-21 – val dus binne die derde bedryf van die boek Openbaring. In die perikoop gaan dit om Christus se triomf (19:11-16) asook die doodmaak van die dier (19:17-21) (Patterson, 2012:346-350).

Openbaring is ŉ onthullingsgeskrif wat geskryf is vanuit ŉ apokaliptiese perspektief. Die Christusgebeure het alles in ŉ nuwe lig geplaas waar die hede nie meer troosteloos en boos is nie, maar met optimisme beleef moet word omdat Christus reeds volledig verlossing gebring het (Du Rand, 2007:25). Die boodskap van Openbaring gaan daaroor dat God in die vestiging van sy heerskappy op aarde met die mens gemoeid raak deur verlossing en oordeel. Om Openbaring regtig te verstaan, moet dit gelees word as ŉ *dramatiese apokaliptiese narratief* met ŉ profeties-eskatologiese gerigtheid waar deeglik rekening gehou word met sowel die huidige as toekomsgebeure. Openbaring vertel nie net van die toekoms of verlede nie; Openbaring wil ook Christene van die hede bemoedig en oproep om te glo – veral in knellende omstandighede – want die Christelike gemeenskap het hulself gesien as gelowiges wat reeds verlos was op grond van Christus se dood en opstanding (Du Rand, 2007:*op. cit.*). Patterson (2012:25) erken ook die bestaan van apokaliptiese elemente in die boek Openbaring, maar wys ook op die opmerklike onderskeid wat in die Openbaringboek bespeur word teenoor wat in die meeste buite-Bybelse boeke van die apokaliptiese genre na vore kom. Die onderskeid lê daarin dat die skrywer homself in Openbaring identifiseer. Die konteks suggereer derhalwe dat die ontvangers presies sal weet wie hy is. Benewens die afwesigheid van pseudonomiteit word die boek ook as ŉ omsendskrywe voorgehou wat nie net inligting deurgee rakende die sewe gemeentes in die *Ring* van Klein-Asië nie, maar om die ontvangers van daardie historiese gemeentes ook voor te berei vir die ontvouing van God se verlossingsplan. Dit plaas Openbaring ook binne die genre van die briefstyl.

Volgens Van de Kamp (2011:10) bestempel Johannes sy boek uitdruklik as ŉ profesie (Op 1:3), maar ook as ŉ brief (Op 1:4-8). Verder mis die boek Openbaring ook te veel van die apokaliptiek se essensiële kenmerke om dit tot daardie genre te reken (Van de Kamp, 2011:12). Volgens Paterson (2012:*op. cit.*) word die aard van die Openbaringboek die beste verstaan as dit gesien word as ŉ *profetiese omsendbrief* wat gebruikmaak van apokaliptiese beelde en ontwerp. Die skrywer van die Openbaring van Johannes het sy rol as profeet duidelik verstaan, maar hy het ook gelewe in ŉ tyd van konflik met die imperiale owerhede. In daardie omstandighede gebruik hy die apokaliptiek as ŉ manier van kommunikasie met die gelowiges.

#### 5.5.3.2 Sosiohistoriese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het.

Die gemeentes in Klein-Asië het waarskynlik onder die Romeinse owerheid vervolging ervaar. Antipas is as ŉ Christen tereggestel (Op 2:13) en moontlik was dit ook die lot van ander (Op 6:9-11; 20:4). Johannes verwag ook dat nog meer met hul lewe gaan boet (Op 2:10; 6:11). Openbaring as Bybelboek het nie in sonskynweer ontstaan nie – dreigende onweerswolke vol vervolging, spanning en diskriminasie het oor die Christene in Klein Asië se daaglikse lewe gehang. In ŉ knellende situasie vol krisisse moes Openbaring as geskrif – wat ook uiting gee aan die Christene se belewenis van trauma – sin en betekenis gee aan hul daaglikse bestaan. Apokaliptiese geskrifte is dikwels die neerslag en verslag van ŉ bepaalde krisis (vgl. Daniël, Die Apokalips van Esra (4 Esra) en 2 Barug waarin lesers die spore sal vind van ŉ fel krisis wat die Joodse volk beleef het). Die eerste lesers van Openbaring het ook ŉ krisissituasie in Klein-Asië – veral in die Efese omgewing – beleef (Du Rand, 2007:72). Op sosiale, politieke, ekonomiese, kulturele en geestelike terrein het dit benard gegaan en daarom was die aanbieding en inhoud van Openbaring salwend vir hierdie Christene en het dit hulle geïnspireer om in hul situasie te oorleef en te oorwin (Du Rand, 2007:*op. cit.*).

Streng gesproke was die Joodse en Christelike godsdiens in die Romeinse gebiede onwettig, maar die Joodse godsdiens was ŉ uitsondering omdat dit in die Romeinse ryk toegelaat is en later as ŉ *religio licita* (toegelate godsdiens) aanvaar. Die Christene – wat hoofsaaklik bestaan het uit Jode wat hulle tot die Christelike geloof bekeer het, is beskou as ŉ Joodse sekte en het onder dieselfde godsdienstige sambreel as die Jode tuisgegaan. Die Jodeopstand tydens die keiserskap van Nero het gelei tot ŉ uitgerekte oorlog (66-70

nC) en die finale vernietiging van Jerusalem asook die tempel – ŉ gebeurtenis wat na 20 tot 25 jaar later – nog vars in die geheue van die gelowiges was. Dit het oneindig seergemaak en ook die verhouding tussen die Christene en Jode gespanne gehou (Du Rand, 2007:73).

Christengelowiges wat Jesus as die Messias bely het, is as ketters gebrandmerk en dit het daartoe gelei dat die breuk tussen Christengelowiges en Jode net al groter word en uiteindelik sou lei tot die verbanning van die Christene uit die sinagoges, wat ook die skool, hof en gemeenskapsentrum was. Dié gebeure het hewige konflik en wrywing tot gevolg gehad en is die Christene daardeur sosiaal en kultureel geïsoleer. Dit was veral die etniese Jode van die plaaslike sinagoges wat die lewe vir die Christene onuithoudbaar gemaak het. Aan die anderkant het die Jode die bedding voorsien waaruit die Christendom gegroei het en die Joodse godsdiensbeoefening was die sambreel waaruit die Christene geskuil het totdat die skeuring tussen sinagoge en kerk sou plaasvind. Die Christendom mag nooit sy Judaïstiese wortels vergeet of verguis nie (Du Rand, 2007:74).

In ŉ oorwegend Romeinse omgewing waar heidense simbole, vrugbaarheidskultusse en keiserverering hoogty gevier het, was die Christene heeldag blootgestel aan die versoeking om kompromieë aan te gaan. Sulke kompromieë en die akkommodering van die heidense omgewing het groot spanning onder Christene veroorsaak omdat die munte in jou sak, die hof waar jy ŉ eed moes aflê en die spele wat jy bygewoon het aan die gode gewy was. Die normale reaksie in sulke omstandighede is om te veg of te vlug. Die Christene het gekies om te vlug en hulle aan die samelewing te onttrek. Dit het daartoe gelei dat hulle as ateïste bestempel is, asook as haat vir die mensdom. Aardbewings, hongersnood en siekte- epidemies wat die aarde getref het, is toegeskryf aan die ateïsme van die Christene (Du Rand, 2007:*op. cit.*). Vanweë die Christene se belydenis dat Jesus die Messias is, het die breuk tussen Christene en Jode ook al groter geword. Die lyding van die Christene was eerder aan die hand van die Joodse gemeenskap. Die Christene het sodoende al hoe meer apokalipties begin leef wat weer sou meebring dat hulle as ŉ minderheid hul sosiaal van die samelewing onttrek het omdat hulle hulself nie met die meerderheid se waardes kon vereenselwig nie (Du Rand, 2007:*op. cit.;* Van de Kamp, 2011:31).

Die hede en toekoms is nou vanuit ŉ totaal nuwe simboliese wêreld geïnterpreteer en het

die gelowiges alreeds op aarde geleef uit die bewussyn dat hulle tuiste by God is wat eendag aan hulle reg sal laat geskied. Sporadiese vervolging het in die Romeinse provinsies voorgekom waar die Christene van tyd tot tyd deurgeloop het. Omdat die *collegia* – die vakbonde van destyds – aan die heidense gode gewy was, het die Christene nie daaraan behoort nie. Dit het die Christene uiteraard weer verhoed om goeie betrekkings te beklee, grond te besit of finansieel sterk te word. Daarom het die boodskap van Openbaring – dat God deur die Lam oorwin het en sy heerskappy oor almal en alles sal vestig op aarde soos in die hemel – aan hierdie Christene ŉ nuwe alledaagse lewe gebring (Du Rand, 2007:75; Van de Kamp, 2011:25, 26).

#### 5.5.3.3 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

Openbaring 19:[11] Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was ŉ wit perd. Sy ruiter word die Getroue en Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel én voer Hy oorlog.

- Die hemel is oop (*ton ouranon ēneōgmenon*)

Alreeds in Openbaring 4:1 sien Johannes (a) ŉ deur wat in die hemel oopgemaak is; (b) die oopgaan van die tempel wat in die hemel is (Op 11:19); en (c) die tempel in die hemel, die woonplek van God, is oopgemaak. In Openbaring 19:11 sien Johannes die hemel is oop. Vir Johannes is hierdie die hoogtepunt: die hemel self staan wyd oop en deur die oop hemelpoort sien Johannes die wit perd (Van de Kamp, 2011:429). Volgens Patterson (2012:346) verwys die oop hemel na die onveranderlike wat nou gaan gebeur, maar die oop hemel kan ook suggereer dat daar nou ŉ groter toegang tot die hemelse teenwoordigheid is, want uit die hemel sal die langverwagte terugkeer van Jesus self gebeur (Thomas & Macchia, 2016:338). *Die hemel is oop* beklemtoon nogeens dat God besig is om op die aarde beslissend op te tree (Op 11:19; 15:5). Daar is geglo dat die hemel in *die laaste dae* geopen sal wees (Hand 7:5b; 10:11; 2 Kor 121-2) (Du Rand, 2007:542).

- ŉ Wit perd (*hippos leukos*)

Johannes nooi sy hoorders uit om saam met hom te kyk. Wit is die kleur van die hemel en die lig. Die verskyning van die perd wys heen na ŉ stryd, want ŉ perd is immers die rydier van ŉ koning en leëraanvoerder. Verder laat die wit perd die hoorders terugdink aan die eerste van die vier perde in Openbaring 6. Daar staan die leser voor Christus se onstuitbare koningskap met die mag om te veroordeel. Tog is daar ŉ verbintenis tussen

Openbaring 6:2 en 19:11, want as Regter sal Christus sy oordeel uitvoer en die eindoorwinning behaal (Van de Kamp, 2011:*op. cit.*).

Van de Kamp (2011:429) wys ook op ŉ verskil. Waar die wit perd van hoofstuk 6 deel uitmaak van ŉ groep van vier perde – ŉ wit perd (vals propaganda) (6:1-2); ŉ vuurrooie (oorlog) (6:3-4); ŉ swarte (hongersnood en inflasie) (6:5-6); en ŉ grys/vaalgroen (dood) (6:7-8) (Du Rand, 2007:271). In Openbaring 19:11-21 word Christus voorgestel as Regter en Krygsman wat sy vyand vernietig deur regspraak en verowering. Wie Christus is (19:11-3) en wat Hy doen (19:14-16) kom nou vir die leser na vore. Ook die beeldspraak van die gedeelte is tiperend van ŉ Romeinse verowering: wit perde, krone, ŉ ingegraveerde naam op die ruiter, die militêre magte en oorwinning (Du Rand, 2007: 541).

- Ruiter – die *Getroue en Betroubare* (*pistos kai alēthinos*)

Getroue en Betroubare is ŉ duidelike aanwysing na die ruiter se identiteit: Dit is Christus wat hom al eerder so aan Johannes voorgestel het (Op 1:5) en aan die gemeente in Laodisea (Op 3:14) as die Een in wie die woorde en beloftes van God tot vervulling kom. Nou verskyn Jesus as die getroue en ware Regter wat met geregtigheid oorlog voer (Patterson, 2012:346).

- Voer oorlog en oordeel met regverdigheid/geregtigheid (*kai en dikaiosunē krinei kai polemei*)

Die taal herinner hier aan die beeld wat in Jesaja 11:3-5 opgeteken is van die toekomstige Messias. Dit teken die ruiter as Regter en Stryder (Van de Kamp, 2011:429). Dié oorlog sou beslis ŉ heilige oorlog genoem kon word, want Christus moet die Bose vergeld vir wat hy die gelowiges aangedoen het (Du Rand, 2007:543).

#### 5.5.3.4 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl

Die Ou-Testamentiese stam *sdq* en die Nuwe-Testamentiese *dikaio* beteken dat iets 'reg' is (Deut 16:20) en aan God se vereistes en wet voldoen. In die regspraak beteken 'geregtigheid' dat iemand reg en dus onskuldig is. In verbondstaal beteken hierdie woord dat God betroubaar is as Regter (Ps 9:4) en as Koning wat Israel red en sy vyande straf (Rig 5:11). Die Here se Naam is geregtigheid (Jer 23:23). Vir die mens beteken geregtigheid gehoorsaamheid aan God se wil (Deut 6:25). God gee liefde, trou, reg en vrede, maar Hy verwag dit ook (Jer. 9:24). Omdat geregtigheid by mense ontbreek, oordeel en

straf God (Jes 26:7-10). God se geregtigheid en redding word sinonieme (Jes 51:1-3) (Combrink, 2006:383).

By veral Matteus en Paulus in die Nuwe Testament is geregtigheid belangrik. By Matteus dui dit meesal op gehoorsaamheid aan God se wil (Matt 5:6, 10), maar is ook ŉ gawe van God (Matt 6:33). Geregtigheid saam met barmhartigheid en betroubaarheid weeg volgens Matteus die swaarste by God. Geregtigheid word ook gekoppel aan die Een wat God se wil doen (Joh 16:8-10) en om te doen wat God vra (Jak 1:20) (Combrink, 2006:384).

Volgens Leitch (1978:104) verwys geregtigheid (*dikaiosunē*) in die algemeen na gelykvormigheid aan ŉ standaard wat te make het met die innerlike karakter van ŉ persoon of die voldoening aan die objektiewe standaard van ŉ aanvaarde wet. In die wydste sin verwys dit na wat opreg of deugsaam is in die betoning van integriteit en die suiwerheid van lewenswandel waar emosies en optrede in balans gehou word. In die geloofslewe sou dit kon neerkom op die mens se gelykvormigheid aan God se heiligheid, maar dit sou vals of skynheilig wees en die deur oopmaak vir diegene wat hooghartig op hul eie deugde roem en dan onder die oordeel van ŉ regverdige God kom (Matt 9:13; Mark 2:17; Luk 5:32; 15:7).

Geregtigheid (*ts$^{e}$d$^{e}$q*) in die Ou Testamentiese benadering was ŉ besig wees met die mens wie se denkwyse, gevoelens en optrede geheel en al met die geregtigheid van God konformeer. In dié sin kan slegs Christus *dikaios* genoem word (vgl. Hand 7:52; 22:14; 1 Pet 3:18; 1 Joh 2:1). Volkome gelykvormigheid aan die wil van God sal nie by die mens gevind word nie (Rom 3:10; 26). Dit bring die teologiese vraag – gerig op die Nuwe Testament – na vore: Hoe kan ŉ mens regverdig verklaar word in die teenwoordigheid van God se volkome heiligheid (Leitch, 1978:105)?

Geregtigheid (*ts$^{e}$d$^{e}$q*) is in God se aard. Die beginpunt vir enige Bybelse sienswyse oor geregtigheid is eenvoudig dít: Daar is geen wet *bo* God nie, maar daar is ŉ wet *in* God. Heiligheid hoort tot die wese van God en geregtigheid is die manier waarop God sy wese tot uitdrukking bring teenoor sy geskape wêreld of teenoor enigiets wat apart van God staan. (Leitch, 1978:*op. cit*.). Die Dekaloog wat God se geregtigheid reflekteer, is ŉ geskenk van God. Dit is nie ŉ lys wat harde eise stel nie, maar is ŉ vreugdevolle realiteit wat nie net die Jood onderskei van ander volkere nie, maar hom ook gelukkig maak. Die

Wet is iets wat hy met sy kinders moet deel, om met sy vriende daaroor te praat en met hom saam te dra om die Wet dag en nag te oordink. *Hoe lief het ek U wet* is ŉ deurlopende tema van die psalmis. Dit is iets waaroor gesing moes word en het die singery in die Tempelkore dikwels in vreugdekrete uitgebreek (Leitch, 1978:*op. cit*.).

#### 5.5.3.5 Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking

**Openbaring 19:11:** Toe het ek gesien die hemel is oop (*ton ouranon ēneōgmenon*). Hierdie beskrywing van ŉ oop hemel kom in sowel die Ou- en Nuwe Testament in die volgende Skrifgedeeltes na vore:

- Esegiël 1:1b

*Die hemele word geopen* en ek sien visioene van God (*haššāmayim niptəhû*)
Die Babiloniese ballingskap (598 v.C.) was ŉ keerpunt in die geskiedenis van die Godsvolk. Esegiël bevind hom tussen die ballinge in Babel. As gedeporteerde was die normale tempeldiens vir Esegiël ontmoontlik. By die Kebarrivier – wat deur die Eufraat gevoed is – kry Esegiël ŉ visioen. Alhoewel Esegiël in afstand ver van Jerusalem en die tempel was, ervaar hy langs die Kebarrivier dat God ook in die vreemde aanwesig is (Paul *et al.*, 2014:33). Dit het die gedagte ŉ nekslag toegedien toe mense gedink het ŉ god het net mag in sy eie land. Maar dit geld nie die Here nie (Swanepoel, 1999:911). In die vreemde open God die hemel vir sy priester en laat hom ŉ visioen sien, want as Skepper lê die hele skepping oop voor Hom (Paul *et al.*, 2014:*op. cit.*).

- Maleagi 3:10b

Ek sal vir julle oopmaak die vensters van die hemel (*haššāmayim 'ărubbōwt‘êt lā-k̲em 'eptaḥ*)
Na Maleagi 3:8-10a word verwys as die ekonomiese vertrekpunt, want Israel se gesindheid teenoor en die gebruik van hul besittings was ŉ aanduiding van die welstand van hul verhouding met God (Taylor & Clendenen, 2004:414). Volgens Levitikus 25:23 behoort die land aan die Here en die Israeliete was slegs vreemdelinge en bywoners by God. As rede vir vreemdeling- en bywonersstatus was die mens se sondige geneigdheid om die gawe los te maak van die gewer (Deut 6:10-12). Volgens Warren (2002:267) gebruik God geld om die getrouheid van sy dienaars te toets en voer hiervoor as rede aan dat Jesus meer oor geld gepraat het as oor óf die hemel óf die hel.

Maleagi 3:10b gaan oor die Here se opdrag om Hom te toets en te ontdek dat Hy getrou

is. Die woord wat hier vir toets gebruik word, is *bāhan* en kom in nege-en-twintig Ou Testamentiese verse voor waarvan negentien gaan oor God wat die hart van die mens toets of ondersoek omdat Hy opregtheid wil hê (1 Kron 29:17; Jer 11:20; 12:3; 17:10; 20:12; Pss 7:9; 17:3; 26:2; Spr 17:3) (Taylor & Clendenen, 2004:422). Gewoonlik het *bāhan* ŉ teologiese betekenis, maar waar dit ontbreek (Gen 42:15-16; Job 12:11; 34:3; Eseg 21:13 [18]) gaan dit primêr om iets se betroubaarheid te evalueer. Tog kan dit ook letterlik gebruik word as aansporing en opdrag aan die Judese gemeenskap om aan God die geleentheid te bied om sy trou te bewys as antwoord op hul geloof en gehoorsaamheid. Dit sal daartoe lei dat die vensters van die hemel oopgaan om op die volk ŉ oorvloed seën uit te stort (Taylor & Clendenen, 2004:423).

- Matteus 3:16

En kyk, die hemele gaan oop voor Hom (*kai idou ēneōchthēsan autōi hoi ouranoi*)
Die geopende hemel is ŉ teken dat ŉ goddelike openbaring gaan plaasvind (Jes 64:1). Die woorde *hōsei peristeran* (soos ŉ duif) dien hier ŉ tweeledige betekenis. Eerstens dui dit daarop dat die doop van Johannes ŉ teken van redding is van die komende oordeel (Matt 3:6, 7), maar die duif is tweedens ook ŉ teken van die oordeel se einde en dat ŉ nuwe tydperk begin (vgl. Gen 8:8-12) (Bette *et al.*, 2003:55). Verder is die salwing met die Heilige Gees ook die vervulling van Ou Testamentiese beloftes (Jes 11:2; 42:1; 61:1) en dui dit op die toerusting van die Messias vir sy taak as Kneg van die Here (Bette *et al.*, 2003:57).

- Lukas 3:21

Terwyl Jesus nog bid, het die hemel oopgegaan (*Pros-euchomenou an-eōichthēnai ton ouranon*).
Rondom Jesus se doop speel ŉ reeks gebeurtenisse af. In teenstelling tot die ander evangeliste beskryf Lukas die doop van Jesus net terloops, want Lukas se beklemtoning is op die bonatuurlike gebeurtenisse wat op die doop volg, soos die geopende hemel, die neerdaling van die Heilige Gees in die vorm van ŉ duif, en die stem uit die hemel. Wat Lukas ook vertel, is dat dié gebeurtenisse plaasgevind het terwyl Jesus in gebed was en gebed gesien was as ŉ teken van verbondenheid met die Vader (vgl. Luk 5:16; 6:12; 9:18, 28; 22:39-46) (Bette *et al.*, 2000:155). Met die doop deur Johannes het Jesus se werk as Messias begin. Deur sy doop verneder Hy homself om as die sondelose tot die vlak van sondaars te daal. Só word Hy die sondelose een van ons, maar sonder sonde

(2 Kor 5:21). Met sy volk toon Hy solidariteit om diégene te kan verlos. Die geopende hemel is hier ŉ aanduiding dat ŉ goddelike openbaring sal plaasvind. Ook die neerdaling van die Heilige Gees in die vorm van ŉ duif is moontlik ŉ herinnering aan die geskiedenis van die sondvloed (Gen 8:8-12) en wys hier na die begin van ŉ nuwe tydperk (Bette *et al.*, 2000:*op. cit.*).

- Handelinge 7:56

Ek sien die hemele geopen (*theōrō tous ouranous an-eōigmenous*)

Stefanus roep uit wat hy sien en getuig daarmee van die opstanding en die hemelvaart van die Here Jesus. Hy sien die hemel geopen en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. Dit herinner aan Jesus se woorde in Matt 26:64 en Luk 22:69. Staande aan die regterhand kan opgevat word as ŉ teken van bystand of verwelkoming of pleitbesorger vir Stefanus as eerste Christen wat vir sy geloof gesterf het. Sy uitroep is ŉ getuienis van Jesus se opstanding en hemelvaart (vgl. Hand 4:33). Die benaming Seun van die mens is ŉ benaming ontleen aan Daniël 7:13 se nagvisioen van iemand wat op die wolke aankom, iemand soos ŉ menslike wese. Jesus se posisie as staande aan die regterhand van God hou in dat Jesus deelneem aan die wêreldheerskappy van God die Vader en is dit ook die vervulling van die belofte in die Messiaanse Psalm 110:1 "Kom sit aan my regterhand en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp (Bette *et al.,* 2001:221).

#### 5.5.3.6 Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders en lesers

Onder sommige respondente is daar steeds woede oor die wyse waarop hulle deur hul eertydse politieke meesters in die steek gelaat is. Elke mens het ŉ keuse in die hantering van woede – woede wat geyk moet word na die voorbeeld van God in Jesus Christus – waar God se woede getemper word deur sy geregtigheid en vergifnis. Die visioen wat in Openbaring 19:11-21 beskryf word, gaan oor die veroordeling van aardse instellings wat vir ŉ wanordelike wêreld verantwoordelik was deur aan hulself absolute mag toe te ken en op gelykvormigheid aanspraak maak. Die uitdagende beeld van Christus as regter is beeldstormend en verontrustend (Rowland, 1998:701). Die houding van die heilige en regverdige God in die konfrontasie met sonde en boosheid is aanduidend van sy toorn (*de ira Dei*). Die onreg en die boosheid van die mense en waarvoor daar geen verskoning is nie, sal lei tot die manifestasies van die goddelike gramskap in die lewens van indiwidue

en van nasies (Rom 1:18-32). Die Ou Testament bevat talle illustrasies hiervan soos die verwoesting van Sodom en Gomorra asook die val van Nineve (Deut 28:3; Nahum 1:2-6). God se toorn word altyd getemper met genade – veral in sy handelinge met sy uitverkore volk (Hos 11:8ev). Jesus kan beskrywe word as die Redder uit die toorn wat kom (1 Tess 1:10; Rom 5:9) (Grant, 2009:935; Tasker, 1951:13).

#### 5.5.3.7 Gevolgtrekking en basiese riglyne


In die perikoop oor die Krygsman-Messias (Op 19:11-21) word Jesus gekenskets as Getrou (*Getroue*) en Waaragtig (*Betroubare*) wat in geregtigheid (*regverdigheid*) oordeel en oorlog voer (OAV) (woorde in skuinsdruk (NAV). Geregtigheid loop soos ŉ goue draad deur die Ou Testament (*ts$^{e}$d$^{e}$q*) en Nuwe Testament (*dikaiosunē*). Openbaring verteenwoordig een pool in die Christelike evangelie: *die geregtigheid van God*. Deur geregtigheid en liefde in ewewig te hou, lê aan die kern van beide Joodse en Christelike worstelinge met die karakter van God. Die liefde van God wat ŉ magdom sondes kan bedek, kan nooit die ongeregtighede van die wêreld se maghebbers goedsmoeds toelaat nie. Hierdie sentimentaliteit word genadeloos uitgedaag deur die apokaliptiese visioen (Rowland, 1998:*op. cit.*).

Die woede van die Koevoete teen voormalige én huidige politici kan in die pastoraat ook in die liturgie van die erediens afgelê word deur die liturgiese elemente van sonde-belydenis, vryspraak waarna die geloofsbelydenis volg. Die liturg moet die uitnodiging rig dat sou daar mense wees wat hul woede wil aflê deur ŉ belydenis, hulle tydens die skuldbelydenis daartoe die geleentheid kry (1 Joh 1:9) waarna die vryspraak van sonde volg wat opkom uit die rykdom van God se barmhartigheid soos verwoord in Ps 103:8-12; Jes 1:18; Eseg 36:22-26; Miga 7:18-19; Rom 5:1; 8:1-2); Ef 2:8-9 (Clasen *et al.* 2010:25-30; Wepener & Pieterse, 2018).

### 5.5.4 Menslikheid binne oorlogsituasies (Konsep 4)

**2 Samuel 9:1-13: Dawid se optrede teenoor Mefiboset**

In hierdie rubriek kom die konsep van menslikheid binne oorlogsituasies soos ervaar deur Koevoet veterane tydens die Bosoorlog. Uit die empiriese ondersoek was dit duidelik dat die seerkry en slagting eie aan oorlog nooit die mens van sy/haar menslikheid ontneem nie.




**Die konsepte is almal in relasie tot mekaar**
**Figuur 5.3: Skets: praktykteorie met konsepte en relasies**

#### 5.5.4.1 Bepaling van teks, tekstuele konteks, plek van perikoop en genre

Bezuidenhout (1999:333) onderskei die volgende hoofdele in die boek 2 Samuel:

- 2 Samuel 1-4:12: Dawid word koning in Juda
- 2 Samuel 5:1-10:17: Dawid ook koning in Israel en die fokus val op die verenigde ryk. Met tydsverloop sou die volk hierdie tydperk idealiseer. Dawid is ŉ goeie soldaat en staatsman en die Here belowe dat Hy die ryk en die Dawidshuis in stand sal hou. Die setel van Israel se godsdiens is Jerusalem. In hierdie gedeelte word Dawid uitgebeeld as ŉ getroue vriend van Jonatan as iemand wat sy beloftes aan Jonatan en Saul gestand doen.
- 2 Samuel 9:1-13 vorm deel van die perikoop waar Dawid barmhartigheid aan Mefiboset as afstammeling van Saul en Jonatan bewys.

#### 5.5.4.2 Sosiohistoriese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het.

In paragraaf 5.5.1.4 hierbo is daar hierop ingegaan.

#### 5.5.4.3 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers 2 Samuel 9:1-13

9:3 "Is daar nie miskien iemand uit Saul se familie oor nie?" wou die koning weet. "Ek wil vir hom *ŉ besondere guns* bewys."

- *ḥesed̲* (besondere guns/verbondstrou)

Die begrip van getrouheid, standvastige liefde, of goedheid wat beskou word as beskrywend van *hesed*, het ŉ sterk verhoudingsaspek. Vir ŉ behoorlike omskrywing van die begrip *hesed* is dit van kardinale belang aangesien *hesed* 246 keer in die Ou Testament na vore kom en meer as die helfte daarvan kom weer in die Psalms voor (Van Gemeren, 1997:211).

#### 5.5.4.4 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl

God soek nie diereoffers en graanoffers nie, Hy vra ook nie brandoffers of sondeoffers nie; God wil gehoorsaamheid hê en oor U goedheid en trou het ek nie stilgebly nie (Ps 40:7; 11b). Dawid was bewus daarvan dat die Here nie tevrede is met blote offers nie, en wat hier na vore kom, is Dawid se weerstand teen formalisme en bely hy sy persoonlike toewyding aan die Here. Toewyding aan die Here is die bereidheid om die wil van die Here te doen ("Hier is ek" Jes 6:8). Die dienaar onderwerp homself volkome wat ook al sy Meester verlang (Heb 10:9). Dawid as gesalfde van die Here bied homself aan as ŉ toewydingsoffer aan die Here (Van Gemeren, 2008:367). Toewyding aan die Here is ook ŉ teken van ŉ heelhartige begeerte om ŉ mens se leefwyse in lyn te bring met die wil van God soos voorgeskryf in die Woord van God (Van Gemeren, 2008:368). God se getrouheid is ŉ aanvulling tot sy liefde in die Here se konstante liefde (*hesed̲*) en verbondstrou (Pss 13:6; 18:51; 25:10; 31:7; 32:10). Hy is die God van liefde en waarheid (Ps 26:3). Verlossing is niks minder nie as die volle genieting van God se ewige goedheid (Van Gemeren, 2008:369).

#### 5.5.4.5 Eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrif vergelyking

- *Hesed̲* (besondere guns/verbondstrou)

Duguid (2011:1) wys daarop dat *ḥesed̲* in die Ou Testament ŉ sentrale teologiese term sowel as ŉ kern eienskap in die Here se selfbeskrywing in Eksodus 34:6-7 is terwyl die Here in Miga 6:8 ŉ verpligting op sy volk plaas. In Bybel word die begrip *ḥesed̲* deur verskillende woorde aan die orde gestel, soos *goedheid, getrouheid, genade, vriendelikheid, lojaliteit* en *standvastigheid* (Van Gemeren, 1997:211). Binne die enkele woord *ḥesed̲* word liefde sowel as lojaliteit saamgevoeg. *Hesed̲* kan ook beskrywend wees van iets wat binne ŉ bestaande verhouding gebeur, hetsy tussen twee mense of tussen God en mens. *Hesed* is ook beskrywend van God se geneentheid tot heilsame dade teenoor die getroues, Israel sy volk, asook die mensheid in die algemeen en is die frase *die guns of*

*goedheid van die Here* (vgl. 1 Sam 20:14 en 2 Sam 9:3) is immers verteenwoordigend van ŉ ingryping tussen hierdie twee vlakke van menslike en goddelike *hesed* (Van Gemeren, 1997:*op. cit.*). In menslike verhoudings impliseer *ḥeseḏ* liefde vir die naaste, nie net as emosionele gevoelens nie, maar as dade van liefde en diensbaarheid wat aan die ander persoon bewys word omdat hy deel is van die geloofsgemeenskap. Volgens Miga 6:8 moet die Godsvolk reg laat geskied; liefde en trou sal bewys en bedagsaam voor hul God sal leef (Duguid, (2011:*op. cit.*).

In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:30-37) het Jesus die grense van die geloofsgemeenskap se plig radikaal herdefinieer. ŉ Goeie buurman het as lid van die gemeenskap ŉ verpligting gehad om ŉ buurman wat in moeilikheid verkeer te help, maar dié verpligting is deur die priester en die Leviet verloën toe hulle verlangs verbyhou. Die eintlike en ware naaste was die Samaritaan wat *ḥeseḏ* (barmhartigheid) bewys het (Van Gemeren, 1997: *op. cit.*). *Heseḏ* kan ook ŉ beskrywing wees van gelowiges se verpligtinge teenoor ander lede van die geloofsgemeenskap. Hoe kan ons sê ons is lief vir ons Verbondsgod as ons sy opdragte ignoreer om ons medemense lief te hê (1 Joh 4:20). In Psalm 23 verklaar die psalmis dat die Here se *hesed* hom sal volg al die dae van sy lewe. Waar die woord *volg* normaalweg die optrede van plunderende leërs en ŉ verbondsvloek beskrywe, maar die psalmis is oortuig dat pleks van die verbondsvloek wat hy verdien, sal die Here se goedheid en troue liefde hom eerder meedoënloos agtervolg (Duguid, 2011:2).

### 5.5.4.6 Huidige sosiohistoriese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers

In Dawid se tyd was dit die gebruik dat wanneer een koningshuis ŉ ander vervang, sou die nuwe koning die ou koningshuis uitroei. Dit is gedoen sodat daar nie uit die vorige koningshuis iemand kon kom wat op die troon aanspraak sou maak nie, maar Dawid was anders: hy het geen begeerte om die huis van Saul uit te roei nie. Sy begeerte was eerder om goed te doen aan die oorblywende lede van die huis van Saul, want hy het immers aan Jonatan (1 Sam 20:14-17) en Saul (1 Sam 24:21-23) belowe om dit te doen. (Bezuidenhout, 1999:342). Dawid wil aan Mefiboset *ŉ guns van God* bewys sodat God se liefde sigbaar word in die optrede van Dawid (Bezuidenhout, 1999:*op. cit.*).

Selfs in die moeilikste omstandighede – soos in oorlog – kon mense vashou aan God se

trou en steeds hul menslikheid behou. Dit is immers die getuienis van talle oud-lede van die Veiligheidsmagte en die navorser glo dit is ook die getuienis wat uit die geledere van die destydse vyand sal weerklink.

#### 5.5.4.7 Gevolgtrekking en basiese riglyne

Die volheid van die Here se *hese<u>d</u>* word aan die kruis gesien. Daar het die ware *hese<u>d</u>*, Jesus Christus self – die enigste mens wat ooit waarlik lojaal aan die Here en aan sy naaste in alle lewensaspekte kon wees – behandel as die verbondsverbreker wat die vloek van die sondeskuld sou dra sodat die ontroue mens met Christus se getrouheid beklee en verlos kan word (Duguid, 2011:2). Die uitdaging van 2 Samuel 9 is dat God se liefde in die wêreld sigbaar moet word deur die optrede van mense. Uit Dawid se optrede teenoor Mefiboset word dit sigbaar dat ŉ mens se waarde by God nie afhang van sy/haar nuttigheid vir die gemeenskap nie, want God se liefde maak hulle waardevol. Twee van die respondente vir hierdie ondersoek is deur die Bosoorlog erg gestremd gelaat en waar hulle van owerheids-weë nou ŉ koue skouer kry. Dit is net hul vashou aan hul waarde van God se liefdevolle sorg wat hul tot dusver in hul slegste omstandighede kon deurdra. In die pastorale betrokkenheid by Koevoete moet hieraan vasgehou word.

## 5.6 SAMEVATTINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Uit die empiriese ondersoek is ŉ kernkonsep en drie verdere konsepte geïdentifiseer wat normatief aan die Skrif onderwerp is. In die kernkonsep – die werklikheid van oorlogs-verwonding – het die kwessie van mag aan die orde gekom. Oor die eeue het die mens ŉ obsessie met mag gehad en in die proses is daar vergeet dat ware mag aan God behoort. Oor die algemeen was menslike mag gekorrupteer wat selfs by Dawid aanwesig was. In Dawid se konfrontasie met die baasvegter Goliat het Dawid se vertroue in die God van Israel die botoon gevoer en kon hy ŉ sterk getuienis lewer oor die reddingskrag van God.

In die tweede konsep het die kwessie van verwerping as deel van oorlogvoering aan die orde gekom. Dawid ervaar verwerping van sy opstandige seun Absalom. Dit dryf Dawid tot trane en diepe hartseer waar hy eerder in sy seun se plek sou sterf. Die diepste vorm van verwerping lê juis daarin dat jy jouself afsny van ander mense.

Konsep drie het die woede van oud-Koevoete onder die loep geneem. Lank na die beëindiging van die Bosoorlog is daar nog woede onder respondente oor die wyse waarop hulle deur eertydse politici in die steek gelaat is. Navorser is daarvan oortuig dat hierdie woede nie net by oud-Koevoete manifesteer nie, maar dat dit ŉ wydverspreide gevoel onder talle oud-lede van die destydse Veiligheidsmagte mag wees. Van belang hier is die twee begrippe $ts^{e}d^{e}q$ (geregtigheid) en *dikaiosunē* (geregtigheid) wat soos ŉ goue draad dwarsdeur die Bybel loop.

Konsep vier stel menslikheid binne oorlogsituasies aan die orde. Dawid se optrede teenoor Mefiboset dien as voorbeeld vir die uitlewing van *ḥeseḏ* in die praktyk van die daaglikse lewe. In menslike verhoudings impliseer *ḥeseḏ* liefde vir die naaste wat binne die geloofsgemeenskap uitloop op dade van liefde en diensbaarheid wat grense moet verskuif ook na diegene wat nog nie deel van die geloofsgemeenskap is nie. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan herdefinieer Jesus die geloofsgemeenskap se plig radikaal. ŉ Goeie buurman het as lid van die geloofsgemeenskap ŉ verpligting om in buurman in moeilikheid te help. In Jesus se tyd het die *kerk* (priester en Leviet) ŉ blinde oog gegooi op die nood van ŉ buurman en medemens, maar toe word ware *ḥesed* deur ŉ gehate Samaritaan bewys. Nou is die vraag: Wat het die Christelike kerke as breë geloofsgemeenskap gedoen om as barmhartige Samaritane *ḥesed* te betoon aan die verwonde Koevoete – en vele ander oorlogsgewondes – wat uit die Bosoorlog op die land toegesak het?


In hoofstuk 6 word aandag gegee aan die belangrike perspektiewe vanuit pastoraal-teologiese literatuur met betrekking tot die temas van oorlog, geweld en trauma.

# HOOFSTUK 6

# BELANGRIKE PERSPEKTIEWE VANUIT PASTORAAL-TEOLOGIESE LITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE TEMAS VAN OORLOG, GEWELD EN TRAUMA

## 6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk se fokus is gerig op pastoraal-teologiese bydraes (pastorale motiewe) vanuit die literatuur met betrekking tot die temas van oorlog, geweld en trauma. Navorser sal veral gebruik maak van navorsing wat gebaseer is op ŉ Christelike denkraamwerk met die Bybel as vertrekpunt. Insigte wat hieruit na vore kom, tesame met die uitkomste van die *empiriese ondersoek* (Hoofstuk 3); die i*nsigte vanuit die buurwetenskappe* (Hoofstuk 4); asook die *eksegetiese perspektiewe* (Hoofstuk 5). Die pragmatiese moment (Hoofstuk 6) sal nou aan die order kom. Die vraag wat hier gevra moet word, is: *Hoe reageer ons op die situasie?* Vanuit die insigte van die drie vorige momente saam met die *pragmatiese moment* sal daar as antwoord in hierdie hoofstuk praktykteoretiese riglyne geformuleer word van ŉ genesingsmodel vir die pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstelproses.




**Figuur 6:1 Vier momente van prakties-teologiese navorsing (Osmer, 2008:11)**

## 6.2 DOELSTELLING

Osmer (2008:8) wys op die belang vir die praktiese teologie om teorieë van ander akademiese dissiplines soos antropologie en psigologie te gebruik as deel van praktiese teologiese interpretasie, maar daardie teorieë het ook beperkinge. As lede van die Christelike geloofsgemeenskap moet aan sodanige teorieë verdere vrae gestel word: Wat behoort hier te gebeur? Wat staan lede van die Christelike geloofsgemeenskap te doen as antwoord op ons gedeelde lewe en wêreld? Waar betekenisvolle riglyne vanuit die pastoraal-teologiese literatuur met betrekking tot die pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstel geïdentifiseer kan word, sal dit ondersteunend tot die resultate van die eksegese in hoofstuk 5 wees.

## 6.3 PASTORALE BERAAD EN DIE MENS

Die mens is na die beeld van God geskape en daardeur het die mens beelddraer van God geword. Hierdie vertrekpunt van die mens sou dus meebring dat daar binne die pastorale gesprek deeglik hiermee rekening gehou moet word. Daar word vervolgens aandag gegee aan verskillende aspekte wat hiermee verband hou.

### 6.3.1 Empatie

In sy eenvoudigste vorm beteken empatie om jouself in iemand anders se skoene te plaas, maar weens die mens se sondige aard is daar die geneigdheid '*om net na jouself om te sien*' en waar woede weer net vir selfsugtige redes aangewend word (Carter, 2007:40). Kreatiewe potensiaal asook die vermoë tot liefde is ŉ intrinsieke deel van die menslike lewe en is nie ŉ blote byvoeging nie (Masango, 2004:998). Empatie gaan oor ŉ besorgdheid vir ander tydens die ervaring van negatiewe emosies terwyl daar ook die begeerte is om werklik ŉ verskil te maak (Szalavitz & Perry, 2010:12). Deur lewenslange interaksie in verhoudings ontwikkel empatie verder en word vanuit liefdevolle verhoudings met ander beïnvloed en so word taal as een van die mees komplekse menslike sisteme gevestig (Szalavitz & Perry, 2010:12). Empatie maak ŉ groot deel uit van ons daaglikse omgang met mense (Goleman, 1996:96). Wat uit die empiriese ondersoek na vore gekom het, was die gevoel by tien respondente dat vanweë hul Koevoetverlede wat teen hulle gehou was, is daar in die nuwe bedeling weinig empatie aan hulle betoon. Szalavitz en Perry (2010:136) wys op die belangrikheid van empatie ten opsigte van woede. Om onvoorbereid te wees op ŉ leefwêreld van spanning en stres lei net tot verhoogde aggressie, terwyl voorbereidheid tot ŉ kalmer lewe weer lei tot meer liefde. Hierdie feite

het verreikende gevolge wanneer trauma in ag geneem word wat tydens oorloë, volksmoorde, hongersnode asook natuurrampe beleef is (Szalavitz & Perry, 2010:*op. cit.*). Wanneer *wen ten alle tye* aangemoedig word deurdat prestasie eerder as karakter beloon word, lei dit ook tot 'n afname van empatie (Szalavitz & Perry, 2010:141). Wanneer empatie ten volle in 'n gemeenskap uitgeleef word deur versorgende interafhanklike persone, word gesondheid, kreatiwiteit, intelligensie asook produktiwiteit daardeur bevorder. Apatie – as die teenoorgestelde pool van empatie – het weer indiwiduele asook sosiale disfunksie, onmenslike ideologieë asook soms brutale aksies tot gevolg (Szalavitz & Perry, 2010:288).

### 6.3.2 Liefde

Navorsing bevestig dat liefde die brein laat groei en is liefde fisiologies ontwerp om vrees teë te werk of dit te oorwin. Versteurings wat uit vroeëre verhoudings ontstaan, lei daartoe dat sosiale interaksie as minder aangenaam en vertroostend beskou word en daar al minder rede bestaan om goed te wees vir ander asook om sosiale reëls te volg (Szalavitz & Perry, 2010:62; 289).

Liefde word uit die Skrif as die belangrikste aspek geïdentifiseer. God is liefde, daarom moet die mens se lewe deur liefde beheer word; God is vry, daarom is die mens as vrye wese geskape; God is heilig, daarom moet die mens heilig lewe; God is goed, goedhartig en geduldig. Om deur Christus soos God te wees, is die konstante vermaning aan die mens (König, 1994:37-38). Wanneer Jesus met gesag opgetree het, word daar enersyds meer van God geleer en andersyds is riglyne daargestel vir menslike optredes. Jesus se lewe was die norm en voorbeeld van leerstellings met betrekking tot God. Jesus was die norm en voorbeeld van die leer omtrent God (König, 1994:40-41).

### 6.3.3 Etiek van verantwoordelikheid

'n Etiek van verantwoordelikheid het ten doel dat persone verantwoordelikheid vir die gevolge van hul gedrag sal aanvaar. Volgens May (1972:253) sou dit absolute wreedheid wees as die mens verhoed sou word om verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar. Die etiek van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand is deur liefde vervang – selfs liefde vir die vyand. Om vir jou vyand lief te kan wees, is blote genade. Word genade uit die oog verloor, kan dit lei tot 'n oorvereenvoudigde skynheilige etiek wat nie tot verbeterde sosiale verhoudings lei nie. Deur onkunde te pleit kan die verantwoordelikheid vir die

gevolge van gedrag nie omseil word nie (May, 1972:260).

Sacks (2006:1) neem as vertrekpunt dat meer as enige ander vorige geslag in die geskiedenis het ons die punt bereik waar die indiwidu gesien is as die enigste bron van betekenis. Die spinnerak se verbindingsveseltjies van verbinding tussen ons en ander – wat eens families, gemeenskappe en samelewings aanmekaar gehou het, het verswak. Ons het eensame enkelinge geword op soek na persoonlike vervulling. Maar iets haper aan hierdie selfsugtige soektog, want ŉ lewe wat alleen gelewe word, is slegs ŉ halwe lewe. Daarom is dit die moeite werd dat mense hulself daaraan herinner dat etiek nog bestaan en dit behoort aan die lewe wat mense saam beleef en die stoflike goed wat mense nog onderling deel. Dit wys heen na een van die Judaïsme se mees onderskeidende en uitdagende ideë: *die etiek van verantwoordelikheid* – die idee dat God die mense uitnooi om in die rabbynse gesegde, Sy *'vennote in die skeppingswerk'* te word. Die God wat in liefde geskep het, roep na die mense om in liefde te kom skep. God wat aan mense die gawe van vryheid gegee het, vra nou van die mens om dit te gebruik om die vryheid van ander te eer en te versterk. Die lewe is God se oproep tot verantwoordelikheid. Die *etiek van verantwoordelikheid* is die beste antwoord wat Sacks (2006) ken met betrekking tot die betekenis en sinrykheid van die lewe.

Vanuit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat daar onder ŉ besondere omgee vir mekaar is waar veral materieel uitgereik word na diesulkes wat vasgevang sit in die greep van armoede en swaarkry. Wanneer dit by die nood van hul makkers kom, is hulle *kleurblind* en word moeite gedoen om diesulkes te help. Na die Bosoorlog is ŉ groep Owambo Koevoete in die omgewing van Warmbad (Bela-Bela) op Vingerkraal gehuisves. Daar is gesorg dat diegene wat daarvoor kwalifiseer staatspensioene kry. Verder word jaarliks ook ŉ besoek aan Vingerkraal gebring waar kos en klere uitgedeel word. Navorser oordeel dat hierin tog ŉ etiek van verantwoordelikheid na vore kom. Die mense van Vingerkraal is tans *weggooimense*, maar is nooit deur hul blanke kamerade vergeet nie.

### 6.3.4 Eenheidsgevoel

Die begrip *esprit de corps* is bekend onder militêre en semi-militêre organisasies en word beskryf as ŉ gemeenskaplike doel – groter as die self – waar ŉ sin vir lojaliteit en toewyding aan die organisasie vereis word. Hier word die organisasie gesien as groter as die

individu en vorm die grondslag van lojaliteit en toewyding aan die organisasie. Die *'ons' en 'hulle' gevoel* is kenmerkend van oorlog waar 'n groter eenheidsgevoel (*esprit de corps*) voorkom by persone vanuit dieselfde groep en 'n mate van 'behoort' is dan ook 'n sleutelelement (Boyle, sa:1). By Koevoet veterane het 'n uitsonderlike *esprit de corps* na die Bosoorlog na vore gekom. Toe hulle verwerping ervaar, het hulle besluit: *Ons gaan nie vergeet word nie*. Oud-Koevoete het die *Koevoet Veterane Bond* tot stand gebring om deur lidmaatskap en skenkings die Koevoet Muur van Herinnering te bou. Daarop verskyn die name van 165 Koevoete wat vanaf 11 Januarie 1979 tot 3 April 1989 tydens die Bosoorlog die hoogste prys met hul lewens betaal het en waarvan die meerderheid Ovambo's was (par. 3.3.1.1 bo).

By hul jaarlikse byeenkoms word groot moeite gedoen om die Ovambo Koevoet veterane én hul gesinne ook by die byeenkoms te betrek. Enkele respondente het die hoop uitgespreek dat daar deur die Bond al hoe meer pastoraal betrokke geraak kan word deur lewenshulp aan veterane te bied.

### 6.3.5 Vergifnis

Om vry te kom van die gebeure vanuit die verlede speel vergifnis 'n sleutelrol. Vergifnis asook selfvergifnis bied dikwels die sleutel tot vryheid vir onsself, sowel as vir diegene deur wie ons verontreg is (Coetzer, 2018:43). Tans is daar geen universele definisie vir vergifnis nie (Denton, 2011:1), maar wat vergifnis wel na vore bring, is dat die behoefte tot wraak en om ander te straf laat vaar word terwyl die ander persoon se skuld afgeskryf én hy/sy ook vrygespreek word. Vergifnis kan dan as 'n rasionele proses beskou word wat as rigtinggewende beginsel in die menslike bestaan aanwesig is (Marty, 1998:13). Woede oor die manier waarop Koevoete na die Bosoorlog behandel is, sit diep in hul gees. Aan die hand van die vergifnissiklus se viervoudige roete (paragraaf 7:15) sal daar hieroor pastorale begeleiding moet plaasvind.

### 6.3.6 Skrifgebruik in die pastorale gesprek

"U het ons vir uself gemaak, O Heer, en ons harte is rusteloos totdat dit in U rus kon vind". In die Belydenisse van Augustinus van Hippo word die diep innerlike verlange van die mens na ware intimiteit met God gehoor. Die Skrif is God se Woord in mensetaal. Omdat gelowiges die belofte van die Heilige Gees het, kan die Woord in die mens se daaglikse situasies uitgelê, verklaar en toegepas word. Verder besit die Bybel ook die

innerlike krag dat mense daaruit beraad kan word, want deur die verligting van die Heilige Gees kan die Woord van God in mensetaal uitgelê, verklaar en toegepas word. Verder is dit die werk van die Heilige Gees om die Skrif oop te maak om dit verstaanbaar in die harte van gelowiges oor te dra (De Klerk & Van Rensburg, 2005:11). Los van die Bybel kan geen pastorale gesprek sinvol plaasvind nie. Dit geld ook vir die pastorale begeleiding van .

## 6.4 MENSLIKE HEELHEID

### 6.4.1 Gesondheid versus siekte

Louw (2008:428) wys daarop dat gesondheid dikwels beskou word as die mens se normale en natuurlike staat terwyl siekte dan as abnormaal en onnatuurlik gesien word. 'n Omskrywing van gesondheid as 'n toestand van *nie-siek-wees-nie* impliseer dat gesondheid as sodanig die norm is. Gesondheid beteken dan die afwesigheid van siekte, maar om gesondheid slegs teen die agtergrond van siekte te sien is eensydig, want gesondheid moet veel meer tot gevolg hê as die afwesigheid van siekte. In pastorale sorg moet daar eerder na menslike heelheid verwys word, want in 'n Bybelse sin verwys heelheid na lewe en redding (die werkwoord *sozo*, om te red) (Louw, 2008:*op.cit.*).

Twee respondente in die empiriese ondersoek het elkeen 'n regterbeen in kontakte tydens die Bosoorlog verloor. Beide ervaar 'n mate van bitterheid oor hul na-oorlogse ervaring met betrekking tot hul gestremdheid vanuit owerheidsweë. Dit wil voorkom asof 'n regsproses hier onafwendbaar is om die betrokke owerheid tot verantwoording te roep. Reëlings is getref met 'n advokaat wat van konstabel tot generaalsrang in die voormalige SA Polisie gedien het om na die meriete van die saak te kyk. Hy het self etlike kere grensdiens gedoen. In beide gevalle moet die fokus van die pastorale betrokkenheid uiteindelik op Bybelse menslike heelheid val wat verwys na lewensheelheid en vrymaking van die onstuimige emosies wat hulle geregverdigd tans ervaar.

Ook die moderne psigiatrie het al tot die belangrike besef gekom dat die spirituele aspek net so 'n belangrike komponent van die totale mens is as die liggaam en die gees. Gesonde mense in die Ou Testament was mense wat die kwaliteit van volheid en welstand van lewe tot uitdrukking gebring het onder die begrip *shalom* (vrede). *Shalom* is 'n omvattende begrip wat verbind word aan morele handelinge, spirituele suksesse en geregtigheid (*sedeq*), getrouheid aan die verbond en die *tora* (heiligheid), gehoor-

saamheid aan God en die wet, seën, vrugbaarheid en ŉ lang lewe (Louw, 2008: 429). Hierdie begrippe – binne ŉ omvattende verstaan van gesondheid as heelheid en welstand – verwys na ŉ positiewe toestand van algehele vervulling en ŉ sin van bestemming soos dit voortvloei uit God en Sy wil vir ŉ mensliewende lewe in waardigheid en geregtigheid. Gesondheid raak ook gesonde verhoudings. Hierdie omvattende Ou Testamentiese verstaan van gesondheid is ŉ inmekaarvoeging met die Nuwe Testamentiese verstaan van gesondheid en genesing (Louw, 2008:*op. cit*.).

### 6.4.2 Bybelse konsepte vir heelheid

Tussen die konsepte *hugiés* en *shalom* is daar ŉ noue verband om uitdrukking te gee aan die idee van gesondheid en heelheid met betrekking tot ŉ persoon se wese wat die kern van gesondheid uitmaak (Wilkinson, 1989:22). So beskrywe *eirene* ŉ vredestoestand of kalmte in teenstelling tot oorlog of onrus. Waar *zoe* na gesondheid as ŉ konstruktiewe leefwyse of lewenskwaliteit verwys, verwys *bios* en *psuche* oor die algemeen na die gewone menslike lewe wat by geboorte begin en met die dood eindig. Wanneer lewe aan God oorgegee is, verwys dit na ewige lewe en vertroue in die getrouheid van God. *Soteria* is weer aanduidend van redding as die uitkoms van regverdiging, naamlik om gered en gesond en verlos te wees (vryheid van boosheid en sonde).

Vanuit ŉ teologiese oogpunt kan ons die gevolgtrekking maak dat gesondheid as ŉ omvattende kategorie na ŉ bestaanswyse kan verwys wat as *shalom* (vrede) beskryf kan word. Volgens Long (2000:14) lei s*halom* (gesondheid) ons na ŉ verhouding met God, met mekaar en die omgewing waarin daar vrede heers. *Shalom* word ervaar vanuit ŉ regte verhouding tot God; dit is ŉ gesamentlike ervaring; dit word op ŉ besondere manier binne familiesisteme ervaar en behoort uitgebrei te word tot die hele skepping. Shalom is derhalwe ŉ aanduiding van lewensvolheid.

In die Nuwe Testament is die hoofsaak *bestaan* eerder as die *daad* of *handeling* waar kollaterale verhoudings die primêre waardeoriëntasie uitmaak en waar groepdoelwitte verkieslik is bo indiwiduele doelwitte. Hier is beide die verlede (tradisie) en die fokus op die alledaagse lewe in die hede belangrik. Deel van die realiteit van die alledaagse lewe is die wisselwerking tussen die goeie en die kwade (Louw, 2008:430).

### 6.4.3 Ruimte en plek in genesing

Louw (2008:434) vestig die aandag daarop dat die Grieke lankal die belangrikheid van ruimte en plek vir ons menswees ontdek het. *Chōrēo* is ŉ werkwoordelike afleiding van *chōros* of *chōra* en is aanduidend van ŉ oop stuk grond en kan *chōra* as ŉ onoorganklike werkwoord die betekenis dra van ruimte te skep. In ŉ uitgebreide en metaforiese sin kan dit verwys na intellektuele en spirituele vermoëns om te verstaan en in hierdie sin ruimte laat funksioneer as ŉ houer van betekenis. In die evangelie van Matteus (Mat 13:11,16 ev, 19, 23) beklemtoon *chōrēo* begrip vir die gelykenisse se onderrig asook die vermoë om daarop te reageer (Schmidt, 1975:742).

*Chōra* word dan ŉ aanduiding van die wyse waarop mense hul ruimte vul met waardes, persepsies en assosiasies sodat ŉ dinamiese verhoudingsomgewing en ŉ sistemiese netwerk van interaksie ontstaan waar taal, simbool en metafoor gestalte gee aan ons lewensdiskoerse (Louw, 2008:*op. cit.*). In die debat oor genesing in pastorale sorg verskuif *chōra* die debat van prestasie en produksie na omgee en versorging, tot ondersteuning, insluiting, beskerming, ontwikkeling en *lewe* te skenk aan die lewe (Louw, 2008:435).

Die moontlikheid is uiters skraal dat Koevoet veterane die woord *chōra* of die betekenis daarvan ken. Sonder enige pastorale begeleiding kon die ware gees van *chōra* onder hul eertydse Ovambo asook ander sukkelende makkers uitleef deur hul omgee, ondersteuning, insluiting en beskerming. Omdat navorser nooit deel van Koevoet was nie, het hy hierdie kameraderie en egte omgee vir mekaar oor kultuur- en rassegrense heen beleef as iets wat bo die alledaagse uitstaan.

### 6.4.4 Bekragtigingsteologie

Om teologie en Christelike spiritualiteit te koppel aan ruimte en plek is nie maklik nie, maar Louw (2008:436) neem as vertrekpunt dat ŉ teologie van ruimte en plek verwys na die inkarnasie: God se menswording en liggaamlike teenwoordigheid binne ŉ menslike liggaam deur Christus. Die inkarnasie word gesien as die gebeurtenis van die herskepping en bied die eskatologiese ruimte binne die hoopvolle dinamika van die reeds bestaande en die nog nie bestaande nie. ŉ Teologie van plek en ruimte het betrekking op ŉ teologie van bekragtinging – die samestel van ons nuwe menswees in Christus asook ons veranderde status as kinders van God. Louw (2008:437-438) wys daarop dat daar verskillende opsies

is vir ŉ teologiese benadering tot gesondheid en heling, soos:

- **ŉ Teologie van skematisering**

Hierdie is ŉ poging om teologie te skematiseer in terme van dogmatiese kategorieë om die wese van God te verstaan. Die gevaar lê daarin dat dit neig om uiters rasionalisties te wees en eindig met ŉ uiters positiwistiese houding teenoor die verhouding tussen God en lewe. In die Protestantse tradisie is genesing dikwels gereduseer tot sondebelydenis en die idee van regverdigmaking (Louw, 2008:437).

- **Bevrydingsteologie**

Tydens tye van onderdrukking was die bevrydingsteologie ŉ poging om mense te bevry van onderdrukkende sisteme wat basiese menseregte skend. Hier word gefokus op die ideologie onderliggend aan maatskaplike sisteme sodat mense uiteindelik bevry kan word van vernietigende instellings en denkpatrone. Tydens rewolusionêre optredes gedy die bevrydingsteologie met die doel om die samelewing te transformeer. Hier is heling bykans sinoniem met bevryding (Louw, 2008:*op. cit.*).

- **ŉ Teologie van rekonstruksie of herbou**

Hier is die fokus op herstrukturering van maatskaplike strukture wat die welsyn van mense bepaal. Die fokus is veral op eietydse kwessies soos armoede asook die herverdeling van rykdom en ongelykheid. Maatskaplike genesing en heropbou gaan hand aan hand en die pastorale hulpverlener word al hoe meer ŉ maatskaplike werker (Louw, 2008:*op. cit.*)

- **ŉ Teologie van bemagtiging (affirmation)**

Die mikpunt van ŉ teologie van bemagtiging is om aandag te gee aan ontologiese kwessies wat die status en identiteit van mense affekteer. Binne ŉ Christelike spirituele benadering tot lewensgebeure, beskryf ŉ bemagtigingsteologie die mens se status eskatologies. Hier word eskatologie verstaan as ŉ ontologiese kategorie wat menswees definieer vanuit die gebeure van die kruis en die opstanding. Eskatologie het te make met die essensie van goed (Louw, 2008:438).

Bemagtigingsteologie het ontstaan uit die ontologiese *JA in Christus* tot ons menswees – soos gedemonstreer deur die doop en gevier in die Nagmaal en wat na vore kom in nuwe patrone vanuit ŉ pneumatiese lewenswyse. ŉ Teologie van bemagtiging sluit ook aan by

ontwikkeling in die psigologie. Die nadruk op positiewe psigologie en sy variante fortologie is ŉ wegbeweeg van patologie na konstruktiewe toepassing en bemoediging (Louw, 2008:*op. cit.*).

Al vyftien respondente is grootgebring binne die Christelike tradisie (Nederduitse Gereformeerdes, Gereformeerdes, Lutherane, Presbiteriane en Charismatiese genootskappe). Die kern van die Christelike gebeure – soos uitgebeeld deur die doop en die viering van die Nagmaal – is aan al hierdie respondente bekend. Die viering van die Nagmaal in kleiner groepies saam met hierdie respondente kan dalk vir hulle instrumenteel wees om weg te beweeg van siekte (gevange gehou word deur gebeure in die verlede en veral tydens hul tydperk by Koevoet) na bemoediging vir mekaar en ander.

Binne die paradigma van ŉ bemagtigingsteologie verwys *fortigenesis* (*fortis*=sterk) na die sterkte-perspektief wat menslike gesondheid in verband bring met die positiewe komponente in menslike gedrag. Hierdie benadering fokus op daardie komponente in menslike gesondheid wat krag, moed en ŉ positiewe benadering tot lewenseise stel. Binne die paradigma van bemagtiging wys *fortigenesis* in die rigting van eksistensiële en ontologiese kategorieë as blote innerlike emosionele krag en positiewe gedragshoudings. ŉ Teologie van bemagtiging verwys na ŉ ontiese bestaanswyse, naamlik dat die mens se bestaanskwaliteite deur die eskatologie bevestig word. Om ŉ nuwe skepsel in Christus te wees beteken om deur die charisma (vrug) van die Gees versterk te word ten einde ŉ lewe van moed te leef deur middel van ŉ lewende hoop. Met geestelike *fortigenesis* en fortologie word bedoel die soort spirituele krag en moed wat voortvloei uit die mens se nuutheid in Christus. Die ekwivalent in die Bybel vir *fortigenesis* is *parrhēsia*, naamlik die moed wat nie ŉ menslike eienskap is nie, maar ŉ eienskap wat van God kom (1Tess 2:2) en van Christus (Filem 8). *Parrhēsia* is ŉ pneumatiese funksie as deel van die vrug van die Gees (Louw, 2008:439).

Vier van die respondente het spontaan getuig oor hulle nuutheid in Christus en die impak wat dit op die hantering van hul werksituasies gehad het. Drie kon vanuit hul nuutheid en verbondenheid aan Christus vrede maak met hul werksituasie in die nuwe SAPD. Vir een het dit beteken dat daar vir bykans twintig jaar in ŉ rang gesit is terwyl eertydse juniors by hom verbygaan. Hier was inderdaad moed wat nie ŉ menslike eienskap is nie, maar inderdaad ŉ eienskap wat van God kom.

## 6.5 PATORALE BERADING EN DIE VERGIFNIS SIKLUS

### 6.5.1 Lokus van die Christelike teologiese antropologie

ŉ Christelike leerstelling oor die mensdom kan nie sondermeer vanuit die skeppingsorde afgelei word nie en nog minder kan dit afgelei word van ŉ transendentale analise van menslike selfverstaan. Die Christelike teologie moet daarop aandring dat *kennis van die mensheid* én *die kennis van die Drie-enige God* onskeibaar is hoe moeilik dit ook al mag wees om reg daaraan te laat geskied aan beide dele van hierdie bekende stelling. Ook Barth het geargumenteer dat mense nie kan weet wie hulle is en wat ŉ mens veronderstel is om te wees deur introspektief na hulleself en menslike ervaring te kyk nie, of deur te luister na die opinies betreffende die menslike toestand wat uit die filosofie of die empiriese wetenskappe na vore kom nie. ŉ Teologiese antropologie moet fokus op die Woord wat God aan ons gerig het (Conradie, 2004:*op.cit*.).

In sy antropologiese nadenke het Karl Barth die Christologie as die enigste vertrekpunt gebruik om die mensdom te verstaan. Sy aanvoeling was dat daar nie met ŉ definisie van die menslike natuur begin kon word asof ons alreeds weet wat dit is en dan sê dat Jesus in hierdie menslike natuur deel nie. Dit is ook moontlik om die antropologie binne die konteks van die pneumatologie te plaas. Moltmann het hierdie benadering gevolg deur die leer van die pneumatologie te ontwikkel van God se inwoning in die skepping (Conradie, 2004:*op.cit*.). Dit mag die deur oopmaak vir ŉ soteriologiese vertrekpunt vir ŉ Christelike antropologie waar ŉ ryke versameling van konsepte gebruik kan word en wat regverdiging, heiliging, versoening, verlossing, bevryding en oorwinning oor die bose insluit. Mense is vergewe sondaars en is God se eie skepsels wat uit geloof alleen lewe, wat bemagtig en deur God erken word as mense van buite (*ab extra*), ten spyte van die verwronge impak van die mens se sonde – al word daardie mensheid deur die self of ander ontken. Mense is wesens wat van selfvernietiging in Jesus Christus deur die Gees van God gered is. Die pneumatologie is dalk die mees verwaarloosde aspek van die Christelike teologie (Hall, 1993:248).

Vir ander mag die sleutel tot die Christelike antropologie dalk in die ekklesiologie lê, want hulle sien die kerk as ŉ geloofsgemeenskap. Schwöbel (1991:157) argumenteer dat die kerk as geloofsgemeenskap die persoonlike en gemeenskaplike vertolking is van die mensheid se herskepping as geskape sosialiteit tot losgekoopte sosialiteit. Vir Pannenberg hoort skepping en eskatologie bymekaar, want dit is net in die eskatologiese voltrekking dat die

bestemming van die skepsel – veral die mens – tot vervulling sal kom (Conradie, 2004: 567).

### 6.5.2 Oorsig oor die skepping van die mens

Die mens is geskape na die beeld van God. Hierdie is die sentrale aspek tot die Christelike teologiese antropologie en impliseer dat die mens op die een of ander misterieuse wyse aspekte van God reflekteer (Lester, 2003:57-58). Hierdie oortuiging – die mens se geskapenheid na die beeld van God – is grondliggend tot die Christelike geloof (Cameron, 2005:53) – veral ten opsigte van Christene se waardes en leefstyl (König, 1994:37). Wat opval is dat profete en apostels enersyds ongeforseerd en sonder allerlei verduidelikings in mensvormige terme en beelde oor God preek en andersyds dat die mens na die beeld van God geskape en dan telkens opgeroep word om weer hierdie beeld te vertoon. Word beide hierdie sake ernstig opgeneem, mag dit blyk dat God en mens – ondanks die radikale verskil Skepper en skepsel en alles wat dit impliseer – bymekaar pas minstens in die sin dat dit gepas is om in terme van die mens oor God te praat omdat die mens na die beeld van God geskape is (König, 1975:124). Dit gaan ten diepste om die verhaal van God en wat deur God self in Sy Woord vertel word met die doel dat die mens sy eie verhaal sal verstaan (Cameron, 2005:53).

Uit die verhaal van God kom die volgende na vore:

- **God is die Skepper en die mens Sy skepsels.** Dit lei tot die volgende twee vrae (vgl. Cameron, 2005:54-59)

  - Die **antropologiese vraag** vra**:** *Wat is die mens*?

    Sonder God kan menslike lewe nie ten volle verstaan word nie. Om deur God se oë na menslike verhoudings te kyk, word deur Sy liefde alles in ŉ ander lig beskou. Dié God wat uit niks nie (*creatio ex nihilo*) alles geskape het, skep die mens (*ādām ha*) uit die stof van die aarde (*hā*$^{a}$*d̲āmāh*), maar na die sondeval en die dood wat daaruit voortspruit, sal Adam en sy nageslag weer na die aarde terugkeer en stof word (Rom 5:12 ev.). Die skrywers van die Nuwe Testament het Christus as ŉ nuwe skepping van God gesien (1 Kor 15:45; 47) (Harrison, 1978:1023-1024).

  - Die **teologiese vraag** vra: *Wie is God?*

- **Sonde en redding**

  Wanneer die mens homself bo en teen God se wil stel, vind verwydering plaas. Dit is net deur Jesus Christus dat God se oorspronklike doel weer herontdek word. Ook die skepping kan as God se genade gesien word. Vanaf die begin van die skepping was daar God se liefde vir die mense.

- **Persoonlike verandering:**

  Ook in die menslike verandering deur Jesus Christus is God teenwoordig. Dit gaan veral om innerlike verandering wat plaasvind deur die Gees wat in mense woon (Rom 6:4; 8:11). Verder word gelowiges geroep om in regverdigheid en heiligheid meer soos God te wees (Ef 4:24).

- **Begrip:**

  Verandering lei tot vernuwing van begrip of verstaan.

- **Emosies:**

  Vernuwende gedagtes impliseer verandering van emosies wat weer verband hou met die menslike wil en begeertes. Teologiese antropologie sal die *hart* weer na God toe lei, want wanneer God uitgesluit word, bly die *hart* in die wêreld.

- **Die wil:**

  Die *wil* speel ŉ belangrike rol in menslike reaksie teenoor God.

- **Sosiale verandering:**

  Persoonlike transformasie loop hand aan hand met sosiale verandering want menslike lewe sluit ook lewe van ŉ gemeenskap in en wat gesien kan word as bevoorregte verantwoordelikheid. Teologiese antropologie se implisiete rol is dat die boodskap van hoop oorgedra sal word. Christelike lewe begin en eindig nie in menslikheid nie, maar begin met God wat hoop op die toekoms én hoop op die ewigheid behels. In die teenwoordigheid van God word alle lewe geleef. Juis dit is menslike hoop – die hoop op heerlikheid wat aan die mens ŉ hemelwaartse gerigtheid in Jesus Christus gee (vgl. Fil 2:14) (Cameron, 2005:54-59).

## 6.6 WOEDE IN BYBELSE PERSPEKTIEF

### 6.6.1 Agtergrond

Om woede as konsep in die Skrif uit te druk, word verskeie Hebreeuse en twee Griekse woorde gebruik. Die mees algemene Hebreeuse woord vir woede is *neus*, want aan die neus word gedink as die setel van woede vanweë swaar of hewige asemhaling wat met woede geassosieer word. In die LXX word die verskeie Hebreeuse woorde deur een van die twee Griekse woorde *orgé* of *thumos* gebruik wat omruilbaar blyk te wees (Steward, 1978:166). Al die Hebreeuse en Griekse woorde word gebruik vir beide die mens én God se woede (Steward, 1978:167). Woede by God én mens kom regdeur die Skrif voor (Jantz & McMurray, 2009:18) en word omarm deur Genesis 4:4b-5 (Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, [5]maar nie vir Kain en sy offer nie. Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk) as eerste Bybelse verwysing na woede en Openbaring 19:15 (Uit sy mond het daar ŉ skerp swaard uitgekom om die nasies mee te tref, en Hy sal hulle met ŉ ystersepter regeer. Hy sal self die parskuip trap vir die wyn, die wyn van sy toorn en die oordeel van God, die Almagtige) as die laaste (Oliver & Oliver, 2005:203).

### 6.6.2 Woede van die mens

Die woede van mens teenoor mens – hetsy indiwidueel of in groepe – is geregverdigd en heilig as dit oor geregtigheid gaan en nie deur persoonlike oorwegings aangedrywe word nie. Voorbeelde van geregverdigde woede in die Ou Testament is Dawid se gesindheid teenoor die ryk man in die Natanverhaal (2 Sam 12:5); Nehemia se woede teenoor die volk se rykes en ampsdraers oor die uitbuiting van hul arm volksgenote (Neh 5:6); Moses se woede teenoor die volk se wantroue en ongehoorsaamheid aan God (Eks 16:20; 32:19). Daar is ook voorbeelde van selfsugtige en derhalwe verkeerde woede soos Kain teenoor Abel (Gen 4:5); Esau teenoor Jakob (Gen 27:41-45); Saul teenoor Jonatan (1 Sam 20:30); Ahasveros teenoor Vasti (Est 1:12). Soms is die motiewe ŉ mengsel van eerbied vir geregtigheid, maar dit kan ook in diens staan van persoonlike- of die self-belange van die familie soos in die geval van Jakob se woede teenoor Laban (Gen 31:36-42); Dina se broers teenoor Sigem (Gen 34:7); en Dawid se woede teenoor Amnon na die verkragting van Tamar, maar waar sy vaderlike optrede teenoor Amnon skreiend tekort skiet en later tot talle probleme lei tussen hom en Absalom (2 Sam 13:21) (Steward, 1978:*op. cit.*).

In die Nuwe Testament word die woede van mense bykans konstant veroordeel. Woede

van die goddeloses teen die onskuldiges word geïllustreer in die geval van Herodes (Matt 2:16); die inwoners van Nasaret (Luk 4:28); die Sanhedrin (Hand 5:33); diegene wat Stefanus gestenig het (7:54); Paulus voor sy bekering (9:1); die silwersmede van Efese (19:28). Sulke woede is eintlik teen God gerig (Luk 15:28; Op 11:18) en word beskou as van duiwelse oorsprong (Op 12:12; 17). Vir die Christen is woede verbode en word beskou as ŉ werk van die mens se sondige natuur (Gal 5:19-21); en is woede een van die dinge wat die nuwe mens moet laat staan (Kol 3:8). Christene moenie te gou kwaad word nie (Jak 1:19; 20).

Volgens Jesus was woede die begin van moord wat die mens strafbaar maak voor sowel die aardse regbank én voor God (Matt 5:21, 22) (Steward, 1978:*op. cit.*). Die enigste aanduiding van ŉ toegewing aan menslike swakheid is Paulus se riglyne aan die Efesiërs: "*As julle kwaad word, moenie sondig nie ...*" (Ef 4:26 as aanhaling van Ps 4:5) wat impliseer dat daar met woede so gou moontlik gehandel moet word langs die weg van vergifnis en liefde (Ef 4:31-5:2). Gegewe die krag van woede is Jantz en Murray (2009:19) verbaas dat God hierdie emosie aan mense toevertrou. Die uitdaging is immers dat woede beheer sal word binne die grense van die Godgegewe roeping (Lester, 2003:140-141). Hoffmann (2019:21) laat hom oor menslike woede só uit:

> Woede verander nie mense nie; dit maak bloot dat mense op die agtervoet staan en hul terrein verdedig. Gemeenskaplike woede kan ŉ knus kombers wees, maar ook ŉ elektriese een wat jy gereeld moet afskakel, anders gaan jy brand.

### 6.6.3 Woede van Jesus

Jesus se woede kom na vore oor die hartelose mense in Kapernaum se sinagoge en sy verontwaardiging met sy dissipels toe hulle raas met die mense wat die kindertjies na Hom toe wou bring (Mark 10:13-16) (Steward, 1978:*op. cit.*). Jesus se woede het tot uiting gekom tydens die tempelreiniging waar Hy op die tempelplein die geldwisselaars en duiweverkopers se stoele omgegooi het (Matt 21:12-17; Mark 11:15-18; Luk 19:45-48; Joh 2:13-17). Jesus was tydens Sy aardse lewe nie van woede gevrywaar nie en Hy was nie onwillig om uiting daaraan te gee nie (Taylor & Wilson, 2003:40). Jesus se optrede was nie ŉ oorreaksie nie: Hy was kwaad omdat die Fariseërs as die sogenaamde leiers in die tempel besig was met grootskaalse uitbuiting. Vir die Fariseërs was aanbidding nie hul hoofdoel nie, maar eerder geld, gulsigheid en wins en Jesus was daar-van bewus. Sy woede was gerig teen diegene wat Sy Vader se huis en Sy huis van alle

heiligheid beroof het (Bruno, 2000:136). Jesus wou hierdeur Sy navolgers leer dat daar iets soos Goddelike woede bestaan (Bruno, 2000:137).

Op verskeie ander plekke is Jesus se woorde ŉ aanduiding van sy verontwaardiging teenoor diegene wat kinders laat struikel (Matt 18:6-9); Hy berispe Petrus toe hy die Satan se verleidelike woorde napraat (Matt 16:23); en die Skrifgeleerdes en die Fariseërs met hul skynheiligheid (Matt 23:13-36). In al hierdie voorvalle is daar geen sweem van selfbelang nie, maar wel heilige woede teen ongeregtigheid wat vir God verfoeilik is. Jesus kon woedend wees, maar dit was dan slegs oor die eer van God (Steward, 1978: 168).

Wanneer die mens dus wil kwaad word en nie sondig nie, moet Jesus se voorbeeld gevolg word deur die woede te fokus op die sonde en sondige gedrag (Anderson & Miller, 2002:54). Tussen sondige gedrag asook die mens vir wie God intens omgee moet onderskei word (Taylor & Wilson, 2003:40). Woede is ŉ keuse en verantwoordelikheid moet altyd daarvoor aanvaar word (Bruno, 2000:138; Van Rensburg, 2000:66).

### 6.6.4 Die woede van God

#### 6.6.4.1 God se woede in die Ou Testament

In die Ou testament is God se woede voortdurend teen Israel as verbonds- en wetsverbrekers gerig asook teenoor sy indiwiduele dienaars wat in gebreke gebly het om hul ampsverantwoordelikhede teenoor die Godsvolk na te kom. Voorbeelde hiervan is Moses (Eks 4:14; Deut 1:37); Aäron (Deut 9:20); Miriam (Num 12:9) asook verskeie konings en profete. Die profete praat ook oor God se woede teen die nasies weens hulle wreedhede (Jona 1:2) en hulle wreedhede teen die mensdom (Amos 1:2) en hulle aanvalle teen God se verbondsvolk Israel (Jer 10:25).

God se woede was ook as nasionale rampe gerig teen Sy eie volk Israel. Die Here het giftige slange onder Sy volk ingestuur wat gelei het tot die dood van talle Israeliete (Num 21:6); en daar was die drie daelange pes in Israel as gevolg van Dawid se volkstelling (2 Sam 24). Talle kere het God die ander nasies as sy tuginstrumente teen Israel gebruik (Amos 3:9-11; Jes 10:5) maar by tye ook die een nasie teen die ander (Jes 13:4, 5; 17:19; Jer 50:24-27; 41-43) (Steward, 1978:*op. cit.*).

Teoloë van die vroegste tye is verleë gelaat oor die eksplisiete beskrywings van God se woede in die Ou Testament. Marcion van Sinope het hom in 140 n.C. in Rome bevind en

daar by die kerk aangesluit, maar is in 144 n.C. geëkskommunikeer vanweë sy ketterse standpunte (Wilson, 1978:72). Marcion het sover gegaan om die God van die Hebreeuse Bybel totaal te verwerp. Na Marcion se mening was hierdie God deur woede en passie gedryf. Verder was Hy in sy oordeel ongenaakbaar terwyl Hy die bewerker van oorloë was. Standpunte soos hierdie het binne die kerkgeskiedenis baie studies na vore gebring om woede te definieer as ŉ beginsel van geregverdigde en beheerde vergelding (Kotze, 2004:844).

#### 6.6.4.2 God se woede in die Nuwe Testament

Die Nuwe Testamentiese Evangelie word deur die Doper ingelei met ŉ waarskuwing oor die komende oordeel (Matt 3:7; Luk 3:7) en wat ook in Jesus se prediking voortgesit is (Luk 21:23). Hierdie eskatologiese siening met betrekking tot die woede van God word ook in die Nuwe Testamentiese briewe voortgesit (Rom 2:5-9; 5:9; Ef 5:6; Kol 3:6; 1 Tess 1:10; 2 Tess 1:7-10. Die eskatologiese siening oor die woede van God kom in die briewe na vore (Rom 2:5-9; Ef 5:6; Kol 3:6; 1 Tess 1:10; 2 Tess 1:7-10) asook herhaal-delik in die Openbaring van Johannes. Paulus benadruk egter dat alle mense vanweë hul sondige natuur *kinders van die toorn* is (Ef 2:3 OAV) weens hulle goddeloosheid en boosheid. Die woede van God is nie wispelturig nie, maar is die natuurlike gesindheid van ŉ persoonlike God eerder – "*the eternal recoil against the unholy on the part of the all-holy God*". Die een kant van God se heiligheid is sy woede teen sonde; daarteenoor staan God se liefde en genade uit as die fundamenteelste aspek en waarvan die hele Bybel getuig. As ons nie God se woede kan insien nie, sal ons nooit sy genade ten volle kan waardeer nie (Steward, 1978:*op. cit.*).

### 6.6.5 Woede onder mense

#### 6.6.5.1 Woede en die Skrif

Mense van alle ouderdomme en uit alle sosiale vlakke ervaar woede (Chapman, 2007:15), maar vir baie lank is woede vanuit sekere kringe binne die Christelike geloof as ŉ dodelike sonde beskou. As motivering vir die '*woede-is-sonde*'-siening word die standpunt gehuldig dat woede nie tydens die skepping in mense aanwesig was nie, maar sou volgens hierdie benadering eers ná die sondeval tussen mens en God vervreemding tot gevolg gehad het (Lester, 2003:115). Voorstanders van die *'woede-is-sonde'*-benadering lê op daardie Skrifgedeeltes klem wat hierdie boodskap blyk te bevestig:

- Woede is altyd destruktief.
- Woede is ŉ wigindrywer tussen God en mens (Ef 2:14).
- Woede lei tot veroordeling (Matt 5:22).
- Woede maak nie ŉ bydrae tot God se koninkryk nie (Jak 1:20).
- Woede bemoeilik gebed (1 Tim 2:8).

*Goeie Christene word nie kwaad nie.* Dikwels word dit as waarheid oor woede verkondig en die afleiding wat gemaak word, is dat die Bybel altyd teen die ervaring asook uitdrukking van woede gekant is (Lester, 2003:137). Na aanleiding van gedeeltes uit die Wysheidsliteratuur soos Spreuke 14:17; 14:29; 16:32; 19:11 en Prediker 7:9 beskou voorstaanders van die *woede-is-sonde*-benadering ŉ wyse persoon derhalwe as iemand wat nie kwaad word nie, terwyl eksegese van die betrokke gedeeltes nie noodwendig ŉ beeld skep dat Christene nie mag kwaad word nie, maar dat wyse mense nie vinnig kwaad word nie (Lester, 2003:140-141).

#### 6.6.5.2 Woede en God

In ŉ sekere sin kan God se woede as ŉ misterie beskou word. Vanuit ŉ menslike oogpunt word woede beskou as ŉ onbeskaafde en barbaarse emosie wat dikwels met verwoesting gepaardgaan. As negatiewe woede die norm word, hoe kan dit volgens Hunt (2009:164) verwys na ŉ liefdevolle God wat kwaad kan word? Uit ons eie lands- maar ook uit die wêreldgeskiedenis het ons bewus geword van die gruweldade en wreedhede wat in konsentrasiekampe kan afspeel. Die natuurlike vraag is volgens Michael en McCarthy (2009:850) dan: “Watter tipe God sou dan nie kwaad word nie?” Natuurlik kan God nie wreedheid, mishandeling en verkragting liefhê nie, want die verwagting is juis daar dat God dié soort gedrag sal veroordeel (Hunt, 2009:165). Woede is net soveel deel van God se karakter as genade en vergifnis (Hunt, 2009:*op. cit.*; Taylor & Wilson, 2003:40). Woede is een van God se eienskappe, maar is ook ŉ belangrike komponent van geregtigheid waardeur God groot sorg demonstreer deur die redding van die mensdom (Michael & McCarthy, 2009:861).

*Tussen Goddelike- en menslike woede bestaan daar ŉ radikale verskil.* Daar is geen manier waarop dit gelykgestel kan word nie en dit is juis hierdie aspek wat nie altyd ten volle begryp word nie. God se woede funksioneer slegs ten opsigte van geregtigheid en sondige gedrag (Michael & McCarthy, 2009:847) en dan met die belofte dat woede sal

afneem wanneer berou teenwoordig is. God se woede is dus beheers en rasioneel (Kotze, 2004:845), terwyl menslike woede – soms in die naam van geregtigheid – brutaal kan wees (Michael & McCarthy, 2009:*op. cit.*).

Deur bewus te wees van en erkenning te gee aan Goddelike woede, kan geregtigheid bo haat bevorder word (Michael & McCarthy, 2009:851). God haat sonde en Sy heiligheid kan dit nooit toelaat nie. Daarom bly die enigste teenmiddel vir sondige menslike gedrag die ewige lewe deur Jesus Christus, wat self aan die kruis die woede van God beleef het (Taylor & Wilson, 2003:34).

### 6.6.5.3 Morele belang van woede vanuit die Christelike konteks

Volgens Thurman (2005:11-12) is oorlog maar net ŉ naam vir georganiseerde woede. Sou hierdie stelling waar wees ontstaan die vraag of daar dan ook binne die Christelike geloof werklik waarde in woede kan wees – selfs wanneer dit om beheerste woede gaan. Die Christelike geloof se vindingrykheid is geleë in ŉ sterk etiese karakter (Lester, 2003:145). Ook Jesus gee duidelike riglyne vir morele gedrag. ŉ Voorbeeld hiervan is die Samaritaanse vrou by die put wat Hy aanmoedig om nie meer in sonde te lewe nie (Joh 4) (Van Rensburg, 2000:66).

Heilige woede maak die mens bewus van ŉ verwronge selfbeeld deur jouself voortdurend as ŉ slagoffer te beskou of na oormatige perfeksionisme te streef (Schnabl, 2009: 136). Om te verhoed dat woede ŉ lewensvernietigende emosie word, moet woede intelligent bestuur word deur die inspan van rede, wil, waardes en geloof in die beheer van hierdie emosie (Lester, 2003:136). Woede as sodanig is nie noodwendig boos of sondig of altyd ŉ aanduiding van Satan wat aan die werk is nie. Heilige woede kan gesien word as ŉ samevoeging van menslike- en Goddelike woede om met die beeld van God te identifiseer (Chapman, 2007:20: Schnabl, 2009:433).

Dit demonstreer ook dat daar ten spyte van die sondeval ŉ gevoeligheid vir reg en geregtigheid teenwoordig is. Die vermoë tot woede is die bewys dat mense meer as net diere is en dus ŉ behoefte het aan geregtigheid asook regverdigheid. Waar die verlies aan woede kan lei tot die vermindering van morele besorgdheid behoort God gedank te word vir die vermoë om woede te aanvaar. Sonder morele besorgdheid sal die wêreld ŉ verskriklike plek wees om in te leef (Chapman, 2007: *op. cit.*). Uiteindelik kan geregver-

digde woede dien tot konstruktiewe optrede soos vergifnis, gebed, vermindering van lyding en onderdrukking asook ŉ soeke na geregtigheid (Anderson & Miller, 1999:55).

Woede is ŉ Godgegewe emosie om die mens te beskerm, maar verskaf ook in die hantering van problematiese situasies en wanneer woede dan op die gepaste manier uitgedruk word, kan woede ŉ aanduiding van spirituele volwassenheid wees (Oliver & Oliver, 2005:207). In die lewe van ŉ Christen is daar ŉ gepaste plek vir beheerste woede en daarom moet woede nie op ŉ onnatuurlike manier onderdruk word nie. Anderson en Miller (1999:14-15) wys ook daarop dat woede die vrygekoopte Christen se dienskneg is, maar teëstellend is dit die heerser van talle emosioneel verwonde persone.

Wanneer gebeure buite hul beheer mense oorweldig, word daar gewoonlik by God antwoorde en redes gesoek, want te midde van pyn en woede word die waaromvraag aan God gestel. Dit is ook nie ongewoon dat mense na trauma kwaad word vir God omdat Hy nie tussenbeide getree het nie (Janz & McMurray, 2009:136). Die vraag wat dikwels gevra word, is: *Waar is God in ons pyn?* Yancey (1990:109) het dit só geantwoord:

> Hy is in ons – nie in die dinge wat seermaak nie – en help om die slegte na die goeie te verander. Die mens kan met gerustheid sê dat God die goeie uit boosheid na vore bring; die bose kan nooit aan God toegeskrywe word in die hoop om die goeie na vore te bring nie.

Wat ook uit die Skrif duidelik na vore kom, is dat God nie noodwendig woede teenoor Hom veroordeel nie. Met Job as voorbeeld word dit sienbaar dat God met mense in gesprek tree en mense help om deur hulle woede te werk (Chapman, 2007:156-157). God kies om lief te hê, te troos en te red (Janz & McMurray, 2009:137). God gee nie noodwendig altyd ŉ verduideliking nie en vir Job herinner Hy daaraan dat Hy die Almagtige Skepper én die God van geregtigheid is en vertrou kan word (Chapman, 2007: 156-157) én dat Hy ten spyte van woede daar sal wees (Janz & McMurray, 2009:137). By God kan daar steeds troos gesoek word om uiteindelik van woede, pyn en vrees ontslae te raak. Daarteenoor kan die negatiewe hantering van woede beskou word as die voort-durende herwaardering van God se mag en net lei tot bykomende geestelike ontevreden-heid (Snow *et al*., 2011:131).

Woede teenoor God, al is dit verstaanbaar, is misplaaste woede, want God is regverdig, heilig, liefdevol en vol deernis en vir Sy skepping begeer hy net wat goed is. Woede teenoor God sal nie vrede bring, probleme oplos of die mens instaatstel om pyn te bowe

te kom nie (Hunt, 2009:167-168). In die paradys het Satan geïmpliseer dat God leuens vertel, maar in teenstelling hiermee is God gretig om ons sondes te vergewe (1 Joh 1:9); genadig (Ps 116:5); en soewerein (Dan 4:35) (Hunt, 2009:168-169).

Woede en pyn gaan dikwels saam. Wanneer pyn ervaar word, is die belangrikste vraag nie die 'waarom-vraag' nie maar die 'hoe-vraag'. Hoe kan God hierdie situasie gebruik om karakter te vorm en geloof te versterk te midde van die sekere wete in Romeine 8:28: *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet* (Hunt, 2009:173). Ook Yancey (1990:111) is van mening dat daar groter waarde opgesluit lê in die vraag: '*waartoe*?' (to what end?) as in die *waaromvraag*. Vanuit die Jonaverhaal en God se hantering van Jona se woede (Jona 3:10) blyk dit duidelik dat die probleem van woede in die mens se hart gesetel is (Anderson & Miller, 1999:10:11). Waar daar by mense 'n permanente dieperliggende woede teenoor God is, word dit soms op die langtermyn geassosieer met psigologiese versteurings, emosionele spanning asook 'n verlaagde vermoë om by uitdagende lewenssituasies aan te pas wat dan manifesteer as woede, depressie, stres, angstigheid, lae selfbeeld asook die onvermoë tot verbintenis op 'n diep vlak in verhoudings. So staan woede teenoor God in die algemeen ook in teenstelling met optimisme en lewensvervulling (Snow, *et al*., 2011:131).

#### 6.6.5.4 Hoe manifesteer menslike woede teenoor God?

Volgens Lester (2006:54-57) is daar vier belangrike perspektiewe met betrekking tot die manifestering van menslike woede teenoor God:

- *Mense neig om God te meet aan menslike reëls en standaarde*

God word beskou as 'iemand' wat troos en leiding sal bied en onder alle omstandighede sonde sal vergeef asook genesing bewerkstellig en soos in enige ander verhouding kan woede ontstaan wanneer nie aan menslike verwagtinge voldoen word nie (Lester, 2006:*ibid*.; Exline & Grubbs, 2011:304).

- *Woede teenoor God word meestal onderdruk.*

Van kleinsaf word Christene deur familie, kerk en subkultuur geleer dat woede teenoor God verkeerd is. Vir God se reaksie op hierdie woede jeens Hom word vrees geopenbaar wat weer aanleiding gee tot skuld en skaamte waar woede gevolglik onderdruk word (Lester, 2006:55).

- *Onopgeloste woede lei tot vervreemding tussen God en gelowiges*

Onopgeloste woede lei in enige verhouding tot stilswye, emosionele ontrekking, ŉ gevoel van afstand, onbetrokkenheid en selfs vervreemding en onerkende woede teenoor God het dieselfde gevolge. God word gesien as ŉ oortreder wat met opset pyn veroorsaak of dit selfs geïnisieer het juis wanneer God veronderstel was om om te gee en te beskerm (Lester, 2006:57). Gevoelens van totale hopeloosheid sou aanduidend kon wees van onopgeloste woede teenoor God.

- *Pastorale terapie kan hierdie verhouding herstel*

Eers wanneer woede jeens God hanteer word en versoening plaasvind, kan geestelike groei plaasvind. Omdat woede jeens God ŉ onbekende terapeutiese terrein binne die sielkunde is, mag hierdie aspek nie vanuit ŉ pastorale terapeutiese oogpunt geïgnoreer word nie (Snow, *et al.*, 2011:138).

Waar die fokus in die voorafgaande vier paragrawe op woede teenoor God was, durf *woede teenoor die self* nie uit die oog verloor word nie. Woede teenoor die self word meestal ervaar wanneer die persepsie bestaan dat iets verkeerds gedoen is of dat daar nie aan hoë standaarde voldoen is nie. Dit lei weer tot selfveroordelende gedagtes (Chapman, 2007:168). Die volgende vyf sinvolle handelinge word deur Chapman (2007:171-174) voorgestel wanneer selfwoede bestaan:

- Bely die woede: om woede teenoor die self te herken, is die eerste stap na genesing.
- Ondersoek die aard en oorsprong van die woede.
- Bely verkeerde gedrag teenoor God en vra vergifnis (1 Joh. 1:9).
- Kies om jouself te vergewe: selfvergifnis is ŉ bewustelike keuse.
- Fokus op positiewe gedrag: aanvaar God se vergifnis, asook eie vergifnis en kies om nie meer daaraan te dink nie.

## 6.7 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk se fokus is gerig op die pastoraal-teologiese bydraes (pastorale motiewe) vanuit die literatuur met betrekking tot die temas van oorlog, geweld en trauma soos deur  ervaar is. Omdat die mens na die beeld van God gemaak is en daardeur beelddraer van God geword het, bring dit mee dat daar binne die pastorale gesprek hiermee rekening gehou moet word waar empatie en liefde ŉ vername rol sal speel. Vir die  om vry te kom van hul verlede sal vergifnis én selfvergifnis ŉ vername rol moet speel. Hier-

die mense – soos tewens talle ander Suid-Afrikaners wat aan die destydse Bosoorlog deelgeneem het – is vir bykans vyf-en-twintig jaar aan hul eie lot oorgelaat. Dit is daarom te verstane dat woede by hierdie vyftien respondente asook hordes daarbuite wat aan die Oorlog deelgeneem het, vandag moontlik met dieselfde worstelinge worstel. Tragies om te sê het die Christelike geloofsgemeenskap weinig konstruktief hieraan gedoen.

Deur Christus se menswording het Hy voor God in ons plek kom staan. Deur die viering van veral die Nagmaal waar brood en wyn sigbaar verkondig watter hoë prys is vir die redding van sondaars betaal. Watter groter vreugde kan daar by die mens wees om vanuit die vrymaking in Christus met die wete te leef: My sonde is vergewe. Nou kan ek gelei deur die Heilige Gees voluit vir God en medemens lewe.

Dit is te verstane dat oorlogsveterane na bykans ŉ kwarteeu steeds met woede worstel. Woede is ŉ Godgegewe emosie om die mens te beskerm, maar binne die hantering van problematiese situasies is juis wanneer die behoefte ontstaan om woede op gepaste maniere tot uitdrukking te bring wat ook ŉ aanduiding van spirituele volwassenheid kan wees. Dit is die navorser se intense begeerte vir hierdie vyftiental respondente. Die tyd het aangebreek dat geloofsgemeenskappe oor kerkgrense heen ernstige aandag hieraan moet gee. Dit gaan oor almal wat deur die oorlog geraak is – vir vriend én vyand.


In hoofstuk 7 kom die strategies-teoretiese riglyne aan die orde.

# HOOFSTUK 7

# FORMULERING VAN STRATEGIES-TEORETIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN GETRAUMATISEERDE KOEVOET VETERANE

## 7.1 INLEIDING EN DOELSTELLING

In hierdie hoofstuk is die fokus gerig op die daarstelling van praktyk-teoretiese riglyne wat die raamwerk kan vorm van ŉ genesingsmodel vir die pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane na hul geestelike herstel. Vir hierdie doel kies die navorser om aansluiting te vind by die model van Desmond Tutu en Mpho Tutu (2014:49) as aanvanklike vertrekpunt. Hierdie model sal aanvanklik geëvalueer word en daarna aangevul en verbreed word met behulp van die resultate van hierdie studie met betrekking tot die empiriese ondersoek (*beskrywende empiriese moment*); die naas-wetenskappe se verruimde insigte met betrekking tot oorlogsverwonding (*interpreterende moment*); die Skriftuurlike bydrae met betrekking tot oorlogsverwonding tesame met verbandhoudende literatuur tot oorlogsverwonding (*normatiewe moment*); asook die bydrae vanuit die pastoraal-teologiese literatuur verbandhoudend tot die tema van verwonding (*pragmatiese moment*). Op hierdie wyse word daar dan uiteindelik in hierdie hoofstuk gekom tot die formulering van strategies-teoretiese riglyne vir die pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane.




**Figuur 7:1 Vier momente van prakties-teologiese navorsing (Osmer, 2008:11)**

Die proses soos wat dit reeds verloop het in hierdie studie in die voorafgaande hoofstukke kan aan die hand van die volgende figuur (fig. 7.1) gedemonstreer word. In hierdie betrokke hoofstuk is die fokus op die pragmatiese moment aan die hand van die vraag: *Hoe reageer ons?*

## 7.2 OMSKRYWING VAN PRAKTYKTEORIE AS BEGRIP

Oor die algemeen word ŉ praktykteorie vir elke kommunikatiewe handeling ontwerp (Pieterse, 1993:52). Tussen teorie en praktyk moet daar ŉ kritiese interaksie plaasvind om by ŉ praktykteorie uit te kom wat aan die Skrif getrou is en waar bestaande konsepte verder uitgebou kan word (Heyns & Pieterse, 1998:86; Van der Ven, 1993:38).

## 7.3 PASTORALE ONTMOETING EN BEGELEIDING

Die doel van pastorale begeleiding is die gerigtheid op heling en genesing van persone met geestelike probleme as gevolg van onverwerkte trauma. Praktiese teologie – ŉ deeldissipline van die teologie – plaas mense se geloofshandelinge onder die soeklig. Dit is in die wêreld waar God die mens ontmoet. Hierdie ontmoeting is ŉ handeling in diens van die evangelie wat die koms van God se koninkryk in hierdie wêreld dien. Gewoonlik is daar ook ander mense betrokke wat ook ŉ bydrae lewer tot dié ontmoeting waar mense (pastors en terapeute) bemiddelend optree omdat God se troos deur mense na mense kom. Oor die teorieë wat die basis lê van hierdie kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, vra die praktiese teologie vrae daarna. As rede hiervoor word aangevoer dat die praktiese teologie ŉ studie van menslike handeling is en wat daarop ingestel is om ander mense te help om God te ontmoet en met Hom en hulle medemens in gemeenskap te lewe (Pieterse, 1993:1-52).

Waar ander teologiese dissiplines die Bybel as teks het, het die praktiese teologie die gelowige mens as teks (Firet, 1977:22). Waar die ander teologiese vakke die Bybel en evangelie vir mense verstaanbaar maak, is dit die doel van die praktiese teologie om die wisselwerking tussen die evangelie en mense verstaanbaar te maak (Heyns & Pieterse, 1998:8). Praktiese teologie maak derhalwe baie staat op multi-dissiplinariteit, asook op inter- en intra-dissiplinariteit. In ŉ interdissiplinêre benaderingswyse word staatgemaak op samewerking tussen die verskillende dissiplines. Die praktiese teologie doen sy eie ondersoeke op ŉ prakties-teologiese wyse binne ŉ intra-dissiplinêre benadering.

## 7.4 UNIEKHEID VAN DIE CHRISTELIKE BERADING

Collins (2016:5) wys daarop dat Christenberaders soms ook tegnieke gebruik wat deur nie-gelowiges ontwikkel is. Met betrekking tot Christelike berading onderskei hy egter die volgende vier pertinente hoofkenmerke.

### 7.4.1 Unieke aannames

Geen berader is heeltemal sonder waardes of heeltemal neutraal wat aannames betref nie. Beraders bring almal ŉ standpunt saam na die beradingsessie en dit beïnvloed ons oordeel en opmerking of ons dit nou wil erken of nie. Ten spyte van teologiese verskille, het die meeste Christelike beraders ŉ opvatting – of behoort hulle ŉ opvatting te hê – oor die eienskappe van God, die aard van mense, Skrifgesag, die realiteit van sonde, die vergifnis van God en hoop op die toekoms.

### 7.4.2 Unieke doelwitte

Soos sekulêre beraders probeer die Christen om mense in nood te help om hul gedrag, houdings, waardes en/of persepsies te verander. Daar word probeer om beradenes bepaalde vaardighede aan te leer, om die erkenning en uitdrukking van emosies aan te moedig en om ondersteuning te verskaf in tye van nood. Maar die Christen gaan ook verder. Daar is die strewe om geestelike groei in mense te stimuleer, om skuldbelydenis en die ervaring van Goddelike vergifnis aan te moedig en om daarna te streef om Christelike standaarde, houdings, waardes en lewenswyses voor te leef en mense aan te moedig om hul lewens aan Christus te wy (Collins, 2016:5).

### 7.4.3 Unieke metodes

Alle beradingstegnieke het minstens vier eienskappe, naamlik:

- Beradenes te oortuig dat hulp beskikbaar is.
- Verkeerde persepsies van die wêreld reg te stel.
- Om die nodige sosiale vaardighede te ontwikkel.
- Om beradenes te help om hulself as menswaardig te aanvaar.

Om hierdie doelwitte te bereik, maak beraders deurlopend gebruik van basiese tegnieke soos om te luister, belangstelling te toon, begrip te toon en om soms rigting aan te dui. Kenmerkende Christelike tegnieke is om tydens berading sessies te bid, die Skrif te lees, op ŉ versigtige wyse persone met Christelike waarhede te konfronteer en persone aan te moedig om by ŉ plaaslike kerk betrokke te raak (Collins, 2016:5).

### 7.4.4 Unieke berader eienskappe

Tydens berading sessies behoort die berader ten minste die volgende vier vrae te vra:


- Wat is die probleem?
- Moet ek tussenbeide tree en probeer help?
- Wat kan ek doen om te help?
- Is daar iemand anders wat beter toegerus is om te help?

Die invloed van die Heilige Gees vorm die kern van alle ware Christelike hulp, want Sy teenwoordigheid en invloed maak Christelike berading waarlik uniek. Dit is die Heilige Gees wat sorg vir die doeltreffendste berading eienskappe: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en self-beheersing (Gal 5:22) (Collins, 2016:8).

## 7.5 DIE TUTU-MODEL

### 7.5.1 Inleidende opmerkings

Die model van Tutu en Tutu (2014) word deur navorser gekies as model vir die pastorale weg om met die Koevoet veterane te gaan.




**Figuur 7.2: Tutu en Tutu se Vergelding- en Vergifnissiklusse (2014:49).**

Aan die linkerkant beskryf die model die **Revenge Cycle** (*Wraaksugsiklus*). ŉ Toepaslike eietydse voorbeeld hiervan is die stryd tussen Israel en die Palestyne vanuit hulle geloof van ŉ oog vir ŉ oog en ŉ tand vir ŉ tand (vgl. Tutu & Tutu, 2014:51). Aan die regterkant word die vier stappe van die **Forgiveness Cycle** (*Vergifnissiklus*) uiteengesit. ŉ Goeie voorbeeld hiervan is CODESA (Convention for a Democratic South Africa) as Suid-

Afrikaanse versoeningspoging tussen swart mense en blankes en wat op Christelike grondslag plaasgevind het (O'Malley, s.a., 1 (CODESA).

### 7.5.2 Seerkry as deel van die lewe

Mense is broos en kwesbare wesens en dit is onvermydelik om nie seerkry, skade of verlies op te doen nie. Verwonding wat só opgedoen word, kan liggaamlik, emosioneel, of psigososiaal wees. Dit is verwonding wat deur woord of wapen opgedoen word. In die saamleef met ander mense gaan daar op een of ander stadium liggaamlike of emosionele seerkry wees. Die reaksie op seerkry is universeel. Alle mense sal die een of ander tyd droefheid, pyn, woede of skaamte ervaar. Die keuseoomblik breek dan aan, maar omdat die meeste mense uit diepgewortelde gewoontes reageer, ontbreek die besef dat daar wel ŉ keuse is. Dit gebeur dan dikwels dat mense onwetend in die wraaksiklus beland (Tutu & Tutu, 2014:50).

Opsommend wys Tutu en Tutu (2014:60) op die volgende:

- Niks is onvergeeflik nie.
- Niemand is ooit buite die reddingsmag van God nie.
- Daar is altyd ŉ keuse: kies die weerwraaksirkel óf die viervoudige roete van vergifnis.
- In die weerwraaksirkel word pyn en lyding verwerp, want daar word geglo dat eie pyn en lyding deur weerwraak ons pyn en seerkry sal laat verdwyn.
- In die vergifnissirkel word eie pyn en lyding in die oë gekyk sodat daar aanbeweeg kan word na aanvaarding en heling deur die viervoudige roete.
- Die stappe van die viervoudige roete is: Vertel die verhaal; noem die seerkry; skenk vergifnis; en hernu of stel die verhouding vry.

## 7.6 VERTEL DIE VERHAAL
***Eerste stap van die Vergifnissiklus***

Waarom is die vertel van die seerkryverhaal so belangrik?

Deur die vertel van die seerkryverhaal word die beradene se waardigheid weer herstel nadat hy/sy kwaad aangedoen is. Dit is die begin om terug te neem wat van iemand ontneem is en dat daar tot verstaan gekom kan word sodat daar vanuit die seerkry ook betekenis na vore kan kom (Tutu & Tutu, 2014:71). Volgens neuroloë het mense *ekspli-*

*siete* en *implisiete* herinneringe. Wanneer ons ŉ voorval onhou en weet wat gebeur het, vorm dit *eksplisiete herinneringe* en wat die meeste mense as die geheue beskou. Daarteenoor is *implisiete herinneringe* die ervaring van gebeure waarop ons nie bewustelik bedag is nie en dat ons nie besef dat ons iets onthou nie, maar dat dit tot ŉ reaksie lei (Tutu & Tutu, 2014:72).

Die empiriese ondersoek van hierdie studie was die geleentheid waar die vyftien respondente aan die hand van die oorkoepelende vraag en die vyf vrae daaruit voort-vloeiend hul verhale kon vertel en ook hul seerkry, woede en verwerping na vore bring. Van die vyftien respondente was twaalf mans. Anders as die drie dames wat administratief aangewend was, was die mans in werklike kontakte met insurgente betrokke. Na ŉ tydsverloop van bykans ŉ kwarteeu kon hulle ŉ redelike beskrywing gee van gebeurtenisse én wat hulle toe ervaar het. Twee van die respondente het ledemate tydens die Bosoorlog verloor en het eksplisiete herinneringe daaroor wat in detail kon beskrywe presies wat daar met hulle gebeur het tydens hul verwonding en verlies van ŉ ledemaat. By geeneen was enige bitterheid teenoor God te bespeur nie, maar wel oor die wyse waarop hulle later deur die Namibiese Vergoedingskommissaris met betrekking tot hul ongeskiktheidspensioen behandel is. Een het sy been self tydens die Nege Dae Oorlog (1 tot 9 April 1989) geamputeer. Die ander respondent het sy vergruisde regterbeen oor sy skouer gegooi en geweet hy het sy been verloor. Toe hy in die hospitaal vir ŉ amputasie opgeneem is, was hy skaam vir die reuk aan sy vergruisde been en lyf omdat daar vir ŉ paar dae nie eens behoorlik gewas kon word nie. Etlike respondente sou weer meld dat die klapgeluid van ŉ klapper hulle instinktief inmekaar laat trek. Op daardie stadium word hulle weer deur die knal van ŉ klapper en die gepaardgaande kordietreuk teruggeneem na insidente tydens die Bosoorlog en wat as *eksplisiete herinneringe* sou kon deurgaan (Vraag 3.3 bladsy 299:paragrawe 1 en 2).

## 7.7 NOEM DIE SEERKRY BY NAAM

### *Tweede stap van die Vergifnissiklus*

Elke mens het ŉ seerkryverhaal om te vertel. Daardie seerkry moet by die naam genoem word. Deur aan die emosie ŉ naam te gee, is ŉ manier om tot verstaan te kom oor wat gebeur het. Nadat die feite van die gebeure meegedeel is, moet die gevoelens wat daardeur ontlok word onder oë kom. Tutu en Tutu (2014:94) vestig die aandag daarop dat

mense op hul eie unieke maniere seerkry, maar wanneer aan daardie seer uiting gegee is, begin die genesingsproses.

Wanneer seerkry ŉ naam kry is daar verby die stadium van ontkenning beweeg. Uitgerekte ontkenning kan tot selfvernietiging lei. Soms wil dit voorkom asof die grondoorsaak van elke verslaafde of alkoholis se tragiese stryd juis die ontkenning van pyn is (Tutu & Tutu, 2014:102). Om woede te ervaar is menslik, maar as woede ŉ mens vasgevang hou, maak dit van jou ŉ gevangene. Verwonding, skuld, skande of die werklikheid van die verlies kan nooit weggewens word nie, want die enigste uitweg is om deur die seerkry te werk (Tutu & Tutu, 2014:103).

Die vyftien deelnemende respondente van die studie se empiriese gedeelte kon hul seerkry, verwerping, woede en morele verwonding vir die eerste keer sedert die einde van die Bosoorlog (1966-1989) verwoord. Beide Tick (2004:217) en Hoge (2010:2628 loc.) beklemtoon die belang dat krygers hul verhale vertel. Deur die eeue was storievertelling een van die belangrikste rituele na terugkeer uit ŉ oorlog. Wanneer krygers hul emosies afsluit van ander, kan dit ŉ negatiewe uitwerking op ander lewensaspekte hê (Hoge, 2010:*op.cit*.).

## 7.8 DIE GEE VAN VERGIFNIS
### *Derde stap van die vergifnissiklus*

### 7.8.1 Vergifnis is ŉ keuse en ŉ wilsbesluit

Nadat die seerkryverhaal vertel is en die seerkry genoem is, is die volgende stap die gee van vergifnis. Soms gebeur die keuse om te vergewe gou, maar soms kan dit stadiger gebeur. ŉ Keuse om te vergewe lei tot bevryding en voorkom dat mense vasgevang bly in ŉ eindelose sirkel van hul seerkry oor en oor te vertel (Tutu & Tutu, 2014:121). Vergifnis speel ŉ sleutelrol om vry te kom van die gebeure vanuit die verlede (Coetzer, 2018:43). Al is daar tans geen universele definisie vir vergifnis nie. Wat vergifnis wel na vore bring is dat die behoefte na wraak en om ander te straf laat vaar word terwyl die ander persoon se skuld afgeskryf én hy/sy ook vrygespreek word (Denton, 2011:1).

Volgens Marty (1998:13) kan vergifnis as ŉ rasionele proses beskou word wat in die menslike bestaan aanwesig is as ŉ rigtinggewende beginsel. Die mens word vanuit die Skrif deur Jesus aangemoedig om te vergewe aangesien God eerste vergewe (Ef 4:32;

Kol 3.13). Volgens Worthington (2009:50) is vergifnis ŉ uitdruklike wilsbesluit vir elkeen beskore, maar is ook almal se verantwoordelikheid (Atansov, 2011:96). Deur vergifnis word egter nie verantwoordelikheid vir ander se gedrag aanvaar nie (Taylor & Wilson, 2003:48).

### 7.8.2 Rigtingwysers en algemene wanpersepsies oor vergifnis

#### 7.8.2.1 Wat is vergifnis?

Oor wat vergifnis is, gee Coetzer (2018) die volgende rigtingwysers:

- **Die rekeningboek word toegemaak**

Vergifnis impliseer ŉ bereidwilligheid om afstand (*releasing*) te doen van bitterheid, haat en wraakgedagtes as gevolg van onreg wat my aangedoen is. Nou word die rekeningboek toegemaak en die skuldenaar word vrygestel. *Bitterheid word nie langer meer toegelaat om sy tent in ons erf op te slaan nie* (Coetzer, 2018:16).

- **Vergifnis impliseer 'n definitiewe keuse**

Vergifnis is ŉ keuse om te vergewe ongeag of die oortreder dit verdien of nie, of daarvoor vra of nie. In vergifnis gaan dit eerstens om die persoon wat seergekry het en nie soseer om die oortreder nie. Vergifnis is ŉ vrywillige keuse – die keuse om nie die oortreder te haat of om wraak te neem nie, maar omdat die benadeelde nie langer wil ly nie (Coetzer, 2018:17).

- **Vergifnis is die erkenning: Ons is meer as net blote ontvangers van misbruik, mishandeling of onregverdigheid**

Ons is veel meer as die som van ons gekneusde emosies en wonde en het derhalwe ŉ behoefte dat ons lewens sonder die gewig van ou letsels sal voortgaan. Om verby hierdie versperrings te kom, moet ons horisonne verbreed word (Coetzer, 2018:*op. cit.*).

- **Vergifnis kan tot 'n nuwe eiewaarde lei**

Namate die griewe en bitterheid wat ons so lank met ons saamgedra het agtergelaat word, is ons eiewaarde geneig om te styg. In die proses is ons eintlik besig om weer beheer te kry – ŉ noodsaaklikheid vir ŉ gesonde selfbeeld (Coetzer, 2018:18).

- **Die negatiewe gevoelens van die verlede word agtergelaat**

Terwyl ons deeglik onthou wat gebeur het, gaan ons poog om afstand ten opsigte van die pynlike impak te kry en wil nie verder met destruktiewe emosies stoei nie (Coetzer, 2018:*op. cit.*).

#### 7.8.2.2 Wanpersepsies oor vergifnis

Algemene wanpersepsies oor wat vergifnis nie is nie, stel Coetzer (2018) en Tutu en Tutu (2014) die volgende aan die orde:

- **Om die oortreding of die impak daarvan af te maak**

Vir genesing is dit nodig om die pyn ten volle te erken. Die benadeelde persoon het in 'n sekere sin die reg om woedend en bitter te wees na alles wat hom/haar aangedoen is. Aan die emosie van woede is daar nie noodwendig iets sondig aan nie. Talle wat met onvergewensgesindheid worstel, het emosioneel deur ander se optrede ontsettend seergekry. Menslik gesproke het hulle dus die reg om te voel soos wat hulle voel. Deur bevestiging te ontvang dat hulle gevoelens onder die omstandighede normaal is, is 'n belangrike eerste stap onderweg na heling (Coetzer, 2018:18).

- **Om die oortreding te probeer vergeet of die verlede te herkonstrueer**

Die verlede hoef nie gerekonstrueer word om te kan vergewe nie. Die oortreding moet eerder onthou word om seermaak op dieselfde wyse te kan verhoed. Vergifnis vereis die vermoë om die lewe eerlik in die oë te kyk soos wat dit is. Hierdie is ook nie 'n emosionele besluit sodat daar hopelik weer met die lewe kan voortgaan asof alle reg is terwyl ons weet dit is nie die geval nie (Coetzer, 2018:*op. cit.*).

- **Om die oortreding bloot deur die vingers te sien, dit goed te keur of toe te laat dat dit weer gebeur**

Die ander persoon se oortreding word ten volle geëvalueer, want dit is immers nie onskuldige mense wat ons vergewe nie. In talle situasies was daar konkrete pyn en trauma en die oortreder is uiteindelik aan God verantwoording verskuldig (Matt 6:14) (Coetzer, 2018:19).

- **Om die reëls ten opsigte van wat waar, reg en gepas is, te verander**

Waar mense gelieg, bedrieg, gemanipuleer of wanvoorstellings gemaak het, is dit nooit aanvaarbaar nie (Coetzer, 2018:*op. cit.*).

#### 7.8.2.3 Verdere wanpersepsies oor vergifnis

- **Vergifnis is nie 'n teken van swakheid nie**

Mans is soms geneig om vergifnis te wil systap aangesien hulle dit as teken van swakheid beskou omdat – volgens hulle mening – slegs swakkelinge op hierdie wyse sal reageer

terwyl die sterk manlike tipe nie sulke vernederende gedrag sal toon nie. Om te kan vergewe dui juis op moed en krag en ŉ sterk karakter. Om iemand anders te kan vergewe, vereis inderdaad stamina, daadkrag en gedetermineerdheid (Coetzer, 2018:*op. cit*.); (Tutu & Tutu, 2014:33-34).

- **Vergifnis is nie sinoniem met versoening of vertroue nie**

Vertroue is die vaste hoop in iemand se integriteit. Om uiteindelik by die punt van vergifnis te kom, is die bou/herbou van ŉ gesonde verhouding eers nodig. Gewoonlik neem dit tyd en deel van die finale uitkoms is vertroue of hernude vertroue. Selfs indien versoening nie moontlik is nie, kan vergifnis nogtans in enige stadium plaasvind (Coetzer, 2018:20).

- **Vergifnis is nie ŉ ondermyning van geregtigheid nie**

Sommige mense glo dat ŉ onreg net reggestel kan word wanneer iemand moet betaal vir die kwaad wat aangedoen is anders is vergifnis net ŉ ondermyning van geregtigheid. Wat waar is, is dat mense altyd sal saamleef met die gevolge van hul dade (Tutu & Tutu, 2014:35).

- **Vergifnis is nie om te vergeet nie**

Vir sommige mense is vergifnis moeilik omdat hulle glo dat vergifnis beteken dat die pyn wat gely is, net vergeet moet word (Worthington, 2009:27). Vergifnis beteken nie dat die kwaad vergeet of ontken moet word of voorgee dat dit nooit gebeur het of so erg was nie (Tutu & Tutu, 2014:37). Wat egter moeilik vergeet word, is die pynlike effek van destruktiewe gedrag (Denton, 2011:7). Vergifnis is nie ŉ ontkenning van die pyn en kan ook nie die verlede verander nie, maar dit kan die negatiewe mag van herinneringe kanselleer en wat ook bevryding van slawerny impliseer (Atansov, 2011:98; Denton, 2011:6).

Die vergifnissiklus vereis absolute waarheid en eerlikheid. Vergifnis vereis dat die oortredings aangehoor en die pyn wat gely is genoem word (Tutu & Tutu, 2014:37). Vergifnis is nie ŉ poging om die realiteit te vergeet nie, maar is ŉ bewustelike keuse tot vrylating van die oortreder en so ook self vry te kom van die verlede se gebondenheid (Denton, 2011:3-7). Vergifnis verskuif die fokus vanaf die pyn of wreedheid van die

gebeure na die beeld van God – selfs die geskonde beeld van God in die oortreder (Atansov, 2011:98)

- **Vergifnis is nie maklik nie**

Vergifnis is vir niemand ŉ maklike taak nie. Dalk het die persoon wat vergewe is geen berou getoon of gedragsverandering ondergaan of sy/haar oortredings erken nie. Vertel jou verhaal vir solank dit nodig is. Noem jou seer totdat dit nie langer jou hartseer maak nie. Skenk vergifnis wanneer jy gereed is om die verlede wat nie verander kan word nie te laat gaan. Vergifnis is nie maklik nie, maar dit is die weg na heling (Tutu & Tutu, 2014:38).

- **Slotopmerking: Vergifnis lei tot herstelde waardigheid en ŉ nuwe begin**

Vergifnis is uiteindelik ŉ keuse wat gemaak word. Dit is die vermoë om ander te kan vergewe en ontspring uit die erkenning dat ons almal geskonde en net menslik is (Tutu & Tutu, 2014:22). Mense word nie met haat gebore nie en het ook nie die begeerte om ander te benadeel nie. Vergifnis is genade waardeur ons ŉ ander persoon in staat stel om met waardigheid op te staan en weer ŉ nuwe begin te maak. Om nie te vergewe nie lei tot bitterheid en haat. Of haat sigbaar of versteek is, bly dit ŉ bytmiddel vir die menslike gees (Tutu & Tutu, 2014:23).

Deur die erkenning van ons gedeelde mensheid word vergifnis moontlik gemaak. Mense besef hul eie broosheid, swakheid en kwesbaarheid en wat hulle tot onbesonnenheid en wreedheid instaatstel. ŉ Menslike lewe is ŉ mengsel van goedheid, prag, wreedheid, hartseer, afsydigheid, liefde en veel meer. Ons wil die goeie van die slegte skei, die heiliges van die sondaars, maar dit kan eenvoudig nie gebeur nie. Alle mense deel in die kern kwaliteite van ons menslike natuur en wat by tye na vore kom as vrygewig en soms as selfsugtig (Tutu & Tutu, 2014:125).

#### 7.8.2.4 Vertel ŉ nuwe verhaal

Tutu en Tutu (2014:133) wys daarop dat kenners wêreldwyd op die gebied van vergifnis op die belang gewys het om uiteindelik ŉ nuwe verhaal te vertel en hoe hierdie vermoë ŉ teken is van heling en heelheid. Uit die ou seerkryverhaal herrys ŉ nuwe verhaal. Die nuwe verhaal gaan oor meer as die blote feite oor wat gebeur het, of oor die pyn en seerkry wat die slagoffer moes verduur. Die nuwe verhaal gee ook erkenning aan die

verhaal van die een wat seergemaak het hoewel daardie persoon ook onverstandig was, want dit is ŉ verhaal wat heenwys na ons gedeelde mensheid. Mense is slagoffers van allerlei gruweldade en dit is ŉ werklikheid wat nie ontken kan word nie. Die enigste waarborg vir die lewe op aarde is dat die mens sal swaarkry, maar wat nie gewaarborg word nie, is hoe die mens daarop sal reageer. Sal dit lei tot verbittering of veredeling?

#### 7.8.2.5 ŉ Bydrae vanuit die narratiewe terapie

White en Epston (1990) se narratiewe benadering lê klem op die vertel van ŉ persoon se verhaal en gaan van die veronderstelling uit dat die persoon nie die probleem is nie, maar die *probleem is die probleem* wat geïdentifiseer en ŉ naam gegee moet word. Mense gee betekenis aan hul lewens en verhoudings deur die verhale wat hulle in hul interaksie met ander mense vertel en wat dus bydraend word in die vorming van die verteller se lewens en verhoudings (White & Epston, 1990:13). Mense is ryk aan geleefde ervarings, maar slegs ŉ gedeelte daarvan kan op ŉ gegewe tyd tot uitdrukking kom en val derhalwe buite die dominante verhale met betrekking tot die lewens en verhoudings van mense. Tog bied daardie aspekte van geleefde ervaring wat buite die dominante verhaal val ŉ ryk en vrugbare bron vir die ontwikkeling of herontwikkeling van alternatiewe verhale (White & Epston, 1990:15). Uit die vyftien respondente was twaalf se dominante verhaal ten tye van die empiriese ondersoek hul woede teenoor die politici uit die ou bedeling en die nuwe SAPD se hantering van hulle as mense en oud-kollegas.

Deur eksternalisering word die beradene aangemoedig om die probleem te objektiveer of selfs te personifieer sodat die probleem ŉ afsonderlike entiteit word en dus ekstern tot die persoon of verhouding staan wat as die probleem beskryf is (White & Epston, 1990:38). Navorser oordeel dat hierdie insigte vanuit die narratiewe benadering tog in hierdie studie ook ŉ bydrae kan lewer om respondente te help om in samewerking met Bybelse beginsels uiteindelik by ŉ nuwe, veranderde en dominante lewensverhaal uit te kom.

#### 7.8.2.6 Groei deur vergifnis

Somtyds kan vergifnis gou plaasvind, maar daar is ook tye wanneer dit ŉ stadige proses is. Sommige mense kan griewe en wrokke vir jare saamdra in die hoop dat dit die ander persoon sal seermaak. Talle mense leef hul lewens hopende dat haat teenoor die *oortreder* op een of ander wyse die foltering sal beëindig en dat die vernietiging van ander persone op die een of ander manier hul eie gebrokenheid en pyn sal genees. Dog

dit gebeur nie so nie (Tutu & Tutu, 2014:137). Talle mense verkies hierdie weg, maar dit is eers wanneer hulle in die nasleep van verwoesting hulself tussen die puin van haat bevind dat hulle agterkom die pyn én die verlies steeds daar is. Slegs vergifnis kan die wonde en pyn van verlies verander (Tutu & Tutu, 2014:138).

#### 7.8.2.7 Golgota, Christus en vergifnis

Die volle omvang van God se woede teen menslike sonde word deur Golgota omvat waar hierdie woede van God teenoor Jesus Christus aan die kruis manifesteer (Taylor & Wilson, 2003:44). Vergifnis vind hiervolgens nie sonder woede plaas nie, maar die een het die ander nodig. Daarom is Golgota nie slegs ŉ duidelike verklaring met betrekking tot sonde nie, maar ook ŉ verklaring aangaande sonde (Taylor & Wilson, 2003:*op. cit*.). Om ŉ einde te bring aan sonde, ongeregtigheid, pyn, vergelding en die mens se onvergewensgesindheid, was die enigste uitkoms dat Jesus deur Sy kruisdood in nederigheid die ongeregtigheid van die mensdom in liefde op Hom geneem het (vgl. Fil. 2:6-8) (Worthington, 2009:34). Op grond van Jesus se kruisdood word God se genade vir die hele mensdom verkry wat deur middel van vergifnis konkreet gedemonstreer word – ŉ vergifnis vir alle mense en nie net vir ŉ bepaalde groep nie (Atansov, 2011:94). Inderdaad is dit nie goedkoop vergifnis nie (Taylor & Wilson, 2003:44). Deur Christus se kruisdood vergewe én herstel God dit wat deur die sonde vernietig is. Volgens Malcolm en Ramsey (2010:30) kan dit beskou word as die wysheid en krag van die kruis.

## 7.9 HERNU OF STEL DIE VERHOUDING VRY
***Vierde stap van die Vergifnissiklus***

Wanneer iemand vergewe is, is die finale stap van die vergifnissiklus die vraag of jy die verhouding met die persoon wat jou seergemaak het wil hernu en of daar loslating van die verhouding sal wees. Na hierdie finale stap in die viervoudige weg van die vergifnissiklus word ŉ nuwe bladsy omgeslaan. Daar is geen meer *uitstaande skulde* asook die voortwoeker van wrokke en gegriefdheid nie. Dit is eers na die hernuwing of loslating van ŉ verhouding dat daar ŉ toekoms wag wat van die verlede bevry is (Tutu & Tutu, 2014:145).

### 7.9.1 Hernuwing of loslating: Wat beteken dit?

Tutu en Tutu (2014:145) wys daarop dat ŉ slagoffer ook in ŉ verhouding staan met die oortreder. Deur die skadelike daad wat teenoor die slagoffer gepleeg is, het daar tussen

slagoffer en oortreder ŉ *verhouding* tot stand gekom. Die slagoffer mag vergifnis skenk aan die oortreder maar verkies om daardie persoon nooit weer te sien nie en dat die verhouding daardeur losgelaat word. Die keuse om te hernu of los te laat is ŉ persoonlike keuse wat net die slagoffer kan neem. Die keuse tot loslating van ŉ verhouding is ŉ geldige keuse, maar meestal neig die voorkeur vir hernuwing en versoening, behalwe in daardie gevalle waar die slagoffer se veiligheid riskant is. Deur die hernuwing van verhoudings kan die vrug wat vergifnis geplant het nou geoes word (Tutu & Tutu, 2014: 146).

### 7.9.2 Wat hernuwing nie is nie

Die hernuwing van ŉ verhouding is nie die herstel daarvan nie. Dit is nie ŉ terugkeer voor die gebeure plaasgevind het en voorgee asof niks gebeur het nie. Uit die lyding ontstaan ŉ nuwe verhouding – ŉ verhouding wat dikwels sterker is as die een wat voorheen ervaar is. In hernude verhoudings is dikwels ŉ verdieping omdat die waarheid in die oë gekyk, die gedeelde mensheid erken is en nou ŉ nuwe verhaal van ŉ veranderde verhouding vertel word (Tutu & Tutu, 2014:146).


Oor die hernuwing of loslating van ŉ verhouding gee Tutu en Tutu (2014:157) die volgende opsomming:

- Die voorkeur is altyd om ŉ verhouding te hernu tensy daar ŉ veiligheidsrisiko is.
- Stel duidelik wat van die dader verwag word ten einde ŉ verhouding los te laat of te hernu.
- Die behoefte mag dalk ŉ apologie, ŉ verduideliking, ŉ tasbare voorwerp wees of om die oortreder nooit weer te sien nie.
- Kyk na eie bydrae in enige konflik.
- Wanneer ŉ verhouding hernu word, is dit sterker as voorheen, maar ook verskillend.
- Deur die vernuwing of loslating van ŉ verhouding is daar ŉ bevryding van slagofferskap asook die angel van die trauma.

## 7.10 DIE FORMULERING VAN EIE MODEL
## Toepassing op Koevoet veterane


Aan die hand van Tutu en Tutu (2014) se vergifnissiklus gaan praktykteoretiese riglyne vir getraumatiseerde Koevoet veterane nou aan die orde kom waarin die Skrif ook ŉ belangrike rol sal speel. Dit is slegs vanuit die Skrif waaruit die mens beraad en oortuig

kan word van God en Sy heerlikheid (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3).




**Figuur 7.3: Geformuleerde eie model van toepassing op Koevoet veterane**

Die konsepte wat uit die empiriese ondersoek na vore gekom het, vorm nou die basis vir Tutu en Tutu (2014) se viervoudige roete van die vergifnissiklus.




**Die konsepte is almal in relasie tot mekaar**
**Figuur 7.4: Skets: praktykteorie met konsepte en relasies**

### 7.10.1 Vertel die verhaal

Denborough (2019) neem as vertrekpunt dat ons lewens en die roetes wat dit volg nie in beton gegiet is nie maar deur ons verhale gevorm word. Die maniere waarop ons ons lewensverhale verstaan en dit met ander deel, maak ŉ groot verskil. Wanneer ons verhale vertel wat wanhoop benadruk, verswak dit die mens se innerlike weerstand, maar wan-

neer verhale vertel word wat ons sterker maak, kan dit verligting bring vir ons ver-liese en ons leed versag. Wanneer mense leer om hul verhale weer in die oë te kyk wat hulle oor hulself vertel kan ŉ groot verskil maak oor die manier waarop hulle hul lewens leef. Die narratiewe terapie wil mense leer om nuut na hul probleme te kyk en om dan betekenis te vind in gebeure wat dikwels verwaarloos is. In die narratiewe benadering is daar veral twee kern konsepte, nl. *eksternalisering van die probleem*: die persoon is nie die probleem nie; die probleem is die probleem. Die tweede konsep is die *remembering*[65] van die persoon se lewe.

Die empiriese ondersoek was die geleentheid waar vyftien respondente hul verhale as lede van Koevoet tydens die Bosoorlog (26 Augustus 1966 tot 21 Maart 1990) asook hul ervaring na die oorlog met die navorser kon deel. Dit is hartseer dat daar bykans ŉ kwarteeu moes verloop voordat die verhale van ŉ klein groepie Koevoet veterane gehoor kon word. Navorser moet meld dat dit nie net uniek aan Koevoet veterane is nie, maar dat talle ander lede van die voormalige Veiligheidsmagte dieselfde pad van *maak-los-en-laat-gaan* moes loop. Hierdeur is die deur wawyd oopgemaak vir *intergeneratiewe trauma* of *generasiebagasie* waar onverwerkte traumatiese ervarings via die generasie-lyne aan opkomende geslagte oorgedra kan word (Coetzer, 2014:2).

Uit die groep van vyftien respondente is daar een wat uitstaan. Hy is so deur haat jeens die vyand verteer dat hy selfs van vergifnis vir sy eertydse vyande niks wil weet nie. Hy is onder konstante psigiatriese behandeling vir sy toestand, maar drogbeelde vanuit die oorlog oorval hom steeds snags waardeur sy vrou ook wakker gemaak word. Sou hierdie persoon nie pastoraal tot die gee van vergifnis begelei word nie, is die moontlikheid groot dat sy jong kinders hierdeur sekondêr getraumatiseer kan word. Sy haat jeens die vyand is obsessief en wanneer hy oor die voorval praat, word dit met drif gedoen (Bylae 4. Veldnota: vraag 4.11: 295).

[65] Re-membering (die gepaste Afrikaanse woord is dalk herenig) is oorspronklik deur Barbara Myerhoff (1982, 1986) ŉ antropoloog gemunt. Michael White (1997) het hierdie term ook in die narratiewe terapie gebruik deur die idee te ontwikkel dat mense se identiteite gevorm word. Daarna kan dan verwys word as ŉ '*lewensklub*' waar verskeie persone ŉ rol sou speel in die vorming en beïnvloeding van hoe ons onself sien en ervaar (Russell & Carey, 2002). Remembering: responding to commonly asked questions. https://narrativepractices.com.au/attach/pdf/Remembering_Common_Questions.pdf

### 7.10.2 Noem die seerkry – konsepte uit empiriese ondersoek

Die seerkry wat uit die empiriese ondersoek na vore gekom het, word hierna gelys in die volgorde van die vier konsepte soos aangedui in Figuur 7.4 bo.

#### 7.10.2.1 Oorlogsverwonding (Kernkonsep)

Wanneer oorlogsverwonding aan die orde kom, gaan dit oor fisiese en psigiese seerkry. Morele verwonding as fenomeen is die afgelope aantal jare in die Amerikaanse weermag die onderwerp van ondersoek deur psigoloë en teoloë. Sedert die Koreaanse oorlog, die oorlog in Vietnam en die oorloë in Saudi Arabië was die Amerikaanse weermag konstant by oorloë betrokke. Direk na Vietnam is veral aan PTSD aandag gegee en is vanuit verskillende akademiese dissiplines aandag aan morele verwonding gegee (vgl. 4.4.6; 4.4.6.1; 4.4.6.2; 4.4.6.3).

Vanuit die eksegetiese gedeeltes van hoofstuk 5 het die werklikheid van oorlogs-verwonding en dood sterk na vore gekom. Sedert Israel se wordingsgeskiedenis tot en met die verwoesting van die tweede Tempel was oorlog ŉ konstante kenmerk in Israel (vgl. 5.5.1).

#### 7.10.2.2 Verwerping (Konsep 2)

Wat hier na vore kom, is die gespanne verhouding tussen Dawid en sy seun Absolom. Na Dawid se owerspel met Batseba volg Amnon se ontering van Tamar. Dawid se gebrek aan optrede teenoor Amnon lei tot opstand in Absalom en sy verwerping van Dawid as sy pa. Uiteindelik loop dit uit op oorlog en Absalom se dood in die Efraimbos. Dawid se hartverskeurende droefheid oor sy seun Absalom noop Joab as Dawid se leër-bevelvoerder om sy koning ernstig aan te spreek oor sy optrede teenoor sy manskappe wat in die stryd teen Absalom hul lewe vir hul koning op die spel geplaas het, maar dat Dawid nou sy rug op hulle keer (vgl. par. 5.5.2).

ŉ Respondent wat as ŉ getroude man met sy gesin by Koevoet was, vertel hoedat sy jong seun afsydig sou optree wanneer sy pa kamoefleerdrag aantrek om op patrollie te gaan. Dié gedrag van die kind het al na vore gekom tydens sy ouma se dood. Die respondent se gesin was in die RSA. Op sy verjaardag op die grens is hy van sy moeder se dood in kennis gestel en is hy inderhaas terug na die RSA geklee in kamoefleerdrag. Toe sy seun hom sien wou nie eens op sy pa se skoot kom sit nie. Daar het die respondent al agter-

gekom dat sy seun kamoefleerdrag met die dood assosieer. Respondent het dit as ŉ vorm van verwerping ervaar (Bylae 4 Veldnota (par. 4: bladsy 245).

Vanuit die empiriese ondersoek het verwerping by bykans al die respondente na vore gekom. Die ergste verwerping wat hulle ervaar het, was dié van die vorige asook die huidige politieke bedeling. Twee Koevoet veterane se bevordering na senior offisiers-range is geweier bloot op grond van hul Koevoetverbintenis. Op die een respondent se persoonlike lêer het die destydse minister van polisie in rooi oor die lêer geskryf: *This person is totally out*. Die ander persoon wat eerste op die bestuursontwikkelingskursus gestaan het, is ook oorgeslaan vanweë sy Koevoet verlede (.

Dié soort behandeling veroorsaak diep emosionele roeringe in mense. By die vertel van hierdie verhale het trane by beide respondente gevloei wat net bewys hoe diep die seerkry lê. Aan hul verbeurde bevordering kan niks gedoen word nie, maar pastoraal sal hulle oor hul verlies en woede begelei moet word om die onreg van die verlede te vergewe en dat hulle die vrede sal vind om met God se genade sinvol met hul lewe aan te gaan (Bylae 4 Veldnota (par. 4: 245); Bylae 4 Veldnota (vraag 1.5: 291-292).

#### 7.10.2.3 Woede (Konsep 3)

Die ruiter op die wit perd word geïdentifiseer as Christus wat oorlog voer en oordeel maar met geregtigheid. Die Here se Naam is geregtigheid en vir die mens beteken dit gehoorsaamheid aan God se wil. God se genade oortref altyd Sy woede. Naas verwerping het woede ŉ integrale deel van bykans al die respondente se verhale gevorm. Hul woede was ook gerig op hul vorige politieke meesters asook kollegas, maar veral teen die publiek wat hulle as misdadigers en moordenaars uitgekryt het. Dit het daartoe gelei dat sommiges nie meer met Koevoet geïdentifiseer wou wees nie en het van die toneel 'verdwyn'.

Die agtergrond van Koevoet veterane se worsteling met woede lê op ŉ tweërlei vlak: teenoor hul politieke meesters in wie se opdrag hul vanuit hul ampseed as polisie-beamptes grensdiens moes doen en toe in die steek gelaat is; asook hul nuwe politieke meesters wat nie veel erg aan hulle gehad het nie. Dieselfde verpligting het ook vir weermagslede en dienspligtiges uit die apartheidsera gegeld waar geheimhouding persone tydens en na afloop van die oorlog die swye opgelê het. Selfs met hul tuiskoms

wou hulle nooit daaroor praat nie. Dit sou weer ŉ emosionele en sosiale vakuum laat ontstaan wat sy tol sou eis in beide horisontale- en vertikale verhoudings. Uiteraard sou dit die persone se eie emosionele funksionering ernstig raak (Connell, *et al.* 2013:431).

Woede is nie vreemd aan die Bybel nie. Hier hoor ons van God, Jesus en die mens se woede. God se woede kom in beide die Ou- en Nuwe Testament na vore. In die Ou Testament is God se woede veral gerig teen Israel wat soms as nasionale rampe beleef word (Num 21:16). In die Nuwe Testament handel Johannes die Doper se 'intreepreek' oor God se komende oordeel (Matt 3:7; Luk 3:7). God se heiligheid is sy woede teen sonde, maar die fundamentele aspek van die Bybelse getuienis is God se liefde en genade. Sonder God se woede sou ons Sy genade nooit ten volle kon waardeer nie.

Jesus se woede is weer gerig teen hartelose mense wat die kindertjies weerhou om na Hom te kom (Mark 10:13-16). Jesus was kwaad vir uitbuiters en diegene wat Sy Vader se huis van alle heiligheid sou beroof. Woede van mens teenoor mens is geregverdigd en heilig as dit oor geregtigheid gaan en nie aangedryf word deur persoonlike oorwegings nie. Ook mense ervaar woede, maar woede is vanuit sekere kringe binne die Christelike geloof as ŉ dodelike sonde beskou. Die '*woede-is-sonde*'-benadering lê klem op daardie Skrifgedeeltes wat dit skynbaar bevestig soos in Efesiërs 2:14; Matteus 5:22; Jakobus 1:20 en 1Timoteus 2:8. Wat hier veral vir Koevoet veterane van belang is, is dat woede as ŉ Godgegewe emosie beskou moet word en as sodanig op gepaste maniere tot uitdrukking kan kom as aanduiding van spirituele volwassenheid. Omdat daar in die lewe van Christene ŉ gepaste plek vir beheerste woede is, moet woede nie op onnatuurlike maniere onderdruk word nie. Woede is die vrygekoopte Christen se dienskneg, maar ongelukkig is dit ook die heerser van talle emosioneel verwonde persone (Anderson & Miller, 1999:14-15). Dit is juis waarteen Koevoet veterane as emosioneelverwonde mense moet waak en waarin hulle pastoraal begelei moet word.

Die gevaar van onopgeloste woede kan lei tot vervreemding tussen God en medemens wat na vore kom as stilswye, emosionele onttrekking, onbetrokkenheid, ŉ gevoel van afstand en vervreemding. Die berading van diegene wat deur woede getreiter word sal op die een tot een basis benader word. Weens hul verspreidheid oor vier provinsies sal dit moeilik wees om hulle in groepies byeen te bring. Navorser oordeel dat indiwiduele pastorale gesprekke hieroor die beste in die een tot een basis tot sy reg sal kom. Vyf van

hierdie respondente is verspreid oor Gauteng; een is in Limpopo; twee in Mpumalanga; en een in Noordwes. Na die pastorale gesprek met die twee respondente wat probleme ervaar met die NVK sal daar saam met ŉ regsgeleerde met ŉ goeie polisie agtergrond aan die regsaspekte aandag gegee word. ŉ Tentatiewe ontmoeting met die regsgeleerde is vir Mei 2019 geskeduleer.

Tydens die pastorale gesprek met hierdie respondente sal die navorser met vrug gebruik kan maak van Collins (2016) se benadering soos in paragraaf 7.10.5 hieronder uiteengesit.

#### 7.10.2.4 Menslikheid te midde van oorlog (Konsep 4)

Te midde van al die oorlogsverhale is Dawid se optrede teenoor Mefiboset ŉ juweel. Die dood en verminking van oorlog is nie daartoe in staat om die mens totaal van sy/haar menslikheid te stroop nie. (3.2.9.2: Afdeling B: Vraag 1: Wat is die aard van worsteling wat tans ervaar word? Kategorie B7 – menslikheid in oorlogsituasies). Twee respondente was geroer oor die manier waarop lyke van insurgente die basis ingebring is. Daar was redes hiervoor, maar ook in moeilike omstandighede verloor mense nie noodwendig hul menslikheid nie.

Soos voorheen in die studie aangedui, was daar goeie redes waarom lyke op Casspirs se modderskerms na die basis gebring is. Die binneruim van die Casspir was volgepak met voedsel- en ammunisievoorrade. Wat die een respondent gedoen het, was om sover dit moontlik was die begrafnisse van Ovambo kollegas by te woon. Weens die veiligheidsrisiko sou dit in die geval van insurgente heeltemal buite die kwessie wees. (Sien bylae 7: Fotobeeld van Koevoet)

By ŉ ander respondent wie se gewete hom steeds pla, moes nege lyke van insurgente in die plaaslike begraafplaas begrawe word. Hy en ŉ makker is aangesê om die taak te verrig. In die snikhete Ovamboland se son moes hulle self die gate grawe. Pleks van nege gate te grawe, het hulle twee gate gegrawe en al die lyke daarin geplaas. Jare later het hy weer ŉ besoek aan Ovamboland gebring en die spesifieke begraafplaas gaan opsoek, maar die gegraafplaas het intussen uitgebrei en hy kon nie die grafte opspoor nie. Wat hier manifesteer is morele verwonding – die wond aan die siel – omdat ŉ morele oortreding gepleeg is. Die briefskrywery wat in die narratiewe terapie gebruik word, sou ook in hierdie geval tesame met gebed aangewend kon word.

### 7.10.3 Skenk vergifnis

In 6.8 bo is die kwessie van vergifnis behandel. Deur vergifnis word afstand gedoen van bitterheid. Vergifnis is ŉ keuse om vry te spreek, die verlede agter te laat en nie verder met destruktiewe emosies te stoei nie. Du Rand (2015:43) neem as vertrekpunt dat skuld ŉ las is wat ŉ mens dra, maar omdat jy jouself en ander nie kan vergewe nie, is dit nie 'n maklike gewig om los te laat nie. Vergifnis kan baie moeilik wees, maar vergifnis is ŉ sieraad in die Christelike geloof waar die hele Bybelboodskap die goeie nuus van vergifnis verkondig. Dit is in die loslating van hierdie gewig waar Tutu en Tutu (2014:29) se klipritueel in Bylae 6.1 tog ŉ rol in die pastorale begeleiding van beradenes kan speel. Deur die dra van ŉ klip wat in die persoon se handpalm pas, word die draer se aktiwiteite beperk. Op dieselfde wyse is onvergewensgesindheid soos die spreekwoordelike *klippie in die skoen* wat ŉ aanhoudende lastigheid is.

Vergifnis is ŉ tema wat dwarsdeur die Bybel na vore kom. Daar word hier na enkele Bybelverse verwys soos Numeri 14:19-20 (Moses se pleidooi vir vergifnis by die Here vir die Israeliete na hulle opstand); mens hoor hierdie refrein ook in etlike Psalms (Ps 25:7, 11, 18; Ps 32:5; 65:3; 130:4; Jes 1:18; 44:21-22; Jer 33:8; Matt 6:12, 14-15; Mark 2:5-12; Luk 24:47; Hand 2:37-38; 13:38; Rom 4:7-8; en 1 Joh 2:122). ŉ Mens wat vergifnis ontvang het, kan nie anders nie as om dankbaar en jubelend voor God te leef soos dit tot uitdrukking kom in die woorde van Liedboek 245 (Barnard & Vos. 2001):

Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het, sing dankbaar my verlossingslied.
U weet hoe ek na U verlang het – U het u guns my aangebied.
Ek loof en prys U deurentyd en roem u groot barmhartigheid.

Volgens Leaf (2018:63) is daar wetenskaplike waarheid agter die gewilde uitspraak 'vergewe en vergeet', want navorsing toon dat mense die besonderhede van ŉ oortreding makliker vergeet wanneer daardie oortreding vergewe is. Om ŉ ingesteldheid van vergifnis te vestig, is ŉ keuse en ŉ daad van jou vrye wil wat met enorme gesondheidsvoordele gepaardgaan. Vergifnis stel jou in staat om toksies gedagtes van woede, wrewel, bitterheid, verleentheid, smart, skuld en haat te laat gaan. Dit knoop jou los uit die bron van die probleem deur negatiewe energie van toksiese denke weg te neem. Etlike respondente het tydens die onderhoude hul misnoeë en woede in sterk gekruide taal laat hoor – iets wat Collins (2016:139) as ŉ ongesonde manier afwys om uiting aan woede te gee.

### 7.10.4 Hernu of stel vry

Die woede van die respondente was gerig teen die politici uit die ou bedeling asook behandeling wat hulle in die nuwe SAPD ervaar het. Hier is geen sprake van hernuwing van die verhouding nie. Koevoet veterane sal aan die hand van die pastoraal begelei moet word deur die proses van vergifnis en die vrystelling van diegene teen wie wrokke gekoester word.

Hierin sal die respondente ook begelei word aan die hand van die geformuleerde model in paragraaf 7.10 bo. Tydens beradingsessies sal die noodsaak van vergifnis aan die hand van Bybeltekste met die respondente gedeel word, maar sal daar ook gewys word op die geestelike en liggaamlike nadele van onvergewensgesindheid teenoor die bevryding wat vergifnis wel bring. Navorser oordeel dat daar hier ŉ geleentheid is om van Tick (2005) se 'vuurritueel' in ŉ informele opset gebruik te maak. Die seerkry, woede, haat of las word op ŉ stuk papier geskryf en dan verbrand. Die verbranding moet gepaardgaan met ŉ gebed en die aanvaarding van vergifnis vanuit Christus se kruisdood. Na so ŉ seremonie sou daar ook Nagmaal aan die groepie bedien kon word om die vryheid en heling in Christus te vier. Koevoet veterane was daaraan gewoond om in die veld te leef. Navorser oordeel dat vanuit hul agtergrond sou so ŉ 'informele' seremonie vir hulle meer aanvaarbaar wees as ŉ formele seremonie wat binne ŉ kerk of ander gebou plaasvind.

### 7.10.5 Nuwe identiteit in Christus

Dwarsdeur die Bybel word menslike lewe met twee begrippe beskryf, naamlik oud en nuut. Waar die ou mens se lewe gekenmerk word deur haat, rusie, twis, onmin, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, eiewilligheid en selfgesentreerdheid (Ef 4:22), word die nuwe mens se lewe gekenmerk deur liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:22). Die Skrif leer ons ook: *Lewe as nuwe mense. Julle gees en gedagtes moet nuut word* (Ef 4:23) en *laat God julle verander deur julle denke te vernuwe* (Rom 12:2). Die ou sondige mens is ŉ beskrywing van iemand wat ŉ gevangene is en vasgevang sit in ŉ negatiewe en afbrekende lewensstyl. Die nuwe mens daarteenoor word beskryf as iemand wat bevryding in en deur Christus ervaar. So ŉ mens kan selfs in teëspoed die nuwe ervaar, want in Christus is hy/sy méér as ŉ oorwinnaar wat probleme aanpak onder die leiding van die Heilige Gees (Rom 8:37) (De Kock, 2017).

#### 7.10.6 Berading en woede spesifiek op Koevoet veterane gerig

Woede kan lei tot sondige gedrag wat mense fisiek, sielkundig, geestelik en sosiaal kan knou. Collins (2016:139) vra die vraag: Hoekom lyk dit of soveel mense vyandige gevoelens geniet en aanhou om wrokke in hulle om te dra? Hy bied hiervoor die volgende veronderstellings aan:

- Moontlik laat woede sommige mense magtig, meerderwaardig en reg voel;
- die hantering van woede op ŉ volwasse manier hou vir sommige mense die implikasie in dat hulle swak is en maklik rondgestoot kan word sou hulle ook die ander wang draai (Matt 5:39b; Luk 6:29) en
- onder die dekmantel dat hulle hul selfbeeld bewaar of vir hul regte opstaan, weier sommige mense om tot optrede oor te gaan wat sulke situasies kan verander en misverstande uit die weg ruim.

Wanneer daar ŉ drang na verandering is, kan berading verskeie vorme aanneem.

- **Help beradenes om die woede te erken**

  Woede wat ontken word, sal nooit uit die weg geruim kan word nie. Mense moet dus in berading gehelp word om te sien en te erken dat hulle kwaad is. Dit kan help om vir die beradene te sê dat woede ŉ algemene, Godgegewe emosie is, wat vir die meeste mense, van tyd tot tyd buite beheer raak (Collins, 2016:139).

- **Help beradenes om uiting te gee aan woede**

  Deur stoom af te blaas deur te vloek, gil, skree of ŉ kussing te slaan om aan vyandige gevoelens uiting te gee en sodoende gevoelens van woede te verminder, is een van die grootste en mees destruktiewe mites om woede uit die menslike gestel te kry. Hierdie idee van woedevermindering word nooit in die Skrif voorgestel nie en word nog minder deur sielkundige navorsing gesteun. Daar is eerder aanduidings dat woedeuitbarstings, woedeaanvalle en ŉ alewige gepraat daaroor eerder woede verhoog as verminder. Om te keer dat woede opbou moet ŉ mens met sy seer afreken – een op ŉ slag – soos dit voorkom want dit keer dat woede opbou (Collins, 2016:*op. cit.*). By sommige respondente sal hier ŉ proses van heling moet wees aangesien daar alreeds in hul kinderjare woede jeens ouers en ander gesagsfigure ontstaan het.

- **Help beradenes om na die oorsake van die woede te kyk**

  In die geval van Koevoet veterane was die volgende aspekte die oorsaak van hul woede:

  - Verbeuring van bevordering weens hul Koevoetverlede.
  - Die wyse waarop hulle in die SAPD behandel is.
  - Die stigmatisering dat hulle kriminele en moordenaars was.
  - Die wyse waarop oorlogsgestremdheid deur die Namibiese Vergoedings-kommissaris hanteer is.

Om die oorsake van hul woede reg te stel is nie meer moontlik nie en boonop is dit ook erkende woede. Al wat hier gedoen kan word, is om die beradene in gebed na die Here te bring en waar nodig van regshulp gebruik te maak. Seamands (1985:142) wys op die belangrikheid van die gebedsessie en die behoorlike beplanning daarvan. Alreeds aan die begin van elke sessie moet ŉ appèl tot God gemaak word om hulp omdat ons nie altyd weet waarvoor om te bid nie, maar dat ons die Here op sy Woord kan neem omdat die Heilige Gees in sulke omstandighede ons gebedsgenoot is en deur ons sal bid (Bylae 5: bladsy 318).

- **Fokus op nederigheid, belydenis en vergifnis**

Om mense te leer om hul woede te erken en te evalueer kan goeie eerste treë wees om die kwessie te hanteer, maar is nie ŉ permanente oplossing nie. Omdat woede tot sondige gedagtes, begeertes, woorde en dade kan lei, moet beradenes gehelp word om ook aan hierdie kwessies aandag te gee as hulle hul woede wil beheer. Collins (2016:141) vestig hier die aandag op etlike belangrike aspekte:

- ***Nederigheid*:** Om te erken dat jy kwaad is of beheer verloor en aggressief opgetree het, kan ŉ mens baie nederig laat voel, maar daar is tog mense wat duidelik kies om kwaad te bly pleks van die risiko te loop om hul swakhede of mislukkings te erken. Ander mense is weer bereid om die werklikheid van hul woede saam met ander gepaardgaande sondige newe-effekte te erken.

- ***Skuldbelydenis*:** Die erns en waarde van skuldbelydenis voor God en ander word deur die Bybel beklemtoon. Eers wanneer skuld voor God bely en aan Hom eerlik vertel word dat ons kwaad en jammer is oor ons aggressiewe optredes, kan ons met oortuiging weet dat ons vergewe is (Collins, 2016:141).

- ***Vergifnis*:** Sommige mense weet intellektueel dat hulle vergewe is, maar omdat hulle nie voel hulle is vergewe nie, lewe hulle voort met skuldgevoelens. Een manier om vergewe te voel, is om onsself herhaaldelik te herinner aan 1 Johannes 1:9: *Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid* (Collins, 2016:141).

- **Leer selfbeheersing**

Wanneer mense kwaad raak, wyk alle rede dikwels voor gevoelens en word iets gesê of gedoen wat later berou kan word. Om beradenes te help om beter beheer oor woede te verkry, kan die volgende vier maniere van hulp wees.

- ***Geestelike groei*:** Dit is ŉ volgehoue proses wat nie skielik begin wanneer iemand jou kwaad maak nie. In Galasiërs word selfbeheersing as ŉ vrug van die Gees gelys. Gelowiges wat opreg deur die Heilige Gees gelei wil word, sal ŉ langsame afname in onenigheid, jaloesie, woedeuitbarstings en ander *dade van die vlees* ervaar. Met God se hulp kan gelowiges liefde, geduld, goedhartigheid en selfbeheersing aanleer. Net Christenberaders kan sulke dinge met beradenes deel en dit in sy/haar lewe voorleef. Selfbeheersing is nie iets wat ons sonder Goddelike hulp alleen en op ons eie moet doen nie (Collins, 2016:142).

- ***Gebruik 'ek'-stellings*:** Tussen woede en aggressie moet onderskei word. ŉ Mens kan kwaad wees sonder om ander seer te maak of aan vyandige gedagtes te dink. Die belang van 'ek'-stellings moet onder beradenes benadruk word. Voorbeelde van 'ek'-stellings is: '*Ek het seergemaak gevoel oor wat jy gedoen het'. 'Ek voel gefrustreerd'. 'Ek voel kwaad en afgejak oor wat jy gesê het'.* 'Ek'-stellings is duidelike stellings sonder om die blaam voor enigeen se deur te lê (Collins, 2016:143).

- ***Bou ŉ gesonde selfbeeld*:** Vyandigheid en woede, insluitende langdurige vyandigheid, dui dikwels op minderwaardigheid, onsekerheid, ŉ swak selfbeeld en ŉ gebrek aan selfvertroue. Mense wat minderwaardig gevoel laat word, reageer dikwels met woede en pogings om hulself te laat geld. Dit kan lei tot argumente waarin twee mense hulself beter wil laat oorkom en elkeen probeer om die ander een minderwaardig te laat voel. Wanneer beradenes gehelp word om ŉ gesonde selfbeeld te ontwikkel – gegrond op hul waarde as God se spesiale skepsels – is hulle beter in staat om hul woede te beheer. Christene besef dat ons almal sondaars is en onderworpe is aan hoogmoed en

die gevare van verhewe eiewaan, maar as Christene besef ons dat God ons verlos het, ons Sy kinders gemaak het en ons die waarde gegee het wat ons nie verdien nie. Hierdie besef kan die grondslag wees vir ŉ gesonde selfbeeld en selfvertroue (Collins, 2016:143). Vier van die respondente in die empiriese ondersoek het erken dat hulle steeds met ŉ swak selfbeeld sukkel en dat dit uit hul kinderjare spruit. In die pastorale berading sal hierdie respondente weer hul waarde in Christus moet ontdek wat hulle kinders van God maak.

### 7.10.7 Bevrydingsrituele in diens van heling en vergifnis

#### 7.10.7.1 Tutu se klipritueel

Tutu en Tutu (2014) het die dra van ŉ klip omvorm tot ŉ ritueel. ŉ Klip wat in die handpalm pas moet in die nie-dominante hand vir sowat ses ure gedra word waarna ŉ joernaalinskrywing aan die hand van ŉ aantal vrae gemaak moet word. Navorser oordeel dat hierdie rituele – dalk met enkele veranderings – met vrug in die pastorale betrokkenheid van Koevoet veterane gebruik kan word. Hierdie rituele kan óf in groepe óf in die een tot een sessies gebruik word. Saam met die vuurritueel kan daar ook vanuit die narratiewe benadering van briefskrywing gebruik gemaak word as die ander persoon nie meer lewe nie of geen belangstelling toon in heling of vergifnis nie (Bylae 6: 319).

Naas die doop (groot- of doop van volwassene as *gehoorsaamheidsdoop* en onderdompeling of die kinderdoop of verbondsdoop deur besprenkeling en wat ook die doop van volwassenes kan insluit) is die Nagmaal tog die een samebindende liturgiese handeling wat alle Christelike denominasies gemeenskaplik het. Na ŉ beradingsproses kan die bediening van die Nagmaal as genesingsritueel gebruik word. Dit sou ook kon impliseer dat so ŉ veteraan begelei moet word om Christen as Verlosser aan te neem. Sou die persoon ongedoop wees, sou dit ook die doop kon insluit. Saam met die navorser het die KVB nog twee ander persone aangewys wat na die stoflike en geestelike behoeftes van oud-Koevoete moet omsien. Die een persoon is nog ŉ dienende kapelaan in die SAPD terwyl die ander een self ŉ Koevoet veteraan is en na sy dienstyd by Koevoet ook tot die bediening toegelaat is. In die Noord-Kaap het hy vir hom ŉ eiendom bekom wat hy vir *retreats* van ŉ geestelike aard gebruik.

#### 7.10.7.2 Tick se vuurreinigingseremonies

Reinigingseremonies is ons erflating vanuit ons hoofstroom kerkgenootskappe en wat na

vore kom as belydenisse en die doop kan aangepas vir die behoeftes van oorlogsveterane. Tradisionele kulture het die basiese elemente – grond, lug, vuur en water – vir reiniging gebruik. Tick (2014:210) – ŉ stigter van Soldiers Heart in Amerika – vertel hoedat hulle dikwels vuurreinigingseremonies by hulle *retreats* hou. Diegene wat dit bywoon kry dan die geleentheid om briewe, aandenkings of stokkies wat simbolies is van iets tasbaars en waarvan hulle bevryding soek, in die vuur te gooi met ŉ hoorbare of stil voorneme. Al is die ritueel eenvoudig in sy uitvoering van die *laat gaan* van iets wat ŉ binding vir die persoon was, is die ritueel se resultate lewensveranderend vir veterane wat daaraan deel-neem.

### 7.10.7.3 Die Nagmaal as sakrament van heling

Die formulier vir die bediening van die Nagmaal omskryf die boodskap van die Nagmaal as ŉ uitnodiging om ons aandeel aan die volle verlossing in Christus feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word dit is ŉ geleentheid om deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die lewende Here en met mekaar te verdiep en so versterk te word in ons geloof, in ons getuienis en in ons toekomsverwagting (Clasen, *et al.*, 2010:89). Oor die tragiese en onverwagse afsterwe van ŉ seun het die vader so gereageer:

> Vir ons as gesin was dit baie swaar. As die stukkie brood en kelkie wyn – die sigbare tekens van ons Here se gebrokenheid, maar ŉ gebrokenheid wat tog tot genesing in die wydste sin van die woord lei – op die Vrydagaand voor die begrafnis aan my gegee is, sou dit my seker verder breek. Maar dit sou my op só ŉ manier breek dat ek meer vatbaar sou wees vir die dinge waarvoor my Meester vir my gesterf het. Ek glo dit sou die rouproses ŉ hupstoot in die regte rigting gee (Magardie, 2000:73).

Brock en Lettini (2012:24-25) vertel die verhaal van kolonel Herm Keiser. Hy was ŉ Amerikaanse leërkapelaan in Vietnam en het hom voorgeneem om soveel tyd moontlik te spandeer tussen die soldate op die grond. Hy wou vir hulle beskikbaar wees wanneer hulle na weke in die oerwoud weer na die basis terugkeer, maar Herm het geworstel oor hoe hy die morele worstelinge van soldate wat hy moes bedien kon aanpak. Op besoek aan soldate kom hy eendag ŉ konvooi teë. By die voorste voertuig hou hy stil en wou by die vier soldate weet wanneer laas hulle Nagmaal of die Mis gevier het. Teenoor Herm het ŉ soldaat opgemerk dat die kapelane blykbaar vergeet dat waar twee of drie saam is, ontstaan daar ŉ geloofsgemeenskap Net daar langs die pad bedien hy Nagmaal aan die vier manne aan die hand van ŉ eenvoudige Protestantse Nagmaalformulier.

Die vier het die res van die konvooi laat weet daar is 'n kapelaan wat die Nagmaal bedien en sover hy langs die konvooi beweeg het, moes hy aan soldate Nagmaal bedien. In die eenvoudige ritueel met die eeueoue smeekbede om genade en verlossing het Herm ontdek wat die sleutel vir sy kapelaansbediening tydens die oorlog is. Onder die soldate in daardie konvooi was daar 'n diepe vreugde omdat hulle die Nagmaal kon vier. Deur hulle deelname aan hierdie maaltyd is 'n diepe morele honger en dors by hulle geles. In die sakrament van die Nagmaal se eenvoud is daar heling te vind.

Navorser is van oordeel dat die Nagmaal as genesingsdoel vir seerkrymense nie altyd tot sy reg kom nie. Die Christelike sakrament wat tot die verwonde mens – liggaamlik, psigies of geestelik – kan spreek, is juis die Nagmaal. Vos (1996:292) sien tereg as vrug van die Nagmaal geloofsversterking, liefde vir God en die naaste, en die inspirasie tot geloofsdade. Waar twee of drie in die Here se Naam byeen is, daar is Hy inderdaad in hul midde.

#### 7.10.7.4 Riglyne vir 'n spesiale Nagmaalsgeleentheid

Nagmaalsgeleenthede van hierdie aard het 'n baie spesiale en persoonlike karakter en sal meestal in klein groepies ten opsigte van Koevoet veterane gebruik word. Die oogmerk van die Nagmaal sal dan wees om uit die eenvoud van die sakrament heling te ervaar van emosionele seerkry wat nie net reste van die Bosoorlog is nie, maar ook vir vier respondente wat emosionele verwonding tydens hul kinderjare ervaar het. Kleingroep-viering van die Nagmaal is nie vreemd aan die Bybel nie, want die eerste Christene het die Nagmaal gereeld gevier wanneer hulle in huise byeen gekom het (Hand 2:42, 46) (Van der Spuy, 2015:153). 'n Eenvoudige liturgie sou so daar kon uitsien:

- **Informele gebed aan die begin**
- **Gepaste Skriflesing vir die geleentheid – nie 'n preek nie**
- **Vereenvoudigde Nagmaalsformulier**

Die Here het vir ons self die Nagmaal gegee. Waarom het die Here Jesus vir ons die Nagmaal gegee? Daar is ses redes:

**1. Dit is 'n onthou-maaltyd:**

As ons die brood eet en die wyn drink onthou ons dat Jesus vir ons aan die kruis gesterf het (Luk 22:19).

**2. Dit is ’n seker-wees-maaltyd:**

Elke keer as ons die Nagmaal gebruik sê die Here vir ons dat ons nooit hoef te twyfel nie: Hy het klaar vir ons sondes betaal. Ons kan seker wees dat ons Sy kinders is.

**3. Dit is ’n naby-wees-maaltyd:**

By die Nagmaal glo ons en voel ons die nabyheid van Jesus aan. Hy sê: *Hy is in ons en ons in Hom*. Met die Nagmaal sê ons ook dat ons deel is van God se familie en dat ons almal lief is vir mekaar.

**4. Dit is ’n uitsien-maaltyd:**

Ons sien by die Nagmaal uit na die wederkoms van ons Here Jesus. Die Bybel sê dit sal soos ŉ fees wees by ŉ troue.

**5. Dit is ’n bly-wees-maaltyd:**

Al het Jesus swaar betaal vir ons sondes wil Hy hê dat ons bly moet wees wanneer ons die Nagmaal gebruik. Hier mag ons alreeds al die blydskap hê wat ons eendag by die bruilofsfees gaan beleef.

**6. Dit is ’n dankie-sê-maaltyd**

Wanneer ons die Nagmaal gebruik, sê ons vir die Here dankie vir alles wat Hy vir ons gedoen en veral dat Hy vir ons sondes betaal het en dat ons nou deel mag wees van God se familie (Bron: Van der Spuy, s.a. Notas aan kleingroepe).

## 7.11 SAMEVATTING

Verwonding, verwerping en woede onder ŉ aantal Koevoet veterane is blootgelê deur die empiriese ondersoek. Aan die hand van die Tutu-model saam met die insigte vanuit die empiriese, die interpreterende asook die normatiewe momente is ŉ praktyk-teoretiese model ontwikkel wat gerig is op die heling van persone wat geestelike probleme ervaar weens onverwerkte trauma en boonop ook met morele verwonding worstel. In hul verhale kon die vyftien Koevoet veterane, wat as respondente aan die ondersoek deelgeneem het, hul woede, verwerping en verwonding vir die eerste keer na verloop van bykans ŉ kwarteeu weer in die oë kyk. Vir etlike veterane was dit ŉ geleentheid om uiting te gee aan hul opgekropte emosies.

Die gevaar van onverwerkte pyn lê daarin dat dit weer pyn aan ander kan veroorsaak. In hierdie verband wys Du Pont (2004:177) daarop dat ŉ hart gevul met woede en bitterheid is vergelykbaar met ŉ kanker wat in die liggaam groei en uiteindelik die hele organisme aantas. Vier respondente het erken dat hierdie onverwerkte pyn tot hulle egskeidings gelei het. Denton (2011:3-4) wys ook daarop dat onvergewensgesindheid ŉ negatiewe uitwerking het op die totaliteit van menslike heelheid (fisies-, emosionele- en geestelike gesondheid) omdat mense gevangenes word van hul eie negatiewe gedagtes. In paragraaf 6.8 bo het die kwessie van vergifnis aan die orde gekom. Alhoewel vergifnis nie ŉ maklike taak is nie, bly dit die weg na heling (Tutu & Tutu, 2014:38). In die pastorale gesprekke met die respondente sal daar op hierdie aspek spesifieke aandag gegee moet word.

Mense is skepsels van die Skeppergod wat na Sy beeld geskape is. Dit lei tot die antropologiese vraag: *Wat is die mens*? Dit behels ondermeer dat daar nie na willekeur met die mens gewerk kan word nie en dat daar deur God se oë na die mens gekyk moet word. Die teologiese vraag vra weer: *Wie is God*? Hier kom die reddende en nuutmakende genade van God na vore (par. 6.10.2 bo).

Die woede van Koevoet veterane het as kernkonsep uit die empiriese ondersoek na vore gekom. Nie een van die respondente het aangedui dat hy/sy ook woede teenoor God ervaar het nie, maar wel teenoor hul destydse politieke meesters. Selfs die twee respondente wat ledemate in die Bosoorlog verloor het, was nooit vir God kwaad nie, maar wel oor die wyse waarop hulle na die oorlog by tye moes sukkel om hul ongeskiktheidspensioen van die Namibiese owerheid vir hul gestremdhede te kry.

Een respondent het agnostiese beskouings geopper. Die betrokke respondent het wel in ŉ Christelike huis opgegroei waar die vader ŉ gereelde kerkganger was, maar die moeder was nooit kerklik betrokke nie. Die respondent was in ŉ stormagtige huwelik en het in die SAPD ook erg seergekry weens ŉ Koevoetverlede wat verdere bevordering gekortwiek het. Tussen die respondent en die navorser het ŉ goeie verstandhouding ontstaan en die navorser oordeel dat die uniekheid van die Christelike berading by hierdie persoon tog aanklank sal vind. Wat hierdie persoon ervaar het, was verwerping wat moeilik hanteer word. Die ander veertien respondente het te kenne gegee dat hulle belydende Christene is.

Seerkry word aanvaar as deel van die lewe, maar seerkry is vir die Christengelowige

nooit lotsbepalend nie. Wat hierdie seerkrymense weer op die pastorale weg moet ontdek is hul uniekheid én nuutheid in Christus.

In hoofstuk 8 word ’n samevatting van die studie gegee.

# HOOFSTUK 8

# SAMEVATTING EN VOORGESTELDELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

## 8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die kern van die voorafgaande hoofstukke weer kortliks aan die orde gestel met die doel om belangrike beginsels met betrekking tot die pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstel te benadruk. Aanvanklik het die Veiligheidstak in die voormalige Suidwes-Afrika ŉ groep polisie-beamptes op die been gebring om met die ondervraging van gearresteerde insypelaars behulpsaam te wees. Die situasie het met tydsverloop verander en is Koevoet as ŉ eie gevegsgroep in die lewe geroep om saam met die SA Weermag en die SA Polisie se Teen-insurgensie eenheid (TIN) die wapen teen die insypelaars op te neem

## 8.2 HISTORIES-POLITIEKE AGTERGROND

Navorser oordeel dat ŉ histories-politieke agtergrond noodsaaklik is om aan die leser ŉ breë blik te gee waarteen die Bosoorlog (1966-1989) afgespeel en beoordeel moet word. In hoofstuk 2 (par. 2.2) is ŉ voëlvlug oor oorlog en stryd in Suider-Afrika gegee. Hieruit blyk dit duidelik dat oorlog en stryd uit die staanspoor deel van die Suider-Afrikaanse kultuur is – nie net tussen Europeërs en die inheemse volke nie – maar ook tussen die inheemse volke onderling.

### 8.2.1 Stormloop na Afrika

Die *Scramble for Africa* sou daartoe lei dat die hele Afrika kontinent teen 1912 bykans onder Wes-Europese beheer was, maar kort na die Eerste Wêreldoorlog moes Duitsland afstand doen van haar twee Afrika kolonies. Na die oorlog word Suidwes-Afrika as ŉ C-mandaat aan Suid-Afrika toegeken om onder toesig van die Volkerebond te administreer. Oor die mandaat was daar talle vaaghede. Suid-Afrika sou graag Suidwes-Afrika as vyfde provinsie van Suid-Afrika wou inkorporeer en het dit inderdaad as ŉ vyfde provinsie geadministreer. Suid-Afrika as mandataris het die aangeleentheid voor die Wêreldhof gebring, maar die Verenigde Volkere Organisasie het die standpunt gehandhaaf dat Suidwes-Afrika/Namibië ŉ mandaat bly onder toesig van die V.V.O.

### 8.2.2 Die Grens- en die Nege Dae Oorlog (NDO)

Omdat Suid-Afrika nie bereid was om Suidwes-Afrika/Namibië op ŉ skinkbord aan Swapo met sy marxistiese neiging te gee nie, het dit gelei tot Suid-Afrikaanse Grensoorlog (1966-1989). Vir Namibië se vreedsame oorgang tot onafhanklikheid was daar wedersydse voorwaardes wat vir beide Suid-Afrika en SWAPO sou geld. In die gees van die ooreenkoms het Suid-Afrika by die voorwaardes gehou. Op 1 April 1989 het SWAPO doelbewus die ooreenkoms verbreek toe ŉ groot groep SWAPO insurgente in die omgewing van Ruacana poog om die land sonder slag of stoot in te neem. ŉ Handvol polisiemanne en lugmag vlieëniers was sedert 1 tot 9 April 1989 in ŉ volskaalse oorlog betrokke. Drie respondente vir hierdie ondersoek was by die NDO betrokke. Een respondent het sy regter bobeen bokant die knie verloor terwyl die ander respondent sy *buddy* in die NDO verloor het. Dit het talle vrae oor die dood by hom ontketen.

### 8.2.3 Internasionale druk, sanksies en rewolusionêre optrede

Deur die beleid van apartheid (afsonderlike ontwikkeling) was daar toenemende interne en internasionale druk op Suid-Afrika geplaas wat ook met sanksies gepaard sou gaan. In Suid-Afrika self was daar ŉ rewolusionêre oorlog aan die gang wat wetstoepassing deur die veiligheidsmagte (polisie- en weermag) ŉ komplekse verskynsel sou maak. Uiteraard gaan rewolusionêre optrede met radikale verandering en geweld gepaard. Geen regering ter wêreld is bereid om rewolusionêre optrede of insurgensie binne sy grondgebied toe te laat nie. As teenvoeter vir insurgensie is teeninsurgensie (TIN) toegepas – dit het reaktiewe optrede geïmpliseer en hiervoor is die SA Polisie en die SA Weermag aangewend. Aangesien insurgente maklik met die plaaslike bevolking saamsmelt (soos in Ovamboland en Suid-Afrika) is dit bykans onmoontlik om insurgente van die plaaslike bevolking te onderskei en dit kompliseer dan gewoonlik die hele situasie.

Navorser wil daarop wys dat talle jong polisiemanne en dienspligtiges aan hierdie geweld blootgestel was en dus ook gruweldade aanskou het. Soos in die geval van Koevoetlede is hierdie jongmanne na die oorlog basies binne die gemeenskap losgelaat. Navorser noem dit om daardeur die reikwydte van oorlogsverwonding te illustreer. Voeg hierby ook die soortgelyke ervarings deur die eertydse vyande en ŉ sombere prentjie van oorlogsverwonding en die nagevolge daarvan kom in die oog, wat uiteindelik die psige van ŉ nasie negatief sou raak en verder bloot negeer sou word.

### 8.2.4 Dubbele rol van polisieman én soldaat versus soldaat én polisieman

Tydens relatiewe vrede is die onderskeid tussen polisieman en soldaat gewoonlik duidelik, maar tydens ŉ binnelandse oorlog vervaag die situasie en vind aansienlike oorvleueling plaas. Dit is wat tydens die binnelandse stryd gebeur het: polisiemanne moes soos soldate optree en soldate – veral dienspligtiges – moes soos polisiemanne optree. Al wat die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte (polisie en soldate) in die destydse Suid-Afrikaanse situasie kon doen, was om só ŉ mate van orde te skep om die tafel te dek sodat ŉ politieke oplossing ŉ werklikheid kon word.

### 8.2.5 Die ontstaan, suksesse én kritiek teen Koevoet

Omdat gewapende insurgente in groepe van sestig tot eenhonderd die destydse Suidwes-Afrika vanuit Angola geïnfiltreer het, het die behoefte ontstaan om beter inligting oor insurgensie te verseker. Om dit te verseker kom Koevoet op 11 Januarie 1979 tot stand, maar Koevoet het spoedig oorgeskakel na ŉ offensiewe gevegseenheid. Koevoet het erns gemaak met hul wetlik voorgeskrewe verantwoordelikhede – die bewaring van die binnelandse veiligheid asook die handhawing van wet en orde. Dit kon net gebeur deur die opsporing, gevangeneming of uitwissing van insurgente wat reeds geïnfiltreer het. Tydens die empiriese ondersoek het een respondent hom só hieroor uitgelaat: *"Ek sou eerder die insurgent as ŉ misdadiger wou vang as om hom dood te skiet".* Teen Koevoet was daar erge kritiek komende van weermaggeneraals (par. 2.13.3 bo). Natuurlik was Koevoet nie bo die wet verhewe nie, maar geen oorlog is – ten spyte van die bestaan van die JWT wat al oor eeue kom – ooit vry van enige gruweldade nie.

### 8.2.6 Wanneer morele verwonding kopuitsteek

Waar die Weermag ingestel was op die WHAM-benadering (*Winning Hearts And Minds*), sou Koevoet in die agtervolging van insurgente deur die plaaslike bevolking se mahangolande met die Casspirs ry. Een van die respondente was as ŉ jong en ongetroude polisieman by Koevoet en het as Casspir bestuurder dikwels deur die mahangolande gery en maalbewegings uitvoer in die agtervolging van terroriste wie se wegkruipplekke dit was.

Nou, na al die jare, wroeg hy daaroor. Dit het nou tot hom deurgebring dat hy daardeur die plaaslike bevolking se oes vir daardie jaar verwoes het. Sou dit enigsins moontlik wees, sou hy na soveel jare daaroor restitusie wou doen. Die plaaslike bevolking het

swaargekry aan die hand van insurgente én Koevoet. Na bykans ŉ kwarteeu word gewetes nog aangespreek oor oorlogsoptredes. Morele wroeging word dan aanduidend van morele verwonding waardeur die persoon se morele kompas verwoes is. Pastoraal kan die persoon dan maar net deur gebed gelei word tot belydenis voor God, aanvaarding van God se vryspraak in Christus en uiteindelike selfvergifnis.

### 8.2.7 Weerstand teen apartheid

Die weerstand teen apartheid was nie net buitelands nie. Binnelands was daar ook fel weerstand en verset teen die beleid van apartheid waarin die volgende organisasies ŉ beduidende rol gespeel het:

- *End Conscription Campaign* (ECC) was ŉ anti-apartheid organisasie en het bestaan uit gewetensbeswaardes of diensweieraars om in die voormalige SAW diensplig te doen.
- *Black Consciousness Movement* (BCM) het onder Steve Biko ontstaan wat in die konteks van apartheid die menswaardigheid van swart mense benadruk het.
- *United Democratic Front* (UDM) was ŉ sambreelorganisasie wat vyfhonderd verskillende organisasies sou saamsnoer.

### 8.2.8 Die letsels van diensplig

Die nalatenskap van apartheid in Suid-Afrika kan net verstaan word deur sin te probeer maak vanuit die gekompliseerdheid van die verlede. Uiteraard moet dit ook die erkenning insluit van diegene wat jonk was tydens die era van apartheid – en wat nou die volwassenes en gemeenskapsleiers is – oor hul ervarings uit daardie tyd. In die nagenoeg dertig jaar tussen die Sharpeville tragedie en die 1994 demokratiese verkiesing wat die einde aan apartheid sou bring, het ŉ geslag Suid-Afrikaners uitdagende en dikwels teenstellende keuses oor ideologiese onderdanigheid in die gesig gestaar. Jong blanke seuns het aan die einde van hul skoolloopbane voor die keuse gestaan om te reageer op die SAVM se oproepinstruksies. Die dienspligstelsel is in 1957 deur die apartheidsregering ingestel en het vanaf 1968 verpligtend geword. Gewetensbeswaardes en dienspligontduiking kon lei tot ses jaar gevangenisstraf (Edlmann, 2012:257).

Militêre diensplig was die sleutel in die apartheidstaat se reaksie op die totale aanslag. Die staat het hiermee probeer om die blanke gemeenskap te betrek om die veldtog te ondersteun deur ŉ generasielange groep mans op te roep vir militêre diens om hulle land,

waardes en gesinne te beskerm. Die einde van apartheid het meegebring dat hierdie die laaste geslag was van blanke Suid-Afrikaners en blanke Suidwesters waar gesinne sou ervaar dat hulle jong mans in sulke groot getalle oorlog toe sou gaan. Dit is vandag moeilik om te verstaan watter druk hierdie jong manne tuis, in talle kerke en in die meeste sosiale en politieke domeine ervaar het. Die impak wat die dienspligstelsel gehad het op ongeveer 600 000 blanke mans – of 7.1% van die nagenoeg 4.2 miljoen blankes in Suid-Afrika in 1992 – wat pionne en agente van die apartheidstaat was, is selde deur die post-apartheid Suid-Afrika in die openbaar erken (Edlmann, 2015:2).

### 8.2.9 Die oorlog kom huis toe

In die middel 1980's het die anti-apartheid weerstand tot so 'n mate in Suid-Afrika toegeneem dat soldate van die SAVM binnelands ontplooi moes word. Jong blanke mans is toe opgeroep om polisiëring te doen in gesegregeerde gemeenskappe met rasbepaalde grense (Edlmann, 2015:2). Die Grensoorlog het huis toe gekom – vir dienspligtiges maar ook vir talle jong polisiemanne wat in die *townships* onder moeilike en spanningsvolle omstandighede polisiëringsdiens moes doen. In metaforiese sin het die oorlog vir talle Koevoete ook huis toe gekom, aangesien verwerping, emosionele verwonding en die gepaardgaande woede lank na die Bosoorlog as 'n emosionele oorlog in hul binneste sou voortwoed.

### 8.2.10 Bosoorlog se letsels op sosio-maatskaplike vlakke

Die Bosoorlog het ook letsels soos die volgende gelaat op die gesinne van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte se lede:

- Geheimhouding het gesinne in groot onsekerheid gelaat oor waar hul geliefdes hulle bevind en of hulle veilig is.
- Die afwesigheid van die vaders as gesagsfigure het familiesisteme nadelig beïnvloed.

Die ervarings van blanke én swart lede van die Veiligheidsmagte was in gelyke mate van toepassing op die soldate van die destydse 'vyand'. Die Bosoorlog het beide groepe getref en laat letsels wat gedurende die daaropvolgende jare geheel moes word getref en

laat letsels wat gedurende die daaropvolgende jare geheel moes word[66] (Ferreira & Liebenberg, 2006:49-52).

### 8.2.11 Die Waarheid en Versoeningskommissie (WVK)

Om verskeie redes het die WVK ŉ onbenydenswaardige taak gehad. Soos talle lede van die destydse Veiligheidsmagte het die respondente in hierdie ondersoek geen geheim daarvan gemaak dat hulle deur die politici uit die vorige bedeling in die steek gelaat is nie. Die moontlikheid van ŉ algemene amnestie – waarvoor die ANC aanvanklik ten gunste was – was weens die onmin tussen mnre. Kobie Coetzee (justisieminister) en Roelf Meyer (verdedigingsminister) nooit na die tafel gebring nie en gevolglik was die deur van daardie moontlikheid vir lede van die veiligheidsmagte toegeklap. Dit was nog ŉ klap in die gesig van die veiligheidsmagte en ŉ bitter pil om te sluk weens politici wat mekaar hieroor nie kon vind nie. So is die veiligheidsmagte weereens in die steek gelaat. Ook dit het bygedra tot verdere bitterheid onder die voormalige veiligheidsmagte.[67]

Daar was die hoopvolle verwagting dat die WVK versoening sou bewerkstellig, maar stemme wat sou kon praat is gaandeweg stilgemaak. Veterane van die Grensoorlog en militêre betrokkenheid sedert die vroeë sestigerjare het enige betrokkenheid by die WVK as bedreigend ervaar omdat getuies in een van twee kategorieë geplaas is: óf slagoffers óf oortreders. Daar was nie voorsiening gemaak vir mense wat deels in beide kategorieë geplaas kon word nie (Edlmann, 2012:268-269).

### 8.2.12 Die Nege Dae Oorlog (NDO)

Die inval van die Nege Dae Oorlog (NDO) word voor die deur van politici uit die ou bedeling gelê. Inligting oor SWAPO bewegings in Angola is deur politici geïgnoreer met

---

[66] Navorser het bevriend geraak met ŉ ANC-kader wat aan die Bevrydingstryd deelgeneem het en tans ŉ senior offisier in die SANDF is. Toe hy hoor waarmee navorser besig is, het hy die volgende opmerking spontaan gemaak: *Remember, we also got hurt. When your research is finished, let me know, because I want to arrange that you come and speak to us.*

[67] Hierdie siening word ook gestaaf deur Heunis (2007:156-157) waar hy skryf: "Die kwessie van vrywaring vir misdade wat gedurende die apartheidsera gepleeg is, was hoog op die politieke agenda gedurende 1993. Die ANC het in hierdie verband ŉ voorstel gedoen wat die regeringsverteenwoordigers uitstekend sou pas. In sy hoedanigheid as minister van justisie het Kobie Coetzee die voorstel afgewys en gesê hy werk aan sy eie voorstel. In sy boek *Die Laaste Trek – ŉ Nuwe Begin* het hierdie kwessie onopgelos gebly. De Klerk maak egter geen melding daarvan nie dat die ANC gekom het met ŉ voorstel wat beter was as enigiets waarop die regering kon gehoop het, en dat dit deur Coetzee van die hand gewys is. Weereens was dit die Veiligheidsmagte wat die prys moes betaal vir die politieke stommiteite van hul eertydse politieke meesters wat lede van die veiligheidsmagte skandelik in die steek gelaat het en wat nou moet sien en kom klaar.

tragiese gevolge vir ŉ ontwapende Koevoet. Voor die NDO was daar geen reaksie deur politici op inligting van SWAPO bedrywighede aan die Angola kant wat moeilikheid voorspel het nie. Koevoet se swaarste verliese tydens die Bosoorlog was tydens die NDO. Tussen 1 April 1989 tot 3 April 1989 het een-en-twintig Koevoete gesneuwel – die swaarste verliese in drie dae wat die Eenheid in sy tienjarige bestaan ooit sou ervaar. Diegene wat deur die NDO geraak is plaas ook die blaam volledig op politici wat nie gereageer het op inligting van ŉ slinkse aanval van Swapo nie. Respondente wat aan die NDO deelgeneem het, is steeds woedend hieroor. Hier is bitterheid en teleurstelling wat oor bykans ŉ kwarteeu kom en nou pastoraal hanteer moes word.

## 8.3 EMPIRIESE ONDERSOEK EN BEVINDINGE

Geen oorlog is ooit sonder verwonding nie, want die mens word fisies, psigies en geestelik verwond sodat selfs die moreel-etiese nie ongeskonde bly nie. Die moreel-etiese kan gesien word as die mens se morele lewenskompas wat deur oorlog geskend kan word. Graham (2017:8) beklemtoon die belang van die teologie in die kontemporêre besprekings met betrekking tot morele verwonding. Uit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat etlike respondente na die Bosoorlog steeds met morele verwonding aan die worstel is. In die pastorale begeleiding van oorlog getraumatiseerdes sal in die toekoms spesifiek hieraan aandag gegee moet word. Uit die oop kodering van die empiriese ondersoek het die volgende patrone na vore gekom:

Konsep 1: Werklikheid van oorlogsverwonding.
Konsep 2: Verwerping van Koevoete en verlies van polisie loopbane.
Konsep 3: Woede oor hul behandeling en resultate daarvan.
Konsep 4: Menslikheid binne oorlogsituasies.

Die resultate van die empiriese ondersoek was die basis vir die daaropvolgende hoofstukke van die studie.

## 8.4 BYDRAES VAN DIE BUURWETENSKAPPE

Vanuit die literatuurstudie van die naasliggende- of buurwetenskappe kon daar op ŉ multidissiplinêre vlak deur ŉ wyer lens na oorlogsverwonding en die uitwerking daarvan op die lewens van oorlogsveterane en hul gesin- en familielede gekyk word. Wanneer die oorlog verby is, woed daar ŉ ander oorlog in die mens wat smag na heling en reiniging. Reinigingsrituele is nie vreemd aan die mensdom nie en kan met vrug in die heling van

getraumatiseerde moreel-verwonde oorlogsveterane gebruik word. In hoofstuk 7 is gefokus op die gebruik van die Nagmaal in veral kleiner groepies as bekende Christelike sakrament van vergifnis en heling. Uit die buurwetenskappe lê veral Tick (2014:69-70) groot klem op helings- en versoeningsreise. Hy neem jaarliks oorlogsveterane na Vietnam om hul ou vyande, die Viet Cong veterane, te ontmoet.

## 8.5 EKSEGETIESE BYDRAE VAN VIER SKRIFGEDEELTES

### 8.5.1 1 Samuel 17:31-51 (Dawid en Goliat se ontmoeting)

Die manier waarop God in menselewens ingryp, bly verrasend en telkens staan die mens verstom voor God se genade wat onverdiend na die mens kom. Al kan die mens sy lewensloop nooit heeltemal beheer nie, het hy/sy immers ŉ keuse oor die besluite wat geneem word. Toe Dawid op die toneel verskyn, heers daar troostelose omstandighede onder die Israeliete, want Goliat treiter die linies van Israel al vir veertig dae – dus al vir ŉ lang tyd. Die Israeliete staar hul blind teen die reus Goliat, maar Dawid sien net die onbesnede Filistyn raak. Dawid het rekening gehou met die mag van God, want dit was ook God se stryd en Dawid was seker dat sy oorwinning van God sou kom. Koevoete moet bevry word van hul woede teenoor die politici wat hulle weggegooi het. Die alternatief is vergifnis en bevryding.

### 8.5.2 2 Samuel 18:1 – 19:8 (Dawid word deur Absalom verwerp)

Na die verkragting van Tamar deur Amnon het die verhouding tussen Dawid en Absalom net verder versleg en was daar erge spanning tussen vader en seun. Dawid het besef dat hy as vader gefaal het en ervaar hy verwerping deur Absalom. Met die dood van Absalom huil Dawid onbedaarlik totdat sy leërowerste, Joab, hom daaroor moes aanspreek. In sy hartseer oor Absalom het Dawid sy soldate gefaal wat bereid was om teen Absalom te veg en so hul lewens vir Dawid op die spel te plaas.

Verwerping veroorsaak intense verwonding en setel gewoonlik baie diep binne die mens se psige. Winch (2013:1) koppel verwerping aan menslike ewolusie, want afsnyding van die stam was gelyk aan ŉ doodsvonnis omdat die verworpene onwaarskynlik vir lank op sy eie sou moes oorleef. Verder destabiliseer verwerping die mens se *behoefte aan behoort*, want dit hou verband met ŉ inherente behoefte van die mens. Herinskakeling by geliefdes of om uit te reik na groepslede teenoor wie ŉ sterk affiniteit ervaar word en waar daar waardering en aanvaarding is, kan die emosionele pyn na verwerping versag.

Die gevoel van alleenheid en uitgeskakeling na verwerping en die impak op menslike gedrag word dikwels misgekyk en kan dan manifesteer in opwellings van woede en aggressie (Winch, 2013:2).

In die lig van bostaande paragraaf het talle Koevoete 'verdwyn' weens die stigma wat aan hulle gekleef het. Die behoefte aan behoort is egter weer deur die oprigting van die Koevoet Muur van Herinnering by hulle aangewakker en verstewig. Navorser is oortuig dat hul onderlinge gevoel van behoort asook sy aanvaarding deur die groep 'n pastorale deur na hulle kon oopmaak.

### 8.5.3 Openbaring 19:11-21 (Ruiter op die wit perd)

In die hantering van woede het elke mens 'n keuse. Christus is hierin vir Sy volgelinge tot voorbeeld, want God se woede word getemper deur Sy geregtigheid en vergifnis. Leiers van aardse instellings wat aan hulself absolute mag toeken en hulself eintlik aan God gelykstel, kom onder die oordeel van God wat uiteindelik deur Christus as regter voltrek sal word. Geregtigheid loop soos 'n goue draad deur die Ou en Nuwe Testament. Wat God van die mens vereis, is nie offers nie, maar gehoorsaamheid en toewyding, want deur toewyding kan die mens sy/haar lewe in lyn bring met God se wil soos in Sy Woord voorgeskryf.

Jesus Christus het deur die gelykenis van die barmhartige Samaritaan die grense van die geloofsgemeenskap se plig radikaal herdefinieer, want 'n goeie buurman het as lid van die gemeenskap 'n verpligting gehad om 'n buurman wat in moeilike omstandighede verkeer te help. Ongelukkig het die geloofsgemeenskap nie net oud-Koevoete verbygeloop soos die priester en Leviet nie, maar ook die talle ander wat na die vernietigende Bosoorlog as oorlogsverwondes met hul lewens moes voortgaan om male sonder tal vir naasbestaandes 'n las te word. Een respondent het hom so uitgelaat: "*Daar is op ons as jongmans 'n beroep op ons patriotisme gemaak, maar ons is eintlik later deur die bewindhebbers versaak*". Dit gaan oor 'n generasie jongmans wat nou te midde van hul oorlogsverwonding hul middeljare betree het.

Die volheid van die Here se *hesed* is aan die kruis gesien. Christus die volmaakte word as verbondsverbreker behandel deur die sondeskuld se vloek te dra sodat die ontroue mens beklee en verlos kan word met Christus se getrouheid (Duguid, 2011:2). Christus se

*hesed* moet deur die geloofsgemeenskap sigbaar gedemonstreer word teenoor alle oorlog verwonde persone binne ons gemeenskappe.

Hierdie nood aan die geloofsgemeenskap kan nie beter verwoord word as op die volgende wyse nie: "*Thuma mina, Inkosi – stuur my, Here*".

### 8.5.4 2 Samuel 9:1-13 (Dawid se goedhartigheid teenoor Mefiboset)

Wanneer daar in Dawid se tyd 'n verandering in die koningshuis kom, sou die nuwe koning die ou koningshuis uitwis. Maar Dawid tree anders op. Hy het geen begeerte om die huis van Saul uit te roei nie, maar wil eerder *hesed* bewys. Hy wil eerder goed doen aan die oorblywende lede van die huis van Saul.

Selfs in die moeilikste omstandighede – soos in oorlog – kon mense steeds vashou aan God se trou asook hul menslikheid behou. Dit is eers aan die kruis dat die volheid van God se *hesed* gesien word, want daar is die sondelose Christus as die verbondsbreker behandel. Hy dra die vloek van die sondeskuld sodat die ontroue mens met Christus se getrouheid beklee en verlos kan word. Wat in die Mefiboset verhaal na vore kom, is dat mense se waarde by God nie afhang van hul nuttigheid of bruikbaarheid nie. God se liefde maak mense as sodanig waardevol. Dit is 'n geestelike waarheid wat deurgaans aan verworpenes soos die Koevoet veterane in die pastorale gesprek voorgehou moet word.

## 8.6 PASTORAAL-TEOLOGIESE LITERATUUR

### 8.6.1 Pastorale beraad en die mens

Omdat die mens na die beeld van God geskape is en dus beelddraer van God is, moet daar binne pastorale gesprekke op die volgende aspekte gelet word.

### 8.6.2 Empatie

Empatie beteken doodgewoon om jouself in iemand anders se skoene te plaas. Uit die mens se sondige aard ontspring die geneigdheid om jou belange eerste te plaas en dan woede vir selfsugtige redes aanwend. Empatie maak 'n besorgdheid in ons wakker vir ander wanneer hulle negatiewe emosies ervaar terwyl daar ook die begeerte is om werklik 'n verskil te maak. Hierdie empatiese besorgdheid is deur die Koevoet veterane gemis met hul terugkeer na die RSA en het die gevoel in hulle ontstaan dat hulle aan hul eie lot oorgelaat is. Die gevolg hiervan was dat talle oud-Koevoete hul Koevoetverlede liefs verswyg het.

### 8.6.3 Liefde

Liefde tot God en die naaste is ŉ kardinale Bybelse opdrag. God is vol liefde, heilig, goedhartig en geduldig. Om deur Christus soos God te wees, is die konstante vermaning aan die mens. Nie net die Koevoet veterane nie, maar talle deelnemers aan die destydse Bosoorlog het die konkrete demonstrering van hierdie kardinale Bybelse opdrag aan gelowiges gemis met hul terugkeer na die RSA met die beëindiging van die oorlog.

### 8.6.4 Vergifnis

Vergifnis speel ŉ sleutelrol om vry te kom van die gebeure uit die verlede. Dit is nie ongewoon aan oorlog dat gruweldade in die hitte van die oomblik kan plaasvind nie en dan later tot morele verwonding lei. Die sleutel tot vryheid vir onsself asook diegene wat die onreg teenoor ons gepleeg het lê opgesluit in vergifnis asook selfvergifnis. Die eiendomlike kenmerk van vergifnis is om die behoefte aan wraak en straf te laat vaar, die ander persoon se skuld af te skryf en ook vry te spreek. In die pastorale omgang met Koevoet veterane is daar en sal daar ook in die toekoms steeds besonder gefokus moet word op die aspek van vergifnis en selfvergifnis.

### 8.6.5 Skrifgebruik in die pastorale gesprek

In die pastorale omgang met getraumatiseerde Koevoet veterane kan insigte vanuit die naasliggende dissiplines effektief toegepas word. Tog bly die Skrif as God se Woord in mensetaal die primêre handleiding vir die pastor in sy/haar pastorale begeleiding. Dit is verder ook die werk van die Heilige Gees om die Skrif oop en verstaanbaar te maak in die harte van beradenes.

### 8.6.6 Woede in Bybelse perspektief

#### 8.6.6.1 Woede van die mens

Omdat woede so ŉ oorheersende rol in die lewens van die vyftien respondente gespeel het, is dit noodsaaklik dat daar in die pastorale gesprekke met Koevoet veterane spesifieke aandag aan hierdie aspek gegee sal word. Die Skrif gee voorbeelde van geregverdigde woede van mens teenoor mens – hetsy indiwidueel of in groepe – waar dit oor geregtigheid gaan en dit vry van persoonlike motiewe is.

#### 8.6.6.2 Woede onder mense

Woede word ervaar deur mense van alle ouderdomme en alle sosiale vlakke, tog is

woede vir baie lank as 'n onaanvaarbare sonde binne sekere kringe van die Christelike geloof beskou. Die opvatting dat *goeie Christene nie kwaad word nie* is weerlê deur eksegese van die betrokke gedeeltes wat eerder daarop dui dat *wyse mense nie vinnig kwaad word nie.* Daar is ook 'n radikale verskil tussen Goddelike en menslike woede. God se woede is gerig op ongeregtigheid en sondige gedrag, maar wanneer berou betoon word, sal God se woede afneem terwyl menslike woede daarteenoor – en soms in die naam van geregtigheid – brutaal kan wees. Omdat God sonde haat kan sy heiligheid dit nie toelaat nie. Die enigste teenmiddel vir sondige gedrag – soos die voortwoekerende woede onder Koevoet veterane – bly die teenmiddel van die ewige lewe deur Jesus Christus wat die woede van God self aan die kruis beleef het.

#### 8.6.6.3 Morele belang van woede

Kenmerkend van die Christelike geloof is Jesus se duidelike riglyne vir morele gedrag. Ten spyte van die sondeval is daar in die mens steeds 'n gevoeligheid vir reg en geregtigheid. Sonder morele besorgdheid sal de wêreld 'n verskriklike plek wees om in te leef. Geregverdigde woede kan uiteindelik dien tot konstruktiewe optrede soos vergifnis, gebed, vermindering van lyding en onderdrukking asook 'n soeke na geregtigheid. In die lewe van die Christen is daar 'n gepaste plek vir beheerste woede en moet woede daarom nie op onnatuurlike maniere onderdruk word nie.

Woede is die vrygekoopte Christen se dienskneg, maar teenstellend is woede dikwels die heerser van talle emosioneel verwonde persone. In die pastorale begeleiding van Koevoet veterane moet hierdie insig op die tafel kom.

#### 8.6.6.4 Morele belang van woede vanuit Christelike konteks

In die manifestering van woede teenoor God is daar vier belangrike perspektiewe:

- *Mense neig om God te meet aan menslike reëls en standaarde*

Woede onstaan wanneer daar nie aan menslike verwagtinge voldoen word nie. God word hier gereduseer tot *iemand* wat troos en leiding sal bied, onder alle omstandighede sonde sal vergeef en genesing bewerkstellig. Word daar nie aan hierdie menslike verwagtinge van God voldoen nie, onstaan daar – soos in enige ander menslike verhouding – weer woede.

- *Woede teenoor God word meestal onderdruk*

Sedert kleintyd word Christene deur families, kerk en subkultuur geleer dat woede teenoor God verkeerd is. Daar is gevolglik vrees vir God se moontlike reaksie op menslike woede jeens Hom. Waar woede dan in die proses onderdruk word, gee dit weer aanleiding tot skuld en skaamte.

- *Onopgeloste woede lei tot vervreemding tussen God en gelowiges*

In enige verhouding lei onopgeloste woede tot stilswye, emosionele onttrekking, ŉ gevoel van afstand, onbetrokkenheid en selfs vervreemding. Onerkende woede teenoor God het dieselfde gevolge, want nou word God as die oortreder gesien wat met opset pyn veroorsaak of dit self inisieer juis wanneer God veronderstel was om om te gee en te beskerm. Woede teenoor God as sodanig het nooit tydens die empiriese ondersoek na vore gekom nie. Navorser sal dit nie ontken nie dat daar onder die breër populasie van Koevoet veterane wel sulke gevoelens kan wees. Hy grond die stelling op die talle oud-Koevoete wat net '*verdwyn*' het en hul Koevoetverlede weens persoonlike en/of ander redes dalk sodoende wou verdoesel.

- *Pastorale terapie kan hierdie verhouding herstel*

Geestelike groei kan eers plaasvind wanneer woede jeens God hanteer word. Dit is ŉ aspek wat nie vanuit ŉ pastoraal-terapeutiese oogpunt geïgnoreer word nie.

- *Woede teenoor die self*

Woede teenoor die self durf nie uit die oog verloor word nie. Hierdie tipe woede word meestal ervaar wanneer die persepsie bestaan dat iets verkeerds gedoen is of dat daar nie aan die nodige hoë standaarde voldoen is nie. Chapman (2007) stel hiervoor die volgende handeling voor:

- Bely die woede: om die woede teenoor die self te herken, is die eerste tree onderweg na genesing.
- Ondersoek die aard en oorsprong van die woede.
- Bely verkeerde gedrag teenoor God en vra vergifnis.
- Kies om jouself te vergewe: selfvergifnis is ŉ bewustelike keuse.
- Fokus op positiewe gedrag: aanvaar God se vergifnis, asook eie vergifnis en kies om nie weer daaraan te dink nie.

Een respondent het tydens die empiriese ondersoek die oorsaak van sy woede met navorser gedeel. Oor een spesifieke insident tydens die oorlog kan hy met homself nie vrede maak nie en loop hy al die jare met selfverwyt daaroor rond (Veldnota: Vraag 8.4:301-302).

## 8.7 STRATEGIES-TEORETIESE RIGLYNE

### 8.7.1 Pastorale ontmoeting en begeleiding

Pastorale begeleiding se doel is gerig op die heling en genesing van persone met geestelike probleme as gevolg van onverwerkte trauma en morele verwonding. Die ander teologiese dissiplines het die Bybel as teks, maar die gelowige mens is die teks van die praktiese teologie. Om dié rede maak die praktiese teologie baie staat op samewerking tussen die verskillende dissiplines en in hierdie verband word daar soms gebruik gemaak van tegnieke wat deur nie-gelowiges ontwikkel is en toegepas word.

### 8.7.2 Uniekheid van Christelike berading

Die uniekheid van die Christelike berading het die volgende as hoofkenmerke:

- **Unieke aannames**

Ten spyte van teologiese verskille werk Christelike beraders vanuit ŉ vertrekpunt waar God se basiese eienskappe, die aard van die mens, Skrifgesag, die werklikheid van sonde, God se vergifnis en hoop op die toekoms aan die orde is.

- **Unieke doelwitte**

Die unieke doelwitte van Christelike berading is die strewe om in mense geestelike groei te stimuleer, skuldbelydenis en die ervaring van Goddelike vergifnis te bevorder. Verder is die klem ook op die bevordering van Christelike standaarde, houdings, waardes en lewenswyses asook die aanmoediging van mense om hul lewens aan God te wy.

- **Unieke metodes**

Naas die beradingseienskappe wat Christen beraders met sekulêre beraders deel, is die kenmerkende Christelike tegnieke om tydens berading sessies te bid, die Skrif te lees, om op ŉ versigtige wyse persone met Christelike waarhede te konfronteer en persone aan te moedig om by ŉ plaaslike kerk betrokke te raak.

- **Unieke berader eienskappe**

Die invloed van die Heilige Gees vorm die kern van alle ware Christelike hulp, want die teenwoordigheid van die Heilige Gees maak Christelike berading werklik uniek. Dit is die Heilige Gees wat sorg vir die mees doeltreffende beradingeienskappe soos opgeteken in Galasiërs 5:22.

### 8.7.3 Die Tutu-model en emosionele verwonding

Emosionele pyn, skade of verlies is deel van die lewe van broos en kwesbare mense wat kan lei tot liggaamlike, emosionele of psigososiale verwonding – verwonding wat deur woord of wapen opgedoen kan word. In die emosionele verwonding is daar altyd ŉ keuse – tog beland mense dikwels in die wraaksiklus.

#### 8.7.3.1 Vertel die verhaal: Eerste stap van die vergifnis siklus

Die beradene se waardigheid word weer herstel deur die vertel van die seerkryverhaal. Hierin lê die belangrikheid om terug te neem wat van jou ontneem is. Deur die empiriese ondersoek van hierdie studie het die vyftien respondente die geleentheid gekry om hul verhale te vertel en deur die vertelling hul seerkry, woede en verwerping na vore te bring.

#### 8.7.3.2 Noem seerkry by die naam: Tweede stap van die vergifnis siklus

Aan die hand van vyf vrae kon die vyftien deelnemende respondente vir die eerste keer hul seerkry, verwerping, woede en morele verwonding sedert die einde van die Bos-oorlog (1966-1989) verwoord.

#### 8.7.3.3 Gee van vergifnis: Derde stap van die vergifnis siklus

Vergifnis is ŉ keuse en ŉ wilsbesluit wat voorkom dat mense in ŉ eindelose sirkel hul seerkry oor en oor vertel en beleef. Die behoefte na wraak en straf word laat vaar terwyl die ander persoon se skuld saam met vryspraak afgeskryf word. Deur vergifnis word daar nie vir die ander persoon se gedrag verantwoordelikheid geneem nie.

#### 8.7.3.4 Hernu of stel die verhouding vry: Vierde stap van die vergifnis siklus

Wanneer iemand vergewe is, is die vergifnis siklus se finale stap die vraag of jy die verhouding wil hernu met die persoon wat jou seergemaak het en of daar loslating van die verhouding sal wees. Dit is vervolgens die finale stap van die viervoudige weg van die vergifnis siklus waar ŉ nuwe bladsy omgeslaan word. Nou is daar geen uitstaande skulde of die voortwoeker van wrokke en gegriefdheid meer nie. Dit is eers na die

hernuwing of loslating van ŉ verhouding dat daar ŉ toekoms wag wat van die verlede bevry is.

### 8.7.4 Wanpersepsies oor vergifnis

- *Vergifnis is nie ŉ teken van swakheid nie:*

Om te kan vergewe dui op moed en krag en ŉ sterk karakter. Omdat mans dikwels vergifnis as ŉ teken van swakheid sien, is hulle geneig om vergifnis te wil systap, want volgens hulle mening sal net swakkelinge so optree. Die waarheid is egter dat om te kan vergewe dui op moed, krag en ŉ sterk karakter.

- *Vergifnis is nie sinoniem met versoening of vertroue nie*

Om by die punt van vergifnis te kom, is die herbou van ŉ gesonde verhouding eers nodig. Dit neem gewoonlik tyd. Deel van die uitkoms is vertroue op hernude vertroue.

- *Vergifnis is nie ŉ ondermyning van geregtigheid nie*

Volgens sommiges kan ŉ onreg net reggestel word wanneer iemand vir die onreg aangedoen betaal het. Daarsonder, volgens hulle, sou vergifnis net ŉ ondermyning van geregtigheid wees. In die pastorale begeleiding moet hierdie wanpersepsie egter gekorrigeer word.

- *Vergifnis is nie om te vergeet nie*

Vergifnis beteken nie dat die pyn wat gely is net vergeet moet word nie. Vergifnis is nie ŉ ontkenning van die pyn nie en dit kan ook nie die verlede verander nie, maar dit kan die negatiewe mag van herinneringe kanselleer en wat ook bevryding van slawerny impliseer.

- *Vergifnis is nie maklik nie*

Vir niemand is vergifnis ŉ maklike taak nie. Vertel jou verhaal vir solank dit nodig is en noem jou seer totdat dit nie langer meer jou hartseer maak nie. Skenk vergifnis wanneer jy gereed is om die verlede wat nie kan verander nie te laat gaan. Vergifnis is nie maklik nie, maar dit is die pad na heling.

- *Vergifnis lei tot herstelde waardigheid en ŉ nuwe begin*

Vergifnis is ŉ keuse wat gemaak word. Om ander te kan vergewe ontspring uit die

erkenning dat ons almal geskonde en net menslik is. Vergifnis is genade waardeur ons ŉ ander persoon in staat stel om met waardigheid op te staan en weer ŉ nuwe begin te maak.

### 8.7.5 Groei deur vergifnis

Haat teenoor die oortreder sal nooit die foltering by emosionele verwonde persone beëindig nie en nog minder sal die vernietiging van ŉ ander persoon hul eie gebrokenheid en pyn genees. Dit is egter die weg wat talle persone kies. Eers wanneer hulle in die nasleep van verwoesting hulself tussen die puin van haat bevind sal hulle agterkom die pyn en verlies is steeds daar. Dit is net vergifnis wat die pyn van verlies kan verander en hierdie is inderdaad weldeurdagte raad ook aan Koevoet veterane. Diegene wat hulle benadeel en te na gekom het, het waarskynlik dit lank reeds vergeet of het nooit eens daaraan gedink nie. Navorser oordeel dat hierdie aspek ook by wyse van ŉ ritueel soos Tick (2014) se vuurritueel hanteer kan word.

### 8.7.6 Vertel ŉ nuwe verhaal

Kenners van vergifnis wêreldwyd wys op die belang om uiteindelik ŉ nuwe verhaal te vertel en wat dan uiteindelik ook ŉ teken van heling en heelheid is, want uit die ou seerkry verhaal herrys ŉ nuwe verhaal. Die enigste waarborg vir lewe op aarde is dat die mens sal swaarkry. Wat egter nie gewaarborg word nie, is hoe die mens daarop sal reageer.

### 8.7.7 Golgota, Christus en vergifnis


Die volle omvang van God se woede teen menslike sonde kom duidelik na vore deur die Golgota gebeure waar God se woede teenoor Jesus Christus aan die kruis manifesteer. Om aan sonde, ongeregtigheid, pyn, vergelding en ŉ onvergewensgesindheid ŉ einde te bring, was die enigste oplossing die feit dat Jesus deur Sy kruisdood in nederigheid die ongeregtigheid van die mense in liefde op Hom sou neem (Fil 2:6-8). God se genade word op grond van Jesus se kruisdood vir die hele mensdom verkry – ŉ vergifnis vir alle mense en nie net vir ŉ bepaalde groep nie.

## 8.8 DIE FORMULERING VAN EIE MODEL

## Toepassing op Koevoet veterane

Die resultaat van die navorsing vanuit die onderskeie hoofstukke van hierdie studie

kulmineer in die volgende model en riglyne met die oog op die pastorale begeleiding van Koevoet veterane.





**Figuur 8.1: Diagram van pastorale begeleiding van Koevoet veterane**

### 8.8.1 Vertel die verhaal

Die empiriese ondersoek was die geleentheid waar die vyftien respondente hul verhale as lede van Koevoet tydens die Bosoorlog (1966-1989) kon vertel.

### 8.8.2 Noem die seerkry

Uit die ontleding van die empiriese data is die volgende konsepte geïdentifiseer soos aangedui in die diagram hieronder.




**Figuur 8.2: Diagram van pastorale begeleiding van Koevoet veterane**

### 8.8.3 Skenk vergifnis

In hoofstuk 6.8 is die kwessie van vergifnis behandel. Deur vergifnis word afstand

gedoen van bitterheid. Vergifnis is ʼn keuse om vry te spreek, die verlede agter te laat en nie verder met destruktiewe emosies te stoei nie.

### 8.8.4 Hernu of stel vry

In die geval van die Koevoet veterane kan daar geen sprake wees om die verhouding te hernu met politici uit die vorige bedeling nie. Wat egter wel vir die meerderheid moontlik is, is die vrystelling van die verhouding. Om hierdie vrystelling sinvol te maak, kan daar vanuit die narratiewe terapie gebruikgemaak word van die skryf van ʼn brief waarin die ander party van die verhouding vrygestel word. Dit kan sinvol aangewend word tesame met Tick (2014) se vuurritueel of selfs by die viering van die Nagmaal.

### 8.8.5. Nuwe identiteit in Christus

Anderson (1993:11) neem as vertrekpunt dat die grootste bepaler van verstandelike en geestelike gesondheid en vryheid geleë is in ʼn ware verstaan van God asook ʼn regte verhouding met Hom en dat die indiwidu plus Christus gelykstaan aan heelheid en ʼn betekenisvolle lewe (Anderson, 1993:21). In Christus word die mens in staat gestel om God persoonlik te ken en derhalwe word ons verhouding met God deur Christus die hoeksteen van ons identiteit. Die nuwe lewe in Christus gaan ook gepaard met ʼn nuwe identiteit. Om ʼn Christen te wees, is nie iets wat ontvang word nie, maar is veel eerder om iemand te wees (Anderson, 1993:43). Daarom is die Christen se verstaan van sy/haar identiteit in Christus ʼn absolute noodsaaklikheid. Om te groei in Christelike volwassenheid moet Christene hulself voortdurend daaraan herinner wie hulle in Christus is (Anderson, 1993:47). Deur ons geestelike identiteit te verstaan, is die loper sleutel tot die hantering van Christene se daaglikse worstelinge (Anderson, 1993:59).

## 8.9 BEVRYDINGRITUELE VIR HELING EN VERGIFNIS

### 8.9.1 Tutu se klipritueel

Tutu en Tutu (2014) het die dra van ʼn klip omvorm tot ʼn ritueel. ʼn Klip wat in die handpalm pas moet in die nie-dominante hand vir sowat ses ure gedra word waarna ʼn joernaalinskrywing aan die hand van ʼn aantal vrae gemaak moet word (vgl. Tutu & Tutu, 2014: 29; 42; 63; 92; 117; 140; 159). Navorser oordeel dat so ʼn klipritueel prakties en maklik uitvoerbaar is in klein- of grootgroepe asook vir bepaalde omstandighede aangepas kan word (Bylae 6:319). Naas die doop (groot- of doop van volwassene as *gehoorsaamheidsdoop* en onderdompeling of die kinderdoop of *verbondsdoop* deur

besprenkeling en wat ook die doop van volwassenes kan insluit) is die Nagmaal tog die een samebindende liturgiese handeling wat alle Christelike denominasies gemeenskaplik het.

### 8.9.2 Tick se vuurreinigingseremonies

Reinigingseremonies is ons erflating vanuit ons hoofstroom kerkgenootskappe en wat veral na vore kom by wyse van belydenisse (in hierdie verband kan die doop ook aangepas word vir die behoeftes van oorlogsveterane). Tradisionele kulture het die basiese elemente – grond, lug, vuur en water – vir reiniging gebruik. Tick (2014:210) – ŉ stigter van *Soldiers Heart* in Amerika – vertel hoedat hulle dikwels vuurreiniging-seremonies by hulle *retreats* hou. Diegene wat dit bywoon kry dan die geleentheid om briewe, aandenkings of stokkies wat simbolies is van iets tasbaars en waarvan hulle bevryding soek, in die vuur gooi met ŉ hoorbare of stil voorneme. Al is die ritueel een-voudig in sy uitvoering van die *laat gaan* van iets wat ŉ ongesonde emosionele houvas op die persoon gehad het, is die ritueel se resultate lewensveranderend vir veterane wat daaraan deelneem.

### 8.9.3 Die Nagmaal as sakrament van heling

Die formulier vir die bediening van die Nagmaal omskryf die boodskap van die Nagmaal as volg:

> Dit is ŉ uitnodiging om ons aandeel aan die volle verlossing in Christus feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word dit is ŉ geleentheid om deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die lewende Here en met mekaar te verdiep en so versterk te word in ons geloof, in ons getuienis en in ons toekomsverwagting (Clasen *et al*., 2010:96-100).

Navorser is van oordeel dat die Nagmaal as genesingsdoel vir emosioneel verwonde persone nie altyd tot sy reg kom nie. Die Christelike sakrament wat tot die verwonde mens – liggaamlik, psigies of geestelik – kan spreek, is juis die Nagmaal. Vos (1996:292) sien tereg as vrug van die Nagmaal geloofsversterking, liefde vir God en die naaste, en die inspirasie tot geloofsdade. Waar twee of drie in die Here se Naam byeen is, daar is Hy inderdaad in hul midde.

### 8.9.4 Helingsreise

Tick (2014:69-70) neem jaarliks veterane van die Vietnam oorlog terug na Vietnam om

die Viet Cong veterane – hul vorige vyande – te ontmoet. Tydens so ŉ helingsreis het ŉ Viet Cong veteraan opgemerk dat sover hy weet sukkel hulle veterane nie met PTSD of psigologiese wonde nie, want hulle stryd was teen indringers teenoor wie hulle hulself, hul families, huise en land moes verdedig. Vir Amerikaners het hulle respek gehad, maar die soldate is beskou as indringers.

### 8.9.5 Die Nagmaal en doop as sakramente van heling en vergifnis

Die doop en die Nagmaal is die twee sakramente van die Christendom en hierdie twee sakramente kan baie effektief benut word as deel van Christelike rituele tot heling en genesing van pyn op liggaamlike, geestelike of psigiese areas. Soos die vrug van die Gees ondermeer liefde is, is die vrug van die Nagmaal geloofsversterking.

## 8.10 VOORGESTELDE AREA VIR VERDERE NAVORSING

Die SAPD sal by wyse van ŉ wetenskaplike ondersoek die effektiwiteit moet bepaal van hul hulpverleningsprofessies – sielkundiges, bedryfsielkundiges, personeel maatskaplike werkers, personeelbestuurskundiges, asook die kapelaanskorps as deskundige hulpverleners – in hul funksionering in die SAPD se organisatoriese strukture in die lig van die huidige geweldsklimaat waaraan lede van die SAPD blootgestel is.

## 8.11 SLEUTELTERME

Morele verwonding

Trauma

Pastorale berading

Toerus van hulpprofessies

Helingseremonies

## 8.12 KEYWORDS

Moral injury

Trauma

Pastoral counselling

Equip helping professions

Healing ceremonies

**BYLAE 1**

# KOEVOET VETERANE BOND
# / KOEVOET VETERANS LEAGUE

***"KOMESHO"***

E-mail: koevoetbond@gmail.com
Website: www.koevoet.webs.com

14 Burger laan
Proteahoogte
Brackenfell
Kaapstad
7560

**WIE DIT MAG AANGAAN** 17 Januarie 2017

**TOESTEMMINGSBRIEF**

Hiermee word toestemming verleen aan dr. Jan du Preez om Koevoet veterane te nader en met hulle goedkeuring as respondente te gebruik vir sy kwalitatiewe ondersoek met die titel **Pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstel proses.**

Dié studie word gedoen met die oog op 'n PhD in Pastoraal aan die Noordwes Universiteit, Potchefstroom kampus.

Die uwe

Paul Fouché (Kaptein)
VISE-VOORSITTER
KOEVOET VETERANE BOND
Telefoon: 082 921 4263

*Koevoet Coordinator: Pine Pienaar*
*Tel: 021-9815991*
*Cell: 082 337 8624*

# BYLAE 2

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Private Bag X6001, Potchefstroom,
South Africa, 2520

Tel: (018) 299-4900
Faks: (018) 299-4910
Web: http://www.nwu.ac.za

**Institutional Research Ethics Regulatory Committee**
Tel: +27 18 299 4849
Email : Ethics@nwu.ac.za

## ETHICS APPROVAL CERTIFICATE OF STUDY

Based on approval by **Health Research Ethics Committee (HREC)** on **11/08/2017** after being reviewed at the meeting held on **17/05/2017**, the North-West University Institutional Research Ethics Regulatory Committee (NWU-IRERC) hereby **approves** your study as indicated below. This implies that the NWU-IRERC grants its permission that provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the study may be initiated, using the ethics number below.

**Study title:** Pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstel
**Study Leader/Supervisor:** Prof WC Coetzer
**Student:** JLC du Preez-26920832

**Ethics number:**

| N | W | U | - | 0 | 0 | 0 | 6 | 4 | - | 1 | 7 | - | A | 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Institution | | | | Study Number | | | | | | Year | | | Status | |

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

**Application Type:** Single study
**Commencement date:** 2017-08-11 **Risk:** Medium

**Continuation of the study is dependent on receipt of the annual (or as otherwise stipulated) monitoring report and the concomitant issuing of a letter of continuation.**

**Special conditions of the approval (if applicable):**

- Translation of the informed consent document to the languages applicable to the study participants should be submitted to the HREC (if applicable).
- Any research at governmental or private institutions, permission must still be obtained from relevant authorities and provided to the HREC. Ethics approval is required BEFORE approval can be obtained from these authorities.

**General conditions:**

*While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, please note the following:*

- *The study leader (principle investigator) must report in the prescribed format to the NWU-IRERC via HREC:*
  - *annually (or as otherwise requested) on the monitoring of the study, and upon completion of the study*
  - *without any delay in case of any adverse event or incident (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the study.*
- *Annually a number of studies may be randomly selected for an external audit.*
- *The approval applies strictly to the proposal as stipulated in the application form. Would any changes to the proposal be deemed necessary during the course of the study, the study leader must apply for approval of these amendments at the HREC, prior to implementation. Would there be deviated from the study proposal without the necessary approval of such amendments, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.*
- *The date of approval indicates the first date that the study may be started.*
- *In the interest of ethical responsibility the NWU-IRERC and HREC retains the right to:*
  - *request access to any information or data at any time during the course or after completion of the study;*
  - *to ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process.*
  - *withdraw or postpone approval if:*
    - *any unethical principles or practices of the study are revealed or suspected,*
    - *it becomes apparent that any relevant information was withheld from the HREC or that information has been false or misrepresented,*
    - *the required amendments, annual (or otherwise stipulated) report and reporting of adverse events or incidents was not done in a timely manner and accurately,*
    - *new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.*
- *HREC can be contacted for further information or any report templates via Ethics-HRECApply@nwu.ac.za or 018 299 1206.*

The IRERC would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your study. Please do not hesitate to contact the IRERC or HREC for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof LA Du Plessis
Digitally signed by Prof LA Du Plessis
Date: 2017.08.31 15:05:34 +02'00'

**Prof Linda du Plessis**
*Chair NWU Institutional Research Ethics Regulatory Committee (IRERC)*

**BYLAE 3**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

| HREC Stamp |
|---|

**INFORMED CONSENT DOCUMENTATION FOR PHD IN PASTORAL STUDIES**

**TITLE OF THE RESEARCH STUDY: *Pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstelproses***

**ETHICS REFERENCE NUMBERS:**

**PRINCIPAL INVESTIGATOR: Dr Jan du Preez**

**POST GRADUATE STUDENT:**

**ADDRESS: 917 Sysie Street, Silverton x5. Pretoria. 0184.**

**CONTACT NUMBER: 0826042757**

You are being invited to take part in a **research study** that forms part of my PhD thesis regarding the spiritual recovery of Koevoet veterans. Please take some time to read the information presented here, which will explain the details of this study. Please ask the researcher or person explaining the research to you any questions about any part of this study that you do not fully understand. It is very important that you are fully satisfied that you clearly understand what this research is about and how you might be involved. Also, your participation is **entirely voluntary** and you are free to say no to participate. If you say no, this will not affect you negatively in any way whatsoever. You are also free to withdraw from the study at any point, even if you do agree to take part now.

This study has been approved by the **Health Research Ethics Committee of the Faculty of Health Sciences of the North-West University (NWU.............)** and will be conducted according to the ethical guidelines and principles of Ethics in Health Research: Principles, Processes and Structures (DoH, 2015) and other international ethical HREC General WICF Version July 2016 Page 2 of 5 guidelines applicable to this

study. It might be necessary for the research ethics committee members or other relevant people to inspect the research records.

**What is this research study all about?**

➢ *This study will be conducted in your own home on a date that we will both agree on and will involve a semi-structured interview by me. This will by my second PhD. The first one I did on the theme of a narrative approach towards trauma and during the years as a chaplain in the SAP I counselled many traumatized policemen and –women. I expect to eventually have approximately10 participants included in this study.*

➢ *We plan to determine through this study a number of pastoral guidelines through which Koevoet veterans, who are still struggling with unresolved spiritual pain as the result of war trauma, can be guided. We trust that the eventual outcome of this endeavour will be the ability to adapt functionally to civil society as well as to their marriages and family life.*

**Why have you been invited to participate?**

➢ *You have been invited to be part of this research because you are a Koevoet veteran who spent time during the former Bush war at the Angola border with Namibia sometime during 1966-1989.*

➢ *You also fit the research because you experienced personal trauma during that time; you are a member of the League of former Koevoet veterans; you indicated that you would be willing to talk about your experiences; you also indicated that you are willing that the conversations being digitally recorded.*

➢ *You will not be able to take part in this research if you had not been a former Koevoet member; if you had for instance been a member of the Recces or any of the other former intelligence groups who were also involved in the Bush war.*

**What will be expected of you?**

➢ *You will be expected to discuss with me in the course of about 60 minutes your thoughts and feelings along the lines of the following five questions:*

- *Can you describe the nature of this struggle that you have at present?*
- *What is that that kept you in bondage for so long in this struggle?*
- *What do you see as the deeper root of this struggle?*
- *How did you experience God's involvement during this whole process?*

- *What will make it easier for you to get through this struggle? We will start initially with one interview of 60 minutes and at the end of this first interview we will then together decide whether a follow up session and appointment is necessary.*

**Will you gain anything from taking part in this research?**

➢*The gains for you if you take part in this study will be in the first place the fact that after all these years you will be able to 'download' that heavy emotional and spiritual burden that you have carried with you for so long. Just by being able to speak your mind, maybe for the first time, could bring a lot of freedom. It could also lead to new meaning and quality of life. It could even have a positive influence on you relationships with those close to you.*

➢*The other gains of the study is for a wider range of people: those who went through the same trauma and horror than you, those who are and in future will still be struggling with the same emotions and questions. Here I am referring to all the former security forces and their families. Then there is the research community in general who will also benefit tremendously from the results of a study like this because this field is still too a large extend unexplored in Pastoral Theology.*

**Are there risks involved in you taking part in this research and what will be done to prevent them?**

➢ *The biggest risk to you in this study could be the possibly that some of the previously unresolved psychologically trauma may be triggered. This will however be limited by the fact that I have an agreement with a psychologist who is also a member of the SAP, to be on standby whenever necessary, in order to assist in such circumstances.*

➢ *There are more gains for you in joining this study than there are risks.*

**How will we protect your confidentiality and who will see your findings?**

➢ *Anonymity of your findings will be protected by using codes or code names, safekeeping of the data and the fact that during the interview(s) it will only be you and me present. Your feeling of privacy will be enhanced by the fact that the interview(s) will you feel comfortable and private; also the fact that the researcher has also been for many years in the SAP, serving as a chaplain and pastoral counsellor and also involved with Koevoet over quite a stretch of time. Confidentiality will be ensured by changing identifying data during transcription and deleting the*

*digital recording once it was transcribed, so that no information can be traced to a specific participant. Any possible deductive disclosure will also be prevented during analysis and reporting of data because only the researcher, the study leader and the person making the transcription will be able to look at your findings. Findings will be kept safe by locking hard copies in locked cupboards in the researcher's office and for electronic data it will be password protected. As soon as data has been transcribed it will be deleted from the recorders. Data will be stored for 5 years.*

**What will happen with the findings or samples?**

➢ *Recommendations will be made in the concluding chapter of this study that the findings of this study will most probably to a large extend be applicable to a number of other categories of veterans who had been involved in previous wars or who will in future be involved in similar situations. Regarding any further study in future which might make use of the findings of this study, the approval of the REC must however first be obtained and the REC will stand in on behalf of every respondent in this study. Only I and the person who will do the transcriptions of the data as well as the study leader will have access to it. As already mentioned the data will be kept in a locked cupboard at home – I will however also keep a copy of all the notes in the safe at the Theological Faculty for future research (this copy will be kept for 5 years).*

**How will you know about the results of this research?**

➢ We will give you the results of this research when this study has finally been approved by the examination committee of the Theological Faculty of the North-West University. I will then personally give you a call and inform you that the the final results of this study are available.

➢ You will be informed of all the relevant findings by means of an e-mail through which a summary of the final results of this study will be sent to you.

**Will you be paid to take part in this study and are there any costs for you?**

This study is not funded by any person or institution. Yes, you will be paid an amount of R300 when you are willing to participate in an interview of 60 minutes. There will thus be no costs involved for you, if you do take part in this study.

**Is there anything else that you should know or do?**

➢ You can contact Jan du Preez at 0826042757 if you have any further questions or have any problems.

➢ You can also contact the Health Research Ethics Committee via Mrs Carolien van Zyl at 018 299 1206 or carolien.vanzyl@nwu.ac.za if you have any concerns that were not answered about the research or if you have complaints about the research.

➢ You will receive a copy of this information and consent form for your own purposes.

**Declaration by participant**

By signing below, I …………………………………..…………. agree to take part in the research study titled: *Pastorale begeleiding van getraumatiseerde Koevoet veterane in hul geestelike herstel.*

I declare that:

- I have read this information/it was explained to me by a trusted person in a language with which I am fluent and comfortable.
- The research was clearly explained to me.
- I have had a chance to ask questions to both the person getting the consent from me, as well as the researcher and all my questions have been answered.
- I understand that taking part in this study is **voluntary** and I have not been pressurised to take part.
- I may choose to leave the study at any time and will not be handled in a negative way if I do so.
- I may be asked to leave the study before it has finished, if the researcher feels it is in the best interest, or if I do not follow the study plan, as agreed to.

Signed at (*place*) ......................…........……… on (*date*) …………....……….. 20 ......

............................................................ ............................................................

**Signature of participant** **Signature of witness**

**Declaration by person obtaining consent**

I *(name)* ……………………………………………..……………. declare that:

- I clearly and in detail explained the information in this document to

……………………………………………………

- I did/did not use an interpreter.
- I encouraged him/her to ask questions and took adequate time to answer them.

• I am satisfied that he/she adequately understands all aspects of the research, as discussed above

• I gave him/her time to discuss it with others if he/she wished to do so.

Signed at (*place*) ...............…........…………….. on (*date*) …………...……….. 20 .....

............................................................  ............................................................

**Signature of person obtaining consent** **Signature of witness**

**Declaration by researcher**

I *(name)* ……………………………………………..……… declare that:

- I explained the information in this document to ………………………………..
- I did/did not use an interpreter.
- I encouraged him/her to ask questions and took adequate time to answer them.
- The informed consent was obtained by an independent person.
- I am satisfied that he/she adequately understands all aspects of the research, as described above.
- I am satisfied that he/she had time to discuss it with others if he/she wished to do so.

Signed at (*place*) ...............…........…………….. on (*date*) …………...……….. 20......

............................................................  ............................................................

**Signature of researcher** **Signature of witness**

## BYLAE 4

## VRAAGONTWIKKELING

### INLEIDING TOT ONDERHOUDVOERING: OORKOEPELENDE VRAAG

*"Jy is iemand wat aan die destydse Bosoorlog blootgestel was. Vertel my asseblief van jou ervaring en hoe ver jy gevorder het met die verwerking daarvan".*

### OOP-EINDE VRAE

**Die volgende oop-einde vrae sal dan verder aan die orde kom tydens elke onderhoud:**

- *Waarmee worstel jy tans?*
- *Wat is jy van mening sou die diepere oorsaak vir hierdie worsteling wees?*
- *Wat dink jy is dit wat jou reeds so lank vasgevang hou in hierdie worsteling?*
- *Hoe het jy God se betrokkenheid of afwesigheid beleef tydens hierdie hele proses?*
- *Wat sal dit vir jou makliker maak om deur hierdie worsteling te kom?*

# BYLAE 5

# VELDNOTAS

## Respondent 1

## AGTERGROND VAN RESPONDENT

1. Respondent verloor aan die einde van standerd 9 sy vader as gevolg van ŉ frats ongeluk en beswyk sy vader weens brandwonde. Sy vader se ongeluk het die gesin erg getraumatiseer, want hul moeder moes toe alleen na die plaas omsien. As die oudste seun moes in sy matriekjaar ook na die boerdery op die plaas help om sodoende die pot aan die kook te hou. Hy kry in sy matriekjaar sy oproepinstruksies van die SA Weermag. Alles moontlik is gedoen om uitstel vir sy verpligte diensplig te verkry, maar die Weermag keur dit af. Dit is hoe die respondent in die SA Polisie beland het en op die manier sy ma kon help om na die plaas om te sien. ŉ Buurman het sy oog op die plaas gehad en het die lewe vir hulle moeilik gemaak in ŉ poging om die plaas van sy ma oor te koop. Dit het die lewe vir hulle – na die onverwagse en aaklige dood van sy pa – net onnodig moeiliker vir die gesin gemaak.

   *Met die vertel van hierdie gebeure het die respondent erg emosioneel geraak. Hy is toegelaat om sy emosies eers onder beheer te bring en ook verseker dat daar niks mee verkeerd is om hieroor emosioneel te raak nie.*

2. In 1976 is respondent as lid van die Veiligheidstak na Ovamboland gestuur vir die ondervraging van gevange insurgente. Hier was sy eerste kennismaking met die werklikheid van oorlog. Met sy aankoms op die grens is hulle met ŉ '*Hippo*' op oom Willie se pad na Eenhana vervoer. Kort-kort het die bestuurder stadiger gery en uitgeswaai vir yslike kraters in die pad waar landmyne afgetrap is. Dit was sy eerste kennismaking met die gevolge van oorlog en die verminking wat daarmee saamgaan. Daarna sou ook etlike ander voorvalle plaasvind wat emosies by die respondent sou loslaat.
3. Op die grens word hy eendag met ŉ helikopter gehaal en na die basis gebring. Sy kaptein het hom ingewag – dit was respondent se verjaardag – het die offisier net gesê: 'Ek is jammer' en hom ŉ druk gegee. Hy is toe meegedeel dat sy moeder oorlede is en dat daar vir hom gereël is om in sy kamoefleerdrag dadelik huis toe te gaan. (*By die vertel hiervan het respondent weer emosioneel geraak. Hy is ŉ kans gegee om sy emosies onder beheer te kry*)
4. By die huis aangekom was dit sy seun se eerste keer dat hy sy pa in kamoefleerdrag sien. Die kind het daarna kamoefleerdrag met die dood geassosieer. (*Sterk emosies slaan weer deur en respondent word toegelaat om sy emosies tot uiting te bring. Respondent se gesin het later by hom op die grens aangesluit. Die oomblik wanneer respondent op patrollie sou uitgaan en in kamoefleerdrag geklee is, wou sy seun nie naby hom kom nie en het afsydig geraak.*)
5. Op Kersdag 1979 is die eerste landmyn deur polisiemanne op die teerpad tussen Oshakati en Ondangwa gedetoneer. Dit het ŉ geweldige impak op mense gehad, want ook op ŉ teerpad was mense nie meer veilig nie. Die menslike oorskot van die drie polisiemanne is in twee sandsakke bymekaargemaak en die voertuig was in drie stukke uitmekaar geskiet.

# BYLAE 5

**Vraag 1.1:** *Hoe het hierdie voorval jou geraak*?

Daardie gesig het nagte by my gespook.

**Vraag 1.2:** *Wat het nog by jou gespook?*

Jy het opnuut besef hoe gevaarlik die situasie was vir sowel die veiligheidsmagte asook die burgerlike samelewing wat mense van alle groepe insluit.

**Vraag 1.3:** *Het jy al vrede gemaak oor jou betrokkenheid in die Bosoorlog*?

Oor die verwronge persepsies van VM se betrokkenheid by die oorlog het ek al vrede gemaak. Ek het net my werk as polisieman na die beste van my vermoë gedoen en die wet uitgevoer waartoe ek met ŉ eed verbind was. Mense leef steeds met die persepsie dat Koevoet mense links en regs onwettig en onregverdig mense doodgemaak het. Mense – polisiemanne, soldate, insurgente en burgerlikes – het in die oorlog seergekry.

**Vraag 1.4:** *Hoe het jou betrokkenheid by Koevoet jou latere loopbaan in die SAPD geraak?*

Toe my bevordering tot die rang van brigadier in die ou bedeling ter sprake kom, is daar in rooi op my lêer geskryf: This person is totally out.

**Vraag 1.5:** *Watter emosies het dit by jou losgemaak?*

Verwerping ... woede ... skok ... teleurstelling ... verraad. Deur my hele loopbaan in die polisie het ek net my werk na die beste van my vermoë gedoen en het politiek ŉ einde daaraan gemaak. Politiek en politici uit die ou bedeling wat hul mense vir die honde gegooi het, het ŉ einde aan my loopbaan gemaak. Ek het vir die polisie net my beste gegee. Ons moes die prys betaal en die verguising verduur terwyl die politici van destyds in gerief kon aftree en leef.

**Vraag 1.6:** *Hoe het Koevoet jou huwelik geraak?*

Die Bosoorlog het hoë beroeps- en gesinseise aan getroude lede van Koevoet gestel, want dit was ŉ kwessie van 24-uur paraatwees. Daar was nie werklik so iets soos naweke en Sondae nie. My vrou het eintlik ons twee kinders alleen grootgemaak, want weens my werksomstandighede was ek eintlik ŉ afwesige pa – ek was fisies daar maar was nie in die gees as ŉ ouer saam met hulle by goed betrokke nie.

[**Persoonlike veldnota***: Die wyse waarop respondent hieroor praat laat duidelik blyk dat hier iets is wat nog in sy gees vassit: Het ek dalk gefaal as ŉ ouer? Was dit die moeite werd om my werk bo my gesin te plaas? Dit was immers oorlog en van alle weerbare Suid-Afrikaanse mans vanaf ouderdom agtien was verwag om sy kant vir die veiligheid van die land te bring*]

**Vraag 1.7:** *Met jou terugkeer na die RSA het hierdie situasie toe verander*?

As eenheidshoof van Navorsing-en-Statistiek in polisiehoofkantoor moes ek talle verslae opstel vir die parlement en ambassades. Daar was altyd vrae van ambassades oor die impak van terreur met die oog op beleggings en oprigting van fabrieke in die RSA.

Ons afdeling – polisiemanne en burgerlikes – moes lang ure werk om die verlangde inligting voor te lê. Ek en my personeel moes dikwels lang ure en soms nagte deurwerk om die volgende oggend verslae in te dien. As jy by die huis kom, is jy poegaai. Toe ek uit Suidwes in die RSA aangekom het, het ons in ŉ ou huis ingetrek wat ons moes restoureer. As ek tuiskom moes die gesin saam met my aan die restourasie van die huis werk.

**Vraag 1.8:** *Werksdruk, gesinslewe en huisverbeterings: Hoe het dit jou huwelik en gesinslewe geraak*?

Dit het later gevoel dat ons as gesin – en as man en vrou – by mekaar verby leef en daar was nie meer regtig kontak nie. Tussen myself en my vrou en kinders was daar later nie meer raakvlakke nie. Ek was oorwerk, my vrou was oorwerk en ons was albei geïrriteerd want jy sien of hoor nie die ander een se standpunt nie. Dit het later begin krap en nou besef ŉ mens jy kon liewer stilgebly het as om ŉ dwars antwoord te gee. Net soos ek was my vrou ook onder groot druk by haar werk. Ek en my vrou is uiteindelik geskei. [**Persoonlike veldnota**: *Waar vrouens en kinders van getroude Koevoete ook op die grens was, het oorlogstrauma ook na hulle oorgespoel. Daar was die afwesigheid van die mans in die veld terwyl hulle tuis ook in ŉ oorlogsone* was].

**Vraag 1.9:** *Jy is lidmaat van die Ned. Geref. Kerk. Hoe het dit jou as lidmaat van die Kerk geraak toe daar tot die slotsom gekom is dat die Bybelse begronding van apartheid ŉ fout was*?

By nabetragting moet ek erken dat apartheidswetgewing en regulasies soos die dra van bewysboeke en instromingsbeheer ŉ groot onreg aan talle swart families gedoen en waar families en gesinne van mekaar weggeskeur is. As jy as nie-blanke nie ŉ pasboek by jou het nie, kon jy daarvoor toegesluit word. Dit was die wet, maar by nadenke was dit baie onregverdig en het ook mense se menswaardigheid aangetas. Gesinne is ook erg hierdeur geraak, want vaders moes elders geld gaan verdien wat weer ŉ negatiewe uitwerking op die gesinslewe en die opvoeding van kinders gehad het. Met die skole-opstande van die jare sewentigs het die land die prys daarvoor betaal.

ooOoo

## Respondent 2

**Agtergrond:** Respondent was ŉ lid van die vrouepolisie. Sy is getroud met ŉ polisiebeampte. Hy is in 1981 na Koevoet oorgeplaas. Met haar huwelik het sy uit die polisie getree en was op die grens ŉ huisvrou en moeder vir haar twee kinders. Haar eggenoot het erge beserings in ŉ kontak opgedoen wat tot persoonlikheids-veranderings by hom gely het. Terwyl op diens is hy op die grens in ŉ motorongeluk oorlede. Sy is toe weer deur die polisie in diens geneem en het administratief as ŉ lid van Koevoet gefunksioneer.

**Vraag 2.1:** *Jy was eers as ŉ eggenote en later – na jou man se dood – as ŉ polisievrou by Koevoet werksaam. Wat was jou ervaring as eggenote op die grens?*

# BYLAE 5

Tydens die Bosoorlog was ons blootgestel aan vyandelike aanvalle op grensdorpe. Ons vrouens was bang, maar moes leer om daarmee saam te leef

**Vraag 2.2:** *Jou man is tydens ŉ kontak beseer. Is hy met enige fisiese of psigiese letsels gelaat?*

Sy linkeroog is tydens ŉ kontak beskadig waarvoor hy ŉ lensoorplanting sou kry. Hy is egter oorlede voordat hy die lensoorplanting kon kry.

**Vraag 2.3:** *Hoe het sy besering vir hom en jou geraak?*

Die besering aan sy oog het sy persoonlikheid verander. Benewens sy beskadigde oog het hy ook skrapnelmerke aan sy lyf gehad. Met verloop van tyd het ek die verskil in sy persoonlikheid opgemerk. Wrok en haat het oor hom die oorhand gekry. Ek het deur ervarings met hom gegaan waar hy my fisiek aangerand het. Ek glo nie dit was sy bedoeling om my aan te rand nie, maar dit was as gevolg van die pyn wat hy in sy kop ervaar het. [Emosie slaan sterk deur by respondent]

Hy het definitief ŉ sielkundige knou gekry wat die oorsaak van sy persoonlikheids-verandering was. Hy was nie ŉ man wat sy hand vir ŉ vrou sou lig nie en ek het hom ook nie so geken nie. My man het geen berading van enige aard gekry nie.

**Vraag 2.4:** *Hoe het hierdie wrok by jou man gemanifesteer na sy besering*?

Ek kon gedragsveranderings by hom bespeur. Wanneer ons in die skemer moes ry, raak hy net stil. As ek hom vra wat aangaan, het hy altyd hierdie woorde gesê: "*Elke een wat ek in ŉ kontak kry, sal sonder ŉ hand of ŉ oog sit. Dit is van my weggeneem en ek sal dit ook van hulle wegneem*".

Van die Ovambo Koevoetlede het na my gekom en gesê daar is fout met meneer se kop. Hy doen goeters in kontakte wat ons nie van hom ken nie, want hy was nie so nie. Wanneer hulle ŉ insurgent vang, moes hy op sy knieë staan en vir sy lewe soebat. My man sou nie daaraan gehoor gee nie, maar die persoon se oog uitskiet of sy hand afskiet sonder om ŉ oog te knip en sonder om enige gevoelens daaroor te toon. Ek was hoog swanger en dinge het vir my te veel geword, want ek kon die verandering in hom sien. Ek het daaroor met hom gepraat, maar die oomblik wat ek ŉ sekere punt aangeroer het, het hy kop verloor en my in my swangerskap met ŉ sambok geslaan. Ek dink my ongebore kind het toe al letsels opgedoen wat sy tot vandag toe dra as gevolg van die harde klanke wat sy in my gevoel of gehoor het. Tot op hede kan sy nie ŉ harde klapgeluid hanteer nie – dit skud haar steeds.

**Vraag 2.5:** *Was jou kinders ooit by ŉ kindersielkundige na die Bosoorlog?*

Ja en ek het die sielkundige vertel wat gebeur het. Sy is vandag self ŉ mamma en praat nog baie met my daaroor. Sy sê daar i nog tye wanneer sy daardie klanke in haar kop voel en hoor.

My oudste dogter was twee toe haar pa dood is. Sy was ook by ŉ terapeut waar sy sketse moes maak om haar gevoelens uit te druk. Sy was nog te klein om te sê wat gebeur het.

Al haar sketse was in rooi en swart. Volgens die terapeut is *swart* die versinnebeelding van trauma en dood terwyl die *rooi* weer bloed versinnebeeld, want dit was oorlog.

**Vraag 2.6:** *Na jou man se dood is jy as ŉ vroue lid van die SAP aangestel en kon jy op die grens aanbly. Watter hulp het jy gekry om jou man se dood te verwerk?*

Ds. Londt was ons kapelaan en ek het goeie bystand van hom ontvang. Ook oor die telefoon sou hy vir my bid en raadgee. Daar was ook ŉ sendeling en sy vrou wat vir my wonderlik bygestaan het in die verwerking van my man se dood. Ek het my hartseer verwerk. Tog is daar tye wat ek nagte wakkerlê en wonder wat het die ander vrouens deurgemaak. Daar was jong manne wat ook beseer was. Watter hulp het hulle gekry? Ek het later verneem sommiges het selfmoord gepleeg en ander leef in armoede, want vir ŉ oud-Koevoet is daar nie meer plek in ons land nie.

ooOoo

**Respondent 3**

**Vraag 3.1:** *Jy was as ŉ getroude man en gevegsgroepleier by Koevoet. Daarbenewens was jy ook ŉ springstofdeskundige. Jy is iemand wat baie met die dood in aanraking gekom het. Vertel my meer hieroor.*

Ek was drie jaar operasioneel by Koevoet. As gevegsgroepleier was ek in ongeveer 72 kontakte betrokke asook in twee landmynvoorvalle. Na Oshakati is ek na Durban terug-verplaas. Die oorlogsone het nou verander van die bos na stedelike terreur. Eintlik was ek nog steeds in ŉ oorlogsituasie waar die vyand steeds die ANC- en PAC-insurgente. Terug in die RSA was ek bitter min by die huis. Vir my huwelik was dit nie goed nie en in 1987 het my huwelik gevou grootliks as gevolg van die werk wat ek gedoen het – hetsy in die bos of in die Republiek as gevolg van die stres wat daarmee saamgegaan het. In wese het niks verander nie – net die oorlogsone is verskuif. Weens die aard van my werk sou ek vir weke aaneen weg van die huis wees. Vir jonggetroudes was dit ŉ moeilike situasie en my huwelik was kinderloos, nie uit eie keuse nie, maar stres en alles wat daarmee saamgaan, het ook in ons huwelikslewe sy tol geëis.

**Vraag 3.2:** *Ek sien jy dra gehoorstukkies. Is dit as gevolg van normale veroudering of was dit die uitvloeisel van jou werk as springstofdeskundige asook jou betrokkenheid in kontakte?*

Mense kry verskillende soorte gehoorverlies waarvan veroudering ŉ oorsaak kan wees. Myne is geïdentifiseer as veroorsaak deur ontploffings. Buiten die landmyne wat ek op die grens afgetrap het, was ek in die RSA in ŉ voorval betrokke waar ŉ lampetmyn twee meter van my af ontplof het. Van die mense wat saam met my op die toneel was, is dood. Net my gehoor het die slegste daarvan afgekom. Die Bosoorlog en binnelandse geweld het my gehoorgestremd gelaat. Ek was 29 jaar oud toe ek van die grens af terug-gekom het.

**Vraag 3.3:** *Tot die rang van luitenant-kolonel het jy goed deur die range gevorder. Wat het toe met jou gebeur?*

# BYLAE 5

Ek was op die laaste kolonelskursus wat in 1994 deur die SA Polisie in Silverton gehou is. Ek is op daardie kursus aangewys as die beste student van die kursus en het ŉ trofee daarvoor gekry. In 1995 het daar in die nuwe SA Polisiediens groot skywe gekom waar poste geadverteer is. Ek het by die nuwe kommissaris van die SAPD navraag gedoen oor die loopbaanmoontlikhede vir ons wat in die Bosoorlog betrokke was. Daar is vir my gesê dat ek vir poste kan aansoek doen, maar dat dit weens my verlede onwaar-skynlik sal wees. (Respondent raak bewoë. Navorser bemerk dat hierdie aangeleentheid die respondent diep raak en pynlik is).

Ek wou toe van die kommissaris weet wat van my verlede is ŉ hindernis vir verdere bevordering. Wat ek gedoen het, was om vir die land te veg en dat ek bloot my opdragte nagekom het. My gedragsrekord was skoon en ek het toe alreeds my honneursgraad in Polisiekunde behaal en was van plan om verder in daardie rigting te studeer om hopelik eendag ook ŉ generaal te word. Nog ŉ generaal het eerlik en reguit vir my gesê dat weens die politieke verandering is die kanse baie skraal dat ek ooit weer bevorder sal word. Op daardie stadium was daar nog twintig jaar vir my loopbaan in die polisie oor. Ek het nie kans gesien om vir die res van my loopbaan op dieselfde rang vas te sit nie en is as medies ongeskik uit die polisie ontslaan as gevolg van stres.

**Vraag 3.4:** *Koevoet en die Veiligheidstak was baie duidelik die geëtiketteerdes. Watter emosies het dit by jou en dalk by die ander Koevoete losgemaak?*

Een oomblik was ons opgehemel as die ouens wat die voorpunt van die oorlog is en war ons deur een kommissaris na die ander en een minister na die ander aangeprys en bedank is vir wat ons vir ons land doen om net die volgende oomblik swart gesmeer te word en as gekontamineerdes gereken te word. Dit was vir my – en ek glo ook vir talle ander Koevoete – ŉ geweldige skok gewees en ook moeilik om te verwerk. Dit het gemaak dat ek vandag geen tyd vir enige politikus het nie, want om stemme te werf sal hulle lieg en bedrieg. Ons is deur ons eie politici *gedrop* – ons is liederlik in die steek gelaat.

[*Opmerking*: Wanneer die respondent oor hierdie sake praat, word dit met emosie gesê en waar die trane by tye baie naby is. Deur hierdie mense net na die Bosoorlog op hierdie manier los te laat, was hulle ŉ groot onreg aangedoen. Vir enige mens bly bevordering ŉ hoogs emosionele saak. Hierdie mense se emosies is vertrap].

**Vraag 3.5:** *In jou polisie loopbaan het jy talle kere met doodslag en verwoesting te doen gehad. Kom iets hiervan ooit terug na jou?*

Terugflitse en drome kom dikwels by my op. Ek droom dat ek heeltemal verdwaal en nêrens uitkom nie. Ek droom snaakse goed dat ek die *comrades* begin hardloop en dan is ek skielik op ŉ grondpad in die bosse. Ek hardloop die wedloop maar kom nie by die eindpunt nie.

**Vraag 3.6:** *Watter invloed het die drome op jou*?

Dit maak dat ek geweldig baie in my slaap in die bed beweeg. Ek kom dit nie agter nie, maar my vrou vertel my dat sy soms in ŉ ander bed moet gaan slaap, want ek skop, en slaan en gaan tekere. In my slaap is ek baie rusteloos en een van die drome is dat ek iets

skop en dan is dit my vrou wat ek raakskop. Ek gebruik medikasie maar dit lyk nie asof dit help nie. Ek kry ook terugflitse en drome van ontploffings en gebeure waarby ons in die bos betrokke was. Dit gebeur nie net in die nag nie, maar soms ook in die dag as daar skielik iets gebeur wat jou aan vroeëre gebeur laat terugdink.

**Vraag 3.7:** *Wat is jou reaksie op hierdie terugflitse*?

Dit is ŉ skok ervaring waar ek in koue sweet uitbars en dink jy: 'Jislaaik, dit was weer daar'. Dit gebeur skielik maar gaan na ŉ ruk verby.

**Vraag 3.8:** *Het jy enige berading gekry vir die terugflitse*?

Ek het op ŉ tyd by dr. Jacobs berading gekry, maar hy is nou oorlede. Hy het my nogal baie daarmee gehelp. Tans gebruik ek maar elke dag my *nuzec* elke dag en hardloop ook. Ek kry nog terugflitse, maar dit is meer ongereeld as voorheen.

**Vraag 3.9:** *Behalwe voorskrifmedikasie is daar enigiets anders wat jy doen om die terugflitse en herinneringe hok te slaan?*

Sedert die 1980's tot nou draf ek, want die drawwery is deel van my 'kopskoonmaak' asook deel van my stiltetyd met my Here. Dit help my ook om balans in my lewe te hou. Ek het vanjaar (2018) my ses-en-twintigste comrades gehardloop en sal graag nog wil hardloop vir solank ek kan. Deur te draf is my manier om ŉ balans tussen liggaam en gees te handhaaf.

**Vraag 3.10:** *Herinnering uit die Bosoorlog, julle verwerping asook julle werk as polisiebeamptes binnelands is deel van julle verlede en geheue. As daar sinvol op indiwiduele- of groepsvlak daaroor gepraat word, sal hierdie herinneringe nie hul skerpheid kan verloor nie? Deel jou opinie met my hieroor.*

Ek glo dit sou kon help. ŉ Mens kom agter dat as jy met mense praat wat hierdie goed verstaan, help dit tog. Sou jy met iemand praat wat weet wat jy deurgemaak het sal dit help. Jy het ŉ behoefte om daaroor te praat – so ek is seker dit sal help.

**Vraag 3.11:** *Tot watter mate ervaar julle nog vandag dat julle as die skurke in hierdie verhaal gesien word en huiwerig is om daaroor te praat*?

Jy kan die oorlog wen, maar die politieke mag verloor. Dit is presies wat in Suidwes-Namibië asook in Suid-Afrika gebeur het. Ons het die oorlog gewen, want ons destydse vyand was nie beter as ons nie, maar ons het die politieke stryd verloor. Die oorlog wat ons gevoer het, was juis as gevolg van die politici en niemand anders nie, maar dit was juis die politici wat op die ou end ontken het dat hulle enigiets geweet het wat in die oorlog aan die gang was.

OoOoo

# BYLAE 5

## Respondent 4

**Vraag 4.1:** *Jy het as 'n jong man by Koevoet beland. Vertel my hoe jy jou tyd by Koevoet beleef het.*

Ek het in 1982 by die SA Polisie aangesluit en was drie keer op die RSA-grens ontplooi en was vanaf 1985 by Koevoet tot met die eenheid se ontbinding in 1980. Ek was ook betrokke by die NDO vanaf 1 tot 9 April 1989. Na my terugkeer vanaf Koevoet is ek na TIN-eenheid op Beitbrug teruggeplaas. In 1995 het ek my ontslag uit die polisie gekoop want daar was te veel politieke druk op my gewees.

**Vraag 4.2:** *Wat was die aard van die politieke druk wat jy ervaar het?*

Ons nuwe politieke meesters het geweet waar jy gewerk het en waar ons vandaan kom – dit was op ons persoonlike lêers aangeteken. Die nuwe SAPD het ons ook swak behandel. Waar ek gestasioneer was, is iemand wat die vorige dag 'n hekwag was skielik tot die rang van offisier bevorder. Dit het my gegrief, want dit kon nie so gewerk het nie en ek het gevoel daar is nie meer 'n toekoms vir my in die SAPD nie. Na my ontslag het ek vir twee jaar by *Executive Outcomes* in Angola gaan werk.

**Vraag 4.3:** *Toe jy na twee jaar weer in die RSA terug is, wat het toe met jou gebeur?*

Ek het gesukkel. Ek kon nie 'n werk hou nie en ek het boemelaar geword en toe begin suip. Ek was kwaad en kon nie by die burgerlike lewe aanpas nie en ek het gevoel dat die jare op die grens en alles wat ons daar gedoen het net verniet was. Ek was kwaad vir mense en het gesukkel om aan te pas en het myself net meer aan drank oorgegee. My hele jong lewe was in Koevoet. Ek het eintlik nie 'n jongmens lewe gehad nie en daar was ook nie meisies in my lewe betrokke nie. Koevoet was my familie want ons het elke dag saamgelewe. Ek was ook sonder vriende en ek het toe kameraadskap wat ons by Koevoet ervaar het gemis. Ek was eensaam en niemand kon my verstaan nie en ek het net al hoe erger begin drink. Ek het in die bottel ontvlugting gesoek. Toe kom daar in my lewe 'n verandering ten goede.

**Vraag 4.4:** *Wil jy my vertel van hierdie verandering in jou lewe?*

Ek het ernstig oorweeg om selfmoord te pleeg deur myself aan 'n staalstruktuur te wou ophang. Ek was op die punt om dit te doen toe ek 'n vreemde vrou ontmoet wat met my gesels het. Ons is intussen getroud en het nou twee seuns.

**Vraag 4.5:** *Jou lewe na Koevoet – watter gevoel het dit in jou gelaat?*

Ek was kwaad en is steeds kwaad vir die sisteem, want die politici het al die tyd vir ons gelieg terwyl hulle geweet het wat gaan uiteindelik gebeur. Ons is belieg – en al daardie mense wat op die grens dood is, is verniet dood.

**Vraag 4.6:** *Hoe het dit jou familie geraak toe jy 'n boemelaar was?*

My familie was vir my baie kwaad en het hulle vir my geskaam. Ek het weer vir hulle kwaad geword, want vir my was daar net een werk en dit was Koevoet. Van my familie moes ek hoor ek moet 'n ordentlike werk kry en standvastig raak, maar net na Koevoet

kon ek by geen ander werk aanpas nie. Dit is waarom ek na *Executive Outcomes* gegaan het.

**Vraag 4.7:** *Jou familie het Koevoet vir jou onstandvastigheid blameer. As jy nou daaraan dink – was jou familie se siening hieroor reg of verkeerd?*

My familie was reg. Koevoet het my hele lewe verander en het van my ŉ ander mens gemaak. My familie was bang vir my – veral as daar ŉ braai is en ek begin drink. Koevoet het my verander en gemaak dat ek nie *worry* nie. Dit is nie ŉ baie goeie eienskap nie, want ŉ mens moet ook verantwoordelikheid aanvaar.

**Vraag 4.8:** *Jou familie se kwaad wees vir jou – hoe het dit jou geraak?*

Ek het ŉ paar keer aan selfdood gedink. Die laaste keer wat ek dit wou doen, het ek by ŉ swart vrou op X geplak. Ek was gereed om myself aan ŉ staalstruktuur op te hang wat vir ŉ kerk opgerig is. Dit is toe dat ek my toekomstige vrou ontmoet het.

**Vraag 4.9:** *Toe jy op die punt was om selfdood te pleeg, wat het deur jou gedagtes gegaan?*

Ek was eensaam, ek was verlate en ek was kwaad.

**Vraag 4.10:** *Vir wie was jy kwaad?*

Ek was vir die politici kwaad. Hulle het glad nie omgegee wat met ons na die oorlog gebeur het nie.

**Vraag 4.11:** *Het jy ooit met skuldgevoelens na die Bosoorlog geworstel?*

Ek het baie skuldgevoelens uit die Bosoorlog. Ek was jonk en *eager* om oorlog te maak. Hoe ouer mens word – en veral as jy self kinders het – kry jy ŉ ander perspektief oor goed wat op die grens gebeur het. Sou ek nou moes teruggaan grens toe, sou ek dinge anders hanteer.

**Vraag 4.12:** *Is daar tydens enige beradingsessies aan hierdie skuldgevoelens aandag gegee?*

Ek het private berading gekry, maar het nooit die berader daarvan vertel nie. Ek wou nie hê hy moet soveel detail van my weet nie.

**Vraag 4.13:** *Wat is daar wat jou vandag nog pla?*

Kort na my terugkoms na die Bosoorlog, het die oorlog nog by my gespook. Ek sou natgesweet wakkerskrik met ŉ hart wat baie vinnig klop. Ek sou ook droom dat ons in ŉ kontak is en net onthou dat daar is baie geskiet.

**Vraag 4.14***:* *Is daar nog iets van die oorlog wat jou bybly en wat jy vandag anders sou wou sien*?

Die oorlog kan jy nie vergeet nie. Dit is soos ŉ brandmerk aan jou. Die plaaslike bevolking (PB) is erg deur die oorlog geraak. Daardie arme mense – pla my vandag. Hulle het swaargekry want hulle het die skerpkant van die oorlog vanuit twee kante

ervaar. Vir die insurgente moes hulle van kos, en water asook van inligting voorsien. Ons kom dan daar en kry hulle ŉ pak slae omdat ons ook inligting by hulle soek. Nou pla dit my baie – ons het dinge aan daardie mense gedoen wat hulle nie verdien het nie. Dit was mense wat nie vir die oorlog gevra het nie. Dit was hulle blyplek. Hulle bestaansmiddele is skraps. In ons jaag van insypelaars sou ons hulle mahango lande verwoes. Nou pla dit my as ŉ brandmerk op my gees. Om inligting uit die kinders te kry, sou ons hulle pakgee. Nou dat ek my eie kinders het, kom jy agter dit was nie die moeite werd nie. Ek voel jammer oor wat ek aan hulle gedoen het. Dit is die dinge wat mens nie kan vergeet nie – dit bly binne in jou.

ooOoo

**Respondent 5**

**Vraag 5.1:** *Jy en jou man was as jonggetroudes by Koevoet. As polisievrou is jy administratief by Koevoet aangewend. Hoe het dit jou geraak?*

Ek was die eerste polisievrou by Koevoet en is aanvanklik net administratief aangewend, maar het later ook in die operasionele kamer (opskamer) behartig. Ek was onder ŉ werkslading toegegooi waarmee ek van vroegdag tot saans besig was. Draf was my uitlaatklep en ontlonting want ek was ŉ langafstand atleet.

**Vraag 5.2:** *Vertel my iets van die spanning wat jy in die opskamer ervaar het*.

My spanning was meestal oor die jong manne op die grens. Hulle sou my in hul vertroue neem en vertel hoe vrees hulle beetpak wanneer hulle vir ŉ week in die bos ontplooi word. Hulle sou my ook van hul ouers en meisies in die RSA vertel en ek sou altyd probeer om hulle moed in te praat. Op die grens was daar verwonding van die vyand en eie mense. Sommige jongmense het die oorlog oorleef, terwyl ander dood of gestremd gelaat is.

**Vraag 5.3:** *Watter uitwerking het die tyd by Koevoet op jul huwelik gehad?*

As pasgetroudes was my prentjie van ŉ huwelik nie dit wat ek op die grens ervaar het nie. Ek kon myself kondisioneer met my man se werksomstandighede van ŉ week tuis en ŉ week in die bos. Die week wat hy in die basis was, het ek egter meer aandag van hom verwag. Ek het gevoel dat ek nie die nodige erkenning in my huwelik kry nie en ek het afgeskeep gevoel. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat die grenssituasie plofbaar was met gepaardgaande hoë spanningsvlakke waar ŉ aanval enige oomblik kon losbreek.

**Vraag 5.4:** *Jy was die opskamer se operateur. Hoe het dit jou geraak wanneer jou man vir ŉ week in die veld is*?

Dit het my gespanne gemaak, want sy het geweet wat met elke span in die veld gebeur. Wanneer haar man met ŉ opvolg besig was, het dit erge spanning in haar opgelaai veral omdat daar dan radiostiltes was. Daardie minute tydens ŉ radiostilte het dan vir my soos ŉ ewigheid gevoel.

**Vraag 5.5:** *Sien jy jouself as 'n introvert of 'n ekstrovert?*

Ek is 'n introvert en dit kom al uit my kinderdae. As armmanskind het ek altyd minderwaardig teenoor ander mense gevoel. Daarby is ek ook 'n baie private mens. Oor die jare het ek my minderwaardigheid hanteer deur aan verskillende sportsoorte deel te neem.

**Vraag 5.6:** *Watter rol het jou minderwaardigheid by Koevoet gespeel?*

Aan die begin het dit 'n rol gespeel, maar hoe langer ek by Koevoet was, het ek die gevoel gekry dat ek vanuit die opskamer 'n besondere rol vir die manne in die veld speel. Omdat ek 'n eenkantmens is, het ek nie maklik met die ander vroue op die basis vriende gemaak nie. Ek het eerder opgegaan in my werk in die opskamer.

**Vraag 5.7:** *Na jou man se diensbeurt by Koevoet is julle terugverplaas na die RSA. Het dit julle huwelik positief of negatief geraak*?

Na Koevoet is ons na Durban verplaas waar dit toe ook wild en woes gegaan het. Na 'n tyd in Durban is ons weer na Pretoria verplaas, Ek is administratief gebruik, maar my man se werksomstandighede het alles van hom gevra. Van my man het ek steeds geen erkenning gekry nie. Ons het al verder van mekaar weggedryf en ons is toe geskei.

**Vraag 5.8:** *Hoe sou jy julle verhouding tot en met die egskeiding beskry*f?

Dit was wild en woes. Daar word soveel vanuit jou werksituasie van jou verwag dat daar nie tyd is om as paartjie saam te spandeer nie. Daar was min tye by Koevoet en so was dit ook in die Republiek. Ek het kantoorure gewerk terwyl my man weer ongereëlde ure sou werk. Op geen stadium het enigiemand met my gepraat oor wat op die grens en binnelands ervaar is nie. Hierdie gesprek was die eerste keer waar daar met my daaroor gepraat is.

**Vraag 5.9:** *Benewens die lyke wat jy by Koevoet gesien het, was jy in die RSA ook aan soortgelyke gru tonele blootgestel?*

Dit was hoofsaaklik binnelandse bomontploffings. As springstofveër moes ek na goeters op tonele gaan soek. Dit was 'n taak wat die springstofdeskundiges en die springstofveërs onder erge spanning moes doen. Dan was daar ook tonele waar mense met klippe doodgegooi is.

ooOoo

## Respondent 6

**Vraag 6.1:** *Die meeste Suid-Afrikaanse mans wat tans in hul vroeë middeljare of*

*vroeë bejaardheid is, was op een of ander manier by die Bosoorlog betrokke. Wat is jou siening of mening hieroor*?

Die Bosoorlog is deel van elke blanke (asook sommige swart- en bruin mense) se geskiedenis, want as blankes is ons met patriotisme grootgemaak en daar was van jou

verwag om by die oorlog betrokke te raak. Daar was ook die verwagting dat sou jy jou deel doen en daar ontstaan 'n probleem, sal die regering na jou kyk, want jou betrokkenheid by oorlog het die kanse op dood of verwonding vergroot.

**Vraag 6.2:** *Hoe lank was jy by Koevoet?*

Ek was drie jaar by Koevoet en het tydens die NDO my regterbeen verloor en moes 'n bobeen amputasie ondergaan.

**Vraag 6.3:** *Hoe het jy jou hantering as beseerde na die Bosoorlog beleef?*

Voor die politieke veranderinge was die mediese behandeling goed, maar sedert Suid-Afrika se politieke veranderinge het sake vir my en dalk ook vir ander gestremdes verander. As gestremde – en ek glo daar is ook ander in soortgelyke situasies as myne wat soos ek voel – dat die destydse regering (NP) en die huidige regering vere vir die destydse VM voel.

**Vraag 6.4:** *Benewens jou bobeen amputasie, wat is daar nog wat jou oor jou situasie kwel*?

Politici het ons (troepe en polisiemanne) oorlog toe gestuur wetende hulle voer geheime samesprekings met die destydse vyand. Ek beskou dit as verraad teen die destydse VM. Toe die skrif aan die muur was, is ons deur almal in die steek gelaat. Niemand was bereid om hul koppe vir die VM uit te steek en met die probleme wat ons ervaar te help nie.

Die VM was bereid om vir volk en vaderland oorlog toe te gaan en hul lewens op die spel te plaas, want dit was van jou as landsburger verwag. Die VM is as kanonvoer oorlog toe gestuur, maar na die oorlog het die politici met hul 'nuwe vriende' in die bed gespring. Die VM se patriotisme was verraai. Oorlog bring noodwendig dood en verwonding mee en daarmee maak jy vrede en was jy op die grens altyd daarvan bewus, maar om verraai te word, is heeltemal anders as om gestremd te wees. Jy kan saamleef met 'n gestremdheid, maar om verraai, afgeskryf en vergeet te word, is die hardste ding om mee saam te leef. Niemand wil van jou probleme hoor nie. Jy soek nie simpatie nie, maar begrip vir wat jy bereid was om op die spel te plaas.

**Vraag 6.5:** *Wat sien jy as oplossing vir die probleem waarmee julle as gestremde oorlogsveterane worstel?*

Staats- en semi-staatsinstellings word al hoe meer deur die hof gedwing om hul verpligtinge na te kom. Vir ons as oorlogsgestremdes is dit basies dieselfde, maar as gestremdes beskik ons nie oor die finansies om duur regskostes vir hofgedinge te kan dra nie. In wese beteken dit dat oorlogsgestremdes uit die vorige bedeling eenvoudig hul lot moet aanvaar. Dit sal daartoe lei dat oorlogsgestremdes al hoe meer liggaamlik

agteruitgaan omdat 'n regering nie doen wat gedoen moet word nie.

**Vraag 6.6:** *Watter emosies of frustrasies maak hierdie gesindheid van die Namibiese Vergoedingskommissaris (NVK) spesifiek by jou as oorlogsgestremde los*?

Ons is aan die lot van die Vergoedingskommissaris oorgelaat. Jy moet nou as indiwidu

gaan onderhandel oor vergoeding wat jou toekom en verpligtinge wat die NVK teenoor jou moet nakom.

**Vraag 6.7:** *Wat sien jy as ŉ moontlike oplossing vir hierdie dilemma waarin julle as oorlogsgestremdes verkeer?*

Daar skort ŉ bemiddelaar tussen die VK en jou as indiwidu. Die VK is ŉ ander staatsdepartement en het nie ŉ saak met jou as indiwidu nie. Verder is die VK se administrasie ook verskriklik agter.

**Vraag 6.8:** *Ek aanvaar dat hierdie aangeleentheid vir jou – en dalk ook vir talle ander oorlogsgestremdes – iets aan julle menswees doen.*

Die gespartel om te kry wat jou toekom laat jou vra of dit alles die moeite werd is. Jy begin ook aan jouself twyfel en sien jouself later as ŉ verloorder wat net nie vorentoe kan beweeg nie. Dit lei weer tot verdere frustrasies omdat jy nie oor die nodige geldelike vermoëns beskik om ŉ staatsaanstelling te dwing om sy verpligtinge na te kom nie.

ooOoo

**Respondent 7**

**Vraag 7.1:** *Jy en jou man was albei lede van die SAP en saam by Koevoet. Tot watter mate het die Bosoorlog julle huwelikslewe ten goede of ten kwade beïnvloed*?

Ek sou sê die Bosoorlog en ons tyd by Koevoet het ons huwelik positief en negatief geraak. Dit was my eerste en my man se derde huwelik. Aan die begin was daar baie drama in ons huwelik, maar ons kon dit later verwerk. Ons huwelik was weens persoonlikheidsverskille nie perfek nie. My man het vrywillige grensdiens gedoen en na sy terugkeer is ons na Koevoet verplaas.

**Vraag 7.2:** *Wil jy my iets meer vertel oor die positiewe en negatiewe invloed wat die Bosoorlog op julle huwelik gehad het*?

Weens sy werksomstandighede was my man soos die ander getroude mans nie gereeld by die huis nie. Dit was ŉ geval van ŉ week in die veld en ŉ week in die basis. My twee kinders is ook op die grens gebore en my man was ongelooflik betrokke by die versorging van die kinders. Ongelukkig het ons huwelik tot ŉ groot mate in ŉ groef gekom, want ons was albei harde koppe en boonop beheervrate. Oor die opvoeding van die twee kinders kon ons gelukkig tot ŉ vergelyk kom.

**Vraag 7.3:** *Tot watter mate het die dood van mense jou geraak terwyl jy op die grens was*?

Dood is ŉ lewensrealiteit wat niemand kan ontsnap nie, maar die wyse waarop iemand doodgaan het tog ŉ uitwerking op mense. Op die grens was die dood net ŉ groter werklikheid. Dit kon in die basis gebeur of wanneer die manne op in die veld op patrollie was.

# BYLAE 5

**Vraag 7.4:** *Daar was baie kritiek teen Koevoet oor die manier waarop die liggame van dooie insurgente na die basis gebring is. Wat is jou siening en kommentaar hieroor*?

Aanvanklik was dit vir my ŉ vreemde en wrede ding, want na my oordeel moet die dood van ŉ mens met meer waardigheid hanteer word. Tog was daar redes hiervoor. Eerstens was daar nie altyd lyksakke nie. Tweedens het die polisie nie die fasiliteite gehad wat die weermag gehad het nie. Afgestorwe insurgente moes vir identifikasie-doeleindes ingebring word. Niemand sou vir ure in daardie bloedige hitte met ŉ lyk binne in ŉ Casspir ry nie. – daar was geen ander uitweg nie. Die realiteit was dat daar nie spesiale voertuie vir Koevoet beskikbaar was om die lyke na die basis in te bring nie. Koevoet was verkwalik oor die manier waarop lyke na die basis gebring is, maar daar was nie ŉ ander manier nie.

**Vraag 7.5:** *Wat het jou gehinder van die manier waarop lyke van insurgente vir identifikasie doeleindes na die basis gebring is*?

Vir my het die waardigheid vir ŉ dooie ontbreek. Ek moet erken dat met verloop van tyd het dit my al hoe minder gepla en het ek daaroor afgestomp geraak. Dit is immers oorlog en dit is die vyand wat geskiet is. Dit het my later emosioneel minder gepla – dalk as gevolg van afstomping – want die doodmaak van mense  is een van daardie dinge wat tydens oorloë gebeur.

**Vraag 7.6**: *Wanneer daar so baie dood en verminking rondom jou is, is afstomping dan nie ŉ realiteit nie?*

Ek dink daar was baie meer afstomping by die gevegspanne waar die insurgent vi hulle net ŉ objek was. Mens kon dit agterkom as jy oor die radio na kontakte geluister het. Gevegsleier was baie bekommerd oor hul eie spanlede. Dit was sy eie mense, maar die vyand kry net wat hom toekom. Nou dat ek daaraan terugdink het niemand eintlik daaroor gepraat nie. Dit was net: ons het ŉ *kill* gehad en hoeveel *kills* ons gehad het, was belangrik.

**Vraag 7.7:** *Was daar ooit op die grens of daarna met julle oor die psigiese seer van oorlog gepraat of die geleentheid gebied om daaroor te praat?*

Nie waarvan ek bewus was nie. Nóg ek nóg my man was nooit by so iets betrokke nie. Die mense het maar met mekaar daaroor gepraat. Die kroeg was ŉ goeie bymekaarkomplek waar die ouens die kontak of wat ook al kon herleef. Selfs met ons terugkeer na die RSA en na die NDO was daar nie aan ontlonting gedink nie. Daar was nooit vir ons enige hulp wat ons behulpsaam kon wees om te herintegreer in ŉ situasie waar jy weer binne ŉ wetlike raamwerk kon werk en optree nie.

**Vraag 7.8:** *Hoe dink jy was die uitwerking van die Bosoorlog op die Owambolede gewees?*

Die meerderheid Koevoetlede was Ovambo’s gewees. Ek het hulle jammer gekry en dink nou nog baie aan hulle, want die Bosoorlog het dubbel en dwars sy tol van hulle geëis. Van hulle het familielede gehad wat aan die anderkant van die stryd gestaan het. Na die Bosoorlog het die Ovambo’s wat by Koevoet was aan die verkeerde kant geveg.

# BYLAE 5

**Vraag 7.9:** *Hoe het jy jou opname in die SAPD ervaar en tot watter mate kon jy jou loopbaan daarin voortsit?*

Die aanpassing was taai. Ek het op ŉ plek beland waar ek niemand op die dorp geken het nie. My Koevoetverlede sou ŉ meulsteen om my nek wees en jy kon buitendien met niemand daaroor praat nie, want jy was eintlik as die vyand gesien. Jy was eenvoudig uitgesluit. Na my man se dood was dit nog moeiliker vir my, want na ons terugkeer uit die Bosoorlog was daar ŉ merkbare verbetering in ons huweliks-verhouding en ons huwelik was goed op koers.

**Vraag 7.10:** *Hoe het jou Koevoetverlede jou bevordering in die SAPD beïnvloed*?

Dit het my verdere bevordering direk geraak. Vir twee jaar het ek vir poste aansoek gedoen en dit net nie gekry nie. Ek is wel na onderhoude genooi, maar die poste is dan aan juniors toegeken. Daarna het ek net nie weer vir poste aansoek gedoen nie. Dit was vir my baie bitter – ook die wyse waarop bevorderings toegestaan is, want dit het jou lus en jou ywer vir jou taak laat taan.

**Vraag 7.11:** *Jy het tot die besef gekom dat jou loopbaan in die SAPD gaan stagneer in soverre dit bevordering betref. Watter emosies het dit in jou losgemaak*?

Daar was totale bitterheid in my. Jy het die nuwe bedeling aanvaar, maar nou het jy gevoel jy is ŉ totale mislukking.

**Vraag 7:12:** *Hoor ek reg: Julle betrokkenheid by die Bosoorlog en spesifiek by Koevoet is in die nuwe bedeling teen julle gehou*?

Dit is so. Ons is steeds as die vyand gesien. Jou nuwe kollegas kon of wou nie teenoor jou oopmaak sodat ŉ vertrouensverhouding aangeknoop kon word nie. Ek het al ŉ senior rang beklee, maar as jy iemand ŉ opdrag gee, is jy aangekyk asof jy ŉ vreemde wese is. By implikasie is jy as dom beskou en nie hier hoort nie – so wat soek jy hier? Jy was gesien as ŉ spioen wat teen verandering maar vir apartheid was. Jy is teen wil en dank in ŉ vakkie gesit al het jy nie daarin gehoort nie.

ooOoo

## Respondent 8

**Vraag 8.1:** *Jy was as ŉ jong man op die grens. Wat was jou eerste ervaring daar*?

Op die eerste dag van my heel eerste patrollie is spore opgetel wat ons heeldag te voet moes opvolg. Toe dit skemer word kom ons op ŉ groot *shona* – ŉ groot oop stuk veld – af. Normaalweg sou die patrollie in twee verdeel en om die *shona* stap om anderkant weer bymekaar aan te sluit. Omdat dit al donker was, het die groeps-bevelvoerder ons groep van sowat veertig man aangesê om deur die *shona* te stap. Ons was halfpad deur die *shona* toe klap die skote. Dit was die eerste keer waar ek die vuurvlamme sou sien waar die vyand se gewere op ons gerig is. Twee mortiere het naby my geval. Ek was nie deur die ontploffing beseer nie, maar ek was verward en deurmekaar en my ore was bottoe. ŉ Week voor my aankoms by Koevoet is ŉ Owambo adjudant-offisier van die

Koevoetspan doodgeskiet en die groep waarby ek aangesluit het, was nog emosioneel daaroor.

**Vraag 8:2:** *Watter tipe werk het jy in die polisie gedoen voor jou koms na Koevoet*?

Ek was op die platteland geplaas waar ek ook met die dood te doen gekry het. Daar was ongelukstonele en selfmoorde en ek moes selfs die dokters met die lykskouings vir die geregtelike doodsondersoeke help. Die hantering van lyke was vir my ŉ beroepsrealiteit. By Koevoet is lyke gesien as deel van die oorwinning oor die vyand en was dit ŉ groot oorwinningsoomblik.

**Vraag 8.3:** *Het daar enige emosies by jou opgekom tydens ŉ geveg?*

Ek het nooit gehuiwer om die sneller te trek nie, want die persoon aan die anderkant met die AK sou net so graag my wou skiet. Wanneer daar lyke van insurgente was, het ek altyd gewonder: Het die oorledene die Here geken?

**Vraag 8.4:** *Wat het na ŉ kontak met julle gebeur*?

Wanneer ons na ŉ kontak in die kamp kom, skuif jy jou geloof ŉ bietjie opsy. Pleks van op jou knieë te gaan en vir die Here dankie te sê vir Sy beskerming, word die oorwinning in die kantien gevier. Drank was goedkoop en daar is baie gedrink. Ek wil iets vertel (daar is ŉ lang stilte en dit kom voor asof die respondent met iets worstel). Kort na my koms by Koevoet is ŉ insurgent gewond en moes vir ondervraging aan die ondersoekspanne oorhandig word. Talle Owambo-Koevoete was eks-PLAN manne wat die dooies kon uitken en van hulle het saam groot geword of was selfs saam in die buiteland opgelei. Ek het ervaar dat die Owambo lede wat saam met Koevoet veg die oorlog en skermutselings baie intens beleef. Vir hulle was die Bosoorlog basies teen broer en broer en vriend teen vriend. Soms het hulle ook van die gesneuweldes herken as mense wat ontvoer is en nie vrywillig in die oorlog was nie. Vroeg in my plasing by Koevoet is ŉ insurgent gewond maar hy kon nog praat. Een van die Owambo lede van Koevoet het ŉ vuurwapen in my hand gedruk en gesê ek moet klaarmaak. Ek het die bevelvoerder gevra: Wat moet ek doen? Hy het vir my gesê óf jy trek daardie sneller en hierdie ouens aanvaar jou as deel van die span, óf jy gee die vuurwapen vir hom terug, maar dan kan jy jou goed gaan pak en huis toe gaan. Ek het die sneller getrek. Dit was vir my niks anders as ŉ teregstelling nie.

**Opmerking**

[Hierdie insident verwys na morele verwonding wat krygsmanne tydens oorlog opdoen wanneer hul morele kompas beskadig word. Die respondent was in ŉ netelige posisie geplaas van óf verwerping óf aanvaarding. Dit was oorlog. Ongelukkig gebeur gruweldade aan beide kante van die stryd tydens oorlog wat later as morele verwonding manifesteer].

**Vraag 8.5:** *Wat jy my sopas vertel het, lê swaar op jou gewete. Is daar nog iets wat jou na die Bosoorlog steeds pla*?

Op ŉ stadium het die weermag ŉ klomp insypelaars doodgeskiet en die lyke na die SAP gebring vir identifikasie. ŉ Senior offisier het vir my en ŉ kollega aangesê om die tien

lyke te gaan begrawe. Omdat ons niemand kon kry om ons te help nie, moes ek en my kollega die dooies gaan begrawe. Dit was ŉ bloedigwarme dag in Ovamboland en ons is toe na die Oshakati begraafplaas waar ons die lyke moes begrawe. Ons moes self die gate grawe. In die eerste gat het ons drie lyke begrawe en toegegooi. Toe besluit ons om al sewe oorblywende lyke in een gat te begrawe. Daardie 'begrafnis' sal my altyd bybly.

In 2008 is ek terug na Oshakati. Ek het na die twee grafte gaan soek, maar kon dit nie kry nie omdat die plek sedertdien te veel verander het.

**Vraag 8.6:** *Wat het hierdie besoek aan jou gedoen*?

Talle kwelvrae het weer by my opgekom soos: Wie was die ouens? Hulle was lede van Swapo, maar hulle kom ook uit ŉ familie en iemand moes weet waar hulle begrawe is. Sou ek doodgeskiet word, sou ek wou hê dat my ma en ander familielede daaroor ingelig word.

ooOoo

**Respondent 9**

Opmerking: Respondent is ŉ Owambo spreker en die onderhoud word sover moontlik weergegee in die spreker se Afrikaans.

**Vraag 9.1:** *Jy is ŉ Owambo en was ŉ adjudant-offisier by Koevoet. Wat is die grootste seer wat jy in die Bosoorlog gekry het*?

Op Donderdagaand 24 November 1980 my pa was alleen by die huis. Swapo terroriste kom toe en vermoor my pa. Hulle het my pa buitekant gevat en hom sewe skote met die AK 47 geskiet. My pa was al oud. Die volgende dag het my pa heeldag in die son gelê. Saterdagoggend het ek saam met veiligheidslede van Oshakati by my pa se huis gekom. Ek kry my pa se lyk wat nog in die son lê.

Pastoor Cornelius Joba, die *prime minister*, het toe ŉ groep soldate gestuur om my te help om my pa te begrawe.

**Vraag 9.2:** *As die moruti wat in Ekangala, Verena, Ogies en Merlindale gewerk het, weet ek dat begrafnisse vir julle mense ŉ groot ding is. Wat is dit wat jou so seergemaak het oor jou pa se moord*?

Ek is baie seergemaak. My pa is nie ordentlik begrawe nie. Volgens ons tradisie is hy soos die vyand begrawe. Hy was niemand se vyand nie – hy was net ŉ gewone mens. Oor my pa se dood en sy begrafnis was ek binnekant stukkend, want die vyand het my pa onskuldig doodgemaak. In my tradisie is daar groot respek vir die dood. Dit is nog baie seer vir my dat my pa nie volgens ons stamgebruike begrawe is nie.

**Vraag 9.3:** *Vertel my meer van julle stamgebruike*.

As iemand sterf moet die mense volgens ons gebruike vier dae in die huis bly. Familie van sowel die pa as die ma se kant moet kom sê hoe die een wat dood is begrawe moet word. Die oorlog het gemaak dat my pa nie so begrawe kon word nie.

Niemand het ook na my pa se begrafnis gekom nie – my ma kon ook nie daar wees nie. Sy het mense gaan sê haar man is dood en mans gevra om ŉ graf te grawe, want dit is nie die werk van vroue nie. Niemand wou daarmee help nie. Met die hulp van soldate het ek die gat gegrawe.

My ma het toe by my op Oshakati kom bly, want ek wou haar beskerm.

Ek het alles – beeste, bokke en twee karre – by my pa se kraal gelos.

Ek is nog baie kwaad oor die ding wat Swapo aan my pa gedoen het. My hart is nog

baie seer oor die ding wat Swapo aan my pa gedoen het. Daar is nie medisyne om die seer in my hart reg te maak nie. Dit is verby – maar die sit nog steeds by my en my familie vas.

**Vraag 9.4**: *Sal jy my iets vertel van jou tyd by Koevoet en die Bosoorlog*?

Ek was in baie kontakte. Ek het gesien hoedat baie mense doodgeskiet word. Ek self is ook

in 1983 raakgeskiet in ŉ kontak net noord van Eenhana. Ons was op die spoor van Swapo wat ons van noord na suid gevolg het. Ons was omtrent twee uur op die spoor, maar toe lê hulle vir ons ŉ ambush (hinderlaag). Ek was die drywer van ŉ Casspir wat hulle met ŉ mortier raakgeskiet het. Die Casspir se stuurwiel is getref, my een vinger se eerste lit is afgeskiet en ek is ook in die maag getref. Die Casspir is buite aksie gestel. Ek het uiteindelik by 1 Militêre Hospitaal in Pretoria beland waar ek vir drie maande behandel is. Daar is twee dinge wat ek nie kan vergeet nie. Die eerste is my pa se dood en die tweede is my seerkry in die Bosoorlog.

**Vraag 9.5**: *Daar is seerkry wat mens kan sien – soos jou vingerpunt wat af is. Daar is ook seerkry wat mense nie kan sien nie – die seerkry wat in jou binnekant vassit. Vertel nou vir my van die seer wat jy binnekant gekry het*.

Ek het binnekant seergekry. Binnekant is die *cause* (gevolge) van soldaat wees. My brein het baie seergekry vir die werk wat ek in die Bosoorlog gedoen het, Ek is nou aggressief en is op kroniese medikasie van ŉ psigiater wat ek elke oggend en elke aand moet drink. As ek die medisyne nie gebruik nie, kan ek nie slaap nie. Ek onthou dan al daardie werk wat ek jare terug in die oorlog gedoen het.

**Vraag 9.6**: *Wat gebeur as jy nie die psigiater se pille drink nie*?

Ek het dan baie probleme. Ek soek dan niemand naby my nie, ook nie my familie nie. As ek die pille nie drink nie, is ek baie, baie, baie aggressief ... baie, baie, baie aggressief.

**Vraag 9.7**: *As jy so baie aggressief is, vir wie word jy kwaad*?

Ek (word) kwaad vir enigiemand. Ek is nog kwaad vir Swapo. Hy was my vyand en hy bly nog my vyand. Ek is kwaad vir hom ... ek is kwaad vir hom, hy is my vyand en hy bly my vyand. Ek verstaan ons moet mekaar vergewe – ek probeer dit doen, maar ek kry dit nie vir myself reg nie. Ek kry dit nie reg om my ou vyand te vergewe nie.

**Vraag 9.8**: *Waar dink jy kom die kwaad vandaan?*

Van die brein.

**Vraag 9.9:** *As jy nie in die Bosoorlog was nie, sou jy nog hierdie kwaad gehad het?*

Nee, ek sou nie hierdie kwaad gehad het nie. Hierdie kwaad hy kom af by die oorlog wat ek gedoen (aan deelgeneem) het.

**Vraag 9.10:** *Vertel my van die slegte drome wat jy droom.*

My drome is nie goeie drome nie. Soms ek droom dat ek self in ʼn doodskis is, maar dit kom nie so baie nie. Ek droom ook van die baie mense wat ek geskiet het, waar ek met die Casspir ry en na die vyand terug skiet en al daardie dinge wat ek in die oorlog gemaak het. Ek het ook nie meer normale drome nie – ek droom ook oor begrafnisse.

**Vraag 9.11**: *Wat gebeur met jou wanneer jy hierdie slegte drome droom*?

Wanneer ek wakker word, ek is natgesweet. My vrou sê ek praat baie in my slaap en ook opgewonde raak – soos in ʼn kontak – waar ek sal sê: "keer voor, keer voor ... daar is hy". Wanneer ek die drome droom, ek voel benoud asof my bors toetrek. My drom is baie dieselfde. Wanneer ek droom skree ek soms en word my vrou ook wakker. My vrou is al gewoond aan my drome, maar as dit in die nag te lank aangaan, maak sy my wakker. Ek kom nie agter dat ek in my drome skree nie, maar my vrou sê so, want dan word sy ook wakker.

**Vraag 9.12**: *Watter uitwerking (wat laat die drome jou doen) het die drome op jou*?

As ek na die droom wakker word, is ek aggressief. Dit kom soms ook in die dag oor my en dan wil ek met niemand praat nie. Ek bly net stil en dan die ander weet ook ek voel nie goed nie.

**Vraag 9.13**: *Is jy tevrede met jou lewe soos dit nou is*?

Nee, ek is nie tevrede met my lewe nie. Ek is abnormaal, ek is nie tevrede nie, want dit pla my baie. Wat my die meeste pla, is dat die drome altyd dieselfde is.

**Vraag 9:14**: Jy was al by psigiaters. Was jy al ooit by ʼn predikant daarmee?

Ek was eers by die Lutherse Kerk, maar ek is nou by die Jehovah Witnesses. Hulle het vir my gebid en gepraat, maar ek kom nie reg nie.

ooOoo

**Respondent 10**

**Vraag 10.1:** *Hoe het jy by Koevoet beland?*

Ek was een van ʼn groep hondegeleiers wat ook as spoorsnyers opgelei is. Ons is in 1983 na Ovamboland gestuur is. Dit was ʼn erge tyd op die grens. ʼn Kollega van Johannesburg

is in daardie tyd op die grens doodgeskiet. Kort daarna is nog ŉ kollega doodgeskiet en is nog ŉ kollega in die rug geskiet. My gevegsgroep was op daardie stadium ook al in ŉ hinderlaag en kontak betrokke.

**Vraag 10.2**: *Watter belewenisse en emosies het jy na jou eerste kontak ervaar*?

Die werklikheid van die dood het gou tot jou deurgedring. Die kruitreuk en vars bloed – selfs nou nog as ek ŉ *cracker* ruik en al is daar nie bloed nie bly dit steeds vir my ŉ onaangename reuk wat my onmiddellik aan daardie eerste kontak in die Bosoorlog laat terugdink.

**Vraag 10.3:** *Hoe het die Bosoorlog en jou werk as polisiebeampte binnelands jou huwelik beïnvloed*?

My huidige huwelik is my tweede. My werksomstandighede (binnelands en op die grens) het ŉ groot rol gespeel in die verbrokkeling van my eerste huwelik. Jou oproepinstruksies om vir drie maande elders diens te doen, het ŉ groot las op jou huismense geplaas. Werk wat die man normaal sou doen – soos gras sny – het op die vrou geval. Verder was die vroue alleen en bang by die huis en talle kere nie eens geweet hoe lank ons weg sou wees nie. Dit het tot geweldige frustrasies gelei en ek het al hoe meer begin drink, ook saam met my kollegas wat sou kom kuier. Dit het gemaak dat my huwelik se kanse op sukses uiters skraal was en ek blameer die polisie vir ŉ groot deel daarvan. Na my egskeiding was ek vir baie jare alleen. My eksvrou het my in elk geval kaalgat uitgetrek en ek moes weer heel voor begin.

Nadat ek op pensioen gegaan het, het ek my huidige vrou ontmoet. Ek was toe baie siek. My tweede huwelik is die beste ding wat in my lewe met my gebeur het. Ek sit nou met twee jong kinders. Ek sit ook met ŉ humeur wat ek nie altyd beteuel nie en wat dit dan soms nogal moeilik maak.

**Vraag 10.4**: *Hoe het jou Koevoetverlede jou polisie loopbaan beïnvloed*?

Ons is na die verkiesing in Suidwes-Namibië in 1989 na die RSA terugverplaas. Teen die tyd dat Eugene de Kock gearresteer is, het die vervolgingsgesag hom nie net met Vlakplaas verbind nie, maar ook met Koevoet. So is Koevoet in die gedrang gebring. Oud-Koevoetlede het stilgebly en net weggeraak, want hoe minder mense van hulle geweet het, hoe beter was dit vir hulle. Dit het vir ŉ lang ruk aangehou en mense het liefs oor hul Koevoetverlede geswyg. Jy was bang om daaroor te praat omdat daar teen jou gediskrimineer kon word en ook bang om voor die WVK te verskyn. Hoe meer De Kock se dinge op die lappe gekom het, hoe meer het die ouens begin stilbly. Dit het ons weer weggedryf van mekaar, want niemand moes weet hulle was daar nie.[68]

Talle oud-Koevoete het toe geskarrel om bymekaar te kom, want in die nuwe bedeling was ons as kriminele beskou. Dit is hoe ons dit beleef het: ek was by Koevoet, ek is ŉ krimineel. Dit was immers hoe die publiek en die owerheid ons gesien het.

[68] Navorser wil dit duidelik stel dat kol. Eugene de Kock, SKD, SOE met balk oor die Vlakplaas ondersoeke aangekla is. Hy was ŉ stigterslid van Koevoet, maar dit was nie sy dienstyd by Koevoet wat onder die vergrootglas gekom het nie.

**Vraag 10.5**: *Wat het jou aangespoor om op die grens te veg en ook in die polisie aan te bly*?

Ekself – asook talle ander polisiemanne – was aangevuur deur patriotisme. As wetstoepassers wou ons misdaad bekamp, want terrorisme was op daardie stadium as ŉ misdaad in ons land geklassifiseer. Jy wou dit doen vir die veiligheid en beskerming van jou land en al sy mense, want as geregsdienaars was dit van ons verwag om apolities te wees.

**Vraag 10.6**: *Dink jy die veiligheidsmagte uit die ou bedeling is deur die politici van hul dag in die steek gelaat*?

Sonder om name te noem was daar onder lede van die destydse veiligheidsmagte die gevoel dat ons in die steek gelaat is. Daar was ook ŉ gevoel dat ons politici in die onderhandelinge met ons eertydse vyande nie hul huiswerk na behore gedoen het nie. Mens kry die gevoel dat die ANC oor ons onderhandelaars geloop het en dat die beskerming van ons land se veiligheidsmagte nie hoog op die onderhandelings-agenda was nie. Ons opname in die nuwe bedeling is in die onderhandelinge nie in ag geneem nie. Ons was eintlik gestigmatiseer as die vark in die verhaal.

**Vraag 10.7**: *Die Koevoet Muur van Herinneringe – vertel my daarvan en wat dit vir julle beteken.*

Die KMH was ŉ geloofsaak waarvoor baie gebid is. Hier is die plek waar ek al my herinneringe weer uit die kassie kan haal. Ek glo dit beteken iets vir elke oud-Koevoet. Deur die Muur kry ons die erkenning waarna ons gesmag het maar nooit gekry het nie. Ek glo die KMH het aan hierdie mense ŉ stem gegee wat nie oor hul boservarings wou praat nie. Ons soek nie heldeverering nie. Al wat ons vra is die erkenning dat ons effektief was in die taak wat ons moes uitvoer. Deur die Muur kry ons nou daardie erkenning.

ooOoo

## Respondent 11

**Vraag 11.1**: *Wat was jou eerste gewaarwording in die Bosoorlog tydens jou heel eerste kontak*?

Ek was dom. Almal het geskiet en gejaag en tekere gegaan. Mortiere is op ons gevuur. In die kontak het ek net die pieng-pieng-pieng van die koeëls teen die Casspir gehoor. Dáár het ek besef: Hierdie is ŉ oor-en-weer-skietery en is nie speletjies nie.

**Vraag 11.2**: *Hoe het die werklikheid van die dood jou in die bos geraak*?

In die bos tob mens nie gedurig oor die dood nie. Jy besef jy is in gevaar – daarteen staar jy jou nie blind nie – maar jy weet ook hier is jy saam met jou *buddies* en enigiets kan enige tyd met enigeen van julle gebeur. As doodsgedagtes jou sou oorweldig, sal jy kop verloor en nie in staat wees om jou werk te doen nie.

Met verloop van tyd het jy al hoe meer met die dood in aanraking gekom – hetsy in die veld maar ook in die basis. As jy in die basis was, sou jy hoor as jou *buddies* in die veld ŉ kontak geslaan het en hoeveel mense is dood. Dit was nie net die veiligheidsmagte en die terrs wat mense aan die dood afgestaan het nie – daar was ook burgerlikes van alle rassegroepe wat deur die oorlog met die dood in aanraking gekom het.

**Vraag 11.3**: *Het die dood van mense – hetsy jou eie of die vyand – enige emosionele uitwerking op jou gehad*?

Om eerlik te wees – vir die vyand wat gedood is, het ek absoluut niks gevoel nie. Ek kan nie sê ek was ooit geskok oor iemand aan die anderkant wat stukkend geskiet is nie, maar as dit een van jou eie is, dan het dit aan jou geraak. In gevegsituasies teen die vyand was dit anders, want dit was óf ek óf hy en jy was bly as dit hy was en nie jy nie.

**Vraag 11.4**: *Hoe het ontlonting in die Bosoorlog gebeur*?

Daar was geen ontlonting of berading nie. Jy het maar terug in die basis saam met jou *buddies* in die kantien ŉ paar doppe gevat en oor die verlede gelag en gehuil. Die ontlonting het maar in die kantien plaasgevind.

**Vraag 11.5**: *Jy is in die Bosoorlog erg verwond. Is jy bereid om met my daaroor te praat*?

Daar is nie fout nie. Ek is bereid om daaroor te praat.

**Vraag 11.6**: *Vertel my wat gebeur het.*

Ons het ses of sewe insypelaars gejaag wie se spore ons opgetel het. Ek weet nie eens watter dag van die week dit was nie. Ons het die nag op die spoor geslaap. Die volgende oggend (16 Julie) – dit was vrek koud want dit was winter – het ons weer op die spoor gespring. Omdat dit gedou het, was dit maklik om die insypelaars se spoor te volg. Ek het die booswig gesien wat op my geskiet het. Die Casspir se drywer het weggedraai sodat die ander karre kon inbeweeg, maar toe skiet die terr met ŉ RPG 7 op die kar waarin ek was. Toe hy skiet was my been dadelik onder my uit en ek het agteroor geval. Sy been het net aan ŉ stukkie toiing gehang. Ek het my been oor my skouer gegooi sodat hulle my kon uitdra. [*Daar is ŉ emosionele stilte van dertig sekondes*]

Ek is na Ondangwa gevlieg waar my been afgesit is. My been was in sy moer in. In die bos word daar nie elke dag gebad nie en toe die mense my afbeen hanteer het ek gedink: Wat gaan die mense nou sê? Hierdie voet van my ruik nie baie lekker nie.

In die bos het ek al geweet ek het my been verloor en sou nooit weer daarop kan trap nie [Hierdie gedeelte is met diep emosie vertel. Navorser aan respondent: Ek sien die verlies van jou been maak baie emosies by jou los. Kan ons aangaan met die gesprek of wil jy dit eers hier laat?]

**Vraag 11.7**: *Was die Bosoorlog vir jou die moeite werd*?

Ja – dit was die moeite werd tot op daardie stadium wat die vyand my geskiet het. Dit was van die beter tye van my lewe, maar die verlies van my been het my lewe ingrypend verander – daarna het my lewe heeltemal verander [emosies slaan nog sterk deur].

**Vraag 11.8**: *Hoe het die verlies van jou been jou nie net fisies nie, maar ook psigies verwond*?

Dit is ŉ moeilike vraag ... dit is ŉ moeilike vraag. Eintlik is dit ŉ moeilike antwoord. Daar is natuurlik beter dae en slegter dae, maar die slegter dae is psigies sleg ... in kort, ek *cope* nie lekker nie.

**Vraag 11.9**: *Was jy ooit by ŉ psigiater of ŉ sielkundige gewees*?

Ja, toe ek medies afgegaan het, het die polisie my na dié mense gestuur en ek was ook ŉ ruk in Vista, maar die psigiaters en sielkundiges het nie eintlik vir my iets beteken nie. Ek .... ek kon netsowel nie gegaan het nie [Respondent raak weer erg emosioneel].

**Vraag 11.10**: *Ek verstaan jy het ook probleme met die Namibiese Ongevalle-kommissaris. Wat is dit wat jou hieroor so ontstel*?

Met Koevoet se ontbinding het die SA Polisie ons ŉ keuse gegee. Ons sou in die SAP opgeneem word met die rang waarin jy is met al jou diensvoorwaardes, maar dit was Namibië se verantwoordelikheid om my te betaal vir die besering wat ek daar opgedoen het – dit is nie Suid-Afrika se verantwoordelikheid nie. Die NOK het net besluit hulle stop nou die fooi wat hulle my elke maand gee. So vyf jaar gelede het hulle die betaling gestop wat so R800-00 plus per maand was. Die voortgesette uitbetaling van die ongeskiktheidstoelae is vir my ŉ beginselsaak. Hy kan nie nou besluit om dit te staak net omdat ek eers die vyand was en nou is hy (NOK) die *chief-in-charge* en nou die reëls na willekeur verander nie. Wat vir die een geld, geld ook vir die ander een.

Die optrede van die NOK veroorsaak net nog ŉ stuk seer in my, want dit is vernederend. Ek beleef dit as nog ŉ keer ŉ stokkie vat en die rofie afkrap net om my te wys wat kan hy doen. Ja, dit pla my, dit hinder. Jy voel magteloos teenoor die instansie wat nou veronderstel is om na jou om te sien nadat jy bereid was om jou lewe op die spel te plaas ter verdediging van jou land.

ooOoo

## Respondent 12

**Vraag 12.1**: *Jy het as agtienjarige in 1984 by Koevoet beland en tot 1989 daar gebly. Wat onthou jy uit daardie tyd van jou loopbaan by Koevoet*?

Ek het as ŉ stukkende mens by Koevoet aangekom, maar daar het ek ŉ harde mense geword. Dit was nie deur Koevoet se toedoen nie, maar omdat daar ŉ swak ouer-kind-verhouding tussen my en sy pa was.

**Vraag 12.2**: *Wil jy my meer hiervan vertel?*

Ek kom uit ŉ huis waar my pa erg by die werk gedrink het. Wanneer hy tuiskom het hy my ma aangerand en ek het maar altyd probeer keer, Soos ek groter geword het, het die keer erger geraak. Toe ek ŉ klein jong mannetjie was, is ek uit die pad gestamp, maar toe ek begin groter word, was dit nie vir my pa so maklik om my uit die pad te stamp

nie. Hy wou eendag my ma met ŉ sambok slaan toe spring ek tussenbyde en toe slaan hy my met die sambok. My ouers het vir berading gegaan en hulle het besluit om ŉ nuwe blaaitjie om te slaan. Dit het vir ŉ jaar of twee goed gegaan totdat my pa weer erg begin drink het en het die aanrandings op my ma weer plaasgevind. In my het ŉ haat ontstaan. Ek het my voorgeneem om wanneer ek eendag groot is my pa te foeter. Op skool het ek ook begin rebels raak. Aan die einde van my skoolloopbaan is ek Koevoet toe.

**Vraag 12.3**: *In hoeveel kontakte was jy betrokke*?

In sowat 89 kontakte. My eerste kontak was traumaties want ŉ Koevoetlid is toe geskiet. Die daaropvolgende kontakte was makliker – ek dink ek het hard geword. Later het ek afgestomp geraak en ek het nie omgegee of ek geskiet word nie.

**Vraag 12.4**: *Koevoet is soms gestigmatiseer as moordenaars en huursoldate. Hoe het dit jou as persoon geraak*?

Wanneer ek in die Republiek was, het ek nie kom adverteer dat ek verbonde was aan Koevoet nie. Sou ek na my werk gevra word, was die antwoord dat ek ŉ polisieman op Oshakati was – en dit was ons inderdaad – polisiemanne wat vir ŉ spesifieke taak afgedeel was. Oor my lewe by Koevoet wou ek nie praat nie en wou nooit uitbrei oor my werk nie.

Dit het my ŉ stil mens gemaak. Ek het maar ingehou oor wat ek beleef het en dit vir myself gehou.

**Vraag 12.5**: *Het daar goed by Koevoet gebeur wat aan jou menswees verander het?*

Ons het baie traumatiese gevalle gehad – verskillende kontakte en waar elke kontak verskil. Die mees traumatiese gevalle was die dinge wat ons in Koevoet moes doen wat oneties en onmenslik was. Dit is die dinge wat ek nie kon verwerk nie en ek kon ook nie daarmee saamleef en wat my binne doodgemaak het. Ek kon myself nie vergewe vir wat ek moes doen nie, want die opdrag was gegee maar ek het die sneller getrek. Kon ek dit verhoed? Ja, ek kon maar dit sou teen ŉ prys wees.

**Vraag 12.6**: *Onetiese goed is nie vreemd aan oorlog nie. Tot watter mate het die onetiese vir jou begin pla veral nadat jy van Koevoet na die RSA teruggekeer het?*

Ek wou nie verhoudings aangaan nie, want ek het gevoel ek is ŉ lopende tydbom. Ek het slapelose nagte gehad ... ek het in my slaap rondgeloop ... en op die ouderdom van drie-en-twintig het ek my bed natgemaak nadat ek by Koevoet klaargemaak het. Ek het nagmerries gehad en my eetgewoontes was absoluut deurmekaar. Om van die dinge ontslae te raak wat my gepla en in my kop rondgemaal het, het ek begin *gym* en hard geoefen.

Oor die onetiese dinge wat ons gedoen het kon ek nie met myself vrede maak nie en ek het geworstel om vrede te vind en aan te gaan met my lewe. Ek het op die punt gekom waar ek ŉ einde aan my lewe wou maak. Ek wou myself vernietig en het gedink ek sal gaan ry en kyk na iets soos in ŉ muur vasry, of op ŉ treinspoor te gaan staan of om myself te vergas.

In die vroeë oggendure wat ek 'n einde aan my lewe wou maak, het ek eers by 'n kroeg klaar gedrink en wou daarna deurry na die casino om my laaste paar rand daar verder te gaan uitdrink en dobbel. Ek wou 'n einde aan my lewe maak. Ek het op die snelweg gery en op pad na die casino op die linkerkant sien ek 'n lig. Toe ek nader ry sien ek die lig is in die vorm van 'n kruis. Ek het by die kruis stilgehou en toe tot die besef gekom dat ek in my lewe deur al hierdie dinge gegaan en gedoen het, maar nooit het ek op my knieë gegaan en met die Here oor my probleme gepraat nie. In die oorlog het ek baie opskietgebede gedoen, maar daardie aand by die kruis kon ek met die Here praat en vir Hom om vergifnis vra dat ek nooit in die eerste plek na Hom toe gegaan het met my probleme nie. Ek het huis toe gery en ja – die Here het my lewe verander; die Here het daardie oggend my lewe omgekeer – totaal en al.

ooOoo

**Respondent 13**

**Agtergrond:** Respondent was vanaf 1983 tot die Eenheid se sluiting by Koevoet en was in ongeveer dertig kontakte. Hy het as 'n adjudant-offisier by Koevoet begin en is ook tydens sy dienstyd daar getroud. Hy is na offisiersrang (luitenant) bevorder nadat hy sy polisie eksamens na daardie rang geslaag het. Sy vrou het by hom in Ovamboland aangesluit. Sy eerste drie jaar by Koevoet was hy operasioneel. Hy is daarna administratief by die motorhawe geplaas. Hy was gemoeid met die herwinning van voertuie wat landmyne afgetrap het. Hy was steeds by een van die spanne as hulp geplaas. Respondent was in sowat dertig kontakte betrokke.

**Vraag 13.1:** *Hoe het jou Koevoetbetrokkenheid jou loopbaan in die SAPD na 1994 geraak*?

Ek het baie respek ontvang van blanke kollegas wat geweet het ek was by Koevoet, maar dit was vir my 'n aanpassing om weer by 'n polisiestasie te werk. Ek was tweede-in-bevel by die polisiestasie en moes nagte deurwerk om weer *op standaard* te kom.

**Vraag 13.2:** *Jy was in ongeveer 30 kontakte op die grens. Hoe het dit jou as mens geraak*?

As jy elke dag of dikwels met die dood te doen kry, raak jy soos iemand wat in 'n lykshuis werk – jy raak afgestomp vir die dood. Om in die bos en in kontak situasies te oorleef, skuif jy jou emosies weg van die situasie af in 'n poging om te oorleef.

**Vraag 13.3:** *Skynbaar was daar op die grens nooit enige ontlonting nie. Hoe het julle jul emosies oor die geweld en grusaamheid van oorlog verwerk?*

Ek dink sommiges het drank misbruik of dan meer drank gebruik om oor hul emosies te kom, terwyl ander hulle weer sou onttrek om nie met sekere mense geassosieer te wees nie. Ek dink die meeste mense het hulle maar oorgegee aan drank om hul emosies te verwerk terwyl ander weer kerk toe sou gaan. Ons is gereeld deur kapelane besoek wat vir ons beskikbaar was as ons sou wou praat, maar ek dink polisiemanne sou nooit uit vrye wil met kapelane praat en 'n probleem erken of dat jy hulp nodig het nie. Ek dink die persepsie is geskep dat sou jy oor jou probleme praat, is jy nie 'n goeie soldaat nie

want jy kan nie die oorlogsituasie verwerk nie. Jou diepere emosies is eintlik weggesteek tussen kameraderie en drank – dit is hoe dit hanteer is.

**Vraag 13.4:** *Is daar enige vrae wat steeds na die Bosoorlog by jou opkom?*

Daar is twee vrae wat na die Bosoorlog by my opkom:

(1) Het die destydse regering en die politici ons nie mislei om vir Suid-Afrika te beveilig nie, maar dat daar ander motiewe was waarvan ons nie geweet het nie?
(2) Het die oorlog ooit 'n doel gehad? Almal het van die kommuniste gepraat, maar tussen die kommuniste wat ons gevang het, was daar ook Christene

**Vraag 13.5:** *By talle insurgente het julle Bybels gekry. Het die vraag ooit by jou opgekom aan wie se kant is God nou eintlik?*

Daardie vraag het by my opgekom, want dit was duidelik: Die Bybels was nie ornamente nie, 'n mens kon sien die Bybels was gelees. Die Bybels was onderstreep en ons vyande wat mense net soos ons. Hulle het ook foto's van hul families en ander goed by hulle gehad. Net soos ons was hulle soldate wat vir 'n politieke ideologie en geloofsoortuiging geveg het. Ook uit die Bybel sien ons dat oorlog altyd daar sal wees. Om enige oorlog te regverdig, bly maar 'n moeilike saak.

**Vraag 13.6:** *Watter professionele hulp het julle na die oorlog gekry om julle oorlogservaringe te verwerk*?

Na die oorlog is ons net uitgeplaas na polisiestasies. Daar was geen spesiale saamtrekke waar oud-Koevoete weer bymekaar geroep was met die doel vir ontlonting of 'n program daar te stel om met moontlike psigiese letsels te help of op te los nie. Ons was heeltemal aan ons eie lot oorgelaat waar elkeen sy eie heil moes uitwerk om oor sy/haar trauma te kom.

**Vraag 13.7:** *Jy het vrede gemaak met jou oorlogsbetrokkenheid tydens die Bosoorlog. Hoe het jy dit reggekry?*

Dit gaan alles oor my geloof in die Drie-enige God. My Christenskap het my gehelp om daar deur te kom. Tydens die oorlog het daar goed gebeur wat eie aan oorlog is. Jy het mense doodgemaak. Jy het dalk mense wederregtelik doodgemaak. Jy het mede-Christene doodgemaak wat net soos jy ook gelowiges in Christus was. Jy kan net oor hierdie dinge kom as jy as gelowige dit in die oë kyk en dan as gelowige die begrip *vergifnis* verstaan. Oor vergifnis moet daar geen twyfel wees waaroor jy kort-kort loop en tob nie. Jy kan nie gesond word as jy twyfel aan die Here wat groter en sterker as jy is nie.

**Vraag 13.8:** *Daar was sielkundiges, maatskaplike werkers en kapelane in die Suid-Afrikaanse Polisie. Waarom was julle huiwerig om van hierdie dienste gebruik te maak?*

In die SA Polisie was personeellede bra skepties om van hierdie mense se dienste gebruik te maak, want reg of verkeerd was daar 'n persepsie dat gebruikmaking van hierdie dienste jou bevordering kon benadeel. Na 1994 het die vertroue in hierdie

dienste verder getaan. Anderskleuriges is nou in hierdie poste aangestel en jy is die voorreg ontneem om in jou taal jou probleem uit te druk.

ooOoo

**Respondent 14**

**Vraag 14.1:** *Hoe lank was jy by Koevoet?*

Ek was in die negentien tagtigs twee jaar by Koevoet en in ongeveer twintig kontakte betrokke. Ek is nie seker hoeveel van ons eie mense en van die vyand is in daardie tyd gedood nie, want dit was goed wat deurlopend gebeur het. Die dood van die vyand was nie vir my ŉ *issue* nie – dit het nie werklik ŉ impak op my gehad nie, maar vandag het ek ŉ ander perspektief daaroor. Ook die dood van ŉ makker was nie vir my traumaties nie, want ek kon myself apaties hou.

**Vraag 14.2:** *Hoe het julle na ŉ kontak ontlont*?

Die kroeg was die plek vir ontlonting en waar jou berading vandaan gekom het.

**Vraag 14.3:** *Na jou tydperk by Koevoet is jy na die RSA teruggeplaas. Hoe het dit jou situasie verander*?

Binnelands was dit maar basies ŉ verlengstuk van wat op die grens gebeur het. My taak was primêr die opruiming en skadeloosstelling van bomme. Ek was weer in ŉ posisie waar jy bykans daagliks met dood en verminking rondom jou te doen gekry het. Die dood was net nog iets.

**Vraag 14.3:** *Op die grens en binnelands het jy soveel kere met die dood te doen gekry Het dit jou afgestomp vir die dood*?

Vir seker het dit. Dood het nie saak gemaak nie. Dit was net iets wat gebeur het.

**Vraag 14.4:** *Het jy ooit enige terugflitse gekry van kontakte of bom tonele waarby jy betrokke was*?

Nie wat ek kan onthou nie. Ek het baie daaroor gedink, maar dit het my nie onverhoeds betrap nie. Ek het nie nagmerries gekry nie.

**Vraag 14.5:** *As jy wel daaraan terugdink, maak dit enige gevoelens of gewaar-wordings in jou los?*

Nee. Wat ons op daardie stadium van ons lewens gedoen het en die manier waarop dit gedoen is, het vir my reg gevoel.

**Vraag 14.6:** *Hoe het dit in jou huwelik gegaan?*

Pateties. My huwelik het nie gewerk nie. Een van die hoofredes was maar my misbruik van alkohol. My vrou was bewus van die tipe werk wat ek gedoen het en dit het nie haar goedkeuring weggedra nie. So in die huwelik was daar altyd konflik wat deur die drank aangeblaas is.

# BYLAE 5

**Vraag 14.7:** *Het jou huwelik begin krake toon as gevolg van jou werk en jou drankmisbruik?*

Dit het my huwelik in so ŉ mate geraak dat ons geskei is. Sy het ŉ paar keer voor die egskeiding my gelos en na haar ouers teruggegaan, weer teruggekom. Ons is toe geskei, maar het weer met mekaar getrou. Ons twee huwelike saam was ses-en-twintig jaar. Sy is uiteindelik aan borskanker oorlede.

**Vraag 14:8:** *Jou vrou was ŉ siek mens. Watter impak het haar siektetoestand – wat oor jare gekom het – op jou lewe gemaak na haar dood?*

Aanvanklik het dit geen impak gemaak nie. Ek en my kinders – wat toe nog op skool was – het ons lewens rondom haar ingerig. Toe sy bedlêend was, het dit ŉ bietjie moeiliker geraak. Ek het my werk gelos en haar tot en met haar dood versorg. Omdat sy baie pyn moes verduur en gely het, was haar dood eintlik ŉ verligting. Dit was basie moeilik vir haar en ons rondom haar want dit was nie *nice* om te sien nie. Ek en sy het baie oor die dood en oor haar dood gepraat. Voor haar dood kon ons ook alle *issues* uitsorteer.

**Vraag 14.9:** *Jy en jou kinders het ŉ geweldige taak op julle geneem met die versorging van jou vrou. Wat het veral vir jou die krag daartoe gegee?*

Na ons tweede troue was dit maar dieselfde drama in ons huwelik. So na ŉ jaar in die tweede huwelik het ek en my vrou albei tot bekering gekom en alles het toe radikaal verander. Die Here was as derde party nou in ons huwelik teenwoordig. Dit het met ons beter gegaan, maar daar was baie werk wat ons aan ons huwelik moes doen. Bekering beteken nie alles is nou *fine* nie. Elkeen van die huweliksmaats moet binne die huwelik hulle kant ook bring. Ons bekering het alles verander – ons hele huwelik het vir seker ten goede verander.

**Vraag 14.10:** *Jy het die wonderlike ervaring gehad om die Christus die Here van jou lewe te maak. Dit het ŉ verskil in jou huwelikslewe gebring. As jy terugdink na die Bosoorlog sou dit daar ook ŉ verskil aan jou gemaak het?*

Tydens die Bosoorlog het ek die Here glad nie geken nie. Hy was nie my God nie en ek het ook nie tot Hom gebid nie. Tog het daar na die oorlog vrae by my opgekom: Aan wie se kant was God nou eintlik? Aan ons kant of aan die kant van die vyand? Was daar dalk van die sogenaamde terroriste ook gelowiges wat tot die Here gebid het? Alle mense is deur God geskape en elkeen het die reg op lewe en elkeen kan gered word.

**Vraag 14.11:** *Oorlog bly oorlog al is daar reëls waarvolgens oorlog gevoer moet word. In alle oorloë wêreldwyd gebeur daar gruweldade. Wat was jou ervaring rondom dit gewees?*

Dit is heeltemal waar. Binne ŉ kontaksituasie – binne ŉ geveg – kom mens in ŉ ander *mode* (gedragspatroon) van bloeddorstigheid waar die moontlikheid bestaan dat kriminele dade gepleeg kan word. Dit word dan maklik om iemand wat verwond is tereg te stel terwyl die moontlikheid bestaan dat daardie persoon wel sou kon oorleef. Binne hierdie gedragspatroon van bloeddorstigheid is dit moontlik dat mense tot die dood toe

gemartel word. Daar word dan vir seker nie volgens die reëls van oorlogvoering opgetree nie. Hierdie tipe optrede kan by beide partye tot die stryd na vore kom.

**Vraag 14.12:** *Hoe dink jy sou jou nuwe menswees in Christus jou oorlogsoptredes verander het?*

Ek sou vir seker deur ŉ ander bril en vanuit ŉ ander perspektief na oorlogsoptredes gekyk het. Ek sou tot die besef gekom het dat ons almal net mense is en bly – ongeag of jy ŉ sogenaamde terroris of vryheidsvegter is, en ongeag jou kleur en geloof en die politieke sisteem waaraan jy glo. Voor my bekering het hierdie wandade reg gevoel. Sou ek tot bekering gekom het voordat ek oorlog toe is, sou ek dit nie toegelaat het nie en sou dit heeltemal anders hanteer het volgens die reëls van oorlogvoering.

[Wat die respondent hierin beskryf, is ŉ tipiese voorbeeld van morele verwonding waar krygers se etiese kompas beskadig is.]

**Vraag 14:13:** *Tot watter mate het jou bekering – jou toekeer tot God – en die aanvaarding van Sy genade aanbod in Christus vir jou ŉ vry mens gemaak*?

Na my aanvaarding van vergifnis in Jesus as my Verlosser kon ek my hele sondige verlede afskud en in ŉ nuwe verhouding met God as my Vader staan. Ek is en kan nou as ŉ vry mens leef waar ek staatmaak op die leiding van die God se Heilige Gees.

ooOoo

**Respondent 15**

**Vraag 15.1**: *Hoe het jy by Koevoet beland*?

Ek het in 1987 aansoek gedoen om na Koevoet te gaan. Ek is nie daarheen verplaas nie.

**Vraag 15.2**: *Wat was jou beweegredes daarvoor*?

Ek het in die Gereformeerde Kerk binne die Afrikanerkultuur grootgeword waar lojaliteit aan jou land, jou volk en jou God nie sondermeer bevraagteken word nie, want dit was jou alles. My besluit om by die polisie aan te sluit is hierdeur beïnvloed. My broer was Weermag toe en het saam met die Pantser korps diens in Angola gedoen. My suster was ook ŉ lid van die SA Polisie. Ek het geweet daar is ŉ oorlog aan die gang en ek wou net my land gaan dien waar ek dit die beste kon doen. Dit is die agtergrond van my besluit om by die polisie aan te sluit.

**Vraag 15.3**: *Hoe het die politieke skikking vir jou as Afrikanerseun én as oud-Koevoet geraak*?

Ek dink lede van die veiligheidsmagte in die breë het geglo in die integriteit van ons politieke meesters om toe te sien dat die Afrikanervolk – asook die Grieke, Portugese en Engelse saam met die inheemse volke se regte beskerm sou word. Na my mening het dit nie gebeur nie en het die Boere-Afrikaner hul soewereiniteit verloor.

# BYLAE 5

**Vraag 15.4**: *Jy was ook betrokke by die NDO (1-9 April 1989. Hoe het daardie oorlog jou geraak*?

Volgens die ooreenkoms was ons beperk tot ons basisse en het in die dorpe basiese polisiedienste soos patrollies met gewone voertuie uitgevoer. Behalwe ons R5-gewere en pistole het ons geen ander wapens gehad nie. Toe dit rugbaar word dat Swapo-soldate vanuit Angola Namibië insypel, het ons opdrag gekry om ons weer te bewapen en die Casspirs rybaar en gevegsgereed gekry. Ons het wapentuig gekry en ek was getaak met die nagaan en opskryf van alle wapens wat aan ons manne uitgereik is. Die ouens wat uitgegaan het, het hul eerste kontakte geslaan. Ek is ook uitgevlieg om by my span aan te sluit. Dit was oorlog en daardie hele gebied was een groot oorlogsone gewees. Dit was ŉ groot infiltrasie van Swapo om vir Sam Nujoma die Kakaoveld te beset en die oorlog te wen. Nojoma wou bewys dat hy gewen het, want Swapo het nog nooit enige militêre oorwinning behaal nie. In die NDO is ons wonderlik bygestaan deur die SALM se *gunship* helikopters. As dit nie daarvoor was nie, was ek in alle waarskynlikheid nie vandag hier nie. Die vyand het ons in ŉ dodeakker ingelei.

**Vraag 15.5**: *Wat het na die NDO met Koevoete gebeur*?

Ons is teruggeplaas na die RSA en is na polisiestasies uitgeplaas. Ek glo nie ons was reg om dadelik weer vir normale polisiëring aangewend te word nie. Talle ouens het in die moeilikheid beland as gevolg van klagtes en moeilikhede met die offisiere. Ek dink daar was ŉ algemene gevoel onder ons oud-Koevoete dat die burgerlikes én polisiemanne geen begrip gehad het oor wat ons in die Bosoorlog gedoen het nie. Die Bosoorlog het op baie van ons morele en emosionele letsels gelaat, want ons was bereid om opofferings vir ons land te maak toe ons geglo het ons land het ons nodig. Ons het onder primitiewe omstandighede oorleef. Ons is direk na die Bosoorlog eenvoudig die land vol verplaas. Vir talle was die aanpassing net te groot. Ons was ook daaraan gewoond om as ŉ eenheid saamgesnoer te wees. Ek dink die manier waarop ons na die Bosoorlog hanteer en uitgeplaas is, was hoogs onverantwoordelik gewees. Van die ouens wat uit die polisie padgegee het, kon ook nêrens anders inpas nie. Ek glo sommige oud-Koevoete het die klits heeltemal kwytgeraak en swerwers of boemelaars geword. Wanneer jy tussen jou ou makkers makeer, hoor jy van oud-lede wat net moed verloor het, want ons het na ŉ vreemde land teuggekeer waar ons opoffering totaal geïgnoreer is en jy steeds as die 'vyand' of selfs as die skuim van die aardebeskou is. Ek dink in sommige oorde is ons as slegter as die Duitse Nazi's gesien is.

**Vraag 15.6**: *Dink jy die destydse VM (weermag en polisie) is deur die destydse politici in die steek gelaat*?

Dit was ŉ geval van óf stop die oorlog óf gaan daarmee aan. Niemand wou hê dat die oorlog moet voortgaan nie, maar ek dink tydens die onderhandelingsproses is die VM in die steek gelaat waar hulle soos vreemdelinge in hul eie land gevoel het. Sommiges het op vervroegde pensioen gegaan en van hulle het bankrot geraak omdat hulle die besigheidmilieu betree het waarvoor hulle nie opgelei was nie.

**Vraag 15.7**: *As jy nou sê daar was nie goed met Koevoete geskakel nie – was dit van die polisie of die politici se kant af*?

Ek dink dit was van beide kante af. Dalk het die polisie en die politici gehoop dat die proses goed sou verloop. Dalk was daar onder die Koevoete die verwagting om in die polisie te bly en dat daar ook bevorderings sou wees, maar dit het nie so uitgewerk nie, want daar was ŉ doelbewuste poging om die hele staatsdiens se demografie totaal te verander

**Vraag 15.8**: *Oorlog was nog vars in julle geheue. Talle van julle het dalk aan posttraumatiese stres gely. Tot watter mate dink jy het dit julle aanpasbaarheid in die nuwe milieu beïnvloed*?

Die moontlikheid was groot dat jy op polisiestasies sou beland waar bevelvoerders net nie jou postraumatiese stres kon begryp nie. Jy het ook op jou nuwe standplaas opgedaag waar die ander polisiebeamptes alreeds geweet het jy is ŉ oud-Koevoet en waar talle die idee kon kry *'hierdie ou is van sy kop af'*. Talle oud-Koevoete het probleme by hul nuwe standplase opgetel. Hulle was lank by Koevoet. Sonder enige terapeutiese ingrepe is Koevoete uitgeplaas en moes eenvoudig by gewonde polisiëring inval waar nuwe voorskrifte vir hulle vreemd was. Talle Koevoete kon nie daarby aanpas nie.

**Vraag 15.9**: *Tot watter mate het julle gevoel daar word teen julle gediskrimineer vanweë julle Koevoetbetrokkenheid?*

Ek was net sowat twee jaar by Koevoet en vir my was die oorskakeling na gewone polisiëring nie so erg nie, maar dit moes erg gewees het vir die ouer Koevoete was as konstabels (blankes en Ovambo's) op die grens spanleiers van gevegspanne was. Nou was daar ook nie juis vir hulle bevordering nie. Volgens my mening was daar nie na hulle omgesien nie. Op ŉ stadium is daar by Rooiberg ŉ ander eenheid vir oud-Koevoet Owambolede gestig, maar die nuwe regering het dit tot niet gemaak. Ook hulle is as gewone polisiebeamptes na polisiestasies verplaas, maar kon ook nie aanpas nie en is uiteindelik op mediese gronde ontslaan. Ek glo nie hulle kon daardie sielkundige oorbrugging maak van soldaat na polisiebeampte nie.

**Vraag 15.10**: *Watter mediese of sielkundige nagevolge het jy van die Bosoorlog oorgehou*?

Ek kry gereeld terugflitse en as ek dan wakker word, kry ek ŉ angsaanval. Die medikasie wat ek daarvoor gebruik is ontsettend verslawend en ek moet versigtig wees hoe ek dit gebruik.

Ek gebruik die medikasie net wanneer ek absoluut voel nou wil ek selfmoord pleeg. Ek gebruik dan die medikasie en gaan in gebed en hou vas aan my geloof en die dinge wat mense en die polisie my nie kan ontneem nie. [*Hierdie mededeling word met drif deur die respondent gesê*]

Dit is al waaraan ek kan vashou asook my ma en familie wat my so goed ondersteun. Ek het daarin ŉ geweldige ondersteuningsmeganisme. Ek dink al die vriende wat selfmoord gepleeg en wat dood is, het ook ŉ uitwerking op my gehad. Dalk het hulle nie die ondersteuningsbasis gehad wat ek het nie. Tot watter mate het hul betrokkenheid in die

Bosoorlog hiertoe bygedra? Dit is ’n vraag wat ek myself dikwels afvra. As hulle voel soos wat ek baie kere voel, kan ek hulle nie verkwalik nie.

ooOoo

# BYLAE 6

## VOORBEELD VAN OPENINGSGEBED
## DEUR PASTORALE BEGELEIER

Here Jesus,
ons word nou stil voor U.
U ken ons deur en deur en ons is dankbaar –
ja, U ken ons beter as wat ons onsself ken.

Ons het nou U hulp nodig
want ons weet nie altyd hoe om te bid nie,
maar juis in hierdie oomblik hou ons aan u Woord vas
omdat U juis in sulke tye u Gees stuur
om in ons harte in te kom sodat U lewendmakende Gees
in en deur ons kan bid
en al weet ons nie wat om te sê nie
is dit U wat ons sugte, ons swaarkry, en ons pyn
in gebede verander en ons vra dat U dit nou sal doen;
kom in (beradene se naam) se hart in en bid vir hom.

Gee hom die woorde om te bid
terwyl U in hom die gevoelens wakkermaak
wat hy moet herleef.

Here Jesus, ek bring nou voor U
(beradene se naam)
wat met U wil praat
oor die dinge wat hom baie hartseer veroorsaak het.

Ek weet U gaan luister, daarom bring ek na U
(beradene se naam)

Praat nou met Jesus en vertel Hom wat lê so swaar op jou hart.

Bron: Seamands, D.A . 2001. Healing of Memories, p. 142

## BYLAE 7

## TUTU SE KLIPRITUEEL

## DIE BELANGRIKE VRAAG:

**WAAROM VERGIFNIS GEE?**

- Vergifnis is goed vir ons gesondheid.
- Vergifnis bied aan ons vryheid van ons verlede, van die dader en van toekomstige viktimisasie.
- Vergifnis genees gesinne en gemeenskappe.
- Ons vergewe sodat ons nie liggaamlik of geestelik lei onder die vernietigende gevolge deur aan woede en haatdraendheid vas te klou nie.
- Alle mense is aan mekaar verbind en het derhalwe ŉ gedeelde mensheid.
- Vergifnis is ŉ geskenk wat ons aan onsself gee.

Bron: Tutu & Tutu (2014:27)

**6.1 Dra die klip**

1. Jy benodig ŉ klip wat in jou handpalm sal pas.
2. Vir die tydsduur van een oggend – ongeveer ses ure – moet die klip in die nie-dominante hand vasgehou word. Gedurende daardie tyd mag die klip om geen rede losgelaat word nie.
3. Doen aan die einde van die ses ure die joernaal oefening.

Bron: Tutu & Tutu (2014:29)

**Joernaal oefening**

1. Wat het jy opgemerk tydens die dra van die klip?
2. Wanneer het jy dit die meeste agtergekom?
3. Het dit enige van jou aktiwiteite in die wiele gery?
4. Was die klip ooit bruikbaar?
5. Op welke maniere was die dra van die klip soos die dra van ŉ onvergewe seerkry?
6. Maak ŉ lys van die mense in jou lewe wat jy moet vergewe.
7. Maak nog ŉ lys van al diegene wat jy graag sou wou hê dat hulle jou vergewe.

Bron: Tutu & Tutu (2014: *ibid.*)

# BYLAE 7

## 6.2 Naspeur van die mites

1. Neem jou klip. Plaas dit op ŉ bladsy in jou joernaal en trek dit af
2. Maak vyf natrektekeninge van jou klip.
3. Skryf binne elke natrekking een ding wat vergifnis nie is nie:
   a. swakheid
   b. onreg
   c. vergeet
   d. maklik
   e. vinnig
4. Dink na oor elkeen van hierdie mites oor vergifnis. Herroep ŉ geval waar daardie mite ŉ struikelblok vir jou was om vergifnis te gee.

Bron: Tutu & Tutu (2014:42)

## Joernaal oefening

Vergifnis is ŉ proses van loslating

1. Dink na oor die goed wat jy moet opgee of laat vaar ten einde te kan vergewe.
2. Die lys mag goed insluit soos die reg op vergelding of die verwagting van ŉ apologie. Dit mag ook die opgee van ŉ verwagting insluit dat die persoon wat jou seergemaak het nie die pyn sal verstaan wat veroorsaak is nie.
3. Soos jy aantekeninge maak, neem ŉ ruskans by elke item en sê dankie vir die vermoë om te vry te laat oor wat jy nie nodig het ten einde te vergewe nie.

Bron: Tutu & Tutu (2014:43)

# BYLAE 7

## 6.3 Karteer die roete

1. Neem jou klip en maak vier aftrekkings daarvan in jou joernaal om vier sirkels te skep.
2. Skryf nou in elke sirkel elke stap se naam van die Viervoudige Roete (afgekort: R4)
   a. Vertel die verhaal
   b. Noem die seerkry – gee dit ŉ naam.
   c. Skenk vergifnis
   d. Hernuwing of loslating van die verhouding
3. Skryf by elke sirkel die weerstand wat jy ervaar wanneer jy oorweeg om die R4 te volg.
4. Skryf neer wat jou weerhou om hierdie roete te volg

## Joernaal oefening

1. Wat is die beste resultaat wat jy jou kan indink as jy vergifnis sou skenk?
2. Hoe sou jou lewe anders wees?
3. Hoe sou jou verhoudings anders wees – beide jou verhouding met die een wat jou seergemaak het asook jou verhoudings met ander persone?

Bron: Tutu & Tutu (2014:63)

## 6.4 Fluister vir die klip

1. Jy het jou verbeel dat jy jou verhaal aan ŉ houer vol droefheid vertel het. Dit is nou tyd dat jy in woorde uitdruk oor wat gebeur het. Daar is krag in woorde wat uitgespreek is.
2. Tel jou klip op en vertel jou verhaal in soveel detail as jy kan oor wat gebeur het. Onthou om die waarheid te praat insover as wat jy kan onthou. Om met die klip te praat kan ŉ emosionele veilige weg wees as voorbereiding om jou verhaal aan iemand anders te vertel.

Bron: Tutu & Tutu (2014:92)

# BYLAE 7

**Joernaal oefening**

1. Skryf jou verhaal in jou joernaal in soveel bladsye as wat nodig is.
2. Om te skryf is 'n kragtige manier om jou verhaal te vertel. Soos jy skryf sal jy dalk detail onthou wat jy nie sou kon terugroep as jy sou gepraat het nie.
3. Sou jy veiliger en meer op jou gemak wou voel, kan jy altyd jou geskrewe stuk aan iemand voorlees wat jy liefhet en vertrou.
4. Later mag jy kies om wat jy geskryf het aan die oortreder voor te lees of aan te stuur, maar jy word steeds aangemoedig om op die N4-roete te bly, want die verhaal is maar net die begin.

Bron: Tutu & Tutu (2014:*op. cit.*)

**6.5. Omklem die klip**

1. Neem jou klip in jou dominante hand.
2. Noem 'n seerkry wat jy ervaar hardop. Terwyl jy jou seerkry noem, omklem jou klip in jou hand.
3. Maak jou hand oop. Terwyl jy jou vuis oopmaak, laat jou seerkry vry.
4. Omklem en laat weer die steen vry soos jy elke seerkry noem.

Bron: Tutu & Tutu (2014: 117)

**Joernaal oefening**

1. Skryf alles neer wat jy verloor het. Wat het jy verloor? Het jy jou vertroue verloor? Het jy jou veiligheid verloor? Het jy jou waardigheid verloor? Het jy iemand verloor vir wie jy lief was? Het jy iets verloor wat jy gekoester het?
2. Noem nou die gevoelens wat saamgaan met hierdie verliese.
   - Ek is kwaad.
   - Ek is hartseer.
   - My hart is gebroke.
   - Ek is bang.

     Voel ook vry om jou eie woorde te gebruik.
   - Wat vertel jou hart vir jou?
   - Wat is die las van hierdie verlies?
   - Noem dit sodat jy dit kan genees.

Bron: Tutu & Tutu (2014:*ibid.*).

# BYLAE 7

| |
|---|
| **6.6 Hernu of loslating van die klip**<br>1. Besluit of jy iets moois van jou klip wil maak of dit weer in die veld wil neersit.<br>2. Sou jy besluit om die klip te behou, besluit hoe jy dit wil versier of verf. Die klip kan ook ŉ nuttige voorwerp in jou huis of tuin word.<br>3. Sou jy besluit om die klip los te laat, kan jy dit terugneem na die plek waar jy dit gevind het of jy kan dit na ŉ nuwe plek neem wat vir jou betekenis het.<br>4. Niks word vermors nie. Selfs ŉ klip het ŉ doel. |
| **Joernaal oefening**<br>1. Was dit moontlik om iets moois te maak waarmee jy gehad het?<br>2. Hoe moeilik was dit om iets te skep?<br>3. Hoe sou jou lewe anders wees?<br>4. Tot welke mate lyk jou nuwe skepping soos die item wat jy gebreek het?<br>5. Wat het jy geleer uit hernuwing of loslaat toe jy met die oefening besig was?<br>Bron: Tutu & Tutu (2014:159; 160) |
| **6.7 Die neersit van die klip**<br>1. Jy sal ŉ swaar klip vir hierdie ritueel nodig hê, want jy moet die gewig daarvan as ŉ hindernis ervaar.<br>2. Dra die klip vir ŉ ent na ŉ private plek.<br>3. Erken teenoor die klip wat jy gedoen het.<br>4. Vertel dan aan die klip die hartseer wat jy veroorsaak het.<br>5. Maak ŉ apologie teenoor die klip en vra vergifnis. In jou gedagtes kan jy ŉ denkbeeld van die persoon vorm wat jy leed aangedoen het of God om vergifnis vra.<br>6. Besluit hoe jy kan die persoon wat jy leed aangedoen het, kan vergoed of hoe jy ander kan help tussen jou en die persoon wat jy leed aangedoen het.<br>7. Plaas die klip weer terug in die natuur.<br>Bron: Tutu & Tutu (2014:191) |

# BYLAE 7

**Joernaal oefening**

Meditasie en visualisering kan helend wees, maar dit is ook handig om neer te skryf om jou voor te berei om verskoning en vergifnis te vra.

1. *Erken die verkeerdheid*. Wat het jy gedoen.
2. *Word bewus van die worsteling*. Kom tot die besef van hoe erg die ander persoon se seerkry was. Skryf sinne wat begin met 'Ek is jammer oor ...'
3. *Vra om vergifnis.* Die volgende kan neergepen word: 'Ek sal verstaan as jy my nie nou kan vergewe nie, maar ek hoop dat jy my eendag kan vergewe omdat ....'
4. *Hernu of stel die verhouding vry*. Jy sal die persoon kan vra wat kan jy doen om die verhouding te herstel. Jy kan ook jou eie idees op die tafel plaas oor hoe jy die verhouding kan herstel.

Bron: Tutu & Tutu (2014:192)

**6.8 Die hand van genade**

1. Gebruik ŉ klein klippie wat in jou handpalm pas.
2. Hou dit in jou linkerhand – die hand van oordeel.
3. Vir elke item op jou lys van dinge waarvoor jy jouself moet vergewe moet die klip van jou linkerhand na die regterhand oorgeplaas word.
4. Die regterhand is die hand van geregtigheid en genade.
5. Terwyl jy die klip in jou regterhand vashou, sê die volgende: Ek vergewe myself vir ...... en noem ŉ item op jou lys.
6. Wanneer jy klaar is, plaas die klip terug waar jy dit gekry het.

Bron: Tutu & Tutu (2014:211)

**Joernaal oefening**

1. Maak ŉ lys van alles waarvoor jy jouself moet vergewe.
2. Vir elke item wat gelys is, moet jy besluit of jy vergifnis van iemand ander of jouself moet kry. As dit van iemand anders is, moet jy die R4-roete volg. As dit slegs jouself raak, moet jy weer jou eie goedheid (in Christus) weer ontdek.
3. Stel ŉ lys op van al jou goeie eienskappe. Kyk na jouself deur die oë van Christus en sien jouself as ŉ wenner raak.

Bron: Tutu & Tutu (2014:212)

# BYLAE 8

## KOEVOET 1979-1989



Die binneruim van 'n Casspir.

Koevoet het onder fel kritiek deurgeloop omdat die lyke van insurgente op die Casspir se modderskerms as 'n *show of force* vasgebind is. 'n Casspir het sitplek vir 12 bemanning waarby hul wapens, ammunisie, kos, water en gereedskap ingeluit is. Kyk self en oordeel hoe daar ruimte vir enige lyke in die binnekant kon wees.

https://za.pinterest.com/pin/307159637068933424/



Dood en verminking: die werklikheid van oorlog.

Foto verskaf deur kol. Dicks Diedrichsen


## BYLAE 8



Foto verskaf deur kol. Dicks Dietrichsen.

Wanneer tonele soos hierdie by herhaling en oor 'n lang tyd aanskou word, kan dit nie anders nie as om ingebrand te wees in die aanskouer se geheue, want selfs in oorlog bly mense steeds mense.

Een respondent het gesê: "Dit is soos om met 'n brandyster gebrand te word. Die beelde bly maar daar.



Spore van insurgente is opgetel wat nou te voet opgevolg moet word.

https://i.pinimg.com/originals/db/55/84/db5584ee51fdace2aeda1bf78ad21062.jpg

# BYLAE 8



’n Landmyn is afgetrap. Die voertuig is ’n Buffel wat deur die SA Weermag gebruik is.

Wat die foto uitbeeld is die skade wat ’n landmyn aan ’n voertuig aanrig

https://i.pinimg.com/originals/42/0e/b3/420eb353cb2e88878e5d74c721287626.jpg



Wat oorbly van SA Weermag se Buffel nadat ’n landmyn afgetrap is.

Sou daar mense op die voertuig wees, moes hul oorblyfsels in sandsakkies bymekaar gemaak word.

https://za.pinterest.com/pin/515521488579565030/

# BYLAE 8




Die ou grensdraad op die kaplyn tussen SWA-Namibië en Angola. Oorblyfsels van die grensdraad met pale is op die middelman op die voorgrond sigbaar. Toe Angola nog 'n Portugese kolonie was, het Portugese soldate die Angola kant geparoleer en die SA Polisie die SWA kant. Navorser was self 1972-1973 in daardie omgewing om met 'n TIN-eenheid grensdiens te doen.

https://za.pinterest.com/pin/451204456401495366/




'n Tweespoorpad in die sand wat kronkelend tussen die bome 'n weg vind om te gaan.

## BYLAE 8



’n Weermagslid is besig om ’n landmyn te lig. Let op die afstand tussen die voertuie en soldate in die verte.


https://za.pinterest.com/pin/467741111276239942/



Genl. Sterkhans Dreyer saam met sy manne iewers op die grens.

https://za.pinterest.com/pin/502010689686987338/

# BYLAE 8



'n Landmynkrater met 'n omgedopte weermagvoertuig.

https://za.pinterest.com/pin/298082069078094447/

# KOEVOET MUUR VAN HERINNERING (KMH)

## Ons sal ons gestorwe makkers onthou

## en deur die Muur sal ons nie vergeet word nie




Volle vooraansig van die Muur. Onder die name aan die regterkant staan die woorde:

*Ons sal onthou. We will remember*

http://www.graves-at-eggsa.org/main.php?g2_itemId=2623052

# BYLAE 8



Lt.genl. JG (Sterkhans) Dreyer SSAS, SOO, SOE

voer die rede by die inwyding van die Koevoet Muur van Herinnering op 6 April 2013.



Kol. Chris Nel saam met sy ou Ovambo Koevoet *buddies* tydens die opening van die KMH. Die man in die rolstoel is adjudant-offisier Sisingi Kamongo wat saam met Leon Bezuidenhout die boek *Shadows in the sand: A Koevoet tracker's story of an insurgency war*. Kamongo is intussen oorlede. Chris was betrokke by die Ovambo koor wat ook optree wanneer 'n Koevoetveteraan volgens die Koevoet seremonie begrawe word.

https://www.dailymaverick.co.za/article/2013-04-08-koevoet-veterans-we-dont-give-a-damn-for-other-peoples-wars/

# BYLAE 8



Die KMH is ingewy en nou kuier hul oud-bevelvoerder, genl. Dreyer, tussen sy manne. Daar bestaan steeds ŉ ongelooflike band van welwillendheid tussen die blanke Koevoete en hul Ovambo oud-kollegas.

http://www.gunsite.co.za/forums/showthread.php?67499-Ex-Koevoet-leader-dies




Die Koevoet sakwapen en lapelknopie. Embleem is geregistreer by die Buro vir Heraldiek.

Onder die woord KOEVOET is ŉ landkaart van die destydse Suidwes-Afrika wat toe nog onder administrasie van die Suid-Afrikaanse regering was. Die ou landsvlag is gebruik. Die boonste oranje gedeelte is aanduidend van die gebied waarin Koevoet operasioneel was, nl. Kaokoland, Ovamboland, Okavango en die Caprivi. Die Casspir staan bo-oor die wit middelbaan van die vorige landsvlag.

Tydens seremoniële geleenthede word die sakwapen, medaljes en lapelknoop op ŉ swart kleurbaadjie gedra.

# BRONNELYS

## A


Abbott-Smith, G. 1973. Manual Greek Lexicon of the New Testament. Aberdeen: The University Press.

Adsit, C. 2008. The combat trauma healing manual: Christ-centered solutions for combat trauma. Newport News, VA: Military Ministry Press.

Akanni, G. 2006. 1 and 2 Samuel. (*In* Adeyemo (*gen. ed.*) Africa Bible Commentary, Nairobi, Kenya: WordAlive Publishers).

Akesson, B. 2005. War is not the only trauma: Rethinking psychosocial healing in complex emergencies. *Journal of student social work*, volume 111: p.34-42.

Algemene Sinodale Kommissie. 1986. Kerk en Samelewing: ʼn Getuienis van die Ned. Geref. Kerk. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Anderson, N.T. 1993a. Living free in Christ. Ventura, CA: Regal Books.

Anderson, N.T. 1993b. Victory over darkness. Vereeniging: Christian Art Publishers.

Anderson, N.T. 2013. Bevryding deur gebed. Vereeniging: CUM.

Anderson, N.T. & Miller, R. 1999. Freedom from fear. Eugene, OR: Harvest House Publishers.

Anon. 2018. Military Social Work in the American Military Services. http://www.css.edu/the-sentinel-blog/support-for-our-troops-learn-more-about-military-social-work.html Datum van gebruik: 3 Mei 2018.

Anon. 2018. What is moral Injury? http://moralinjuryproject.syr.edu/about moral injury Datum van gebruik: 17 Mei 2018.

Anon, 2018. Support for our troops: Learn more about military social work. http://www.css.edu/the-sentinel-blog/support-for-our-troops-learn-more-about-military-social-work.html Datum van gebruik: 8 Junie 2018.

Andreasen, N.C. s.a. Annals of the New York Academy of Science. http://www.brainline.org/.../posttraumatic-stress-disorder-a-history-and-a-critique Datum van gebruik: 13 Augustus 2016.

Atansov, A. 2011. Forgiveness as a Test-Case of our theological convictions. Baptist Theologies, 3(1):93-98

Auld, A.G. 2011. 1 & 2 Samuel. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

AZAPO. 2016. Black Consciousness – Our guiding light.

http://azapo.org.za/about-azapo/black consciousness/ Datum van gebruik: 23 Mei 2016.

## B

Baldwin, Joyce G. 1988. 1 and 2 Samuel. Leicester, England: Inter-Varsity Press.

Barclay, W. 1974. The Acts of the Apostles. Edinburgh: Saint Andrew Press.

Barabas, S. 1978. Uncircumcised (*In* Tenney, M.C. (general editor) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p. 842).

Barnard, A.C., & Vos, C.J.A. 2001. Liedboek van die Kerk. Wellington: NG Kerk-Uigewers.

Barnard, J.M.M. 2000. Die Erika Theron-kommissie, 1973-1976: ʼn historiese studie. Stellenbosch: US (Verhandeling – MA). (Abstract).

Barson, D. & Zust, J. 2017. Care for the sorrowing soul. Eugene, OR: Cascade Books.

Bellamay, A.J. 2006. No pain, no gain? Torture and ethics of the war on terror. Queensland, Australia: International affairs.

Berkowitz, L. 1962. Aggression: A Social Psychological Analysis. New York

Bette, J.C., Van den Brink, Courtz, H. & Van Veelen, G.A. (reds.) 2000a. Het evangelie naar Marcus. Zaltbommel: Koninklijke Van de Garde.

Bette, J.C., Van den Brink, G, Courtz, H. & Van der Jagt, J.W. (reds.) 2000b. Het evangelie naar Lucas. Zaltbommel: Koninklijke Van de Garde.

Bette, J.C., Van den Brink, Courtz, H. & Van Veelen, G.A. (reds.) 2001a. Het evangelie naar Johannes. Zaltbommel: Koninklijke Van de Garde.

Bette, J.C., Van den Brink, Courtz, H. & Van Veelen, G.A. (reds.) 2001b. De Handelingen van de Apostelen. Zaltbommel: Koninklijke Van de Garde.

Bette, J.C., Van den Brink & Courtz, H. (Reds.) 2003. Het evangelie naar Mattheüs. Zaltbommel: Koninklijke Van de Garde.

Beyer, H.W. 1982. Therapeia, therapeuo & therapon. Theological Dictionary of the New Testament 9th ed. Grand Rapids, MI: Eerdmans, vol. 3: 128-132.

Bezuidenhout, L.C. 1999. 1 Samuel. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: CUM. p. 303-334).

Bezuidenhout, L.C. 1999. 2 Samuel. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: CUM. p. 334-358).

Biko, B.S. 1971. The definition of black consciousness https://www.sahistory.org.za/archive/definition-black-consciousness-bantu-stephen-biko-december-1971-south-africa

Bing, E. 2013. Ek het gemartel. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Birch. B.C 1998. The First and Second Books of Samuel (*In* Keck, L.E. (*ed.*). The New Interpreter's Bible in twelve volumes. Nashville, TN: Abingdon Press. Vol. 11, p. 949-968).

Birch, B.C. 1998. The First and Second Books of Samuel: Introduction, Commentary and Reflections (*In* The New Interpreter's Bible: A Commentary in Twelve Volumes. Nashville, TN. Abingdon Press (pp. 949-1383).

Black Consciousness Movement. 2016. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Black_Consciousness_Movement Datum van gebruik: 23 April 2016.

Blaney, H.J.S. 1978. Cry, crying (*In* Tenney, M.C. (general editor) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p. 1042).

Blinka, D. & Wilson Harris, H. 2016. Moral Injury in Warriors and Veterans: The Challenge to Social Work *in* Social Work & Christianity, Vol. 43, No. 3 (2016), 7-27 *in* Journal of the North American Association of Christians in Social Work. https://www.researchgate.net/publication/307601841_moral_injury_in_Warriors_and Veterans. The_Challenge_to_Social_Work. Datum van gebruik: 16 Julie 2018.

Bluemel, C. s.a. The search for a man after God's own heart: Will the real king David please stand up. A study based on the text of 1 Samuel 13:14. http://www.bibleanswerstand.org/heart.htm Datum van gebruik: 13 Aug. 2015.

Boring, M.E. 1989. Revelation. Louisville, KY. John Knox Press.

Botma, Y., Greef, M., Mulaudzi, F. M & Wright, S. C. D. 2010. Research in Health Sciences. Cape Town: Clyson Printers.

Boyle, S. s.a. Organizational Identity of Esprit de Corps? The Use of Music in Military and Para-Military Style Organizations (p. 1-5).

Brand, G. 2008. Biko. (*In* Gaum, F, Boesak, A & Botha, W. *reds*. Christelike Kern-ensiklopedie). Wellington: Lux Verbi. p. 114.

Brink, H. 2010. Fundamentals of research methodology for healthcare professionals. Cape Town: Juta.

Brock, R.N & Lettini, G. 2012. Soul repair: Recovering from moral injury after war. Boston, MA: Beacon Press. Kindle Edition.

Brueggemann, W. 1990. First and Second Samuel. Louisville, KY: John Knox Press.

Bruno, T. 2000. Jesus Ph.D. Psychologist. Gainesville, FL: Bridge-Logos Publishers.

Burger, F.J. 1992. Teeninsurgensie in Namibië: die rol van die polisie. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MA in Strategiese Studies).

Burns, N. & Grove, K. 2010. The practice of nursing research: Appraisal, synthesis, and generation of evidence. 6th edition. St Louis, USA: Elsevier.

Bybel. 1953. Die Bybel: OAV. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1983. Die Bybel: NAV. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1998. Verwysingsbybel: 1983 vertaling. 4de uitg. Vereeniging: CUM.

Bybel. 2012. Interliniêre Bybel: 1983 vertaling. Grieks-Afrikaans. Vereeniging: CUM.

## C

Calvert, M. 1973. Counter Insurgency in Mozambique (*In* RUSI, Vol. 1, No. 118, March 1973, p. 83-84).

Cameron, C. 2005. An introduction to ‘theological anthropology. Evangel 23(2):53-61. https://biblicalstudies.org.uk/pdf/evangel/23-2 053.pdf
Datum van gebruik: 8 Oktober 2018.

Carter, C.W. 1978. Son of man, The (*In* Tenney, M.C. (*gen. ed.*) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p.485-486).

Carter, L. 2007. Getting the best of your anger: before it gets the best of you. Grand Rapids, MI. Fleming H. Revell.

Casey, G.W. Jr. 2011. Comprehensive soldier fitness: a vision for psychological resilience in the U.S. Army. Am Psychol. 2011. Jan. 66(1):1-3. Doi:10.1037/a0021930.

Chapman. G. 2007. Handling a powerful emotion in a healthy way. Chicago, IL: Northfield Publishing.

Charmaz, K. 2006. Constructing grounded theory. A practical guide through qualitative analysis. London: Sage.

Christie, D.J. 2009. Reducing Direct and Structural Violence: The Human Needs Theory. (Abstract). https://doi.org/10.1207/s15327949pac0304_1 Datum van gebruik: 8 Februarie 2019.

Christie, D.J. & Montiel, C.J. 2013. Contributions of Psychology to War and Peace. American Psychologist, Vol. 68, No7, 502-513. DOI: 10.1037/a0032875 (Abstract). https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1207/s15327949pac0304_1
Datum van gebruik: 25 Junie 2018.

Clasen, F. Bartlett, A., Carstens, C., en Schoeman, F (reds). 2010. Formulier vir die bediening van die Nagmaal (2) (*In* Handleiding vir die erediens. Wellington: Bybel Media. p. 96-100).

Cloete, G. 1977. Kommentaar oor die Erika Theron-verslag
https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/02589347708704719
Datum van gebruik: 22 April 2016.

Cloete, G. 2007. Enkele implikasies van die Erika Theron-verslag vir die toekomstige staatkundige ontwikkeling van Suid-Afrika. (Abstract). https://doi.org/10.1080/02589347708704719 Datum van gebruik: 17 Mei 2016.

Clouse, R.G. 1978. War (*In* Douglas, J.D, Cairns, E.E. & Ruark, J.E., *eds*. The New International Dictionary of the Christian Church. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House. p. 1029).

Coetzee, C.F.C. 2015. Die Heilige Gees as Gees van oorlog. *Die Kerkblad*: p. 6, Julie.

Coetzer, W.C. 2013. Trauma – die meedoënlose vyand. Potchefstroom: PTP.

Coetzer, W. 2014. Generasie bagasie. Potchefstroom: PTP.

Coetzer, W. 2018. Die wonderkrag van vergifnis. Pretoria: Bindworx (Pty) Ltd.

Collins, G.R. 2016 Die A tot Z van berading: die mees omvattende gids. Tweede uitg. Tygervallei: SCM.

Combrink, H.J.B, 2006. The challenge of overflowing righteousness: to learn to live the story of the gospel of Matthew (*In* Van der Watt. J.G. & Malan, F.S. (*eds*). Identify ethics and ethos in the New Testament. Berlin, NH: Walter de Gruyter).

Conradie, E.M. 2004. What is theological about theological anthropology? http://ojs.reformedjournals.co.za/index.php/ngtt/article/viewFile/274/521 Datum van gebruik: 14 Desember 2018.

Constitution Hill, Johannesburg. 2016. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Constitution_Hill,_Johannesburg Datum van gebruik: 11 Maart 2016.

COMOPS s.a. *TheFreeDictionary.com*. https://acronyms.thefreedictionary.com/COMOPS Datum van gebruik: 11 Februarie 2019.

Connell, M.A, Omole, O., Subramaney, U. en Olorunja, S. 2013. Post-traumatic stress disorder and resilience in veterans who served in the South African Border War. Africa Journal of Psychiatry, 42(2):25-56. *Afr J Psychiatry (Johannesburg)*. 2013 Nov 19;16(6). http://dx.doi.org/10.4314/ajpsy.v16i6.55. Epub 2013 Nov 19. Datum van gebruik: 4 Februarie 2019.

Corsaro, W. A., 1985. Sociological Approaches to Discourse Analysis. Thousand Oaks, CA: Sage.

Creswell, J. W. 1998. Qualitative inquiry and research design: Choosing among five traditions. London: Sage Publications.

Creswell, J.W. 2009. Qualitative inquiry and research design: Choosing among five traditions. Thousand Oaks, CA: Sage.

Cunningham, J.M. 2019. Xhosa People. https://www.britannica.com/topic/Xhosa Datum van gebruik: 21 Februarie 2019.

## D

Davenport, T.R.H. 1987 Third Ed. South Africa: A Modern History. Johannesburg: Macmillan.

Davids, P.H. 2006. The Letters of 2 Peter and Jude. Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Davey, A.M. 1984. Suid-Afrika en die vasteland van Afrika. *(In*: Muller, C.F.J. (red.) 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Derde hersiene uitgawe, tweede druk, p. 563-586).

De Gruchy, J.W. 1979. The Church Struggle in South Africa. Cape Town: David Philip.

De Klerk, B.J. & Van Rensburg, F.J. 2005. Preek geboorte: Potchefstroom: PTP.

De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. (reds.) 2013. Met die oog op God. Potchefstroom: PTP.

De Kock, D. 2017. Openbaring 21:5: Die lewe in Christus is 'n fees. http://www.gkkrokodilrivier.co.za/index.php?option=com_k2&view=item&id=305:openbaring-215-die-nuwe-lewe-in-christus-is-n-fees&Itemid=3 Datum van gebruik: 29 Maart 2019.

De la Rey, C. & Owens, I. 1998. Perceptions of Psychosocial Healing and the Truth and Reconciliation Commission in South Africa. https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/14303/DeLaRey_Perceptions(1998).pdf?sequence=1 Datum van gebruik: 15 June 2018.

Denborough, D. 2019. Retelling the Stories of Our Lives: Everyday Narrative Therapy to Draw Inspiration and Transform Experience. New York. NY: W.W. Norton (Abstract).

Den Boer, W. 1984. Beknopt Grieks-Nederlands Woordenboek. 11de dr. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Denton, R. 2011. Benutting van vergifnis binne 'n pastorale Gestalterapeutiese intervensie. *HTS*, 67(3):1-11.

Denzin, N.K. en Lincoln, Y.S. 2003. The discipline and practice of qualitative research, (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. *eds*. The landscape of qualitative research, 2nd ed. Thousand Oaks, CA: Sage. P 1-45).

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. 3rd ed. Research at grass roots. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. 4th ed. Research at grass roots. Pretoria: Van Schaik.

Dippenaar M. de W. 1988. Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Polisie 1913-1988. Pretoria: Promedia.

Dlamini, J. 2014. Askari: A story of collaboration and betrayal in the anti-apartheid struggle. Auckland Park: Jacana Media.

Drescher, K.D., Foy, D.W., Kelly, C., Leshner, A., Schutz, K., & Litz, B. 2011. An Exploration of the Viability and Usefulness of the Construct of Moral Injury in War Veterans. Traumatology 17(1) 8-13. DOI:10.1177/1534754510395615. http://tmt.sagepub.com

Duguid, I. 2011. Loyal-Love (Hesed). https://www.ligonier.org/learn/articles/loyal-love-hesed/
Datum van gebruik: 29 November 2018.

Du Pont, M.A. 2004. Toxic churches. Restoration from spiritual abuse. Ferndale, MI: Chosen Books.

Du Preez, J. 2014. Credo van 'n geregsdienaar – my stryd om plig en gewete te versoen. (*In* Die gloriejare van die Suid-Afrikaanse Polisiemag 1913-1994. Pretoria: Groep 7 Drukkers. p.160-163).

Du Preez, M. 2015. Dié gebare kan tafel dek vir verandering. Beeld p. 9.

Durand, A. 2011. Zulu Zulu Golf: Life and death with Koevoet. Cape Town: Zebra Press.

Durand, A. 2012. Zulu Zulu Foxtrot: To hell and back with Koevoet. Cape Town: Zebra Press.

Du Rand, J.A. 1999. Openbaring (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. Die Bybel-lennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: CUM. p. 1768-1807).

Du Rand, J. 2007. Die A-Z van Openbaring. Vereeniging: CUM.

Du Toit, A. 2004. Beleef God se genade. Wellington: Lux Verbi. BM.

Du Toit, F., Hofmeyr, H., Strauss, P. & Van der Merwe, J. 2002. Moeisame pad na vernuwing: Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie. Bloemfontein: Barnabas.

## E

Edgar, B. s. a. Pacifism, Just War and Peace-making at the start of the Twenty First Century. https://www.publictheology.com.brianedgar.com/wp.content/plugins/download.../download.php?id=13.
Datum van gebruik: 9 Maart 2016.

Edlmann, T. 2012. Division in the (inner) ranks. The psychosocial legacies of the Border War. South African Historical Journal, 64(2):256-272.

Edlmann, T. 2015. The scars of conscription.
https://www.iol.co.za/mercury/the-scars-of-conscription-1910292
Datum van gebruik: 30 November 2018.

Ellicott, C.J. s.a. Ellicott's Commentary for English Readers. https://biblehub.com/commentaries/matthew/18-20.htm Datum van gebruik: 15 Mei 2016.

Eloff, T. 2016. Wat het die Gereformeerde Kerk met apartheid 'gedoen'? www.152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1997/01/.../8.html Datum van gebruik: 29 Januarie 2016.

Els, P. J. 2004. Omgulumbashe: Die begin van die Bosoorlog. Pretoria: Groep 7 Drukkers.

End Conscription Campaign. 2016. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/End_Conscription_Campaign Datum van gebruik: 22 April 2016.

Evans, M.J. 2000. 1 and 2 Samuel. Peabody, MA. Hendrickson Publishers.

Exline, J.J. & Grubbs, J.B. 2011. "If I tell others about my anger towards God, how will they respond?" Predictors, associated behaviours and outcomes in an adult sample. *Journal of psychology and theology,* 39(4):304-315.

# F

Farley, G.E. 1978. Circumcision (*In* Tenney, M.C. (general editor) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI: Zondervan, p.866-868).

Feinberg, C.L. 1978. Bitter, Bitterness (*In* Tenney, M.C. (general editor) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI: Zondervan, p.622).

Feinstein, A. 2011. Kopwond: Vergete slagoffers van die Bosoorlog. Kaapstad: Tafelberg.

Ferreira, R & Liebenberg, I. 2006. The Impact of War on Angola and South Africa: Two Southern African case studies. Journal for Contemporary History, 31(3):42-73.

Firet, J. 1977. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: Uitgewers-maatskappij J.H. Kok.

Fisher, J. 1969. The Afrikaners. London: Cassell & Company Ltd.

# G

Gerhart, Gail M. 1990. Trial by color. www.nytimes.com/1990/12/30/books/**trial**-by-color.html Datum van gebruik: 11 Maart 2016.

Geneva Conventions. Wikipedia https://en.wikipedia.org/wiki/Geneva_Conventions Datum van gebruik: 22 April 2016.

Gibbons-Neff, T. 2015. Haunted by their decisions in war. https://www.washingtonpost.com/opinions/haunted-by-their-decisions-in-war/2015/03/06/db1cc404-c129-11e4-9271-610273846239_story.html?utm_term=.f5307b61afd4 Datum van gebruik: 17 Mei 2018.

Giese, C.P. 2012. 2 Peter and Jude. Concordia Publishing House. St. Louis.

Goleman, D. 1996. Emotional intelligence. Why it can matter more than IQ. London, Bloomsbury.

Graham, L. 2017. Moral Injury: Restoring Wounded Souls. Abingdon Press. Kindle Edition.

Grant, D. 2009. The Wrath of God. (*In* Sakenfeld, K.D. 2009. The New Interpreter's Dictionary of the Bible volume 1-5: Nashville, TN: Abingdon Press (p 932-936).

Greeff, M. & Rennie, S. 2016. Phronesis: Beyond the Research Ethics Committee – A crucial decision-making skill for health researchers during community research. *Journal of empirical research on human research ethics*, 11(2):1-10.

Green, G.L. 2008. Jude & 2 Peter. Grand Rapids. MI: Baker Academic.

Grimsley, C.W. & Grimsley G. 2017. PTSD & Moral Injury: The journey to healing through forgiveness. Xulon Press: Christian Self Publishing. (Kindle uitg.) Beskikbaar: http://www.amazon.com.

Guetlein, M.A. 2005. Lethal autonomous weapons: ethical and doctrinal implications. Newport, RI: Naval War College.

## H

Hall, D.J. 1993. Professing the faith. Minneapolis, MN: Fortress Press.

HAT. 1994. Derde hersien uitgebreide uitgawe. Doornfontein, Midrand: Perskor.

Han Kyung-Koo. 2010. Legacies of war: the Korean war – 60 years on. *The Asia-Pacific journal,* 38:3-10.
https://apjjf.org/-Han-Kyung_Koo/article.pdf
Datum van gebruik: 15 Junie 2015.

Harrison, R.K. 1978. Creation (*In* Tenney, M.C. (*ed*) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI: Zondervan, p. 1020-1025).

Heonik Kwon. 2010. Korean war traumas. *The Asia-Pacific journal*, 38:2-10.
http://Japanfocus.org/-Han-Kyung_Koo/3414/article.pdf
Datum van gebruik:15 Junie 2015.

Herman, J. 2001. Trauma and recovery. From domestic abuse to political terror. UK: Rivers Pandora.

Heunis, J. 2007. Die binnekring: Terugblikke op die laaste dae van blanke regering. Johannesburg: Jonathan Ball.

Heyns, J.A. 1989. Teologiese etiek, deel 2/2 sosiale etiek. Pretoria. NGKB.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1998. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.

Heystek, P. H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die 'mekaar' opdragte in die Corpus Paulinium met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.).

Hirschmann, David "The Black Consciousness Movement in South Africa", Journal of Modern African Studies, Vol. 28, No.1, March 1990, pp. 1-22

Hoffman, G. 2019. As woede nie jou vriend is. Beeld 12 Januarie in BY:21.

Hoge, C.W., Castro, C.A., Messer, S.C., McGurk, D, Cotting, D.I. & Koffman, R.L. 2004. Combat duty in Iraq and Afghanistan, mental health problems, and barriers to care. *The New England Journal of Medicine*, July 1, 2004 volume 351 no. 1, p. 13-22. https://www.nejm.org/doi/pdf/10.1056/NEJMoa040603 Datum van gebruik: 8 September 2018.

Hoge, C.W. 2010. Once a warrior, always a warrior: Navigating the transition from combat to home (Kindle uitg.). Beskikbaar: http://www.amazon.com.

Hooper, J. 1988. Koevoet! Johannesburg: Southern Book Publishers.

Hough, M. 2008. Violent protest at local government level in South Africa: Revolutionary Potential? Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol. 36, Nr 1. doi: 10.5787/36-1-41.

Hunt, J. 2009. Keeping your kief when your anger is hot. Practical steps to temper fiery emotions. Eugene, OR: Harvest House Publishers.

## J

Janz, G.L. & McMurray, A. 2009. Healing the scars of emotional abuse. Grand Rapids, MI: Revell.

Joubert, D. 1992. Reflections on social values. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Joubert, S. 1999. Handelinge. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy).

Just War Theory. 2016. Wikipedia.
https://en.wikipedia.org/wiki/Just_war_theory
Datum van gebruik: 8 April 2016.

## K

Kaiser, W.C. (jr). 1978. Absalom (*In* Tenney, M.C. (general editor) The Zondervan

Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p.28-30).

Kamongo, S. 2011. Skadu's in die sand. Pinetown: 30° South Publishers (Pty) Ltd.

Keck, L. 1978. The Bible in the Pulpit. Nashville: Abingdon Press.

Keene, J.D. 1994. Intelligence and Morale in the Army of a Democracy: The Genesis of Military Psychology during the First World War; pp. 235-253. https://www.tanfonline.com/doi/abs/10.1207/s15327876mp0604_2
Datum van gebruik: 18 November 2018.

Kerr, L.K. 2016. Responding to Moral Injury in Veterans. http://www.socialjusticesolutions.org/2016/11/15/responding-moral-injury-veterans/
Datum van gebruik: 8 Julie 2018.

König, A. 1975. Hier is ek! Pretoria: NGK Boekhandel.

König, A. 1993. Menslike mense: Gelowig Nagedink Deel 5 Oor die mens en die sonde in die praktyk. Halfway House: Orion.

König, A. 1994. Covenant partner and image. Deriving anthropology from the doctrine of God. *Journal of theology for Southern Africa*, 88(S):34-41.

König, A. 2009. 'n Perspektief op Openbaring. Vereeniging: CUM.

Koole, J.L. 2001. Historical Commentary on the Old Testament. Isaiah Volume 3/Isaiah 56-66. Peeters: Leuven (Belgium).

Koopman, N.N. 2008. Bevrydingsteologie (*In* Gaum, F, Boesak, A. & Botha, W., *reds*. Christelike Kern-ensiklopedie. Wellington: Lux Verbi. p.112).

Koopman, N.N. 2008. Swart Bewussynsbeweging (*In* Gaum, F, Boesak, A. & Botha, W., *reds*. Christelike Kern-ensiklopedie. Wellington: Lux Verbi. p.1059).

Koopman, N.N. 2008. Swart Teologie (*In* Gaum, F, Boesak, A. & Botha, W., *reds*. Christelike Kern-ensiklopedie. Wellington: Lux Verbi. p. 1060).

Kotzé, C.R. 1984. 'n Nuwe bewind, 1806-1834 (*In* Muller, C.F.J. red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria: Academica. p. 120-148).

Kotze, Z. 2004. A cognitive linguistic approach to the emotion of anger in the Old Testament. HTS, 60)3): 843-863.

Kudo, T. 2013. I killed people in Afghanistan. Was I right or wrong? The Washington Post. https://www.washingtonpost.com/opinions/i-killed-people-in-afghanistan-was-i-right-or-wrong/2013/01/25/c0b0d5a6-60ff-11e2-b05a 05528f6b712_story.html?noredirect=on&utm_term=.1c96354ac171

Datum van gebruik: 17 Julie 2018.

# L

Lamprecht, D. 2018. Genesingsreis in Angola. *Huisgenoot*: 23-25.

Leitch, A.H. 1978. Righteousness (*In* Tenney, M.C. (general editor) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p.104-118).

Leaf, C. 2018. Dink, leer, floreer. Vereeniging: CUM.

Lessing, R R. 2011. Isaiah 40-55. St. Louis, MO: Concordia Publishing House.

Lester, A.D. 2003. The angry Christian. A theology for care and counselling. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Lester, A.D. 2006. Why hast Thou forsaken me! Anger at God. The Journal of Pastoral Theology, 16(1):53-70.

Levinson, L. 2011. Gated Grief: The Daughter of a GI Concentration Camp Liberator Discovers a Legacy of Trauma. Brule, WI: Cable Publishing.

Liddell & Scott. 1975. An intermediate Greek-English Lexicon. 7th ed. Oxford: Claredon Press.

Liebenberg, B.J. 1984. Smuts aan bewind, 1939-1948 (*In* Muller, C.F.J, (red) 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria: Academica, p 452-476).

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. 2016. Qualitative research guidlines project. www.gualres.org. Datum van gebruik: 8 Aug. 2016.

Litz, B.T., Stein, N., Delaney, E., Lebowitz, L, Nash, W.P., Silva, C. & Maguen, S. 2009. Moral injury and moral repair in war veterans: A preliminary model and investigation strategy. Clinical Psychology Review 29 (695-706). doi10.1016/j.cpr.2009.07.003.

Long, W.M. 2000. Health, Healing and God's Kingdom. New Pathways to Christian Health Ministry in Africa. Carlisle: Regnum Books.

Louw, D.J. 1999. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Nuwe hersiene uitgawe. Wellington: Lux Verbi.

Louw, D. 2008. Space and place in the healing of life: Towards a theology of affirmation in pastoral care and counselling. DOI: 10.4102/ve.v29i2.23}.

Louw, D.A & Edwards, D.J.A. 2005. Psychology: an introduction for students in Southern Africa. Johannesburg: Lexicon.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2 vols. New York, NY: United Bible Society.

Lucas, G. 2016. Military Ethics: What Everyone Needs to Know. New York, NY: Oxford University Press. Kindle Edition.

Lückhoff, A.H. 1978. Cottesloe. Kaapstad: Tafelberg.

Lückhoff, A.H. & Nicol, W. 1982. 'n Historiese perspektief op die Ope Brief (*In* Bosch, D.J., König, A. & Nicol, W., *reds*. Perspektief op die Ope Brief. Kaapstad: Human en Rousseau. p. 21-32).

## M

Mabika, D.L. 2015. Black Consciousness in South Africa. https://blackconsciousnesstoday.wordpress.com/2015/08/16/bc-movement-sa/ Datum van gebruik: 27 Mei 2016.

Magardie, F. 1999. Ons begrafnisritueel: Daarsonder is Eersterust nie meer Eersterust nie. (*In* Du Preez, J.L.C. 2000. Die begrafnisritueel in Eersteruste se geloofs-gemeenskap. MTh-skripsie: Universiteit van Suid-Afrika. p 63-73).

Magee, Dennis. 2006. PTSD: Only the name has changed. *WCF Courier*: 15 May). www.wcfcourier.com/.../ptsd-only-the-name-has-changed/article_394eabda-6a Datum van gebruik: 15 Julie 2018.

Maguen, S. & Litz, B.L. 2012. Moral Injury in Veterans of War. PTSD Research Quarterly. Volume 23/No. 1 ISSN: 1050-1835-2012. https://www.ptsd.va.gov/professional/treat/cooccurring/moral_injury.asp Datum van gebruik: 23 Junie 2018.

Malcolm, L. & Ramsey, J. 2010. On forgiveness and healing: Narrative therapy and the Gospel story. Word & World, 30(1):23-32.

Marlantes, K. 2011. What is it like to go to war? London: Corvus.

Marty, M.E. 1998. The ethos of Christian forgiveness. (*In* Worthington, E.L., *ed.* Dimensions of forgiveness: psychological research and theological perspective. West Conshohocken, PA: Templeton Foundation Press. p. 9-28).

Marquess of Queensberry Rules. 2016. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Marquess_of_Queensberry_Rules Datum van gebruik: 4 Maart 2016.

Marx, J. 2007. Pastorale berading van kinders met onverwerkte rou smart. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – MA).

Masango, M.J. 2004. Aggression, anger and violence in South Africa. https://pdfs.semanticscholar.org/7e35/457009fb77aeebf5c6bab5f274eb977f59fb.pdf Datum van gebruik: 16 Junie 2016.

Mather, N., Fox, N. & Hunn, A. 2002. Trent focus for research and development in primary healthcare using interviews in a research project. http://web.simmons.edu/-tang2/courses/CUAcourses/Isc745/sp06/Interviews.pdf Datum van gebruik: 30 Mei 2017.

May, R. 1972. Power and innocence. A search for the sources of violence. New York, NY: W.W. Norton & Company.

McCloskey, M. 2011. Combat stress as 'moral injury'offends Marines. Stripes Central, 28 April 2011. https://www.stripes.com/blogs-archive-stripes-central/stripes-central-1.8040/combat-stress-as-moral-injury-offends-marines-1.142177#.W2UNFIzbIU Datum van gebruik: 4 Augustus 2018.

McCarthy, M.C.. 2009. Divine wrath and human anger. Theological studies, 70:845-874: p 37-45).

McNeil, E.B. sa Psychology and war: a review. Leonard Berkowitz, Aggression: A Social Psychological Analysis in Conflict Resolution volume V11 Number 4. https://pdfs.semanticscholar.org/26c3/f5eb447548b383284ae1b1c5671f74421433.pdf Datum van gebruik: 6 Junie 2018.

Mechanised Battalion Group 61. 2015. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/61_Mechanised_Battalion_Group Datum van gebruik: 14 Augustus 2015.

Mertler, C.A. 2016. Introduction to Educational Research. Los Angeles. CA: Sage.

Michael, C. & McCarthy, S.J. 2009. Divine wrath and human anger. Theological Studies, 70:845-874.

Monroe, P.G. 2009. Reject (*In* Sakenfeld, K.D., *general editor.* The New Interpreter's Dictionary of the Bible (Volume 4). Nashville, TN: Abingdon Press.

Moselakgomo, A. 2012. Honour for Delmas anti-apartheid trialists. https://www.sowetanlive.co.za/news/2012-02-29-honour-for-delmas-anti-apartheid-trialists/ Datum van gebruik: 22 Maart 2016.

Moseley, A. 2019. Just War Theory. https://www.iep.utm.edu/justwar/ Datum van gebruik: 27 Maart 2019.

Motyer, J.A. 1999. Isaiah: An Introduction and Commentary. InterVarsity Press.

Downers Grove. IL.

Muller, C.F.J. 1984. Die stryd na binne en na buite, 1778-1795 (*In* Muller, C.F.J. (red.) 500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. (derde hersiene uitgawe). Pretoria: Academica. p.563-586).

Mutambara, J. & Sodi, T. 2018. Exploring the role of spirituality in coping with war trauma among war veterans in Zimbabwe. DOI:10.1177/2158244017750433. SAGE. P. 1-10. http://www.creativecommons.org/licences/by/4.0/
Datum van gebruik: 3 Julie 2018.

## N

Nash, W.P. & Litz, B.T. 2013. Moral Injury: A Mechanism for War-related Psychological Trauma in Military Family Members. Clin Child Fam Psychol Rev. DOI.10.1007/s10567-013-0146-y.

Nash, W.P., Carper, T.L.M., Mills, M.A., Au, T, Goldsmith, A. & Litz, B.T. 2013. Psychometric Evaluation of the Moral Injury Events Scale. Military Medicine, Vol. 178,6:646, 2013.

NGK (NG Kerk). 1986. Kerk en samelewing. Bloemfontein: NG Sendingpers.

NGKAS (NG Kerk Algemene Sinode) s.a. An important stop: Cottesloe.
http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2014/01/Ch-3-and-4.pdf
Datum van gebruik: 7 Maart 2016.

Nye, J. 2011. Who Caused the End of the Cold War? 25 May
**www**.huffingtonpost.com/.../who-caused-the-**end**-of-the_b_350595.html
Datum van gebruik: 11 Mei 2016.

## O

O'Donnell, P.K. 2006. We were one: Shoulder to shoulder. Philadelphia, PA: Perseus Books.

Okun, B.F. 2002. Effective helping: Interviewing and counseling techniques. 6de uitg. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

Oliver, G.J. & Oliver, C.E. 2005. Managing your anger and making it work for you. (*In* Clinton, T., Hart, A. & Ohlschlager, G. *eds*. Caring for people God's way. Personal and emotional issues, addictions, grief and trauma. Nashville TN: Thomas Nelson Inc. p 200-220).

Olivier, N.J.C. 1997. Die beginsels van proaktiewe polisiëring met verwysing na die Suid-Afrikaanse Polisie. Pretoria: Unisa (Proefskrif – DLitt et Phil).

O'Malley, P. 2016. Black Consciousness Movement (BCM) (Slave mentality, institutionalized racism and white liberalism). https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03193.htm Datum van gebruik: 29 Mei 2016.

O'Malley, P. 2016. Black Consciousness Movement (BCM) https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03193.htm Datum van gebruik: 23 April 2016.

O'Malley, P. 2018. Convention for a Democratic South Africa (CODESA) https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv03445/04lv03446/05lv03459.htm Datum van gebruik: 8 Oktober 2018.

O'Malley, P. 2016. Pan Africanist Congress (PAC). https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03214.htm Datum van gebruik: 7 April 2016.

O'Malley, P. 2016. POQO https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv03445/04lv03446/05lv03490.htm Datum van gebruik: 22 Maart 2016.

Osmer, R.R. 2008. Practical Theology: An Introduction. Grand Rapids, MI: Eerdmans Publishing Co.

## P

Pakenham. T. 1991. The scramble for Africa. Manhattan, NY: Random House.

Patel, Q. 1981. AZAPO Newsletter: Black Consciousness and white supremacy. http://azapo.org.za/about-azapo/black-consciousness/ Datum van gebruik: 3 Julie 2016.

Patterson, P. 2008. Revelation. Nashville, TN: B & H Publishing Group.

Patterson, P. 2012. Revelation. The new American commentary, vol. 39. Nashville, TN. B & H Publishing Group.

Paul, M.J., Van den Brink, G. & Bette, J.C. 2006. Bijbelcommentaar Jozua, Richteren, Ruth en 1 Samuël. Van de Garde: Zaltbommel.

Paul, M.J., Van den Brink, G. & Bette, J.C. 2012. Bijbelcommentaar: Hooglied/ Jesaja. Amersfoort: Wilco.

Paul, M.J., Van den Brink, G. & Bette, J.C. 2014. Bijbelcommentaar Ezegiël/Daniël. Amersfoort: Wilco.

Payne, D.F. 1982. Samuel (*In* Gibson, J.C.L. ed. The Daily Study Bible (Old Testament). Saint Andrews Press: Edinburgh.

Pieterse, H.J.C. 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN.

Pieterse, H.J.C. 2013. 'An emerging grounded theory for preaching on poverty in South Africa with Matthew 25:31-46 as sermon text'. Acta Theologica 33:1, 175-195.

Pike, H.R. 1985. A History of Communism in South Africa. Johannesburg: Christian Mission of South Africa.

Pleizier, T. 2010. Religious involvement in hearing sermons. A grounded theory study in empirical theology and homiletics. Delft: Eburon Academic Publishers.

Prinsloo, W.S. 1990. Die boek van Joël. Kaapstad: NGK Uitgewers.

## R

Rambally, A. 1977. Black Review 1975-1976. Lovedale: Lovedale Press.

Ray, M. 2016. Allied Powers.
https://www.britannica.com/topic/Allied-Powers-international-alliance
Datum van gebruik: 17 Maart 2016.

Republiek van Suid-Afrika (RSA). 1984. Kommissieverslag van Ondersoek na Beriggewing oor Sekerheidsaangeleenthede rakende die SA Weermag en die SA Polisiemag.

Retief, H. 2015. Hanlie Retief gesels met Karen Zoid. *Rapport*: 11, 23 Augustus.

Roberts, A.R. 2000. Crisis intervention handbook assessment, treatment, and research. Oxford: University Press.

Rothbart, A. 2013. A Figure Study: Depictions of King David in Renaissance and Baroque Art. (Honours Thesis AH 100: Art History Dr Clair Lingren. https://www.hofstra.edu/pdf/library/rothbart.pdf Datum van gebruik: 23 Julie 2018.

Rousseau, P.A. 2010. Noutetiese berading vir persone met piëtistiese mistastings oor lewensheiliging. Potchefstroom: NWU (Proefskrif – PhD).

Rowland, C. C. 1998. The Book of Revelation (*In* Keck, L.E. (*ed.*). The New Interpreter's Bible in twelve volumes. Nashville, TN: Abingdon Press. Vol. X11, p. 698-705).

Russell, S. & Carey, M. 2002. Re-membering: responding to commonly asked questions. (Paper originally published in the 2002 No. 3 issue of The International Journal of Narrative Therapy and Community Work. DCP. Adelaide.

https://narrativepractices.com.au/attach/pdf/Remembering Common Questions.pdf

Datum van gebruik: 22 Februarie 2019.

## S

Sacks, J. 2006. The ethics of responsibility.
https://greatergood.berkeley.edu/article/item/the_ethics_of_responsibility
Datum van gebruik: 12 August 2018.

Saldana, J. (2009) 2010. The Coding Manual for Qualitative Researchers. Thousand Oaks, CA: Sage Publications Ltd.

Sandelowoski, M. 2010. What's in a name? Qualitative description revisited. Research in Nursing and Health, 33, (77-84).

Sarkesian, S.C. 1975. Revolutionary Guerrilla Warfare. New York. NY. David McKay Company.

Sawyer, J.F.A. 2018. Isaiah Through the Centuries. Hoboken, NJ: John Wiley & Sons.

Schmidt, P. 1975. Chōreō, (*In*: C. Brown (*ed*). The New International Dictionary of New Testament Theology, Vol. Exeter: Paternoster Press, 741-742).

Schnabl, S.C.L. 2009. Holy anger: Jacob, Job, Jesus. *Interpreatation, 63(4):433.*
https://www.bloomsbury.com/us/holy-anger-9780826480729/
Datum van gebruik: 7 Julie 2019.

Schnabl, S.C.L. 2010. "Forgiving and forgiving: Process and practice in pastoral care. Pastoral psychology, 59:829-842.

Schoeman, R. 2014. Weermagstories. Kaapstad: Lux Verbi.

Scholtz, L. 2013. Die SAW in die Grensoorlog 1966-1989. Pretoria: Maroela Media.

Shane, L. & Kime, P. 2016. New VA study finds 20 veterans commit suicide each day.
https://www.militarytimes.com/veterans/2016/07/07/new-va-study-finds-20-veterans-commit-suicide-each-day/

Shaw, M. 2016. Geneva Conventions 1864–1977.
https://www.britannica.com/event/Geneva-Conventions
Datum van gebruik: 17 Mei 2016.

Shay, J. 2002. Odysseus in America: Combat trauma and the trials of homecoming. New York, NY: Scribner.

Shay, J. 2011. Casualties. Daedalus, the Journal of the American Academy of Arts and Sciences, 140(3), 180-188.

Shay, J. 2014. Moral Injury. Psychoanalytic Psychology, 2014 volume, No. 2, 182-91. American Psychological Association DOI:10.1037/a0036090.

Schwöbel, C. & Gunton, C.E. (eds) 1991. Persons, divine and human. King's College essays in theological anthropology. Edinburgh: T & T Clark.

Schutzstaffel. 2015. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Schutzstaffel Datum van gebruik: 4 Maart 2015.

Seamands, D. 1985. Healing of memories. Wheaton. IL: Victor Books.

Selous Scouts. 2015. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Selous_Scouts Datum van gebruik: 25 Aug. 2015.

Shane, L. & Kime, P. 2016. New VA study finds 20 veterans commit suicide each day. Military Times. http://www.militarytimes.com/story/veterans/2016/07/07va-suicide-20-daily-research/86788332/ Datum van gebruik: 27 Mei 2018.

Shay, J. 2014. Moral injury. Psychoanalytic Psychology 2014, Vol. 31, No. 2, 182-191. DOI:10.1037/a0036090.

Sherman, N. 2015. Afterwar: Healing the Moral Wounds of Our Soldiers. New York, NY. Oxford University Press. Kindle Edition.

Silver, D. 2011. Beyond PTSD: Soldiers have injured souls. https://psmag.com/books-and-culture/beyond-ptsd-soldiers-have-injured-souls-34293 Datum van gebruik: 23 Mei 2018.

Silverman, D. 2002. Interpreting qualitative data. Second edition. London: SAGE.

Sinclair, A.A. 2016. Che Guevara: Argentine-Cuban revolutionary. https://www.britannica.com/biography/Che-Guevara Datum van gebruik: 11 Mei 2016.

Snow, K.N., McMinn, M.R., Bufford, R.K. & Brendlinger, I.A. 2011. Resolving anger towards God: lament as an avenue towards attachment. *Journal of psychology and Theology*, 39(2):130-142.

Spencer, H. 1851. Social Statistics; The conditions essential to human happiness. New York: NY. D. Appleton and Co.

Stadler, H.D. 1997. The other side of the story: A true perspective. Pretoria: Sigma Press.

Stark, L. 2006. Cleansing the wound of war: an examination of traditional healing, psychosocial health and reintegration in Sierra Leone. Intervention 2006, Volume 4 Number 3. Page 206-218. http://ourmediaourselves.com/archives/43pdf/stark.pdf Datum van gebruik: 24 November 2018.

Stern. E. 1978. War and Warfare (*In* Tenney, M.C. (*gen ed*.) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p.894-900).

Steward, D.G. 1978. Anger (*In* Tenney, M.C. (*gen ed*.) The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p.166-168).

Stiff, P. 1989. Nine days of war. Alberton: Lemur Books.

Stiff, P. 2004. The covert war. Alberton: Galago Books.

Stone, H.W. 1993. Crisis counselling - Creative pastoral care and counselling. Augsburg: Fortress Publishers.

Strong, J. 2001. Kaleb (hond). https://www.biblestudytools.com/lexicons/hebrew/nas/keleb.html Datum van gebruik: 16 Julie 2018.

Strong, J. 2001. Ben (seun). https://www.biblestudytools.com/lexicons/hebrew/nas/ben.html Datum van gebruik: 16 Julie 2018.

Strydom, H. 2011. Sampling and sampling methods. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grassroots level. Pretoria: Van Schaik, p.192-204).

Swanepoel, F.A. 1999. Klaagliedere (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: CUM. p. 303-334).

Switzer, D.K. 1986. The minister as crisis counsellor Nashville, TN: Abingdon Press
Strauss, A. & Corbin, J. 2007. Basics of qualitative research. Thousand Oaks. CF: Sage.

Szalavitz, M. & Perry, D.P. 2010. Born for love: why empathy is essential and endangered. New York, NY: Harper Collins.

## T

Tajfel, H. 2010. Social Psychology of intergroup relations. PDF. Ann. Rev. Psychol. 1982. 33: p 1-39. http://web.comhem.se/u52239948/08/tajfel86.pdf

Tasker, R.V.G. 1951. The Biblical doctrine on the wrath of God. London. The Tyndale Lecture in Biblical Theology for 1951 (p 9-45).

Taylor, R.A. & Clendenen, E.R. 2004. Haggai, Malachi. The new American commentary, Volume 21A. Nashville, TN: Broadman & Holman.

Taylor, G. & Wilson, R. 2003. Helping angry people: a short-term structured model for pastoral counsellors. 2nd ed. Canada: Regent College Publishing.

Terre Blanche, M. & Painter, D. (eds.). 2006. Research in Practice. 2nd Ed. Cape Town: University of Cape Town Press (Pty) Ltd.

Tesch, R. 2013. Qualitative research: analysis types and software. London: Routledge.

Thomas, J.C. & Macchia, F.D. 2016. Revelation. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.

Thompson, M. 2001. Isaiah 40-66. Peterborough Epworth Press.

Thurman, C. 2005. The lies we believe about God. Colorado Springs, CO: David C. Cook.

Thurman, R.A. 2005. Anger: The seven deadly sins. New York, NY: Oxford University Press.

Tick, E. 2005. War and the soul.
(Kindle uitg.) Beskikbaar: http://www.soldiersheart.net.

Tick, E. 2014. Warriors Return: Restoring the soul after war.
(Kindle uitg.) Beskikbaar: http://www.amazon.com.

Tobin, G.A. & Begley, C.M. 2004. Methodological rigour within a qualitative framework. *Journal of advanced nursing,* 48(4):388-396.

Trewhela, P. 2010. Inside Quatro: Uncovering the exile history of the ANC and Swapo. Auckland Park: Jacana Media.

Truth and Reconciliation Commission (South Africa). 2016. Wikipedia. https://en.wikipedia.org/wiki/Truth_and_Reconciliation_Commission_(South_Africa)Datum van gebruik: 7 Mei 2016.

Tutu, D. 2019. Truth and Reconciliation Commission, South Africa. https://en.wikipedia.org/wiki/Truth_and_Reconciliation_Commission_(South_Africa) Datum van gebruik: 27 Maart 2019.

Tutu, D, & Tutu, M. 2014. The book of forgiving. London. HarperCollins.

## U

UNTAG. 2016. *United Nations Transitional Assistance Group.* https://peacekeeping.un.org/mission/past/untag.htm Datum van gebruik: 3 Julie 2016.

## V

Vale, P. 2014. Remembering "Koevoet": How South Africa has come to understand its covert military operations in Namibia. https://repository.library.georgetown.edu/b**its**tream/.../Vale%20Thesis.pd...

Van de Kamp, H.R. 2011. Openbaring: profetie vanaf Patmos. J.H. Kok: Kampen. (vierde druk).

Van der Merwe, J. 2010. Trou tot die dood toe. Pretoria: Praag.

Van der Merwe, J. 2014. Morele en etiese oorwegings van die Suid-Afrikaanse Polisiemag tydens die rewolusionêre aanslag. (*In* Die gloriejare van die Suid-Afrikaanse Polisiemag 1913-1994. Pretoria: Groep 7 Drukkers en Uitgewers. p. 165-168).

Van der Spuy, D. s.a. Notas aan kleingroepe. (Ongepubliseerde notas: Ned. Geref. Kerk, Moreletta Park).

Van der Spuy, D. 2015. Groei geestelik deur kleingroepe. Tygervallei: Struik.

Van der Veer, G. 1992. Counselling and therapy with refugees: Psychological problems of victims of war, torture and repression. Chichester, England: Wiley.

Van der Ven, J. 1993. Practical theology: an empirical approach. Kampen: Kok.

Van der Westhuizen, J. 2016. 'n Gelieg saam met die gebed. *Beeld BY*: 21, 30 April.

Van Gemeren, W.A. *ed.* 1997. New International Dictionary of the Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids, MI: Zondervan. (5 vols.).

Van Jaarsveld, F.A. 1975. From Van Riebeeck to Vorster 1652-1974. Doornfontein, Johannesburg. Perskor.

Van Rensburg, J.J. 2000: The paradigm shift. An introduction to postmodern thoughts and its implications for theology. Pretoria: Van Schaik.

Van Wyk, J.H. 1991. Moraliteit en verantwoordelikheid: Opstelle oor politieke etiek. Potchefstroom: PU vir CHO.

Van Wyk, R. 2002. Preekstudie – 2 Samuel 18:5-9; 15:31-33. (*In* Orsmond, E & Botha, J. *reds*. Revised Common Lectionary advent 2002 tot koningkrykstyd 2003 jaar B preekstudies. Matieland: Buvton. p. 281-283).

Van Zyl, A.H. 1989. 1 Samuël deel 1. Nijkerk: G.F. Callenbach.

Van Zyl, S. 2015. 'Oorlog' sonder die pyn, gemors. *Beeld*: 3. 2 Februarie.

Venter, C.J.H. 1993. Basis teoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skrif lig/ In Luce Verbi.* 227(2): 247-260.

Venter, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Kommunikatiewe handeling in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria; RGN.

Verweij, A. 2014. Positioning Jesus' suffering. A grounded theory of Lenten preaching in local parishes. Delft: Oberson.

Vine, W.E. 1981. Vine's Expository Dictionary of Old and New Testament Words. Old Tappan, NJ: Flemming H. Revell Company.

Volkas, A. 2014. Healing the Wounds of History. A free one-day workshop. Sunday 5 October. Emeryville, CA. http://events.r20.constantcontact.com/register/event?llr=9w54uobab&oeidk=a07e9tbk4ts94e4714c Datum van gebruik: 19 Maart 2016.

Von Rad. G. 1996. Holy War in Ancient Israel (Abstract) https://www.amazon.com/Holy-War-Ancient-Israel-Gerhard/dp/0802805280 Datum van gebruik: 23 Julie 2018.

Vos, C.J.A. 1996. Die Volheid daarvan II. Pretoria: RGN.

Vosloo, W. 1993. 1 & 2 Samuel. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds*. Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging: CUM. p. 369-462.

Van Zyl, H.C. 1999. Matteus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybel-lennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy. p. 1111-1187).

## W

Warren, R. 2002. The purpose driven life. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Wepener, C. & Pieterse, H.J.C. 2018. 'Angry preaching: a grounded theory analysis from South Africa'. *International Journal of Public Theology,* 401-415.

Wester, S.R., Arndt, D., Sedicy, S.K. & Arndt, L. 2010. Male police officers and stigma associated with counselling: the role of anticipated risks, anticipated benefits and gender role conflict. *Psychology of men & masculinity,* 11(4):286-302.

Widdows, H. s.a. The ethics of warfare: Is it ever morally right to kill on a massive scale. https://www.birmingham.ac.uk/research/perspective/ethics-of-warfare-heather-widdows.aspx Datum van gebruik: 14 Junie 2018.

Wilkinson, J. 1989. The Bible and Healing. A Medical and Theological Commentary. Edinburgh: The Handsel Press.

Wilson, R. McL. 1978. Marcion, Gospel of. (*In* Tenney, M.C. (gen ed.). The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p.72).

Winch, G. 2013. 10 Surprising Facts About Rejection. Research finds that rejection affects intelligence, reason, and more. https://psychologytoday.com/us/blog/the-sqeaky-wheel/201307/10-surprising-facts-about-rejection Datum gebruik: 2 Februarie 2019.

White, M. & Epston, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York. NY: W.W. Norton & Co.

Wolf, H. 1978. Samuel 1 and 2 (Absalom's rebellion and death) (*In* Tenney, M.C. (*ed*.). The Zondervan Pictorial Encyclopaedia of the Bible (5 volumes). Grand Rapids, MI. Zondervan, p.254-264).

Wood, D. 2014. Can We Treat Moral Wounds?
http://projects.huffingtonpost.com/projects/moral-injury/healing
Datum van gebruik: 8 Junie 2018.

Wood, D. & Montorio, J. 2015. Moral Injury.
https://dartcenter.org/content/moral-injury
Datum van gebruik:21 Mei 2018.

Wooten, N.R. 2015. Military Social Work: Opportunities and Challenges for Social Work Education. J Soc Work Educ. 2015; 51(Suppl 1): S6–S25.

Worthington, E.L. 2009. A just forgiveness: responsible healing without excusing injustice. Madison, WI: InterVarsity Press.

Wren, C. S. 1990. *Namibia Achieves Independence*
https://www.nytimes.com/.../namibia-achieves-independence-after-75-years-of-pretoria-s... Datum van gebruik: 6 April 2016.

Wright, H.N. 2011. The complete guide to crisis and trauma counselling. What to do and say when it matters most! Ventura, CF: Regal Books.

## Y

Yan, G.W. 2016. The Invisible Wound: Moral Injury and Its Impact on the Health of Operation Enduring Freedom/Operation Iraqi Freedom Veterans. Military Medicine, Vol. 181, May 2016. https://academic.oup.com/milmed/articleabstract/181/5/451/4158262
Datum van gebruik: 29 Julie 2018.

Yancey, P. 1990. Where is God when it hurts? A comforting, healing guide for coping with hard times. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Yilpet, Y. 2006. Micha (*In* Adeyemo ( *ed*.) Africa Bible Commentary, Nairobi, Kenya: WordAlive Publishers. p. 1049-1058).

Yilpet, Y. 2006. Zephaniah (*In* Adeyemo, T., *Editor.* Africa Bible Commentary. Word Alive Publishers, Nairobi, Kenya. pp. 1067-1092).

Youngblood, R.E. 2009. 1 and 2 Samuel. (*In* Longman III & Garland, D.E. (*eds*). The Expositor's Bible Commentary. Grand Rapids, MI: Zondervan, p. 43-292).